

Legitimiteit en politieke deviansie: die SAUK se hantering van verset teen die driekamerparlement

Attie Marthinius Gerber
M.A. (PU vir CHO)

Proefskrif voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad
Philosophiae Doctor in die Departement Kommunikasie aan die Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Promotor: Prof. dr. A.S. de Beer

Potchefstroom
1997

*Hierdie studie word opgedra aan my ouers, my
gesin, en aan my vriend Johan Grové*

Dankie aan:

Die Here vir Sy leiding en groot genade.

Anria vir haar aanmoediging, geduld en bystand.

Stefan en Gina vir hulle belangstelling en verdraagsaamheid.

My ouers, Koos en Sarie, vir hulle opofferings en onderskraging.

Vriende en familie.

Personeel van die PU vir CHO se Ferdinand Postma-biblioteek.

Kollegas in die Departement Kommunikasie van die PU vir CHO.

My oud-kollegas by die SAUK.

Prof. Calvyn Snyman.

My promotor, prof. A.S. de Beer.

Abstract

This study investigated by means of a qualitative textual analysis the SABC's treatment of extra-parliamentary opposition to the tricameral Parliament between 1983-1990. The following research question was posed: taking into consideration a changing political environment, how did the SABC as the national broadcaster address the legitimacy of extra-parliamentary resistance in its policy, structure, routines and editorial opinion? The study contended that the SABC delegitimized this resistance by a combination of the following: subscribing in its policy and editorial opinion to the Government's stated policy that group rights had to be protected in any constitutional dispensation, rejecting extra-parliamentary opposition as a legitimate contender for political power in its policy and editorial opinion; assenting to the Government's insistence that media had to adapt their journalistic practices to consensus politics, and modifying organisational structures and journalistic routines whereby the SABC committed itself to consensus journalism which included support for the dominant ideology and the denial of a platform for extra-parliamentary groups to express their ideas.

Theoretically, the study advanced from Gramsci's (1982) hegemonic viewpoint that consent for relationships of dominance and subordination in society should be negotiated. This means that the dominant ideology or culture that predominates in a society at any given point is the consequence and concretisation of hegemony, that is the consent by subaltern groups of the ideas, values and leadership of the ruling group. Hegemony in actual societies is achieved by a combination of coercion and consent, and integral hegemony applies to a situation where the accomplishment of consensual control over subaltern classes requires minimum coercion. Hegemony, however, is based upon compromises by the ruling group that do not threaten the comprehensive framework of domination. Hegemony, according to Gramsci, proceeds from the doings of institutions in civil society that are responsible for the production, reproduction, dissemination and transformation of popular culture and ideology. These institutions include the mass media, and this study maintained that the SABC performed a hegemonic function by producing and reproducing culture and ideology to secure consent for (a) the dominant ideological principle based on the centrality of

racially based groups, and (b) the rejection of counter hegemonic forces as deviant and illegitimate contenders for political power.

In terms of its effort to secure consent for the acceptance of group rights, the SABC accentuated the organic function of the group in society, promoted the Government's reform programme, rationalised state mates in the negotiation process, and motivated the use of repression as necessary for evolutionary and peaceful reform. The SABC used a variety of methods and techniques in its editorial programme (*Comment*) to present extra-parliamentary resistance as marginal. These included stating the support of extra-parliamentary groups in minimal terms, ascribing their support to intimidation and deception, and stressing their reliance on external sources for financial and material support. The SABC also emphasized internal dissension in the ranks of extra-parliamentary groups, rejected the authenticity and popularity of its leaders, presented them as elite removed from the suffering of ordinary Blacks, and marginalized extra-parliamentary groups as illegitimate side-shows opposed to legitimate parliamentary parties in the political mainstream. They were associated with extremist groups such as the IRA and the PLO, excluded as legitimate participants in the negotiation process, evaluated as the pursuers of barbaric and heinous methods, and awarded the characteristics of being internally torn apart, ineffective, undisciplined and out of step with developments in South Africa and the rest of the world. Extra-parliamentary groups were trivialized by using sarcastic language, quotation marks and a sneer phrase such as "so called". Five conceptual categories of marginalization (support, leadership, place in the political stream, evaluation, and achievement) and 21 indicators or sub-categories of marginalization were identified.

In addition to a textual analysis of the SABC's editorial opinion, this study also investigated how the Broadcaster treated the dominant ideology and extra-parliamentary resistance in its policy codes and policy interpretations. This complemented an investigation into the creation of organizational structures and the enforcement of gatekeeping practices as part of the SABC's commitment to consensus journalism. Liaison with the security establishment, the centralization of public affairs programmes, the use of religion, and special directives for the treatment of unrest were, amongst others, highlighted in this regard.

Inhoud

Afkortings	vii
Verklaring	ix

Hoofstuk 1

Inleiding, navorsingsvrae, teoretiese uitgangspunte, en doelstellings

Inleiding	1
1.1	Navorsingsagtergrond en -vrae
1.2	Sentrale teoretiese uitgangspunte
1.3	Doelstellings
1.4	Metodologiese oorwegings
1.5	Studieperiode
1.6	Aktualiteit en wetenskaplike hydrae
1.7	Hoofstukindeling

Hoofstuk 2

Teoretiese grondslae en metode

Inleiding	18
2.1	Die hegemoniese funksie van die massamedia
2.1.1	Hegemonie en die bedinging van instemming
2.1.2	Hegemonie en die sfeer van houdbare kritiek
2.1.3	Hegemonie en die sfeer van konsensus
2.1.4	Hegemonie en die sfeer van deviansie
2.1.4.1	Politieke deviansie en marginaliseringstegnieke
2.2	Metodologie
2.2.1	Die kwalitatiewe ontleding van tekste
2.2.1.1	Kriteria vir kwalitatiewe navorsing
2.2.1.1.1	Waarneming in natuurlike omstandighede
2.2.1.1.2	Kontekstualisering
2.2.1.1.3	Vergelyking
2.2.1.1.4	Gesensitiseerde konsepte
2.2.1.1.5	Geldigheid
2.2.1.2	Samevatting
2.2.2	Die ontleding van die SAUK se beleid en werking

2.2.3	Die ontleding van die SAUK se redaksionele kommentaar	58
2.2.3.1	<i>Comment</i> en die bedinging van hegemonie	60
2.2.3.2	<i>Comment</i> en die hantering van teenhegemonie	62
2.2.3.2.1	Buiteparlementêre groeperinge	62
2.2.3.2.2	Die kategorisering van marginaliteit	66
2.2.3.2.2.1	Steun	67
2.2.3.2.2.2	Leierskap	69
2.2.3.2.2.3	Stroombaan	70
2.2.3.2.2.4	Evaluasie	73
2.2.3.2.2.5	Prestasie	75
2.3	Samevatting	76

Hoofstuk 3

Hegemonie en teenhegemonie: die beleid en werking van die SAUK **78**

Inleiding	78
3.1	Eksterne raamwerk van SAUK-beleid en -werking 80
3.2	Die interne raamwerk: SAUK-beleid en die behoud van die hegemoniese orde 90
3.2.1	SAUK-beleid en die dominante ideologie 91
3.2.1.1	SAUK-beleid en die hegemoniese orde: historiese konteks 91
3.2.1.1.1	Die stigtingsfase (1936-1939) 91
3.2.1.1.2	Die oorlogsjare (1939-1948) 92
3.2.1.1.3	Die Pellissier-Roos-era (1948-1959) 94
3.2.1.1.4	Die Meyer-era (1959-1980) 96
3.2.1.1.5	Samevatting 103
3.2.1.2	SAUK-beleid en die hegemoniese orde: die tagtigerjare 103
3.2.2	SAUK-beleid en buiteparlementêre verset 110
3.2.2.1	Historiese konteks 111
3.2.2.2	Die tagtigerjare 113
3.2.2.3	Oorgangsjare 131
3.3	Strukturele aanpassing en die behoud van die hegemoniese orde 137
3.3.1	Die konsolidasie van beheer 137
3.3.2	Samewerking met staatsdepartemente 141
3.3.2.1	Die registrasie van kiesers: 1984-verkiesing 141
3.3.2.2	Samewerking met die veiligheidsgemeenskap 142
3.3.3	Die aanwending van godsdiens 147
3.3.3.1	Godsdiens en hegemonie 147
3.3.3.2	Godsdiens en teenhegemonie 150
3.3.4	Kentering 154
3.4	Mediaroetines en hegemonie 157

3.5	Samevatting	167
------------	--------------------	------------

Hoofstuk 4

Die SAUK en die bedinging van hegemonie	170
--	------------

Inleiding	170
4.1 Die SAUK en die selfbeskikking van groepe	173
4.1.1 Die SAUK (<i>Current Affairs</i>) en die wetlike skeiding van groepe: die sestiger- en sewentigerjare	174
4.1.2 Die SAUK en die klemverskuiwing oor wetlike skeiding van groepe: die tagtigerjare	178
4.1.3 Die SAUK oor die verhouding tussen groeps- en individuele regte	185
4.2 Comment en die bedinging van hervormingsapartheid	190
4.2.1 Noodsaaklikheid van onderhandeling	192
4.2.2 Hervormingsdinamika, 1983-1990	194
4.2.2.1 Die SAUK se hantering van dooie punte in onderhandelings oor swart politieke regte, 1983-1990.	195
4.2.2.2 Wyses hoe die SAUK die hervormingsproses as dinamies uitgebeeld het	199
4.2.2.3 Die rasionalisering van stilstand	203
4.2.3 Die SAUK en die verhouding tussen hervorming en veiligheid	212
4.3 Samevatting	221

Hoofstuk 5

Die SAUK en die marginalisering van buiteparlementêre verset	229
---	------------

Inleiding	229
5.1 Marginalisering en steun	230
5.1.1 Maatstawwe van steun	231
5.1.2 Intimidasie	241
5.1.3 Misleiding	243
5.1.4 Desaturasie	244
5.1.5 Afhanklikheid	246
5.1.6 Lakeiskap	248
5.1.7 Kohesie	249
5.1.7.1 Kritiese kerke	250
5.1.7.2 Buiteparlementêre groepe (binnelands)	251
5.1.7.3 Die ANC	252
5.1.7.4 Verdeeldheid in eie geleedere	255
5.2 Marginalisering en leierskap	259

5.2.1	Outentiekheid	259
5.2.2	Elitisme	261
5.2.3	Die persoon	263
5.2.3.1	Desmond Tutu	264
5.2.3.2	Nelson Mandela	267
5.3	Marginalisering en stroombaan	270
5.3.1	“Rand”-sionering	271
5.3.2	Legitimiteit	273
5.3.3	Uit en In	279
5.3.4	Soort soek soort	286
5.3.5	Demokrasie	288
5.3.6	Isolasie	292
5.4	Marginalisering en evaluasie	295
5.4.1	Barbarisme	296
5.4.1.1	Beskawing as maatstaf	296
5.4.1.2	Blindelingse geweld	298
5.4.1.3	Barbaarse geweld	299
5.4.2	Christelikheid	302
5.4.3	Trivialisering	305
5.4.3.1	Sogenaamde en aanhalings	306
5.4.3.2	Sarkasme	308
5.5	Marginalisering en prestasie	311
5.5.1	Effektiwiteit	312
5.5.1.1	Effektiwiteit van die veiligheidsmagte	312
5.5.1.2	Effektiwiteit van veiligheidsmaatreëls	315
5.5.1.3	Die effektiwiteit van die ANC	317
5.5.2	Stagnasie	318
5.6	Samevatting	321

Hoofstuk 6

Samevatting en gevolgtrekkings		337
Inleiding		337
6.1	Wat was die SAUK se beleid jeens hervormingsapartheid-konsensuspolitiek?	340
6.2	Wat was die SAUK se beleid jeens buiteparlementêre verset?	341
6.3	Op watter wyse het die SAUK se beleid jeens hervormingsapartheid en konsensuspolitiek neerslag in die werking van die SAUK gevind?	343
6.4	Op watter wyse het die SAUK se beleid jeens buiteparlementêre verset neerslag in die werking van die Korporasie gevind?	344

6.5	Het die SAUK in sy redaksionele kommentaar instemming vir hervormingsapartheid en konsensuspolitiek beding, en indien wel, op watter wyse het die Korporasie dit gedoen?	347
6.6	Het die SAUK in sy redaksionele kommentaar buite-parlementêre groepe gedelegitimiseer, en indien wel, op watter wyse het die Korporasie dit gedoen?	350
6.7	Slotopmerkings en aanbevelings	354
 Bronnelys		 357

Afkortings


AB	Afrikaner-Broederbond
AET	Aksie Eie Toekoms
AIC	African Independent Churches
Akademie	Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
ANC	African National Congress
AWB	Afrikaner-Weerstandsbeweging
AZAPO	Azanian People's Organisation
BBB	Boere Bevrydingsbeweging
BBC	British Broadcasting Corporation
CDF	Conference for a Democratic Future
COSAS	Congress of South African Students
COSATU	Congress of South African Trade Unions
DOA	Direktoraat Openbare Aangeleenthede (SAUK)
DPSC	Detainees Parents' Support Committee
EAA	Evaluative Assertion Analysis
EEG	Europese Ekonomiese Gemeenskap
ECC	End Conscription Campaign
EPG	Eminent Persons Group
FAK	Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge
FIDA	Federal Independent Democratic Alliance
GBS	Gesamentlike Bestuursentra
HNP	Herstigte Nasionale Party
IDASA	Institute for a Democratic South Africa
IFP	Inkatha Freedom Party
INM	Inyandza National Movement
IRA	Irish Republican Army
IRL	Ierse Republikeinse Leer
KODESA	Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika
KP	Konservatiewe Party
KPSU	Kommunistiese Party van die Sowjet-Unie
LAA	Legitimacy Assertion Analysis
MDM	Mass Democratic Movement
MUFC	Mandela United Football Club
Naspers	Nasionale Pers
NECC	National Education Crisis Committee
NF	National Forum
NIC	Natal Indian Congress
NP	Nasionale Party
NUK	Nasionale Uitvoerende Komitee (ANC)
NUSAS	Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente
NVBS	Nasionale Veiligheidsbestuurstelsel
OAE	Organisasie van Afrika-eenheid
OAU	Organisation for African Unity
PAC	Pan Africanist Congress
PBO	Palestynse Bevrydingsorganisasie
PFP	Progressiewe-Federale Party

PLO	Palestine Liberation Organisation
RGN	Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
RMC	Release Mandela Committee
ROK	Russiese Ortodokse Kerk
SABC	South African Broadcasting Corporation
SACBC	Southern African Catholic Bishops' Conference
SAIRR	South African Institute of Race Relations
SAKP	Suid-Afrikaanse Kommunisteparty
SARK	Suid-Afrikaanse Raad van Kerke
SAUK	Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie
SDS	Students for a Democratic Society
SPCC	Soweto Parents' Crisis Committee
SPD	Soweto Peoples' Delegation
TBVC	Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei
TIC	Transvaal Indian Congress
TPA	Transvaalse Provinsiale Administrasie
UCASA	Urban Councils' Association of South Africa
UDF	United Democratic Front
UMSA	United Municipalities of South Africa
VP	Verenigde Party
WHAM	Winning Hearts and Minds
WVK	Waarheids- en Versoeningskommissie
ZCC	Zionist Christian Church

Afkortings vir bronne in die teks

C	<i>Comment</i> (SAUK)
CA	<i>Current Affairs</i> (SAUK)
EC	<i>Editorial Comment</i> (SAUK)
JV	Jaarverslag (SAUK)
RRS	Race Relations Survey (South African Institute of Race Relations)

Ek verklaar hiermee dat die proefskrif wat hiermee vir die graad Philosophiae Doctor aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys deur my ingedien word, uitsluitlik my eie werk is en dat dit nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit ingedien is nie.

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'A.M. Gerber', written over a horizontal line.

A.M. Gerber
22 Desember 1997

EEN

Inleiding, navorsingsvrae, teoretiese uitgangspunte, en doelstellings

In September 1997 het 'n aantal oud en dienende amptenare van die SAUK¹ voor die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) oor die media en die ernstige skending van menseregte in die apartheidsjare getuig. Die fokus was hoofsaaklik die tagtigerjare, 'n periode waartydens Suid-Afrika ongekende politieke veranderings sowel as verset teen die heersende orde beleef het. Getuienis is gelewer oor swart SAUK-werkers wat in die geval van oortredings voor die keuse van afdanking of sambokhoue gestel is, en dat rassediskriminasie swartes benadeel het (kyk Phalatse, 1997:6-7). Maar dit is veral getuienis van amptenare wat voordeel uit die bestaande orde getrek het, en gehelp het om hierdie orde in stand te hou, waarna in die gees van waarheid en versoening met groot verwagting uitgesien is.

Louis Raubenheimer (Algemene Bestuurder: SABC3) het erken dat die SAUK die Regering in sy redaksionele kommentaar gesteun het, asook dat die Korporasie volgens sy geheue nie enige skendings van menseregte onthul het nie, maar wat voorskrifte deur staatsinstansies aan hom betref, daar geen sprake was nie (Raubenheimer, 1997). Johan Pretorius, 'n gewese TV-nuushoof, het grotendeels die wetlike posisie van die SAUK geblameer vir die onvermoë of nalating van die Korporasie om menseregtevergrepe te rapporteer, maar toegegee dat met die voordeel van agterna beskouing, SAUK-joernaliste veel meer in hierdie verband kon gedoen het (Pretorius, 1997). In sy voorlegging het Pretorius ook gevra hoekom daar nie voormalige direkteurs-generaal, raadsvoorsitters en ministers was om te getuig nie, want sonder hulle kon die WVK nie die ware weergawe van die SAUK se rol in die apartheidsjare kry nie. Getuienis deur oud-voorsitters soos Wynand Mouton, Brand Fourie en Christo Viljoen, direkteur-generaals soos Douglas Fuchs, Steve de Villiers, Riaan Eksteen en Wynand Harmse, en oud-ministers belas met die SAUK soos Pik

Botha, Alwyn Schlebusch en Stoffel van der Merwe kon inderdaad meer lig op die SAUK se politieke rol gewerp het.

Hierdie studie se doel is nie om leemtes wat afwesiges gelaat het te vul nie, maar bloot om 'n wetenskaplike lig te werp op sommige aspekte van die SAUK se politieke rol in wat as die era van die driekamerparlement beskryf kan word. Die uitgangspunt is ook nie ernstige menseregteskendings nie, want hoe onderskei 'n navorser in die eerste plek tussen ernstige en minder ernstige menseregteskendings, en hoe versoen so 'n navorser in die tweede plek joernalistieke roetines soos selfsensuur, sensuur, hekwagting en agendastelling met sulke skendings? Daar word nietemin gehoop dat hierdie studie saam met die voorleggings oor die SAUK waaroor die WVK reeds beskik, 'n bydrae kan lewer tot groter begrip van die SAUK se rol in die apartheidsera, en dat dit ook 'n rigtingwyser kan wees wat om in die toekoms te vermy.

1.1 NAVORSINGSAGTERGROND EN -VRAE

Getuienis wat wel voor die WVK gelewer is, het oorwegend op die politiek van die tagtigerjare gekonsentreer. Gesien binne die konteks van die WVK se totale opdrag, en in samehang met openbarings van menseregteskendings deur alle partye tydens ander voorleggings en amnestie-aansoeke, blyk dit dat die tagtigerjare 'n besondere tydvak in die land se geskiedenis was.

Dit was terselfdertyd 'n era van ongekennde politieke veranderings en van ongeëwenaarde verset. Vanuit 'n blanke hoek het hierdie dekade radikale ingrypings in sy politieke, maatskaplike en ekonomiese situasie beteken. Nie alleen is die Parlement gedeel met anderskleuriges nie, maar die blanke sou voortaan nie meer op wette kon staatmaak om sy suiwerheid te bewaar nie, eksklusiewe gebruik van geriewe te verseker nie, arbeidsgemoedsrus deur werkreservering te geniet nie, en die instroming van swartes na sy stede te keer nie. Die tagtigerjare was die era van politieke hervorming, en dit het 'n letsel op Afrikaner-eenheid gelaat namate meer en meer Afrikaners hervormings as 'n aanslag op hulle oorlewing bestempel het. Die krakie in hierdie eenheid toe 'n onbeduidende groepie aan die einde van die sestigerjare weggebreek het omdat die Regering skiet gegee het oor die rigiede afdwinging van apartheid in sport, was niks in vergelyking met die skeur in die vroeë tagtigerjare wat

uiteindelik so gegroei het dat regse Afrikaners die amptelike opposisie in blanke deel van die Parlement geword het. Dit het ook die ontstaan en groei van verregse buiteparlementêre groepe gestimuleer, en name soos Afrikaner-Weerstandsbeweging (AWB), Boere Bevrydingsbeweging (BBB), Aksie Eie Toekoms (AET) en Wit Wolwe het deel van die volksmond geword.

Die meeste anderskleuriges het die hervormings egter anders ervaar. Selfs die meerderheid kleurlinge en Indiërs was nie daarmee gediend om deel te wees van 'n parlement waarin blanke hegemonie onaantasbaar gebly het nie. Maar hulle ontevredenheid is oorskadu deur die onwilligheid van die meerderheid swartes om 'n voorgeskrewe politieke plek in die tuislande, stede en op die platteland te aanvaar. Die Grondwet van 1983 wat 'n veelrassige parlement daargestel het, het insgelyks ras 'n grondwetlike eienskap gemaak, en boonop die getalrykste een uitgesluit.

Suid-Afrika het voor die tagtigerjare verskeie siklusse van swart verset beleef, byvoorbeeld in die vyftiger-, vroeë sestiger- en in die middel van die sewentigerjare. Maar verset teen die driekamerparlement en maatreëls om swartes buite die swart nasionale state te akkommodeer, was ongekend in omvang en in intensiteit gedurende die tagtigerjare. Dit het ook nuwe betekenis aan die konsep buiteparlementêre verset gegee. Geaktiveer en gestimuleer deur bewegings soos die African National Congress (ANC) en die United Democratic Front (UDF), het die verset geëskaleer tot 'n volskaalse rewolusionêre aanslag wat onder meer twee noodtoestande vereis het om dit te onderdruk. Daarom kan die tagtigerdekade as die dekade van hervorming, verset en onderdrukking bestempel word, en dit is geen wonder nie dat hierdie era so 'n belangrike rol in die werksaamhede van die WVK speel nie.

Maar wat was die dieperliggende oorsaak van die turbulensie in hierdie dekade, en hoekom is dit belangrik vir hierdie studie? Aan die wortel van die probleme van die tagtigerjare lê die gegewe dat die hervormings nie apartheid se einde beteken het nie, maar dat dit apartheid in 'n nuwe vorm gegiet het. Giliomee en Schlemmer (1989) noem dit *hervormingsapartheid*. Hierdie gietsel was gestroop, of in die proses om gestroop te word, van dinge wat ou of klassieke apartheid nasionaal en internasionaal in diskrediet gebring het, byvoorbeeld werkreservering, instromingsbeheer, aparte geriewe, aparte regeringstrukture, en die verbod op gemengde huwelike en seks oor die kleurgrens. Hervormings was verstellings aan die operatiewe dimensie van

apartheid, of hervormings van *klein* apartheid. Maar dit het nie die fundamentele onderbou van *groot* apartheid aangespreek of verander nie, naamlik rasgebaseerde selfbeskikking van groepe. Apartheid was nie dood of oudmodies soos die hervormers dit wou gehad het nie (kyk Van der Merwe, 1986), maar lewend in 'n aangepaste vorm wat Giliomee en Schlemmer (1989:136-37) as die oorenting van hervormingsapartheid op klassieke apartheid beskryf.

Vir die meerderheid Suid-Afrikaners was die konstitusionalisering van ras deur die 1983-Grondwet, en hulle uitsluiting uit 'n nuwe konstitusionele bedeling rede om die legitimiteit van die Staat soos nog nooit te vore uit te daag nie. Die bestaande orde se legitimiteitskrisis is verdiep deur internasionale ekonomiese en politieke druk vir hervormings wat die fundamentele dimensie van apartheid moes aanspreek. Mislukte pogings om gematigde swart leiers by onderhandelings oor die konstitusionele akkommodasie van veral stedelike swartes te betrek, het nog meer druk op die legitimiteit van die heersende parlementêre bestel geplaas. Daarenteen het die versetbeweging groter politieke erkenning in die buiteland begin geniet wat 'n negatiewe refleksie op die legitimiteit van die Regering gewerp het. Kortom, die bestaande orde het hom in die tagtigerjare in 'n staat van beleg gevind, en die aangewese uitweg behalwe kapitulasie of instemming tot onderhandelings met *alle* verteenwoordigende groepe oor die afskaffing van fundamentele apartheid, was om verset te onderdruk.

Maar fisiese onderdrukking van verset sou alleen nie legitimiteitsverlies herstel nie, want sonder instemming en steun van die meerderheid Suid-Afrikaners sou geen konstitusionele bedeling binnelands en internasionaal aanvaarbaar wees nie. 'n Tweeledige strategie was dus nodig, naamlik fisiese onderdrukking en die uitskakeling van buiteparlementêre verset aan die een kant, en gelyklopende hervormings en die verwydering van griewe om die harte en siele van swartes te wen aan die ander kant. Dit was die strategie van “winning hearts and minds” (WHAM) wat volgens Sarakinsky (1989) en Friedman (1990) vir die apartheidstaat sy verlore legitimiteit en dominasie moes herwin.

Om WHAM suksesvol toe te pas, het nie net die effektiewe ontplooiing en aanwending van veiligheidsmagte en staatsdepartemente vereis nie, maar ook samewerking met instellings in die burgerlike samelewing. Die massamedia was van die

belangrikste van hierdie instellings. Hulle het in tye van legitimeitskrisisse dikwels in die eerste linie van onderdrukking gestaan, soos die verbod op televisiedekking van onluste in November 1985, en die mediaregulasies van 1988 getuig (kyk bv. Grogan 1988).

Maar die tagtigerjare het ook 'n besondere verhouding tussen die Regering en die media geopenbaar. Die konstitusionele bedeling van 1983 was op die beginsel van konsensuspolitiek gebou, met ander woorde besluitneming op grond van ooreenstemming deur alle partye, eerder as deur meerderheidsbesluite soos dit in die Westminsterstelsel die geval was. Konsensuspolitiek was die metode of styl en hervormingsapartheid die ideologiese inhoud van die konstitusionele bedeling. Die konsensusstyl het vereis dat raakvlakke gesoek en konflik vermy moes word. Konsensuspolitiek moes egter verder as die gange en komiteekamers van die Parlement gevoer word; dit moes die politieke metode op alle samelewingsvlakke word. Van die media is verwag om hulle roetines op hierdie lees te skoei en die nuuswaardigheid van konflik ter wille van die soeke na konsensus en gedeelde waardes te ignoreer, dit wil sê konsensusjoernalistiek te beoefen (kyk 2.1.3).

Waar het bogenoemde omstandighede die SAUK gelaat? Die Korporasie was die nasionale uitsaaier, deur 'n wet ingestel, onderhewig aan lisensievoorwaardes en ministeriële toesig, en onderdanig aan die Parlement aan wie hy jaarliks verantwoording moes doen. As die openbare uitsaaier moes hy binne die raamwerk van bogenoemde sy verpligtinge nakom te midde van 'n ongekende rewolusionêre aanslag, die onderdrukking van verset in swart woonbuurte, en noodregulasies wat mediavryheid aan bande gelê het. Wat kon die SAUK in sulke omstandighede anders doen as om te maak wat 'n regering onder legitimeitsbeleg van hom verwag het, het Pretorius (1997) tereg in sy voorlegging aan die WVK gevra?

Maar die saak is nie so eenvoudig nie. Boweal moet die geskiedenis van die verhouding tussen die SAUK en die Staat in berekening gebring word, en hierdie geskiedenis toon dat die Korporasie na die swart verset van die vroeë sestigerjare 'n onbeskaamde en uitgesproke bondgenoot van die Regering se apartheidsbeleid en optrede teen buiteparlementêre bedreigings geword het (kyk Hoofstuk 3). Met die kulminasie van verset in die tagtigerjare tot 'n punt waar hier en oorsee 'n persepsie was dat die land op die punt van 'n rewolusionêre oorname gestaan het, het die SAUK

homself reeds openbaar, nie as 'n onwillige slagoffer wat regeringsbeleid moes ondersteun en teenstanders van die bestaande orde moes beveg nie, maar as 'n vrywillige behoeder van die *status quo* wat dit uit eie oortuiging gedoen het.

Gegewe die politieke omstandighede van die tagtigerjare, die legitimeitskrisis van die Staat, die intensiteit van verset en die onderdrukking daarvan, WHAM, en die eise van konsensusjoernalistiek, kan die *algemene navorsingsvraag* van hierdie studie soos volg gestel word:

Hoe het die SAUK as nasionale uitsaaier met inagneming van veranderinge in die politieke omgewing gedurende die tagtigerjare die legitimiteit van buiteparlementêre verset teen die heersende orde in sy beleid, werking en redaksionele kommentaar aangespreek?

Alvorens spesifieke navorsingsvrae gestel word, is dit nodig om enkele begrippe in bogenoemde vraag te verklar. *Nasionale uitsaaier* verwys na die SAUK as 'n openbare en statutêre nutsorganisasie se wetlike status, met ander woorde die Korporasie was nie deel van die private sektor soos koerante nie. Die politieke toneel in die tagtigerjare was allermins stagnant of stereotiep, daarom moet die SAUK se optrede in *die lig van veranderinge in die politieke omgewing* ontleed word.

Legitimiteit kan beide normatiewe en empiriese konsepte in 'n politieke verband wees. Robertson (1986:183) verwys na legitimiteit in normatiewe verband as die aanspraak waarop die Staat of 'n regering kan maak om gehoorsaam te word. As sodanig skakel legitimiteit met die staatsregtelike konsepte van *de jure* en *de facto* mag. Empiriesgesproke verwys dit egter na meerderheid van byvoorbeeld 'n bevolking wat die Staat of regering as legitiem beskou. Omdat instemming hier ter sprake is, en die hegemoniese perspektief soveel klem op instemming lê (kyk 1.2), word die tweede betekenis van legitimiteit as meer toepaslik vir hierdie studie bestempel. In die volgende hoofstuk word meer oor legitimiteit, delegitimisering en illegitimiteit uitgebrei.

Buiteparlementêre verset beteken alle vorme van verset (burgerlike ongehoorsaamheid, wegbly-aksies, stakings, verbruikersboikotte, geweld, ens.) deur groepe wat die Parlement as die bron van politieke gesag en as die medium van politieke verandering verwerp het. Daar was groepe aan die linker- en regterkant van

die politieke spektrum, maar in hierdie studie val die klem oorwegend op eersgenoemde omdat die SAUK hoofsaaklik op hierdie groepe gefokus het. In hierdie studie word buiteparlementêre verset as 'n vorm van politieke deviansie bestempel, met ander woorde as politieke gedrag wat afwyk van politieke optrede wat as normaal of geroetineerd in 'n samelewing beskou word. Hierdie konsep, asook die afbakening van buiteparlementêre groepe, word in meer besonderheid in Hoofstuk 2 bespreek.

Die *heersende orde* is wesenlik die driekamerparlement, maar dit verwys ook na pogings van die Regering om 'n nuwe konstitusionele orde wat magsdeling met swartes sou insluit, te beding. *Beleid* is 'n versamelnaam vir uitsaai-, program, nuus- en redaksionele beleid, met ander woorde beleidstukke waarin die waardes, normes, missie, filosofie en reëls gekodifiseer is. Dit verwys verder na beleidsvoorskrifte asook -opdragte wat op 'n *ad hoc* basis en na gelang van omstandighede opgestel is. Laastens sluit beleid ook uitsprake en vertolkings deur senior SAUK-amptenare soos direkteur-generaals en raadsvoorsitters in. *Werking* impliseer die funksionering van strukture en mense binne die Korporasie. Sekere beleidsvoorskrifte het byvoorbeeld 'n bepalende invloed op die daaglikse roetines van SAUK-joernaliste uitgeoefen, terwyl die navolging van 'n meer algemene beleid die instelling of aanpassing van bepaalde strukture kon genoodsaak het. *Redaksionele kommentaar* behels die SAUK se redaksionele rubriek *Comment* wat daaglik gedurende die week op die Engelse radiodiens uitgesaai is.

Voorts moet in gedagte gehou word dat die SAUK se hantering van buiteparlementêre groepe se legitimititeit binne die konteks van sy instelling jeens die dominante orde geskied het; wat die SAUK se beleid ten opsigte van die kern van hervormingsapartheid (die selfbeskikking van rasgebaseerde groepe) en konsensuspolitiek was (i.e. die politieke styl of metode), en hoe dit in sy redaksionele kommentaar en organisatoriese werking neerslag gevind het, is die keersy van die Korporasie se hantering van buiteparlementêre verset in sy beleid, werking en redaksionele standpunte. Derhalwe word albei in die volgende spesifieke navorsingsvrae verreken:

1. Wat was die SAUK se beleid jeens hervormingsapartheid en konsensuspolitiek?

2. Wat was die SAUK se beleid jeens die buiteparlementêre verset?
3. Op watter wyse het die SAUK se beleid jeens hervormingsapartheid en konsensuspolitiek neerslag in die werking van die Korporasie gevind?
4. Op watter wyse het die SAUK se beleid jeens buiteparlementêre verset neerslag in die werking van die Korporasie gevind?
5. Het die SAUK in sy redaksionele kommentaar instemming vir hervormingsapartheid en konsensuspolitiek beding, en indien wel, op watter wyse het die Korporasie dit gedoen?
6. Het die SAUK in sy redaksionele kommentaar buiteparlementêre groepe gedelegitimiseer, en indien wel, op watter wyse het die Korporasie dit gedoen?

1.2 SENTRALE TEORETIESE UITGANGSPUNTE

Soos genoem aanvaar die navorsingsvrae dat die SAUK se hantering van buiteparlementêre verset die legitimiteit van beide die dominante orde en die buiteparlementêre beweging aangespreek het. Die wyse waarop die SAUK buiteparlementêre groepe as legitiem of illegitiem voorgestel het, kan dus nie sonder kennisname van die Korporasie se instelling jeens die dominante orde en sy ideologie bestudeer word nie. Dié uitgangspunt word deur die teoretiese onderbou van die studie onderskraag.

Hierdie onderbou is geskoei op die hegemoniese perspektief van Gramsci (1982). Hegemonie spreek die verhouding tussen dominante en ondergeskikte klasse of groepe in die samelewing aan, en dit verklaar hoe dominasie verkry word. Die hegemoniese of dominante orde is die produk van die verhouding tussen dwang en instemming; wanneer die meerderheid mense die orde vrywillig steun, is minimum dwang nodig, en die legitimiteit van die orde hoog. Die teenoorgestelde geld wanneer die meerderheid die orde opponeer en tot ondergeskiktheid gedwing moet word. Dan is legitimiteit van die orde in 'n empiriese/numeriese konteks laag.

Ongeag die verhouding van dwang tot instemming, moet hegemonie voortdurend beding of onderhandel word; ondergeskiktes moet die sensasie hê dat hulle geraadpleeg is, dat hulle bedenkinge en griewe in ag geneem word, dat hulle iets

in ruil vir hulle instemming tot ondergeskiktheid gekry het. Die bedinging van hegemonie is aangewese op die organiese aard van intellektueles, instellings en ideologieë. In die samelewing is daar organiese intellektueles wat deur hulle invloedryke posisie die hegemoniese proses lei. Dit kan godsdienstige, kulturele en opvoedkundige leiers wees, of selfs leiersfigure in die mediawêreld. Hulle werk deur organiese instellings: kerke, kultuurverenigings, skole en universiteite, of die massamedia. En die voertuie waarmee hulle instemming beding, is kultuur en organiese ideologieë, die filosofiese onderbou wat noodsaaklik is sodat mense die strukture van dominasie en ondergeskiktheid as onvermydelik en natuurlik aanvaar, met ander woorde as die produk van gesonde verstand (kyk Hoofstuk 2).

Die bedinging van hegemonie funksioneer ook op 'n ander vlak, naamlik die marginalisering van teenhegemonie, dit wil sê magte wat 'n wesenlike bedreiging vir die dominante orde inhou. Die mate waarin sulke magte die dominante orde bedreig, sal die aard van hierdie orde se optrede teen hulle bepaal. Maar ongeag die mate van dwang en geweld wat nodig mag wees, moet hulle deur dieselfde instellings wat instemming vir die dominante orde beding, as afwykend of deviant ten opsigte van bepaalde konsensuele waardes voorgehou word (vgl. Tomaselli *et al.*, 1987:31). Nie alleen moet konsensuele waardes dus gebou word nie, maar afwykings daarvan moet gemarginaliseer word. In Hoofstuk 2 word aangetoon hoe die media konsensus nastreef en deviansie hanteer, en Hoofstukke 4 en 5 kyk onderskeidelik na hoe die SAUK dit in sy redaksionele kommentaar gedoen het. Hoofstuk 3 kyk na die beleid en werking van die SAUK ten opsigte van sowel konsensussoeke as die marginalisering van deviante politieke groepe.

Wat is die relevansie van hegemonie in bogenoemde verband vir die navorsingsvrae en voortvloeiende teoretiese aannames? In die eerste plek was die konstitusionele orde die hegemoniese orde met 'n onderliggende organiese ideologie, naamlik (hervormings-)apartheid (vgl. Giliomee & Schlemmer, 1989). Tweedens, in die verhouding tussen dwang en instemming was eersgenoemde dominant vanweë die Staat se legitimeitskrisis en sy onvermydelike toevlug tot die onderdrukking van verzet (kyk Swilling, 1988). Derdens het die Staat instemming probeer beding deur hervormings en pogings tot 'n onderhandelde skikking wat nie die wese van die organiese ideologie sou aantast nie (kyk bv. Heunis, 1986). Vierdens, die SAUK was 'n

organiese instelling met organiese intellektueles wat hulle hegemoniese funksie deur die Korporasie asook kulturele instellings daarbuite vervul het (Muller *et al.*, 1985). In die vyfde plek het die SAUK deur sy beleid, werking en inhoud in 'n bepaalde verhouding teenoor die hegemoniese orde en bedreigings van hierdie orde gestaan. In die lig van die gestelde navorsingsvrae, asook die teoretiese naderingshoek dat hegemonie beding en teenhegemonie gemarginaliseer moet word, word die volgende teoretiese uitgangspunte as die grondslag van die SAUK se verhouding met die hegemoniese orde en die buiteparlementêre beweging aanvaar:

Gegewe die invloed van 'n veranderende politieke omgewing, het die SAUK as nasionale uitsaaier gedurende die tagtigerjare buiteparlementêre verset in sy beleid, werking en redaksionele kommentaar gedelegitimiseer deur:

1. hervormingsapartheid en konsensuspolitiek in sy beleid te onderskryf;
2. hom van buiteparlementêre verset in sy beleid te distansieer;
3. organisatoriese strukture en joernalistieke roetines in belang van hervormingsapartheid en konsensuspolitiek aan te wend;
4. organisatoriese strukture en joernalistieke roetines in die bekampings van buiteparlementêre verset aan te wend;
5. instemming in (onder meer) sy redaksionele kommentaar te probeer beding vir hervormingsapartheid en die styl van konsensuspolitiek; en
6. buiteparlementêre verset teen die hegemoniese orde in (onder meer) sy redaksionele kommentaar te marginaliseer.

Marginalisering soos in hierdie studie gebruik, behels die posisionering van 'n groep in die politieke spektrum. 'n Marginale groep is 'n randgroep wat aan die kant van die spektrum opereer. In die reël is die legitimititeit van so 'n groep nie hoog nie omdat hy vanweë sy randstatus nie op baie steun kan aanspraak maak nie. Om dus te marginaliseer is om 'n groep weg van die politieke hoofstroom na die systrome te skuif. Dit kan egter gebeur dat groepe wat deur die media gemarginaliseer word nie noodwendig illegitiem of marginaal is nie. Gegewe die derde teoretiese uitgangspunt, naamlik dat die SAUK buiteparlementêre verset gemarginaliseer het, het die

verkiesingsuitslae van April 1994 getoon dat hierdie verset in numeriese terme nie marginaal was nie. Vir doeleindes van hierdie studie word 'n regstreekse verband tussen delegitimisering en marginalisering getrek omdat albei met die mate van steun te make het.

Soos in die volgende hoofstuk aangetoon sal word, het die bedinging van instemming te make met 'n medium se hegemoniese funksie wat neerkom op sy gebruikmaking van populêre kultuur en ideologie om 'n bepaalde rangskikking van dominante en ondergeskikte klasse of groepe aan sy ontvangers te bemark met die doel dat hulle dit mettertyd as natuurlik, vanselfsprekend, noodgedwonge, en as 'n gegewe aanvaar. Die fokus van instemming is dus die ontvangers - die luisteraars van die SAUK se redaksionele rubriek - en die gestelde teoretiese uitgangspunte fokus op *hoe* die Korporasie instemming onder hulle vir hervormingsapartheid (i.e. die selfbeskikking van rasgebaseerde groepe) probeer beding het, asook *hoe* die SAUK buiteparlementêre groepe gemarginaliseer het.

1.3 DOELSTELLINGS

Hierdie studie wil teen die agtergrond van 'n vloeibare politieke omgewing ondersoek instel na wyses hoe die SAUK in sy beleid, werking en redaksionele kommentaar die legitimiteit van die heersende orde asook buiteparlementêre verset teen die driekamerparlement gedurende die tagtigerjare aangespreek het.

In die lig van hierdie algemene doelstelling behels spesifieke doelstellings die volgende:

1. Die studie wil bepaal of steun vir hervormingsapartheid en konsensuspolitiek benewens beleidsuitsprake en -vertolkings van senior amptenare ook in formele beleidstukke soos redaksionele kodes, missiestellings, gekodifiseerde program- en uitsaaibeleid, en amptelike waardestelsels gefigureer het (navorsingsvraag 1 - Hoofstuk 3).
2. Daar wil ook vasgestel word of die verwerping en distansiëring van buiteparlementêre verset en metodes in albei genoemde soorte beleidstukke voorgekom het (navorsingsvraag 2 - Hoofstuk 3).

3. Die ondersoek wil bepaal of die SAUK se beleid jeens hervormingsapartheid en konsensuspolitiek aanleiding gegee het tot die instelling van bepaalde strukture, en of dit joernalistieke praktyke binne die Korporasie beïnvloed het (navorsingsvraag 3 - Hoofstuk 3).
4. Soos in die vorige doelstelling, beoog die studie ook om die invloed van die SAUK se beleid teenoor buiteparlementêre verset op organisatoriese strukture en joernalistieke praktyke van die Korporasie te ondersoek (navorsingsvraag 4 - Hoofstuk 3).
5. Wat die bedinging van instemming vir hervormingsapartheid en konsensuspolitiek betref (navorsingsvraag 5 - Hoofstuk 4), wil hierdie studie die volgende ten opsigte van die SAUK se redaksionele standpunte vasstel:
 - (a) in welke mate die SAUK die selfbeskikkingsreg van groepe as die onderliggende ideologiese beginsel voorgehou het;
 - (b) of (en indien wel, waarom) die Korporasie se konsepsie daarvan gedurende die studieperiode klemverskuiwings ondergaan het;
 - (c) watter strategie die SAUK gevolg het om hervormingsapartheid in die geval van konstitusionele dooie punte te beding;
 - (d) hoe die Korporasie die Staat se veiligheidsoptrede in die lig van sy hervormingsprogram geprojekteer het.
6. Met betrekking tot die hantering van buiteparlementêre verset in die SAUK se redaksionele kommentaar, beoog hierdie studie om deur 'n kwalitatiewe tekstuele ontleding moontlike marginaliseringstegnieke bloot te lê (navorsingsvraag 6 - Hoofstuk 5).

1.4 METODOLOGIESE OORWEGINGS

In hierdie studie is gepoog om op 'n beplande wyse geverifieerde en gesistematiseerde kennis oor die SAUK se hantering van buiteparlementêre verset in sy beleid, werking en redaksionele kommentaar te verkry. Die keuse van 'n wetenskaplike metode word bepaal deur die materiaal voorhande, asook die eindoogmerk van die wetenskaplike. In hierdie studie het beleidstukke en transkripsies van *Comment* die

navorsingsmateriaal gevorm, en die klem ten opsigte van die gestelde navorsingsvrae, teoretiese uitgangspunte en doelstellings was op *hoe* en *waarom* eerder as hoeveel. Derhalwe is 'n werkswyse verkies wat as kwalitatief getipeer kan word omdat dit na die mening van die navorser 'n chronologiese ontleding wat tred hou met verwikkelinge in die politieke omgewing die beste kon hanteer. Hiermee word die potensiële waarde van kwantitatiewe ontledings nie ontken nie, en Lochner (1996) het gedemonstreer dat die toepassing van 'n kwantitatiewe metode op *Comment* om die evaluatiewe dimensie in die SAUK se oordele oor die versetgroepe te kwantifiseer, waardevol kan wees.

Die belangrikste rede waarom 'n kwalitatiewe metode nietemin verkies is, is die oogmerk om eiesoortige marginaliseringstegnieke in die SAUK se redaksionele kommentare te "ontdek". Daar is wel kennis geneem van soortgelyke navorsing deur mense soos Gitlin (1980), Shoemaker (1982a, 1982b), Posel (1990), Goldman en Rajagopal (1991) en Reese en Buckalew (1995). Van hulle marginaliseringskategorieë was ook op hierdie studie van toepassing. Maar vanweë die kwalitatiewe omgang met die stof kon andersoortige indikatore van marginaliteit ontwikkel word wat wel in opvolgstudies gekwantifiseer kan word. Wat hierdie studie egter betref, is meer waarde aan die rol en plek van 'n inhoudselement binne die politieke milieu as die frekwentatiewe voorkoms daarvan geheg (kyk Hoofstuk 2).

1.5 DIE STUDIEPERIODE

Die besluit om die SAUK se hantering van buiteparlementêre verset tussen 1983-1990 te ondersoek, is om drie redes gedoen. Eerstens dek hierdie periode die stormagtige tagtigerjare. Geweld het in September 1984 in die Vaaldriehoek uitbreek en dit was eers na 2 Februarie 1990 met die toespraak van F.W. de Klerk dat vooruitsigte op 'n inklusiewe onderhandelde skikking 'n realistiese moontlikheid geword het. In hierdie periode het verset teen 1986 'n hoogtepunt bereik, maar dit is teen 1988 effektief deur noodmaatreëls ingevolge 'n landwye noodtoestand onderdruk. Die leierskapsverandering wat die Nasionale Party (NP) en die Regering in 1989 ondergaan het, het 'n beduidende invloed op die politieke terrein en die SAUK se hantering van buiteparlementêre verset uitgeoefen. Die tagtigerjare is 'n dekade van kontraste, en dit is die politieke variasies van verset, hervorming en onderdrukking wat dit 'n interessante tydvak vir 'n studie soos hierdie gemaak het.

‘n Tweede rede is die lewensduur van die driekamerparlement. Hoewel dié parlement se wortels terugstrek tot die tweede helfte van die sewentigerjare, het hierdie konstitusionele bedeling eers in werking getree met die aanvaarding van ‘n nuwe grondwet in 1983. Op 2 Februarie 1990 het De Klerk die ANC, die Pan Africanist Congress (PAC) en ander groepe ontban, en hoewel die driekamerparlement eers in April 1994 opgehou het om te bestaan, kan hierdie dag as die begin van die einde vir hierdie bedeling bestempel word.

Die beëindiging van die SAUK se redaksionele kommentaar in Maart 1990, presies ‘n maand na De Klerk se toespraak, is die derde rede waarom die studieperiode tot 1990 strek. Hierdie rubriek vorm die basis op grond waarvan belangrike afleidings oor die Korporasie se steun vir regeringsbeleid en die delegitimisering van buiteparlementêre verset gemaak kon word. Hoewel die begin van die negentigerjare ingesluit word in soverre dit beleids- en strukturele aanpassings in die SAUK betref, is Maart 1990 die afsnypunt ten opsigte van die Korporasie se redaksionele kommentaar.

1.6 AKTUALITEIT EN WETENSKAPLIKE BYDRAE

Die aktualiteit van hierdie studie behoef seker geen verdere betoog nie. Dit is reeds genoem dat die WVK ‘n sitting in September 1997 oor die rol van onder meer die SAUK in die skending van ernstige menseregte gehou het. Hierdie studie handel nie oor sulke skendings nie, maar dit spreek belangrike aspekte van die Korporasie se verhouding met die owerheid en sy optrede teenoor buiteparlementêre groepe aan wat wel in die getuienis na vore gekom het. In hierdie opsig is die studie aanvullend maar ook onthullend, want deur middel van gedokumenteerde bewyse word aangetoon hoe die SAUK byvoorbeeld godsdiens in belang van konsensuspolitiek en teenrewolusionêre optrede aangewend het.

Wat die wetenskaplike bydrae van die studie betref, moet dit in samehang met bestaande wetenskaplike navorsing oor die SAUK of uitsaaiwese in Suid-Afrika gesien word. Databasissoektogte van proefskrifte, verhandelings en artikels in erkende Suid-Afrikaanse en internasionale vakkundige tydskrifte het ‘n aanduiding van die omvang van resente wetenskaplike navorsing oor die SAUK en die uitsaaiwese in Suid-Afrika verskaf.

Hierdie navorsing het gevarieer van die hantering van politieke geweld in die SAUK se televisienuus (bv. Teer-Tomaselli, 1993; Aphane, 1995), tot regstellende aksie rakende vrouens in die uitsaaiwese (Manhando, 1995); van die Korporasie se hantering van land- en verkiesingsake rondom die 1994-verkiesing (bv. Van Zyl & Kantor, 1994; Teer-Tomaselli, 1995), tot aspekte soos openbare dienslewering, toeganklikheid, deregulering, privatisering, en die uitsaaiwese in post-apartheid (bv. Fourie, 1992; Mokoetle, 1993; Teer-Tomaselli & Tomaselli, 1994; Deberle, 1997). Wat ideologie, tegnologie en beleid betref, het saamgestelde werke onder redakteurskap van byvoorbeeld Tomaselli *et al.* (1986), Teer-Tomaselli *et al.* (1989), en Louw (1993) betekenisvolle bydraes gelewer.

Televisie en televisienuus se hantering van kwessies soos etnisiteit, verkiesings, menseregte en die transformasieproses het in 'n belangrike mate die grondslag van inhoudsontledings gevorm, bv. die navorsing van Van Rooyen en Conradie (1984), Mersham (1986), Shevel (1989), Posel (1990), Teer-Tomaselli (1993), Van Zyl (1994) en Grabe (1996). Daar kon egter nie in die soektog studies opgespoor word wat 'n omvattende en sistematiese ontleding van die SAUK se redaksionele kommentaar gedoen het nie. Hierdie studie het byvoorbeeld bykans 1000 rubrieke uit 'n totaal van net oor die 1800 ontleed, en in Hoofstuk 2 word die werkswyse uiteengesit. 'n Ontleding van *Kommentaar*, die Afrikaanse eweknie van *Comment*, is wel deur Bothma (1988) gedoen. Maar dit was 'n selektiewe gebruik van rubrieke waarmee hy wou bewys dat die SAUK nie die saak van die (regse) Afrikaner gedien het nie. Lochner (1996) se studie oor die SAUK en binnelandse opposisie teen apartheid het op die periode 1965-1970 gefokus, en haar navorsingsoogmerk was tot die evaluatiewe dimensie van die SAUK se redaksionele kommentaar beperk.

Nog 'n bydrae tot wetenskaplike kennis oor die SAUK deur die huidige navorsing, is die sistematiese verwerking van 'n verteenwoordigende reeks oorspronklike dokumentasie oor die beleid en werking van die Korporasie gedurende die studieperiode. Hierdie dokumentasie behels onder meer formele beleidsdokumente, notules van projekte, verslae van taakgroepe, redaksionele beleidsvoorskrifte en spesiale opdragte, bandopnames en korrespondensie.

Laastens het hierdie studie 'n stel indikatore van marginaliteit ontwikkel wat moontlik deur ander navorsers in opvolgstudies gebruik kan word. Sommige van

hierdie indikatore oorspronklik met genoemde navorsers se, maar in die geheel gesien is die stel eiesoortig ten opsigte van die materiaal voorhande. Hierdie indikatore kan moontlik in ander studies met kwantitatiewe maatstawwe getoets word, of as basis dien om nog aanwysers te ontwikkel of in faktore saam te voeg.

Ten slotte hoop hierdie navorser dat sy studie 'n beskeie bydrae kan lewer om 'n aanduiding vir die uitsaaipad vorentoe te wees. Die manipulasie van medium in die tagtigerjare was tipies van 'n samelewing onder beleg, van die erosie van burgervryhede omdat die legitimiteit van die heersende orde in gedrang gekom het. Die SAUK was inderwaarheid 'n integrale deel van die *Totale Strategie* wat die *Totale Aanslag* moes afweer (vgl. 4.2.3), en soos aangetoon sal word, het die Korporasie hom as deel van strategiese kommunikasie, 'n eufemisme vir sielkundige oorlogvoering, gesien. Dit het die werksomstandighede van joernaliste benadeel, het Pretorius (1997) voor die WVK getuig, en hulle afgesonder of onbetrokke gemaak vir wat buite in die samelewing gebeur het. Wie weet wat met die SAUK sal gebeur as 'n toekomstige orde se legitimiteit bedreig word, en daarom is dit noodsaaklik om nou uit die lesse van die verlede te leer.

1.7 HOOFSTUKINDELING

Benewens die huidige hoofstuk (Hoofstuk 1), is die volgende indeling ten opsigte van die res van die werk gedoen:

Hoofstuk 2. Teoretiese grondslae en metode. In hierdie hoofstuk word die kernaspekte van Gramsciaanse hegemonie behandel, asook die rol van massakommunikasie in die daarstelling van hegemonie. Twee kernaspekte word uitgesonder, naamlik dat die bedinging van instemming gelyklopend met die marginalisering van teenhegemonie geskied. Verskeie studies oor die media se marginalisering van deviante politieke groepe word behandel om marginaliseringstegnieke of -rame te identifiseer. Die ander deel van die hoofstuk handel oor die werkswyse, die afbakening van buiteparlementêre groepe, en die motivering van die kwalitatiewe prosedure.

Hoofstuk 3. Hegemonie en teenhegemonie: die beleid en werking van die SAUK. Hierdie deel kyk na hoe die eise van konsensuspolitiek en die aanslag van buiteparlementêre verset die beleid en werking van die SAUK beïnvloed het.

Beleidsveranderinge, projekte ter ondersteuning van konsensuspolitiek en die bekampings van konflik, skakeling met owerheidsinstansies, maatreëls om joernalistieke roetines te reguleer, en strukture wat geskep of verander is om by die politieke eise van die tyd aan te pas, vorm die substansie van hierdie hoofstuk. Hierdie hoofstuk behandel die eerste vier navorsingsvrae.

Hoofstuk 4. Die SAUK en die bedinging van hegemonie. Hierdie hoofstuk bestaan uit twee dele: eerstens 'n ontleding van redaksionele rubrieke om die SAUK se standpunt oor groepsregte (die fundamentele dimensie van hervormingsapartheid) te bepaal, en tweedens die Korporasie se pogings om sy luisteraars te oortuig dat die hervormingsproses nie gestagneer het nie, en dat veiligheidsmaatreëls ter wille van hervorming toegepas moes word. Hoofstuk 4 ondersoek die vyfde navorsingsvraag.

Hoofstuk 5. Die SAUK en die marginalisering van buiteparlementêre verset. In hierdie hoofstuk word 21 indikatore van marginaliteit onder vyf dimensies of breë kategorieë bespreek. Hierdie indikatore is uit die redaksionele kommentaar van die SAUK onttrek en dit spreek steun, leierskap, plek in die politieke stroombaan, evaluasie en prestasie aan. Dié hoofstuk bied antwoorde op navorsingsvraag 6.

Hoofstuk 6. Samevatting en gevolgtrekkings. Die laaste hoofstuk word soos gewoonlik vir die integrasie van teorie en empirie, gevolgtrekkings en aanbevelings gebruik.

¹ Die amptelike en enigste afkorting is tans SABC (South African Broadcasting Corporation), maar in die periode waaroor hierdie studie gaan, het SAUK (Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie) sowel as SABC gegeld. Om hierdie rede word die afkorting SAUK gebruik.

TWEE

Teoretiese grondslae en metode

Die kompleksiteit van die wisselwerking tussen massamedia en ander sosiale strukture word weerspieël deur uiteenlopende en dikwels botsende teorieë oor die rol en plek van die media in die samelewing. Aan die wortel hiervan lê verskillende konsepsies oor die wesensaard van die samelewing, en daarom kan mediateorieë nouliks afsydig staan teenoor samelewingsteorieë wat die werking van sosiale instellings, waarvan die media een is, verklaar. Tipologieë van skrywers soos McQuail (1987, 1992), De Fleur en Ball-Rokeach (1989), Jansen en Steinberg (1991), en Severin en Tankard (1992) weerspieël die vervlegtheid van media- en samelewingsteorieë.

Hierdie studie handel oor 'n medium se beleid, optrede en inhoud om die bestaande politieke, ekonomiese en maatskaplike orde in 'n samelewing in stand te hou. Dit vind aansluiting by Gramsci (1982) se hegemoniese perspektief, 'n neo-Marxistiese verklaring van hoe mag verkry en behou word. Hegemonie veronderstel 'n belangrike rol vir massamedia om saam met ander kulturele uitdrukkingsvorme soos onderwys, godsdiens, musiek, advertensies, sport, vermaak, en kuns tot verhoudings van dominasie en ondergeskiktheid in die samelewing by te dra. Hierdie rol word geïllustreer deur verskeie studies wat die legitimisering van die *status quo* en die delegitimisering van politieke en ander deviansievorme uit die hegemoniese perspektief benader het, byvoorbeeld Lauderdale en Estep (1980), Hall (1980), Gitlin (1980), Piepe, Charlton en Morey (1990), Goldman en Rajagopal (1991), en Agbaje (1992, 1993).

Die mate waarin Gramsci se idees sedert die sewentigerjare in verskeie dissiplines in Suid-Afrika neerslag gevind het, blyk uit die volgende studies: Greenberg (1987) se werk oor die verhouding tussen die Staat, markte en verset, Suttner (1988) se beskouing van die ideologiese rol van die regbank in "ou" Suid-Afrika, Wade (1992) se riglyne vir die onderrig van Engels in die "nuwe" Suid-Afrika, en Bertelsen (1991) se ontleding van akademici en koerante se reaksie op die O'Brien-voerval by die

Universiteit van Kaapstad in Oktober 1986.¹ Voeg hierby Gentle (1990), Court (1992) en Mona (1994) wat die konsep as verklaring gebruik in onderskeidelik "peoples education", die Staat en politiek, en geskrewe Xhosa-poësie tussen 1948-1990.

In die veld van Suid-Afrikaanse massakommunikasie het Teer-Tomaselli² *et al.* (1987) in hulle konseptuele raamwerk vir die ontleding van die Suid-Afrikaanse pers die fundamentele aard van hegemonie beklemtoon. Konsensus en instemming, twee belangrike bestanddele van hegemonie, is ook die fokus in Tomaselli *et al.* (1989) se poging om 'n verband te lê tussen die inhoud van TV2/3 en 'n ontluikende klasseverdeling onder swartes. Militarisasie, hegemonie en die Suid-Afrikaanse media is die tema van Louw en Tomaselli (1986) se studie waarin aangetoon word hoe spanning in die toe heersende hegemoniese alliansie ontstaan het namate die Staat se beleid ten opsigte van die media verander het. Louw (1992) se studie het kommunikasie en teenhegemonie van toepassing gemaak op die ontwikkeling van 'n linkse mediateorie en -praktyk in kontemporêre Suid-Afrika.

Gramsci se besondere konsepsie van hegemonie is in spesifieke historiese omstandighede in Italië ontwikkel waar 'n eeuelange eenwordingstryd opgevolg is deur fascistiese onderdrukking in die eerste dekades van die twintigste eeu. Gegewe die eiesoortigheid van sy omstandighede, asook die mislukking van proletariese rewolusies in Sentraal-Europa en elders, het Gramsci 'n herbesinning van ortodokse Marxisme geëis (Femia, 1981:6). Vandaar sy voluntaristiese inslag wat die rol van die mens as 'n agent van verandering erken, sy siening van ideologie en kultuur as terreine van stryd, sy teensin teen ortodokse Marxiste se reduksionering van alles in die superstruktuur tot dit wat in die substruktuur gebeur, en vernaamlik sy fokus op hegemonie as 'n nuwe teoreties-strategiese paradigma om die sterkerwordende kapitalisme van sy tyd aan te spreek (vgl. bv. Boggs, 1976; Tomaselli, 1987; Lawner, 1989; Forgacs, 1993; Hebdige, 1993; Stevenson, 1995).

Hoewel dit nie moontlik is om Gramsci van sy Marxistiese wortels te skei nie omdat hy in wese met die stryd tussen twee fundamentele ekonomiese klasse (bourgeoisie en proletariaat, i.e. kapitaal en arbeid) gemoeid is, is hy nie reduksionisties nie. Daarom kan Gramsci buite klasverband aangewend word, en kan ekonomiese klas vervang word met etnisiteit, nasionaliteit, geslag, seksuele voorkeure, en ekologiese bewustheid. Nie dat groepe gevorm om sulke verbande niks met die ekonomie te doen

het nie, maar die uitgangspunt is dat klas op ekonomiese maatstawwe gebaseer net een soort veranderingsagent is, en dat verandering ook bewerkstellig kan word deur sosiale groepe waarvan die essensie nie ekonomies hoef te wees nie. So is hegemonie deur Cockburn (1991), Clair (1993) en Fine (1993) gebruik om byvoorbeeld seksisme te verklaar.

Bogenoemde beteken dat Afrikaner- of blanke hegemonie³ in Suid-Afrika naas Marxistiese of revisionistiese klasverklarings (kyk bv. Sarakinsky, 1994) ook as rasgebaseerde nasionalisme (Giliomee & Schlemmer, 1989) bestempel kan word. Hierdie konsep sluit aan by Gramsci (1982) se kollektiewe nasionaal-populêre wil, 'n konsep wat onder meer deur Britse kulturaliste gebruik is om byvoorbeeld Thatcherisme⁴ te verklaar (vgl. bv. Turner, 1992; Forcags, 1993; Stevenson, 1995).

Wat die SAUK se bydrae tot hegemonie tydens die tagtigerjare betref, is verskille tussen onder meer Marxistiese en nasionalistiese benaderings oor die dryfveer van Afrikaner- of blanke hegemonie minder belangrik. Van primêre belang is Gramsci se relevantheid ten opsigte van twee kardinale sake wat die navorsingsvrae, teoretiese uitgangspunte en doelstellings in Hoofstuk 1 aangespreek het, naamlik (a) die bedinging van instemming vir 'n bepaalde hegemoniese orde, en (b) die delegitimisering of marginalisering van teenhegemonie. Die hegemoniese orde en teenhegemonie is onderskeidelik as hervormingsapartheid en buiteparlementêre verset geïdentifiseer.

Soos reeds beklemtoon, het bedinging van hegemonie en die marginalisering van teenhegemonie in tandem plaasgevind, en dit moet as strategieë van dieselfde proses of stryd bestempel word. Derhalwe is dit nodig om stil te staan by die konsepte hegemonie en teenhegemonie en hulle relevansie vir hierdie studie te demonstreer. Benewens dit moet die bydrae van massakommunikasie tot die bedinging van hegemonie en die marginalisering van teenhegemonie ook aandag geniet. Heelwat studies oor die media en politieke deviansie het marginaliseringsrame of -tegnieke geïdentifiseer wat in hierdie studie opgeneem en verder ontwikkel is. Gevolglik is besluit om nie 'n aparte hoofstuk aan metodologie te wy nie, maar om dit in samehang met die teoretiese onderbou in hierdie deel te bespreek.

2.1 DIE HEGEMONIESE FUNKSIE VAN MASSAMEDIA

Soveel kenners, soveel vertolkings: hierdie truïsme geld ook vir beskouings oor die kern van wat Gramsci met die konsep hegemonie bedoel het. Die volgende is 'n paar voorbeelde: dit is wanneer die intellektuele, morele en filosofiese leiding van die heersende klas of alliansie van klasse die fundamentele wêreldbeskouing in die samelewing word (Bocock, 1986); hegemonie is die dominante klas of klasse-alliansies se heerskappy oor ondergeskikte klasse of groepe deur die ideologiese manipulerings van hulle gesonde verstand (Gitlin, 1995); dit is daardie prosesse waardeur instemming so verseker en gevorm word dat die mag van die dominante klasse as legitiem voorkom (Goldman & Rajagopal, 1991); dit is die middele waardeur die heersende orde sy dominasie handhaaf (Shoemaker & Reese, 1991).

Die oogmerk van hierdie hoofstuk is nie om 'n gedetailleerde uiteensetting van Gramsci se konsepsie van hegemonie te gee nie, aangesien dit enersyds opsigselfstaande 'n omvattende en diepgaande studie vereis (vgl. bv. Femia, 1981; Bocock, 1986), en andersyds omdat aanvaar word dat die leser voldoende voorafkennis oor hierdie onderwerp het. Verder wys skrywers soos Anderson (1976/77), Femia (1981), Hoare en Nowell Smith (1982), Bocock (1986), Benewick en Green, (1992), Forgacs (1993) en Strinati (1995) almal op die kompleksiteit en soms fragmentariese, suggererende en inkonsekwente aard van veral Gramsci se *Quaderni*, die notas wat hy in die tronk geskryf het. Hulle waarsku nietemin om hom nie buite konteks te gebruik wanneer sekere momente van sy werk geïsoleer word nie, en daar is gepoog om nie in hierdie slagkat te trap nie.

2.1.1 Hegemonie en die bedinging van instemming

In hierdie studie is die toepaslikheid van hegemonie gefokus op die *terrein* en wyse waarop hegemonie bewerkstellig word. Die uitgangspunt is dat die heersende orde hegemonie in die kulturele en ideologiese terreine moet onderhandel deur middel van instellings wat kultuur en ideologie produseer, reproduseer en versprei. Derhalwe word hegemonie beskou as 'n kulturele en ideologiese voertuig vir die daarstelling van dominante en ondergeskikte klasse of groepe in die samelewing. Met hierdie voertuig kan die heersende klas of groep (of alliansies van klasse en groepe) sy dominasie verseker deur ondergeskikte klasse of groepe te *oorreed* om spontaan, vrywillig en

sonder dwang ja vir hulle eie ondergeskiktheid te sê. Gitlin (1995:99) beskou hegemonie daarom as 'n tweeledige proses: oorreding van bo af, en instemming van onder af.

In die strewe na politieke en ideologiese konsensus moet mense oorreed word om hulle morele, politieke en kulturele waardes met die morele, politieke en kulturele waardes van die dominante groep te versoen. Slaag dit, word minimum dwang vir die daarstelling en behoud van hegemonie benodig. Hegemonie word dan in stand gehou deur konsensuele beheer, wat die alternatief vir beheer deur dwang en onderdrukking is (Ransome, 1992:150).

Dit is hier waar Gramsci se konsepsie van hegemonie ietwat problematies word, naamlik die verhouding tussen hegemonie en dwang, en of daar 'n onderskeid tussen die twee getref moet word. Oor die wenslikheid om instemming deur middel van kulturele en ideologiese konsensus te werf, en dat die akkoord verkieslik spontaan en vrywillig moet wees, bestaan daar nie wesenlike verskille nie (vgl. bv. Strinati, 1995; Berger, 1995; Lull, 1995). Muller *et al.* (1985:56) beskou instemming as die sleutel tot heerskappy, maar hegemonie as die totale proses wat die werwing van instemming behels - "van geweld tot die mees subtile sinverlokking". Nogtans meen Hoare en Novell Smith (1982:xiv) dat Gramsci 'n onderskeid maak tussen dominasie (waar mag en dwang ter sprake is) en hegemonie (waar mense tot hulle ondergeskiktheid gelei word). Hierdie onderskeiding kom na vore in Gramsci se teenoorstelling van twee superstrukturele vlakke, naamlik die Staat (politieke samelewing) en die burgerlike samelewing.

Wat die burgerlike samelewing betref, praat Gramsci (1982:12) van spontane instemming wat massas gee vir die algemene politieke en maatskaplike rigting wat die dominante groep inslaan. Hierdie instemming word volgens hom histories bepaal deur die prestige en vertroue wat die dominante groep geniet as gevolg van sy posisie en funksie in die wêreld van produksie, asook sy vermoë om instellings soos kerke, skole en massamedia te manipuleer wat nie onder direkte staatsbesit, staatsensuur, of politieke beheer is nie. (In Hoofstuk 3 word verduidelik dat die SAUK gemeet aan hierdie kriteria 'n instelling in die burgerlike samelewing was en steeds is.) Hierteenoor stel hy die politieke samelewing of Staat se dwangmag wat deur wette dissipline afdwing op daardie groepe wat nie aktief of passief wil instem nie. Die Staat bestaan

uit middele tot geweld (polisie en weermag) in 'n gegewe gebied, tesame met staatsbefondsde burokrasieë soos die staatsdiens, wetlike, welsyns- en opvoedkundige instellings.

Gramsci het hierdie onderskeiding getref op grond van sy waarneming van die aktiwiteite van sekere groepe en instellings in kapitalistiese en liberaal-demokratiese samelewings, en sy afleiding was dat hegemonie uit hierdie aktiwiteite ontspring. Die burgerlike samelewing is daarom verantwoordelik vir die produksie, reproduksie en transformasie van hegemonie, terwyl die Staat dwang uitoefen. In hierdie opsig onderskei Gramsci dus tussen dominasie/dwang en hegemonie. Hierdie skeiding word bevestig deur sy onderskeid tussen twee strategieë van politieke stryd, naamlik manewrering en posisionering. Eersgenoemde is trompopaanvalle om die stryd gou oor en uit te kry. Die rewolusie van 1917 in Rusland is so 'n voorbeeld. In hierdie geval was die Staat sterk, maar hegemonie in die burgerlike samelewing swak. Daarom kon 'n volksopstand gemanoeuvreer word om die Staat omver te werp. Maar in liberaal-westerse demokrasieë het Gramsci die saak anders gesien: die Staat het relatiewe swakhede getoon, maar as gevolg van die kompleksiteit en omvattendheid van die burgerlike samelewing kon kapitalistiese dominante groepe sterk hegemonieë opbou. Trompopaanvalle teen sulke hegemonieë sou futiel wees, het Gramsci gemeen, en die aangewese strategie was posisionering, 'n lang uitgerekte kulturele, ideologiese, ekonomiese en politieke stryd om die dominante groepe se hegemoniese houvas te verbreek (Gramsci, 1982: 235). In Suid-Afrika kan waarskynlik dieselfde analogie getref word: die ANC se tweeledige strategie (kyk Lodge, 1989) van 'n gewapende stryd gekombineer met 'n volksopstand (manewrering) was minder suksesvol as sy politieke en diplomatieke veldtog (posisionering).

Daar is dus definitiewe aanduidings dat Gramsci wel onderskeid probeer tref het tussen Staat-manewrering-dwang aan die een kant en burgerlike samelewing-posisionering-hegemonie aan die ander kant. Maar hierdie skeiding kan nie rigied in die komplekse wisselwerking van Staat en burgerlike samelewing wees nie. Die skema kan hoogstens teoreties en analities wees omdat die substrukturele en superstrukturele vlakke mekaar in werklike samelewings binnedring, met ander woorde dit is nie moontlik om die ekonomie, burgerlike samelewing en die Staat as aparte entiteite te skei nie. Die behoud van die hegemoniese orde in die tagtigerjare in Suid-Afrika was 'n

kombinasie van onderdrukking en pogings om swartes en ander tot deelname aan konsensuele besluitneming oor te haal - dit wil sê om benewens dwang instemming te werf deur middel van kultuurproduseerders en -reproduseerders soos die SAUK, die onderwysstelsel, kerke en sportliggame.

Strinati (1995:172-173) meen daarom dat dit nie so maklik is om hegemonie van dwang te onderskei nie omdat hegemonie as sodanig dwangmatig kan wees. Hegemonie bly steeds 'n vorm van dominasie, terwyl dit moontlik is om dwang op 'n hegemoniese wyse aan te wend. Wat gebeur byvoorbeeld as sekere ondergeskikte groepe onderdruk word met die instemming van ander groepe? Is dit dan 'n hegemoniese gebruik van magsoefening? So kan dwang op 'n legitieme en hegemoniese wyse deur instellings van die Staat gebruik word om misdaad te bekamp of om politieke rebellie te onderdruk. (Blanke kiesers het die Regering in twee algemene verkiesings in die tagtigerjare 'n mandaat gegee om orde te herstel, met ander woorde om verset in swart woonbuurte te onderdruk.) Kan hegemonie dus net tot instellings van die burgerlike samelewing beperk word, en magsuitoefening tot instellings van die Staat? As die SAUK as 'n instelling in die burgerlike samelewing (kyk Hoofstuk 3) byvoorbeeld na bewering toegelaat het dat nie-konformerende swart joernaliste met sambokke geslaan word (kyk Phalatse, 1997), het hy nie dwang of mag gebruik nie? En tree instellings van die Staat (byvoorbeeld sy skakelbeamptes en die Suid-Afrikaanse Kommunikasiediens) wat met die produksie, reproduksie en verspreiding van kultuur te doen het, nie hegemonies op nie? Neem byvoorbeeld die posisie van 'n parlement: dit is 'n belangrike bron van kultuur en die skepper van demokrasie, maar ook die verwerker van wette wat mense sonder verhoor aanhou, rasse skei, en doodstraf vir politieke oortredings kan oplê. Dit is voorbeelde soos hierdie wat die analitiese gebruikswaarde van Gramsci se skeiding tussen die burgerlike samelewing en die Staat, en tussen hegemonie en dwang/magsuitoefening benadeel (kyk ook Anderson, 1976/1977).

Maar Gramsci se plasing van hegemonie in die domein van die burgerlike samelewing het wel waarde as 'n mens na die rol van populêre kultuur in die hegemoniese proses kyk. Derhalwe moet Gramsci waardeur word vir die lig wat hy werp op instellings wat hegemonie bevorder. Hierdie instellings is betrokke by die produksie en verbruik van kultuur, en deur die produksie en verbruik daarvan werf

hulle instemming vir die dominante orde. Instellings soos skole, universiteite, kerke, die familie, en die massamedia beheer en gebruik dus populêre kultuur en massakommunikasie, die voertuie waarmee hegemonie gebou moet word. Met sy idee van die burgerlike samelewing posisioneer Gramsci die plek van kultuur en ideologie in samelewings, en hy bou hierop voort om deur middel van hegemonie vas te stel hoe kultuur en ideologie werk om mense te oortuig om bepaalde gesagsverhoudings te aanvaar. Die essensie lê in die konsep organies.

In die produksie, reproduksie en verspreiding van kultuur en ideologie speel die organiese aard van intellektueles, instellings en ideologieë vir Gramsci 'n uiters belangrike rol. Almal is intellektueles volgens Gramsci, maar nie almal is organiese intellektueles nie:

Every social group, coming into existence on the original terrain of an essential function in the world of economic production, creates together with itself, organically, one or more strata of intellectuals which give it homogeneity and awareness of its own function not only in the economic but also in the social and political fields. (Gramsci, 1982:5.)

Hierdie intellektueles word nie soseer deur hulle beroepe onderskei nie, maar deur die funksie wat hulle verrig om die idees en aspirasies van hulle klas of groep te riglyn en te organiseer. Dit is nie 'n elitistiese gebruik van die konsep intellektuele nie, en dit verwys ook nie uitsluitlik na erkende skrywers, kunstenaars, akademici en direkteurs-generaal van uitsaaistasies nie, maar na almal wat betrokke is in die produksie, reproduksie en verspreiding van idees en kennis. Volgens Muller *et al.* (1985:57) kan die intellektuele funksie vervul word "deur enigiemand wat op so 'n wyse van ideologie gebruik maak, dat die volk se instemming tot die intellekuele morele orde van die organiese ideologie, dus vir 'n spesifieke hegemonie verkry word." Hoe belangrik die organiese intellektuele se bydrae tot hegemonie is, word in die laaste instansie deur sy/haar posisie in die samelewing en die konteks van bydrae bepaal. 'n Straatveër se intellektuele funksie is nie vergelykbaar met 'n joernalis s'n op die gebied van die produksie en reproduksie van populêre kultuur nie, maar in die konteks van sy familie kan so 'n persoon wel 'n hegemonies-intellektuele funksie verrig.

In die konteks van hierdie studie is die konsep organiese intellektuele dus uiters belangrik. Elke joernalis in die SAUK van die tagtigerjare was 'n organiese

intellektuele, sommige het meer invloed oor die produksie, reproduksie en verspreiding van populêre kultuur en ideologie as ander gehad. Sommige SAUK-amptenare was organiese intellektueles in 'n breër sin wat kultuur en ideologie op ander vlakke versprei het, byvoorbeeld deur die Afrikaner-Broederbond (AB), die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK), en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, kortweg die Akademie (kyk bv. 3.2.1.1.4 ten opsigte van die posisie van dr. Piet Meyer, voorsitter van die SAUK-Raad van 1959-1980). Die situasie het waarskynlik nie vandag verander nie: die meeste van die huidige top bestuurslui in die Korporasie word gereeld met die ANC verbind (vgl. bv. *Interkom*, Febr. 1994:4-5; *Radio & TV*, Apr.-Jun. 1994:10-11).

Organiese intellektueles verrig hulle funksie in wat as organiese of intellektuele instellings bestempel kan word. Hoewel Gramsci (1982:15) besondere waarde aan die politieke party geheg het as verantwoordelik vir "welding together the organic intellectuals of a given group", en hierdie rol deur die NP ten opsigte van Afrikaner-hegemonie vir die grootste deel van die eeu voor die tagtigerjare vervul is (kyk bv. Giliomee, 1981a), kan die konsep van organiese of intellektuele instellings verbreed word tot alle instansies wat op een of ander wyse meehelp om hegemonie in die samelewing te vorm. So kan die rol van instellings soos die AB, FAK, die Akademie, Afrikaanse kerke, Afrikaanse onderwysinstellings, en die Afrikaanse pers nouliks onderskat word (vgl. bv. Pelzer, 1979; Fensham, 1984; Fuchs, 1988a; Beukes, 1992; De Beer & Steyn, 1993). Hoofstuk 3 bied onder meer 'n historiese perspektief op die SAUK as organiese instelling, en toon byvoorbeeld aan hoe die Korporasie na gebeure in die vroeë sestigerjare sy statutêrbepaalde kultuuroopdrag tot 'n openlike onderskraging van die apartheidsideologie verbreed het.

Intellektueles en instellings - die laaste been van Gramsci se trilogie is organiese ideologieë. Gramsci het na 'n antwoord gesoek waarom die bourgeoisieklas in veral Sentraal-Europa met minimale repressie die massas tot hulle eie ondergeskiktheid laat instem het. In sy verklaring van hoe hegemonie instemming bewerkstellig, beklemtoon Gramsci die fundamentele aard van wêreldbeskouings (ideologieë) wat die samelewing só deursuur dat daarsonder die samelewing en sy strukture nie vir mense sin sal maak nie.

Die kern van Gramsci se teorie, naamlik dat hegemonie bewerkstellig word deur instemming, omvat vir Williams (1979:108) *kultuur* as 'n totale sosiale proses waarin mense hulle bestaan vorm, en *ideologie* as 'n stel betekenis en waardes wat 'n bepaalde klas of groep se belange uitdruk of projekteer. Die dominante ideologie is 'n heersende hegemoniese beginsel wat 'n denk- en persepsieraamwerk vir dominasie en subordinasie skep. Die legitimiteit van 'n orde en mense se bereidwilligheid om 'n ondergeskikte posisie as natuurlik en vanselfsprekend te aanvaar, moet volgens Gitlin (1980:9) ideologies verklaar word. Daarom vertolk hy Gramsciaanse hegemonie as "a ruling class's domination through ideology".

In sy onderskeid tussen arbitêre en organiese ideologieë, is dit ten opsigte van laasgenoemde dat Gramsci (1982:377) 'n besondere funksie in hegemonie voorsien:

One must therefore distinguish between historically organic ideologies, those, that is, which are necessary to a given structure, and ideologies that are arbitrary, rationalistic, or "willed". To the extent that ideologies are historically necessary they have a validity which is "psychological"; they "organise" human masses, and create the terrain on which men move, acquire consciousness of their position, struggle, etc.

Organiese ideologieë beskik dus oor die vermoë om die gedrag en bewustheid van mense te organiseer, en as sodanig kan dit met Degenaar (1987) se konsepsie van ideologie as 'n handelingsgerigte ideëstelsel, of met Esterhuyse (1987) se mobiliseringsfunksie, versoen word. Apartheid, in sy verskillende stadia van ontwikkeling, was 'n organiese ideologie wat nie alleen die werklikheid probeer verklaar het nie, maar wat ook voorskriftelik ten opsigte van optrede was (kyk Omond, 1985). Hieruit het voortgevloei die regverdiging van konsepte soos groepsregte, selfbeskikking, etnisiteit, eie sake, hervorming en konsensuspolitiek, asook die legitimisering van stappe en instellings om die ideologie in stand te hou, en die delegitimisering van afwykende idees en gedrag (kyk bv. Leatt, *et al.*, 1986; Giliomee & Schlemmer, 1989).

Organiese ideologieë word versprei deur organiese instellings waarin organiese intellektueles werk. Die instellings hoort volgens Gramsci tipies in die burgerlike samelewing tuis. Hoewel hy betreklik min die massamedia in sy konseptualisering van hegemonie uitgesonder het, het Gramsci (1985:389) wel die pers bestempel as die

prominentste en die mees dinamiese deel van die ideologiese struktuur waarmee die bourgeoisie poog om 'n “teoretiese en ideologiese” front te handhaaf. Die belangrikheid van die media in hegemonie lê volgens Gitlin (1980:3) nietemin in hulle onmisbare rol as produseerders, reproduseerders en verspreiders van kultuur en ideologie:

Mass media have become core systems for the distribution of ideology. That is to say, every day, directly or indirectly, by statement and omission, in pictures and words, in entertainment and news and advertisement, the mass media produce fields of definition and association, symbol and rhetoric, through which ideology becomes manifest and concrete.

'n Verklaring vir die wyse hoe die media daarin slaag om sommige betekenisse meer dominant as ander te maak (vgl. bv. die verskil in toegevoegde betekenisse ten opsigte van die ANC en die veiligheidsmagte in 5.5.1.2), word deur Hall (1982:74) met sy konsepsie van die *realiteitseffek* aangebied. Hierdie effek is byvoorbeeld ter sprake wanneer stellings in 'n nuusberig deur die ontvanger as blote beskrywende of reflekerende stellings ervaar word, dit wil sê as die *feite* van die saak. Waarom die stellings as werklik, beskrywend, feitelik, natuurlik, “dit is soos dit is”, en as gesonde verstand ervaar word, moet volgens Hall aan die wederkerige effek van ideologie en media-inhoud op mekaar toegeskryf word. In die konsep apartheid het verskeie dominante betekenisse opgesluit gelê, waarvan een die uitskakeling van rassewrywing was (kyk Giliomee & Schlemmer, 1989:53). Die rol van die Afrikaanse pers om betekenisse soos hierdie as gesonde verstand en 'n refleksie van die werklikheid aan te bied, word deur skrywers soos Giliomee (1981c), McClurg (1986), Phelan (1987), Tomaselli *et al.* (1987), en Cillié (1990) beskryf⁵ (kyk ook 2.1.3). Hoofstuk 4 fokus op die SAUK se rol in hierdie verband.

Maar dominante betekenisse ondergaan klem- of betekenisverskuiwings, soos dit die geval met die konsep groepsregte in die Suid-Afrikaanse politiek van die tagtigerjare was (kyk Hoofstuk 4). Gitlin (1995:99) meen dat instellings soos die massamedia benewens die formulering en oordrag van die dominante ideologie, ook as barometers diens doen om populêre strominge en voorkeure te peil. Hierdie funksie is noodsaaklik om hegemoniese koersaanpassings te doen. 'n Kerneienskap van Gramsciaanse hegemonie is dat dit voortdurend aangepas word. Daarom moet

instellings soos skole, kerke, kultuurorganisasies en die media voortdurend hegemoniese beginsels opnuut giet en versprei. Kortom, gedeelde of konsensuele waardes het nie 'n onbepaalde leeftyd nie, en omdat instemming alleenlik behou kan word as populêre voorkeure nie geïgnoreer word nie, moet konsensuele waardes verander of in nuwe vorms gegiet word. Die klemverskuiwing vanaf ortodokse apartheid na hervormingsapartheid (vgl. Giliomee & Schlemmer, 1989: 114 e.v.), en die SAUK se rol in hierdie verband (Hoofstuk 4) is 'n toepaslike voorbeeld.

Enersyds dui vernuwing, verandering en aanpassings op die daarstelling van hegemonie as 'n dinamiese proses. Maar andersyds sê dit ook iets van die verhouding tussen dominante en ondergeskikte groepe. In 'n hegemoniese sin poog sekere groepe om deur middel van instellings in die burgerlike samelewing wat kultuur en ideologie produseer, reproduseer en versprei ander groepe te oorreed om in te stem vir 'n bepaalde plek in die dominante-ondergeskikte-kontinuum. Anders gestel, dominante groepe poog om 'n bepaalde groeps- of klassebewustheid vir ondergeskikte groepe aanvaarbaar te maak (kyk bv. Lull, 1995), en deur kultuur en ideologie word hierdie bewustheid mettertyd geïnternaliseer sodat mense hulle posisie in die samelewing as natuurlik en 'n gegewe aanvaar.

Maar Gramsci het nooit hegemonie as ideologiese breinspoeling bestempel nie. Die heersende kultuur is wel die uitkoms en beliggaming van hegemonie, en die produk van die aanvaarding deur ondergeskikte groepe van die idees, waardes en leierskap van die dominante groep. Hy gaan egter van die veronderstelling uit dat ondergeskikte groepe die idees, waardes en leierskap van die dominant groep aanvaar, nie omdat hulle fisies gedwing of ideologies gebreinspoel word nie, maar omdat hulle redes van hulle eie het. Die kultuur wat om hierdie verhouding tussen die dominante en ondergeskikte groepe ontwikkel sal dus op een of ander wyse die belange van die ondergeskiktes ook reflekteer. Daarom kan hegemonie net verseker word as die dominante groep toegewings maak.

Hegemonie kan met behulp van dwang en magsuitoefening bewerkstellig word, maar ware of integrale hegemonie is die produk van leierskap, van ondergeskiktes se instemming om die gesag van die dominante groep te erken. Dit werk omdat dit gebou is op konsessies aan ondergeskikte groepe wat binne die breë raamwerk van dominasie nie werklik 'n bedreiging vir die dominante groep inhou nie. Die groep wat lei, moet

dus opofferings maak, maar volgens Gramsci (1982:161) sonder om sy dominasie in gedrang te bring:

Undoubtedly the fact of hegemony presupposes that account be taken of the interests and the tendencies of the groups over which hegemony is to be exercised, and that a certain compromise equilibrium should be formed - in other words, that the leading group should make sacrifices of an economic-corporate kind. But there is also no doubt that such sacrifices and such compromise cannot touch the essential: for though hegemony is ethical-political, it must also be economic, must necessarily be based on the decisive function exercised by the leading group in the decisive nucleus of economic activity.

In 'n tipies Marxistiese konteks praat Gramsci in bogenoemde verband van opofferings soos verhoogde pensioene en salarisse. Maar Strinati (1995:167) beklemtoon egter dat hegemonie ook 'n stryd om idees is, en oor instemming vir dominante idees. Daarom moet daar ook konsessies ten opsigte van idees en waardes van die ondergeskikte groepe wees. Hegemonie ontspring uit 'n stryd om dominasie, en wanneer kompromieë aangegaan word om die gepaardgaande konflik op te los, reflekteer die kompromie die idees en waardes van die deelnemers. Daarom kan toegewings en opofferings nie 'n leë gebaar wees nie. Die agtergrondsgeskiedenis van die driekamerparlement, die hervormings van die tagtigerjare, die Regering se poging om dooie punte in onderhandelings deur konsessies op te los, en die politieke stylverandering van De Klerk met die fokus op "deelnemende demokrasie" (NP, 1991) pas by bogenoemde skema in. Die driekamerparlement en konsensuspolitiek as 'n tipiese voorbeeld van hegemoniese bedinging word kortliks bespreek.

Uit die sosiale en politieke konflik tussen die NP-regering en groeperinge van die kleurlinge/Indiërs in die sestiger- en sewentigerjare het 'n nuwe konstitusionele bedeling gebou op konsensus gekom. Die idees en waardes van al drie groepe is in die Grondwet en in die Parlement as instelling gereflekteer. Besluite is op grond van konsensus geneem, en 'n besluit was dus 'n refleksie van al die betrokkenes se deelname. Die stelsel is as magsdeling bemark (kyk Van der Merwe, 1986:2), maar dit het soveel ingeboude meganismes gehad dat blankes mag kon deel sonder om beheer te verloor (Giliomee & Schlemmer, 1989:131). Aan die fundamentele beginsel van apartheid, naamlik die reg van groepe tot selfbeskikking en vryheid van dominasie deur ander, het niks verander nie.

Konsensuspolitiek het volgens Chris Heunis, destydse Minister van Konstitusionele Ontwikkeling en Beplanning, nie net betrekking gehad op 'n konsensusdemokrasie waaraan blankes, kleurlinge en Indiërs sou deelneem nie, maar ook op die breë Suid-Afrikaanse samelewing. Dít sou volgens hom aanpassings van die media vereis, want "'n nuwe mediastyl is nodig vir die nuwe politieke styl." (Heunis, 1984:110-111.) Hierdie styl is deur die media as "konsensusjoernalistiek" (vgl. McClurg, 1984a) gedoop, en Heunis se konsepsie van konsensusjoernalistiek het onder meer die volgende behels: die beklemtoning van gemeenskaplikhede en konsensusgeleenthede; minder klem op probleme wat konflik veroorsaak; die vermyding van konflikgenererende stereotipes wanneer verskillende groepe aan mekaar voorgestel word; die "vermensliking" van hierdie groepe deur hulle nie as "hulle" en "julle" aan te bied nie. Hy het dit soos volg saamgevat:

Die pers moet egter nie konflik ignoreer nie, want dit sal altyd bestaan, en dit is noodsaaklik dat probleme wat konflik veroorsaak of daartoe kan lei, deur die pers uitgewys moet word. Maar, konflik moet altyd gebalanseer word met die potensiaal vir konsensus. (Heunis, 1984:110.)

Volgens Louw (1985:61) het konsensuspolitiek ten doel gehad om 'n tweërlei effek te hê, naamlik eerstens om te verhoed dat opposisie teenhegemonie bewerkstellig, en tweedens die handhawing van die heersende orde se interne kohesie. Die neutralisering van teenhegemonie sou geskied deur die artikulering van anti-hegemoniese idees te blokkeer, en die handhawing van hegemonie deur die propagering van die dominante ideologie (kyk ook Tomaselli & Teer-Tomaselli, 1989). Dít is presies wat die SAUK by monde van Eksteen (1984g) in 'n toespraak voor die Kaapstadse Persklub in Augustus 1984 onderneem het, naamlik die bevordering van politieke konsensus en die weiering om die Korporasie se kanale vir die bevordering van die buiteparlementêre saak beskikbaar te stel. Hierdie toespraak, waarin die idee van konsensusjoernalistiek sterk na vore gekom het, word volledig in Hoofstuk 3 behandel.

Wat Heunis van konsensusjoernalistiek verwag het, en wat Eksteen onderneem het om daarmee te doen, pas in by 'n model van Hallin (1986) waarin die totaliteit van die media se hegemoniese funksie in drie joernalistieke sfere verdeel word. Dit is die sfeer van houdbare kritiek ("legitimate controversy"), die sfeer van konsensus, en die

sfeer van deviansie. In hierdie studie is al drie sferes belangrik en dit word vervolgens afsonderlik met toepaslike navorsing geïllustreer.

2.1.2 Hegemonie en die sfeer van houdbare kritiek

Konsensusuele waardes word geproduseer wanneer die media doelbewus en planmatig gerig is op die legitimisering van 'n bepaalde orde, met ander woorde instemming onder mense wil bewerkstellig sodat hulle 'n bepaalde stelsel of ideologie as natuurlik en die uitvloeisel van gesonde verstand aanvaar. Hiervoor is gedeelde waardes onontbeerlik (vgl. Beetham, 1991). Maar die produksie of reproduksie van sulke waardes is 'n totale proses wat enersyds ondubbelsinnige konsensussoeke en marginalisering van deviansie in byvoorbeeld hoofartikels, meningsrubrieke en redaksionele kommentaar behels, maar andersyds ook subtieler vorme van oorreding deur konvensionele joernalistieke roetines insluit. Laasgenoemde vereis beginsels of kodes van seleksie, verwerking en aanbieding, omdat die joernalis daarsonder nie groot hoeveelhede dikwels kontradiktoriese informasie vinnig en geroetineerd kan verwerk nie. Skrywers soos Gamson (1989), Iyengar en Simon (1993), en Starck en Villaneuva (1993) gebruik mediarame om hierdie proses te verstaan - vanaf die identifisering van nuuswaardes, tot die seleksie en vertolking van informasie.

Die verskil tussen subtiel beïnvloeding aan die een kant, en openlike of blatante oorreding aan die ander kant, word ook weerspieël in Hallin (1986:116-117) se onderskeid tussen die sfeer van houdbare kritiek aan die een kant, en die sfeer van konsensus en deviansie aan die ander kant. Die sfeer van houdbare kritiek verwys primêr (maar nie uitsluitlik nie) na joernalistieke roetines om bv. gewone nuusberigte saam te stel, en waarin die joernalis uiting kan gee aan "supreme journalistic values" soos objektiwiteit, neutraliteit, onpartydigheid, balans, geloofwaardigheid, waarheid, billikheid, eerlikheid, akkuraatheid, gesaghebbendheid, openhartigheid, regverdigheid, en onafhanklikheid. Die publikasie van botsende standpunte, kritiek op die heersende orde, meningsopnames, en beleidsdokumente soos nuus- en programkodes word deur die media ter stawing van die navolging van hierdie waardes voorgehou.

Verskeie navorsers het nietemin aangetoon hoe ideologie neerslag vind en hegemonie bevorder word in konvensionele joernalistieke roetines (vgl. bv. Roschco, 1975; Tuchman, 1978; Schlessinger, 1978; Gans, 1979). Volgens Goldman en

Rajagopal (1991) vertolk televisienuus sy hegemoniese funksie deur stories “ideologies te raam” sonder dat die gesaghebbendheid, geloofwaardigheid en objektiwiteit daarvan in gedrang kom. Gitlin (1995:100) meen dat die ideologiese samestelling van joernaliste bepaal hoe nuus gedefinieer word, watter gebeure nuuswaardig is, en watter inhoudelike konfigurasie objektiwiteit verseker. Hoewel joernaliste selde vooraf besin oor ideologiese aannames en politieke gevolge van hulle stories, meen Gitlin dat bloot deur hulle werk te doen, joernaliste neig om die politieke en ekonomiese elite se konsepsie van die werklikheid te dien.

Hy praat naas ander wyses om nuus en inligting te raam ook van die hegemoniese raam, ‘n raam waarin kontradiktoriese standpunte en kritiek teen die hegemoniese orde geakkommodeer word. Die optrede is versoenbaar met Gramsci se idee dat hegemonie onderhandel moet word, en dat ondergeskiktes se standpunte ook gereflekteer moet word in die ideë- en waardestelsel van die dominante orde. Na aanleiding van sy ondersoek na Amerikaanse media se hantering van ‘n deviante politieke beweging, die Students for a Democratic Society (SDS), kom Gitlin tot die volgende gevolgtrekking oor die *New York Times* se gebruik van die hegemoniese raam:

The hegemonic frame thus incorporates some information which might tend to call into question the adequacy or the completeness of the established system of power and knowledge. Indeed, just as the hegemony of the powers that be rests on their claim to wise stewardship and the general mood (“the national interest”, the “American Dream”), so the legitimacy of hegemonic news rests on its claim to objectivity. It cannot afford to be seen as grossly incomplete by the publics who accord it with legitimacy. (Gitlin, 1980:51-52.)

Maar wat die media eintlik volgens Gitlin doen, is om teenstrydige idees so te raam en aan te bied dat dit betekenisloos en magteloos word. Dit klop met die idee van Gramsci dat konsessies (in hierdie geval die opponerende idees) nie die dominante orde in gevaar moet stel nie. In Hoofstuk 4 word aangetoon hoe die SAUK in sy redaksionele kommentaar soms apartheid gekritiseer het, en in Hoofstuk 5 hoe die Korporasie se erkenning van die georganiseerdheid en omvang van buiteparlementêre verzet eintlik die motivering vir strawwer en voortgesette veiligheidsmaatreëls was.

Wat die SAUK se handhawing van genoemde joernalistieke waardes in die sfeer van houdbare kritiek betref, het verskeie meningsopnames ten opsigte van

televisienuus teenstrydige resultate opgelewer. Neem byvoorbeeld opnames rondom die algemene verkiesing van 1987. 'n Opname deur die Departement van Joernalistiek by Rhodes Universiteit in Maart 1987 het begunstiging van die NP in die SAUK se televisienuus getoon (*Natal Mercury*, 25 Mrt. 1987), terwyl die SAUK in sy eie opnames die teenoorgestelde bevind het, naamlik dat opposisiepartye 60 persent van die dekking gekry het, maar net 46,7 persent van die stemme kon trek (Hamman, 1987:2).

Gewone joernalistieke waardes soos onpartydigheid en billikheid is in die SAUK se beleidskodes gereflekteer (bv. SAUK, 1985a), maar die toepassing daarvan het binne die konteks van die SAUK se persepsie van die verhouding tussen nasionale belang en persvryheid geskied. Byvoorbeeld: namate politieke onrus in die tweede helfte van die tagtigerjare geëskaleer het, en die Regering veral onrusdekking deur die elektroniese media aan bande gelê het (kyk Dison, 1987; Grogan, 1988), het die SAUK sy steun aan sensuurmaatreëls en die inperking van persvryheid met konsepte soos nasionale veiligheid en nasionale belang gemotiveer (bv. SAUK, 1987d). Die invloed wat dit op die Korporasie se beleid jeens buiteparlementêre groepe gehad het, word in Hoofstuk 3 behandel. In hierdie stadium kan genoem word dat wanneer die dominante hegemoniese raam 'n dramatiese verskuiwing ondergaan (soos met hervormingsapartheid en die geweld wat daarop gevolg het), en die bestaande orde gevolglik onder druk verkeer, gryp nie alleen die elite in die politieke samelewing in om die media op ideologiese koers te hou nie (soos byvoorbeeld die owerheid met die elektroniese media in November 1985 - vgl. bv. Braun, 1985; Friedman, 1985), maar ook die media-elite wat joernalistieke roetines in heroënskou neem. Hiervan getuig byvoorbeeld gedetailleerde opdragte van Eksteen oor hoe geweld in swart woonbuurte in nuus- en aktualiteitsprogramme gehanteer moes word. Hierdie opdragte word ook in Hoofstuk 3 behandel.

Dit kan ook gebeur dat legitimeitskrisisse waaronder die hegemoniese orde verkeer sulke afmetings aanneem dat hierdie orde vir alle praktiese doeleindes net in naam funksioneer. Namate politieke konsensus oor die dominante ideologie verkrummel, en die bedinging van instemming nie meer die behoud van die bestaande orde ten doel het nie, maar wel die skepping van 'n nuwe politieke orde, kan dit gebeur dat medialui wat eens die hegemoniese orde getrou in hulle joernalistieke roetines

gesteun het, openlik hierdie orde begin kritiseer. In Hoofstuk 3 word byvoorbeeld aangetoon hoe die SAUK se redaksionele beleid na die toespraak van De Klerk op 2 Februarie 1990 verander het, asook groter waagmoed aan die kant van beleidmakende en uitvoerende amptenare om die Regering se druk op die SAUK tydens die P.W. Botha-era te kritiseer, in die hand gewerk het.

Om op te som: die sfeer van houdbare kritiek kan ook die sfeer van hegemonie genoem word omdat media deur die publikasie van botsende standpunte, kritiek op die bestaande orde, en die navolging van universele nuuswaardes die indruk wek dat hulle dominante sowel as ondergeskikte groepe se belange en waardes akkommodeer en reflekteer. Dit bly nietemin steeds die bedinging van hegemonie, want deur kulturele en ideologiese diskoers word ondergeskiktes se belange en waardes gereflekteer sonder om die posisie van dominante groepe in gevaar te stel.

2.1.3 Hegemonie en die sfeer van konsensus

Die ontleding van program- en nuuskodes, beleidsuitsprake en sydigse tekste soos hoofartikels en redaksionele kommentaar pas meer in by Hallin (1986) se sfere van konsensus en deviansie. Tussen die sfere van houdbare kritiek en konsensus bestaan nietemin 'n noue band omdat albei op ideologiese vlak betrekking het op maghebbbers in die samelewing, en hoe hulle mag deur die media gemedieer word. As 'n mens dus uitgaan van die standpunt dat die produksie en reproduksie van idees onlosmaaklik met belange en mag gekoppel is, dan speel massamedia 'n sleutelrol om die werklikheid so te struktureer dat gebeure uit die dominante ideologiese perspektief aangebied word. Derhalwe werk roetines, waardes, en organisatoriese strukture saam om, volgens Shoemaker en Reese (1991:184), “to maintain a system of control and reproduction of the dominant ideology.”

Inderwaarheid omsluit die sfeer van houdbare kritiek die sfeer van konsensus, wat ook die sfeer van legitimisering genoem kan word. In hierdie sfeer geld waardes waaroor joernaliste voel daar geen omstredenheid behoort te wees nie. Balans deur middel van opponerende sienings is onnodig, en joernalistieke waardes soos objektiwiteit en onpartydigheid is nie ter sake nie. Die openlike bevordering van konsensuele waardes soos met Heunis se konsensusjoernalistiek hoef ook geen skuldgevoel by 'n medium te laat nie. Volgens Shoemaker en Reese (1991:194) vervul

die media 'n hegemoniese funksie “by continually producing a cohesive ideology, a set of commonsensical values and norms, that serves to reproduce and legitimate the social structure...” Hierdie waardes en normes vind neerslag in media-inhoud waar dit deur joernaliste, roetines, interne organisatoriese invloede, eksterne belangegroepe, en die dominante ideologie beïnvloed word (vgl. ook Breed, 1955; Kumar, 1975; Burns, 1977; Tuchman, 1978; Kellner, 1990).

In Suid-Afrika het Afrikaanse persgroepe 'n kardinale rol vertolk om konsensuele waardes ten opsigte van die apartheidsideologie te vestig. Nasionale Pers (Naspers) die grootste Afrikaanse persgroep, het volgens Beukes (1992) 'n vrye vennootskap met die regering van die Nasionale Party in stand gehou. Hierdie vennootskap het volgens De Klerk (1984:72) vir al die Afrikaanse koerantgroepe gegeld. Afrikaanse koerante was tydens die NP-era deel van die burgerlike samelewing en as sodanig kon hulle outonoom redaksionale beleid bepaal. In die praktyk het *vrye vennootskap* nietemin beteken dat Afrikaanse koerante met die NP kon verskil “sonder om hulle verbintenis met die Afrikaanse politieke filosofie geweld aan te doen.” (De Klerk, 1984:72.) Waar die operatiewe dimensie van apartheid (alledaagse rassessekiding) dus bevraagteken kon word, het die fundamentele dimensie (rasgebaseerde selfbeskikking) pers en party bymekaar gehou (vgl. bv. Pienaar, 1979; Vosloo, 1987; Cillie, 1992; Steyn, 1992; Froneman & De Beer, 1993; en De Beer & Steyn, 1993).

Uit 'n Marxistiese of revisionistiese perspektief met die klem op apartheid as rasse-kapitalisme waarin klas en akkumulasie van kapitaal onder die belangrikste fokuspunte tel, het die blank-gedomineerde Engelse persgroepe ook binne die heersende hegemoniese alliansie geval, 'n uitgangspunt waarmee Engelse perslui in hulle WVK-voorleggings in September 1997 nie saamgestem het nie (vgl. bv. Louw, 1997; Jacobsohn, 1997). Die revisionistiese standpunt lui nietemin soos volg: synde die eiendom van die “White ruling elite ‘class fractions’” (Louw, 1983:16) het Afrikaanse en Engelse persgroepe saamgewerk om die werklikheid so te medieer dat die volgehoue akkumulasie van kapitaal nie benadeel sou word nie. Derhalwe word die liberale Engelse pers se stryd teen apartheid, wat volgens Teer-Tomaselli en Tomaselli (1987:61-62) die “externalisation of the class struggle in a capitalist society historically

divided by race" was, afgekam as beperk omdat die algehele afskaffing van apartheid teenproduktief vir die akkumulasie van kapitaal sou wees.

Ofskoon die verbanning van koerante en die instelling van beperkende mediaregulasies teenstrydig en onnodig in bogenoemde verband voorkom, beskou Tomaselli *et al.* (1987:34) sulke optredes as blote "oorreaksie" wat benewens ander redes ook op "the state's awareness of the precariousness of its hegemonic balance" dui. Anders gestel, as die hegemoniese alliansie bedreig word, of 'n persepsie bestaan dat dit so is, sal die Staat meer van instellings in die burgerlike samelewing verwag om hegemonie deur konsensuele diskoers in stand te hou en bedreigings af te weer. 'n Toepaslike voorbeeld is die SAUK wat voor die Sharpeville-voorval in 1960 nougeset onder Gideon Roos op die neutraliteitspoor van die British Broadcasting Corporation (BBC) gebly het (kyk 3.2.1.1.3), en na Sharpeville onomwonde apartheid in sy beleid en redaksionele kommentaar gesteun het (kyk 3.2.1.1.4).

Die sfeer van konsensus word dus gekenmerk deur sydigheid en partydigheid ten opsigte van daardie waardes en belange waaroor 'n medium dink konsensus in die samelewing behoort te wees. Een van die teoretiese uitgangspunte van hierdie studie is dat die SAUK hervormingsapartheid en konsensuspolitiek in sy redaksionele kommentaar probeer beding het. In Hoofstuk 4 word aangetoon dat die selfbeskikking van groepe die konsensuele waarde was wat die Korporasie probeer bevorder het.

2.1.4 Hegemonie en die sfeer van deviansie

'n Koerantberig of dokumentêre televisieprogram wat oënskynlik alle kante van die saak stel, wedersydse kritiek van deelnemers publiseer, en self nie kant kies nie, val binne die sfeer van houdbare kritiek. 'n Redaksionele rubriek wat 'n beroep op sy lesers of luisteraars doen om byvoorbeeld die selfbeskikking van groepe bo meerderheidsregering te verkies, hoort in die sfeer van konsensus. Maar wat gebeur met groepe wat byvoorbeeld weier om bestaande strukture te gebruik om politieke mag te bekom? Hulle val volgens Hallin (1986:117) in "the realm of those political actors and views which journalists and the political mainstream of the society reject as unworthy of being heard." Dit is die sfeer van deviansie, of die sfeer van marginalisering, en in hierdie sfeer bestaan neutraliteit nie, en word blootlegging, veroordeling, of verontagsaming van diegene wat politieke konsensus skend of

teenstaan, as toelaatbaar en geregverdig beskou. Aangesien politieke deviansie die substansie van hierdie studie vorm, moet hierdie verskynsel kortliks verklaar word voordat die rol van die media in Hallin se sfeer van deviansie bespreek word.

‘n Belangrike voorvereiste vir die daarstelling van hegemonie is die ontwikkeling van konsensuele waardes waarvan die krag van so 'n aard moet wees dat afwykende en ontwrigtende magte wat as gevolg van konflikterende belange ontstaan, geneutraliseer kan word. Samelewings wat hierdie vlak van sosiale integrasie bereik, handhaaf integrale hegemonie, oftewel hegemonie waarin verset of deviansie minimaal, onbenullig, of gediskrediteer is (Femia, 1981). Spontane instemming en konformasie is hoog, en derhalwe ook die legitimiteit van die heersende orde.

In samelewings waar daar nie gedeelde waardes tussen die dominante en ondergeskikte groepe bestaan nie, en waar die heersende groepe nie sy eie en die ondergeskiktes se belange kan behartig nie, heers daar volgens Gramsci (1982) dekadente en minimale hegemonie. Spontane instemming ontbreek, deviansie is volop, die legitimiteit van die bestaande orde is laag, en dominasie kan slegs deur magsuitoefening bewerkstellig word. Suid-Afrika van die tagtigerjare is ‘n voorbeeld hiervan (vgl. bv. Swilling, 1988).

Die konsep deviansie kan in ‘n mindere of meerdere mate ‘n politieke lading hê. Gedrag wat afwyk van ‘n samelewing se norme kan deviant wees, byvoorbeeld nudisme, homoseksualiteit, dwelmverslaaftheid, geestelike versteurdheid, selfmoord, alkoholisme, rook, en rassekonflik. Hoewel dit vir die groter gemeenskap onaanvaarbaar mag wees, is dit nie noodwendig “misdaad” nie (vgl. bv. Davis & Stasz, 1990; Stebbins, 1992; Bridges, 1992). Sulke deviansie mag politieke implikasies hê, maar as sodanig verskil dit van die optrede van deviante politieke groepe wat die bestaande orde se politieke instellings verwerp en probeer om daarsonder politieke verandering te bewerkstellig. Derhalwe word die volgende definisie van politieke deviansie as ‘n werks- of operasionele definisie aangebied:

Politieke deviansie kan beskou word as nie-geroetineerde politieke aktiwiteite buite die hoofstroompolitiek wat op 'n georganiseerde wyse die gestelde reëls en perke vir magsmededinging om bepaalde redes oorskrei of verontagsaam.

Geroetineerde politieke aktiwiteite is dus daardie soort optrede in die hoofstroompolitiek wat aangemoedig en toegelaat word, terwyl nie-geroetineerde politieke aktiwiteite deel is van die randpolitiek wat, hoewel dit in sommige samelewings geduld word, nie aangemoedig word nie. Die aard van nie-geroetineerde politieke aktiwiteite asook die aard van die samelewing bepaal die graad van legitimiteit wat hierdie aktiwiteite geniet. Perke van opposisie word deur die maghebbers gestel, en oorskreiding hiervan beteken dat die effek van 'n groep se optrede kan lei tot die uiteindelijke illegitimiteit van die politieke orde (Beetham, 1991).

In liberale westerse demokrasieë is die uitdrukking en organisering van opposisie teen bepaalde beleidsrigtings 'n aanvaarde (i.e. legitieme) eienskap van politiek, en dit hou nie 'n bedreiging vir die politieke orde in nie. Daarteenoor is daar politieke sisteme waar daar weinig vryheid van spraak en assosiasie is, en die blote organisering van teenstand teen bestaande beleid word as 'n uitdaging (deviansie) van die bestaande gesag bestempel, wat repressiewe optrede deur die owerheid regverdig. Dit bring mee dat die definisie van deviante politieke groepe in onderdrukkende politieke stelsels so breed word, dat groepe wat vanweë populêre steun legitieme aanspraakmakers op politieke mag is, as illegitieme randpolitieke entiteite geklassifiseer word. In Hoofstuk 5 word die SAUK se redaksionele standpunte oor die steun van buiteparlementêre groepe en steun vir hervormingsapartheid bespreek.

Die gestelde operasionele definisie van politieke deviansie bring veral in berekening die gevolge van politieke deviansie. Dit kan wissel van burgerlike ongehoorsaamheid en onluste tot interne oorlog en rewolusie. Sulke handeling kan spruit uit 'n oortuiging dat die bestaande politieke orde die bron van benadeling is, en dat verandering van die stelsel nie deur deelname aan geroetineerde politieke aktiwiteite bewerkstellig kan word nie. Hoewel samelewings verskil, kan dit breedweg aanvaar word dat voorstanders van buiteparlementêre verset sal weier om die legitimiteit van gesagstrukture binne die parlementêre opset te erken. Die meeste van die buiteparlementêre groepe wat die driekamerparlement verwerp het, het geweier om strukture van hierdie stelsel te erken, dermate dat verkose plaaslike besture in swart woonbuurte met geweld deur strukture van die buiteparlementêre groepe in die tagtigerjare vervang is (kyk bv. Kotzé & Greyling, 1991; Gottschalk, 1994).

Op grond van Becker (1973) se etiketteringsteorie moet dit in gedagte gehou word dat deviante groepe as deviant geklassifiseer word deur ander groepe wat oor die vermoë en middele beskik om die definisie van deviansie te skep, te handhaaf of te verander. Deviante groepe kan vanweë veranderende omstandighede mettertyd deel van die hoofstroompolitiek kan word, soos dit wel die geval in Suid-Afrika was. Waar die ANC en die PAC voor Februarie 1990 buiteparlementêr was, het hulle in die aanloop tot die verkiesing van April 1994 deel van die parlementêre politiek geword. In Hoofstuk 5 word byvoorbeeld gefokus op hoe die marginalisering van die ANC aan die einde van die tagtigerjare verminder het namate dit duidelik geword het dat onderhandelings oor 'n nuwe konstitusionele bedeling nie sonder die ANC moontlik sou wees nie.

Hierdie studie gaan uit van die standpunt dat die SAUK gepoog het om deviante politieke groepe te delegitimiseer, en daar is in Hoofstuk 1 gemeld dat 'n regstreekse verband tussen delegitimisering en marginalisering aanvaar word. 'n Gemarginaliseerde groep buite die politieke hoofstroom (waar legitieme politieke mag gesetel is) kan nouliks op 'n hoë mate van legitimiteit aanspraak maak. In Shoemaker (1984) se ondersoek na media se hantering van deviante politieke groepe gaan sy ook van die hipotese uit dat 'n liniêre negatiewe verband bestaan tussen die deviansie van 'n politieke groep en die mate waarin die media die groep as legitiem uitbeeld. Dus, hoe meer die politieke groep as deviant gesien word, en hoe meer dit as 'n randgroep geëtiketteer word, hoe minder sal sy legitimiteit in die oë van die etiketteerder wees. Shoemaker (1982b:251) se navorsing het aangetoon dat Amerikaanse media sentristiese (hoofstroom) politieke groepe legitimeer, terwyl deviante politieke groepe gedelegitimiseer word:

Although the deviant groups' activities are reported in the U.S. media, the hypothesis holds that the media cover deviant political groups in such a way as to make them seem ridiculous and eccentric. The critical hypothesis is that the U.S. media are instruments which maintain the system's ideology by delegitimizing deviant groups. Deviant groups are treated as having no legitimate right to be taken seriously.

Wat die afmaking van deviante politieke groepe betref, meen Miliband (1969) hoe radikaler die deviansie, hoe meer partydig en subjektief is die media, en hoe groter is die bespotting. Dat massamedia dit wel doen, moet gesien word in die konteks van

wat Hall (1989) en Gitlin (1995) beskryf as die ideologiese mag van die media om situasies te definieer en perke te stel van wat aanvaarbaar en onaanvaarbaar is. Shoemaker en Reese (1991:186) sonder die handhawing van grense in 'n kultuur as 'n sleutel hegemoniese funksie uit. Hierdie funksie behels wesenlik die integrasie van sosiale belange, en om dit te doen, definieer die media sommige idees en waardes as "within the bounds of acceptability, while others are read out of legitimacy." En volgens Gitlin (1980, 1995) verdeel massamedia politieke bewegings in "legitimate main acts and illegitimate sideshows". Dus, terwyl massamedia in die sfeer van konsensus optree as bemarkers van die hegemoniese orde, neem hulle in die sfeer van deviansie aktief deel om deviansie te veroordeel, te ontbloot, en om diegene wat buite die politieke konsensus val, uit te sluit. Die wyse hoe die SAUK buiteparlementêre groepe gehanteer het (kyk Hoofstuk 5), toon ooreenkomste met die marginaliseringstegnieke wat verskeie navorsers geïdentifiseer het.

2.1.4.1 Politieke deviansie en marginaliseringstegnieke

Marginaliseringstegnieke wat in Hoofstuk 5 ten opsigte van die SAUK se redaksionele kommentaar ondersoek word, is 'n kombinasie van tegnieke eie aan die materiaal voorhande en tegnieke of marginaliseringsrame wat navorsers soos Gitlin (1980), Shoemaker (1982a, 1982b, 1984), Posel (1990), Goldman en Rajagopal (1991), asook Reese en Buckalew (1995) gebruik het. Dié tegnieke word vervolgens oorsigtelike bespreek met die doel om die tersaaklikes vir hierdie studie uit te wys.

In sy ondersoek na die media se hantering van die SDS voer Gitlin (1980) aan dat hierdie media die beweging op verskeie wyses as blote politieke byvertonings probeer raam het. *Trivialisering* behels byvoorbeeld ligtelike en spottende verwysings na uiterlike kenmerke soos klere, gedrag, ouderdom, en styl. Met die *polariseringsraam* word die ekstremititeit (randeienskap) van die groep beklemtoon deur dit teenoor ander ekstreme groepe te stel. 'n Volgende raam is die klem op *interne verdeeldheid* binne deviante politieke groepe, terwyl *marginalisering* fokus op die voorstelling van sulke groepe as onpopulêr en nie verteenwoordigend nie. Samehangend met marginalisering is doelbewuste *onderskatting* van die steun wat deviante groepe geniet. Ander rame waarvolgens sulke groepe gedelegitimiseer word, sluit in klem op die teenwoordigheid van *kommuniste*, fokus op bepaalde *simbole* (bv. kommunistiese vlae), die uitsondering van *geweldsmomente* in die aksies van deviante

groepe, *taalgebruik* (bv. aanhalingstekens en woorde soos "sogenaamde"), en laastens die voorstelling van die hegemoniese orde as 'n *effektiewe opposisie* van deviante politieke groepe. Wat die SAUK betref, figureer trivialisering, polarisering, interne verdeeldheid, die aanwesigheid van kommuniste, en effektiwiteit sterk in die tegnieke wat in Hoofstuk 5 bespreek word. Marginalisering word egter verdeel in verskeie indikatore, byvoorbeeld steun, legitimiteit, uit- en insluiting ten opsigte van die onderhandelingsproses, en regionele en internasionale isolasie (kyk Hoofstuk 5 en 2.2.3.2.2).

Shoemaker (1982a, 1982b, 1984) het vier dimensies ontwikkel waaraan legitimiteit van deviante politieke groepe gemeet kan word. Die *evaluatiewe dimensie* weerspieël die bron (joernalis of medium) se houding jeens die groep. Inhoudsindikatore hiervan is die mate waarin die bron van die groep hou, die mate waarin saamgestem word met die groep se doelwitte, die bron se geloof dat die groep die regte ding sal doen, en hoe waardevol die bron die groep vir die samelewing beskou. Die *legaliteitsdimensie* handel oor 'n groep se reg op deelname aan die politieke proses, dit wil sê of daar regverdiging vir sy optrede is. Aktiwiteite van die groep kan dus die *status quo* steun of dit teenstaan, en indikatore van legaliteit behels wetsgehoorsaamheid, deelname aan normatiewe of nie-normatiewe aktiwiteite, die groep se bestaansreg, respek vir die heersende politieke sisteem, en die reg op politieke oorname. Die *lewensvatbaarheidsdimensie* fokus op die groep se vermoë om sy doelwitte te verwesenlik, en spesifieke indikatore behels die omvang van die groep se finansiële vermoëns, die mate van politieke en kommunikasievaardighede, die organisatoriese effektiwiteit van die groep, en hulp wat van ander politieke alliansies gekry kan word. Die *stabiliteitsdimensie* dui op die mate waarin 'n groep voorgehou word as iets wat gekom het om te bly, en indikatore sluit in hoe lank die groep bestaan, hoe lank sal dit waarskynlik nog bestaan, of die groep vaste of fluktuierende beginsels het, en hoe samehangend die groep se optrede en doelwitte in 'n totale program is. Elemente van al vier dimensies is teenwoordig in die SAUK se redaksionele standpunte jeens buiteparlementêre groepe (kyk Hoofstuk 5), byvoorbeeld die Christenskap van sommige kritiese kerkleiers en die aard van buiteparlementêre geweld (evaluasie), die effektiwiteit van die veiligheidsmagte en die ANC (lewensvatbaarheid), die legitimiteit van die Parlement teenoor die legitimiteit van buiteparlementêre groepe (legaliteit), en

die vermoë van die ANC om by veranderende omstandighede aan te pas (stabiliteit) (vgl. 2.2.3.2.2).

Posel (1990) se studie van die SAUK se nuusdekking op TV1 tussen 1985-1987 wentel om diskursiewe praktyke rakende drie belangrike simbole van swart geweld, naamlik die skare, klipgooiery en vuur. Hierdie simbole is volgens haar willens en wetens gebruik om na onluste as 'n verskynsel te verwys - ongeag of die visuele materiaal van 'n nuusitem relevant was tot 'n spesifieke voorval of nie.

The mere sketch of a stone-throwing crowd - and it could therefore have been any stone-throwing crowd - was presented as if it distilled all the information relevant to an understanding of what had happened. (Posel, 1990:158.)

Die manipulerings van hierdie simbole het verder gestrek as die blote visuele en verbale opsommings van geweld; dit moes die optrede van die Staat en die veiligheidsmagte verdedig en die breër konteks van geweld verskaf. Die gebruik van een of meer van die simbole, maar veral vuur, tesame met skokkende beelde van halssnoermoorde, moes die betekenis van barbaarsheid, onbeskaafdheid en wreedheid van 'n emosionele en irrasionele skare oordra. Laasgenoemde figureer sterk in Hoofstuk 5 waar barbarisme as een van die marginaliseringstegnieke behandel word (vgl. 2.2.3.2.2).

Dekking van 'n staking deur Amerikaanse steenkoolwerkers word deur Goldman en Rajagopal (1991) aan die hand van verskeie ramingstegnieke ontleed. Onder hierdie tegnieke tel die volgende: die rangskikking ("sequencing") van temas, deelnemers en inligting; oor- of onderbeklemtoning van idees, perspektiewe en kommentaar; die selektiewe aanwending van feite; bewusmaking van die kykers dat hulle en die hegemoniese orde se belange dieselfde is; die gebruik van leidende vrae om 'n bepaalde siening of perspektief voorkeur te laat geniet; verkleinerende en neerhalende beskrywings, asook die etikettering van deviant groepe; die omseiling van kernvraagstukke deur die herhaling van minder belangrike vraagstukke; en oorvereenvoudiging van komplekse verskynsels sodat die kyker makliker die betekenis wat die medium daaraan geheg wil hê, kan aanvaar. Laasgenoemde verwys na voorkeurlesing ("preferred reading") soos gekonseptualiseer deur Parkin (1972), Eco (1980), Morley (1980), Hall (1981), en O'Sullivan *et al.* (1994). Goldman en Rajagopal se rame toon ooreenkomste met die van Gitlin en Shoemaker, en in die

SAUK se hantering van buiteparlementêre verset is dit veral die gebruik van verkleinerende en neerhalende beskrywings (trivialisering) wat sterk indikatore van marginaliteit gevorm het (kyk Hoofstuk 5 en 2.2.3.2.2).

Laastens kan die dekking van afvalligheid en steun vir die Amerikaanse beleid jeens die Golf-oorlog in 1990 as voorbeeld van die hantering van deviansie geneem word. Reese en Buckalew (1995) beskryf drie rame wat in mediaroetines gewortel is, naamlik konflik, beheer en konsensus. Met die konflikraam het die joernalis 'n stryd geskep tussen patriotiese soldate wat wou veg, en diegene wat teen die oorlog gekant was. Synde 'n ongelyke stryd wat laasgenoemde groep nie kon wen nie, is hulle teenstand op hierdie wyse gemarginaliseer. Die beheerraam verwys na die joernalis se verhouding met owerheidsinstansies wat inligting vir hom/haar toeganklik maak. Dit is ook die domein van sosiale orde en integrasie waarin die anti-oorlogsgroep saam met misdadigers en terroriste as 'n bedreiging van die heersende orde aangebied is. Die konsensusraam identifiseer en intensifiseer uitdrukkings van gemeenskapsolidariteit waarteen deviante denke nouliks kragte kan meet, of soos hulle dit stel:

This yielded distortion when the consensus frame buried legitimate questions about policy under an avalanche of warm feelings. (Reese & Buckalew, 1995:47.)

In Hoofstuk 5 word die assosiasie van buiteparlementêre verset met misdaad en terreur as indikatore van evaluasie en van steun ondersoek. In Hoofstuk 3 kom die beheerraam ook ter sprake in die bespreking van die SAUK se verhouding en samewerking met die owerheid. Die konsensusraam het nie regstreeks betrekking op marginalisering nie, maar dit is belangrik ten opsigte van die SAUK en konsensuspolitiek (Hoofstuk 4).

Die belangrikheid en relevansie van genoemde navorsing vir hierdie studie is dus dat dit as rigtingwysers gedien het vir die ontleding van die SAUK se redaksionele kommentaar. Soos in die volgende afdeling van hierdie hoofstuk verduidelik word, is eiesoortige (i.e. materiaal- en konteksgebonde) kategorieë van marginalisering ontwikkel nadat die stof sistematies op 'n kwalitatiewe wyse deurgewerk is. In dié proses is van bogenoemde navorsers se ramingstegnieke en -kategorieë geïdentifiseer, gegroepeer en as vertrekpunte in hierdie studie gebruik, terwyl die besondere aard van die voorhande stof aanpassings en ook nuwe groeperings vereis het.

2.2 METODOLOGIE

Soos aangetoon berus die hegemoniese perspektief in 'n groot mate op die uitgangspunt dat die dominante ideologie in liberaal-westerse samelewings nie goedsmoeds op ondergeskikte groepe of klasse afgedwing kan word nie, maar dat dit verkieslik deur leiding en oorreding bewerkstellig moet word. Dwang en onderdrukking mag geïmpliseer word, maar in sulke samelewings kom openlike dreigemente om dit te gebruik selde voor. Lindlof (1995:53) meen nietemin dat hoewel die sukses van leiding en oorreding in kapitalistiese samelewings soms oorweldigend mag wees, daar nie sprake van finaliteit is nie. Die moontlikheid van dispariteit tussen ideologie en politieke praktyk bestaan immer, met ander woorde gebeur in die politieke omgewing kan die dominante ideologie in so 'n mate onder druk plaas dat ondergeskiktes nie meer die werklikheid wil aanvaar wat dominante groepe of klasse vir hulle gedefinieer het nie. Wat dus eens vanselfsprekend, natuurlik en die produk van gesonde verstand was, word nou verwerp en die legitimiteit daarvan bevraagteken.

Die erosie van hegemonie stel dominante groepe voor bepaalde keuses. Die dominante ideologie kan opnuut gedefinieer word, en dit is aangetoon dat die oorenting van hervormingsapartheid op klassieke apartheid 'n voorbeeld hiervan was. Indien die erosie voortduur, en hegemonie nie deur oorreding en leiding herstel word nie, tree die opsie van dwang en magsuitoefening in werking - soos dit byvoorbeeld in Suid-Afrika van die sestiger- tot die tagtigerjare die geval was (vgl. bv. Swillings & Philips, 1989).

In werklike samelewings soos Suid-Afrika is dit egter nie 'n geval van een opsie *of* die ander nie, maar eerder in watter kombinasie hulle aangewend word. Die WHAM-strategie was byvoorbeeld 'n kombinasie van oorreding-leiding deur middel van hervormings en veiligheidsoptrede om stabiliteit in swart woonbuurte te herstel. Verder werk die politieke en burgerlike samelewings saam om hegemonie te bewerkstellig, en daar is aangetoon hoe die media nie net ideologiese konsensus probeer bevorder nie, maar ook politieke of ideologiese deviansie wil marginaliseer.

Die bedinging van konsensus en die marginalisering van verset is die twee bene waarop hierdie studie rus, en dit word gereflekteer in die navorsingsvrae, teoretiese uitgangspunte en die doelstellings. Indien die fokus na die doelstellings vernou word, lê

dit voor die hand dat enersyds 'n algemene en eenvormige navorsingsmetode nie moontlik is nie, en andersyds dat 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering in staat is om die doelstellings te verwesenlik.

2.2.1 Die kwalitatiewe ontleding van tekste

Die doelstellings van hierdie studie kan in drie groepe verdeel word. Eerstens wil die studie die SAUK se beleid ten opsigte van hervormingsapartheid-konsensuspolitiek en buiteparlementêre versetgroepe bepaal, en dan ondersoek instel of die SAUK enige strukturele aanpassings gedoen het om hierdie beleid uit te voer, en watter implikasies die aanpassings en beleid vir joernalistieke praktyke gehad het.

Tweedens wil die studie die SAUK se redaksionele kommentaar toets om vas te stel of die Korporasie die dominante ideologiese beginsel van hervormingsapartheid, naamlik die selfbeskikking van rasgebaseerde groepe, gepromoveer het. Die teoretiese uitgangspunt is dat die Korporasie dit wel gedoen het, wat aanleiding gee tot vrae oor die wyse waarop die SAUK hervormingsapartheid-konsensuspolitiek ten tye van konstitusionele dooie punte probeer beding het, en hoe veiligheidsoptrede en die Regering se hervormingsprogram versoen is.

Die derde doelstelling het met die marginalisering van verset te make, en gegewe die teoretiese uitgangspunt dat die SAUK buiteparlementêre groepe gemarginaliseer het, wil hierdie studie vasstel watter marginaliseringsrame of -tegnieke die Korporasie gebruik het.

Die eerste groep doelstellings werk met beleidstukke en ander dokumente van die SAUK (vgl. 2.2.2), terwyl die tweede en derde groepe doelstellings met programinhoud werk, naamlik transkripsies van die redaksionele rubriek *Comment*. Die werkswyse in hierdie studie gevolg, is wat Gitlin (1980:303) die “kwalitatiewe literêre benadering” noem, ‘n benadering wat hy soos volg motiveer:

I also had theoretical reasons for preferring the qualitative, exhaustive approach to news history. I wanted the suppleness of the qualitative “literary” approach to cultural artifacts, whether newspaper articles, TV pieces, comic books, or museum pieces. I wanted to “tease out” those determining but hidden assumptions which in their unique ordering remain opaque to quantitative content analysis. At its best, qualitative analysis is more flexible than the quantitative kind; it aspires to a level

of complexity (I do not claim it is bound to achieve it) that remains true to the actual complexity and contradictoriness of media artifacts.

Gegewe die teoretiese raamwerk van hierdie studie (i.e. die hegemoniese perspektief van Gramsci), asook die navorsingsoogmerke om beleid, werking en die bedinging van hegemonie en wyses van marginalisering te ondersoek, is 'n kwalitatiewe benadering tot die ontleding van simboliese uitdrukkingsvorme meer geskik gevind. Hoewel die toepaslikheid van kwantitatiewe metodes ten opsigte van bepaalde aspekte van die studie nie ontken word nie, wou die navorser die meer buigsame aard van kwalitatiewe ontledings aanwend om 'n dieper en meer komplekse analise moontlik te maak. Daar is gevoel dat dit nie moontlik sou wees om dit binne die beperkings van 'n rigiede en wedersyds uitsluitende kategoriesisteem te doen nie. Ruimte moet byvoorbeeld gelaat word dat dieselfde inhoudselement meer as een betekenis kan hê, of dat die betekenis met tyd kan verander, en in Hoofstuk 5 word aangetoon hoe dieselfde inhoudselement vir meer as een marginaliseringsindikator toepaslik was. Verder verseker die kwalitatiewe of meer literêre benadering dat oënskynlike teenstrydighede opgespoor en reg geklassifiseer word. Dit is omdat die kwalitatiewe benadering verder gaan as manifeste of denotatiewe betekenis, en dieper delf om die latente en konnotiewe of subtiële betekenis bloot te lê, byvoorbeeld: opmerkings oor die welslae van teenhegemoniese magte kan moontlik net 'n rookskerm vir die rasionalisering van meer onderdrukking wees (vgl. 5.5.1).

Kwalitatiewe ontledings van simboliese uitdrukkings vereis ook 'n sistematiese en gestruktureerde werkswyse, en in hierdie studie is verskeie strategieë gebruik om betekenis te genereer soos deur Miles en Huberman (1994:245-262) uiteengesit. Hoewel nie rigied en wedersyds uitsluitend nie, is kategorieë ontwikkel om die SAUK se hantering van konstitusionele dooiepunte te bepaal, asook om indikatore van marginaliteit deur 'n proses van kodering en herkodering (kyk Strauss & Corbin, 1990:61-74) op grond van eienskappe en dimensies te klassifiseer (kyk 2.2.3 en 2.2.3.2.2).

Die besluit om nie kwantitatiewe metodes vir bogenoemde te oorweeg nie, is benewens die genoemde probleem van rigiede en wedersyds uitsluitende kategorieë ook geneem omdat die frekwentatiewe voorkoms van inhoudselemente en betekenis nie van oorheersende belang was nie. Deur die aantal inhoudselemente in elke

kategorie bymekaar te tel, kan die kwantitatiewe ontleder afleidings oor die verskillende gewigte van die kategorieë maak, gegewe natuurlik dat elke inhoudselement dieselfde weeg (kyk bv. Singletary, 1994:280-298). In hierdie studie, waar die politieke konteks egter bepalend is, word nie van die punt uitgegaan dat elke inhoudselement dieselfde weeg nie. Sommige betekenis in tekste soos redaksionele kommentare wat hoofsaaklik op aktuele gebeure in die politieke, ekonomiese en maatskaplike omgewing fokus, ontwikkel op grond van bepaalde gebeure. In Tabel 2.8 is die aantal rubrieke waarin *stagnasie* as indikator van marginaliteit voorgekom het, min in vergelyking met die ander indikatore in tabelle 2.3. tot 2.7. Maar hierdie indikator duik eers in die teks van *Comment* op na die val van kommunisme in Oos-Europa. Om dus bloot op grond van die frekwentatiewe verspreiding van indikatore af te lei dat *stagnasie* nie 'n belangrike betekenis of aanduiding van marginaliteit in hierdie SAUK-tekste is nie, reflekteer nie die tydsgees waarin die betekenis ontwikkel het nie (vgl. Christians & Carey, 1989:364). In hierdie opsig voldoen die kwantitatiewe metode dus nie aan die vereiste van kontekstualisering nie (kyk 2.2.1.1.2), en dit neem nie in ag dat sommige inhoudselemente meer gewig dra as ander nie. Die belangrikheid van herhaling word hiermee nie ontken nie, en in Tabel 2.2 is dit ooglopend dat die ANC vanweë sy hoë voorkoms in *Comment* die primêre fokus van die SAUK was. Maar gekoppel aan bepaalde gebeure in die politieke en ander omgewings, moet ruimte gelaat word vir inhoudselemente met buitengewone gewig, 'n vereiste wat soos volg deur Hall (1975:15) verduidelik word:

These recurring patterns are taken as pointers to latent meanings from which inferences as to the source can be drawn. But the literary/linguistic analyst has another string to his bow: namely, strategies for noting and taking account of emphasis. Position, placing, treatment, tone, stylistic intensification, striking imagery, etc., are all ways of registering emphasis. The really significant item may not be the one which continually recurs, but the one which stands out as an exception from the general pattern - but which is also given, in its exceptional context, the greatest weight.

Die kern is dus dat hoewel dieselfde inhoudselement of betekenis in verskeie gebeurtenisse ter sprake mag wees, die gebeurtenisse nie noodwendig dieselfde weeg nie. Deur kwalitatief te werk te gaan, kan hierdie onderskeid in berekening gebring word (bv. die oopstelling van hotelle vir alle rasse teenoor die ontbanning van die

ANC), maar dit hoef nie uit die oog te verloor dat 'n gebeurtenis op 'n bepaalde tydstip uitsonderlike gewig gedra het nie (die oopstelling van hotelle kon dus 'n belangrike mylpaal op die oomblik van oopstelling gewees het).

Benewens die kodering en kategorisering van programinhoud, speel historiese analise ook 'n belangrike rol in hierdie studie om soos Marshall en Rossman (1995:89) dit stel, die "baseline and background" van daaropvolgende kwalitatiewe tegnieke te verskaf. Hierdie vorm van analise is ter sprake in Hoofstuk 3 waar die beleid en werking ondersoek word. In hierdie geval word hoofsaaklik van primêre bronne gebruik gemaak, byvoorbeeld onderhoude, dokumente en bandopnames (kyk 2.2.2). Soos met die kodering-kategorisering van redaksionele kommentaartekste, word die historiese analise van beleid en werking ook gemeet aan bepaalde riglyne vir kwalitatiewe navorsing.

2.2.1.1 Kriteria vir kwalitatiewe navorsing

Wetenskaplike literatuur oor kwalitatiewe navorsing verskil onderling ten opsigte van skemas oor die vereistes waaraan kwalitatiewe navorsing moet voldoen (vgl. bv. Strauss & Corbin, 1990:251-257; Silverman, 1993:23-28; Leininger, 1994:105-107). Vir die doeleindes van hierdie studie is 'n eenvoudige en saamgestelde skema van Christians en Carey (1989:359-374) as maatstaf geneem.

2.2.1.1.1 Waarneming in natuurlike omstandighede

Hierdie kriterium is meer gerig op veldnavorsing wat in die natuurlike opset van mense gedoen word, en dit word derhalwe ook naturalistiese navorsing genoem (Mouton, 1989:1). Beproeftes metodes om in die ervaringswêreld van mense in te dring sluit deelnemende waarneming, die ontleding van persoonlike dokumente en ongestruktureerde onderhoudvoering in (vgl. bv. Lindlof, 1995).

Die tydsfokus van hierdie studie is 1983-1990, en daarom is regstreekse of deelnemende waarneming in sy verskeie moontlikhede (vgl. Schurink, 1988) nie ter sake nie. Ten opsigte van die beleid en werking van die SAUK is verskeie bronne gebruik waarvan die aard dui op die moontlikheid dat 'n mate van waarneming wel ter sprake is. Baie bronne is vertroulike interne korrespondensie, opdragte, memoranda en verslae wat 'n blik werp op die binnekringwerking van die SAUK in hierdie periode (kyk 2.2.2), terwyl persoonlike ongestruktureerde onderhoude met beleidmakers voor

hierdie periode, insig bied in die interne beleidsraamwerk van die Korporasie in hierdie era. Die naaste wat hierdie studie egter aan naturalistiese waarneming kom, is 'n bandopname van 'n volle redaksionele vergadering van *Netwerk/Network* in Januarie 1986. Skrywer was egter nie 'n waarnemer in hierdie situasie nie, maar 'n aktiewe deelnemer (SAUK, 1986a).

2.2.1.1.2 Kontekstualisering

Christians en Carey (1989:362) meen dat die kwalitatiewe navorser 'n "meester van konteks" moet word (vgl. ook Silverman, 1995:158). Omdat die politieke konteks so bepalend was ten opsigte van die SAUK se beleid, werking en redaksionele standpunte gedurende die studieperiode, word 'n bespreking en verkenning van die politieke omgewing deurgaans in die volgende drie hoofstukke geïntegreer. Daar word ook gepoog om verbande te trek tussen veranderinge in die politieke omgewing en koersaanpassings in die SAUK.

Benewens die werke van erkende Suid-Afrikaanse politieke wetenskaplikes (vgl. bronnelys), is byvoorbeeld gebruik gemaak van parlementêre debatte, koerante en tydskrifte, en oorsigte van die South African Institute of Race Relations (SAIRR) om die SAUK-materiaal te kontekstualiseer en te situeer. Die doel was om, soos Christians en Carey (1989:364) dit stel, die "tekstuur" van die oorhoofse politieke en kulturele sisteem 'n integrale deel van hierdie studie te maak.

2.2.1.1.3 Vergelyking

Christians en Carey (1989:366-369) maak hulle idee van "gemaksimaliseerde vergelykings" meer van toepassing op etnografiese en kruiskulturele navorsing waarin groepe of gevalle in natuurlike situasies onderling met mekaar vergelyk word. Tog meld hulle situasionele en historiese vergelykings, asook die vergelyking van werklike situasies met ideaaltipes.

In hierdie studie word ten opsigte van beleid, werking en redaksionele kommentaar situasionele en historiese vergelykings getref. Soos in 2.2.1.1.2 gestel, word hierdie aspekte binne die konteks van die werklike politieke omgewing gesitueer, met ander woorde vergelykings word getref tussen gebeure in die politieke omgewing en aanpassings van die SAUK se beleid, werking en redaksionele kommentaar.

Met inagneming van die studieperiode (1983-1990), kan drie breë historiese periodes geïdentifiseer word, naamlik die P.W. Botha-era, die F.W. de Klerk-era voor 2 Februarie 1990, en die De Klerk-era na hierdie dag. Wat hierdie studie in sy geheel betref, oorheers vergelykings tussen die Botha- en De Klerk-eras. Aangesien die Botha-era die grootste deel dek, word daar ook historiese periodes binne hierdie tydperk vergelyk, byvoorbeeld die periodes van verset en onderdrukking (kyk Hoofstuk 5).

In bepaalde gevalle is vergelykings ook getref tussen die SAUK gedurende die studieperiode en die SAUK voor hierdie periode, byvoorbeeld ten opsigte van die interne beleidsraamwerk (kyk Hoofstuk 3), die Korporasie se redaksionele standpunte oor die wetlike skeiding van groepe (kyk Hoofstuk 4), en redaksionele oordele oor swart leiers soos aartsbiskop Desmond Tutu en Nelson Mandela (kyk Hoofstuk 5).

In bepaalde gevalle is die SAUK se hantering van buiteparlementêre verset gekontrasteer met sy optrede ten opsigte van die hegemoniese orde in soortgelyke situasies. In 5.1.7 word byvoorbeeld die SAUK se standpunte oor interne verdeeldheid in die ANC bespreek. Om meer sin aan die bespreking te gee, word die Korporasie se hantering van verdeeldheid in die hegemoniese orde ook vergelykenderwys behandel. In Hoofstuk 3 word byvoorbeeld die SAUK se aanwending van godsdiens in belang van die hegemoniese orde aangevul en vergelyk met die Korporasie se aanwending daarvan in sy deelname aan die teenrewolusionêre stryd.

2.2.1.1.4 Gesensitiseerde konsepte

Christians en Carey (1989:370) noem konsepte die “poort tot die wêreld”, die vertrekpunt van navorsing. Die grootste deel van hierdie hoofstuk tot dusver is gewy aan die konseptualisering van hegemonie en hoe dit van toepassing is op die SAUK se hantering van buiteparlementêre verset. Konsepte is “hokkies of vakkies” (Mouton & Marais, 1989:58), rame (Clair, 1993:118), of etikette (Strauss & Corbin, 1990:61) om die waarboel van menslike ervarings te organiseer. Konseptualisering in ‘n wetenskaplike sin neem kennis van verskillende betekenisse wat aan dieselfde konsep geheg word, en poog dan om die fokus al hoe nouer te trek sodat ‘n presiese betekenis verkry word. Hieruit vloei voort operasionele definisies en die operasionalisering van die navorsingsproses self. Mouton en Marais (1989:24) wys egter daarop dat

konseptualisering nie noodwendig voltooi moet wees voor operasionalisering 'n aanvang neem nie:

Konseptualisering en operasionalisering kan eweneens verwys na gevalle waar eksplisiete en goed geartikuleerde teorieë en modelle as verwysingsraamwerk vir navorsing geneem word, of na gevalle waar konseptualisering op kwalitatiewe wyse in die proses van navorsing self tot stand kom en die doel primêr is om die konsepte van die sosiale aktors self vas te lê.

Dit is in bogenoemde verband wat Christians en Carey (1989:370) van *gesensitiseerde konsepte* praat, naamlik taksonomiese stelsels wat geïntegreerde skemas binne die data *ontdek*:

Whether by minting special metaphors or creating analogies or using direct expressions, the qualitative researcher maps out territories by finding seminal ideas that become permanent intellectual contributions while unveiling the inner character of events or situations.

Froneman (1995:28) praat van “opgeskerpte begrippe” as hy na gesensitiseerde konsepte verwys, en Christians en Carey (1989:371) wys in die verband daarop dat die sensitisering van konsepte 'n herhalende proses is, met ander woorde dit verwys na definisie en herdefinisie.

Tot dusver is konsepte soos hegemonie, legitimiteit, buiteparlementêre verset, politieke deviansie, en marginalisering reeds beskryf. Dit is ook in Hoofstuk 1 genoem dat die studie se wetenskaplike bydrae onder meer daarin lê dat eiesoortige marginaliseringskategorieë ontwikkel is, met ander woorde kategorieë eie aan die SAUK se redaksionele kommentaar. In die proses van konseptualisering het sensitisering plaasgevind. Bestaande rame (of konsepte) van marginaliteit soos steun, trivialisering, evaluasie, effektiwiteit en polarisering (kyk 2.1.4.1) is as vertrekpunte geneem, maar in die proses van kodering en herkodering is nuwe (soms metaforiese) etikette toegeken, en subkategorieë van betekenis ontwikkel. Die resultaat was 'n stel marginaliseringsrame of -tegnieke wat 'n kombinasie van bestaande en gesensitiseerde konsepte rondom marginaliteit weerspieël (die werkswyse word in 2.2.3.2.2 uiteengesit).

Konseptualisering het ook plaasgevind gedurende die bestudering van redaksionele standpunte oor die dominante hegemoniese beginsel, die dinamiek van die

hervormingsproses, konstitusionele dooie punte en die verhouding tussen veiligheid en hervorming. Ten opsigte van byvoorbeeld konstitusionele dooie punte is reëlmatighede vasgestel oor hoe die SAUK die dinamika van hervorming uitgebeeld het (kyk 4.2.2.1), en op watter wyse hy die stilstand in onderhandelings aan luisteraars verduidelik het (kyk 4.2.2.2). Die werkswyse word in 2.2.3.1 verduidelik.

2.2.1.1.5 Geldigheid

Soos in die geval van enige wetenskaplike navorsing, moet kwalitatiewe metodes ook aan die vereiste van geldigheid voldoen. Eerstens moet die navorser hom/haar vergewis of sy/haar prosedures waarneem wat dit veronderstel is om waar te neem (interne geldigheid), en tweedens of sy/haar resultate veralgemeen kan word na ander situasies of 'n groter geheel (eksterne geldigheid) (kyk bv. Fortner & Christians, 1989).

In die geval van kwalitatiewe inhouds- of tekstuele ontleding (vgl. bv. George, 1959; Miles & Huberman, 1994; Silverman, 1995) werk die navorser nie met 'n rigiede, omvattende en wedersyds uitsluitende kategoriesisteen nie, en dit het in die verlede gelei tot die bevraagtekening van kwalitatiewe ontledings se betroubaarheid en geldigheid (vgl. bv. Holsti, 1969; Gerber, 1980). Hall (1975:15) redeneer egter dat dit verkeerd is om te aanvaar dat kwalitatiewe inhoudsontledings onbetroubaar is, en dat dit nie aan die geldigheidsvereiste voldoen nie:

Literary/linguistic types of analysis also employ evidence: they point, in detail, to the text on which an interpretation of latent meaning is based; they indicate more briefly the fuller supporting or contextual evidence which lies to hand; they take into account material which modifies or disproves the hypotheses which are emerging; and they should (they do not always) indicate in detail why one rather than another reading of the material seems to the analyst the most plausible way of understanding it.

Hierdie studie voldoen aan drie belangrike maatstawwe van geldigheid, naamlik verteenwoordigendheid, triangulasie, en die opweging van bewyse (vgl. Miles & Huberman, 1994). Afleidings of bevindings gemaak ook die SAUK se beleid, werking en redaksionele kommentaar oor die hegemoniese orde en buiteparlementêre verset is gegrond op 'n verteenwoordigende stel tekste vir die periode 1983-1990 (kyk 2.2.2). Verder was die navorser voorbedag om kontrasterende of weersprekende gevalle en

standpunte op te spoor en dit binne die regte konteks te beoordeel, byvoorbeeld botsende stellings oor die effektiwiteit van buiteparlementêre opposisie, die dinamiek van hervorming, en kritiek op apartheidswette (kyk Hoofstuk 4 en Hoofstuk 5).

Triangulasie behels kruisvalidasie, met antwoorde die rugsteuning van bewyse deur ander metodes en bewyse (vgl. Fortner & Christians, 1989:380-381). 'n Tipiese voorbeeld in kwalitatiewe navorsing is om ongestruktureerde onderhoude met tekstuele analise te valideer. Triangulasie kan op verskeie wyses geskied (vgl. Miles & Huberman, 1994:266-267). Geldigheid kan gedemonstreer word deur verskillende metodes te gebruik, en in hierdie studie is die historiese analise van die SAUK se beleid en werking aanvullend en ondersteunend tot die tekstuele analise van programinhoud, naamlik die redaksionele kommentaar van die Korporasie. Triangulasie kan ook geskied deur verskillende databronne te gebruik, soos in hierdie geval dokumente, verslae, beleidstukke, memoranda, persoonlike onderhoude ens. aan die een kant, en programinhoud aan die ander kant. Laastens kan verskillende datasoorte gebruik word, byvoorbeeld kwantitatiewe en kwalitatiewe data gesamentlik. In hierdie studie word in 'n beperkte dog belangrike mate van frekwensies gebruik gemaak om (a) die gewig van verskillende buiteparlementêre groepe se dekking in *Comment* aan te toon, (b) te wys hoe hierdie gewig oor die studieperiode versprei was, en (c) die verspreiding van die marginaliseringskategorieë in tyd en omvang.

'n Laaste oorweging van geldigheid ten opsigte van hierdie studie is die gewig van bewyse. Soos in 2.2.2 aangetoon word, is daar hoofsaaklik van primêre bronne ten opsigte van die SAUK gebruik gemaak, en dit is reeds in 2.2.1.1.1 genoem dat die aard van dié bronne die idee van naturalistiese waarneming in hierdie studie nie vergesog maak nie. In bepaalde gevalle word wel sekondêre bronne benut, maar die oorwig bronne is primêr van aard.

2.2.1.2 Samevatting

Hierdie studie wil vanuit die hegemoniese perspektief bepaalde vrae oor die SAUK se hantering van buiteparlementêre verset in sy beleid, werking en redaksionele kommentaar beantwoord. Die hantering van buiteparlementêre verset het ook 'n keersy, naamlik die hantering van die hegemoniese orde. Hieroor, en oor die Korporasie se hantering van buiteparlementêre groepe, is spesifieke doelstellings gestel

wat, soos gemotiveer, ten beste deur die kwalitatiewe navorsingsbenadering verwesenlik kan word.

Die keuse van 'n navorsingsmetode word in 'n groot mate deur die doelstellings van die navorsing en die materiaal voorhande bepaal. Gegewe die aard van die materiaal, asook die oorhoofse oogmerk om verder as bloot die frekwentatiewe voorkoms van simboliese uitdrukkingsvorme te kyk, het die kwalitatiewe benadering die aangewese manier geblyk te wees om die diepere betekenis van hierdie vorme in hul bepalende kontekste te bestudeer. Hoe te werk gegaan is om dit ten opsigte van die verskillende doelstellings te bereik, word voorts behandel.

2.2.2 Die ontleding van die SAUK se beleid en werking

Die eerste twee doelstellings van hierdie studie fokus op die beleid van SAUK ten opsigte van (a) hervormingsapartheid en konsensuspolitiek, en (b) buiteparlementêre verset. Hierdie deel van die ondersoek behels 'n sistematiese ontleding van 'n verteenwoordigende spektrum van die volgende:

1. Amptelike beleidstukke waarin die SAUK op 'n gekodifiseerde wyse sy beleid gestel het ten opsigte van aspekte soos sy rol as uitsaaier, die doelstellings en inhoud van sy programme, redaksionele kodes vir nuusdekking, sy korporatiewe missie en filosofie, en sy waardestelsel. Met inagening dat die studieperiode van 1983-1990 strek, behoort die volgende titels van sulke dokumente 'n aanduiding van die aard van hierdie stukke te gee: "A guide to SABC news policy and language style" (SABC, 1961); "S.A.U.K.-beleid" (SAUK, 1962); "Nuus- en programbeleid" (1979a); "Beleidskode" (SAUK, 1979b); "Doelwitstelling van die SAUK" (SAUK, 1982b); "Policy code" (SABC, 1983); "Uitsaai op sy beste: Hoe dra ek by?" (SAUK, 1984d); "Uitsaai-beleid" (SAUK, 1985a); "Beleid vir godsdienstige uitsendings" (SAUK, 1985d); "Riglyne vir die hantering van televisiegeweld" (SAUK, 1987e); "Beleid" (SAUK, 1988b); "Ethical code for editorial staff" (SABC, 199-); "Redaksionele riglyne vir inligtingsprogramme" (SAUK, 1991); "Gedragskodes en waardes van die SAUK" (SAUK, 1992a); "Redaksionele kode en beleid: uitsaai-programme" (SAUK, 1992b); "Waardes en visie van die

SAUK-Raad" (SAUK, 1993); "Corporate code" (SABC, 1993); "Redaksionele kode van die SAUK" (SAUK, 1994).

2. Alle jaarverslae waarin die SAUK sy beleid of standpunt jeens regeringsbeleid en buiteparlementêre aktiwiteite gestel het.
3. Publikasies en toesprake van senior amptenare waarin die beleid ten opsigte van bogenoemde gestel en vertolk is. Skrywer het toegang tot onder meer al die toesprake en mediaverklarings van Eksteen gehad (kyk bronnelys).
4. Ander SAUK-dokumente waarin die Korporasie se beleid ter sprake gekom het, byvoorbeeld verslae van taakgroepe, spesiale opdragte, historiese oorsigte, en notules (vgl. bronnelys onder bv. *South African Broadcasting Corporation* en *Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie*).
5. 'n Verbatim-transkripsie van 'n oudio-opname gemaak tydens 'n redaksionele vergadering van *Netwerk/Network* op 22 Januarie 1986 (vgl. SAUK, 1986a).

Die volgende twee spesifieke doelstellings het oor die struktuur en roetines van die SAUK gehandel. Die bedoeling was eerstens om vas te stel of die Korporasie dit nodig geag het om strukture te wysig of te skep om hervormingsapartheid-konsensuspolitiek te steun en buiteparlementêre teen te werk, en tweedens om te bepaal in watter mate die SAUK se beleid in hierdie verband joernalistieke praktyke binne die Korporasie beïnvloed het. Wat laasgenoemde betref, word die Korporasie se toepassing van konsensusjoernalistiek dus aangespreek.

Die studie kan nie aanspraak maak dat dit die totaliteit van strukturele skuiwe en joernalistieke roetinerings binne die SAUK ondersoek het nie, maar daar word wel aanvaar dat die voorbeelde en voorvalle wat bespreek word, voldoende is om betroubare en geldige antwoorde op die tersaaklike navorsingsvrae te bied. Vir hierdie doeleindes is die volgende SAUK-materiaal ontleed (vgl. bronnelys):

1. Tersaaklike wette, lisensievoorwaardes en SAUK-dokumente om die eksterne beleidsraamwerk van die Korporasie te bepaal.
2. SAUK-dokumente, publikasies en toesprake deur dienende en gewese SAUK-amptenare, en ander nie-SAUK-bronne oor die verhouding tussen die

Korporasie en sy eksterne omgewing (veral die SAUK se verhouding met die Regering).

3. SAUK-bronne soos verslae, opdragte, werksriglyne, notules, memoranda en korrespondensie oor strukture om redaksionele beheer te konsolideer, topbestuur by hekwagting te betrek, samewerking met staatsdepartemente te reguleer, en godsdiens in belang van konsensuspolitiek en die bekamping van buiteparlementêre verset aan te wend.
4. SAUK-stukke soos beleidsdokumente, redaksionele voorskrifte en dagopdragte, en spesiale direktiewe deur die Direkteur-generaal om joernalistieke roetines oor die dekking van buiteparlementêre verset te reël.
5. 'n Breedvoerige SAUK-oorsig van die periode Desember 1983 tot Oktober 1987 waarin die meeste van bogenoemde aspekte saamgevat en in perspektief geplaas word (vgl. SAUK, 1987d).
6. 'n Bandopname van die genoemde *Netwerk/Network*-vergadering op 22 Januarie 1986 waarin onder meer die werk en verantwoordelikhede van aanbieders en regisseurs geregleer word (vgl. SAUK, 1986a).
7. Persoonlike onderhoude met Gideon Roos (1988a, 1988b), Douglas Fuchs (1988a, 1988b) en James McClurg (1988) om die interne beleidsraamwerk van die SAUK in historiese perspektief te stel.
8. Ander SAUK-bronne soos jaarverslae, tydskrifte (*Indaba*, *Interkom/Intercom*, *SAUK Radio & TV*) en korporatiewe publikasies wat kon bydra om die gestelde navorsingsvrae te beantwoord.
9. WVK-voorleggings van oud- of huidige SAUK-amptenare (vgl. Pretorius, 1997; Raubenheimer, 1997; Terblanche, 1997), asook die voorlegging van Vic McPherson wat getuienis oor die Korporasie se samewerking met die veiligheidsgemeenskap gelewer het (vgl. McPherson, 1997).

Alle SAUK-materiaal waarna in hierdie studie verwys word, is outentieke dokumente waarvan die oorspronklike kopieë in besit van die SAUK behoort te wees.⁶ Skrywer het afskrifte van hierdie kopieë in sy besit. Indien sulke kopieë om welke rede nie deur die SAUK beskikbaar gestel kan word nie, kan dit by die Instituut vir

Kommunikasienavorsing (IKN) by die PU vir CHO besigtig word. 'n Duplikaat van die bandopname van die *Netwerk/Network*-vergadering (1986a) asook duplikate van die Roos-, Fuchs- en McClurg-onderhoude is ook aan IKN geskenk. Skrywer behou kopiereg op hierdie bande. Die WVK kan in verband met die aangehaalde voorleggings gekontak word.

Om bogenoemde vier doelstellings te bereik, is 'n werkswyse gevolg wat as 'n historiese analise (vgl. Marshall & Rossman, 1995:89-90) bestempel kan word. Die oogmerk was om hierdie dokumente⁷ binne die konteks van veranderinge in die politieke omgewing te bestudeer om te bepaal watter invloed eksterne gebeure op die ontstaan van die dokumente gehad het, en watter invloed of potensiële invloed die dokumente op die strukture en praktyke van die Korporasie gehad het. In Hoofstuk 3 word gebeure soos Sharpeville in 1960, die 1983-Grondwet, die verkiesings vir kleurlinge en Indiërs in 1984, die instelling van noodtoestande in 1985 en 1986, die rewolusionêre aanslag, en die NP-leierskapsverandering in 1989 as belangrike historiese momente belig wat 'n bepalende invloed op die beleid en werking van die SAUK gehad het. Hierdie studie het derhalwe 'n sterk historiese basis of konteks, en volgens Marshall en Rossman (1995:90) is 'n sistematiese historiese analise bevorderlik vir die geloofwaardigheid en geldigheid van 'n studie.

2.2.3 Die ontleding van die SAUK se redaksionele kommentaar

Navorsingsvrae 5 en 6 handel oor die SAUK se hantering van onderskeidelik hegemonie en teenhegemonie. Ten opsigte van albei vrae is transkripsies van *Comment*, die Korporasie se redaksionele standpunt soos uitgesaai op die Engelse radiodiens, ontleed. Hierdie rubriek is 1840 kere tussen 1 Januarie 1983 en 2 Maart 1990 uitgesaai. Om navorsingsvrae 5 en 6 te beantwoord, is elke transkripsie van *Comment* gedurende hierdie periode as 'n eerste stap oorsigtelik by die SAUK in Johannesburg gelees om die toepaslikheid daarvan vir die beantwoording van die navorsingsvrae en ter verwesenliking van die doelstellings te bepaal. Rubrieke wat geensins verband met die tersaaklike doelstellings gehad het nie, is buite rekening gelaat. 'n Totaal van 942 transkripsies (51 persent van die totale aantal) is op hierdie wyse geselekteer, en Tabel 2.1 gee die verspreiding van die geselekteerde uitsendings op 'n jaarlikse basis (vgl. 2.2.3.1 en 2.2.3.2 vir spesifieke seleksiekriteria).

TABEL 2.1

AANTAL UITSENDINGS VAN *COMMENT* ONTLEED, 1983-1990

Jaartal	83	84	85	86	87	88	89	90	TOTAAL
Aantal	88	93	167	166	156	116	120	36	942

N=942 (die teleenheid is 'n rubriek)

Daar is dus nie van steekproewe gebruik gemaak nie, en die rubrieke is geselekteer omdat hulle van toepassing op navorsingsvrae vyf en ses en hulle gepaardgaande doelstellings was.

Comment se Afrikaanse eweknie was *Kommentaar*. Die rede waarom *Comment* bo *Kommentaar* verkies is, is omdat laasgenoemde ten tye van skrywer se navorsingsbesoek aan die SAUK onvolledig was. 'n Vergelyking van SAUK-indekse vir hierdie rubrieke het nietemin getoon dat die Korporasie daagliks dieselfde tema in Afrikaans en Engels behandel het. Verder is dertig dae se ewekansiggekooste transkripsies van albei tale met mekaar vergelyk en daar kon geen wesenlike verskille ten opsigte inhoud en klem opgespoor word nie.

Hoewel ontledings ten opsigte van doelstellings 5 en 6 in hierdie studie nie op frekwensies gebaseer is nie, kan sekere afleidings wel op grond daarvan in die verskillende tabelle gemaak word. Tabel 2.1 toon byvoorbeeld dat die meeste geselekteerde transkripsies uit die periode 1985-1987 kom. Die waarskynlike rede hiervoor is die omvang van verset in hierdie periode en die aantal hervormings van die Regering. Die onluste het eers in September 1984 begin, en die aantal transkripsies in 1983 en 1984 wentel hoofsaaklik om die driekamerparlement, woelinge in kleurling- en Indiërpolitiek, en die begin van die konstitusionele debat oor stedelike swartes. Teen 1988 was die dooie punt oor swart politieke deelname hoog op die agenda, maar verset was in 'n groot mate onderdruk. Dit is ook in hierdie tyd dat internasionale en regionale sake soos Suidwes-Afrika/Namibië al hoe meer aandag in *Comment* geniet het. Dit verklaar die afname van geselekteerde rubrieke in die laaste twee jaar van die dekadende omdat rubrieke oor regionale kwessies dikwels nie tersaaklik vir die navorsingsdoelstellings was nie.⁸

In 1989 het die NP en die Regering van leier verander en die meeste geselekteerde rubrieke in hierdie jaar is na Augustus 1989 toe die veranderinge plaasgevind het. De Klerk en 'n nuwe politieke styl het ook heelwat aandag geniet teen

die einde van 1989 en in 1990. Die rede vir die min rubrieke in 1990 (hoewel dit meer as 70 persent van die uitsendings verteenwoordig) is omdat die SAUK die rubriek in die begin van Maart beëindig het (vgl. Tabel 2.1).

Tot dusver is die geselekteerde rubrieke as 'n eenheid ten opsigte van navorsingsvrae 5 en 6 behandel, met ander woorde in 942 van die 1840 uitsendings het die SAUK kommentaar op hervormingsapartheid-konsensuspolitiek *en/of* buiteparlementêre groepe gelewer. In die volgende twee afdelings word die werkswyse ten opsigte van hierdie twee vrae afsonderlik behandel.

2.2.3.1 *Comment* en die bedinging van hegemonie

Die vyfde navorsingsvraag handel oor die SAUK en die bedinging van instemming vir hervormingsapartheid en konsensuspolitiek. Die teoretiese onderbou van hierdie vraag is geleë in die rol wat massamedia as produseerders, reproduseerders en verspreiders van kultuur en ideologie speel om konsensuele waardes te kweek en dominante ideologiese beginsels aanvaarbaar te maak. Die uitgangspunt van die studie is daarom dat die SAUK wel instemming vir hervormingsapartheid en konsensuspolitiek in sy redaksionele kommentaar probeer beding het, en op grond hiervan het die studie spesifieke doelstellings gestel. Die eerste doelstelling handel oor die onderliggende ideologiese beginsel van hervormingsapartheid, naamlik die selfbeskikkingsreg van rasgebaseerde groepe. Die studie wou vasstel hoe die SAUK hierdie beginsel gehanteer het. Met die aanvanklike seleksie van rubrieke, was dit ook die eerste kriterium op grond waarvan spesifieke rubrieke van *Comment* geselekteer is.

Groepsselfbeskikking is 'n konseptuele raamwerk met 'n stel verwante konsepte, en daar is in die seleksieproses op onder meer die volgende gelet: nasionale selfbeskikking, geen dominasie van een groep deur 'n ander nie, eie sake teenoor algemene sake, 'n eie gemeenskapslewe, gevestigde groepsbelange, groepsregte, gemeenskapsekuriteit, gemeenskapsregte, groepsoutonomie, identiteit, etnisiteit, nasionalisme, minderhede, veelvolkigheid, multinasionaliteit en multikulturaliteit, heterogeniteit, en rasgebaseerde wette om onder meer aparte skole, geriewe en woonbuurte te handhaaf (vgl. 4.1.2). Verbandhoudend hiermee is ook die SAUK se redaksionele standpunte oor die verhouding tussen groeps- en individuele regte (kyk 4.1.3).

‘n Verwante doelstelling fokus op veranderinge, klemverskuiwings of koersaanpassings in die SAUK se standpunte jeens groeps- en individuele regte. Hierdie studie wou nie alleen die aard van moontlike veranderings ondersoek nie, maar ook die redes daarvoor, en derhalwe was die politieke omgewing en konteks van deurslaggewende belang. ‘n Totaal van 128 rubrieke is geselekteer om die SAUK se redaksionele standpunte jeens groepsregte te bestudeer.

Daar is in die begin van hierdie hoofstuk verduidelik dat hegemonie deur ‘n proses van leiding, oorreding en onderhandeling geskep moet word. Met hierdie naderingshoek in gedagte, het die vraag ontstaan oor die SAUK se redaksionele standpunte oor hervormingsapartheid en konsensuspolitiek ten tye van gestagneerde onderhandelingsprosesse in die tagtigerjare. Hoeveel klem het die SAUK op die noodsaaklikheid, onvermydelikheid en wenslikheid van onderhandeling gelê? Waaraan het die Korporasie die stagnasie toegeskryf? Het die SAUK die hervormingsproses as dinamies voorgestel? Indien wel, op watter wyse het hy dit gedoen, en watter redes hy het vir dooie punte aangevoer? Gepaardgaande hiermee het politieke hervormings hand aan hand met die onderdrukking van verset geloop. Hoe het ‘n massamedium soos die SAUK hegemonie in sulke omstandighede probeer beding? Om vrae rondom onderhandeling, hervormingsdinamika en die verhouding tussen veiligheid en hervorming te beantwoord, is 258 toepaslike rubrieke geïdentifiseer (vgl. 4.2).

Die konseptuele vertrekpunte van hierdie afdeling (navorsingsvraag 5) is hegemonie, hervormingsapartheid en konsensuspolitiek. Die werkswyse kan as beskrywend en histories-analities getipeer word. Mouton en Marais (1989:44) bestempel historiese analise as verhalende beskrywing, en hulle meen dat die navorser hom/haar ten doel moet stel om dit wat is op een of ander wyse akkuraat en noukeurig te beskryf. Deur middel van kruisvalidasie en triangulasie met Hoofstuk 3 waarin die SAUK se beleid jeens hervormingsapartheid en konsensuspolitiek op dieselfde wyse ondersoek word, hoop Hoofstuk 4 om ‘n indiepte, akkurate en geldige beskrywing te bied van die wyse waarop die Korporasie hegemonie in sy redaksionele kommentaar beding het.

2.2.3.2 *Comment* en die hantering van teenhegemonie

Navorsingsvraag 6 handel oor of die SAUK buiteparlementêre groepe gedeligitimeer het, en indien wel, op watter wyse hy dit gedoen het. Die uitgangspunt van hierdie studie is dat die Korporasie sulke groepe gedelegitimeer het deur hulle te marginaliseer. Die doelstelling is om vas te stel op watter wyse hulle gemarginaliseer is. Marginalisering (kyk Hoofstuk 1) is dus die sentrale konsep in hierdie afdeling, en soos in 2.4.1 aangetoon vorm marginalisering van teenhegemoniese magte 'n belangrike komponent van die stryd om hegemonie te beding. In Hoofstuk 5 word ondersoek ingestel na hoe die SAUK buiteparlementêre groepe in hierdie verband gehanteer het.

Die bestudering van die SAUK se hantering van buiteparlementêre verset is in verskeie fases gedoen. Eerstens is rubrieke geselekteer op grond van die voorkoms van buiteparlementêre groepe in hierdie rubrieke. Die bepaling van buiteparlementêre groepe is geskoei op indelings deur verskeie Suid-Afrikaanse politieke wetenskaplikes (kyk 2.2.3.2.1). Tweedens is die geselekteerde rubrieke gekodeer op grond van breë of algemene marginaliseringskategorieë wat uit bestaande navorsing saamgestel is. Hierdie kategorieë is *steun*, *stroombaan*, *evaluasie* en *prestasie* (kyk 2.2.3.2.2). Derdens het 'n gelyklopende proses van sensitisering plaasgevind om subkategorieë of indikatore van marginaliteit wat eie aan die materiaal is, te *ontdek*. 'n Totaal van 21 indikatore is geïdentifiseer, en hulle is logieserwys in die vier algemene kategorieë plus 'n bykomende een, *leierskap*, verdeel (kyk 2.2.3.2.2). Wat die sensitiseringsfase betref, het konseptualisering dus op 'n kwalitatiewe wyse in die proses van navorsing self tot stand gekom (Mouton & Marais, 1989:24).

Alvorens metodologiese aspekte rakende die marginalisering van buiteparlementêre groepe bespreek kan word, is dit eerstens nodig om sulke groepe in die Suid-Afrikaanse konteks af te baken, tweedens om aan te toon oor watter groepe delegitimisering eintlik in die SAUK-konteks gegaan het, en derdens dat die primêre ontledingseenheid van hierdie studie nie groepe is nie, maar wel die wyses van marginalisering.

2.2.3.2.1 Buiteparlementêre groeperinge

Verskillende sisteme word deur verskillende outeurs gebruik om buiteparlementêre versetgroepe te klassifiseer. Kotzé en Lourens (1988) tref 'n

onderskeid tussen buiteparlementêre organisasies wat binne apartheidsstrukture die driekamerparlement teengestaan het, en organisasies wat niks met hierdie strukture of die driekamerparlement te doen wou gehad het nie. Wat eersgenoemde betref, was die belangrikste eksponente die Inkatha Freedom Party (IFP) met sy magsbasis in KwaZulu, die Inyandza National Movement (INM) van Kangwane, en QwaQwa se Dikwankwetla Party. Hierdie groepe het volgens Kotzé en Lourens in 'n tradisie van "meelopende verset" apartheid bestry. Ten opsigte van buiteparlementêre groepe wat geweier het om by strukture rondom die driekamerparlement betrek te word, onderskei hulle Charteristiese organisasies, swartbewustheidsorganisasies, vakbonde, en regse blanke versetbewegings. Regse buiteparlementêre verset kom nie voor in die groepering van Ngidi en Zulu (1987) en Swilling (1989) nie. Ngidi en Zulu se indeling behels (a) jeugorganisasies van 'n opvoedkundige aard, (b) "civic" en gemeenskapsorganisasies op sowel 'n permanente as *ad hoc* basis, en (c) institusionele groepe soos kerke, vakbonde en professionele organisasies. Swilling sonder drie fundamentele pilare van die buiteparlementêre beweging uit, naamlik die vakbonde met hulle magsbasis in die nywerhede, die UDF met sy magsbasis in die gemeenskap, en die ANC met 'n "indrukwekkende" internasionale ondersteuningsbasis en effektiewe ondergrondse strukture.

Die klassifisering van bogenoemde en ander skrywers is nie noodwendig teenstrydig nie omdat enige indeling van buiteparlementêre verset teen die driekamerparlement rekening moet hou met die ineengestremeldheid van die groepe. So het die UDF uit meer as 600 organisasies bestaan wat jeug-, gemeenskaps- en kerkorganisasies ingesluit het. Vakbonde se lojaliteit kon verdeel word tussen die UDF, die National Forum (NF) en die IFP. Baie progressiewe blanke buiteparlementêre versetbewegings het die sentimente van die Charteristiese organisasies onderskryf, hoewel hulle nie formeel by byvoorbeeld die UDF geaffilieer was nie (Kotzé & Greyling, 1991).

Die probleem om bogenoemde indelings op die SAUK se beleid en redaksionele kommentaar van toepassing te maak, blyk uit Tabel 2.2 wat die voorkoms van buiteparlementêre groepe in die redaksionele kommentare reflekteer. (Die meeteenheid in hierdie tabel is 'n rubriek of uitsending in sy geheel, met ander woorde die kriterium was *of* die inhoudselement (bv. die ANC) in die rubriek voorgekom het,

en nie hoeveel keer dit daarin voorgekom het nie.) Die opvallendste eienskap is dat die ANC alle ander groepe oorskadu. Die mate waarin die ANC die SAUK se konsepsie van buiteparlementêre politiek tussen 1983-1990 oorheers het, word weerspieël deur die dekking van die ANC in redaksionele kommentare gedurende die voorafgaande bykans negentien jaar (Nov. 1964 - Des. 1982). In hierdie periode het die ANC in slegs 53 kommentare ter sprake gekom in vergeleke met die 280 kommentare die daaropvolgende sewe jaar en 2 maande.

TABEL 2.2**DEKKING VAN BUIITE-PARLEMENTÊRE GROEPE IN *COMMENT***

JAARTAL	83	84	85	86	87	88	89	90	TOTAAL ⁹
ANC	26	17	32	49	50	43	42	21	280
SAKP	6	2	4	9	11	6	3	0	41
PAC	4	0	2	4	3	0	1	0	14
UDF	0	7	13	3	3	6	4	2	38
NF (AZAPO)	1	1	6	0	0	0	0	0	8
Inkatha	2	4	9	4	5	5	5	4	38
Jeuggroepe	0	4	3	11	5	5	0	6	38
Kerke	11	5	11	9	7	10	8	1	62
Vakbonde	0	3	2	5	6	13	8	1	38
Regses	2	2	5	5	2	1	0	0	17
Generies	3	30	43	40	34	26	33	6	215
Diverse groepe	2	2	6	9	16	5	12	1	53

N=942 (die teleenheid is 'n rubriek)

Die ander belangrike bevrydingsbeweging, die PAC, is in enkele verwysings tussen 1983-1990 bloot genoem, merendeels as 'n ondergeskikte rolspeler in die ANC-konteks. Teenoor die Charteristiese UDF wat vanweë sy ideologiese bande met die ANC (kyk Hoofstuk 5), asook sy binnelandse steun en die intensiteit van verzet dikwels die fokus van die Korporasie was, kon nie een regstreekse verwysing na die NF in beleidstukke en redaksionele kommentare opgespoor word nie. 'n Belangrike komponent van hierdie groepering, die Azanian People's Organisation (AZAPO), het in enkele gevalle die agenda van die SAUK se redaksionele kommentare gehaal.

Ander groepe wat meer aandag in *Comment* geniet het, was anti-apartheidskerke binne die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK),¹⁰ vakbonde verbonde aan die Congress of South African Trade Unions (COSATU), die Suid-Afrikaanse Kommunisteparty (SAKP) (maar ook merendeels in samehang met die ANC), en swart jeuggroepe waaroor *Comment* enersyds in 'n algemene konteks verwys het, maar andersyds ook spesifieke groepe geïdentifiseer het, byvoorbeeld die Congress of South African Students (COSAS). Na regse buiteparlementêre versetgroepe is

grotendeels in die konteks van linkse en regse ekstremisme verwys, met ander woorde in 'n algemene verband, dat die een maar soos die ander is. Tog is daar gevalle waar 'n rubriek in besonderheid op die regse bedreiging gefokus het, byvoorbeeld die ontwigting van 'n openbare vergadering in Pietersburg in Mei 1986, die geval Barend Strydom in November 1988, en onthullings in Desember 1989 dat regsies onder meer sluipmoorde teen politieke teenstanders beplan het (vgl. Kotzé & Greyling, 1991).

Soos genoem, beskou Kotzé en Lourens (1988) Inkatha as 'n buiteparlementêre groep wat binne apartheidsstrukture gefunksioneer het. In onder meer 5.1.1 en 5.2.1 word aangetoon dat Inkatha en sy leierskap deur die SAUK as 'n teenwig vir veral die ANC aangewend is. Hoewel buiteparlementêr van aard, kan Inkatha in die konteks van hierdie studie nie as deel van die teenhegemoniese magte gesien word nie.

Die kategorie "Diverse groepe" sluit verwysings na spesifieke organisasies en algemene groepe of bewegings in. Onder eersgenoemde figureer organisasies soos die Transvaal Indian Congress (TIC), Natal Indian Congress (NIC), Black Sash, End Conscription Campaign (ECC), Soweto Parents' Crisis Committee (SPCC), National Education Crisis Committee (NECC), Detainees Parents' Support Committee (DPSC), Mandela United Football Club (MUFC), Institute for a Democratic South Africa (IDASA), en die Conference for a Democratic Future (CDF). 'n Belangrike algemene groepering binne hierdie kategorie is Suid-Afrikaanse sakemanne, sportliggame, kerklikes en akademici wat met die ANC in Suider-Afrika en elders sedert 1985 gesprek begin voer het. Die bekendste van hierdie groepe was die Dakar-afvaardiging in Julie 1987 (vgl. Giliomee, 1987b). Lodge (1989) meen dat sulke besoeke en gesprekke die ANC se aansien en legitimiteit nasionaal en internasionaal verhoog het, en hierdie aspek word in 5.3.3 bespreek.

Laastens word algemene verwysings na aktivistiese groepe by Engelstalige universiteite ook in hierdie kategorie ingesluit. *Comment* se hantering van hierdie groepe wentel hoofsaaklik om die ontwigting van vergaderings en byeenkomste op die kampusse (bv. die O'Brien-geval). Wat die media betref, is *Comment* se kritiek op tradisionele media nie hier ingesluit nie, maar wel die SAUK se kommentaar op "alternatiewe" media (media wat as deel van die buiteparlementêre en rewolusionêre stryd bestempel is).

'n Belangrike rede hoekom die fokus van hierdie studie die wyses van marginalisering en nie soseer 'n rigiede indeksering van buiteparlementêre bewegings of groepe is nie, is die generiese aard van baie uitsprake in beleid sowel as in die kommentare; met ander woorde, 'n rubriek kon in sy geheel oor buiteparlementêre, radikale, of ekstremistiese groepe gehandel het sonder dat enige spesifieke instansie genoem was. Om hierdie rede word 'n kategorie "Generies" in Tabel 2.2 ingesluit.

2.2.3.2.2 Die kategorisering van marginaliteit

Die rubrieke waarin bogenoemde buiteparlementêre groepe voorkom, is sistematies ontleed om marginaliseringstegnieke wat die SAUK moontlik kon gebruik het, te identifiseer. Om te begin is vier algemene kategorieë van marginaliteit as maatstawwe gebruik, naamlik steun, stroombaan, evaluasie en prestasie. Die kategorieë is 'n samestelling of groepering van marginaliseringsraam, -tegnieke of indikatore wat deur navorsers soos Gitlin (1980), Shoemaker (1982b), Posel (1990) en Goldman en Rajagopal (1991) ontwikkel is (vgl. 2.1.4.1). Die kategorie steun kan gekoppel word aan Gitlin (1980) se onderskattingsraam. Stroombaan hou verband met sy marginaliseringsraam en Shoemaker (1982b) se legaliteitsdimensie. Die evaluasiekategorie is saamgestel uit Shoemaker (1982b) se evaluatiewe dimensie in haar *Legitimacy Assertion Analysis* (vgl. 5.4) van deviante politieke groepe, Gitlin (1980) se trivialiseringsraam, Goldman & Rajagopal (1991) se verkleinerende en neerhalende beskrywings, en Posel (1990) se drie simbole van woonbuurtgeweld, naamlik die skare, klipgooiery en vuur. Prestasie verteenwoordig Shoemaker (1982b) se lewensvatbaarheidsdimensie, asook Gitlin (1980) se effektiwiteitsraam. Namate die stof sistematies deurgewerk is, is 'n vyfde kategorie bygevoeg, naamlik leierskap. Hierdie is breë konseptuele kategorieë waarbinne subkategorieë van marginaliteit ontwikkel is namate die inhoud ontleed en herontleed is. In dié proses is van die marginaliseringstegnieke in 2.1.4.1 genoem "opgespoor" en gebruik, maar ook eiesoortiges "ontdek". Hierdie kategorieë is nie wedersyds uitsluitend nie, maar toon wel eiesoortige eienskappe wat met die aanvanklike ontleding van die materiaal struktuur en sisteem aan die seleksie van tersaaklike rubrieke en die bondeling van individuele marginaliseringsindikatore in subkategorieë verleen het. Hierdeur is 'n blinde en doellose snuffeltog uitgeskakel, en die soektog na bestaande en eiesoortige

marginaliseringsindikatore in gebaande weë geplaas sonder om die buigsaamheid van die kwalitatiewe benadering om koersaanpassings te maak, aan bande te lê.

Om subkategorieë van marginaliteit te ontwikkel, is daar met inagneming van reeds geïdentifiseerde marginaliseringstegnieke 'n prosedure gevolg wat Strauss en Corbin (1990:61-74) as *ope-kodering* beskryf. Dit behels die uiteenstelling, ondersoek, vergelyking, konseptualisering en kategorisering van data. In dié proses is inhoudseienskappe gegroepeer en subkategorieë gevorm waarvan die etikette die inhoudelike eienskappe van die materiaal reflekteer. In hierdie opsig is van bondeling ("clustering") gebruik gemaak (kyk. bv. Miles & Huberman, 1994:248), met ander woorde indikatore van steun is saamgevoeg om groter eenhede of subkategorieë te vorm. Verder is ag geslaan op Strauss en Corbin (1990:68) se waarskuwing dat geleende konsepte dikwels nie die eiesoortige aard van die voorhande inhoud reflekteer nie. Derhalwe is in hierdie studie van beskrywende en selfs idiomatiese etikette gebruik gemaak om die betekenis van 'n konsep aan die studiemateriaal te koppel. Die betekenis van konseptuele kategorieë en subkategorieë word vervolgens aan die orde gestel.

2.2.3.2.2.1 Steun

Steun as 'n aanduiding van marginaliteit in hierdie studie verwys primêr na die omvang van instemming vir 'n ideologie, beleid of stelsel, met ander woorde hoeveel mense steun dit. Dit kan kwantitatief of in ordinale terme soos minder en meer, hoog en laag, en gering en baie wees. In die soeke na die SAUK se standunte oor die omvang van steun vir die bestaande orde en buiteparlementêre groepe, het bepaalde inhoudelike patrone ontwikkel wat die daarstelling en organisasie van subkategorieë van steun moontlik gemaak het. Derhalwe kon steun in die volgende subkategorieë verdeel word: (a) maatstawwe van steun, (b) intimidasie, (c) misleiding, (d) desaturasie, (e) afhanklikheid, (f) lakeiskap, en (g) kohesie. Tabel 2.3 reflekteer die aantal rubrieke waarin hierdie aanwysers van steun voorgekom het.

TABEL 2.3
SUBKATEGORIEë VAN STEUN

JAARTAL	83	84	85	86	87	88	89	90	TOTAAL
Maatstawwe	25	26	39	34	40	40	42	13	280
Intimidasie	2	8	23	24	22	14	8	3	104
Misleiding	1	1	4	5	3	0	1	1	16
Desaturasie	0	7	15	4	3	0	0	3	32
Afhanklikheid	1	2	2	6	6	3	2	3	25
Lakeiskap	10	2	10	20	18	10	8	6	84
Kohesie	5	1	14	9	8	14	12	7	70

N=942 (die teleenheid is 'n rubriek)

Onder *maatstawwe* van steun word verstaan kwantitatiewe en ordinale terme. Persentasies in meningsopnames of verkiesings is voorbeelde van kwantitatiewe aanduiders, terwyl uitdrukkings soos oorweldigende meerderheid, alle Suid-Afrikaners, en minderhede steun op 'n ordinale vlak aantoon. Ander maatstawwe kan konsensus, mandaat, universele, wye, groeiende, toenemende, dalende, verenig, verteenwoordigend en massa wees. Maatstawwe van steun word in 5.1.1 bespreek.

Steun kan egter ook die gevolg van *intimidasie* wees, met ander woorde dat vanweë die gebrek aan populêre steun, mense met vrees en geweld gedwing word om byvoorbeeld deel te neem aan stakings en boikotte van verkiesings. Daar kan byvoorbeeld geredeneer word dat populêre steun vir 'n beleid of instelling bestaan, maar dat vanweë intimidasie hierdie steun latent is of onderdruk word (vgl. 5.1.2).

In dieselfde sin kan ook *misleiding* genoem word, dit wil sê wanneer mense uit hoofde van onkunde of onvolwassenheid op 'n dwaalspoor gelei word. Die idee wat tuisgebring moet word, is dus dat mense vanweë onkunde gemanipuleer word en nie van beter weet nie. Uit hierdie oogpunt is werklike steun dus nie ter sprake nie, en deur 'n ingeligte openbare mening te skep, sal steun deur misleiding verwerf, geneutraliseer word (kyk 5.1.3).

Desaturasie verwys na die afwatering van 'n gebeurtenis of verskynsel. Om die intensiteit of omvang van byvoorbeeld onluste of politieke spanning af te skaal, word dit voorgehou as 'n natuurlike uitvloeisel van hervorming of verandering, en dat dit die geval in alle transformerende samelewings is. Daar bestaan dus volgens hierdie redenasie nie werklik steun vir die onlusmakers en spanningskeppers nie; hulle buit 'n natuurlike situasie uit wat mettertyd uitgewoed sal word (kyk 5.1.4).

Afhanklikheid dui op die onvermoë van 'n groep om op eie stoom sy doelstellings te verwesenlik. Daar is dus nie genoeg steun nie, of die steun is van so 'n aard dat eksterne hulp benodig word. Die kernidee is dus dat groepe nie binnelands genoeg steun kan werf om in sy behoeftes te voorsien nie, en daarom is hulle van eksterne en vreemde bronne afhanklik (kyk 5.1.5).

Lakeiskap oorvleuel in 'n groot mate met afhanklikheid, maar in hierdie studie is besluit om dit as 'n afsonderlike indikator van steun aan te bied omdat dit feitlik uitsluitlik op die verhouding tussen die ANC en die SAKP deur *Comment* van toepassing gemaak is. Lakeiskap is afhanklikheid in sy uiterste vorm, en terwyl die vorige subkategorie van steun meer na finansiële en materiële afhanklikheid verwys, behels lakeiskap ideologiese verslawing. In die konteks van die SAUK se gebruik daarvan kom steun ter sprake wanneer die SAKP as 'n klein minderheid voorgestel word wat nogtans in staat is om die ANC te beheer (vgl. 5.1.6).

Kohesie verwys na eenheid, eendrag, samehorigheid en 'n verenigde front. Daarteenoor suggereer interne verdeeldheid dat steun verbrokkel, of dat die groep nie 'n gemeenskaplike en kragtige front kan voorhou nie. Hierdie is 'n besonder sterk manier om groepe te marginaliseer (kyk Gitlin, 1980), want die beklemtoning van 'n gebrek aan kohesie kan die indruk wek dat verdeling van steun en onvermydelike disintegrasie besig is om plaas te vind (kyk 5.1.7).

2.2.3.2.2.2 Leierskap

Die tweede algemene kategorie van marginaliteit in hierdie studie is **leierskap**. Dit vind aansluiting by steun omdat 'n leier gewild, aanvaarbaar, verteenwoordigend en populisties kan wees. Omdat wedersyds uitsluitende kategorieë nie in 'n kwalitatiewe ontleding soos hierdie vereis word nie, en aangesien bondeling oorvleuelende groepe in die hand werk (vgl. Miles & Huberman, 1994:249), is daar besluit om leierskap van steun te skei aangesien die inhoud ook andersoortige eienskappe van leierskap geopenbaar het wat in die breë konseptuele raamwerk van marginalisering belangrik is. Hieruit is drie subkategorieë onder leierskap gekonseptualiseer, naamlik (a) outentiekheid, (b) elitisme, en (c) die persoon. Tabel 2.4 reflekteer die verspreiding van hierdie subkategorieë in *Comment* tussen 1983-1990.

TABEL 2.4
SUBKATEGORIEë VAN LEIERSKAP

JAARTAL	83	84	85	86	87	88	89	90	TOTAAL
Outentiekheid	5	4	17	17	11	11	17	4	86
Elitisme	0	2	2	0	2	7	4	1	18
Die persoon	1	7	15	12	4	11	11	9	70

N=942 (die teleenheid is 'n rubriek)

Outentiekheid in hierdie studie verwys na leiers wat verkose en nie selfaangestel is nie, en wat op grond hiervan die ware verteenwoordigers is van diegene namens wie hulle praat. 'n Marginale leier is dus 'n selfaangestelde leier wat hom/haar nie in demokratiese verkiesings wil begewe nie. Daarteenoor het 'n outentieke leier die toets van verkiesings deurstaan en sy/haar posisie as segspersoon met 'n bewese ondersteunersbasis verdien. Die kwessie van selfaangestelde en verkose leiers, en wie se leierskap outentiek was, was 'n belangrike debat in Suid-Afrika van die tagtigerjare (vgl. Davenport, 1991). In 5.2.1 word die SAUK se standpunte in hierdie debat binne die konteks van marginalisering weerspieël.

'n Besonder effektiewe manier om leierskap in 'n swak lig te stel, is om 'n kloof tussen die leier en sy volgelinge te suggereer. *Elitisme* kom dus daarop neer dat verskillende waardes vir die leier en die massa geld, byvoorbeeld vakbondleiers wat nie dieselfde ly as die werkers wat moet staak nie, of kerklikes in ryk gemeentes wat sanksies voorstaan en dus nie dieselfde daardeur geraak gaan word nie.

Aansluitend hierby is die taksering van die leier as *persoon* waar dit nie oor sy/haar outentiekheid gaan nie, maar oor die mens agter die leier. In hierdie kategorie is dus 'n sterk mate van evaluasie ter sprake, maar daar is nogtans besluit om dit in die breë kategorie van leierskap te plaas. Afkammig, vernedering, belediging, honing, humiliasie en verwerping ten opsigte van die leier as persoon het 'n afsonderlike subkategorie geregverdig. Die Afrikaanse spreekwoord "om die man en nie die bal te speel nie" sou dalk 'n ander geskikte benaming gewees het. Die SAUK se hantering van twee buiteparlementêre leiers word in 5.2.3 ontleed, naamlik Desmond Tutu en Nelson Mandela.

2.2.3.2.2.3 Stroombaan

Die derde algemene kategorie van marginaliteit is **stroombaan**. Hier kan 'n vloeiende rivier as voorbeeld gebruik word. In die middel is die hoofstroom wat sterk

vloei - naby die walle is die systrome wat baie swakker as die hoofstroom vloei. Stroombaan as 'n algemene marginaliseringskategorie verwys dus na die plek van 'n groep of beweging in die politieke stroom. Die politieke hoofstroom is die domein van politieke partye binne die parlementêre stelsel, maar ook van buiteparlementêre groepe wat die heersende orde steun of binne dié orde verandering teweeg wil bring. In die middel van die politieke hoofstroom is die party en groepe wat die aard van die heersende orde bepaal, en aan weerskante beweeg partye en groepe wat links en regs van die heersende party en groepe staan. Almal in die politieke hoofstroom erken die oppergesag van byvoorbeeld die Parlement, en almal lê hulle neer by die spelreëls van die heersende stelsel. Aan die buitekant van die politieke hoofstroom is die groepe wat politieke mag wil bekom deur optredes en middele wat die spelreëls van die heersende orde verontagsaam, en wat nie die legitimiteit van die uitvoerende, geregtelike en wetgewende strukture erken nie. Vanweë die bedreiging wat sulke groepe vir die hegemoniese orde inhou, moet hulle eie legitimiteit onder verdenking geplaas word, en hiervoor kan verskeie marginaliseringstegnieke aangewend word. Deur die bondelingsmetode is ses subkategorieë geïdentifiseer, en aan sommige van hulle is ietwat metaforiese name toegeken, naamlik (a) "rand"-sionering, (b) legitimiteit, (c) uit en in, (d) soort soek soort, (e) demokrasie, en (f) isolasie. Tabel 2.5 dui hoeveel rubrieke jaarliks hierdie ses marginaliseringsindikatore bevat het.

TABEL 2.5
SUBKATEGORIEË VAN STROOMBAAN

JAARTAL	83	84	85	86	87	88	89	90	TOTAAL
"Rand"-sionering	6	28	41	51	23	29	42	20	240
Legitimiteit	10	13	23	15	22	20	15	3	121
Uit en In	0	2	10	17	13	12	33	16	103
Soort soek soort	7	7	12	14	6	11	9	0	66
Demokrasie	11	10	12	40	28	35	31	10	177
Isolasie	1	7	8	12	21	10	14	7	80

N=942 (die teleenheid is 'n rubriek)

"Rand"-sionering behels die voorstelling van groepe as irrelevante, futiele en selfvernietigende teenstand in politieke systrome met enge en beperkte horisonne. Van sulke groepe behoort nie notisie geneem te word nie, en hulle randstatus word beklemtoon deur afkammende konsepte soos radikales, ekstremiste, misdadigers, faksies, bendes en klieke. Hierdie groepe is dat as 't ware randeiers, of wat Miliband (1969:24) "irrelevante eksentriteite" noem wat nie ernstig deur mense met gesonde

oordeel bejeën kan word nie. In 5.3.1 word die SAUK se gebruik van hierdie marginaliseringstegniek uiteengesit.

Legitimiteit as 'n subkategorie van stroombaan se betekenis is vereng tot die sentrum van legitieme politieke mag. In Suid-Afrika gedurende die studieperiode was dit die driekamerparlement, en die legitimiteit van hierdie instelling het in gedrang gekom met byvoorbeeld boikotaksies rondom verkiesings van die Huise van Afgevaardigdes en Verteenwoordigers in 1984, die bedanking van dr. Frederik van Zyl Slabbert as opposisieleier en uit die Parlement in 1986, en die landwyse plaaslike verkiesings in 1988. Die vraag is dus hoe die SAUK ten tye van sulke legitimiteitskrisisse die legitimiteit van die bestaande orde en sy instellings vis-à-vis die buiteparlementêre beweging aangespreek het. Hierdie vraag word in 5.3.2 bespreek.

"Uit en in" fokus op die deelnemers aan die onderhandelingsproses soos dit ontwikkel het net na die instelling van die driekamerparlement tot en met die historiese toespraak van De Klerk op 2 Februarie 1990. Dit is dus 'n subkategorie van marginaliteit wat op grond van gebeure in die politieke omgewing, en meer spesifiek die posisie van die ANC as onderhandelaar, ontwikkel het. Dit is ook 'n voorbeeld van die konseptualisering van 'n kategorie terwyl of nadat die navorsingsproses begin het. Hierdie subkategorie word "uit en in" genoem omdat dit die klemverskuiwing van buiteparlementêre groepe as deelnemers aan konstitusionele onderhandelings reflekteer. Vir die grootse deel van die tagtigerjare wou die Regering nie met hierdie groepe onderhandel nie, mits hulle aan sekere voorwaardes voldoen het (vgl. Lodge, 1989). Na verandering in NP-leierskap in 1989 het 'n kentering plaasgevind, en buiteparlementêre groepe het die onderhandelingspeelveld betree. Die uitsluiting van buiteparlementêre groepe uit die onderhandelingsproses deur die SAUK kon dus 'n belangrike vorm van marginalisering in die breë stroombaankategorie gewees het. Hierdie aspek, asook die SAUK se standpunte toe die politieke klimaat verander het, word in 5.3.3 bespreek.

"Soort soek soort" as 'n subkategorie van 'n groep se posisie in die politieke stroombaan kan direkte of indirekte assosiasie behels. In die konteks van Gitlin (1980) se polariseringsraam kan dit 'n geval wees van twee groepe aan weerskante van die politieke pole wat nie noodwendig met mekaar geassosieer word nie, maar in dieselfde asem genoem word. Dit beklemtoon die ekstremititeit van albei groepe. Nog 'n vorm

van direkte assosiasie is om 'n groep met groepe te assosieer wat universeel as ekstreem beskou word, byvoorbeeld groepe soos die Ierse Republikeinse Leër (IRL), Palestynse Bevrydingsorganisasie (PBO), El Fatah en 'n land soos Libië. Marginalisering deur indirekte assosiasie is wanneer groep A met groep B vergelyk word, en groep B met ekstreme groepe soos die PBO en IRL. Indirek word groep A dus geassosieer met ekstreme groepe. Hierdie vorm van marginalisering is die sterkste wanneer dit herhaaldelik oor tyd en/of in dieselfde teks (uitgawe) gedoen word. Voorbeelde van direkte en indirekte assosiasies in *Comment* word in 5.3.4 bespreek.

Demokrasie as 'n subkategorie van stroombaan se betekenis vir marginalisering lê daarin dat dit as die teenpool van totalitarisme beklemtoon word. Demokrasie in hierdie konteks veronderstel omvattendheid, die middelgrond, inklusiwiteit en deelname, terwyl totalitarisme sinoniem is vir magsbeheptheid, onverdraagsaamheid, en deelname deur klein en ekstreme magsklike om mag te gryp. Die blywende indruk wat probeer wek word, is dat demokrate die politieke hoofstroom beset, terwyl ekstremiste en radikales vanuit sistrome hulle outoritêre wil op die meerderheid wil afdwing. Die SAUK se teenoorstelling van demokrasie en totalitarisme as 'n wyse van marginalisering word in 5.3.5 behandel.

Isolasie is 'n konsep wat in hierdie studie 'n spesifieke kontekstuele betekenis ontwikkel het. Dit verwys na die posisie van die ANC in die Suider-Afrikaanse en internasionale konteks soos dit deur die SAUK in sy redaksionele kommentaar gereflekteer is. Hoewel nie regstreeks van toepassing op dié organisasie se plek in die plaaslike politieke stroombaan nie, kon 'n beeld van die ANC as 'n geïsoleerde organisasie sonder vriende in buurstate en oorsee 'n persepsie versterk dat dit nie veel beter in Suid-Afrika gaan nie. Derhalwe moet isolasie in hierdie verband in samehang met ander subkategorieë onder stroombaan gesien word (vgl. 5.3.6).

2.2.3.2.2.4 Evaluasie

Naas steun, leierskap en stroombaan as breë konseptuele raamwerke van marginalisering, het hierdie studie as vertrekpunt aanvaar dat **evaluasie** ook sterk sou figureer as 'n wyse om teenhegemoniese magte te marginaliseer. Die evaluatiewe dimensie in menslike semantiese oordele word die beste deur goed en sleg beskryf (vgl. Osgood, 1959). Met ander woorde, dit waaroor mense houdings of gesindhede vorm,

kan op 'n goed-sleg-kontinuum geplaas word. Derhalwe kan buiteparlementêre verset as goed of sleg in 'n morele sin getipeer word (vgl. bv. Gerber, 1980). Shoemaker (1982a, 1982b) se studie oor die delegitimisering van deviante politieke groepe sluit 'n evaluatiewe (hoofsaaklik "hou van") dimensie in (vgl. 5.4). Met die bestudering van *Comment* se transkripsies is egter reëlmatighede gevind wat 'n bepaalde karakter en inhoud aan die SAUK se evaluering van buiteparlementêre verset gegee het. Derhalwe is die volgende subkategorieë van evaluasie geïdentifiseer: (a) barbarisme, (b) Christelikheid, en (c) trivialisering. Tabel 2.7 reflekteer hoe hierdie aanwysers oor die studietydperk in *Comment* voorgekom het.

TABEL 2.7
SUBKATEGORIEë VAN EVALUASIE

JAARTAL	83	84	85	86	87	88	89	90	TOTAAL
Barbarisme	9	9	32	33	36	19	18	4	160
Christelikheid	4	2	10	10	3	2	4	0	35
Trivialisering	24	26	75	64	44	20	38	11	302

N=942 (die teleenheid is 'n rubriek)

Barbarisme in die konteks van hierdie studie verwys na die teenstelling van beskaafde (westerse) waardes met handeling wat onder meer as barbaars, wreed, brutaal, weersinwekkend, afgrysig, blindelings, bloeddorstig, grusaam en onmenslik beskryf word. Die assosiasie van 'n groep met byvoorbeeld halssnoermoorde, en die beskrywing van wreedhede in grafiese detail, dra by tot die idee dat so 'n groep deel van die waansinnige randgebied moet wees. Barbarisme as 'n indikator van marginaliteit word in 5.4.1 bespreek.

Christelikheid as 'n subkategorie van evaluasie in hierdie studie beklemtoon enersyds regverdigheid, moraliteit, naasteliefde, geloof in God, evangelieverkondiging, en 'n Christelike leefwyse, en stel andersyds hierteenoor ateïsme, godloëning en onchristelike handelwyses. Afdeling 5.4.2 toon aan hoe Christelikheid in *Comment* as 'n marginaliseringstegniek gebruik is.

Trivialisering is 'n meer algemene marginaliseringsraam of tegniek (vgl. bv. Miliband, 1969; Gitlin, 1980; Goldman & Rajagopal, 1991). Dit behels vernedering en belaglikmaking. Trivialisering kan tong-in-die-kies-tegnieke soos die gebruik van *sogenaamde* en aanhalingstekens insluit (kyk Gitlin, 1980), maar dit kan ook geskied deur middel van 'n siniese, sarkastiese en neerhalende skryfstyl om mense en groepe as

byvoorbeeld verward, onkundig, onvolwasse, onervare, emosioneel, irrasioneel, en onrealisties voor te stel. In hierdie styl kan hulle idees as retoriek, mites, fiksie en sonder perspektief afgekam word. In 5.4.3 word bogenoemde voorbeelde bespreek, en die gebruik van ironie, sarkasme, en draakstekery word ook behandel.

2.2.3.2.2.5 Prestasie

Prestasie as 'n konseptuele kategorie van marginaliteit stel die hegemoniese orde teenoor teenhegemoniese magte en beoordeel dan die welslae van eersgenoemde en fokus op die probleme en mislukkings van laasgenoemde. Hierdie kategorie toon ooreenkomste met sowel Gitlin (1980) se effektiwiteitsraam en Shoemaker (1984) se lewensvatbaarheidsdimensie (kyk 2.1.4.1). Met die ontleding van *Comment* binne die breë raamwerk van prestasie het die SAUK se standpunte reëlmatighede getoon ten opsigte van (a) die effektiwiteit van die veiligheidsmagte teenoor die effektiwiteit van veral die ANC, en (b) die vermoë van buiteparlementêre groepe (veral die ANC) om by veranderende politieke omstandighede aan te pas. Hulle word onderskeidelik (a) effektiwiteit en (b) stagnasie genoem, en Tabel 2.8 reflekteer hulle verspreiding oor die studieperiode.

TABEL 2.8
SUBKATEGORIEË VAN PRESTASIE

JAARTAL	83	84	85	86	87	88	89	90	TOTAAL
Effektiwiteit	18	23	38	47	61	42	50	20	299
Stagnasie	0	2	7	3	2	1	12	12	38

N=942 (die teleenheid is 'n rubriek)

Wat *effektiwiteit* betref, kan teenoorgesteldes soos doeltreffendheid en ondoeltreffendheid hierdie subkategorie van marginaliteit in die algemeen beskryf. Meer spesifiek en toegepas op hierdie studie behels dit die effektiwiteit van die veiligheidsmagte en veiligheidsmaatreëls in vergelyking met die effektiwiteit van buiteparlementêre groepe om die hegemoniese orde te bedreig. Indikatore behels dus suksesvolle voorspring- of vergeldingsaanvalle, die onderdrukking van verset, 'n veilige en stabiele omgewing, mislukte sabotasiepogings, ongedissiplineerde optrede, swak opleiding, logistieke probleme, "desperate" optredes soos terreur, ens. (vgl. 5.5.1).

Stagnasie verwys na die aanhang van oudmodiese denke en praktyke, asook die mate waarin 'n groep uit voeling is met veranderings in die nasionale en

internasionale omgewing. Hierdie subkategorie het spesifiek te make met die ANC se posisie ten opsigte van sosialisme en Marxisme-Leninisme binne die konteks van die val van kommunisme in Oos-Europa gedurende die tweede helfte van die tagtigerjare. Gepaardgaande hiermee dek stagnasie ook die passendheid van die metode van stryd, met ander woorde of 'n gegewe metode (bv. gewapende stryd) relevant vir 'n bepaalde tydsgewrig is. Laastens verwys dit in hierdie studie ook na of 'n groep in voeling gebly het met veranderinge in sy eie politieke omgewing, byvoorbeeld of uitgewekenes tred gehou het met politieke, ekonomiese en maatskaplike veranderinge in Suid-Afrika (vgl. 5.5.2).

2.3 SAMEVATTING

In die voorafgaande bespreking is hegemonie soos deur Gramsci gekonseptualiseer as die teoretiese onderbou van hierdie studie gemotiveer. Die volgende aspekte is beklemtoon: hegemonie word bewerkstellig deur individue en instellings wat kultuur en ideologie produseer, reproduseer en versprei; hegemonie moet beding word deur instemming te werf onder mense vir die verdeling van dominante en ondergeskikte groepe in die samelewing; instemming kan alleenlik verkry word as die ondergeskiktes se idees en waardes in die hegemoniese orde gereflekteer word, en daarom moet toegewings gemaak word sonder om die dominante orde in gevaar te stel; die mate van instemming verkry bepaal die legitimiteit van die dominante orde, en indien betekenisvolle instemming nie realiseer nie, is die dominante orde op magsuitoefening vir sy voortbestaan aangewese; hegemonie word beding deur nie alleen die bestaande orde te legitimeer nie, maar ook om bedreigings van hierdie orde te delegitimiseer.

Dit is ook gestel dat massamedia organiese instellings in die burgerlike samelewing is met organiese intellektueles wat kultuur en die organiese ideologie produseer, reproduseer en versprei. Op grond hiervan kan dus gepostuleer word dat die SAUK in die tagtigerjare 'n organiese instelling met organiese intellektueles was wat die dominante ideologie (hervormingsapartheid) bevorder het deur in sy beleid, werking en onder meer redaksionele kommentaar instemming daarvoor te probeer beding.

Benewens massamedia se bydrae om konsensuele waardes in die samelewing te kweek, waardeur verhoudings van dominasie en ondergeskiktheid as natuurlik en onvermydelik aanvaar word, tree media ook as beskermers van die heersende orde op wanneer hierdie orde deur teenhegemoniese magte bedreig word. Een manier hoe die media optree, is om hierdie magte te delegitimiseer, en om dit te doen gebruik hulle onder meer 'n verskeidenheid marginaliseringstegnieke of -rame. Die teoretiese uitgangspunt van hierdie studie is dat die SAUK buiteparlementêre verset in die tagtigerjare in sy beleid, werking en onder meer redaksionele kommentaar probeer marginaliseer het.

Die tweede deel van die hoofstuk was 'n verduideliking van die werkswyse wat gevolg is om die gestelde navorsingsvrae te beantwoord, die teoretiese uitgangspunte te bewys, en die doelstellings te verwesenlik. Hiervoor, het skrywer gevoel, sou 'n kwalitatiewe benadering tot tekstuele ontleding meer geskik wees.

- ¹ Dr. Conor Cruise O'Brien, 'n Ierse akademikus, is in Oktober 1986 deur studente van die Universiteite van Kaapstad en die Witwatersrand verhoed om lesings aan dié universiteite te gee. Dit was gedoen uit hoofde van 'n akademiese boikot wat die ANC teen Suid-Afrika gepromoveer het (kyk bv. *Weekly Mail*, 2 Okt. 1986; Giliomee, 1987a:16-18; Welsh, 1987:34).
- ² Keyan en Ruth Tomaselli is 'n akademiese egpaar wat afsonderlik en gesamentlik baie oor die Suid-Afrikaanse media gepubliseer het. In sommige bronne word Ruth as Teer-Tomaselli aangedui. In die ouer bronne is albei net Tomaselli. Om verwarring te voorkom, is Ruth in hierdie bronne ook as Teer-Tomaselli aangedui.
- ³ Apartheid was primêr 'n instrument van en gegrond op Afrikaner-nasionalisme. Hoewel dit mettertyd die dryfveer van blanke oorlewing en blanke nasionalisme geword het, het dit deurentyd, ook in hervormingsapartheid, 'n dominante Afrikaner-element gehad. Namate meer en meer nie-Afrikaners hulle eens met die stryd om blanke hegemonie gevoel het, het 'n semantiese klemverskuiwing vanaf Afrikaner na blanke plaasgevind (kyk bv. Giliomee & Schlemmer, 1989).
- ⁴ Die term verwys na die gewildheid van Margaret Thatcher asook na die verskuiwing na regs in Britse politiek tydens haar bewindstydperk as premier.
- ⁵ Vgl. ook die volgende bronne oor die ideologiese rol van die Afrikaanse pers: Scholtz (1950, 1964); Geyer (1958), Loubser (1972), Weber (1974), en Van Deventer (1981).
- ⁶ Die uitsondering is bandopnames van Roos (1988a, 1988b), Fuchs (1988a, 1988b), McClurg, (1988), en SAUK (1986a). Hierdie opnames is deur skrywer self gemaak.
- ⁷ Dokumente sluit geskrewe dokumente, bandopnames, videomateriaal ens. in.
- ⁸ Rubrieke wat die ANC en ander verbode organisasies se posisie behandel het, is wel in berekening gebring.
- ⁹ Totale verwys na die aantal rubrieke waarin 'n buiteparlementêre groep in *Comment* tussen 1983-1990 voorgekom het.
- ¹⁰ Kotzé en Greyling (1991:108) plaas ook die Rooms-Katolieke Kerk wat nie lid van die SARK was nie, in die groep wat hulle "kritiese kerke" noem.

DRIE

Hegemonie en teenhegemonie: die beleid en werking van die SAUK

To complicate our lives further there were many other acts regulating all journalists in South Africa, we all know about them, and obviously being the public or state broadcaster, we run a greater risk of being taken to task. So we had to toe the line. As you can see Mr Chairman, not an easy ride. Another important factor which influenced the lives of journalists before 1994 was the constant pressure on us from politicians, although in all fairness, I must say, and I must say this, after 1989 the NP-pressure dropped dramatically. When I say political pressure, I mean all parties, sure. But obviously the NP-pressure was greater than all the others put together. SABC journalists were harassed, verbally abused, face to face, or by telephone all hours of the day or night.

Johan Pretorius voor die WVK, 15 September 1997.

Dit sal onbillik en onwetenskaplik wees om die SAUK, of enige ander media-instelling, se beleid, werking en inhoud buite die konteks van sy eksterne omgewing te beoordeel. In hierdie opsig moet dus kennis van Pretorius (1997) se verweer geneem word dat die omstandighede waarin SAUK-joernaliste gewerk het, 'n beduidende impak op die SAUK as nasionale uitsaaier en hulle werk in die besonder gehad het.

Die SAUK was nog altyd en is steeds deel van die burgerlike samelewing, ongeag die feit dat sy stigting en bestaan 'n statutêre grondslag het. In hierdie opsig is die SAUK se situasie vergelykbaar met die BBC in Brittanje en soortgelyke instellings in Wes-Europese demokrasieë soos Frankryk en Duitsland (vgl. Edgar & Rahim, 1983). Kortom, die SAUK se wetlike oorsprong veronderstel nie noodwendig 'n beperkte mate van outonomie of politieke afhanklikheid nie. Maar in Gramsci (1982:259) se siening oor die wisselwerking tussen die Staat en die burgerlike samelewing word aangevoer dat regerings dikwels die steun van ideologiese middele (soos die media) mobiliseer, enersyds omdat daar ooreenstemming is tussen die wêreldbeskouings en lewenstyle van die politieke elite en die reproduseerders van kultuur en ideologie in die burgerlike samelewing, en andersyds omdat die instellings van die burgerlike samelewing, of daar 'n mate van staatsbeheer is of nie, funksioneer binne wetlike en ander regulatiewe raamwerke.

Dit het nietemin uit die bespreking van die drie sfere van joernalistiek in die vorige hoofstuk geblyk dat media ook in die sfeer van houdbare kritiek kultuur en ideologie reproduseer en versprei wat die dominante orde in stand hou, niesteenstaande die navolging van “supreme journalistic values” (Hallin, 1986:116). Dit is in die lig hiervan dat Louw (1983) en Teer-Tomaselli en Tomaselli (1987) die Engelse opposisiepers in die ou Suid-Afrika ook as deel van die hegemoniese alliansie bestempel, hoewel hulle die akkumulasie van kapitaal as die primêre dryfkrag sien.

Hierdie studie fokus egter op die sfeer van konsensus en deviansie, en die volgende twee hoofstukke ontleed redaksionele kommentaar oor standpunte rakende die hegemoniese orde en buiteparlementêre verset. *Comment* was die redaksionele standpunt van die SAUK en as sodanig was dit nie nodig om aan joernalistieke waardes eie aan die sfeer van houdbare kritiek te voldoen nie (kyk 2.1.2). Hierdie hoofstuk dien as agtergrond vir Hoofstukke 4 en 5 omdat dit kyk na die SAUK se beleid en werking ten opsigte van sowel die hegemoniese orde as buiteparlementêre verset. Soos in 2.2.1.1.5 genoem, dien hierdie hoofstuk ook as kruisvalidasie vir die volgende twee hoofstukke.

Hoofstuk 3 wil ook die eerste vier teoretiese uitgangspunte verifieer, naamlik dat die SAUK hervormingsapartheid en konsensuspolitiek in sy beleid onderskryf het, hom van buiteparlementêre verset in sy beleid gedistansieer het, organisatoriese strukture en joernalistieke roetines in belang van hervormingsapartheid en konsensuspolitiek aangewend het, en hierdie strukture en roetines gebruik het om buiteparlementêre verset te bekamp.

Die uitleg is soos volg: eerstens word die eksterne raamwerk waarbinne die SAUK in die tagtigerjare gefunksioneer het, ondersoek. Dit behels die wetlike situasie sowel as die verhouding tussen die Regering en die SAUK wat na aanleiding van spesifieke gebeure bespreek word. Tweedens word gekyk na die SAUK se beleid ten opsigte van konsensuspolitiek, en dit omvat ook die Korporasie se beleid jeens buiteparlementêre verset. Dit is nodig gevind om hierdie afdeling met ‘n historiese oorsig van die SAUK se verhouding tot regeringsbeleid in te lei. Die hoofstuk word afgesluit met ‘n bespreking van die invloed van bogenoemde op joernalistieke roetines in die Korporasie. Dit word onder meer aan die hand van bepaalde gebeure in die eksterne omgewing gedoen.

3.1 DIE EKSTERNE RAAMWERK VAN SAUK-BELEID EN -WERKING

Die outonomieit van die SAUK is ter sprake wanneer sy verhouding met die politieke samelewing of Staat oorweeg word. Outonomieit beteken dat die Korporasie binne die beperkinge van die wet, en sedert die einde van die sewentigerjare ook ministeriële lisensievoorwaardes, beleid kon bepaal en uitvoer sonder inmenging en voorskriftelikheid deur die Regering. 'n Outonome liggaam, vry van manipulasie deur die Regering, politieke partye of belangegroepe, was een van die Reith-verslag (kyk Reith, 1935) se kernaanbevelings ten opsigte van die omskakeling van 'n kommersiële na 'n openbare uitsaaistelsel in die dertigerjare. Outonomieit het in hierdie konteks ook veronderstel dat die uitsaaier hom op kultuurverryking en -verspreiding sou rig, en hom sou weerhou om die politieke ideologie van 'n bepaalde politieke party te bevorder (vgl. 3.2.1.1.1 tot 3.2.1.1.5 vir 'n historiese oorsig van die SAUK se politieke onafhanklikheid).

Sedert die ontstaan van die Korporasie het verskillende uitsaaiwette die beheer en bestuur van die SAUK in die hande van die Raad gelaat. Synde 'n statutêre korporasie, kan die SAUK slegs binne die perke van sy mandaat optree. Binne hierdie mandaat moet die Raad byvoorbeeld die SAUK se missie en doelstellings bepaal, uitsaaibeleid bepaal, die interne struktuur van die SAUK bepaal, begrotings goedkeur, beheer uitoefen oor die uitvoering van beleid en die prestasie van die SAUK-bestuur evalueer (vgl. SABC, 1993:7).

Hoewel die SAUK 'n statutêre instelling is, is dit nie 'n staatsinstelling soos die polisie of weermag nie. Soos elders ter wêreld waar uitsaai-instansies vanweë hulle besondere aard, invloed en posisie ten opsigte van ander media groter staatsbetrokkenheid met inisiëring en beheer vereis (vgl. Edgar & Rahim, 1983; Eaman, 1987), was die SAUK sedert sy stigting 'n burgerlike instelling met beleidmakende en -uitvoerende bevoegdhede. Hierdie wetlike situasie bestaan vandag nog, hoewel die NP-regering met wysigings aan en uiteindelijke herroeping van die oorspronklike Uitsaaiwet (22/1936) die Staat se houvas op die SAUK vergroot het.

Die 1936-wet het feitlik algehele outonomie aan die SAUK gegee. As die Raad nie voldoen het aan die vereistes van die wet of die lisensievoorwaardes nie, moes die verantwoordelike minister die SAUK in skrif daaroor gewaarsku het. Sou die SAUK

nie sulke oorskreidings regstel nie, moes die minister by die Hooggeregshof aansoek doen om die SAUK te verplig om die nodige regstellings te doen (artikel 26). Die Uitsaaiwet van 1936 het minimale staatsinmenging gewaarborg, maar dit is ongedaan gemaak met die Uitsaaiwysigingswet van 1969 (60/1969) toe artikel 15(3) van die 1936-wet vervang is deur artikel 8(c) waarvolgens die minister ook lisensievoorwaardes kon stel bo en behalwe die van die Posmeester-generaal ingevolge artikel 7 van die Radiowet van 1952 (3/1952). Hierdeur is ruimte gelaat vir meer direkte ministeriële beheer van die SAUK - 'n stap wat volgens die Steyn-kommissie (kyk Steyn, 1980:1101) "could adversely affect the corporation's image of objectivity and credibility."

Die herroeping van die oorspronklike uitsaaiwet in sy geheel deur die Uitsaaiwet van 1976 (73/1976) soos gewysig in 1982 (61/1982) en 1986 (59/1986), het ministeriële magte uitgebrei, beheer van die Raad deur die howe afgeskaf, en die publikasie van lisensievoorwaardes in die Staatskoerant verpligtend gemaak. In die aanloop tot die Uitsaaiwysigingswet van 1982 het die Regering se moontlike inspraak in die aanwysing van die Direkteur-generaal ter sprake gekom. Oor dié moontlikheid het 'n polemië ontstaan omdat dit die Regering se houvas op die SAUK kon versterk. *Die Volksblad*, 'n regeringsgesinde dagblad, het hom soos volg hieroor in 'n hoofartikel uitgespreek:

Gaan regstreekse regeringsinmenging op die vlak van Direkteur-generaal nie juis lyk na 'n poging om direkte beheer uit te oefen nie? Die publiek mag nooit die bedenking hê dat die SAUK maar net 'n propaganda-arm van die Regering is nie, selfs al het die Regering met sy aanstellings die lofwaardige doelstelling om die boodskap van verandering en vernuwing duideliker op radio en televisie oor te bring. As die Regering 'n voorsitter en 'n beheerraad aanstel, moet hy die vertroue hê dat die regte uitvoerende amptenare aangestel sal word. Gryp hy egter in met die aanstelling van die Direkteur-generaal, kan hy die beheerraad in 'n ongemaklike posisie plaas en kan hy die indruk wek dat die Direkteur-generaal die Regering se man pleks van die beheerraad s'n is. (*Die Volksblad*, 4 Nov. 1981.)

Hoewel artikel 9 van die Uitsaaiwysigingswet van 1982 bepaal het dat die Raad die Direkteur-generaal kon aanstel, het die wet ook voorsiening gemaak dat die voorsitter van die Raad (wat deur die Staatspresident aangestel word) en die

Direkteur-generaal dieselfde persoon kon wees. Artikel 9(2) van hierdie wet het soos volg gelui:

Indien die raad by die uitoefening van die bevoegdheid by subartikel (1)¹ aan hom verleen, dit nodig ag dat die persoon wat op die betrokke tydstip voorsitter van die raad is, as direkteur-generaal aangestel moet word, geskied so 'n aanstelling deur die raad slegs na oorlegpleging met die Minister.

Die NP-regering het vanweë sy dominante posisie in die Parlement en ingevolge die uitsaaiwet die aanstelling van die raadsvoorsitter beheer, en ruimte is deur die 1982-wet gelaat om dié pos met die van Direkteur-generaal te konsolideer, wat groter regeringsbeheer van die SAUK in die hand sou gewerk het (vgl. *Die Vaderland*, 4 Nov. 1981; Swart, 1981). Ofskoon hierdie konsolidasie nie in praktyk gebeur het nie, het die aanstelling van Riaan Eksteen as aangewese Direkteur-generaal in 1983 gevolg op 'n voorstel van Pik Botha, destydse Minister van Buitelandse Sake en Inligting onder wie se vleuels die SAUK was, aan die SAUK-raadsvoorsitter in September 1982 dat Eksteen, wat in daardie stadium Suid-Afrika se ambassadeur by die Verenigde Volke was, 'n geskikte kandidaat vir die pos van Direkteur-generaal sou wees (Hansard, 1983, kol. 132).

Die stel van lisensievoorwaardes deur die verantwoordelike minister sou voortaan nie alleen 'n beduidende invloed op die Regering én die SAUK se persepsie van die Korporasie se rol in die Suid-Afrikaanse samelewing uitoefen nie, maar dit sou ook bepalend wees ten opsigte van wat die SAUK kon uitsaai. In verskeie beleidsdokumente lê die SAUK hom neer en ondersteun hy sy lisensievoorwaardes (vgl. bv. SAUK, 1979a; SAUK, 1985a). Hierdie voorwaardes het riglyne neergelê oor onder meer die SAUK en die kulturele en maatskaplike selfverwesenliking van volkere in Suid-Afrika, feitelike en onpartydige nuusdekking, welvoeglikheid, en maatskaplike euwels. Dit het die SAUK verbied om iets uit te saai wat byvoorbeeld die openbare mening kon opsweep, landsveiligheid bedreig, onrus en paniek veroorsaak, die beeld van die Republiek in die buiteland skade berokken, en enige staatsdepartement in die verrigting van sy werksaamhede belemmer (SA, 1979:20-21). Dit is op grond van laasgenoemde voorwaarde wat Kobie Coetzee, Minister van Justisie, in die begin van 1984 die wenslikheid van die uitsending van 'n beoogde program oor die doodstraf in 50/50 bevraagteken het. Skrywer was die regisseur van die program en hy het op 6

Februarie 1984 die minister se kantoor genader om sy deelname aan die dokumentêre program te versoek. Die minister het die Adjunk-minister van Buitelandse Sake, Louis Nel, genader om vas te stel of die voorgestelde program nie in stryd met die programbeleid en daarmee ook die lisensievoorwaardes van die SAUK sou wees nie. Nel het Eksteen genader waarop laasgenoemde die volgende onderneem het:

Daar word nie voorsien dat die program die regsprosesse in S.A. op enige wyse hoegenaamd sal inhibeer of bevooroordeel nie of dat houdings geskep sal word wat die Departement van Justisie of enige ander Staatsdepartement nadelig kan tref wat die uitvoering van hul pligte in landsbelang aanbetref nie. (Eksteen, 1984a.)

Ondanks die hersamestelling van die program waarin onder meer die teregstellingsyfers vir die verskillende rassegroepe uitgeredigeer is (kyk Gerber, 1984), het 50/50² nooit die groen lig van die SAUK ontvang om die program uit te saai nie.

Die outonomieit van die SAUK vis-à-vis die Regering het ook in gedrang gekom met gereelde verplasings van die SAUK na verskillende departemente. In 1936 was dit onder die Minister van Poswese en Telegrafie, in 1970 onder die Minister van Nasionale Opvoeding, toe terug na die Minister van Pos- en Telekommunikasiewese, en in 1980 na die Minister van Buitelandse Sake en Inligting. Vir die oorpasing van die SAUK na die Departement van Nasionale Opvoeding het dr. Piet Meyer as raadsvoorsitter hom beywer (Meyer, 1984:158). Uiteraard was hy baie teleurgesteld toe die Korporasie weer deur P.W. Botha onder Pos- en Telekommunikasiewese geplaas is, en nog meer teleurgesteld nadat Botha die SAUK aan Pik Botha en die Departement van Buitelandse Sake en Inligting toevertrou het:

Na my uittrede sou ek tot nog groter teleurstelling verneem dat die SAUK by die Departement van Inligting ingeskakel is. Dit moet fataal wees vir die SAUK se outonome beeld, veral in die buiteland. En dit nadat ons destyds so hard moes spook om die voorstelling van die SAUK as 'n regeringsdiens - aangeblaas deur die Engelse pers - uitgewis te kry. (Meyer, 1984:158.)³

Die mate waarin die outonomieit van die SAUK onder die Departement van Buitelandse Sake en Inligting in gedrang gekom het, blyk uit 'n bevinding van die Steyn-kommissie wat die motivering vir die skuif bevraagteken het omdat dit die outonomieit van die SAUK in gedrang sou bring:

We find that the present arrangement, whereby the SABC falls directly under the control of the Minister of Foreign Affairs and Information and his Department, is

not in the best interests of the community in its widest sphere, and furthermore we find that many of the allegations of governmental control are justified and fully substantiated. (Steyn, 1980:1109.)

Bedenkinge oor die SAUK-Regering-verhouding as gevolg van die Korporasie se verbintenis met Buitelandse Sake, het toegeneem nadat Riaan Eksteen en dr. Brand Fourie onderskeidelik as Direkteur-generaal en voorsitter van die SAUK-Raad aangestel is. Reeds met Eksteen se aanwysing as aangewese Direkteur-generaal in 1983 het kritici gewag gemaak van 'n onhoudbare situasie wat sou volg wanneer Eksteen die SAUK se outonomie teenoor Pik Botha moes handhaaf. Eksteen, tot voor sy aanstelling nog 'n amptenaar van Buitelandse Sake, moes verantwoording aan Pik Botha, die Minister van Buitelandse Sake en Inligting, doen. In die volgende hoofartikels word Eksteen se aanstelling soos volg gekritiseer:

Dit val vreemd op dat 'n staatsamptenaar - getoë in gehoorsaamheid aan die Regering - in hierdie pos aangestel word. Dit verleen ongelukkige gewig aan die beskuldiging dat die SAUK toenemend deur die Regering beheer en voorgeskryf word. (*Rapport*, 6 Febr. 1983.)

The very appointment of Mr Eksteen underlines the inbuilt bias. Until recently he was a diplomat, a loyal defender of the ruling party's policies." (*The Star*, 23 Mrt. 1983.)

Fourie, 'n voormalige Direkteur-generaal van die Departement van Buitelandse Sake, het pas sy ambassadeurskap in Washington voltooi toe hy in 1985 as voorsitter van die SAUK-Raad aangestel is (vgl. Breier, 1985). Vanweë 'n soortgelyke gesagsverhouding wat tussen Fourie en Botha bestaan het, is dieselfde kritiek wat Eksteen en die Regering te beurt geval het, met Fourie se aanstelling herhaal (vgl. bv. *Argus*, 26 Apr. 1985; *Rand Daily Mail*, 27 Apr. 1985; *Beeld*, 29 Apr. 1985). Hoewel die SAUK wetlik 'n groot mate van outonomie kon handhaaf, en sowel Eksteen (in Murray, 1983) en Fourie (in *Rapport-Tydskrif*, 23 Jun. 1985) dit onderneem het, het die Eksteen-Fourie-Botha-driehoek met sy Buitelandse Sake-onderbou die outonomie van die Korporasie waarskynlik onder druk geplaas.

Die vraag is natuurlik waarom Eksteen van buite af bo die koppe van senior SAUK-amptenare met jarelange diens aangestel is, en of Fourie se agtergrond as 'n amptenaar van die minister belas met die uitsaaiwese die outonomie van die SAUK in gedrang sou bring. As die blote toevoeging van die SAUK tot die Departement van

Buitelandse Sake en Inligting se verantwoordelikhede bedenkinge oor die Korporasie se outonomieit by 'n oud-voorsitter (Meyer) en die Steyn-kommissie ontlok het, spreek dit vanself dat die verbreding van die departement se invloed tot die beleidsmakende en uitvoerende leiding in die Korporasie die suggestie gelaat het dat die Regering te midde van toenemende binnelandse onstabiliteit en buitelandse druk sy houvas op die SAUK wou verstewig.

Hoewel Eksteen en Fourie nie amptenare van die Departement van Buitelandse Sake en Inligting ten tye van hulle SAUK-verbintenis was nie, is dit hulle vorige assosiasie met dié departement wat die grond vir afleidings oor groter houvas deur die Regering verskaf.⁴ Regtens was die SAUK in die Brand-Eksteen-era steeds 'n burgerlike instelling, en soos vorige raadsvoorsitters en topbestuur van die Korporasie, kon hulle die Uitsaaiwet voorhou as die basis van die SAUK se outonomieit, soos Eksteen (aangehaal in Murray, 1983:50) in die volgende onderhoud gedoen het:

I intend to rely on only one thing, and that is the Act. The Act gives me the power as Director General to run an effective organisation. That is what I want to do. I don't want to run it as an instrument of government, I don't want to run it as an opposition instrument, I want to run it as an effective and autonomous organisation that is credible. That will be my goal for the 20-odd years that I have to serve this organisation.

Hoewel dit moeilik is om die aard en omvang van die Regering se moontlike manipulasie van die SAUK buite die konteks van die Uitsaai- en ander tersaaklike wette (kyk bv. Stuart, 1986) te bepaal, kan sekere insidente aangehaal word wat aanduidend van sulke manipulasie kan wees. In reaksie op P.W. Botha se waarskuwing in Mei 1980 aan SAUK-TV oor die dekking van nuus wat landsveiligheid in gedrang sou bring (Hansard, 1980, kol. 5089), het Mouton, voorsitter van die SAUK-Raad, 'n verklaring uitgereik waarin die nuusmedia se besondere verantwoordelikheid jeens inligting met betrekking tot landsveiligheid, radikale en rewolusionêre optrede en die handhawing van orde en reg erken word, asook dat die Korporasie as 'n nasionale uitsaai-organisasie deur sy stigtingsakte, sy lisensievoorwaardes en sy eie beleidskodes daartoe gebind word om landsbelang te beskerm, aanhitsing tot opstand en ordeloosheid te vermy, en om goeie rasseverhoudings te bevorder. Die grootste deel van die verklaring word egter in beslag geneem deur Mouton se beklemtoning van die SAUK se outonomieit as 'n instelling eie aan die burgerlike samelewing:

Maar die SAUK het ook die opdrag om die nuuswaardige gebeure van die dag in die Republiek en die buiteland feitlik, onpartydig en sonder verdraaiing duidelik en ondubbelsinnig weer te gee. Die SAUK is kragtens die Uitsaaiwet, as outonome instansie ingestel en doen een keer per jaar deur die betrokke Minister verslag aan die Parlement. Die SAUK is finansiëel onafhanklik en verkry sy inkomste uit lisensiegeld en advertensies. Vir die instelling en vestiging van die huidige televisiediens, moes die SAUK lenings hier en in die buiteland aangaan. Omdat die Korporasie gedurende die eerste twee jaar nie toegelaat is om advertensies op televisie uit te saai nie, was die Staat die SAUK op beperkte skaal behulpsaam met die finansiering van bedryfsverliese vir die eerste twee jaar van die televisiediens. Finansiële hulp word ook deur die Staat verleen met die instelling van die televisiediens vir Swartes. Verder finansier die Staat die buitelandse diens, Radio RSA. Die sake van die Korporasie word bestuur en beheer deur 'n Raad wat deur die Staatspresident aangestel word. Die SAUK-Raad is verantwoordelik vir die bepaling en toepassing van die beleid van die Korporasie. (*Die Vaderland*, 6 Mei 1980.)

Die oorkoepelende boodskap in hierdie verklaring is dat ondanks beperkte finansiële hulp deur die Staat, die SAUK ingevolge sy eie kodes en die wet outonoom was. Mouton se terugblik op sy en die SAUK se verhouding met die NP-regering onderstreep die konsensuele effek wanneer 'n regering 'n monopolie oor die uitsaaiwese het. Vir Mouton moes die SAUK noodgedwonge met die regering van die dag saamwerk, tewens enige regering aan wie die SAUK verantwoording moes doen. Ten opsigte van die NP-regering, wat bepaalde oogmerke gehad het, sou volgens hom 'n onhoudbare situasie ontstaan het as die Korporasie vierkantig daarteen stelling ingeneem het.⁵ Enige regering sou nie genoeg neem as 'n instansie waaroor hy monopolitiese beheer het, sy politieke doelwitte probeer verongeluk nie, aldus Mouton:

Uiteraard hang die monopolie van die owerheid oor die uitsaaiwese saam met die probleem van wat 'n mens kan toelaat om uitgesaai te word en wat nie. Dit hang dus af van bepaalde politieke probleme. Dit kan vir 'n owerheid uiters moeilik wees om sy doelwitte te bereik indien hy nie beheer het oor wat uitgesaai word nie. (Mouton soos aangehaal deur Wessels, 1985.)

Dat die politieke omgewing van die tagtigerjare 'n bepalende invloed op die verhouding tussen die SAUK en die Regering gehad het, blyk uit openbarings deur Korporasie-amptenare na die bedanking van Botha as Staatspresident en die groter

vryheid wat die SAUK in die De Klerk-era geniet het. Pretorius (1992:18) het die solidariteit tussen die SAUK en die Regering in die Botha-jare bevestig:

It would be naive to deny that the Corporation used to follow a fairly strict Government of the Day-line.

Pretorius (1997) het in sy getuienis voor WVK meer uitgebrei oor "institusionele sydigheid". Hy het erken dat daar institusionele sydigheid in die Korporasie ten gunste van die NP-regering was, en dat dit ten koste van die "bevrydingsbewegings" (sy woorde) en ander partye geskied het. Hy het dit gekoppel aan die Regering se beheer oor die aanstelling van die Raad en raadsvoorsitter wat op sy beurt die Direkteur-generaal aangestel het:

Was the Board not appointed by the President? Yes. Would he appoint Board members that would be anti-NP on majority? No. Who appointed the DG? The Board. Would the DG be in the olden days anti-NP? No. And did the DG not execute Board policy within a broad NP sphere of influence so to speak?

Prof. Sampie Terblanche, raadslid van 1972-1987 het in sy voorlegging aan die WVK etlike voorbeelde aangehaal van hoe die Regering, die NP of faksies in dié party die SAUK probeer beïnvloed het of druk op sekere amptenare geplaas het. Volgens hom was dit mettertyd 'n "gekke" situasie by die SAUK soos 'n voorval rondom 'n dokumentêre program oor Rusland in die vroeë tagtigerjare getuig. Volgens Terblanche het mev. Elize Botha, die Staatspresident se vrou, by haar man gekla dat die SAUK iets oor Rusland gaan uitsaai:

En toe is die program gestop. En ek onthou dat hulle by die Raad vir ons gesê het dat daar het iets verkeerd gegaan met die klankbaan van die program, want daar was tyd nodig om vir mnr. Botha te oortuig, hom en mev. Botha, dat hierdie program niks met die totale aanslag te make het nie. Die program is later uitgesaai en dit was van 'n jong man wat in bosse rondgelopen het, en al die mooi diertjies wat daar in Siberië is, aan mense beskryf het. (*Monitor*, 16 Sept. 1997.)

Die bedanking van eerw. Allan Hendrickse uit die Kabinet in 1987 is egter die voorval wat waarskynlik die meeste aandag op die Regering se verhouding met die SAUK in die tagtigerjare gefokus het. Botha het op 24 Augustus na die aankondiging in die 20h00-nuusbulletin op TV1 van Hendrickse se bedanking, vir Eksteen gebel en aangedring dat sy weergawe van Hendrickse se optrede in dieselfde bulletin herhaal word (Hansard, 1987, kol. 877-78). Dit het 'n volle verklaring van die Staatspresident

se Kantoor, asook 'n brief aan Hendrickse behels. Op Eksteen se bevel het Freek Robinson, die nuusaanbieder, na die weerverslag eers Botha se brief aan Hendrickse gelees, toe Hendrickse se antwoord, en laastens die verklaring van die Staatspresident se Kantoor. Hierdie proses is na die uitsending van die aktualiteitsprogram, *Netwerk*, herhaal, asook die volgende more op die oggendprogram, *Goeie More Suid-Afrika* (kyk Venter & Gordon, 1987:1-2.; Breier, 1987b:1).

Na aanleiding van 'n vraag in die Volksraad op 15 September 1987 deur Dave Dalling van die Progressiewe-Federale Party (PFP) oor die Staatspresident se oproep aan die Direkteur-generaal van die SAUK, het Botha soos volg geantwoord:

Ja. Ek het die Direkteur-generaal van die SAUK persoonlik geskakel en hom versoek om uitvoering te gee aan my oorspronklike versoek naamlik om die volle weergawe van my verklaring wat my Kantoor op daardie dag uitgereik het uit te saai, asook die inhoud van my brief van daardie datum aan die Voorsitter van die Raad van Verteenwoordigers en sy antwoord aan my. Indien ek onder dergelike omstandighede dit in die toekoms nodig ag, sal ek dit weer doen. (Hansard, 1987, kol. 878.)

Eksteen het nie gepoog om die redaksionele onafhanklikheid van sy nuusdiens en die outonomie van die SAUK te verdedig nie. Hy was eerder apologeties oor die voorval. Behalwe 'n erkenning dat die SAUK soms foute maak, het hy verklaar dat die Korporasie voortdurend aan sulke foute aandag gee, en dat hy persoonlik aan die Raad voorstelle sou doen om "doeltreffende bestuur verder te bevorder." (Eksteen, 1987e.) 'n Reëling wat hiermee verband hou, was die aanstelling van 'n voltydse Tuynhuys⁶-korrespondent wat verantwoordelik sou wees vir alle optredes van die Staatspresident wat sy parlementêre optredes, huishouding, en alle nuus wat daaruit kon voortspruit, ingesluit het (Eksteen, 1987f:4).

Verskeie kommentators (bv. Vosloo, 1988; Braun, 1988; Breier, 1988) het die beëindiging van Eksteen se pos op 20 April 1988 onder meer aan hierdie voorval toegeskryf. Dit is interessant op daarop te let dat Pik Botha op 6 Oktober 1987 tydens vraetyd in die Parlement erken het dat hy uit kollegialiteit en in die lig van Eksteen se gemoedstoestand oor die Hendrickse-episode vir laasgenoemde 'n werkaanbod gedoen het (Hansard, 1987, kol. 1146). Eksteen is vanaf 1 Februarie 1992 deur Botha as permanente verteenwoordiger by die VVO in Genève aangestel (*Beeld*, 27 Nov. 1991).

'n Ander perspektief op die aard van regeringsinmenging in die SAUK se werksaamhede kom van Carel van der Merwe (Senior Redakteur: Radio) wat volgens hom in 1988 gepleit het vir die “distansiëring van sekere bedmaats”, veral die Regering “in 'n poging om die Korporasie sy lewensbestaan te verseker.” (Aangehaal in Burger, 1993:10.) Dit was in die Botha-era en volgens Van der Merwe het distansiëring gewis nie sonder “smarte, pyn en lyding gepaard” gegaan nie.

Pretorius (1997) meen egter dat die NP se houvas op die SAUK dramaties na 1989 verslap het. Die groter bereidwilligheid wat die De Klerk-oorname in Augustus in daardie jaar by die SAUK-amptenare teweeggebring het om die SAUK-Regering-verhouding in vorige bedelings te kritiseer, blyk onder meer uit Wynand Harmse, Eksteen se opvolger, se stelling dat die “tyd is verby dat die SAUK gesien moet word as die lakei of die mondstuk van die Regering - hy is nie die dienaar van spesifieke belangegroepes nie, maar van Suid-Afrika.” (Harmse, 1990.) Per implikasie gee Harmse toe dat daar wel 'n tyd was toe mense die SAUK regtens as 'n lakei van die Regering kon sien. In dieselfde trant verklaar Van der Merwe (soos aangehaal deur Burger, 1993:10) dat radio “weerspieël gewis nie meer His Master's Voice nie.” Nog 'n aanduiding van verhoudinge tussen die SAUK en die Regering onder Botha was Christo Viljoen se voorwaardes wat hy gestel het toe hy die pos van raadsvoorsitter aangebied is (Bell & Ronge, 1990:17). Hierdie voorwaardes moet gesien word teen die agtergrond dat hy reeds sedert 1987 'n raadslid was, en dat hy dus op volle hoogte was van hoeveel inspraak die Regering buite sy magte ingevolge die Uitsaaiwet op die beheer en bestuur van die SAUK geëis het:

First, I wanted to be absolutely sure about who was going to be baas van die plaas - the chairman or the politicians. I wanted to know where the buck stopped, and the then minister assured me it stopped right there. I also wanted the assurance that the SABC and its news editors, and nobody else, would have the final say about what goes on the air. I do not want anybody from the outside to edit the SABC's news service. (Viljoen soos aangehaal deur Bell & Ronge, 1990:19.)

Die eksterne beleidsraamwerk van die SAUK strek wyer as die wetlike beperkinge en uitsaai-ergeringsverhouding wat tot dusver bespreek is. Die SAUK funksioneer sedert sy ontstaan in 'n sosiale en politieke sisteem waarin ander rolspelers ook sy beleid en werking beïnvloed het, byvoorbeeld die regstelsel, adverteerders, konkurrente in die uitsaai- en mediabedryf, en belangegroepes. Dit val nie binne die

bestek van hierdie studie om al die eksterne druk- en belangegroep wat druk op die SAUK uitgeoefen het, te ondersoek nie. Nietemin word een voorbeeld van sulke druk aangebied, naamlik druk uit Afrikaanse kultuurkringe. Tydens 'n bestuursberaad van die SAUK in Februarie 1987 onder leiding van Eksteen het twaalf van die Korporasie se topbestuurders 'n lys van 60 klagtes teen die SAUK opgestel. Sewentien het met Afrikaans en die Afrikaanse kultuur te make gehad, byvoorbeeld: kultuurvervlakking, ver-Amerikanisering, negering van die Afrikaner se taal, ongelyke beregtiging van Afrikaans, swak Afrikaanse senders, verwaarlosing van Afrikaanse musiek, ontevredenheid oor tweetalige programme en koppeluitsendings, die inkorting van Radio Suid-Afrika se uitsaai-ure, en te veel swartes in wit programme (SAUK, 1987b). Benewens indabas met Afrikaanse kultuurleiers (kyk SAUK, 1987c), het die Korporasie telkens sy verbintenis tot die bevordering van die Afrikaanse kultuur bevestig (kyk bv. Eksteen, 1986b). Dit was as gevolg van hierdie druk dat die SAUK die kommersialisering van sy Afrikaanse radiodiens (*Radio Suid-Afrika*) in 1986 te midde van groot ontevredenheid met groot omsigtigheid moes aanpak (vgl. bv. Eksteen, 1987c).

3.2 DIE INTERNE RAAMWERK: SAUK-BELEID EN DIE BEHOUD VAN DIE HEGEMONIESE ORDE

Die interne raamwerk van mediabeleid hou volgens Oosthuizen (1989:13) verband met die struktuur en werking van die medium self. Dit is beleid wat die medium self maak gegewe die eksterne raamwerk met al sy rolspelers. Krasnow en Longley (1978) volg 'n sisteembenadering wanneer hulle die daarstelling en formulering van uitsaai-beleid verklaar. Die uitsaai-instelling is 'n subsisteem binne die groter sosiale sisteem waarin ander subsisteme (bv. die howe, wetgewers, regulatiewe liggame, politieke en ekonomiese drukgroepe) bydra tot die formulering van die uitsaai se beleid. Die uitsaai-er skep self ook meganismes om homself te reguleer, en hierdie meganismes vorm die interne raamwerk van uitsaai-beleid.

In hierdie afdeling word na twee aspekte van die SAUK se beleid gekyk: eerstens na die Korporasie se eksplisiete verbintenis op beleidsvlak tot die bevordering van die dominante ideologie (kyk 3.2.1.2), en tweedens na sy gedragsriglyne met betrekking tot die hantering van buiteparlementêre verset teen dié ideologie (kyk 3.2.2.2). In albei gevalle is situering en kontekstualisering nodig gevind. Die SAUK se

verbintenis tot konsensuspolitiek het 'n historiese aanloop wat 'n verhaal vertel van 'n uitsaai-organisasie wat eers die politieke neutrale beleid van die BBC gevolg het, maar wat as gevolg van 'n bepaalde historiese moment hierdie karakter verruil het om 'n kampvegter vir die behoud van apartheid te word (kyk 3.2.1.1). Wat beleid ten opsigte van buiteparlementêre verset betref, is dit ontwikkel en toegepas op grond van gebeurte in die politieke omgewing. Derhalwe word SAUK-beleid in hierdie verband in die lig van tersaaklike politieke omstandighede ondersoek.

3.2.1. SAUK-beleid en die dominante ideologie

In hierdie afdeling sal aangetoon word hoe die SAUK binne die konteks van Heunis (1984) se beroep op media om die beginsels van konsensuspolitiek in hulle dekking van die Suid-Afrikaanse toneel toe te pas, aanvaar het. Die Korporasie se steun vir konsensusjoernalistiek het egter nie net om die aanvaarding van 'n handelswyse gegaan nie, maar ook om die uitbouing van die onderliggende ideologie wat die SAUK toe reeds vir meer as twee dekades onomwonde en aktief ondersteun het. Met ander woorde, sy onderneming om raakpunte in 'n heterogene samelewing te soek en gemeenskaplikheid eerder as verdeeldheid en konflik te bevorder, was nie 'n nuwe beleid nie. Dit was 'n voortsetting van aktiewe steun aan die Regering se apartheidsbeleid wat ondanks terminologiese raamverskuiwings soos afsonderlike vryhede, afsonderlike ontwikkeling, veelvolkige ontwikkeling, separatisme en magdeling gebaseer op konsensus immer rasgebaseerde groepsverdeling as die dominante ideologiese beginsel gehad het.

3.2.1.1 SAUK-beleid en die hegemoniese orde: historiese konteks

Die SAUK se verhouding met die Regering en sy steun vir regeringsbeleid kan in verskeie fases ingedeel word. Hoewel die volgende gedeelte nie op die studietydperk gefokus is nie, word dit as belangrik beskou om die konteks vir die SAUK en sy ondersteuning van konsensuspolitiek in die tagtigerjare te verskaf. Derhalwe word die volgende fases oorsigtelik behandel: die stigtingsfase (1936-1939), die oorlogsjare (1939-1948), die Pellissier-Roos-era (1948-1958), en die Meyer-era (1959-1980).

3.2.1.1.1 Die stigtingsfase (1936-1939).

Die aanvangsjare van die SAUK is gekenmerk deur voetwerk om te midde van die stryd om hegemonie tussen Afrikaanse en Engelse kulture uitsaai met beperkte

tegnologiese middele op 'n apolitiese wyse te bedryf. Die Korporasie het nougeset die bepaling van die Uitsaaiwet gevolg, naamlik om sy programme op te stel "met die behoorlike inagneming van die belange van beide Engelse en Afrikaanse kultuur." (Uitsaaiwet, 22/1936.) In die navolging hiervan het die Korporasie byvoorbeeld geweier om partypolitiese toesprake uit te saai (JV, 1936/37:15), en hom op die wet beroep om sy outonomieit soos volg te verklaar:

Die SAUK stel dit nietemin dat hy in alle ander opsigte⁷ 'n heeltemal onafhanklike liggaam is met absolute mag om 'n uitsaai-beleid op te stel en uit te voer binne die bepalings van die Uitsaaiwet in soverre dit die bevordering van Afrikaanse en Engelse kulture raak. Volgens die SAUK aanvaar die Regering dat die Korporasie 'n onafhanklike liggaam en nie 'n staatsdepartement is nie, en volgens die SAUK het die Regering hom ook nog nooit bemoei met sy programbeleid of huishoudelike administrasie nie. Die SAUK stel dit ook dat hy nog nooit om advies in sake beleidsake by die Regering aangeklop het nie, omdat die Raad uitsluitend verantwoordelik is vir die beleid van die Korporasie. (JV, 1938:3-4.)

Die SAUK se beleid en werking was in hierdie jare in beslag geneem deur die skeiding van Afrikaanse en Engelse programme en die verdeling van senders op 'n kulturele grondslag, maar volgens Roos (1988a), Fuchs (1988a) en McClurg (1988) nie deur rasseverhoudinge nie. Hoewel die SAUK sy outonomieit wou bewys deur partypolitiese kwessies te vermy en op kultuur te fokus, het die kultuurstryd tussen Afrikaans en Engels slegs die blanke gedeelte van die bevolking betrek. Die SAUK was dus die instrument van 'n blank gedomineerde hegemoniese orde, en binne hierdie orde het die Verenigde Party (VP) onder genl. J.B.M. Hertzog en die NP onder dr. D.F. Malan met onderskeidelik segregasie en apartheid wesenlik dieselfde oogmerk gehad, naamlik die behoud van die ondergeskikte politieke posisie van die swartes (vgl. Krüger, 1960). Hierdie toedrag van sake het nie verander met die volgende fase (1939-1948) wat die SAUK betree het nie.

3.2.1.1.2 Die oorlogsjare (1939-1948)

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 het die SAUK met die eerste werklike toets van sy outonomieit en partypolitiese neutraliteit te doen gekry. Die VP se besluit om aan die oorlog deel te neem, het die party laat skeur en nuwe momentum aan die opkoms van die NP en Afrikaner-nasionalisme gegee (kyk Krüger, 1960; Davenport, 1991). Roos (1988a) meen dat dit ondenkbaar was dat die amptelike

uitsaaidiens die Regering se oorlogspoging kon ignoreer, en benewens 'n beleidsverklaring (JV, 1939:4) waarin die Korporasie sy steun aan die oorlogspoging toegesê het, het die uitsaaier ook sy dienste en programme aangepas om die poging daadwerklik te onderskraag (Fuchs, 1988a). In September 1941 is die SAUK ingevolge landsveiligheidsregulasies tot 'n openbare inrigting verklaar wat die Regering groter mag rakende die Korporasie en die oorlogspoging gegee het (JV, 1941:6).

Wat sy outonomieit betref, het die SAUK-Raad nietemin 'n onderskeid getref tussen die oorlogspoging en normale binnelandse partypolitieke aangeleenthede. Die Raad se voorneme om nie afstand van laasgenoemde te doen nie, word geïllustreer deur sy besluit in 1940 om wel verklarings rakende die oorlog deur ministers uit te saai, maar dat hierdie vergunning nie vir partypolitieke stof gegeld het nie (JV, 1940:5). In wat klaarblyklik as inmenging deur die verantwoordelike minister (C.F. Clarkson) in nie-oorlogsake soos personeel, aanstellings, afdankings en programsamestelling beskou was, het die SAUK in 1944 regsadvies ingewin by 'n kabinetskollega van die Clarkson, adv. J.G.N. Strauss, oor die SAUK se regsposisie jeens die minister en die Parlement. Strauss se mening was die volgende:

The Board should firmly refuse to permit the Minister to have any kind of say whatever in its control and management, which is a matter entirely for the Board of Governors. If, after having politely but plainly told how the Board views the position, the Minister persists in his attitude, then I think the Board will have no option but to mention the matter in its annual report to the Minister which will thereafter in due course come to the notice of Parliament. (Strauss, 1944:7.)

Die hegemoniese orde wat die SAUK in hierdie fase ondersteun het, was die Smuts-regering wat die land verdeeld gelaat het met sy besluit om oorlog teen Duitsland te verklaar. Die *status quo* is in hierdie stadium meer bedreig deur militante Afrikaners wat teen die oorlog gekant was (kyk bv. Krüger, 1971; Van Jaarsveld, 1971), as ontluikende verset onder swartes (kyk Lodge, 1983). Steeds was die SAUK 'n uitsaaidiens gerig op blankes, hoewel swartes se deelname aan die oorlog die SAUK genoop het om met die medewerking van die Departemente van Naturellesake en Poswese asook verskillende plaaslike liggame, 'n uitsendingstelsel deur middel van telefoonlynne te gebruik om programme en nuusdienste vanaf die SAUK-ateljees in Johannesburg, Kaapstad en Durban vir "naturelle in die naturelletale" regstreeks uit te

saai. Dit is uitgesaai na baie "komponents en lokasies, waar hulle gehoor is deur middel van luidsprekers, sommige waarvan spesiaal aangebring is." (JV, 1940:9.)

In die periode tussen die einde van die oorlog (1945) en die algemene verkiesing van 1948 het tegnologiese en administratiewe gebreke in die uitsaaiwese onder die soeklig gekom. Die oorlog het senderontwikkeling en -uitbreiding tot 'n stilstand gebring, met die gevolg dat die diskrepans tussen die Engelse diens met sy sterker senders en die tegnies swakker Afrikaanse diens voortgeduur het (*Lantern*, Sept. 1966:66). Die rassevraagstuk het ook begin om die politieke agenda te oorheers, en die NP se oorwinning in die algemene verkiesing van 1948 het 'n nuwe tydvak in Suid-Afrika vir rassepolitiek en vir die SAUK ingelui.

3.2.1.1.3 Die Pellissier-Roos-era (1948-1958)

Die NP-oorwinning het onvermydelik tot strukturele veranderinge in die SAUK gelei. René Caprara, Direkteur-generaal sedert 1936, en 'n lojale Smuts-man (Roos 1988a, Fuchs 1988a), moes plek maak vir Gideon Roos, wat volgens homself meer 'n "Hertzog-man" (Roos, 1988a) was. Die Raad van die SAUK het ook 'n nuwe voorsitter gekry, naamlik dr. S.H. Pellissier, 'n leier in Afrikaanse kultuurkringe soos die Akademie waarvan hy in die veertigjare voorsitter was (Fensham, 1984).

Te midde van die politieke rekonstruksie van die Suid-Afrikaanse samelewing deur die Malan-regering, het die SAUK met Pellissier en Roos aan die stuur gekonsentreer om kulturele pariteit tussen Afrikaans en Engels in die SAUK te bewerkstellig. Fuchs (1988b) meen dat die uitsaai-prioriteite na 1948 om twee aspekte gewentel het, naamlik eerstens die versterking van Afrikaanse senders om dit op gelyke sterkte met die Engelse senders te bring, en tweedens die afskaffing van die BBC-nuusdiens "om die uitskakeling van onnodige Anglo-Saksiese invloed." (In 1950 het die SAUK sy eie nuusdiens ingestel.) Gelykberegtiging ten opsigte van sendersterkte, dekking en die gehalte van ontvangs het volgens Roos (1988a) veel swaarder as die rassepolitiek van die dag geweeg.

In Afrikanergeleedere is Pellissier as 'n kultuurreus gesien (kyk bv. Toerien, 1977; Swart, 1977) - 'n organiese intellektuele in Gramsciaanse terme - en hoewel sy ideologiese verbondenheid tot die Afrikaner se nasionalistiese strewe as 'n gegewe aanvaar is, het Pellissier volgens Roos (1988a) en Fuchs (1998b) die SAUK as 'n

kultuurinstelling buite partypolitieke vaarwaters gelei. Hy is versterk in hierdie opsig deur Roos wat volgens McClurg (1988) politieke omstredenheid vermy het:

He did do his best to keep it from being a political instrument, at the cost, I think, of the programmes being too timid.

Roos se siening van die uitsaaiwese was gegrond op die model van die BBC waarin lord Reith, opsteller van die verslag wat tot die SAUK se stigting aanleiding gegee het (kyk Reith, 1935), 'n leidende rol as Direkteur-generaal gespeel het. Fuchs (1988b) gee die volgende beskrywing van Roos in hierdie verband:

Onthou Gideon Roos was Direkteur-generaal, en Gideon was 'n aanhanger van die BBC se beleid, van neutraliteit - die uitsaaiwese staan neutraal, hy's 'n weerspieëler, hy's 'n reflektor - en daardie beleid is onder Gideon voortgesit.

Roos (1957:8) self het die noodsaaklikheid om streng neutraal en onpartydig in sake van 'n polemiese aard te staan, beklemtoon. Dit beteken nie dat polemiëk vermy moes word nie, want mense moes volgens hom geprikkel word oor belangrike vraagstukke waarvoor die land en die wêreld oplossings soek:

Maar die uitsaaiër moenie kant kies nie. Hy moet soeklik werp op alle fasette van 'n vraagstuk, en dit dan aan die luisteraar oorlaat om sy eie gevolgtrekking te maak. Hier is die essensiële verskil, wat funksie betref, tussen die radio en die pers. Die radio, in diens van alle seksies van die samelewing, het geen redaksionele beleid, geen 'angle' of 'slant' nie. 'n Koerant, in diens van 'n bepaalde party of groep, benader iedere polemiese vraag uit een bepaalde oogpunt. Die radio stel die probleem, die koerant bepleit 'n bepaalde oplossing. (Roos, 1957:8.)

Kultuur is die strydperk van hegemonie, en deur die herdefinisie van die kultuurterrein (Muller *et al.*, 1985:56) word hegemoniese instemming beding. In hierdie konteks het die SAUK in die Roos-Pellissier-era ondanks die vooropstelling van neutraliteit en onpartydigheid ten opsigte van partypolitieke kwessies nie 'n mindere hegemoniese funksie vervul nie. Inteendeel, die fokus op kultuur en die versterking van die Afrikaanse kultuur as 'n aparte entiteit het die SAUK 'n belangrike organiese intellektuele instelling in die Afrikaner se ideologiese stryd om dominasie gemaak. Die intensifisering van swart verset in die vyftigerjare (kyk Lodge, 1983) het die ontwikkelende hegemoniese orde bedreig, en hierdie bedreiging het vereis dat die

Roos-idee van die SAUK as 'n neutrale weerspieëler van sy omgewing in die slag moes bly.

3.2.1.1.4 Die Meyer-era (1959-1980)

Veranderinge in die leierskap van die heersende hegemonie sou meehelp om 'n einde te bring aan die Reithiaanse en BBC-karakter van die SAUK onder Roos en Pellissier. Daar is byvoorbeeld 'n direkte verband tussen Verwoerd as nuwe regeringsleier in 1958 en die aanstelling van Meyer as raadsvoorsitter van die SAUK in 1959 (kyk Meyer, 1984:80-81). 'n Soortgelyke verband bestaan tussen Meyer se aanstelling en die uittrede van Roos in April 1961, want benewens persoonlike botsings⁸ oor onder meer beleid- en bestuursake (Roos 1988b; Meyer, 1984), het verwikkelinge in die politieke omgewing en die organiese intellektuele statuur van Meyer in hierdie omgewing onvermydelike druk op die uitsaaiwese geplaas om te verander.

Meyer het aan die vereistes van Gramsci se idee van 'n organiese intellektuele voldoen. Hy was 'n leidende apartheidsideoloog (Giliomee & Schlemmer, 1989:44) en 'n prominente kultuurleier - onder meer voorsitter van die AB (Pelzer, 1979). Prinsloo (1987) bied 'n omvattende oorsig oor Meyer se bydrae in verskeie velde tot die uitbouing van Afrikaner-hegemonie, en Meyer (1984) se eie outobiografie bevestig sy rol in hierdie verband.

In dieselfde jaar (1959) wat Meyer voorsitter van die SAUK-Raad geword het, het die Regering wetgewing aanvaar ten opsigte van selfbestuur van swart volkere in hulle eie gebiede. Dit het ingepas by Verwoerd se idee van 'n gemenebes van onafhanklike wit en swart state in Suid-Afrika. Die republikeinse strewe, waarvan sowel Meyer as Verwoerd uitgesproke voorstanders was (Meyer, 1984), was in die pylvak, en op 3 Februarie 1960 het die Britse Eerste Minister, Harold Macmillan, sy "Winds of Change"-toespraak in die Volksraad gelewer waarin hy Suid-Afrika gewaarsku het dat die veranderinge wat koloniale Afrika in daardie stadium ondergaan het, ook Suid-Afrika se voorland sou wees (Davenport, 1991:355). Maar 21 Maart 1960, Sharpeville, sou nie alleen die land in 'n legitimizeitskrisis dompel nie; dit het ook die politieke koers van die SAUK verander.

Die verpolitisering van die SAUK in die sestigerjare tot 'n uitgesproke ondersteuner van apartheid en die onderdrukking van swart verset, moet gesien word teen die agtergrond van die toenemende bedreiging deur buiteparlementêre versetgroepe van die apartheidstaat in die vyftigerjare. Waar swart versetbewegings voorheen regeringstrukture gebruik het om hulle ontevredenheid met politieke uitsluiting te kenne te gee, het die NP se apartheidsmatreëls na 1948 'n beweging soos die ANC in direkte konfrontasie met die staatsgesag gebring. Veral die Jeugliga van die ANC het op meer as net petisies en deputasies na die Regering aangedring (Davenport, 1991:332). Hulle het stakings, boikotte, burgerlike ongehoorsaamheid en nie-samewerking met die owerhede geëis. Dit was die kern van die *Defiance Campaign* van 1951-1952 waartydens meer as 8 000 mense gearresteer is (Lodge, 1983). Die samesnoering van swart verset in die *Congress Alliance*, en die aanvaarding van die Vryheidsmanifes (*Freedom Charter*) in 1955 het die legitimiteit van die Staat onder hernude druk geplaas. In Maart 1959 het 'n groep binne die ANC wat ontevrede was met onder meer die veelrassige aard van die *Congress Alliance* weggebreek en die Afrikanistiese PAC gevorm.

Met sy eerste veldtog op 21 Maart 1960 het die PAC die paswette uitgedaag. By Sharpeville naby Vereeniging het die protesoptog in 'n bloedbad geëindig toe 69 swartes deur die polisie doodgeskiet is. Ten spyte van hewige negatiewe plaaslike en internasionale kritiek rondom Sharpeville, het die Regering op 28 Maart 1960 wetgewing ingedien om die ANC en die PAC as verbode organisasies te verklaar. Op 30 Maart 1960 het die Regering 'n noodtoestand afgekondig, en die ANC en PAC is op 8 April 1960 verbode verklaar.

Die invloed wat Sharpeville op die SAUK se siening van sy rol in die Suid-Afrikaanse politiek gehad het, kan nouliks onderskat word. Dit het 'n einde gebring aan die neutrale karakter van die Korporasie jeens partypolitiek waarna selfs tydens die oorlogsjare gestreef is. Die onmiddellike gevolg van Sharpeville op die SAUK was inhoudelik van aard, naamlik 'n besluit om 'n korporatiewe standpunt in te neem ten opsigte van sake wat die uitsaaier in landsbelang geag het. Die verband tussen Sharpeville en die SAUK se besluit om redaksionele standpunt oor landsake in te neem, word soos volg deur Meyer (1984:121) verduidelik:

Na Sharpeville het daar opnuut 'n storm in die pers teen my en die SAUK losgebars. "Verwoerd must go" was die algemene tema van hierdie storm, maar dit was ook teen my en die SAUK gemik. Jannie Kruger⁹ het na my gekom met die voorstel dat, terwyl al wat Engelse koerant was die Sharpeville-gebeure aan die regeringsbeleid van afsonderlike ontwikkeling en die Verwoerd-politiek toegewyt het, die SAUK 'n gebalanseerde weergawe van die situasie, veral ter wille van die Engelstaliges wat nooit 'n Afrikaanse koerant lees nie, in spitsyd moet aanbied. Hy het 'n reeks praatjies met die titel "The South African Scene" aan die hand gedoen en die teks van die eerste van so 'n reeks aan my voorgelê. Ek was ten gunste daarvan, welwetende dat die duiwel dan éérs los sou wees.

Ek het Gideon Roos ingeroep en hom gevra om 'n tyd om en by sewe-uur saans op vasgestelde tye daarvoor in te rig wat beide die Afrikaanse en Engelse dienste betref. Gideon het dit gedoen, maar niks daarvan gehou nie. Dit was die begin van die latere gereelde SAUK-rubriek: "Current Affairs - Sake van die Dag". Jannie Kruger het self die praatjies opgestel en in Engels vertaal.

Volgens Roos (1988a) het hy nie beswaar gemaak teen die idee van praatjies nie, maar wel teen die koppeling van 'n SAUK-amptenaar (Jannie Kruger) daaraan, want dit het beteken dat die Korporasie 'n redaksionele opinie uitspreek. Hoewel hy meen dat die SAUK nie polemieks of probleme moes vermy het nie, sou die bepleiting van 'n bepaalde oplossing die funksie van byvoorbeeld 'n koerant wees, en nie van die SAUK as openbare uitsaaier nie. Volgens hom het daar wat die neutraliteit van die SAUK betref, 'n fundamentele verskuiwing vanaf Pellissier na Meyer plaasgevind, en dat die kwessie van 'n redaksionele standpunt nooit in die Pellissier-era ter sprake was nie:

Kyk dit druis in teen my totale gevoel, my hele filosofie van die radio wat ek van Lord Reith gekry het; daardie essensiële onpartydigheid van die radio in 'n veelvolkige, veelkulturele, veelkleurige land. Dit is nie die SAUK van die Nasionale Party nie, of van die PFP of van die ANC of wat ookal. Hy behoort aan almal. (Roos, 1988a.)

Douglas Fuchs, ten tye van die Sharpeville-voorval hoof van die ontwikkelende diens vir swartes, het lynreg met Roos verskil. Macmillan se toespraak, Sharpeville, en die sluipmoordpoging op 9 April 1960 op Verwoerd, het hom oortuig dat die SAUK nie meer bloot 'n weerspieëler van gebeure kon wees nie. Volgens Fuchs (1988b) moes die SAUK standpunt inneem ten opsigte van sake rakende die openbare debat in Suid-Afrika, en hy moes dit doen in die vorm van 'n redaksionele mening sootgelyk aan die

hoofartikels van koerante. Op 'n vraag of hy bewus was dat die BBC-model wat Roos nagevolg het daarmee heen sou wees, het hy soos volg geantwoord:

Ja, o ja. Maar ek het vas geglo dat ons moet standpunt inneem. Ek onthou nog ek het destyds frases en sinne gebruik soos “die warmste plekkie in die hel (ek het nog vir Dante aangehaal) word gereserveer vir mense wat neutraal staan in 'n morele krisis.” Ek het geweet ons wyk af van daardie pad. Kyk, die “Winds of Change”-toespraak van Harold Macmillan het gekom - Afrika was besig om onafhanklik te word, en die PAC en die ANC het hulle spiere begin brei om ons te vat, nie waar nie, toe kom daardie Sharpeville-uitbarsting ens. en Robert Sobukwe van die PAC en die soort mense kom en Suid-Afrika se hele stabiliteit kom in gevaar, buitelandse druk begin toeneem en binnelandse druk begin stormsterkte afmetings aanneem, en in hierdie omstandighede kan die SAUK nie neutraal staan nie, dit het ek gesê, kan nie neutraal staan nie. Hy moet standpunt begin inneem, hy moet die gebeure van die dag in perspektief begin stel vir sy mense, ontleed teen die lang agtergrond van verlede en hede - hy moet evalueer, hy moet situeer, hy moet 'n situasie soos Sharpeville situeer. (Fuchs, 1988b.)

Die situering van maatskaplike, ekonomiese en politieke situasies deur redaksionele kommentaar sou die SAUK vanaf November 1964 met die instelling van *Sake van die Dag - Current Affairs* in al hoe groter omstredenheid dompel (kyk Meyer, 1984; Fuchs, 1988b) namate opposisiepartye, buiteparlementêre belangegroepes soos anti-apartheidskerke, en die Engelse pers teen die pro-apartheidsmentite van die rubriek geprotesteer het.¹⁰ Volgens Lee (1970a) het *Sake van die Dag - Current Affairs* as 'n stem van konserwatisme, 'n kampvegter vir separatisme, vir die witman se wet en orde, en vir tradisionele Christelike waardes van minstens Afrikaner-nasionaliste, 'n besondere plekkie in die geskiedenis van die SAUK beklee: “It ran into violent criticism, was called blatant propaganda, but it goes on undaunted.”

Hierdie onverbiddelikheid word weerspieël deur Fuchs (1969:250) se siening dat die SAUK te midde van buitelandse en binnelandse druk nie passief kon staan teenoor denkrigtings wat “dikwels volkome strydig was met die meer as 300 jaar lange ervaring van ons land en sy mense nie.” Onder dié denkrigtings tel die reg van die individu op onbeperkte vryheid, neigings om gesag te diskrediteer, die aftakeling van God se gesag in die liberalistiese tydsees, en die gelykstelling van gemeenskappe. Fuchs (1969:252) het die antwoord van *Sake van die Dag - Current Affairs* soos volg gestel:

Teenoor die strewe van die Westerse wêreld om sy patroon op andere af te druk, tree *Sake Van Die Dag* in die bres vir die reg van alle gemeenskappe om hulself te wees en volgens eie aard te ontwikkel. Teen die “een-wêrelders”, die gelykskakelaars wat so knaend slae aan ons uitdeel, stel *Sake Van Die Dag* die standpunt dat juis die erkenning van die verskeidenheid van volke die sinvolle vryheid en harmonie bevorder waarna hulle so vergeefs strewe.

Fuchs (1988b) erken kategorieë dat *Sake van die Dag - Current Affairs* nie weggeskram het om die heersende beleid van die Regering te onderskraag nie. Volgens hom was die Korporasie nie polities onsydig nie omdat die SAUK wel die volkerebeleid ondersteun het, maar hy meen ook dat hierdie ondersteuning spontaan en vrywillig was, en dat die SAUK dus steeds polities onafhanklik was, want sover sy kennis strek het hulle geen opdragte van die Regering ontvang nie. Hy tref ook 'n onderskeid tussen steun vir die NP (wat die SAUK volgens hom nie gedoen het nie), en steun vir die volkerebeleid ten opsigte waarvan sy standpunt was dat die "selfbeskikking vir volkere is beter as 'n deurmekaargeklits". Hoewel Fuchs (1988b) die wysheid van die SAUK se steun vir apartheid van die sestig- en sewentigerjare nou bevraagteken, het hy en die SAUK destyds onwrikbaar daarin geglo:

People tell us it is impossible, that it is utterly illogical. We say we don't mind. We say it MUST work... If ever there was an expression of general, national or traditional will, it is to be found in the desire for some or other form of separatism among the great majority of our peoples. The S.A.B.C. embodies all that. And it recognizes that its real strength lies in seeking identification with representative patterns of responsible thought and action. *Current Affairs* and other similar programmes are representative of this approach to matters of national concern. (Fuchs aangehaal in Lee, 1970b.)

Volgens Fuchs (1974:1) het 'n groot deel van die negatiewe kritiek teen die SAUK ten doel gehad om 'n skakel tussen die Korporasie en die Regering te bewys, en dat die SAUK sy medium gebruik het om Afrikaner-identiteit te bevorder en "uitgediende Afrikaner-opvattinge op ander volksgroepe in die land af te dwing". Hy vereenselwig die grootste kritici van die rassepolitiek met die grootste vyande van die SAUK, diegene wat Afrikaners kritiseer omdat hulle nie passief 'n ideologie wil aanvaar wat volkome strydig is met “ons 300-jaarlangse ervaring in 'n multi-nasionale subkontinent nie”.

Die beklemtoning van veelvolkigheid en die uitbouing van eie identiteite was ook deel van formele SAUK-beleid. Wat die voorsitter se verslag in die jaarverslae van die SAUK betref, is die opgewestyl van Pellissier opgevolg deur Meyer wat die oogmerke en verantwoordelikhede van die uitsaaimeidium binne die heersende politieke omstandighede gekontekstualiseer het. 'n Deurlopende tema was die rol van die radio om die blanke se oorlewing en erfenis te bevorder terwyl die ontwikkeling en selfverwesenliking van kleurlinge, Indiërs en swartes nie agterweë gelaat moes word nie (kyk bv. JV, 1960:4; JV, 1961:6; JV1962:1, 9-10).

Selfbeskikking en veelvolkigheid het ook in programbeleid neerslag gevind. Benewens die onderskrywing van joernalistieke waardes soos feitelikheid, onbevooroordeeldheid, onpartydigheid, objektiwiteit, en ewewigtigheid ten opsigte van omstrede aangeleenthede, beklemtoon 'n beleidstuk opgestel deur Fuchs op 16 Maart 1962 die rol van die SAUK om binne die raamwerk van landsbeleid die Westerse leefwyse te bestendig, alle gemeenskappe die geleentheid te bied om binne eie kulturele en maatskaplike verband tot volle selfverwesenliking te kom, en om gesonde betrekkinge tussen verskillende bevolkingsgroepe aan te moedig:

In die laaste instansie moet amptenare hulle self afvra of 'n program of nuusbuletin in die beste belang van die Republiek en sy samestellende bevolkingsgroepe is. (SAUK, 1962:7.)

In sy Nuus- en Programbeleid van 1979 (SAUK, 1979a) sowel as sy Beleidskode (SAUK, 1979b) het die SAUK die volkere-verskeidenheid in die land as 'n realiteit aanvaar wat in sy uitsaaibeleid geakkommodeer moes word. In die praktyk het dit beteken dat aan alle volksgemeenskappe die geleentheid gebied moes word om binne "eie kulturele en maatskaplike verband tot volle selfverwesenliking te kom." (SAUK, 1979a:2.)

Die ontplooiing van *groot* en *klein* apartheid in die sestigerjare onder Verwoerd, het bepaalde strukturele aanpassings van die SAUK vereis. Die belangrikste was om swartes deur die radio te bereik. In 1960 is die Uitsaaiwet gewysig om voorsiening vir 'n Bantoe-program-beheerraad te maak, terwyl artikel 14, wat tot in daardie stadium net Afrikaanse en Engelse kulture betrek het, uitgebrei is om "Bantoe-kultuur" in te sluit (Uitsaaiwysigingswet, 49/1960).

Volgens Fuchs (1988b) het hy die moontlikheid van 'n radiodiens vir swartes met Verwoerd, toe nog Minister van Bantoesake, in 1958 bespreek. Fuchs was in daardie stadium 'n streeksdirekteur (Transvaal) onder Roos, en die gesprek het in Verwoerd se huis sonder die medewete van Roos plaasgevind. Hy het aan Verwoerd die noodsaaklikheid van so 'n diens verduidelik omdat die Engelse pers die NP se rassebeleid volgens hom verdraai en skeefgetrek het. Fuchs het verder die nut van die radio vir swartes beklemtoon omdat hulle volgens hom 'n “gesproke beskawing” het. Volgens hom was Verwoerd ten gunste van 'n radiodiens vir swartes, maar nie onder beheer van Roos nie:

Hy sê toe vir my in 'n stadium: “En ek sou u sê mnr. Fuchs, ek is selfs bereid om 'n aparte uitsaaikorporasie te stig vir swartes met jou as die hoof.” (Fuchs, 1988b.)

Fuchs is later deur Meyer aangestel om die moontlikheid van 'n radiodiens vir swartes te ondersoek. Die instelling van só 'n diens naas die bestaande dienste, het tegnologiese aanpassings vereis. Dit het onder meer gelei tot die instelling van 'n landwyse FM-diens. Met die ontwikkeling van uitsendings vir swartes tot die instelling van *Radio Bantu* in 1962, het die SAUK organisatories en inhoudelik nie alleen die rassebedeling in die land gereflekteer nie, maar kon die projektering van die nasionale bewustheid van Afrikaners, Engelse, kleurlinge, Indiërs en verskillende swart etniese groepe deur die hoër gehalte FM-netwerk meer effektief geskied. Die waarde hiervan word deur Meyer (1984:132) verduidelik:

Die instelling van Radio Bantu om 'n eie, steeringsvrye uitsaaidiens in sewe tale vir en deur swartmense aan te bied, was 'n uitdaging so groot en prikkelend dat dit al ons kragte en vermoëns opgeëis het. Dit was voorwaar een van die grootste prestasies van die Verwoerd-tydperk om ons tradisionele beleid van afsonderlike volksoewereiniteite in Suidelike Afrika tot heil van almal deur te voer. Die grootste gebrek in die sestigerjare was juis dié op die gebied van taal- en kulturele kommunikasie tussen lede van die verskillende volksgemeenskappe en tussen al hierdie volksgemeenskappe as sodanig. Kommunikasie tussen swart gemeenskappe is tot op groot hoogte deur middel van 'n eie ontwikkelende skoolwese, wat in hierdie tyd kragdadig aangepak is, bevorder. Tussen swart leiers het die kommunikasie meestal in Engels geskied, deur middel van Engelse koerante en Engelssprekende politici en agitators.

Om die beleid van afsonderlike ontwikkeling verder as die grense van die Republiek uit te dra, en anti-apartheidsuitsendings uit Afrika en elders teen te werk, is

Radio RSA in 1966 op die been gebring (kyk Meyer, 1984:137). Hierdie diens, wat deur die Regering gefinansier is, is veral in die tagtigerjare aangewend om die Regering se hervormingsprogram te bemark, en om as teenvoeter te dien vir wat die SAUK "histeriese en sensasionale buitelandse beriggewing oor die onrus in Suid-Afrika" genoem het (JV, 1985:71).

3.2.1.1.5 Samevatting

Soos deurgaans aangetoon, het die SAUK sedert sy stigting 'n hegemoniese funksie ten opsigte van blanke en later Afrikaner-dominasie (onder Pellissier-Roos) vervul. Onder die invloed van veral Roos het die SAUK sy neutraliteit probeer demonstreer deur nie standpunt oor landsake in te neem nie. Sulke sake is wel in SAUK-programme bespreek, maar die Korporasie self of een van sy amptenare het nie standpunt ingeneem of kant gekies nie.

Die implementering van apartheid en verset daarteen het die wese van die apartheidstaat bedreig. Die SAUK onder Meyer en Fuchs het die "swart gevaar" en die opkoms van die liberalisme binne die konteks van 'n oorlewingstryd en ideë-oorlog bestempel. Fuchs (1969:250) se houding was dat in 'n ideë-oorlog "paai 'n mens niemand nie, jy gee net bietjies-bietjies oor." Derhalwe het die SAUK ongeag al die kritiek in die Engelse pers en deur opposisiepartye uitgesproke standpunt ingeneem vir die hegemoniese orde wat op die beginsel van rasgebaseerde nasionalisme gebou was. Swart onrus in Soweto en elders gedurende die tweede helfte van die sewentigerjare was die voorspel van 'n ekskalerende rewolusionêre aanslag in die tagtigerjare, en dit het verskeie aanpassings in die post-Meyer-era vereis.

3.2.1.2 SAUK-beleid en die hegemoniese orde: die tagtigerjare

Die tagtigerjare in die Suid-Afrikaanse politiek was tegelyk 'n tydperk van ongekende politieke aanpassings en gewelddadige verset. Aanvoorwerk vir 'n nuwe konstitusionele bedeling waarin blankes, kleurlinge en Indiërs beheer sou hê oor eie sake terwyl mag ten opsigte van gemeenskaplike sake gedeel sou word, is reeds in die tweede helfte van die sewentigerjare gedoen. Dit was 'n respons op dikwels onstuimige ontevredenheid onder veral kleurlinge, maar ook op die eskalering van swart verset na die Soweto-onluste van 1976¹¹ en toenemende internasionale druk op die Regering om opstuwende swart politieke aspirasies te akkommodeer. Soos reeds gestel, het die

Regering 'n nuwe plan vir die oplossing van 'n ou probleem voorgestel, naamlik konsensuspolitiek, en van onder meer die media verwag om hulle styl hierby aan te pas. Konsensusjoernalistiek het 'n gonswoord geword, en hierdie afdeling staan stil by die SAUK se verbintenis tot die aard en inhoud daarvan.

Steun vir konsensuspolitiek kom in verskeie beleidsdokumente van die SAUK gedurende die tagtigerdekade voor. In 1984 het die SAUK byvoorbeeld 'n credo uitgereik wat as sy "Missie en Filosofie" bekend gestaan het, en waarin sy verbintenis tot veelvolgigheid, harmonie, samewerking, en teenkating van rewolusie en politieke geweld beklemtoon word (SAUK, 1984d). In sy "Missie" onderneem die SAUK om die wense en behoeftes van die verskillende taal- en kultuurgroepe te bevredig, en 'n "positiewe" boodskap oor Suid-Afrika en sy mense uit te dra. Wat sy "Filosofie" betref, belowe die SAUK om in sy inligtings-, opvoedings- en vermaaklikheidsaak die eiesoortige taal- en kultuurbehoefte van die verskeidenheid volke in Suid-Afrika inag te neem, en te alle tye landsbelang voorop te stel (kyk ook *SAUK Bulletin*, Okt. 1984).

Een van die belangrikste beleidsdokumente in hierdie dekade, is die gekodifiseerde *Uitsaaibeleid* van die Korporasie wat in September 1985 verskyn het. Behalwe dat dit die SAUK se posisie en steun ten opsigte van sy lisensievoorwaardes uitgespel het, het die dokument onomwonde die uitsaaier se standpunt oor konsensuspolitiek en buiteparlementêre politiek gestel. Wat eersgenoemde betref, het die SAUK hom soos volg uitgespreek:

Die SAUK neem kennis van tendense in die landspolitiek wat dialoog al hoe sterker in fokus plaas; en rig hom gevolglik in om 'n kanaal vir konstruktiewe gesprek te wees. Hy bevorder begrip tussen gemeenskappe deur hulle in programme aan mekaar bekend te stel. (SAUK, 1985a:3.)

Dialoog, konsensus, versoening, die onderspeling van konflik, en die uitsluiting van rewolusionêres figureer ook sterk in 'n spesiale opdrag wat Eksteen in Julie 1987 aan bestuurskomiteelede gestuur het. In hierdie opdrag word hulle gevra om die dokument van September 1985 te bestudeer en te fokus op die SAUK se verpligting om 'n positiewe en konstruktiewe inset in debatte oor landsake te lewer en Suid-Afrika immer eerste te stel:

Daar moet noulettend en doelgerig daarna gestrewe word om harmonie tussen die land se verskillende gemeenskappe te bevorder en vrede in Suid-Afrika te bewerkstellig. (Eksteen, 1987d:2.)

Bogenoemde riglyne en bepalinge ten opsigte van konsensus, versoening, dialoog en naasbestaan mag as universele waardes voorkom wat in enige politieke bestel nastrewenswaardig is. Maar die konteks van hierdie riglyne binne SAUK-beleid was die selfverwesenliking van volke in 'n bepaalde politieke verband, naamlik die skeiding van vier statutêre groepe, te wete blankes, kleurlinge, Indiërs en swartes waarvan blankes se hegemoniese posisie deur konstitusionele meganismes asook militêre vermoëns en ekonomiese mag verskans was. Verder moet hierdie waardes in SAUK-beleid van die tagtigerjare gesien word in die lig van die Korporasie se redaksionele standpunt oor die selfbeskikkingsreg van groepe en konsensuspolitiek (Hoofstuk 4), asook sy beleid en standpunte jeens buiteparlementêre groepe (wat onderskeidelik in 3.2.2 en Hoofstuk 5 behandel word).

Wanneer die dokument van September 1985 vergelyk word met beleidsdokumente na 1990 (gegewe die politieke klimaat na 2 Februarie) en voor 1994 (die jaar van die eerste nie-rassige verkiesing), kom die werklike aard daarvan na vore, byvoorbeeld: in die redaksionele riglyne vir inligtingsprogramme opgestel in 1991, dit wil sê nadat die SAUK buiteparlementêre groepe as belangrike rolspelers in die politieke omgewing aanvaar het (kyk Hoofstuk 5), onderneem die Korporasie om 'n "vennoot" in die oorgangsproses na 'n nuwe politieke bedeling te wees, "skadelike" radikalisme (onskadelike radikalisme word dus implisiet erken) te ontmasker, 'n "brugbouer" tussen groepe (buite die konteks van apartheid en konsensuspolitiek) te wees, en om die "veelheid van politieke groepe" in die politieke proses te aanvaar en "billike nuusdekking" aan elkeen te gee (SAUK, 1991:1-5).

Verder het die SAUK in 1992 in sy *Gedragkode en Waardes* die politieke oorgangsfase en sy rol daarin erken, en toegegee dat die bestaande grondwetlike bedeling moes verander (SAUK, 1992a). In sy *Redaksionele Kode en Beleid* van daardie jaar word die werklikheid van radikales en gematigdes in die samelewing erken, en eersgenoemde word nie soos in die verlede afgeskiet nie (SAUK, 1992b). Teen 1993 het die *Waardes en Visie van die SAUK-Raad* die Korporasie verbind tot die strewe na demokrasie in Suid-Afrika wat "diep verdeeld" uit die

"apartheidstruktuur" getree het (SAUK, 1993). Die Raad, onder voorsitterskap van dr. Ivy Matsepe-Casaburri, het in hierdie stadium drasties in politieke samestelling en balans verskil van die bedeling wat in die era van konsensuspolitiek geheers het.

‘n Doeltreffende manier om die bedoeling van ‘n beleidsdokument te bepaal, is om die vertolkings daarvan te ontleed. Die SAUK se *Uitsaaibeleid* van September 1985 het die idees van Eksteen vergestalt, en daar is ‘n noue ooreenkoms tussen hierdie dokument en ‘n toespraak wat hy in Augustus 1984 voor die Kaapstadse Persklub gelewer het. In hierdie toespraak word konsensuspolitiek nie alleen gesteun met waarderings soos “n besondere en varse benadering” en die “produk van ‘n demokratiese proses” nie (Eksteen, 1984g:3), maar dit word aanvaar binne die konteks van Eksteen se siening oor die rol van die media in die samelewing.

Eksteen se media-beskouing word onderlê deur sy aanvaarding van die bereiking van die "hoogste mate van konsensus tussen deelnemende groepe", en die verwerping van die "konflik-politiek" wat volgens hom eie aan die Westminsterstelsel is (Eksteen, 1984g:4), en dit sluit aan by Heunis (1984) se konsepsie van die media se rol in die nuwe konstitusionele bedeling van die tagtigerjare. Oor hierdie rol spreek Eksteen hom soos volg uit:

Hy (die SAUK) sal punte van ooreenkoms in fokus plaas en in programme die positiewe help bevorder eerder as om verskille op te blaas en aan te blaas. Oor die Korporasie se staanplek moet daar by niemand enige twyfel wees nie: met die konstruktiewe benadering wat die skering en inslag van sy eie styl is, is die SAUK by uitnemendheid toegerus om die positiewe bydrae te lewer wat die huidige tydsgewrig van die media vereis. (Eksteen, 1984g:9.)

In die laaste sin van bogenoemde aanhaling lê die kern van Eksteen se konsepsie oor die rol van die SAUK in konsensuspolitiek, naamlik "wat die huidige tydsgewrig van die media vereis." Die eerste vereiste was dat die SAUK hom moes distansieer van wat Eksteen die "Nuwe Klas" media in internasionale en Suid-Afrikaanse joernalistiek genoem het (Eksteen, 1984g:7). Hierdie media het hulle in 'n opponerende, indien nie "vyandige" nie, rol tot die regering van die dag en selfs die "establishment" gesien. Hierteenoor het die SAUK gebly by die beskouing van die media as 'n vierde mag in die staatsbestel, dit wil sê as 'n medium wat in landsbelang in konstruktiewe interaksie met die Staat verkeer. Daarom, volgens Eksteen (1984g:7),

"definieer die SAUK homself uit die "Nuwe Klas" in die mediawese wat konflik en konfrontasie met die Staat voorop stel."

Wat het Eksteen hiermee bedoel? Eerstens dat die SAUK nie sy waghondfunksie teenoor die publiek sou versaaak nie, maar dat die Korporasie dit op 'n "konstruktiewe" wyse sou doen. Tweedens het hy die "Nuwe Klas" media en dit waarvoor hulle gestaan het, verwerp. Dié verwerping het die optrede van die SAUK jeens die nuwe bedeling bepaal. Onderliggend hieraan was die SAUK se konsepsie van landsbelang wat onder meer die skepping van 'n "ingeligte openbare mening" behels het (Eksteen, 1984g:8):

Die SAUK aanvaar dat die bereiking van die ideaal om 'n lewensvatbare orde in Suid-Afrika te skep, 'n orde waarin al die groepe van die land in eie reg en gesamentlik tot hulle volle reg kan kom, in die finale instansie afhanklik is van die peil van ingeligtheid; dat dit berus op die perspektiewe en konsensus-sentimente van die samestellende dele van die heterogene gemeenskap.

Hiermee het Eksteen die Korporasie se reflektoring van die debat beperk tot konsensussoekers, en hy het die SAUK verbind tot "konstruktiewe meningswisseling eerder as steriele konflik". Konfliksoekers en ontwrigters was in landsbelang buite gelaat, sonder 'n platform of spreekbuis om hulle standpunte te stel. Hulle stryd was ondergeskik gestel aan die Korporasie se voorneme om harmonie tussen groepe te bevorder, en daarom het die SAUK hom "volledig aan die kant van die beginsel van konsensuspolitiek teenoor die styl van politieke konfrontasie" verklaar (Eksteen, 1984g:12). Hierdie is die essensie van wat as konsensusjoernalistiek volgens Heunis (1984) se riglyne bestempel kan word.

Die SAUK se verbintenis tot konsensusjoernalistiek is 'n tema wat in verskeie jaarverslae, publikasies en toesprake van Eksteen en ander senior amptenare herhaal word. In 'n dokument van 'n interne SAUK-taakgroep om die "positiewe eienskappe van Suid-Afrika en sy gemeenskappe uit te dra" (Louw, 1984:2), word die voordele van die nuwe konstitusionele bedeling vir 'n groter Suider-Afrikaanse lojaliteit beklemtoon, asook die SAUK se verpligting in hierdie verband:

Die nuwe grondwetlike bedeling in die RSA, die sluiting van interstaatlike ooreenkomste met buurstate en die totstandkoming van multilaterale samewerkingskomitees waarop die leiers van onafhanklike en nasionale state sitting het, skep 'n ideale klimaat waarbinne 'n breër Suider-Afrikaanse lojaliteit kan gedryf.

Die breë massas sal volledig ingelig moet wees ten einde hulle leiers van die nodige ondersteuning te kan voorsien, terwyl deeglik rekening gehou word met die radikale element wat positiewe ontwikkeling ontwig en polarisasie en konflik bevorder.

Op 'n redaksionele vergadering van *Netwerk/Network*¹² op 22 Januarie 1986 het Sakkie Burger¹³ (Uitvoerende Hoofredakteur: Nuus en Openbare Aangeleenthede) 'n vertolking gebied van SAUK-beleid ingevolge Eksteen se toespraak voor die Kaapstadse Persklub, asook die amptelike beleidstuk van September 1985 (SAUK, 1985a). Volgens Burger het die SAUK hom onlosmaaklik verbind tot onderhandeling, konsultasie en konsensuspolitiek, en hy het dit beskou as die enigste manier om aan almal in die land 'n bestaansreg te verseker (vgl. SAUK, 1986a). Oor sy persoonlike gevoel en die SAUK se verbintenis tot die bevordering van die heersende bedeling, het hy hom soos volg uitgespreek:

Persoonlik onderskryf ek totaal dit wat ek vir u voorgehou het, in terme van ons uitsaaibeleid, omdat ek glo dat dit die enigste manier is wat die SAUK in die land 'n rol kan speel wat vir my en vir u en vir alle ander mense 'n bestaan bied. Ek gaan nie aandadig wees aan enige aksie in die SAUK wat na my mening, die mening van bestuur, hierdie land in 'n riskante politieke toekoms gaan dompel nie. (SAUK, 1986a.)

Die wyse waarop die produksiepersoneel van *Netwerk/Network* verplig was om die beginsels van konsensusjoernalistiek in hulle hantering van buiteparlementêre kwessies te hanteer, word in 3.3 en 3.4 behandel.

'n Keerpunt in die vertolking van die SAUK se rol as massamedium in die Suid-Afrikaanse politiek is na De Klerk se toespraak op 2 Februarie 1990 in verskeie beleidsuitsprake te bespeur. Die verband tussen nuuswaardes en nasionale waardes en hoe laasgenoemde eersgenoemde bepaal, het volgens Harmse dramaties na De Klerk se toespraak verander. Die feit dat nasionale waardes handomkeer verander het, het veranderings gevra van die media se hantering van die Suid-Afrikaanse situasie, en volgens Harmse het dit ook vir die SAUK gegeld (Harmse, 1990:22). Hy het steeds tradisionele waardes soos samewerking tussen verskillende groepe, evolusionêre verandering, beskaafde waardes, en vrye ondernemerskap beklemtoon, maar die herhaaldelike en onverbiddelike uitsluiting buiteparlementêre teenstanders van konsensuspolitiek het ontbreek. Hoewel die SAUK steeds nie bereid was om 'n platform te bied vir linkses en regsies wat geweld en chaos predik nie, word die

veelheid van belangegroepes, wat wyer strek as die erkende politieke partye binne die Parlement, by die onderhandelingsproses erken, en onderneem die SAUK "om aan elkeen van dié groepe sy regmatige nuusdekking op 'n billike manier te gee." (Harmse, 1990:25.)

Die konteks waarin Harmse die idee van "veelheid van belangegroepes" gebruik het, was die SAUK se erkenning dat onderhandelings oor 'n deelnemende demokrasie nie sonder 'n groep soos die ANC kon geskied het nie (kyk 5.3.3). Die metamorfose van die SAUK se politieke houding na 1990 word verder geïllustreer deur Harmse na aanleiding van die Britse vakbond Equity se besluit om sy verbod teen die Korporasie te handhaaf. Volgens hom het daar geen legitieme rede bestaan hoekom die verbod gehandhaaf moes word nie omdat die land op pad na 'n demokrasie was met gelyke regte en geleenthede:

The SABC, too, has undergone major changes during the past number of years, bringing it in step with political realities. We are an equal-opportunity organisation, and we operate in the spirit of the new South Africa. We do not discriminate against people because of colour. We have, during the last year, appointed several Black people to top posts. (Harmse, 1992:13.)

Die koersaanpassings wat die SAUK ten opsigte van sy politieke rol en verhouding met die Regering gemaak het, hou ook verband met die De Klerk-regering se benadering tot die uitsaaiwese wat vergestalt word in die aanstelling van 'n taakgroep in 1990 om ondersoek in te stel na uitsaaibeleid, -strategie, beheerstrukture en toekomstige behoeftes van die uitsaaiwese in Suid-Afrika. Die Viljoen-taakgroep (Viljoen, 1991) het in Augustus 1991 sy verslag uitgebring, en onder meer aspekte soos uitsaai-tegnologie, finansiering, mededingers, plaaslike programinhoud, die elektroniese media en opvoeding, en voorstelle vir 'n nuwe regulatoriese liggaam bespreek. Verset in veral buiteparlementêre kringe teen die taakgroep kom duidelik na vore in die Jabulani-konferensie oor 'n nuwe uitsaaibedeling in Suid-Afrika wat in Augustus 1991 in Nederland gehou is (vgl. Balch *et al.*, 1991). In hierdie verband kan die bydraes op dié konferensie deur Currie (1991:10), Markowitz (1991:41), en veral die groepsbespreking oor die taakgroep (Balch *et al.*, 1991:54-63) waarin vrae aan die voorsitter van die taakgroep en ook SAUK-raadsvoorsitter, Christo Viljoen, gestel is, as voorbeelde geneem word. Ondanks kritiek oor die samestelling en aard van die taakgroep, het dit belangrike aanvoerwerk gedoen vir die debat oor 'n nuwe

uitsaaibedeling in 'n nuwe politieke omgewing (kyk bv. Gerber, 1990; Van Zyl, 1991:27; Louw, 1993).

Die eerste drie jaar van die negentigerjare kan as 'n politieke oorgangsperiode tussen die driekamerstelsel en die nie-rassige demokratiese bestel na 27 April 1994 beskryf word. Dit is in hierdie periode dat partye 'n politieke speelveld probeer beding het wat na hulle mening gelyk sou wees. 'n Belangrike faktor in die gelykmakingsproses was die SAUK. Landwyse betogings oor die samestelling van die Raad, die feit dat 'n subgroep van Werkgroep 1 van die Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika (KODESA) na die rol van die elektroniese media in Suid-Afrika gekyk het, die kruisverhoortrant van openbare onderhoude met genomineerde raadslede vir 'n meer verteenwoordigende raad, die krisis rondom die weiering van die Staatspresident om die voorgestelde lys van 25 name te aanvaar, en die aanstelling van mense met ANC-verbintenisse in die topbestuur van die Korporasie (bv. Sisulu, Mokoetle en Reddy), is 'n bewys van hoe belangrik die Korporasie in die gelykmakingsproses was. Binne die SAUK het die besef ook gegroei dat met 'n nuwe hegemoniese orde die land se voorland, die uitsaaiwese nie gespaar sou word nie:

Soos oral in die wêreld is die bepaling van die toekoms van die uitsaaier helaas nie in sy eie hande nie. Politieke kragte en invloede, veral in 'n veranderende Suid-Afrika waarin baie skewes reguit gemaak moet word, sal in die finale instansie deurslaggewende invloede uitoefen - ook op die toekoms van die SAUK. Dat dramatiese veranderinge in die breë uitsaaitoneel, maar ook binne die SAUK, gaan plaasvind, is nie te betwyfel nie. (*SAUK Radio & TV*, April 1993:41-44.)

3.2.2 SAUK-beleid en buiteparlementêre verset

In die vorige afdeling is aangetoon hoe gebeure rondom Sharpeville in 1960 die SAUK op 'n dramatiese nuwe koers gestuur het in sover dit sy benadering tot die hantering van politieke kwessies betref het. In wese het dit die Korporasie verander van 'n weerspieëler van die omgewing na 'n vertolker daarvan. Uit 'n beleidsoogpunt kan 'n mens dus van 'n "sfeerverskuiwing" praat, te wete vanaf die sfeer van houdbare kritiek na die sfere van konsensus en deviansie. Soos reeds verduidelik in Hoofstuk 2 veronderstel die sfeer van houdbare kritiek nie neutraliteit of onbetrokkenheid jeens die belange van die dominante orde nie, en daarom kan die SAUK se rol as kulturele en ideologiese voertuig in die era voor Meyer nie ontken word nie. Maar die verskil na

Sharpeville is dat SAUK ondubbelsinnige keuses ten gunste van die hegemoniese orde gemaak het, en hom geskaars het teen die magte wat die heersende orde bedreig het.

3.2.2.1 Historiese konteks

In die lig van die politieke onrus in die begin van die sestigjare het die nuusbeleid van die Korporasie dit uitdruklik verbied om nuus oor dreigemente van protes, boikotte en stakings uit te saai, byvoorbeeld:

Such news as "there will be a general strike by Natives in a week's time must not be broadcast. We would be helping in the commission of a crime. (SABC, 1961:24).

Wat opstand en geweld betref, het die nuusbeleid uitdruklik gewaarsku dat die SAUK aanspreeklik gehou sou word indien 'n uitsending 'n opstand veroorsaak of 'n plofbare situasie nog meer plofbaar maak. Gegewe die politieke situasie in hierdie tyd, het die SAUK in sy korporatiewe beleid slegs politieke partye in die Parlement toegelaat om in uitsendings van 'n partypolitieke aard standpunte te stel. (SAUK, 1962.) Verder het die beleid berigte verbied wat rewolusionêre oogmerke binnelands bevorder of die openbare mening opswiep en die landsveiligheid bedreig.

Met die ANC, SAKP en PAC verbode verklaar in die begin van die sestigjare en binnelandse onrus grotendeels onder beheer (vgl. Davenport, 1991), het SAUK-beleid en standpunte soos verwoord in jaarverslae asook artikels en toesprake van senior amptenare die druk uit internasionale en binnelandse gelede op die apartheidsbeleid gereflekteer. Jan van Zyl (1964:18), hoof van die SAUK se nuusdiens in die vroeë sestigjare, meen dat Suid-Afrika met 'n volskaalse sielkundige oorlog te kampe gehad het, en dat linkse magte "alles in die stryd werp om deur middel van 'n intense propagandaveldtog die wil van die Suid-Afrikaanse volk te breek en 'n bres te slaan in die konserwatiewe westerse denke." Die fokus van SAUK-beleid was dus die liberale aanslag geloods deur die weste en sekere instellings in Suid-Afrika, onder meer die Engelse pers en Engelse universiteite.

Wat die wêreldwye studente-onluste van 1968 betref, het die SAUK die kern van hierdie betogings toegeskryf aan studente-organisasies, wat net soos kommunistiese organisasies, "hulle as buiteparlementêre opposisie beywer om die bestaande orde omver te werp en dit op 'n rewolusionêre manier." (JV, 1968:9.) Die

SAUK het in sy programme vir die jeug klem gelê op wat die Korporasie die "positiewe en gesonde openbarings" genoem het:

Langs hierdie weg word die goeie en positiewe in alle lewensvorme en lewensuittinge versterk tot 'n skans teen rewolusionêre aanslae van watter aard ookal. (JV, 1968:9.)

Die kwessie van 'n "rewolusionêre aanslag" teen Suid-Afrika het in die sewentigerjare in verskeie beleidstukke en -verklarings opgeduik. Steve de Villiers, hoof van *Radio Bantu* in die sewentigerjare en later Direkteur-generaal van die SAUK, praat byvoorbeeld van blywende waardes en basiese opvattinge van die gemeenskap "wat onderdruk geplaas word deur 'n rewolusionêre wêreldgees", en volgens hom moes die SAUK hom beywer om die "positiewe, die goeie en die blywende in die bestaande orde te versterk." (De Villiers, 1972.) In dieselfde trant praat die Korporasie van Suid-Afrika as die skyf van 'n "georganiseerde" rewolusionêre aanslag, waarop die SAUK onder meer die anatomie van ondermyning "indringend" vir sy luisteraars ontleed het (JV, 1972:57).

Douglas Fuchs (1974:11), programhoof van die Korporasie, praat ook van "blywende waardes" wat daagliks "onder druk geplaas (word) deur 'n rewolusionêre wêreldgees en deur massamedia wat hulle onder meer verbind het tot 'n oorlog teen die hele bestaande orde." Die SAUK se rol in hierdie verband was om "verantwoordelike en beproefde gedragsspatrone" te versterk tot 'n "skans teen rewolusionêre aanslae", aldus Fuchs.

Die rewolusionêre wêreldgees en aanslae waarvan Fuchs praat verwys in 'n groot mate na die politieke omgewing waarin Suid-Afrika hom in die eerste helfte van die sewentigerjare bevind het. Dit was 'n omgewing waarin Suid-Afrikaanse sportspanne al minder welkom geword het, internasionale organisasies soos die VVO en die Wêreldraad van Kerke (WRK) openlike steun aan onder meer die ANC en die South West African Peoples' Organisation (SWAPO) verleen het, Portugal nie meer sy mag in Mosambiek en Angola kon handhaaf nie, die insurgensiestryd op die land se grense geïntensifiseer het, en Richard Nixon (wat deur die SAUK as 'n bondgenoot van Suid-Afrika beskou is¹⁴) sy amp as Amerikaanse president vanweë die Watergate-skandaal moes neerlê (Davenport, 1991). Dié wêreld is volgens die SAUK onderlê

deur die “permissiwiteit van die pseudo-liberale wat die morele vesel van die Westerling tot voordeel van die kommunisme beskadig het.”¹⁵

Die tweede helfte van die sewentigerjare is gekenmerk deur swart opstand en die onderdrukking daarvan. In Junie 1976 het onrus van Soweto na swart woonbuurte oor die land versprei. Die klimaat vir die opstand is deur swartbewustheidsbewegings geskep, en die vonk was die verpligte gebruik van Afrikaans as 'n medium van onderrig in sekere vakke (Lodge, 1983). Volgens die SAUK het die onluste radio en televisie genoop om benaderings te prakseer om die publiek in te lig "sonder om in die slag te trap dat die Korporasie - soos elders in die wêreld gebeur het - 'n instrument vir die bevordering van onrus of paniek word." (JV, 1976:14.) Om joernalistieke roetines te beheer het die SAUK sekere “moets” vir die dekking van onluste opgestel, byvoorbeeld: die dramatiese potensiaal van "geïsoleerde" insidente moet nie uitgebuit word sodat 'n skewe geheelbeeld geskep word nie; die mening van die "swygsame meerderheid" moet in die onlustegebiede gesoek word en die stem van "redelikheid" moet hoorbaar gemaak word; verslaggewing moet "sober" wees ten einde panieksaaiery en emosionele spanninge te help voorkom (JV, 1976:14).

Onluste in swart skole het tot laat in 1980 voortgeduur en in die proses is Steve Biko, die prominentste swartbewustheidsleier in September 1977 in aanhouding dood, swartbewustheidsorganisasies in Oktober 1977 verbied, en 'n verpligte wapenboikot deur die VVO teen die Republiek afgekondig (Lodge, 1983). Teen die einde van hierdie dekade het lisensievoorwaardes (SA, 1979) riglyne neergelê ingevolge waarvan die SAUK sy bedrywighede rakende volkereverhoudinge en nasionale veiligheid moes reël. Onder hierdie voorwaardes was onder meer die verbod op die uitsaai van materiaal wat landsveiligheid bedreig en rewolusionêre oogmerke bevorder, of onrus en paniek kon veroorsaak. Hierdie bepaling is deur die SAUK in sy korporatiewe beleidskode gereflekteer (SAUK, 1979a, 1979b).

3.2.2.2 Die tagtigerjare

Voorvalle in 1980, soos die Silverton-bankbeleg en die vuurpylaanval op SASOL 2 in Secunda, het die SAUK volgens hom “sober en feitelik” weerspieël sonder om “gemeenskaps- en landsbelang te benadeel.” (JV, 1980:12) Sy benadering was die volgende:

Dit was gebeurtenisse met 'n ontsaglike dramatiese potensiaal wat deur die medium ingevolge sy aard geëksploiteer kon word, maar Televisienuus het hom berekend van sensasiejag weerhou. Spesifiek ten opsigte van dae van terreur soos by Sasol en die bankbeleg en ook tydens boikotte en stakings, het hy hom by die SAUK se breë uitgangspunt gehou dat sy gehoor akkuraat en feitlik ingelig moet word, maar dat die gebeurtenisse so in bulletins gehanteer moet word dat die medium nie 'n platform word vir elemente wat rewolusie en chaos wil stook nie. Redaksionele oordele moes omsigtig aangewend word om te onderskei tussen feitelike inligting wat verstrekkend moet word en aktivistiese propaganda wat ter wille van gemeenskaps- en landsbelang getemper of uit uitsendings geweier moet word. (JV, 1980:62.)

Die tema dat die uitsaaimedium nie 'n platform vir rewolusionêre propaganda moes bied nie, word herhaal deur die Korporasie in sy jaarverslag van 1981 waarin hy nuus en terreur die "tweeling-nagmerrie" noem (JV, 1981:8). In 'n jaar van verskeie opspraakwekkende sabotasie-aanvalle (kyk Lodge, 1983:340) het die Korporasie volgens hom sy inligtingstaak verrig sonder om die "handperd" van "onrusstokers, bomgooiers, brandstigters, kapers en ander gewelddenaars" te word. 'n Vaste Nuus- en Aktualiteitskomitee van vier lede wat alle program- en nuusdienste verteenwoordig het, is aangestel om programme te koördineer en om "redaksionele leiding te gee in die hantering van komplekse en sensitiewe aangeleenthede van aktuele belang." (JV, 1981:8).

Die politieke omgewing waarin die SAUK in hierdie stadium gefunksioneer het, was heelwat kalmer as die gewelddadige verset rondom Soweto van 1976. Maar die onderdrukking van die opstand het nie verhoed dat die basis vir ongekennde swart verset in die tagtigerjare gelê word nie. Die begin van die tagtigerjare is gekenmerk deur die stigting van gemeenskapsorganisasies ("civics"), vakbondgroepeerings en studentebewegings. Die 1983-Grondwet het die meeste van hierdie groepe saamgesnoer in die UDF, die eerste nasionale Charteristiese organisasie sedert die verbanning van die ANC in 1960, en ook die instelling wat op voetsoolvlak alledaagse en gelokaliseerde griewe met groter politieke eise op nasionale vlak gekoppel het (Swilling & Rantete, 1991:202). Wat die ANC self betref, het voorvalle soos die Silverton-bankbeleg, die aanval op SASOL 2, maar veral die Kerkstraat-bom in Pretoria in Mei 1983, hierdie organisasie se leidende rol in die rewolusionêre aanslag onderstreep (vgl. Lodge, 1987).

SAUK-beleid vanaf 1984-1988 reflekteer in 'n groot mate die idees van Eksteen. Met sy aanstelling in die begin van 1984 het verset teen die 1983-Grondwet en die Koornhof-wetsontwerpe oor swart plaaslike regering reeds wydverspreide ontevredenheid onder swartes veroorsaak. Hierdie verset is gekonsolideer met die stigting van die UDF op 20 Augustus 1983 in Mitchell's Plain. In die heersende klimaat het Eksteen dit as gebiedend noodsaaklik beskou dat die rewolusionêre aanslag "teen Suid-Afrika gestuit word", en in hierdie opsig het hy onderneem dat die SAUK hom "sal weerhou van aksies wat in die rewolusionêres se hande speel" (Eksteen, 1984b:15).

Met verwysing na die Kerkstraat-bom het Eksteen uitgebrei op die SAUK se beleid om versigtig met beskikbare feite en visuele materiaal om te gaan "omdat die aktivis en die terroris hierdie soort geweldsake beplan om paniek en ontsteltenis te saai." (Eksteen, 1984c:4.) Volgens hom was dit absoluut noodsaaklik dat die SAUK sy deel onvoorwaardelik bydra om te verhoed dat die rewolusionêre aanslag teen Suid-Afrika enige sukses behaal, 'n "hoë prioriteit" in al sy dienste waaroor daar geen twyfel behoort te bestaan nie.

In 'n toespraak by die Suid-Afrikaanse Lugmagkollege in Pretoria oor die SAUK se bydrae in die teenwerking van die propagandaveldtog teen die Republiek, het Eksteen die SAUK se bereidwilligheid om aktief aan die teenrewolusionêre stryd deel te neem, besonder sterk beklemtoon (Eksteen, 1984d). In dié toespraak het hy onder meer die volgende menings uitgespreek: sielkundige aksie, of strategiese kommunikasie, is 'n sleutelement in die soort stryd waarin Suid-Afrika gewikkel is; die skeidslyn tussen die nuusmedia se inligtingstaak en diens aan die rewolusionêr is "mespunt dun"; rewolusie word aangemoedig in kerke, vakbondraadsale asook universiteitskampusse, en die boodskap word verder gedra deur "hordes individue" en informele media wat dikwels joernaliste in die "meer linkse koerante" plaas om die rewolusionêre boodskap van die "grass roots"-koerant na 'n wyer gehoor uit te dra. En wat die SAUK se teenrewolusionêre rol betref, stel hy dit soos volg:

Wat die SAUK nodig het om sy rol effektief te kan speel, is dade - op maatskaplike, politieke, ekonomiese of dan ook militêre vlak - wat die mat onder die voete van die rewolusionêr kan uitpluk. Dan kan hy as kommunikasiemedium inspring en hom op sielkundige terrein die genadeslag toedien. (Eksteen, 1984d.)

'n Interessante opmerking wat Eksteen by dieselfde geleentheid gemaak het, is die dilemma van die teenrewolusionêre stryd in die geval van meer tuislande wat in die toekoms onafhanklik kon word. In sulke gevalle voorsien hy dat wat strategiese kommunikasie as teenoffensief teen die rewolusionêre aanslag betref, radiostasies in hierdie state nie noodwendig die spel gaan speel volgens die reëls wat die SAUK aanvaar het nie:

Waarom sou hulle? Wat is daar vir hulle in sodanige terughoudendheid waneer dit byvoorbeeld by arbeidsonrus kom? (Eksteen, 1984d.)

Die een deel van Eksteen (1984g) se toespraak by die Kaapstadse Persklub het oor die SAUK se steun vir konsensuspolitiek gegaan. 'n Ander belangrike deel het oor die Korporasie se verbintenis tot die praktyke van konsensusjoernalistiek gehandel. Benewens die onderbeklemtoning van konflik en die soeke na raakvlakke, het die Korporasie hom verbind tot die uitsluiting van buiteparlementêre groepe. Die kern van die toespraak is dat die SAUK sy inligtingsfunksie sou nakom maar sonder om 'n platform te word vir diegene wat met woord of daad rewolusie, onluste of ontwrigting in die land probeer skep het:

Die SAUK is, omdat hy landsbelang voorop stel, 'n onbeskaamde bondgenoot van die Staat in sy stryd teen die rewolusionêre aanslag; en hy rig hom in sy unieke - en ek meen ook onvervangbare - rol te speel om 'n Suid-Afrika te probeer skep wat vir die rewolusionêr se denke en dade ontoeganklik is. (Eksteen, 1984g:12.)

Die klem wat Eksteen op die soeke na konsensus in beriggewing en situering gelê het, impliseer dat daardie groepe wat volgens hom "hulleself uit eie keuse óf uitgedefinieer het óf nog gaan elimineer uit die konsensuspolitiek ten gunste van die rewolusionêre en ondemokratiese metodes", nie kon aanspraak maak dat die Korporasie hulle standpute "enigsins sal reflekteer nie." (Eksteen, 1984g:13.) In hierdie opsig het hy spesifiek na die ANC en sy bondgenote verwys:

Dus sal daar ook in die nuwe bedeling geen simpatieke oor in die SAUK wees vir die boodskap van terreur van die ANC of sy gesiglose meelopers, in watter gedaantes hulle ook al mag verskyn nie - wie hulle ookal mag wees, hier of in die buiteland. (Eksteen, 1984g:14.)

Eksteen het die twee sentrale temas, naamlik steun vir konsensuspolitiek en die voorneme om nie 'n platform vir rewolusionêre denke en publisiteit te wees nie, herhaal

nadat 'n spesiale komitee van die Mediaraad oor die vrye vloei van inligting sy standpunte oor die dekking van buiteparlementêre politiek gekritiseer het (vgl. McClurg, 1984b). Sy verweer was dat terwyl die SAUK oor die "hele werklikheid verslag doen", hy hom nie beskikbaar sou stel vir die bevordering van ideologiese aksies wat op rewolusie, gewelddadigheid en "ondemokratiese optrede" berus het nie (Eksteen, 1984h). Hy meen dat die Korporasie nie sy oë vir hierdie gebeure toekny nie, en voeg by dat die SAUK in die konteks van landsbelang bedag is op die doelwitte, strategieë en metodes van die "hedendaagse buiteparlementêre aktivis." (Eksteen, 1984h.) Hierdie uitgangspunte is deur senior amptenare (bv. Burger, 1984; Louw, 1984) en in die SAUK se verslag aan die Parlement benadruk (JV, 1984:10).

Die laaste kwart van 1984 het 'n nuwe fase in swart verset ingelui. Dit het met die opstand in die Vaaldriehoek begin en na ander dele in die land versprei totdat dit met die landwye noodtoestand van Julie 1986 onderdruk is. Volgens Swilling en Rantete (1991:202) was hierdie periode 'n keerpunt in swart weerstandspolitiek. Eerstens het politieke groepe in hulle gevegte met die veiligheidsmagte die moontlikheid van rewolusionêre verandering gesien. Hierdie idee is versterk met die vestiging van alternatiewe "people's" instellings, asook koppeling met die ANC se strategie van 'n volksofstand en -oorlog (kyk Lodge, 1987). Tweedens het wydverspreide opstande in Suid-Afrika enersyds die weg gebaan vir openlike steun aan die ANC as 'n politieke mag, en andersyds toenemende erkenning onder Suid-Afrikaners en die buitewêreld dat hierdie organisasie nie uit onderhandelings oor 'n nuwe konstitusionele bedeling gesluit kon word nie. Derdens het vakbonde die stryd teen die Staat betree, 'n werklikheid wat deur die stigting van COSATU in Desember 1985 onderstreep is. Vierdens het die buiteparlementêre spektrum verbreed soos kerke, menseregtegroepe, die alternatiewe pers en diensorganisasies hulle agter die UDF geskaar het.

Teen bogenoemde agtergrond het die SAUK 'n onversetlike houding ingeneem teenoor diegene wat sy inligtingsfunksie in die heersende omstandighede, asook die instelling van die Direktoraat Openbare Aangeleenthede (DOA) om hierdie funksie ten opsigte van nuusaktualiteite te verrig (sien 3.3.1), gekritiseer het (vgl. *Rand Daily Mail*, 5 Jul. 1984; Mischke, 1984:12). Eksteen (1985a) het onderneem dat die SAUK die grenslyn tussen diensbaarheid aan die politieke aktivis en sy verpligting om die

publiek oor gebeurtenisse wat hulle bestaan raak in te lig, noulettend sou eerbiedig. Oor die kritici het hy die volgende te sê gehad:

Die SAUK sal ook ten alle koste die slaggtat vermy om 'n propagandis vir onrus en rewolusie te word. As daar mense is wat vir my of die SAUK of albei wil kwalik neem oor hierdie standpunt en onder skoot wil kry, dan moet dit maar so wees. Dan moet hulle ook die gelag betaal indien ons andersins sou optree. (Eksteen, 1985a.)

Die mate waartoe die SAUK bereid was om woord te hou oor sy voorneme om nie iets uit te saai wat publisiteit aan buiteparlementêre groepe sou verleen nie, blyk uit sy verbod op die musiek van die Amerikaanse sanger Stevie Wonder wat in Maart 1985 sy Oscar vir die liedjie *I just called to say I love you* uit die rolpent *Woman in red* aan Nelson Mandela opgedra het (vgl. *Argus*, 27 Mrt. 1985; *Beeld*, 27 Mrt. 1985; *Rand Daily Mail*, 27 Mrt. 1985). In 'n verklaring het Eksteen die verbod soos volg verdedig:

Stevie Wonder is openlik in sy bewondering van en staan simpatiek teenoor 'n verbode persoon en 'n organisasie wat al soveel leed vir Suid-Afrikaners van alle bevolkingsgroepe veroorsaak het. Ook gesien teen die agtergrond dat die SAUK tantieme moet betaal ten opsigte van musiek wat uitgesaai word, is die Korporasie nie bereid om op enige wyse, hoe indirek of hoe gering ookal, die ANC of sy verbode leier te begunstig of hul aksies teen Suid-Afrika te help bevorder nie." (Eksteen, 1985b.)

Die SAUK se besluit ten opsigte van Wonder se musiek moet ook teen die agtergrond gesien word van die Staatspresident se aanbod op 31 Januarie 1985 in die Parlement om Mandela vry te laat indien Mandela geweld afsweer as 'n middel om politieke doelwitte te bereik (Hansard, 1985, kol. 320). Mandela het die aanbod verwerp (Mandela, 1994). In hierdie tyd het verskeie gebeure die afkondiging van die noodtoestand in Julie 1985 voorgeloop, byvoorbeeld: die Langa-voorval¹⁶ naby Uitenhage, halssnoermoorde in swart woonbuurte, strenger veiligheidsmaatreëls in hierdie woonbuurte, die UDF se beoogde veldtog van burgerlike ongehoorsaamheid, stakings in die goudmynbedryf, gevegte tussen die UDF en AZAPO, handgranaataanvalle op twee kleurling-parlementslede, en die weermag se aanvalle op ANC-teikens in Gaborone (vgl. bv. Moss & Obery, 1987).

Wat die dekking van onluste in die noodtoestand betref, het Eksteen (1985e) in 'n verklaring in September 1985 volstrek geweier om 'n "medevervaardiger" van

geweld en rewolusie te wees, en om die SAUK se uitsaaidienste beskikbaar te stel vir wat hy die "plegers van terreur" genoem het:

They would not enjoy this opportunity by using conventional channels of democratic politics: it is the use of violence, intimidation and terrorism that gives them that platform. This the SABC will deny them, thus not furthering their aims on both radio and television.

Eksteen se sienings oor die dekking van buiteparlementêre verset is in 'n groot mate saamgevoeg in die beleidsdokument van September 1985 (kyk 3.2.1.2). In hierdie dokument word die taboes rakende die dekking van buiteparlementêre politiek deur die SAUK in duidelike taal bepaal:

Spesifiek wat dié groepe en instansies aanbetref wat die bestaande orde met geweld, onrusstokery, burgerlike ongehoorsaamheid of ander vorme van buiteparlementêre ongrondwetlike optrede wil ondermyn, lê die SAUK omsigtigheid aan die dag. Die SAUK is bedag om die strategie van die rewolusionêr om met buiteparlementêre agitatie homself op die voorgrond te plaas en die media-hooflyne in te palm; en bepaal gevolglik dat uitsendings op so 'n wyse gehanteer sal word dat die persoonlike beeld van die rewolusionêr en ander radikale op geen wyse hoegenaamd gebou of uitgedra word nie. (SAUK, 1985a:3.)

Die Staat se beperkings op televisiedekking van onluste in die begin van November 1985 het om bogenoemde redes ook die volle steun van die SAUK geniet. Wat sy eie TV-nuusdekking betref, het die Korporasie na sy mening onlusgebeure feitelik weergegee, nuwe neigings en verwickelinge toegelig, maar "sonder om die reeds oorverhitte situasies verder aan te blaas." (JV, 1985:66.) Hierdie benadering is voor en na die afkondiging van die gedeeltelike noodtoestand gevolg, aldus die SAUK.

Groter insig en beter begrip vir die SAUK se evaluering van die politieke toestand in die land, en die gevolglike rasionalisering van sy beleid jeens buiteparlementêre politiek, word verkry deur 'n ontleding van die genoemde *Netwerk/Network*-redaksievergadering op 22 Januarie 1986 onder voorsitterskap van Sakkie Burger (kyk 3.2.1.2). Die vergadering is bygewoon deur produksiepersoneel van *Netwerk* en *Network* waaronder die programme se uitvoerende regisseurs, naamlik Freek Robinson en Marie Bruyns. Vanweë die belangrikheid van hierdie vergadering (SAUK, 1986a) uit 'n beleidsoogpunt, word vervolgens in besonderheid daarna gekyk.

Wat die politieke of veiligheidsituasie betref, het Burger in sy verdediging van die SAUK se uitsaaibeleid gesê dat die Korporasie van die land se eiesoortige situasie moes kennis neem, en dat die Korporasie hom nie kon veroorloof om in 'n "naïewe 'fools paradise' te lewe deur te glo dat die verhewe doelstellings en beginsels van uitsaaidienste in die vrye wereld noodwendig net so gekopieer kan word in die land wat ons moet bedien." (SAUK, 1986a.) Daarom moes die SAUK die veiligheidsituasie in aanmerking neem in die bepaling van wat hy bereid was om uit te saai. Oor die veiligheidsituasie in die begin van 1986 het Burger hom soos volg uitgelaat:

Die veiligheidsituasie in hierdie land hoef ek seker nie aan enigeen van u te verduidelik nie. Om die waarheid te sê, die verwagting is, selfs nou terwyl dit redelik stil lyk, dat 1986 vir ons op veiligheidsgebied meer hoofbrekens gaan gee as enige tyd in die verlede. Intern en ekstern, en as gevolg van die wesentlike aard van ons veiligheidsituasie, met die inligting waaroor ons van tyd tot tyd inwin daaroor, moes die SAUK vir hom sekere parameters trek oor wat hy beskou as billik en regverdig is, vir 'n uitsaaidiens wat die nasionale belang dien, maar wat terselfdertyd 'n inligtingsfunksie het waarop hy hom sterk stel, en dit wat vir ons mense so breedvoerig as moontlik in te lig oor alle verwikkelinge in die land wat sy lewenstog en lewensbestaan raak. (SAUK, 1986a.)

Die parameters waarvan Burger praat, het in die praktyk neergekom op ondubbelsinnige riglyne oor die dekking van buiteparlementêre groepe in programme soos *Netwerk* en *Network*. Met verwysing na 'n "dringende gesprek" wat op Vrydag 17 Januarie 1986 tussen Eksteen en die hoofredaksie van die nuusafdelings plaasgevind het, het Burger van die besluite wat tydens hierdie gesprek geneem is aan die vergadering verduidelik. Hy het veral klem gelê op 'n besluit om steun te verleen aan die Staat en alle ander instansies wat geweld as 'n metode vir die oplossing van probleme verwerp het. Dit het ook bepaalde implikasies vir die ANC ingehou:

Die ANC word dus as 'n gespreksgenoot verwerp. Die SAUK rapporteer wel oor die ANC maar die Korporasie sal geen platform bied vir die propagering van die organisasie se standpunte nie. (SAUK, 1986a.)

Burger het ook die aanwesige regisseurs gewaarsku dat hy nie die "onbillike uitdaging" van sy gesag sou duld nie, en dat hierdie gesag net ter sprake sou kom in die geval van beginselbotsings ingevolge die beleidskode van September 1985. Maar wat het dit in terme van die verwysing na en gebruik van buiteparlementêre groepe in programme beteken? Burger verduidelik:

In terme van die praktyk beteken dit dat alle groepe in hierdie land wat 'n vreedsame oplossing van politieke geskille nastreef, en wat deelneem aan die demokratiese prosesse per definisie welkom is as gespreksgenote in ons programme. Implikatief beteken dit ook dat groepe soos die ANC, UDF, AZAPO, AWB en diesulkes, per definisie nie outomaties as gespreksgenote in ons programme welkom is nie. (SAUK, 1986a.)

Die gebruik van "per definisie nie outomaties" beteken dat indien regisseurs in sommige situasies "om bepaalde goeie redes" sulke groepe in programme wou gebruik, die hoofredakteur ingevolge 'n besluit op die genoemde hoofredaksievergadering oor die wenslikheid daarvan moes besluit. Só 'n besluit sou nietemin deur die veiligheidsituasie bepaal word, en in hierdie stadium het die SAUK by monde van Burger die ANC en die UDF oor dieselfde kam geskeer ten opsigte van gewelddadige metode, radikale inhoud, en die weiering om aan demokratiese onderhandelings deel te neem tensy dit op hulle voorwaardes geskied. Die kans dat 'n UDF-woordvoerder sy saak onbelemmerd in 'n SAUK-program kon stel, was dus uiters skraal in die begin van 1986. Ingevolge bestaande wetgewing was dit in elk geval verbode om ANC-lede as deelnemers in uitsendings te gebruik.

Gegewe die prominensie wat die ANC in Suid-Afrikaanse politiek met die opstand in swart woonbuurte geniet het, het die SAUK gepoog om 'n bepaalde beeld van dié organisasie te projekteer. (Wat hierdie beeld behels het, word deur die loop van Hoofstuk 5 bespreek.) Rob Fysh, 'n *Network*-regisseur, het tydens die vergadering gemeld dat die SAUK se beeld van die ANC nie as geloofwaardig deur Engelstalige kykers beskou word nie. Maar Burger was van mening dat geeneen van die aanwesiges op die vergadering hom of die meerderheid in Suid-Afrika sou oortuig dat die beeld wat die SAUK van die ANC geprojekteer het, enigiets anders as die werklikheid was nie. Die beeld was een van 'n organisasie wat deur kommuniste gemanipuleer word, 'n werklikheid waarvoor "onweerlegbare bewyse" volgens Burger bestaan het. Hy het voorts gewaarsku dat enige van die teenwoordiges wat aandring dat hy sy instelling teenoor die SAUK se hantering van die ANC moet verander, in die verkeerde beroep was. Met Fysh (in SAUK, 1986a) se beswaar dat die beeld wat die SAUK van die ANC projekteer, 'n geloofwaardigheidsprobleem onder Engelssprekendes skep, het Burger soos volg verskil:

As a matter of fact I can quote you now English speakers of very high standards, from Anglo-American to Nigel Mandy, to the Standard Bank executives who will say to me, who in fact told me, in public conversation, specifically vis-à-vis the debate on the ANC that we are not reflecting English speaking sentiments in South Africa, and that in fact we are radical leftist¹⁷ in what we are trying to do. If with those people in mind, together with a vast element of PFP supporters, not even to mention the NRP, if I am to be told to adjust my programme approach, to accommodate them, in my view a minority of English speakers as represented by the English press, then I say I'm sorry, I am not prepared to do that. If you (Fysh) feel that by adopting that stance are inhibiting your credibility, then we will have to talk about this. (SAUK, 1986a.)

Die veiligheidsituasie in die land en die dooie punt in onderhandelings oor swart politieke regte (kyk Hoofstuk 4) het ook tot gevolg gehad dat die grense van ongewenste persone en instellings verbreed is om diegene in te sluit wat nie erkenning aan die Regering se hervormings wou gee nie (kyk Hoofstuk 5). Hierdie mense was nie as sodanig deel van die buiteparlementêre groep nie, maar in die oë van die SAUK het hulle deur hulle optrede dieselfde behandeling as buiteparlementêre groepe verdien. Neem byvoorbeeld die geval Eric Mafuna, 'n sakeman, wat Marie Bruyns tydens bogenoemde vergadering (SAUK, 1986a) geopper het.

Mafuna het per geleentheid aan 'n besprekingsprogram op *Network* deelgeneem. Daaropvolgende versoeke deur Bruyns om sy deelname is geweier omdat Mafuna volgens Burger nie bereid was om toe te gee dat daar wel vordering op die onderhandelings- en hervormingspad gemaak word nie. Burger se volledige motivering vir sy weiering om Mafuna weer te laat deelneem, is soos volg:

What I say is, when I offer Eric Mafuna the opportunity to participate in a debate, and there I want to give credit to the leader of the panel of discussion of that evening, but even he was in a stage in that debate embarrassed by the fact that this guy, just for the hell of it, refuses to acknowledge any advance in the situation of this country over the last few years, for his own political reasons whatever that might be. So my contention is, that Mafuna had the opportunity of stating exactly what he believed in, and what should be done, but he wasn't prepared to give one inch of recognition of what already has been done to accommodate our various peoples. So in terms of our task of influencing the minds of people outside, Mafuna's contribution that night was to harden the attitude of a large majority of whites in this country, which I regard as detrimental to our main object, and that is

to bring people together. I can't allow that, I've got no hassles with Mafuna's political views, he's got them; he is by all evidence a capitalist, he is against violence, but apart from that I would believe that he will also be of the intent of trying to resolve problems, and not to magnify them, trying to soften the attitude of people, and not harden them, and he didn't do that. And as far as I am concerned Mafuna's appearance that night on television did nothing, nothing to the end of achieving something that we stand for in this country. (SAUK, 1986a.)

Burger het Eugene Terre'Blanche se optrede aan die einde van 1985 in die aktualiteitsprogram *Pols* oor dieselfde kam geskeer. Volgens Burger het Terre'Blanche die vryheid van televisie gehad, en hy het niks gedoen as om net die houding van gematigde swartes te verhard nie. Sowel Mafuna en Terre'Blanche het na Burger se mening nie bygedra tot die SAUK se belangrikste funksie nie, naamlik om mense in die konteks van konsensuspolitiek bymekaar te bring. Wat Mafuna betref, het sy kapitalistiese en nie-gewelddadige sentimente verseker dat hy nie "vir die res van sy lewe" 'n ongewenste deelnemer sou wees nie. Sy en ander soortgelykes se deelname sou in die toekoms deur die heersende klimaat of omstandighede in die land bepaal word, aldus Burger (SAUK, 1986a).

Nog 'n persoon uit buiteparlementêre geledere wat weens sy standpunte oor veral sanksies en disinvestering, asook sy beroep op steun vir die ANC tydens sy besoek aan die VSA in die begin van 1986 (RRS, 1986:317-319), die gramskap van die SAUK op die hals gehaal het, is aartsbiskop¹⁸ Desmond Tutu. Tydens die *Netwerk/Network*-vergadering het hierdie outeur gevra dat mense soos Tutu toegelaat moes word om aan programme deel te neem as 'n bydrae om polarisering en radikalisering in die land teen te werk. Burger se reaksie was soos volg:

Ek dink ons moet net een ding nie uit die oog uit verloor nie, en dit is dat die situasie waarin Suid-Afrika vandag verkeer, of ons kollegas nou dit wil aanvaar of nie, dit is 'n feit, word die aksies van hierdie mense wat julle nou so graag wil laat praat, om die radikalisme te stol, word nie noodwendig deur daardie mense self gedikteer nie. Daar is magte aan die werk in hierdie land wat ons nie mag misken nie. Ek dink as ons wil eerlik wees en as ons die inligting wat beskikbaar is uit die veiligheidsgemeenskap van hierdie land neem, dan moet ons aanvaar dat daar mense is wat as hy sy soort van politiek kon bedryf, dit anders sou gedoen het as wat hy nou toegelaat word om te doen. Ek wil net nie hê dat ons 'n totaal naïewe situasie moet najaag nie, waarin ons dink dat as ons nou die UDF die geleentheid gee om te

kom praat, dan is dit nie werklik die wesenlike gevoel van 'n UDF-demokraat wat net die beste vir hierdie land voor oë het nie. In 90 persent van die gevalle wat jy daardie ou gaan kry, gaan dit nie hy wees en wat hy wil sê nie. (SAUK, 1986a.)

Burger het geglo dat die "blootstelling van hierdie soort mense" op televisie eerder tot polarisasie en die verharding van gesindhede sou lei omdat dit die "een miljoen KP's so 'n weersin gee wat in hierdie land aan die gebeur is, dat ek myself in die voet skiet daarmee, en dieselfde geld vir radikales aan die swart kant." (SAUK, 1986a.)

Die *Netwerk/Network*-vergadering was aan die begin van 1986, 'n jaar wat gekenmerk is deur toenemende politieke geweld en strenger veiligheidsoptrede om verset in woonbuurte te onderdruk. Die eerste groot skok hierdie jaar was die bedanking van Frederik van Zyl Slabbert in Februarie as opposisie-leier uit die Parlement. In dieselfde maand het geweld in Alexandra naby Johannesburg uitgebreek, en hoewel die gedeeltelike noodtoestand in die begin van Maart opgehef is, het hernude geweld in swart woonbuurte aan die einde van hierdie maand streng polisie-optrede vereis (vgl. RRS, 1986). Die gees van swart verset is weerspieël in 'n omstrede toespraak van Winnie Mandela in die middel van April in Munsieville waarin sy gesê het: "Together, hand-in-hand with our boxes of matches and our necklaces, we shall liberate this country." (Vgl. Ries & Dommissie, 1990:40.) Terwyl 'n sending van die Statebond die politieke situasie in Suid-Afrika ondersoek het, het die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) in die middel van Mei verskeie ANC-sentra in buurstate aangeval. Oproepe om met die ANC te onderhandel word deur die Buro van Inligting (1986) beantwoord met 'n boekie "Praat met die ANC" waarin die Buro probeer aantoon hoekom nie met die ANC gepraat moet word nie. Teen Junie 1986 neem geweld in swart woonbuurte sulke afmetings aan dat die Regering op 12 Junie 'n algemene noodtoestand afkondig. Nogtans duur geweld by swart skole en in die woonbuurte voort, en in Oktober 1986 word die UDF tot 'n geaffekteerde organisasie verklaar (vgl. bv. Frankel *et al.*, 1988).

Die SAUK het in die meeste van hierdie gebeure die hand van die ANC gesien. Korporatief was sy doel om werklikhede te weerspieël "sonder om aan rewolusionêre en radikale elemente 'n platform vir die verkondiging van hulle standpunte of ideologieë te bied." (JV, 1986:10.) Besondere dienste het meer spesifieke pogings

geloofs. Betreffende nuus en openbare aangeleenthede, meen die SAUK dat hy deurentyd sensasionale beriggewing vermy en landsbelang vooropgestel het, terwyl hy die kwessies van hierdie jaar soos hierbo genoem "sober, feitelik en juis gereflekteer" het (JV, 1986:76). Vir die Nguni- en Sotho-radiogroep was die ANC aan die spits van 'n verskerpte en multidimensionele aanslag wat "grootskaalse onsekerheid, verwarring en selfs vrees" veroorsaak het. Daarom het hierdie radiogroep as 'n "geloofwaardige stem van billikheid en rede" die snel veranderende situasie in Suid-Afrika vir die swart bevolking geantisipeer en geïnterpreteer (JV, 1986:46).

Radio RSA, die buitelandse diens van die SAUK, het luisteraars oorsee en veral in Afrika ingelig oor die "swart vryheidstrewer", dat dit nie onderdruk word deur die Suid-Afrikaanse owerhede nie, "maar dat die ANC as voorstander van geweld deur die meeste Suid-Afrikaners veroordeel word." In sy programaksie het hierdie diens die ANC voorgehou as 'n terroriste-organisasie wat benewens die daarstelling van 'n Marxistiese staat, die hervormingsbeleid omver wou werp (JV, 1986:50).

In die lig van politieke hervormings gedurende 1986, die onderdrukking van verzet deur die noodmaatreëls, en die intensifisering van internasionale druk in die vorm van sanksies en disinvestering, het Radionuus in die Nguni-Sotho-dienste deurlopend aandag geskenk aan die "noodsaaklikheid van die bekampings van onrus, rewolusionêre optrede en terreur", asook "die Staat se vredesinisiatiewe in belang van voortgesette hervorming". In die 1986-jaaroorlog van radionuus in hierdie tale word ook gerapporteer dat die "gevaar en nadelige" uitwerking van sanksies en disinvestering "in letterlik honderde nuusberigte en oudioverslae" aan luisteraars verduidelik is, terwyl ondernemingsvryheid en die demokratiese proses teenoor sosialisme en die kommunisme "sterker as ooit te vore by die luisteraar tuisgebring is". (JV, 1986:74.)

In 1987 het die SAUK volgehou om buiteparlementêre groepe nie 'n platform vir hulle denke en optrede te bied nie. Hoewel die noodtoestand tot die vermindering van onrus bygedra het (kyk Kotzé & Lourens, 1988:188-192), het die Korporasie nie alleen sy rol as bondgenoot van die Regering in die bekampings van die rewolusionêre aanslag geherdefinieer nie, maar ook omvattender en duideliker riglyne neergelê vir die hantering van rewolusionêre geweld. Hierdie optrede moet egter binne die konteks van die veranderende politieke omgewing van 1987 gesien word.

Volgens Swilling en Rantete (1991:202) het die landwye noodtoestand en die Staat se teenrewolusionêre program onder beheer van die Nasionale Veiligheidsbestuurstelsel (NVBS) (vgl 4.2.3) 'n verpletterende effek op die UDF en baie van sy gemeenskapsgebaseerde filiale gehad. In April 1987 het die Staat toenemende agitatie oor die aantal aangehoudenenes sonder verhoor vasgevat met beperkings wat aanhitsing vir hulle vrylating verbied het (kyk bv. *Weekend Argus*, 11 Apr. 1987; *The Sunday Star*, 12 Apr.1987). Drie maande later is die noodtoestand hernu. 'n Voorsprinaanval in April het verskeie ANC-lede in Lusaka gedood. Op 6 Mei is 'n algemene verkiesing onder blankes gehou met die fokus op hervorming, stabiliteit en nasionale veiligheid. Aan die einde van Augustus is nuwe mediaregulasies ingestel om die alternatiewe pers aan bande te lê (kyk Venter, 1987:15; *Beeld*, 4 Sep. 1987). Om onrus op Engelse kampusse hok te slaan, is nuwe voorwaardes in Oktober aan universiteite gestel om vir subsidies in aanmerking te kom (vgl. Sarakinsky, 1989).

Swilling en Rantete (1991:202) meen ook dat die noodmaatreëls se verlamende effek op die UDF ruimte gelaat het vir vakbonde en kerke om die vakuum te vul. In April 1987 het bykans 20 000 werkers van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste begin staak. In Augustus het werkers van die poskantoor, Yskor en die steenkoolmyne aan stakings deelgeneem wat nie sonder geweld en saakbeskadiging gepaard gegaan het nie (vgl. RRS, 1987/88).

Wat kerke betref, het Tutu se kritiek op die Suid-Afrikaanse Regering tydens sy besoek aan Australië in Januarie 1987, sy en ander kerklikes se volgehoue beroepe op sanksies en disinvestering, asook die SARK se standpunt oor geweld as 'n geregverdigde middel van verset (kyk 3.3.3.2), kerke in die buiteparlementêre arena lynreg in konfrontasie met die Staat gebring (kyk bv. Villa-Vincencio, 1987; Nolan, 1988; RRS, 1987/88).

Die ANC het ook in 1987 sy vyf-en-sewentigste bestaansjaar gevier, en in hierdie tyd het oproepe om onderhandelings met die ANC en die ontbanning van dié en soortgelyke organisasies al hoe meer die rondte begin doen (vgl. bv. Du Plessis, 1987). Lodge (1987:10-12) meen dat die ANC teen hierdie tyd amper 'n regering in ballingskap geword het. Dit was die gevolg van doelbewuste pogings om sy diplomatieke statuut te verhoog, byvoorbeeld: in eerste helfte van 1986 voer die ANC samesprekings met lede van die Statebond se Eminent Persons Group (EPG). Na 'n

feitesending in Suid-Afrika beveel hulle in Junie 1986 onder meer die vrylating van Mandela en die ontbanning van die ANC en PAC aan. Later in 1987 dreig hulle met omvattende strafmaatreëls indien Suid-Afrika nie binne ses maande bevredigend hervorm nie (vgl. *The Star*, 14 Aug. 1987; Esterhuyse, 1990a:115).

Ander voorbeelde van die ANC se diplomatieke skuiwe is die volgende: 'n ontmoeting in September 1986 tussen Oliver Tambo en sir Geoffrey Howe, die Britse Minister van Buitelandse Sake; samesprekings in November 1986 tussen Tambo en die Algemene Sekretaris van die Kommunistiese Party van die Sowjet-Unie, die eerste keer volgens Lodge (1987) dat 'n ANC-leier 'n persoon van hierdie statuut in die Sowjet-Unie ontmoet het; 'n ontmoeting in Januarie 1987 tussen Tambo en George Schultz, Amerikaanse Minister van Buitelandse Sake, in Washington; later in 1987 het Tambo uitgebreide reise in Japan en Australië onderneem (RRS, 1987/88:703-705).

Lodge (1987) meen dat die kern van hierdie samesprekings met veral Westerse leiers was dat dit die hand van die voorstanders van onderhandelings tussen die ANC en die Regering versterk het. Die dilemma van die Regering, wat in hierdie stadium volgens Friedman (1990:18) nog gepoog het om buite die ANC en buiteparlementêre kringe 'n onderhandelde skikking met gematigde swartes te bereik, was dat die ANC al hoe groter legitimiteit in die weste begin geniet het. Hierdie legitimiteit het 'n aansienlike hupstoot gekry met besoeke soos die groep Afrikaners wat die ANC in Dakar in Julie 1987 ontmoet het. Ongeag interne spanninge wat sulke besoeke intern vir die ANC veroorsaak het (vgl. Lodge, 1988:246), het dit groter legitimiteit vir die ANC en minder legitimiteit vir die Suid-Afrikaanse Regering tot gevolg gehad.

Ander dilemmas wat die hegemoniese orde in 1987 onder druk geplaas het, het betrekking op die interne kohesie van die orde, interne stabiliteit, en eksterne druk gehad. 'n Botsing tussen P.W. Botha en Allan Hendrickse in Januarie (die "swemvoorval" - kyk 5.1.7) het in Augustus tot die bedanking van die Leier van die Huis van Verteenwoordigers uit die Kabinet gelei. In Oktober word George Matanzima as leier van die Transkei uitgesit en deur Stella Sigcau vervang, om in die begin van Januarie 1988 deur Bantu Holomisa in 'n militêre staatsgreep uitgesit te word (kyk 5.1.7).

In Mei 1987 word 3 polisiemanne in 'n bomontploffing gedood, en in Desember breek hernude gevegte tussen Inkatha en die UDF rondom Pietermaritzburg uit. In die res van die land vlam geweld in verskillende plekke op. Gedurende die jaar verskerp die veldtog teen die aanhouding van kinders in Suid-Afrikaanse tronke. Prominent is veral 'n plaaslike instansie soos die DPSC en 'n internasionale organisasie soos die American Lawyers' Committee for Civil Rights Under Law (ALCCRUL). In September het 'n konferensie in Harare hierdie tema aangespreek (vgl. RRS, 1987/88).

Op internasionale gebied het die sanksieveldtog teen Suid-Afrika in Amerika 'n hoogtepunt bereik met President Reagan se ondertekening van wetgewing wat gemik was om die Amerikaanse begrotingstekort te verminder, maar waarvan 'n klousule Amerikaanse maatskappye in Suid-Afrika dubbeld (in Suid-Afrika én in die VSA) belas het (vgl. *Die Burger*, 21 Des. 1987; *Daily Dispatch*, 24 Des. 1987).

Die vraag kan dus gevra in watter mate bogenoemde agtergrond breedweg 'n invloed op die SAUK se beleid jeens buiteparlementêre groepe gehad het. In die begin van 1987 het Eksteen informele gesprekke met radio- en TV-nuuspersoneel gehou. Dit was na aanleiding van volgehoue kritiek in die pers oor die Korporasie se hantering van verkiesingsnuus (kyk bv. Breier, 1987a), en lekkasies deur SAUK-personeel aan die pers oor ontevredenheid veral in die nuusdiens (kyk Van Zyl, 1987). Sowat 200 joernaliste het hulle op 'n vergadering op 23 Maart 1987 volledig met die SAUK se verkiesingsriglyne geïdentifiseer, eenparig hulle lojaliteit teenoor die SAUK herbevestig, en die persaantygings heeltemal verwerp (kyk Eksteen, 1987a:1). Tydens 'n vroeëre vraag-en-antwoord-indaba met nuuspersoneel van TV1 het Eksteen kwessies soos die krisis in die land, rewolusie en die uitsaaibeleid aangespreek (vgl. Van Zyl, 1987).

Volgens Eksteen het die land, en ook die SAUK, deur 'n krisis gegaan. Die SAUK se krisis was die aanslag op sy geloofwaardigheid, en hy het verwag dat hierdie aanslag in die komende maande verskerp sou word. Die land het 'n rewolusionêre aanslag in die gesig gestaar, en hieroor het die SAUK volgens Eksteen in sy uitsaaibeleid 'n baie eenvoudige standpunt ingeneem, naamlik: "Die SAUK het 'n keuse gemaak teen rewolusie - en die SAUK staan hiervoor in al sy vertakkinge." Eksteen se slotsom (soos aangehaal deur Van Zyl, 1987) was ewe eenvoudig: "Onthou, as die land val, val die SAUK ook."

Om die land in sy teenrewolusionêre stryd te steun, het Eksteen enersyds verwag dat kragte in dieselfde rigting deur 'n eenvormige vertolking van die beleid aangewend word, en andersyds geëis dat diegene wat nie bereid was om in dieselfde rigting te trek nie, die moed van hulle oortuiging moes hê om dit te sê. "Ons sal hulle verskoon indien hulle elders hulle sienswyses wil uitleef", het Eksteen volgens Van Zyl (1987) gewaarsku.

Beheer oor materiaal wat moontlik die rewolusionêre aanslag kon bevoordeel, het nie net ten opsigte van SAUK-personeel gegeld nie, maar ook vir buitelandse joernaliste wat van die Korporasie se transmissiegeriewe gebruik gemaak het. Op 6 Mei 1987 het die SAUK hierdie geriewe aan 'n Australiese TV-joernalis, Richard Carleton, geweier omdat hy volgens Eksteen "totaal buite die grense van vryheid en meningsuiting" beweeg het (Eksteen, 1987b; vgl. ook Dobson, 1987:4). Die betrokke joernalis het in 'n geredigeerde inleiding tot 'n paneelbespreking rondom die verkiesing op 6 Mei sekere stellings oor geweld in Suid-Afrika gemaak wat Eksteen in 'n persverklaring oor die voorval as "blatante onwaarhede", "gif", "verdraaiings" en 'n "valse beeld" bestempel het. Van die stellings waarteen Eksteen beswaar gemaak het, verwys na Soweto as "immensely violent with police and army shooting almost at random", Soweto as 'n afgesperde woonbuurt waar die polisie en soldate "answerable to no one, are roaming at will", en Nelson Mandela as "that Black leader rotting in Pollsmoor prison" (kyk Eksteen, 1987b; Dunn, 1987:4).

Volgens Burger, wat die optrede van Carleton nie as kritiese dog verantwoordelike joernalistiek bestempel het nie, maar as die misbruik van SAUK-geriewe om onregverdige aanvalle op Suid-Afrika die buitewêreld in te stuur, het die SAUK in sy anti-rewolusionêre rol "nog nooit verskoning" gevra vir sy openlike ondersteuning van sekere sake en sy teenkanting van ander nie (Burger, 1987). Waarvoor die SAUK hom ingelaat het, was die konsolidering oor rassegrense van anti-rewolusionêre en versoenende standpunte, en waarteen die Korporasie hom geskaar het, was die reflektering van radikale en rewolusionêre idees en ideologieë. Die optrede teen die Australiër het voor die hand liggend in die tweede kategorie geval (kyk ook Eksteen, 1987g).

Daar is 3.1. na die SAUK se hantering van eerwaarde Allan Hendrickse se bedanking uit die Kabinet verwys. In reaksie op gerugte dat hy afgedank is, het

Eksteen 'n verklaring op 29 Augustus 1987 gemaak om hierdie gerugte te weerlê (Eksteen, 1987e). Wat interessant van die verklaring is, is dat hy buite die konteks van die Hendrickse-voorval die geleentheid gebruik het om opnuut die SAUK se solidariteit met die Regering (miskien meer spesifiek P.W. Botha) te verklaar. Hoewel Hendrickse se bedanking nouliks met die rewolusionêre aanslag te doen gehad het, het Eksteen nietemin die SAUK opnuut tot die bestryding van die rewolusionêre klimaat verbind, en voorts sy steun toegesê aan die standpunt dat onderhandelings met leiers en partye wat geweld ter bereiking van politieke doelwitte voorstaan, buite die kwessie was. Ten slotte het hy ook die tema dat die SAUK geen platform vir rewolusionêres sou bied nie, herhaal. Implisiet het Eksteen dus die Regering se standpunt om nie met Mandela en die ANC te onderhandel nie, gesteun.

Twee dae na hierdie verklaring het Eksteen 'n "Spesiale Opdrag" aan bestuurskomiteedelede gestuur waarin hy weer klem gelê het op Suid-Afrika as die skyf van 'n rewolusionêre aanslag, en dat die Korporasie hierdie aanslag "met alle middele tot sy beskikking" moes bestry (Eksteen, 1987f:1). Die doel van hierdie opdrag was "om duidelikheid te bring oor die sensitiwiteite en werklikhede waarbinne programme hanteer moet word." Die grootste deel van die opdrag handel oor duidelike riglyne vir redaksionele beheer "ter bevordering van landsbelang." Hierdie riglyne word in 3.4 bespreek.

In sy getuienis voor die WVK op 16 September 1997 het Vic McPherson (1997), 'n voormalige hoof van die polisie se eenheid vir koevert strategiese kommunikasie (Stratkom), 'n definisie van die konsep strategiese kommunikasie gegee. In breë trekke het dit die beplande en gekoördineerde uitvoering van 'n handeling, en/of die aanbieding van 'n boodskap deur kommunikasiemiddele behels. Die doel is om houdings, waardes en lewensbeskouings van individue te beïnvloed. Dit kan ook wees om 'n bepaalde houding te skep, of om 'n bestaande houding te handhaaf. Voorts wil strategiese kommunikasie vyandige propaganda neutraliseer, of dit andersins tot eie voordeel benut. Laastens streef dit nasionale doelwitte na, en poog dit om hierdie doelwitte te verwesenlik.

Die SAUK het homself "sonder voorbehoud" as strategiese kommunikator in die stryd teen die rewolusionêre aanslag beskikbaar gestel. In 'n dokument wat 'n oorsig gee van die periode Desember 1983 tot Oktober 1987 verwys die Korporasie na

'n "verhewigde" rewolusionêre aanslag wat 'n "ingrypende" invloed gehad op die wyse van die Korporasie se hantering van nuus (SAUK, 1987d:74). Oor sy rol as strategiese kommunikator gedurende hierdie periode het die SAUK die volgende gesê:

Die Korporasie aanvaar sonder voorbehoud dat strategiese kommunikasie, oftewel sielkundige aksie, 'n sleutel-element in die teenrewolusionêre offensief is. Oor die afgelope vier jaar het die SAUK verskeie fundamentele verstellings in sy Nuusafdeling gemaak om sy rol as strategiese kommunikator in landsbelang so effektief as moontlik te kan speel. (SAUK, 1987:74.)

Die SAUK het nietemin erken dat sy "onbeskaamde" weiering om 'n uitsaaipatform aan radikale en rewolusionêre elemente te bied, 'n geloofwaardigheidsprobleem geskep het. Hiervoor het hy ook die pers geblameer wat volgens hom bygedra het om 'n indruk te wek dat die Korporasie in sy teenrewolusionêre stryd 'n "mondstuk" of "lakei van die NP-regering is" (SAUK, 1987d:135).

3.2.2.3 Oorgangsjare

Die jaar 1988 was die einde van wat as die periode van die onderdrukking van verset genoem kan word (vgl. Swilling & Philips, 1989). Die volgende jaar het die verandering van 'n regeringshoof gesien en 'n tydperk ingelui wat op omvattende en inklusiewe onderhandelings uitgeloop het. Maar 1988 was ook 'n dramatiese jaar vir die SAUK, want op 20 April van daardie jaar het Eksteen die diens van die Korporasie na groot omstredenheid verlaat. Sy opvolger, Wynand Harmse, se eerste prioriteit was monetêr van aard, en sy politieke uitsette in die vorm van toesprake, beleidsverklarings, spesiale opdragte, asook probleme met die pers, politici en politieke instellings was sigbaar baie minder as in die geval van sy voorganger. Na die bedanking van Eksteen het die Korporasie ook 'n nuwe nuusbeleid opgestel wat in sy geheel aan die nie-politieke gegrens het, met ander woorde meer klem op joernalistieke waardes en minder op die ideologiese (vgl. SAUK, 1988a, 1988b).

Maar wat Suid-Afrika betref, het onderdrukking van verset soos beperkings op buiteparlementêre organisasies in Februarie 1988, aanvalle op ANC-teikens in Botswana in Maart, hernuwing van die noodtoestand in Junie, en wetgewing om buitelandse befondsing van buiteparlementêre groepe te monitor in Desember, te midde van 'n groter besef van die onvermydelikheid van inklusiewe onderhandelings geskied.

Ondanks toenemende spanning tussen sekere kerke en die Staat oor eersgenoemde se rol in versetpolitiek en Tutu se beskouing van sanksies as "the last peaceful option", (vgl. Williams & Hackland, 1988:287), en ten spyte van landmyne en ontploffings by openbare plekke, en nieteenstaande wegbly-aksies deur vakbonde gereël, het parlementêre sowel as buiteparlementêre deelnemers aan die stryd om hegemonie teen die einde van die tagtigerjare besef dat hulle in 'n doodloopstraat was. Die erodering van die hegemoniese orde is deur nog besoeke van Suid-Afrikaners, waaronder 'n afvaardiging van die Rugbyraad in Oktober, aan die ANC onderstreep, terwyl internasionale druk vir 'n onderhandelde skikking (soos wat in Suidwes en Angola aan 't ontwikkel was) toegeneem het (vgl. RRS, 1987/88, 1988/89).

Die ANC se welslae op diplomatieke gebied het nietemin sy prestasies in die gewapende stryd oortref (kyk bv. Lodge, 1987:10). Suksesse van die veiligheidsmagte soos die blootlegging van sy Broederstroomsel, asook netwerke in die Kaap en Noord-Transvaal, onthullings oor ANC-strafkampe in Angola, en regionale vredesinisiatiewe het bygedra tot groter realisme onder al hoe meer ANC's oor die organisasie se werklike militêre vermoëns en die haalbaarheid van die tweeledige strategie, naamlik gewapende stryd gekombineer met 'n grootskaalse volksopstand (kyk Lodge, 1989).

'n Klemverskuiwing vanaf magsoorname na onderhandeling was dus nie net realisties nie, maar ook onvermydelik. Reeds in Oktober 1987 het die Nasionale Uitvoerende Komitee (NUK) van die ANC sy bereidwilligheid getoon om te onderhandel mits aan sekere voorwaardes voldoen word. In die nadraai van Dakar en ander besoeke het die organisasie hom volgens Lodge (1989) vir die eerste keer ten gunste verklaar van 'n handves van menseregte om individuele regte te beskerm. In 1988 gaan die organisasie verder en publiseer hy konstitusionele voorstelle wat volgens Lodge (1989:48-49) 'n konkretisering van die Vryheidsmanifes van 1955 was.

In welke mate sulke gebeure in die politieke omgewing die SAUK se uitsaaibeleid beïnvloed het, is moeilik om presies te bepaal. Soos in Hoofstuk 5 aangetoon word, het die uitsluiting van die ANC uit die onderhandelingsproses nog sterk in 1988 in die redaksionele kommentaar van die Korporasie gefigureer. Maar waaroor geldige afleidings gemaak kan word, is dat die dominante posisie van nuus en openbare aangeleenthede op strukturele en organisatoriese vlakke stelselmatig 'n kreeftegang na die vertrek van Eksteen gegaan het (kyk 3.3). Verder kan met

sekerheid afgelei word dat vernuwing in die topbestuur, Raad en selfs op ministeriële vlak aan die einde van die tagtigerjare wat beleid betref, 'n beduidende invloed gehad het op die Korporasie se verklaarde standpunt oor die rewolusionêre aanslag en sy aandeel in die teenrewolusionêre stryd. Vergelyk byvoorbeeld die onderhoud van Harmse met Van Zyl (1988:8) oor die SAUK se pad vorentoe, met die meerderheid van Eksteen se toesprake, verklarings en artikels waarna tot dusver verwys is. In hierdie onderhoud in Junie 1988 het Harmse, toe nog waarnemende Direkteur-generaal, nie een keer na die rewolusionêre aanslag, die SAUK se teenrewolusionêre rol, of die krisis in die land verwys nie.

Soos gesê, het Eksteen die diens van die SAUK aan die einde van April 1988 verlaat. Skaars drie weke na sy bedanking het 'n nuwe beleidstuk op 9 Mei die lig gesien (SAUK, 1988b). Hierdie dokument was geskoei op 'n stuk wat die bestuurskomitee in oorleg met 'n konsultant na aanleiding van raadsbesluite op 2 Maart 1988 opgestel en aangepas het (SAUK, 1988a). Die eerste dokument het na 'n raadsvergadering in die begin van Mei amptelike beleid geword. Albei dokumente het die korporatiewe beleid ten opsigte van kultuur, opvoeding, vermaak, nuus, programbronne, TV-programreserwes, finansies, tegniese aspekte, sekerheid, mannekrag en produktiwiteit gestel. Wat nuusbeleid betref, het die Korporasie met die volgende volstaan:

Die verskillende gemeenskappe sal betroubaar, ewewigtig en deurlopend ingelig word oor nuusgebeure op die plaaslike, nasionale en wêreldtoneel met inagneming van die eise van die tyd, van die landsbelang en die heersende statutêre bepalinge wat op die Korporasie se werksaamhede betrekking het. (SAUK, 1988b.)

In sy jaaroënskou het die Korporasie ook verkies om ten opsigte van nuusbeleid sy rol as bondgenoot van die Staat in die bekamping van die rewolusionêre aanslag af te skaal. Steeds het die "binnelandse terreuraanslag en internasionale propaganda- en disinvesteringsveldtogte" die nuusafdeling genoop om sy inligtingstaak in landsbelang "met verantwoordelikheid uit te voer en om sensasiejoernalistiek te vermy" (JV, 1988:47), maar wat die "nuwe" nuusbeleid betref, het die SAUK nie weer die verbod teen 'n uitsaaipatform vir radikale en rewolusionêre herhaal nie. Dit is nietemin in 'n mate herhaal deur die verslag van die radio- en TV-dienste van die Nguni-Sotho-groep wat "deurgaans" 'n bydrae gelewer het om "die rewolusionêre

klimaat teen te werk, en om die demokratiese hervormingsproses in die land toe te lig." (JV, 1988:50.)

Ondanks militante massa-aksie, stakings, protesoptogte, politieke geweld, en internasionale ekonomiese druk (vgl. RRS, 1988/89, 1989/90), was 1989 die jaar van politieke koersverandering wat die land en die SAUK betref. Die eerste tree is vroeg in die jaar gegee toe Botha na 'n ligte beroerte op 18 Januarie 1989 as nasionale leier van die NP bedank het. Hierdeur is die ampte van Staatspresident en hoofleier van die NP geskei. F.W. de Klerk het op 2 Februarie die nuwe hoofleier geword. Op 5 Julie het die Staatspresident (Botha) en Nelson Mandela mekaar in Tuynhuys ontmoet. Daar was konsensus tussen die twee leiers dat 'n vreedsame oplossing in Suid-Afrika bereik moes word. In 'n verklaring het Mandela standpunt ingeneem dat dialoog met die demokratiese beweging van die massa, en in die besonder die ANC, noodsaaklik is om geweld te beëindig (kyk Ries & Dommissie, 1990:225).

Botha het op 15 Augustus 1989, presies vier jaar na sy Rubicon-toespraak (kyk Hoofstuk 4) en skaars drie weke voor die algemene verkiesing, as Staatspresident bedank. De Klerk is op 20 September, twee weke na die verkiesing, as die tweede uitvoerende Staatspresident ingehuldig. 'n Week tevore het sy regering geen beswaar teen 'n protesoptog in Kaapstad gehad nie (vgl. *Argus*, 21 Aug. 1989), en minder as 'n maand later word agt sekuriteitsgevangenes vrygelaat. Vyf van hulle, onder wie Walter Sisulu, voormalige sekretaris-generaal van die ANC, was saam met Mandela in die Rivonia-verhoor. Aan die einde van November kondig De Klerk veranderinge aan die NVBS aan wat die houvas van sekurokrate op die Suid-Afrikaanse samelewing sou verminder (kyk bv. Nathan & Philips, 1992). Einde Januarie 1990 belowe hy om die polisie se rol van handhawers van politieke veiligheid na gewone polisiëring te herdefinieer (*The Star*, 29 Jan. 1990; *Die Burger*, 30 Jan. 1990). Kortom, te midde van voortslepende politieke ontevredenheid onder swart Suid-Afrikaners, het De Klerk se styl en sy politieke sprong op 2 Februarie 1990 die dooie punt oor 'n omvattende en almalinsluitende konstitusionele bedeling uiteindelik gebreek.

Die verandering in die politieke omgewing in 1989-1990 word duidelik in die beleid en inhoud van die SAUK weerspieël. In Hoofstuk 5 word aangetoon dat hoewel die SAUK in sy redaksionele kommentaar steeds gebeurde soos die optrede van Winnie Mandela se MUFC in 1989 gebruik het om die ANC in 'n swak lig te stel, die

Korporasie stelselmatig in hierdie jaar die insluiting van die ANC en ander buiteparlementêre groepe in die onderhandelingsproses aanvaar het. Aanstons sal ook aangetoon word dat wat joernalistieke roetines betref, die einde van die Botha-era groter ruimte vir SAUK-joernaliste geskep het om hulle werk in minder onderdrukkende omstandighede te verrig. Johan Pretorius het byvoorbeeld voor die WVK getuig dat "after 1989 the NP pressure dropped dramatically." (Pretorius, 1997.)

In die 1989-jaarverslag van die Korporasie word ook van 'n "strategiese koersaanpassing" gepraat wat die Nuusafdeling gemaak het om by die eise van die tyd en die samelewing aan te pas. Van die afdeling se strewes was "die verbreding van gemeenskaplikheid en die verinniging van 'n gemeenskapsin in die samelewing" en "die onderskraging van gematigde waardes wat in die samelewing geëien word". (JV, 1989:16.) Hoewel dit oënskynlik na SAUK-waardes van die Botha- en vroeëre eras lyk, het die konsepte gemeenskaplikheid en gematigdheid nou almal ingesluit, parlementêr sowel as buiteparlementêr, wat geweld verwerp of aangedui het dat bepaalde prekondisies tussen hulle en die verwerping van geweld staan. Na sy ontmoeting met Botha het die SAUK byvoorbeeld Mandela binne die kader van gemeenskaplikheid geplaas, hoewel hy nie bereid was om die ANC se gewapende stryd te los nie (kyk 5.3.3).

Die mate waartoe die SAUK bereid was om buiteparlementêre groepe te betrek, blyk uit 'n onderhoud van raadsvoorsitter Christo Viljoen in Augustus 1990 met Bell en Ronge (1990). Na aanleiding van die parlementêre debat oor die SAUK vroeër daardie jaar waartydens alle partye volgens Viljoen konstruktiewe kritiek gelewer het, is hy gevra of die SAUK ook die ANC sou raadpleeg. Met klaarblyklieke verwysing na raadslid Marina Maponya, het hy geantwoord dat die ANC op grond van persoonlike verhoudings met raadslede, reeds 'n leidingsbuis na die Korporasie gehad het (Bell & Ronge, 1990:19).

Die politieke realiteite van die negentigs het ook die SAUK verplig om sy tradisionele beleid dat slegs georganiseerde parlementêre politieke partye se standpunte uitgesaai kon word, te wysig. Harmse het die SAUK as 'n brugbouer tussen groepe gesien, wat beteken dat buiteparlementêre groepe met hulle dikwels "onkonvensionele metodes en uitlatings" ook gehoor moes word (Harmse, 1990:20). Die SAUK in die algemeen en die nuusafdeling in die besonder het ook die "veelvoud van belangegroepe

binne en buite die grondwetlike onderhandelingsproses" as 'n werklikheid aanvaar. Waar die Korporasie eens volstrek geweier het om enigiets uit te saai wat geweld gepredik het, het hy dit nou vermy "of so gehanteer dat die minste moontlike emosie opgewek is." (JV, 1990/91:20.)

Hierdie afdeling het probeer aantoon hoe buiteparlementêre groepe vir die grootste deel van die tagtigerjare deur die amptelike beleid van die SAUK, asook in beleidsuitsprake deur sleutelamptenare gemarginaliseer is. Ofskoon konsepte soos totale aanslag, totale strategie en rewolusionêre aanslag nie maaksels van hierdie periode was nie, het dit nietemin in dié era, wat deur sommige as grensende aan 'n burgeroorlog en deur ander as 'n volksofstand bestempel is (vgl. Lodge, 1987), besondere betekenis gekry. Wat die SAUK en die Eksteen-era betref, was die mees uitstaande kenmerk waarskynlik die wyse waarop die Korporasie homself as 'n strategiese kommunikator in die teenrewolusionêre stryd beskikbaar gestel het. Die oortuiging waarmee Eksteen sy organisasie tot strategiese kommunikasie verbind het, het lisensievoorwaardes, wetlike maatreëls en eksterne druk om die SAUK op ideologiese koers te hou, oënskynlik oorbodig gemaak. Terwyl die SAUK voorsorg getref het om nie 'n handperd van rewolusionêres te word nie, was hy inderdaad 'n gedienstige lakei van die hegemoniese orde.

Die val van Eksteen en Botha het nie 'n radikale omkeer in die hegemoniese diskoers van die SAUK se beleid, werking en programinhoud teweeggebring nie,¹⁹ maar dit het minstens die geleentheid vir buiteparlementêre groepe gebied om hulle voet in die uitsaaideur te kry. Hoe belangrik dit was om volle en gelykwaardige toegang tot hierdie medium te kry, blyk uit die twispunt wat die SAUK in die aanloop van die 1994-verkiesing geword het (vgl. bv. *Interkom*, Febr. 1992; Mrt. 1992; Nov. 1992). Die Korporasie was in geen geringe mate 'n belangrike faktor in die gelykmaking van die breë Suid-Afrikaanse politieke speelveld nie. Die aanstelling van ANC-gesinde soos Zwelakhe Sisulu, Solly Mokoetle en Govin Reddy in die bestuur van die Korporasie, en die herstrukturering van die raad onder Matsepe-Casaburri was wat die ANC betref, waarskynlik 'n stap in hierdie rigting

3.3 STRUKTURELE AANPASSINGS EN DIE BEHOUD VAN DIE HEGEMONIESE ORDE

In hierdie afdeling word gekyk na strukture wat in respons op gebeure in die politieke omgewing geskep of geherstruktureer is, en ten doel gehad het om die bestaande orde te steun teen die rewolusionêre aanslag van die tagtigerjare. Hierdie strukture het te make met die konsolidasie van beheer oor nuus- en program-aktualiteite, samewerking met staatsdepartemente, en die aanwending van godsdiens. Hoewel hierdie studie nie kan aanspraak maak dat die volledige spektrum van strukturele aanpassings gedek word nie, was die aanpassings in hierdie ietwat arbitrêre indelings van deurslaggewende belang in die periode 1984-1988, met ander woorde die Eksteen-jare. Hierdie afdeling word afgesluit met 'n blik op die strukturele aanpassings in die SAUK in die post-Eksteen-periode.

3.3.1 Die konsolidasie van beheer

Die politieke omgewing in die tagtigerjare het ook strukturele aanpassings binne die SAUK vereis. Die nuwe verhouding tussen blankes, kleurlinge en Indiërs binne die driekamerstelsel en die SAUK se verbintenis tot konsensusjoernalistiek het onder meer gelei tot die skepping van 'n korporatiewe hoofredaksie, die uitbreiding van die parlementêre redaksie, en die aanstelling van meer kleurling- en Indiërsverslaggewers. Die doel was eerstens om kleurling- en Indiërgemeenskappe vir hulle opkoms in die groter politieke opset voor te berei, en tweedens om 'n goeie verstandhouding tussen die redaksie en die nuusmakers in hierdie gemeenskappe te bou (JV, 1983:32).

Die skepping van DOA in 1984 was die eerste groot strukturele verandering onder Eksteen as Direkteur-generaal. Hierdeur is alle radio- en televisieprogramme oor openbare aangeleenthede asook alle nuusdienste onder die nuushoof gekonsolideer. Die motivering hiervoor (SAUK, 1984b, 1984c) was dat die vorige stelsel tekort geskiet het aan beheer, effektiewe koördinasie, doeltreffende personeelaanwending, en bowenal aan die vermoë om 'n "voortbestaanstrategie" in Suid-Afrika te bevorder:

Die eise het eweneens groter geword ten opsigte van die standpunt waarop die SAUK hom gestel het by monde van die Direkteur-Generaal, naamlik sy aandeel in die bevordering van die voortbestaanstrategie in Suid-Afrika. Die groeiende eise wat aan die nasionale uitsaaimeidium gestel word ten opsigte van sy hantering van

bestaanskwessies, vra nou meer as ooit deeglike en deurlopende beplanning, koördinasie en eenselwige strategie oor daardie sensitiewe sake wat tot op die vervaardigingsvlak deurgevoer kan word. (SAUK, 1984b.)

Die verdeling van aktualiteitsprogramme in die ou bedeling tussen die nuus- en programafdeling onder twee verskillende adjunk-direkteur-generaals en met 'n gesamentlike Nuus- en Aktualiteitskomitee het volgens die SAUK (1984c) koördinasie en eenvormigheid teengewerk, en in Eksteen se gesprek op 4 Julie 1984 met personeel oor die stigting van DOA het die noodsaaklikheid van eenvormigheid wat die SAUK in sy nuus- en inligtingsprogramme wou uitdra, voorrang geniet:

Die instelling van die Direktoraat: Openbare Aangeleenthede beteken onder meer dat programme en seksies logieserwys gegroepeer word; dat een vertikale lyngesag geskep word; programidees gesentraliseer word in een direktoraat waar dit geïnisieer, beplan, uitgeklaar en voltooi kan word; korporatiewe aksie na binne en na buite word in 'n eenvormige gedagtegang en produk gelewer. (Eksteen, 1984e:5.)

Vir die SAUK was hierdie sentralisasie in die konteks van sy selfverklaarde rol in die nuwe bedeling en die rewolusionêre klimaat noodsaaklik. DOA moes as 'n "doelmatige en doeltreffende meganisme" nie alleen 'n "eenvormige gedagtegang" verseker nie, maar ook nuusgebeure in die rewolusionêre klimaat "deurlopend teen die agtergrond van landsbelang" hanteer (SAUK, 1987d:74). Die behoefte aan 'n eenvormige gedagtegang en die sentralisasie van beheer het nie alleen alle aktualiteitsprogramme onder DOA geplaas nie, maar ook tot konsolidasie en rasionalisasie van sekere soorte programme gelei. Neem televisie-aktualiteitsprogramme soos *Nuusfokus/News Focus*, *Nuusoorlog/News Review*, *Midweek*, *Eyeline*, *The Human Factor*, *Verslag*, *Pols* en *Om die waarheid te sê*: op 1 September 1985 is hulle saamgevoeg in *Netwerk/Network*, wat benewens die konsentrasie van kundigheid ook meer effektiewe hekwagting in die hand gewerk het.

'n Belangrike rede vir die afskaffing van die nuus- en aktualiteitskomiteebedeling was die SAUK se dekking van en skakeling met staatsdepartemente. Volgens Burger, voorsitter van die Komitee oor Nuus- en Programaktualiteit wat die herstrukturering van die onbevredigende bedeling moes ondersoek, het die politieke redaksie van die SAUK gekla dat politici tydig en ontydig deur bekendes en onbekendes van die Korporasie geskakel word, en dat die Direkteur-generaal aan staatsdepartemente riglyne gestuur het waarin 'n senior redaksielid van

die politieke redaksie as die saamtrekpunt van politieke berigging en programme aangewys is. Hierdie reëling was volgens Burger (in SAUK, 1984c) ook ondoeltreffend:

Ten spyte hiervan beweeg verskeie programamptenare (dus nie die nuuspersoneel en politieke redaksie nie) nog steeds op die terrein en word daar met kabinetslede en staatsdepartemente in die veld geskakel sonder sy medewete. (SAUK, 1984c.)
(Skrywer se opmerking tussen hakies.)

Die konteks waarbinne hierdie probleem deur Burger geïdentifiseer is, is dat die SAUK nie uit een mond gepraat het nie, en dat die toedrag van sake onder die ou bedeling konflik met die Staat in die hand gewerk het (kyk SAUK, 1984b).

Die motivering vir die instelling van DOA het dus besondere klem op die SAUK se werksverhouding met staatsdepartemente gelê. Hierdie verhouding het weer in 1987 ter sprake gekom in 'n opdrag van Eksteen aan SAUK-bestuurskomitee-lede oor hoe versoeke omtrent staatsdepartemente se beleidskwessies gehanteer moes word. Sulke versoeke moes gekanaliseer word na die kantoor van die Minister belas met Administrasie en Uitsaaidienste (Alwyn Schlebusch) "sodat daardie Kantoor na oorlegpleging met die Minister sodanige na die SAUK vir reaksie kan verwys indien benodig." (Eksteen, 1987d.) Die verantwoordelike minister het dus nou deel van die gesentraliseerde hekwagtingsproses ten opsigte van die SAUK-Regeringsverhouding geword. Gegewe die politieke situasie in die land in hierdie stadium, asook die dominante rol van die veiligheidsinstellings onder die NVBS, het hierdie reëling min ruimte gelaat vir ondersoekende SAUK-joernaliste om byvoorbeeld onreëlmatighede in staatsdepartemente bloot te lê.

Die aanstelling van 'n Tuynhuys-korrespondent (Johan Pretorius) na die Hendrickse-voorval in Augustus 1987 het ook nuus en inligting rondom die persoon en kantoor van die Staatspresident gesentraliseer. Geen joernalis of programregisseur kon dus iets oor die Staatspresident doen as dit nie deur die Tuynhuys-korrespondent gegaan het nie (Eksteen, 1987f; Pretorius, 1997).

Die instelling van DOA en gepaardgaande veranderings rondom die beheer van programme en nuus, asook die eise van die heersende politieke tydsgewrig, het die topbestuur van die SAUK se betrokkenheid by alledaagse nuus- en programaangeleenthede verhoog. In hierdie opsig is die Bestuurskomitee se rol

geherdefinieer om daadwerklik insae te hê en deel te neem aan die hantering van sensitiewe politieke, ekonomiese en maatskaplike aangeleenthede. Eksteen (1986a:7) het van sy bestuurskomiteelede voortdurende en intensiewe kennisname van die behoeftes van die samelewing verwag, asook die breë beplanning en evaluering van programme om te verseker dat voldoen word aan die vereistes van die visie, missie en filosofiese raamwerk van die SAUK. Hoewel sodanige reëlins alle inhoudelike uitsette van die Korporasie geraak het, sou nuus en openbare aangeleenthede die terreine wees waar insae deur die betrokke bestuurskomiteelid van kardinale belang was. Die gegewe was dat die hantering van sensitiwiteite binne die raamwerk van Eksteen se uitsprake oor die heersende politieke tydsgewrig moes geskied, en dat dit in berekening gebring moes word wanneer byvoorbeeld nuusitems beoordeel word. Hieroor het Eksteen hom soos volg oor die rol van bestuurskomiteelede uitgespreek:

Gevolgtik mag Bestuurskomiteelede betrokke raak by die dag-tot-dag aktiwiteite wat gedentraliseer of gedelegeer is ten einde te verhoed dat die Korporasie as geheel, en daardie afdeling in die besonder, in die verleentheid geplaas word. (Eksteen, 1986a:9.)

Op genoemde *Netwerk/Network*-vergadering in Januarie 1986 het Burger goedkeuring vir die gebruik van "sogenaamde omstrede persone" en onlusmateriaal onderhewig aan die omstandighede en die politieke konteks gemaak. Die hoofredakteur en die uitvoerende hoofredakteur moes hieroor uitsluitel gee, indien moontlik na oorleg met die senior direkteur, die Adjunk-direkteur-generaal (Nuus en Buitelandse Dienste) of die Direkteur-generaal (SAUK, 1986a).

Bogenoemde reëling verwys spesifiek na beheer in DOA, maar Eksteen (1987f) het in sy spesiale opdrag aan Bestuurskomiteelede op 31 Augustus 1987 die prosedure ten opsigte van die totale spektrum van nuus en openbare aangeleenthede verduidelik. Hoewel hy meen dat beheer nie oor te veel vlakke versprei moes word nie, en dat uitvoerende regisseurs verantwoordelik vir hulle programme was, daar in bepaalde omstandighede die noodsaaklikheid vir hoër kontrole bestaan het. Dít het gegeld ten opsigte van die veiligheidsituasie en buitelandse gebeure wat 'n effek op die Suid-Afrikaanse politieke toneel gehad het. In sulke gevalle was die uitvoerende regisseur van byvoorbeeld *Netwerk/Network* verplig om die betrokke redakteurs en

hoofredakteurs te raadpleeg voordat finale besluite geneem word. Maar hekwagting het nie hier geëindig nie:

8.1. In alle gevalle van dié moet die Bestuurskomiteelede van die Nuusafdeling geraadpleeg word om die besluit wat uit die voorafgaande konsultasie spruit, bekragtig of gewysig te kry.

8.2 Die Redakteurs en/of die Hoofredakteurs moet toesien dat hulle in al sodanige gevalle persoonlik die beeld- of oudiomateriaal en kopie besigtig of beluister ten einde oor die gebruikbaarheid daarvan te besluit. In enige geval waar eenstemmigheid nie bereik kan word nie, moet die twee BK-lede van Nuus genader word om die materiaal te evalueer vir finale beslissing. Ingevolge paragraaf 8.1 sal die twee BK-lede in gevalle van konsensus in elk geval ook ingelig word." (Eksteen, 1987f:3.)

Die hekwagtingskring is voltooi met die Politieke Redakteur se betrokkenheid by bogenoemde, asook sy verantwoordelikheid om "sensitiewe berigte rakende die binnelandse politiek en landsveiligheid" teen die agtergrond van skakelinligting te evalueer en daaroor aanbevelings te doen. Dit moes in samehang met die funksies van die Tuynhuys-korrespondent geskied. Ter afsluiting het Eksteen sy bestuurskomiteelede gevra om hierdie opdrag "stiptelik en volledig" uit te voer (Eksteen, 1987c:4).

3.3.2 Samewerking met staatsdepartemente

Die SAUK het ook in verskeie opsigte en projekte met staatsdepartemente binne bepaalde strukture saamgewerk. Twee voorbeelde word behandel, naamlik 'n projek om kiesers vir die kleurling- en Indiërverkiesings in 1984 te registreer, en skakeling met die veiligheidsdienste.

3.3.2.1 Die registrasie van kiesers: 1984-verkiesing

In Maart 1984 het verskeie senior nuusmanne van die SAUK saam met verteenwoordigers van die deelnemende politieke partye 'n seminar van die Departement van Binnelandse Sake in Pretoria bygewoon waartydens probleemareas rondom die verkiesings bespreek is (SAUK, 1984a). Benewens 'n gebrek aan goeie organisasie by die partye om kiesers betyds te laat registreer, is die doeltreffendheid van die UDF, plaaslike aksiekomitees ("civics") en alternatiewe pers om kiesers te ontmoedig, gebrek aan belangstelling, asook verwarring onder "baie van die

oningeligte en ongesofistikeerde" kleurlinge en Indiërs as knelpunte geïdentifiseer (SABC, 1984a:2). 'n Redaksionele komitee is uit die SAUK se nuus- en programdienste saamgestel om saam met die Departement van Binnelandse Sake deur middel van onder meer verkiesingsflitse op radio en televisie kiesers in Mei, die laaste maand van registrasie, in te lig oor hulle demokratiese reg om te stem. Oor die aard van die materiaal het die SAUK die volgende voorgeskryf:

The method, the duration and the frequency of 'flitse' and other means of conveying information need to be carefully considered. Subtlety and strategy required to avoid overkill. Possibilities include continuity announcer 'flitse' and longer programme inserts. (SABC, 1984e:3.)

Om die registrasieveldtog te koördineer, is 'n radio- en TV-werksgroep saamgestel (kyk Eksteen, 1984f; SABC, 1984b; SABC, 1984c). Kleurling- en Indiërjoernaliste sou onderhoude met hulle "eie mense" voer, en hulle moes konsentreer om jong mense van agtien jaar en ouer te betrek, maar versigtigheid moes aan die dag gele word omdat hierdie groep "will include the most politically active and radical members of both communities." (SABC, 1984b:4.) Deelname van groepe wat teen die verkiesings gekant was, is by voorbaat uitgesluit omdat die SAUK ingevolge sy beleid net dekking aan deelnemende partye verleen het (SABC, 1984c). Die Regering se waardering vir die SAUK se hulp met die registrasie blyk uit 'n brief van die Adjunk-minister van Buitelandse Sake, Louis Nel, waarin hy die Korporasie namens die Regering bedank het "vir die groot bydrae wat die Korporasie gelewer het om die registrasie van Bruin en Asiër kiesers te bevorder." (Nel, 1984a.)

Die omvang van die SAUK se bydrae tot die registrasiepoging blyk uit die volgende opgawe (kyk Nel, 1984b): radioberigte op verskillende dienste (33); berigte en aktualiteite op TV1-nuus (20); radioprogramflitse op verskillende dienste (407); radio-aktualiteitsbydraes op verskillende dienste (25); televisieprogramflitse - TV1 Afrikaans en Engels (11); televisie-aktualiteitsprogramme - TV1 (3). In totaal het die SAUK 499 items uitgesaai, en die getal items wat gemiddeld elke dag oor 22 dae uitgesaai was, was 22,68.

3.3.2.2 Samewerking met die veiligheidsgemeenskap

Dit was nie moontlik om die presiese aard van SAUK-strukture en prosedures om met die veiligheidsgemeenskap te skakel, vas te stel nie. Dat daar wel op 'n formele

grondslag kontak was, blyk uit verskeie SAUK-dokumente en uit getuienis voor die WVK deur McPherson (1997) en Raubenheimer (1997).

Skakeling tussen die SAUK en die Nasionale Intelligensiediens (NI) kom na vore in 'n dokument oor die Korporasie se belang by die stelsel, praktiese toepassing en die noodsaaklikheid van sekerheidsklassifikasie. Die motivering vir die toepassing van NI se voorskrifte in hierdie verband op die SAUK was die "toenemende mate waarin sabotasie, spioenasie, subversie en terrorisme" die noodsaaklikheid van "effektiewe sekerheidsmaatreëls vir die hantering van geklassifiseerde informasie en inligting om kompromittering te voorkom" onderstreep het (SAUK, 198-). Die voorskrifte het wesenlik gehandel oor hoe sekerheidsklassifikasies soos "Uiters Geheim", "Geheim" en "Vertroulik" op die SAUK as 'n nasionale sleutelpunt van toepassing was. Wat "Uiters Geheim" betref, het die opsteller getwyfel of dit op die Korporasie van toepassing sou wees. Maar ten opsigte van "Geheim", waar ongemagtigde openbaarmaking tot skade vir Suid-Afrika en sy bondgenote kon lei, het die voorskrifte moontlike toepassings in die SAUK-bestel geïdentifiseer:

Hierdie klassifikasie kan gebruik word in gevalle waar ondersoeke geloods word na bedrywighede van die SAUK op byvoorbeeld versoek van die Kabinet. Kan ook gebruik word vir die beskerming van tegnologiese ontwikkelings in die Radio en Televisiewese wat sensitief van aard is en die status van die SAUK as 'n Nasionale Sleutelpunt kan aantast. (SAUK, 198-:3.)

'n Toets vir hierdie klassifikasie sou in die geval van ongemagtigde publikasie die volgende wees: die openbaarmaking van militêre planne of inligtingsoperasies, die "kompromittering" van wetenskaplike of tegnologiese ontwikkeling en programme of beleid wat staatsveiligheid direk raak, en die "ernstige benadeling" van die SAUK se beeld.

Bogenoemde dokument is hoogstens suggurerend met betrekking tot die aanwending van die klassifikasiestelsel om moontlike bedreigings van staatsveiligheid te voorkom. 'n Meer op die punt af beskrywing van samewerking tussen die SAUK en veiligheidsinstellings word deur Eksteen verskaf. In sy optrede by die Lugmagkollege in Pretoria op 30 Maart 1984, het Eksteen (1984d) gesê dat om sy verpligting ten opsigte van landsveiligheid ingevolge die lisensievoorwaardes in 'n steeds veranderende situasie na te kom, die SAUK 'n reeks "aanvullende maatreëls" getref het:

Die belangrikste hiervan is waarskynlik dat hy masjinerie geskep het vir lopende kontak formeel - op die besonderhede hoef ek nie in te gaan nie - en informeel met instansies in die veiligheidsgemeenskap. Die SAUK is dus redelik op die hoogte van die stand en die aard van die rewolusionêre aanslag teen Suid-Afrika en die aard van die teenstrategieë. (Eksteen, 1984d.)

Oor beheer van "sielkundige aksie" deur die SAUK het Eksteen 'n lyngesagstruktuur geskep wat geloop het vanaf die Raad deur die Bestuurskomitee na die destydse sentrale programkomitee, die Nuus- en Aktualiteitskomitee. Hierdie komitee moes die omstandighede in die land deurlopend verken en uitsaaistrategieë beplan "sodat die SAUK sy bepaalde rol effektief in die groter aksieplan" kon speel. Hoe het skakeling met die veiligheidsgemeenskap hierby ingepas?

Dit is op hierdie vlak waar die insigte van die veiligheidsgemeenskap en ander instansies, wat 'n betekenisvolle bydrae kan lewer, ter sprake kom en waar kommunikasiekundiges hulle in programdees omskep.

Die SAUK word, soos u sal saamstem, op hierdie terrein (strategiese kommunikasie) nie somer op 'n lukraak manier bedryf nie, maar wel op gekoördineerde wyse om te verseker dat veiligheidstrategieë effektief in doeltreffende kommunikasie omskep word. (Eksteen, 1984d.)

Om te verhoed dat die SAUK 'n platform vir rewolusionêre propaganda bied, word joernaliste oorhoofs voorgeskryf om in sulke gevalle "in noue oorleg met veiligheidsinstansies of ander tersaaklike owerheidsinstansies" saam te werk. Die voorsiening van tersaaklike inligting deur die veiligheidsgemeenskap aan die SAUK om foute te voorkom, word deur Eksteen aan die hand van die volgende voorval geïllustreer:

Die wenk is uit een arm van die inligtingsgemeenskap aan die SAUK deurgevoer dat dit nuttig kan wees om na aanleiding van mev. Margaret Thatcher se oproep tot internasionale samewerking teen terrorisme, 'n program aan te bied waarin die soeklig val op die anomalie dat juis Brittanje aan die ANC 'n hoofkwartier bied waarvandaan hy kan opereer. Die SAUK het die gedagte aanvaarbaar gevind en het binne dae 'n produksiespan in Brittanje gehad om die sweer oop te krap. En toe is die koeël deur die kerk. 'n Ander vertakking van die inligtingsgemeenskap is in die verleentheid gedompel met die program omdat hy met inisiatiewe besig was wat kon verongeluk as ons met die program in sy formaat soos beplan sou voortgaan. (Eksteen, 1984d.)

'n Voorval waarby hierdie outeur in 1986 betrokke was, gee ook 'n aanduiding van die aard van skakeling met die veiligheidsgemeenskap binne die NVBS-opset. Na voltooiing van 'n dokumentêre televisieprogram vir *Netwerk* in Januarie 1986 oor swart jeug, het outeur die program aan Freek Robinson (Uitvoerende Regisseur: *Netwerk*), Christo Kritzinger (Redakteur: Openbare Aangeleenthede TV1), en Sakkie Burger (Uitvoerende Hoofredakteur: Nuus en Openbare Aangeleenthede) vir goedkeuring voorgelê. Outeur moes op besluit van Burger twee gedeeltes uitredigeer, naamlik argiefmateriaal van dansende swart kinders, en 'n kort stukkie spraak en beeld van biskop Desmond Tutu. Na 'n reeks besware teen die bevel om die gedeeltes uit te haal, is outeur na Cobus Hamman (Senior Direkteur: Nuus en Buitelandse Dienste) vir uitsluitel gestuur. Hy het outeur gevra om 'n dokument te lees waarvan outeur die volgende besonderhede gememoriseer het:

Titel: UTERS Geheim. Die stand van die onrusituasie in die RSA. *Verwysing:* Spesiale Situasierapport 76/85. Kopie 65 van 79 kopieë. *Verw.* 22/4/2/6 *Datum:* 27/11/1985. *Bron:* Tak Nasionale Vertolking - Sekretariaat van die Staatsveiligheidsraad.

In hierdie verslag is die rol van kerklikes, buiteparlementêre organisasies, en die media (binnelands en buitelands) bespreek. Outeur moes ondanks besware die gedeeltes sny. Die program is in die begin van Januarie 1986 op *Netwerk* uitgesaai. Hierdie geval is nog 'n voorbeeld van skakeling tussen die SAUK en die veiligheidsgemeenskap.

Burger se reaksie tydens die genoemde *Netwerk/Network*-vergadering (SAUK, 1986a) op die vraag hoekom mense soos Tutu in die belang van die teenwerking van polarisering en radikalisering nie deelname toegelaat word nie, is 'n verdere bewys van skakeling tussen die Korporasie en die veiligheidsgemeenskap. Sy antwoord dat sulke mense se optrede nie deur hulleself gedikteer word nie, maar deur ander magte, het hy volgens hom op inligting uit die veiligheidsgemeenskap geskoei.

Die SAUK se verhouding met die veiligheidsgemeenskap was boweal gesetel in die konteks van strategiese kommunikasie of sielkundige aksie waarvoor die SAUK meganismes "geskep of verbeter" het om die veiligheidsomgewing deurlopend te verken. Hierdie meganismes het 'n "verskeidenheid gestruktureerde kontakte" behels waarvan die doel was "om die nuusafdeling spesifiek en die Korporasie in die algemeen

toe te rus om as strategiese kommunikator die rol te kan speel wat die omstandighede vereis." (SAUK, 1987d:77.)

Een aanduiding van die soort gestruktureerde kontak wat die SAUK met die veiligheidsgemeenskap gehad het, kom uit die getuienis van Louis Raubenheimer (1997), onder meer Hoofredakteur van Nuusstrategie en Omgewingsverkenning in die tagtigerjare, voor die WVK op 15 September 1997. Hy het op 'n tweeweeklikse basis 'n byeenkoms van die Staatsveiligheidsraad se Stratkom-komitee bygewoon. Op hierdie byeenkoms was die volle spektrum van staatsdepartemente teenwoordig, insluitende die polisie, weermag, en Militêre Inligting. Tydens die vergaderings is inligting verskaf oor toestande in byvoorbeeld swart skole, die vervaardigingsbedryf, die arbeidsektor en die land in die algemeen.²⁰

McPherson (1997) het in sy getuienis voor die WVK beskryf hoe hy agente, medewerkers en informante vir die Veiligheidspolisie in die media gewerf het. Onder hulle was radio- en TV-joernaliste van die SAUK. Op 'n vraag of McPherson se verhouding met SAUK-joernaliste so goed was dat hy nie nodig gehad het om agente te plant of betaalde informante te werf nie, het hy laat blyk dat dit tog nodig was om iemand te kry binne die Korporasie "that you can send whenever you wanted to, or have him sent somewhere without having to complain that he's got something else to do." Hy het nietemin geen name genoem nie.

McPherson het wel die naam van TV-regisseur Cliff Saunders genoem in verband met 'n projek wat die Veiligheidspolisie en die SAUK saam in die tagtigerjare geloods het.²¹ Volgens McPherson het hy die SAUK genader oor die vervaardiging van so 'n program. Die Veiligheidspolisie het die navorsing gedoen en foto's oor die doen en late van ANC-lede in Londen verskaf. Die TV-produksiespan van die SAUK het die kantore en huise van verskeie persone verfilm.

Bogenoemde voorbeelde illustreer die aard en vlak van skakeling tussen die SAUK en die veiligheidsgemeenskap, hoewel dit nie die presiese aard van die strukture vir skakeling verklaar nie. Wat laasgenoemde betref, het hierdie studie groter duidelikheid oor die SAUK se aanwending van godsdiens in die hegemoniese stryd gekry.

3.3.3 Die aanwending van godsdiens

In sy ondersteuning van die bestaande orde en stryd teen magte wat hierdie orde bedreig het, het die SAUK ook godsdiens as 'n terrein van hegemoniese stryd geïdentifiseer. Om godsdiens in hierdie stryd aan te wend, het egter strukturele aanpassings vereis. Vervolgens word eerstens gekyk na hoe godsdiens as deel van die bevordering van konsensuspolitiek gebruik is, en daarna hoe dit teen die buiteparlementêre groepe ingespan is.

3.3.3.1 Godsdiens en hegemonie

In die middel van die tagtigerjare het godsdiens 'n belangrike instrument vir die SAUK geword as 'n "klankbord vir gematigdes om rewolusie teen te werk." (SAUK, 1985b.) Anti-apartheidskerke onder die vaandel van die teologie van bevryding (kyk 3.3.3.2 en Hoofstuk 5) het 'n beduidende invloed onder swartes gehad, en binne die SAUK het die behoefte aan strukturele veranderings toegeneem om godsdiens pas te maak vir die heersende politieke en maatskaplike omstandighede. Die dilemma was dat aktualiteitsprogramme soos *Koms van die Koninkryk* en *Oop Gesprek* onder die programafdelings, en nie onder nuus of DOA geval het nie. Verder moes 'n onderskeid getref word tussen verkondigingsprogramme (bv. kerkdienste oor radio en televisie) wat buite die politiek moes staan, en aktualiteitsprogramme waarin die politieke kwessies van die tyd ter sprake kon kom (SAUK, 1985c).

In Mei 1985 is 'n taakgroep binne die SAUK aangestel om alle aspekte van uitsendings met 'n godsdienstige strekking te ondersoek (Eksteen, 1985d). Die sameroeper was Thys Louw (Programdirekteur: Nguni- en Tsongaradio), en die res van die taakgroep het onder meer uit Hein Kern (Programdirekteur: TV2/3), Verna Vels (Programdirekteur: TV1 Afrikaans), Robin Knox-Grant (Programdirekteur: TV1 Engels), en Sakkie Burger (Uitvoerende Hoofredakteur: Nuus en Openbare Aangeleenthede) bestaan. Die taakgroep moes aandag aan die volgende vrae skenk: hoe sien die SAUK sy taak teen die agtergrond van veranderde en veranderende omstandighede?; tot watter mate kan die SAUK 'n beter klankbord bied vir die gelowige gematigde bevolkingselement om rewolusie teen te werk en beskaafde norme en standaarde te bevorder?; maak die bestaande strukture voorsiening vir enersyds die nodige koördinasie op hoër vlak en andersyds noodsaaklike differensiasie laer af?; kom

spesialisasie tot sy reg?; is effektiewe skakeling met ander programdepartemente/-seksies wenslik, al dan nie?

Volgens Burger (1985:2) het die godsdienstebeleid van die SAUK, wat die apolitiese aard van verkondigingsprogramme as maatstaf neergelê het, nie tred gehou met veranderende omstandighede in die politieke en maatskaplike omgewing nie. Volgens hom het veranderende omstandighede in die land belangrike implikasies vir die SAUK ingehou wat die aktualiteitskomponent van godsdienstige uitsendings betref:

In die hantering van openbare aangeleenthede in SAUK-programme, word 'n ekonomiese, 'n politieke en 'n internasionale perspektief geplaas op sake soos bv. die heersende onluste, toestande in plakkerskampe, menseregte en diskriminerende wetgewing. 'n Godsdienstige perspektief is net so, indien nie 'n belangriker, perspektief nie. Die openbare debat oor sake van belang kan egter nie sinvol plaasvind sonder godsdienstige insette nie. Die veranderde en veranderende omstandighede in die land vereis 'n godsdienstige standpunt en perspektief met betrekking tot politieke, ekonomiese en sosiale ontwikkelinge. Die kerk is per definisie betrokke by hierdie sake. (Burger, 1985:3.)

Gegewe groot getalle nie-Christene onder kleurlinge en Indiërs, moes die SAUK inhoudelik en struktureel aanpassings in sy godsdienstebedeling maak as hy sy verklaarde steun vir konsensuspolitiek prakties op hierdie terrein wou demonstreer. Dat verkondigingsprogramme problematies was, blyk uit Burger (1985:2) se mening dat die akkommodasie van ander godsdienste "minstens" in aktualiteitprogramme "gebiedend noodsaaklik" sou wees. In 'n samevatting van verskillende insette vir die taakgroep oor godsdienstige uitsendings in die SAUK se radio- en televisiedienste, meen Louw (1985) ook dat dekking van hierdie godsdienste in informatiewe programme die druk tot direkte verteenwoordiging (dus saam met bestaande Christelike godsdienste wat die Korporasie erken) sou verlig:

Die programformate van die onderskeie dienste kan informatiewe materiaal oor ander gelowe met groot gemak akkommodeer. Dit kan dien as 'n gerieflike uitlaatklep om te verhoed dat druk opbou. Nietemin is 'n beleidsaanpassing wenslik in terme waarvan verteenwoordiging van ander gelowe moontlik op proporsionele basis geformaliseer word en duidelike riglyne neergelê word. (Louw, 1985.)

In die samevatting en aanbevelings van die taakgroep (SAUK, 1985c) word onder meer die volgende voorgestel: die positiewe elemente onder die verskillende

bevolkingsgroepe moet aan almal bekend gestel word, en gemeenskappe moet verenig word om gemeenskaplike etiese beginsels ter bevordering van 'n samehorigheidsgevoel, gemeenskaplike lojaliteit en samewerking; en gespesialiseerde teologiese kundigheid moet by wyse van 'n godsdienlessenaar tot DOA gevoeg word om 'n "gebalanseerde" perspektief in meningsvormende programme te kry. Die taakgroep het besondere klem op die rol van die SAUK se godsdienstverpligting in veranderde en veranderende omstandighede gelê:

In sy uitsendings moet die SAUK elke verandering in perspektief plaas deur veral ook die lig van die Evangelie daarop te skyn en sy gehoor se lewens- en wêreldbeskouing sodoende te vorm ter wille van weerbaarheid, aanpassing, versoening en bestendigheid. Ander programseksies wat aktuele en kontensieuse sake aanspreek moet dus ook die teologiese standpunt betrek vir die nodige balans. (SAUK, 1985c:4.)

Die belangrikste aanbeveling ten opsigte van strukturele aanpassing fokus op die interdisiplinêre aksie wat nodig binne die SAUK was om in die heersende omstandighede 'n godsdienstige perspektief te bied. In hierdie aksie sou DOA 'n belangrike rol vervul, maar dié direktoraat het in daardie stadium geen teologiese kundige gehad om perspektief op sensitiewe aangeleenthede te bied nie:

Sodanige kundigheid moet deurlopend, binne die departement, ook aan ander perspektiewe blootgestel word ten einde 'n korporatiewe bydrae te kan lewer. Dit vra om 'n voltydse "godsdienlessenaar" binne die departement. Die voorgestelde toevoeging van 'n "godsdienlessenaar" tot die Direktoraat: Openbare Aangeleenthede, aanvullend tot die bestaande gedifferensieerde strukture, sal verseker dat die individuele sowel as korporatiewe behoeftes van die onderskeie teikengehore doeltreffend bevredig word. Die toevoeging van 'n godsdienlessenaar tot die Direktoraat: Openbare Aangeleenthede, sal die behoefte aan spesialis teologiese kundigheid en perspektief in ander meningsvormende programme, bevredig. (SAUK, 1985c:6.)

In 1986 is 'n Godsdienstredaksie by Nuus en Openbare Aangeleenthede (TV) gevoeg, en volgens die SAUK het dié spesialisredaksie in sy hantering van politieke en maatskaplike vraagstukke "'n betekenisvolle bydrae gelewer ter bevordering van versoenende en anti-rewolusionêre denkrigtings." (JV, 1986:76.) In wat die SAUK as die "groot omvang van die godsdienst-opdrag" beskryf, het die Korporasie gedurende 1987 'n Godsdienstdirektoraat met 'n Godsdienstdirekteur as professionele hoof

aangestel om in samewerking met kerklike instansies "godsdiensprogramme as 'n integrale deel van die totale uitsaaipatroon op Radio, Televisie en Nuus te behartig." (JV, 1987:7.)

3.3.3.2 Godsdiens en teenhegemonie

Die aanwending van godsdiens as deel van strategiese kommunikasie teen die rewolusionêre aanslag, moet ook binne die konteks van die invloed van die bevrydingsteologie in die rewolusionêre stryd gesien word. Outeurs soos Huddleston (1956), Randall (1982), De Gruchy (1982), Kinghorn (1994), en Meyer en Naudé (1994) bied almal historiese oorsigte van die rol van kritiese of anti-apartheidskerke sedert die NP se politieke oornam in 1948. Wat die tagtigerjare betref, het die SARK met sy grondvlakstrukture, internasionale kontakte, en geestelikes soos Beyers Naudé, Desmond Tutu, Allan Boesak en Frank Chikane 'n onontbeerlike komponent van die stryd geword. Volgens Kinghorn (1994:152) het die belangrikheid van die SARK in die stryd teen apartheid toegeneem namate die Regering ten tye van die noodtoestand nie-kerklike versetorganisasies onderdruk het:

The state effectively closed down the operations of trade unions, political organisations and civics. They could not dare to shut the churches down. Suddenly the SACC had to stand alone on behalf of much of the South African community. At the same time the SACC became pastor to a battered nation and a mouthpiece for the oppressed.

In September 1985 het die *Kairos-dokument* van die Instituut vir Kontekstuele Teologie onder Chikane 'n heftige debat oor die politieke rol van die kerk ontketen (RRS, 1985:576-577). In hierdie dokument is die Christelike tradisie van regverdige oorlog versoen met die idee van 'n regverdige rewolusie vir Christene. Vir sommige het die Kairos-dokument op die propagering van bevrydingsteologie neergekom, 'n teologie met Marxistiese en Latyns-Amerikaanse verbintenisse waar dit die stryd van armes teen oorheersing en uitbuiting onderskryf het. Die Kairos-dokument is nie net in pro-regering kerklike kringe gekritiseer nie, maar ook deur blanke kerkleiers in die SARK wat dit as 'n regverdiging van geweld en 'n oproep tot die gewelddadige omverwerping van die Staat gesien het. Hierdie kritiek is versterk deur die Lusaka-dokument wat na 'n besoek van kerklikes onder Tutu aan die Zambiese hoofstad in 1987 opgestel is (RRS, 1987/88:232). In hierdie dokument het die betrokke kerklikes

begrip verklaar vir die gewapende stryd van die vryheidsbewegings. Die SARK het hom hiermee vereenselwig en die behoefte uitgespreek om kontak met die ANC en die PAC uit te bou (kyk Kotzé & Greyling, 1991:111).

'n Groot bron van konflik tussen die Botha-regering en die SARK was laasgenoemde se beroep op die internasionale gemeenskap om Suid-Afrika ekonomies en andersinds te isoleer (vgl. *Financial Mail*, 24 Jul. 1987; Murray, 1988). Hierdie konflik het verskeie hoogtepunte opgelewer, maar in 1988 het die Staat-teenoor-kerk-tema sterk na vore gekom nadat biskoppe van die Anglikaanse Kerk op 22 Maart 1988 'n krisisvergadering gehou het om moontlike regeringsoptrede teen hulle leier, Tutu, te bespreek (vgl. bv. *Beeld* 24 Mrt. 1988; *Sowetan*, 24 Mrt. 1988). Dit was veral Tutu se sanksie- en disinvesteringsveldtog, sy waarskuwings (hoewel nie kondonering nie) van die aard wat swart verset teenoor gewone blankes kon aanneem²² (vgl. RRS, 1984:917), en sy steun vir die ANC (vgl. RRS, 1986:317) wat hom die gramskap van die Regering en die SAUK op die hals gehaal het (kyk Hoofstuk 5).

Soos genoem wou Eksteen (1985d) van die taakgroep oor godsdiensuitsendings weet in watter mate die SAUK 'n beter klankbord kon bied "vir die gelowige gematigde bevolkingselement om rewolusie teen te werk en beskaafde norme en standaarde te bevorder". In 'n verslag aan die taakgroep het die hoof van TV3 Kultuurprogramme, A.L.W. Pretorius, waargeneem dat kontak met en toeganklikheid vir TV3, 'n etniese kanaal in Suid-Sotho-, Noord-Sotho- en Tswana-tale, by swart kerke "baie moeilik is omdat 'n redelike mate van antipatie teenoor die SAUK bestaan." (Pretorius, 1985:1.) Volgens Pretorius, wat die verslag namens die programdirekteur van TV2 en TV3 opgestel het, wou hierdie kerke nie met die SAUK geassosieer word nie, omdat hulle die Korporasie as 'n spreekbuis vir die Regering beskou het. Oor wat die SAUK te doen staan om geloofwaardigheid terug te wen, het Pretorius die volgende aanbeveel:

Om geloofwaardigheid te probeer terugwen of te behou, is dit nou noodsaakliker as ooit tevore dat ander kerke meer by ons programme betrek moet word. Ons mag dus nie die mondstuk van slegs een party of groepe se denke wees nie. Vir die Godsdiensseksie is dit egter meer waar as vir enige ander seksie, dat 'n pragmatiese beleid van versoening gevolg moet word. Daar is nie plek vir radikalisme nie. Die filosofie van bevryding deur geweld, mag nooit in enige van ons programme gehuisves word nie. Slegs die ware Christelike boodskap van versoening mag

uitgedra word, al verander omstandighede ook al hoe radikaal. As die Evangelie van God hom moet aanpas by omstandighede, is ons huigelaars. (Pretorius, 1985:3.)

Leon Rautenbach was Pretorius se eweknie by TV2, 'n kanaal vir Zoeloes en Xhosas. Volgens hom het die prediking van slegs bekering, verlossing en redding, en die vermyding van politiek en kontensieuse sake, "die evangelie in 'n steriele of broeikas-atmosfeer" geplaas (Rautenbach, 1985:4). Dit het die evangelie "effekloos" gemaak. Die Korporasie moes na sy mening kontensieuse sake in teologiese verband deur spesialis-onderhoudvoerders binne die terrein van nuus- en openbare aangeleenthede aanspreek. Wat hierdie soort programme as 'n klankbord vir gelowige gematigdes betref, het hy die noodsaaklikheid beklemtoon van sulke programme om die "verlinkse element" aan die kaak te stel (Rautenbach, 1985:8).

As uitvoerende hoof van nuus en openbare aangeleenthede het Burger in sy verslag saamgestem dat daar nie 'n platform gebied kon word vir die "teologie van bevryding (deur geweld)" nie (Burger, 1985:3). Die antwoord was gesprekvoering tussen selfs botsende standpunte onder beheer en leiding van godsdiensspesialiste wat die heersende problematiek in die land op 'n interdisiplinêre wyse moes aanpak. Burger het dit soos volg gemotiveer:

In Suid-Afrika met 'n hoogs plofbare rewolusionêre klimaat wat reeds posgevat het, het die boodskap van die Kerk in programme oor openbare aangeleenthede 'n besondere belangrike rol te speel.

Dialog is die alternatief vir rewolusie. Vir die SAUK hou dit die praktiese implikasie in dat meer geleenthede vir gesprekvoering - ook tussen botsende standpunte - geskep moet word. Die Kerk se verkondiging van sosiale geregtigheid moet egter geskied met inagneming van die feitelike praktiese situasie, ofskoon laasgenoemde situasie uiteraard nooit vir die Kerk normatief kan wees nie. Wat dit wel meebring, is dat die kerk se betrokkenheid en perspektief ten opsigte van sosiale geregtigheid nie geïsoleerd gestel kan word nie. Ander perspektiewe is ook nodig om byvoorbeeld aan te toon waarom sekere veranderinge nie oornag kan plaasvind nie.

Van die SAUK vra dit 'n interdisiplinêre werkswyse waar die politieke, die ekonomiese en die godsdiensspesialiste naas mekaar en as 'n span hulle kundigheid en kontakte moet inspan om alle aspekte van die samelewing - van sport tot politiek - onder die kollig te plaas. So 'n benadering bied die beste teenvoeter vir die

rewolusionêre klimaat sonder dat propagandisties te werk gegaan word. (Burger, 1985:3.)

Daar is reeds verwys na die instelling van 'n aparte Godsdiensdirektoraat in 1987. Die doel van hierdie direktoraat was die sentralisasie van en beheer oor godsdiensprogramme oor die totale programspektrum van die SAUK. Die behoefte aan sodanige sentralisasie is in die begin van 1987 op topbestuursvlak aangespreek na aanleiding van 'n "gevoel van die Raad om groter kundigheid oor godsdiens in die SAUK te vestig." (SAUK, 1987a:5.) Cobus Hamman (Adjunk-direkteur-generaal Nuus en Buitelandse Dienste) het gemeen dat al die godsdiensseksies in een departement saamgevoeg kon word, en dat 'n aanbeveling van die 1985-taakgroep om teen sentralisasie van godsdienstige aktiwiteite te waak, heroorweeg moes word. Op dieselfde vergadering het Carel van der Merwe, (Senior Direkteur: Radio, Beplanning en Navorsing) saamgestem dat die kerk ook deel van die "ideologiese aanslag teen die land" is, maar hy het gewaarsku dat vanweë die ingewikkelde omstandighede in veral die Nguni- en Sotho-radiogroep, sentralisering onder die nuusafdeling die indruk van die verpolitiserings van godsdiens kon wek.

Die saak is laat oorstaan tot die vergadering van die Bestuurskomitee op 19 Januarie 1987 waarop Theuns van Heerden (Adjunk-direkteur-generaal: Televisie) hom teen sentralisasie onder nuus uitgespreek het, maar Hamman sentralisasie soos volg verdedig het:

Centralization had become essential because politics and religion had become intertwined. Religion was one of the most important areas for the revolutionary onslaught. The SABC should prepare itself to handle this onslaught and to promote harmony. (SABC, 1987:5.)

Die skepping van 'n aparte godsdiensdirektoraat buite die nuusafdeling met 'n teoloog aan die hoof was 'n taktiese skuif om die verpolitiseringsdilemma te vermy. Die koppeling van die pos aan die kantoor van die Direkteur-generaal, en die gegewe dat die Korporasie met die instelling van DOA besluit het om 'n eenvormige benadering ten opsigte van nuus en openbare aangeleenthede vir "alle dienste" te volg (SAUK, 1986a), het gewis die gebruik van godsdiens in strategiese kommunikasie ingesluit. Hoewel Eksteen in die openbaar die versekering gegee het dat daar niks sinistres in die skepping van die pos was nie, en dat dit niks met politiek of regeringsdruk te doen

gehad het nie (sien Botha, 1987), het dit nietemin op sentralisering en gevolglik groter beheer oor die gebruik van godsdiens as 'n strategiese kommunikasiemiddel neergekom.

3.3.4 Kentering

Die einde van die P.W. Botha-era en die ruimte wat die De Klerk-styl vir 'n vryer uitsaai-omgewing geskep het, het neerslag gevind in die inhoud van programme sowel as die korporatiewe struktuur van die SAUK (kyk Pretorius, 1997). In 1989 kon raadsvoorsitter Viljoen "met dankbaarheid" verslag doen dat die persepsie en beeld van die SAUK as 'n naprater van die Regering "gedurende 1989 verander het, danksy nuus- en aktualiteitsprogramme wat in 'n toenemende mate gesien word as onpartydig, akkuraat, gebalanseerd en gesaghebbend" (JV, 1989:3). Volgens Slabbert (1990:11) het Viljoen tydens 'n raadsvergadering verwys na "die dramatiese verbreding van die politieke, ekonomiese, maatskaplike en godsdiensberiggewing na standpunte, groeperinge en nuwe openbare figure wat baie breër loop as wat tot dusver konvensioneel aanvaarbaar was."

Nog 'n drastiese verandering wat die inhoudelike betref, was die afskaffing van die Korporasie se redaksionele standpunt, *Comment-Kommentaar*, ten opsigte van die Engelse en Afrikaanse radiodienste in Maart 1990. Kommentaar vir hierdie dienste was die verantwoordelikheid van twee joernaliste wat voortaan as navorsers in die nuusdiens sou funksioneer. Wat die buitelandse en swart dienste betref, het 'n aksentverskuiwing vanaf redaksionele standpuntstelling na agtergrondsketse en die beantwoording van luisteraars se vrae plaasgevind (Raubenheimer soos aangehaal deur Slabbert, 1990:11).

Struktureel is die laaste jaar van die tagtigerdekade en die begin van die volgende dekade gekenmerk deur die kwyning van die nuushiërgie se dominante posisie in die SAUK. Benewens Adjunk-direkteur-generaal Hamman se uitrede as nuushoof en die verplasing van Burger (Senior Direkteur: Nuus en Buitelandse Dienste) na Londen, is die posvlak van die nuushoof verlaag tot 'n hoofredakteursvlak, hoewel dit in 1990 weer adjunk-direkteur-generaalstatus gekry het. Met die herstrukturering van die SAUK gedurende 1990-91 het die tradisionele hiërargiese struktuur van die SAUK verval om aan te pas by die heersende gees van deregulering

en privatisering. Die "nuwe" SAUK het bestaan uit sakedivisies en sake-eenhede, die Direkteur-generaal (Harmse) het Groep Uitvoerende Hoof met Uitvoerende Hoofde en Groephoofbestuurders onder hom geword. In die televisie-sakedivisie het Safritel en Televisie Nuusproduksies (TNP) onderskeidelik programme en nuus behartig (JV, 1990/91). Hierdie bedeling het radikaal verskil van die bedeling in die Eksteen-era wat binne die konteks van die rewolusionêre aanslag baie meer gewig aan nuus en openbare aangeleenthede verleen het. Dit kan ook wees dat die herstrukturering onder Harmse geskied het binne die besef dat die driekamerbedeling op pad uit was, en dat die volgende regering meer sou sukkel om houvast op 'n gedereguleerde en geprivatiseerde SAUK te kry.

Met die aanstelling van 'n nuwe Raad in Junie 1993 onder Matsepe-Casaburri (waarvan 60 persent van die lede anderskleurig was), en die toevoeging van onder meer Sisulu, Mokoetle en Reddy in uitvoerende posisies, was dit duidelik dat 'n bepaalde era in die uitsaaiwese onherroepelik tot 'n einde gekom het. In 1993 het selfs een van die bekendste Afrikaner-bakens in Johannesburg se naam in die slag gebly. Die was die Piet Meyergebou, die administratiewe hoofkantoor van die SAUK, wat na Radiopark verander is (*Interkom*, Jun. 1993).

Wat Afrikaner-oorheersing van die SAUK betref, het die Raad vanaf sy totstandkoming in 1936 tot die einde van die sewentigerjare 'n eweredige verdeling van Afrikaans- en Engelssprekendes getoon. In 1977 het die magsewewig duidelik na die Afrikanerelement oorgehel toe ses van die nege raadslede Afrikaans was (kyk JV, 1977). Hierdie magsewewig is gehandhaaf selfs met die aanstelling van die eerste kleurling (Petersen) in 1982 toe die driekamerbedeling 'n besliste moontlikheid geword het (kyk JV, 1982; *Beeld*, 22 Jul. 1982). Bykans vier jaar na die instelling van televisie vir swartes in Desember 1981, is die eerste swarte (Gugushe) aangestel, terwyl Indiërs (Ranchod en Peer) en ander kleurlinge (Quint en Ross) ook sitting gekry het in 'n blankbeheerde raad wat steeds deur Afrikaners oorheers was (kyk JV, 1985.) Hierdie toestand het wesenlik onveranderd gebly tot die negentigjare toe Afrikaners in 'n vergrote Raad sy getaloorwig verloor het, maar as groep steeds dominant was (kyk JV, 1990.) 'n Raad wat verteenwoordigend is van die bevolkingsamestelling van Suid-Afrika, en waarin die Afrikaner sy dominante posisie verloor het, is na groot omstredenheid in Junie 1993 onder voorsitterskap van Matsepe-Casaburri aangewys.

Die omvang van Afrikaner-oorheersing in die SAUK se beleidmakende instellings, blyk ook uit die Afrikaner se dominante posisie in ander instellings van die Korporasie. As voorbeelde kan genoem word die verskillende adviesrade wat deur die Regering vir radio en televisie ingestel is, en wat tot diep in die sewentigerjare blank-eksklusief was, en daarna blank- en Afrikaner-oorheersend gebly het. In die geval van die Bantoeoprogrambeheerraad wat na die instelling van Radio Bantu in 1962 gevolg het, en deur loop van jare naamsveranderinge ondergaan het, is die eerste swart lid eers in 1977 aangestel (kyk JV, 1977).

Ook wat die bestuur van die SAUK betref, het die Afrikaner stelselmatig sy posisie in die Korporasie verstewig. In die begin van 1956 was die samestelling van die afdelingshoofde, wat die streeksdirekteure ingesluit het, 6 Engelse teenoor 4 Afrikaanssprekendes (kyk JV, 1956). In 1961 was net een van die vier direkteure Engels, en Afrikaanssprekendes het 10 van die 14 departementshoofposte bekleed (kyk JV, 1961.) Aan die einde van Meyer se twintigjarige voorsitterskap van die SAUK-Raad, tel 'n mens agt Engelssprekendes en geen anderskleuriges uit 'n lys van 50 hoofamptenare (kyk JV, 1981.)

In die Eksteen-era is die dominante posisie van Afrikaners verder versterk, soos blyk uit die bestuurslui van die volgende afdelings (kyk JV, 1984): al 13 lede van die afdeling Direkteur-generaal was Afrikaans, so ook die 10 lede van die afdeling Bestuursdienste, en die 5 lede van die afdeling Finansies. Wat die Afrikaanse en Engelse Programdienste betref, was 3 van die 17 lede Engels, 8 van die 11 lede van die Nuusafdeling Afrikaans, terwyl die Nguni-, Sotho-, en Buitelandse Dienste nie een anderskleurige ingesluit het nie, en net 5 uit 26 topamptenare nie Afrikaans was nie. Die Handelsdiens het 8 uit 10 Afrikaanse lede gehad, en slegs ten opsigte van die Tegniese Afdeling het Engelse die meerderheid gehad, naamlik 8 teenoor 7.

Dus, uit 'n totaal van 107 bestuursposte was daar nie een anderskleurige nie, slegs 21 Engelssprekendes, en 86 Afrikaanssprekendes, wat feitlik geheel en al mans was. Die Bestuurskomitee van 9 lede het in hierdie jaar slegs 1 Engelse lid (Mills) gehad, en met sy uittrede in September 1985 was die Bestuurskomitee tot aan die einde van die Eksteen-era net Afrikaans (kyk JV, 1988). Een van die klagtes teen die SAUK wat die topbestuur op 'n beraad in 1987 geïdentifiseer het, was “geen

Engelssprekendes in topbestuur” nie (SAUK, 1987d). Anderskleuriges was dus nie as ‘n faktor gereken nie.

Hierdie toestand sou wesenlik tot 1993 voortduur, want met die aanstelling van die Raad in hierdie jaar sou regstellende aksie 'n drastiese inkorting van Afrikaners in beleidmakende en -uitvoerende poste teweegbring (vgl. bv. JV, 1994). In die SAUK se personeelblad, *Intercom* (27 Nov. - 10 Des. 1997), word ‘n uiteensetting gegee van hoe die personeelstruktuur se rassesamestelling tussen 1993-1997 verander het. Wat die topbestuur betref, was 100 persent in 1993 blank. Tans bestaan die topbestuur slegs uit 16 persent blankes.

3.4 MEDIAROETINES EN HEGEMONIE

Die politieke, ekonomiese en maatskaplike omgewing waarin die SAUK hom bevind het, het nie alleen sy persepsie van bedreigings teen die heersende orde bepaal nie, maar ook sy optrede om dit die hoof te bied. Die Korporasie se uitsaaibeleid is derhalwe deur die eksterne omgewing bepaal, terwyl beleidsuitvoering op die beurt strukturele regstellings vereis het. Aan die bopunt het dus die ideologiese gestaan wat sy invloed afgewentel het deur die organisasie tot op die laagste vlak, naamlik die leef- en werkwêreld van die gewone joernalis.

Die doel van hierdie afdeling is om te toon dat op die vlak van mediaroetines 'n joernalis by die SAUK in die tagtigerjare in erg gebaande weë moes loop. Die beleid in die Eksteen-era was duidelik: geen uitsaaiplatform vir die denke en dade van wat bestempel is as rewolusionêres, radikales, aktiviste en enigeen wat nie erkenning vir hervormings wou gee nie, of nie by die spelreëls van konsensuspolitiek wou inval nie. Maar ofskoon beleid die visie, missie en filosofie van 'n organisasie mag uitspel, is verskillende vertolkings binne dieselfde organisasie tussen individue met uiteenlopende lewens- en wêreldbeskouings nie uitgesluit nie. Derhalwe moet dagopdragte, beleidsdirektiewe, spesiale opdragte en redaksionele vergaderings voorsorg tref dat 'n "eenvormige gedagtegang" afgedwing word.

Voorskriftelikheid dek 'n wye veld. Dit kan moets en moenies ten opsigte van die gebruik van bepaalde woorde wees. 'n Dagopdrag deur Jan van Zyl, direkteur van nuusdienste, op 2 Oktober 1973, handel onder meer oor die gebruik van "blanke", "Bantoe" en "swarte", byvoorbeeld: dit is onnodig om te sê dat 'n blanke in 'n ongeluk

gesterf het omdat sy of haar van reeds die ras aandui; Bantoe is 'n "onnoukeurige" benaming behalwe as dit na 'n versameling tuislandburgers of -werkers verwys, andersins moet Xhosa, Tswana ens. gebruik word; in versamelingsverband moet die woorde "swartes" of "swartmense" glad nie gebruik word nie, maar wel Bantoe wat "presieser" is (SAUK, 1973).

Veranderende politieke omstandighede kan 'n bepalende invloed op die gebruik van woorde uitoefen. In 1974 was Frelimo nog in SAUK-terminologie 'n "terroriste-organisasie" (SABC, 1974), maar 'n dagopdrag van 3 April 1975 het na aanleiding van politieke verwikkelinge in dié land vereis dat voortaan van "een van die partye in die voorlopige regering" gepraat moes word tot die land onafhanklik word waarna "politieke organisasie of party" sou geld (SAUK, 1975).

Nog 'n voorbeeld van roetinebeheer is die bepaling of begrening van bronne. Te midde van woelinge in Mosambiek, Angola en Rhodesië het die SAUK op 6 November 1974 in 'n uitvoerige opdrag reëlins oor beriggewing ten opsigte van verdedigingsake verduidelik. Dit was 'n volledige uiteensetting oor wie in die weermag genader kon word, en waaroor die woordvoerders hulle kon uitlaat. Die bevoegdheid van die Minister van Verdediging tot eenheidsbevelvoerders is behandel (SAUK, 1974).

In Suid-Afrika van die sewentiger- en tagtigerjare het verdedigingswetgewing verreikende beperkinge op joernalistieke vryheid geplaas. Omdat dit tot "onnodige verwarring" aanleiding sou gee, het die SAUK op 11 November 1975 opdrag gegee om niks uit te saai of te spekuleer oor die weermag se troepebewegings op die grens tussen Suidwes-Afrika (Namibië) en Angola nie. Dit was nadat die Minister van Verdediging, P.W. Botha, sulke beriggewing ingevolge die Verdedigingswet verbied het (SABC, 1975a). Nadat vier Suid-Afrikaanse soldate deur die Angolese MPLA gevange geneem is teen die einde van 1975, het die SAUK 'n waarskuwing van die SAW dat die Verdedigingswet afgedwing sou word indien die media oor die soldate spekuleer of kommentaar lewer, onder sy personeel versprei (SABC, 1975b).

'n Ander belangrike wet wat joernalistieke vryheid ingeperk het, was die Wet op Binnelandse Veiligheid (44/1950 soos gewysig deur 74/1982). Hierdie wet het die Regering wye magte gegee oor individue en instellings wat na sy mening die veiligheid

van die Staat bedreig het. Artikel 56(1)(p) het ook voorsiening gemaak vir die verbod op die publikasie (dus ook uitsending) van toesprake, artikels of verklarings van persone op wie die wet sekere beperkings gelê het. Die name van sulke persone wat in die Staatskoerant afgekondig is, is onder SAUK-amptenare versprei (kyk bv. SAUK, 1982a 1984e, 1986b).

In hierdie afdeling word die fokus nietemin ingestel op op die wyses waarop die Korporasie binne die konteks van die rewolusionêre aanslag en die legitimiteitskrisis van die Staat homself gereguleer het. As vertrekpunt kan die onluste van 1976 geneem word. Met dié onluste het die Korporasie riglyne vir die dekking van politieke geweld neergelê (JV, 1976:14). Dit het die volgende behels:

- (a) dat die dramatiese potensiaal van geïsoleerde insidente nie sodanig uitgebuit sal word dat 'n skewe geheelbeeld aangebied word nie;
- (b) dat redaksionele oordeel in elk geval toegepas sal word om te verseker dat wat aangebied word verteenwoordigend is van wat werklik gebeur het;
- (c) dat die mening van die swygsame meerderheid in die onlusgebiede gesoek moet word en dat die stem van redelikheid hoorbaar gemaak moet word;
- (d) dat aanhitsende uitlatings vermy sal word; dat oorsaak en gevolg met mekaar in verband gebring sal word waar konfrontasie uitgebeeld word;
- (e) dat gerugte geïgnoreer sal word en dat net kontroleerbare feite aangebied sal word;
- (f) dat verslaggewing sober sal wees ten einde panieksaaiery en emosionele spanninge te help voorkom. (JV, 1976:14.)

In die tagtigerjare voor die uitbreek van onluste in September 1984 word in verskeie SAUK-stukke melding gemaak van byvoorbeeld werksriglyne om die verhouding tussen nuus en terreur te hanteer (JV, 1981:8), en voorskrifte vir hoe TV-kameraspanne in onrussituasies moet optree (Eksteen, 1984d). Na die uitbreek van geweld, maar veral na die afkondiging van die noodtoestand in Julie 1985 en die Regering se beperkings op TV-dekking van onluste in die begin van November dieselfde jaar, het die SAUK oor verskeie fasette van joernalistieke roetines omvattende en spesifieke riglyne opgestel.

Op die *Netwerk/Network*-vergadering van Januarie 1986 is riglyne vir aanbieders, regisseurs en die sensurering van tekste neergelê. Hierdie riglyne is

aangevul met Eksteen se spesiale opdrag van Augustus 1987 waarin hy sy Bestuurskomitee gevra het om sy maatreëls "volledig en stiptelik" uit te voer (Eksteen, 1987f).

Op die 1986-vergadering het Burger die aanbieders van *Netwerk* en *Network* "van die beste beskikbare talent" in Suid-Afrika genoem, maar volgens hom is hy ook by vele geleenthede deur individue en instansies geroskam oor die ateljeepraktyke van sommige aanbieders (SAUK, 1986a). Ongeag hulle kwaliteit, kon die SAUK volgens Burger nie toelaat dat 'n "gekontroleerde beleidsmeganisme in die finale instansie (i.e. aanbidding) uit jou hand geneem word nie." Die meganisme was 'n stelsel van "briefings" waartydens aanbieders, redakteurs en ander lede van die hekwagtingskring voorbereiding kon doen. Oor die individualiteit en vryheid van die aanbieder, het Burger hom soos volg uitgelaat:

In baie gevalle kan ons sonder enige vrees die lyn van ons aanbieders aanvaar en volg, in ander gevalle sou dit nodig wees dat ons aanbieders die lyn soos deur die redakteur neergelê onderskryf. U sal die onhoudbaarheid van die situasie begryp dat 'n mens in die finale instansie uitgelewer word aan die persoonlike beskouing van 'n professionele aanbieder in jou program, wat vir jou of geweldige lof of geweldige laste teweegbring. Die enigste ding wat ek vra is dat ons aanbieders asseblief onderskrywers moet wees van die breë beginsels van ons kode, en professioneel genoeg sal wees om ook die insette van die redaksie, wat finaal is, op punte van konflik te aanvaar. (SAUK, 1986a.)

In sy afsluiting oor die rol en beheer van aanbieders het Burger gesê dat gegewe die moeilike tyd waarin die land verkeer, aanbieders moet aanvaar dat die drang om individualisties te wees ondergeskik is aan die "breë belang wat ons probeer dien, as dit vir u 'n aanvaarbare belang is." (SAUK, 1986a.)

Wat regisseurs betref, het Burger verklaar dat hy nie van plan was om meer as die bestaande beperkings op regisseurs te lê nie. Geen verdere beperkings sou ook nodig gewees het nie, indien 'n "wonderformule" gevind kon word om almal in dieselfde gees saam te bind. Hoewel regisseurs uit hoofde van hulle aanstellings ondersoekend en verslaggewend te werk moes gaan, het Burger gewaarsku dat "regisseurs sal ook ons moet verdra as ons sê dat ons kort-kort oor u skouers gaan loer." In hierdie verband is klem gelê op regisseurs se tekste:

As far as changes is concerned to producers' scripts, there won't be any change to a producer's script in my directorate if it is not absolutely necessary in order to maintain that what we believe in - we won't change your style, we won't change your approach, we will change if what we are trying to convey, and if that is conflict to what we believe in, I ask no excuse to make those changes. I told you earlier that I am not a law unto myself in this corporation, and thereby I don't accept that a producer is a law unto himself. We are a team, and if we as a team cannot find each other, then one must be wrong. (SAUK, 1986a.)

Eksteen (1987f) se redaksionele riglyne in Augustus 1987 was in die nasleep van sy ervaring met die Staatspresident oor Hendrickse. Om te verseker dat programme strook met die SAUK se konsepsie van landsbelang, het hy beveel dat:

onderwerpe vir programme tydig geïdentifiseer word sodat kundiges vooraf geraadpleeg kan word en alle implikasies behoorlik bepaal en oorweeg kan word;

die doel van die program duidelik is om iets wetenswaardig en opbouends oor te dra;

die eksterne omstandighede waarin die program aangebied word deeglik vooraf geëvalueer is sodat bepaal kan word of die program op 'n bepaalde tydstip wenslik is en 'n positiewe doel het;

beeldmateriaal wat as agtergrond in programme aangebied word werklik toepaslik is, perspektief verleen, bydra tot insig en nie bots met algemene riglyne wat reeds bestaan oor die nie-gebruik van sekere tonele of gebeure nie;

deelnemers aan programme met oorleg en na raadpleging geselekteer word;

diegene wat nuus dek of verwerk behoorlik ingelig is oor die agtergrond van gebeurtenisse waaroor verslag gedoen word. (Nuusverklarings uit die owerheidsektor byvoorbeeld moet in hul verband oorgedra word, terwyl verklarings van die Staatspresident onveranderd gebruik moet word.) (Eksteen, 1987f:2.)

Eksteen het veral klem gelê op "oorlegpleging oor programme wat in enige opsig sensitief mag wees." Die neergelegde prosedures was in die eerste instansie bedoel om alle beskikbare kundigheid, dus ook mense in die veiligheidsgemeenskap s'n, te benut en om besluite "behoorlik" te toets. Vir Eksteen het hierdie en die bestaande operasionele riglyne geen afbreuk aan die verantwoordelikhede van byvoorbeeld uitvoerende regisseurs, redakteurs en hoofredakteurs gedoen nie, maar dit het in die lig van heersende omstandighede en die SAUK se verbintenis tot landsbelang groter verantwoordelikhede behels.

Wat mediaroetines en die teenrewolusionêre stryd betref, is daar tot dusver in hierdie afdeling aangetoon hoe die SAUK deliberaat in die konteks van strategiese kommunikasie die werksaamhede van aanbieders, regisseurs, joernaliste en ander mense in die produksieketting gereël het. In sy voorlegging aan die WVK het Johan Pretorius egter min klem gelê op die SAUK se wilsbesluite en -optredes om die hegemoniese orde te steun en teenhegemoniese magte te beveg. Pretorius (1997) het die optrede van SAUK-joernaliste gerasionaliseer deur hoofsaaklik na eksterne faktore te verwys, byvoorbeeld: beperkende en onderdrukkende wetgewing, druk deur NP-politici en dreigemente deur regsies, die politieke situasie in die land wat aan 'n laevlakse burgeroorlog gegrens het, die Koue Oorlog en die Sowjet-Unie wat sy invloedsfere wou uitbrei, en die situasie aan die noordgrens waar Suid-Afrikaanse soldate "in die stryd teen Kubane gesterf het." Kan enigeen met 'n gesonde oordeel ("sound mind"), het hy gevra, verwag dat SAUK-joernaliste in hierdie omstandighede teen die Staat sou draai:

But what we did do was, and it was a conscious choice, we decided to work within that system, and we tried to do our job within that system, and for that I make no apology. I took that conscious decision. We pushed as far as humanly possible - we pushed against those parameters trying to smother us, constantly. (Pretorius, 1997.)

Dat daar wel SAUK-joernaliste was wat ontevrede was met ideologies gemotiveerde redaksionele beheer, blyk duidelik uit die vergadering van *Netwerk/Network* in Januarie 1986 en die lekkasies deur ontevrede nuuspersoneel aan die pers in die aanloop tot die 1987-verkiesing (Eksteen, 1987a). Ten opsigte van eersgenoemde geleentheid het verskeie joernaliste die beperkinge op hulle joernalistieke vryheid bevraagteken (vgl. SAUK, 1986a). Daar is ook gevalle van joernaliste wat vroeër geweier het om hulle by ideologies gemotiveerde redaksionele beheer neer te lê, en in die proses hulle werk ingeboet het. Neem byvoorbeeld. die geval van Julian Potter, 'n aanbieder van *Radio Today*, wat amptelik in November 1978 deur die SAUK geskors is nadat hy uit die ateljee gestap het uit protes teen die SAUK se aanvanklike besluit om geen besonderhede oor die Mostert-kommissie se getuienis oor die inligtingskandaal uit te saai nie (kyk *The Star*, 6 Nov. 1978, *Beeld*, 7 Nov. 1978). In dieselfde asem kan ook die geval van Kevin Harris genoem word. Harris was 'n TV-regisseur wat 'n bevel om 'n stuk van sy dokumentêre program oor

die Baragwanath-hospitaal uit te redigeer, geïgnoreer het. Hy is hieroor in Oktober 1979 afgedank (vgl. *Rand Daily Mail*, 13 Oct. 1979, *The Citizen*, 15 Oct. 1979).

Die reaksie van Burger op ontevrede SAUK-joernaliste tydens die *Netwerk/Network*-vergadering (SAUK, 1986a) was ook nie dat hulle soos Pretorius (1997) dit wou hê, takties teen die parameters moes stoot nie. Hy het soos Eksteen en ander amptenare tot dusver aangehaal, saamgestem met die hegemoniese orde se persepsie van die Suid-Afrikaanse werklikheid en die magte wat dit bedreig. Aanmoediging om skuiwergate te vind en politici te bestuur, wat die SAUK volgens Pretorius (1997) genoodsaak was om te doen, kon moontlik op interpersoonlike vlak buite rekord in die Korporasie geskied het. Maar wat die SAUK se amptelike beleid en eksplisiete redaksionele voorskrifte betref, het solidariteit met die heersende orde volledig gelyk.

Wat Pretorius se stelling oor die “druk teen parameters” weerspreek, is twee voorvalle wat agt jaar uitmekaar plaasgevind het. In Mei 1979 het die SAUK se personeelvereniging onder voorsitterskap van Pat Rogers ‘n telegram aan die Eerste Minister, P.W. Botha, gestuur waarin hy versoek was om die wetsontwerp op die Advokaat-generaal te heroorweeg. Die Direkteur-generaal van die SAUK, Jan Swanepoel, het ‘n brief aan die verantwoordelike minister (Willem Cruywagen) gestuur waarin hy die SAUK se bestuur van die telegram gedistansieer het (*Beeld*, 26 Mei 1979; *The Sunday Times*, 27 Mei 1979). Op 3 Julie 1979 is die bestuur van die personeelvereniging gedwing om te bedank nadat ‘n mosie van wantroue in hulle deur die bestuurder van TV-nuus, Sakkie Burger, in ‘n hoofdelike stemming op ‘n vergadering van 200 personeellede van die SAUK aanvaar is (*Beeld*, 4 Jul. 1979).

Die tweede voorval is reeds na verwys (kyk 3.2.2.2), naamlik die sowat 200 SAUK-joernaliste wat op 23 Maart 1987 hulle volledig met die SAUK se verkiesingsriglyne geïdentifiseer het, en eenparig hulle lojaliteit teenoor die SAUK herbevestig het (vgl. Van Zyl, 1987; Eksteen, 1987a).

Pretorius se stelling dat die SAUK in die lig van politieke druk verplig was om politici te bestuur, verdien verdere aandag. Volgens hom het politici in die algemeen, maar veral NP-politici, in die tagtigerjare 'n totaal naïewe, simplistiese en eendimensionele siening van uitsaaijoernalistiek gehad:

They utterly confused publicity value with news value, and the other way around when it suited them. They were virtually paranoid with what was termed exposure for subversive elements or exposure for political opponents to the right. Now be that as it may Mr Chairman, the problem was not that we were harassed, that comes with the job, as you all know. But the test lies in how we handled this pressure - this is the crux of the issue, and here is the perception that we failed. Fact is, we had to managed these people, and can you imagine how difficult it is for a senior person in a news setup to manage a politician, and manage its own staff at the same time. Sometimes we had to give two steps backward, to move three forward the next day - we had to live to fight another day. In the process we did make mistakes, yes, we made many mistakes, but we also had untold successes which many people don't know about. (Pretorius, 1997.)

Een van die suksesse wat Pretorius uitsonder, is die bestuur van P.W. Botha na die Hendrickse-voorval in Augustus 1986. Hy meen dat die onderonsie tussen Botha en Eksteen veldhouding tussen die SAUK en die Staatspresident, en per implikasie ook die hele staatsapparaat, dermate versuur het dat dit 'n "hele gemors" was. Volgens Pretorius het hy Botha goed geken, en hulle het 'n lang pad saamgekom, hy as joernalis, en Botha as nuusmaker. Hulle het mekaar gerespekteer, mekaar verstaan, en ook met mekaar verskil. Hoewel hy nie vir Botha kon sê "om hel toe te gaan nie", meen Pretorius dat hy omtrent die enigste een was vir die Staatspresident nee kon sê. En dit was volgens hom een van die redes waarom die SAUK hom na Kaapstad in Augustus 1987 as Tuynhuys-korrespondent gestuur het om seker te maak dat "onnodige probleme" nie weer opduik nie:

It was part of the managing setup, or the setup of managing the politicians. In the beginning it was a bit of a problem, but in the end it worked reasonably well. And there was nothing like that ever again. (Pretorius, 1997.)

Volgens Pretorius het SAUK-joernaliste ook 'n belangrike rol sedert 1989 gespeel om die Suid-Afrikaanse samelewing "oop te maak" en voor te berei vir die politieke verandering in 1994. Vanweë die wisseling van regeringshoofde in 1989, het 'n "groot wye gaping" ontstaan en SAUK-joernaliste het hierdie gaping gevul, debatte ingestel, en die vloei van informasie oopgemaak, aldus Pretorius. Hy verskil ook van 'n raadsvoorsitter (waarskynlik Viljoen) wat die krediet hiervoor opgeëis het (kyk Bell & Ronge, 1990), want hoewel die Raad die joernaliste nie gekeer of gesteun het nie, het

die inisiatief volgens Pretorius uitsluitlik van die joernaliste gekom. Sommige raadslede was nie met hierdie oopmaakproses tevrede nie:

We were constantly critisized and sniped at by individual Board members because we were perceived to be pro-ANC. What we did do was we opened up and reported news as it happened. Sure the ANC got more coverage, yes, but they made more news, they were just adept at making more news in those days than the other parties and for that we got critisized. As a matter of fact three of us at one stage were called into the board room and we were read the Riot Act because of this. (Pretorius, 1997.)

Op 'n vraag hoekom die SAUK net op die onregeerbaarheidstrategie van buiteparlementêre groepe gekonsentreer het, en nie ook vergrype van die veiligheidsmagte in woonbuurte, owerheidsgesteunde sluipmoordbendes, en menseregteskendings soos byvoorbeeld deur die polisie se Vlakplaas-eenheid ontrafel het nie, het Pretorius geantwoord dat SAUK-joernaliste nie daarvan geweet het nie, of indien hulle snuf in die neus gekry het, hulle dit nie kon opvolg nie. Hy vertel van 'n nuuskonferensie oor Vlakplaas wat deur die Minister van Polisie, Adriaan Vlok, gehou is, en die "harde tyd" wat hulle die minister gegee het. Desondanks kon hulle niks uit hom kry nie. Hierop het Max du Preez, voormalige redakteur van *Vrye Weekblad* wat die storie van Dirk Coetzee en sy Vlakplaas-bedrywighede onthul het, in sy getuienis voor die WVK soos volg gereageer:

Well, I should tell him that if you want information on police death squads, then you don't go to the minister. (Du Preez soos aangehaal deur Green, 1997:4.)

Op grond van wat tot dusver in hierdie afdeling bespreek is, blyk dit dat SAUK-joernaliste in die tagtigerjare onder erg beperkende omstandighede gewerk het. Hulle het in 'n bepaalde organisatoriese milieu gewerk waar nie alleen voorskrifte in die vorm van beleid en kodes bestaan nie, maar ook die breër politieke omgewing. Voorts het die verhouding tussen die SAUK en die owerheid benewens geskrewe reëls ook ongeskrewe reëls gehad, naamlik dit wat joernaliste gedink het aanvaarbare optrede sou wees. Dit het dus bygedra tot wat Carel van der Merwe, jarelange SAUK-bestuurskomiteelid, ideologiese "selfsensorskap" onder SAUK-joernaliste in die periode voor 1990 noem:

Ons het in daardie dae selfsensorskap toegepas en ons was geïnhibeer. Behalwe vir 'n paar uitsonderings, is ons nooit van Regeringskant af gesê hoe ons dinge moet

doen nie. Ons het gedink hulle wil dit so hê - dit was die groot fout. (Van der Merwe soos aangehaal deur Burger, 1993:11.)

Enkele maande na sy uittrede as raadsvoorsitter in Januarie 1985, het prof. Wynand Mouton in 'n onderhoud met Wessels (1985) gesê dat hy nooit opdragte van owerheidsweë gekry het oor wat om uit te saai nie, maar dat hy uit eie beweging sekere gevalle, wat hy nie wou spesifiseer nie, minder laat belig het, "welwetende wat die reaksie van sommige persone en instansies kan wees."

Vyf jaar later, na die. Botha-heerskappy en na De Klerk se toespraak op 2 Februarie 1990, het Viljoen, wat 'n tydlank onder-voorsitter in die Botha-era was, gesê dat die onpartydigheid wat die Korporasie in die begin van die negentigerjare gehandhaaf het, nie maklik was om onder die nuusgarde te vestig nie, want "to change the culture, to change the way people think, is not easy." (Viljoen soos aangehaal deur Bell & Ronge, 1990:17.)

In 'n artikel in *Interkom*, die SAUK se interne kommunikasieblad, oor die era van Harmse, bestuurshoof onder Viljoen, word ook gewag gemaak dat die SAUK wat nuus en inligting betref, in die verlede weggeskram het "van sensitiewe sake wat vir die Regering 'n verleentheid kon wees." (*Interkom*, Des.1993.)

'n Blik op selfsensuur en die SAUK se aktiwiteite word verskaf deur *Die Vaderland* wat in April 1986 voorbeelde van interne sensuur soos toegepas in die radio-aktualiteitsprogramme *Monitor* en *Spitstyd* onthul het. Dié koerant het uittreksels gepubliseer van 'n memorandum waarin oorsese korrespondente van die betrokke radioprogramme instruksies gegee word oor watter aanslag die SAUK verkies. In een van die instruksies op 7 Maart 1986 word korrespondente versoek dat buitelandse reaksie op die opheffing van die gedeeltelike noodtoestand in daardie maand "verkieslik net positief" gereflekteer moet word, terwyl 'n bydrae oor Swede se negatiewe reaksie op die opheffing afgekeur word omdat die SAUK "sou verkies om die nuus slegs positief te reflekteer." 'n Bydrae oor positiewe berigging oor Suid-Afrika in België word as netjies en 'n welkome bydrae "in hierdie tye" bestempel (*Die Vaderland*, 23 Apr. 1986). 'n Verslag oor aankondigings ten opsigte van Namibië en die noodtoestand in Maart 1986 is ook nie uitgesaai nie, omdat dit "te sensitief" was (*Die Vaderland*, 23 Apr. 1986). Die reaksie van die SAUK op hierdie onthullings was dat die memorandum in die konteks van die Korporasie se beleid gesien moes word.

Hierdie beleid was dat hy nie 'n instrument in die hande van radikales en rewolusionêres wou word nie (Breytenbach, 1986).

3.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is na drie aspekte van die SAUK se interne beleidsraamwerk jeens hegemonie en teenhegemonie gekyk, naamlik eerstens beleid en beleidsuitsprake jeens die dominante ideologiese beginsel en bedreigings van hierdie beginsel, tweedens strukturele aanpassings om die gees, inhoud en styl van die hegemoniese orde te dien en om buiteparlementêre verset daarteen op 'n gestruktureerde wyse te beveg, en derdens die invloed wat voorafgaande op mediaroetines in die SAUK gehad het. Aangesien die beleid en werking van 'n media-organisasie binne 'n eksterne raamwerk geskied, is die hoofstuk begin met 'n verduideliking van die regulatiewe raamwerk waarbinne die SAUK gefunksioneer het. Daar is nietemin klem gelê op die SAUK as 'n burgerlike instelling wat binne 'n bepaalde statutêre raamwerk moes opereer, en dat die Korporasie (soos elders in die wêreld die geval met media-instellings is) vanweë sy posisie as nasionale uitsaaier binne en buite hierdie raamwerk druk- en belangegroepe ten prooi geval het.

Die primêre fokus van hierdie hoofstuk en die studie is egter nie die invloed van druk- en belangegroepe in die eksterne raamwerk nie, maar selfregulering en die invloed wat die politieke omgewing op die beleid en werking van die SAUK gehad het. Derhalwe het dié hoofstuk gepoog om die eerste vier navorsingsvrae te beantwoord. Hierdie vrae het enersyds oor die SAUK se beleid jeens hervormingsapartheid-konsensuspolitiek en buiteparlementêre verset gehandel, en andersyds oor die hantering daarvan in die Korporasies se strukture en joernalistieke praktyke. Hoewel nie aanspraak gemaak kan word dat die totale spektrum van strukturering, asook die invloed daarvan op mediaroetines, gedek is nie, het hierdie hoofstuk wel van die mees fundamentele skuiwe in die tagtigerjare handel. En as 'n mens hierdie hoofstuk vergelyk met die SAUK se eie waardering van sy rol en plek tussen Desember 1983 en Oktober 1987 (SAUK, 1987d), kan tot die slotsom gekom word dat hierdie hoofstuk wel die kern van die SAUK se beleid en werking voldoende en sistematies aangespreek het.

Hierdie hoofstuk is boweal die grondslag waarop die volgende twee hoofstukke gebou word, en as sulks kruisvalideer dit die teoretiese uitgangspunte wat Hoofstukke 4 en 5 onderlê, naamlik dat die SAUK instemming probeer beding het vir hervormingsapartheid as organiese ideologie, en dat die Korporasie buiteparlementêre verset teen die hegemoniese orde gemarginaliseer het. Die SAUK het nie net beleidmatig hierdie twee aspekte gesteun nie, maar ook sy strukture geherstruktureer en sy mediaroetines aangepas om dit te doen, soos in hierdie hoofstuk aangetoon is.

- ¹ Hierdie subartikel bepaal dat die Raad die Direkteur-generaal as hoof-uitvoerende beampte van die Korporasie aanstel.
- ² 50/50 het in hierdie stadium, die eerste jaar van sy bestaan, helfte van sy tyd aan mensgeoriënteerde kwessies bestee (vandaar die naam 50/50). Die program het eers in die tweede helfte van die tagtigerjare meer op ekologiese kwessies begin fokus.
- ³ Vgl. 3.2.1.1.4 vir 'n bespreking van die Meyer-era in die SAUK-geskiedenis.
- ⁴ Twee jaar nadat Eksteen die diens van die SAUK in April 1988 verlaat het, is hy weer deur Pik Botha in 'n ambassadeurspos aangestel - dié keer in Namibië (kyk bv. *Die Burger*, 25 April 1990).
- ⁵ Vgl. bv. die SAUK se ondersteuning van die Regering tydens die Tweede Wêreldoorlog (3.2.1.1.2).
- ⁶ Tuynhuys het die Kantoor van die Staatspresident gehuisves.
- ⁷ "In alle ander opsigte" verwys na die wetlike en regulatiewe beperkinge waarbinne die Korporasie moes funksioneer.
- ⁸ Die aard van hierdie botsings kom duidelik na vore in onderhoude wat skrywer met Roos (1988a, 1988b) en Fuchs (1988a, 1988b) gevoer het. Meyer se weergawe hiervan word aangeraak in sy outobiografie (Meyer, 1984). 'n Belangrike saak waaroor Meyer en Roos verskil het, behels hulle sienings oor die rol van die raadsvoorsitter in die bestuur van die SAUK (in teenstelling met Pellissier het Meyer sy posisie nie as 'n deeltydse pos gesien nie). Die ander kwessie was Roos se standpunt dat outonomieit volgens die Reith-beginsel ook neutraliteit in politieke en ideologiese kwessies behels, iets waarmee Meyer lynreg verskil het.
- ⁹ Jannie Kruger was 'n redakteur van *Transvaler*, en hy is op aanbeveling van Verwoerd deur Meyer as kulturele adviseur van die SAUK aangestel (Meyer, 1984).
- ¹⁰ Vgl. bv. *Rand Daily Mail*, 21 Mei 1966; *The Star*, 1 Des. 1966; *Daily Dispatch*, 16 Jan 1971; *The Natal Witness*, 29 Apr. 1971; *The Natal Mercury*, 24 Jan. 1974; *The Sunday Times*, 4 Jan. 1976; Woods, 1977.
- ¹¹ Hierdie onluste het in Junie 1976 ontstaan en na swart woonbuurte elders in Suid-Afrika versprei. Die onluste is ontsteek deur die onderwysowerhede se verpligting op swart skole om sekere vakke in Afrikaans aan te bied (vgl. Davenport, 1991).
- ¹² 'n Bandopname en transkripsie van hierdie vergadering is beskikbaar.
- ¹³ In hierdie stadium was Burger Uitvoerende Hoofredakteur: Nuus en Openbare Aangeleenthede. Hy is in 1986 tot Senior Direkteur: Nuus en Buitelandse Dienste bevorder.
- ¹⁴ Vgl. bv. CA14/8/68, CA13/12/68, CA6/5/70, CA4/10/74.
- ¹⁵ CA4/10/74
- ¹⁶ Hierdie voorval het op 21 Maart 1985 plaasgevind toe 21 swart begrafnisgangers in 'n konfrontasie met die polisie gesterf het (vgl. Davenport, 1991).
- ¹⁷ Burger het nie uitgespel watter Engelstaliges hierdie siening huldig nie, maar Rhodie en Couper (1987) se ontleding van blankes se persepsies oor fundamentele kwessies rakende die algemene verkiesing van 6 Mei 1987 toon dat die meerderheid Engelstaliges nie vir die Progressiewe-Federale Party (die tuiste van die meerderheid links-van-die-middel blankes) gestem het nie. Bykans 10 persent van Engelstaliges wat in die 1987-verkiesing gestem het, se partyvoorkeure was regse partye, naamlik die Konserwatiewe Party (KP) en die Herstigte Nasionale Party (HNP). Die afleiding kan dus gemaak word dat Burger waarskynlik na Engelstaliges in grotendeels die NP, KP en HNP verwys het.

-
- ¹⁸ Tutu was voor September 1986 'n biskop.
- ¹⁹ Vgl. bv. die werk van die verskillende moniteringsprojekte soos uiteengesit in Van Zyl (1994:67-68).
- ²⁰ Vir 'n uiteensetting van die doel, struktuur en funksionering van Stratkom binne die NVBS, sien McPherson (1997)
- ²¹ Hierdie projek was waarskynlik Saunders se dokumentêre program "Target Terrorism" oor ANC-aktiwiteite in Londen wat in 1983 uitgesaai is. Saunders is hiervoor in 1984 vir die Artes-toekenning in die kategorie beste reportage oor openbare aangeleenthede genomineer (vgl. RRS, 1983:46).
- ²² Tutu het na bewering aan 'n Nederlandse koerant die volgende gesê: "Imagine what happens if 30 per cent of the black servants (in blanke huishoudings) would poison the employers. Is it not a miracle that black resistance has not yet blown up a schoolbus with white children?" (RRS, 1984:917.)
-

VIER

Die SAUK en die bedinging van hegemonie

Hegemoniese konformasie vereis 'n beduidende mate van bewustelike binding of instemming met sleutelaspekte van die samelewing. Die graad van vrywilligheid waarmee ingestem word, varieer in intensiteit. Die scenario van die een uiterste is dat iemand om welke rede ookal verplig voel of gedwing word om te konformeer, teenoor die nastrewenswaardige toestand waar dominante idees en waardes volkome in die samelewing geïnternaliseer is. Konsensus in werklike samelewings lê iewers op hierdie kontinuum, wat ook 'n barometer vir sosiale en politieke stabiliteit is. Hoe dieper en omvattender konsensus in die samelewing, hoe meer stabiel is die samelewing. 'n Staat van integrale hegemonie kan dus nie sonder kulturele en ideologiese konsensus bereik word nie, en om dit te bereik, is *konsensuele beheer* nodig (Ransome, 1992:150).

Konsensus en integrasie spreek ook die legitimiteit of illegitimiteit van 'n heersende orde aan. In 'n integrale hegemonie sal konformasie tot die wetlike basis van 'n samelewing geskoei wees op gedeelde waardes en gemeenskaplike belange waartoe dominante en ondergeskikte groepe vrywilliglik ooreenkom om dit in stand te hou. Beetham (1991:69) meen dat sonder so 'n gemeenskaplike waardestelsel "the rules from which the powerful derive their power cannot be justifiable to the subordinate."

Daar is in Hoofstuk 2 benadruk dat hegemonie beding moet word: anders gestel, die dominante konsensus in die samelewing moet onderhandel word. Dit vereis dat kompromieë tussen dominante en ondergeskikte groepe aangegaan moet word sodat 'n gemeenskaplike waardestelsel ontwikkel word waarin albei groepe 'n refleksie van hulleself kan sien, of soos Martin-Barbero (1993:74) dit stel:

one class exercises hegemony to the extent that the dominating class has interests which the subaltern classes recognize as being in some degree their interests too.

Hoe die bedinging van hegemonie deur 'n gee en neem proses ten opsigte van die driekamerparlement gewerk het, is in breë trekke in Hoofstuk 2 verduidelik. Dit kan net weer beklemtoon word dat die nuwe konstitusionele bedeling ondanks die aanvaarding van onderhandeling, konsensus en skikking as onderliggende beginsels, nie 'n bedreiging vir die dominante orde ingehou het nie. Om dit te doen, het die Regering sommige kleurlinge en Indiërs oorreed om rasgebaseerde nasionalisme as 'n grondwetlike beginsel te aanvaar in ruil vir groter seggenskap in sake waar die belange van blankes, kleurlinge en Indiërs oorvleuel het. Die onderskeid tussen eie en gemeenskaplike sake het die wese van apartheid grondwetlik verskans, maar nie op so 'n manier dat dit deelnemers onder kleurlinge en Indiërs vervreem het nie. Intendeel, in die nastrewing van konsensus kon hierdie groepe hulle stem in vaste komitees saamgestel uit die drie kamers van die Parlement laat hoor, daar was die Kabinet waar hulle leiers op die hoogste vlak kon onderhandel, en verder die Presidentsraad wat die Regering oor sake van nasionale belang moes adviseer en waarin hulle sitting gehad het.

Die onderliggende beginsel wat die dominante groep aan deelnemende kleurlinge en Indiërs in ruil vir medeseggenskap in gemeenskaplike sake verkoop het, was die selfbeskikkingsreg van groepe. Giliomee en Schlemmer (1989) onderskei vier basiese leerstellings van apartheid wat die selfbeskikkingsreg van groepe aanspreek. Die eerste leerstelling is dat die basiese eenheid van die samelewing nie die individu is nie, maar die volk. In die praktyk het dit beteken dat groepsregte, en nie menseregte nie, oorheersend was. Hieruit het die tweede leerstelling voortgevloei, naamlik dat individue hulle potensiaal kan realiseer slegs as hulle dit in diens van die volk doen. Daarom moes skole, kerke, kultuurverenigings en die Afrikaanse media (SAUK ingesluit) in die praktyk as kulturele en ideologiese voertuie gemobiliseer word om die idee van byvoorbeeld Christelik en nasionaal te bevorder (bv. Christelike-nasionale onderwys).

Die derde leerstelling is dat apartheid nie alleen die beste manier was om politieke wrywing te voorkom nie, maar dat dit terselfdertyd die oorlewing van blankes en die hoogste mate van vryheid en ontwikkeling van ander etniese groepe verseker het. Prakties het dit beteken dat onder meer aparte woonbuurte en skole gemotiveer kon word as maatreëls om wrywing te voorkom. Die laaste leerstelling het met die idee

van afsonderlike en gelyke vryhede te make, en dit het etiese regverdiging vir apartheid probeer verskaf, naamlik dat apartheid aan ander groepe gegee het wat die Afrikaner of blanke vir homself opgeëis het.

Hoewel die NP in 1948 'n stelsel van geïnstitusionele rassesseiding geërf het, het dié party met 'n reeks wette die leerstellings van apartheid op 'n rigiede wyse in die praktyk geïmplementeer (kyk bv. Omond, 1985). Hierdie leerstellings, wat die fundamentele dimensie van apartheid gevorm het, het in wese nie verander nie namate die Regering vanweë nasionale en internasionale faktore verplig was om in die sewentiger- en tagtigerjare die operasionele dimensie van apartheid deur middel van sy hervormingsprogram te verander. Dit het die era van hervormingsapartheid ingelui.

Deelnemende kleurlinge en Indiërs het dus hervormingsapartheid aanvaar, hoewel hulle binne die driekamerparlement by verskeie geleenthede konsensuspolitiek onder druk geplaas het, byvoorbeeld ten opsigte van veiligheidswetgewing in 1985 en die Presidentsraad se verslag oor die Groepsgebiedewet in 1987 (Davenport, 1991). Maar die dilemma was dat hervormingsapartheid ook onder 'n massa uitgeslote en ontevrede swartes en nie-deelnemende kleurlinge en Indiërs bemark moes word. Hoe die SAUK in sy redaksionele kommentaar dié bemarkingspoging aangepak het, is die fokus van hierdie hoofstuk.

Die SAUK se werksaamhede in hierdie verband val binne wat Hallin (1986) noem die sfeer van konsensus waarin media op 'n ondubbelsinnige wyse die ideologie van die bestaande en dominante orde bevorder. Die media is derhalwe 'n integrale deel van instellings in die burgerlike samelewing wat hegemonie deur konsensuele beheer probeer bewerkstellig. Die grondstowwe is kultuur en ideologie, en massamedia die middele om mense te oortuig dat hulle waardes en belange ten beste in die heersende kultuur en ideologie gedien sal word.

Hierdie hoofstuk handel oor die SAUK en hervormingsapartheid, en soos in Hoofstuk 1 uiteengesit, word die Korporasie se *redaksionele kommentaar* ontleed om vier spesifieke doelstellings te bereik, naamlik om te bepaal (a) in welke mate die SAUK die selfbeskikkingsreg van groepe as die onderliggende ideologiese beginsel voorgehou het, (b) of (en indien wel, waarom) die Korporasie se konsepsie daarvan gedurende die studieperiode klemverskuiwings ondergaan het, (c) watter strategie die

SAUK ten opsigte van hervormingsapartheid ten tye van konstitusionele dooie punte gevolg het, en (d) hoe die SAUK die Staat se veiligheidsoptrede in die lig van sy hervormingsprogram geprojekteer het. Die onderliggende teoretiese uitgangspunt (vgl. Hoofstuk 1) is dat die SAUK wel instemming in sy redaksionele kommentaar vir hervormingsapartheid en die styl van konsensuspolitiek probeer beding het deur die selfbeskikking van groepe as 'n gedeelde waarde, 'n gemeenskaplike belang, en die enigste werkbare oplossing vir Suid-Afrika as 'n komplekse, multi-kulturele, multi-etniese en veelvolkige samelewing voor te hou. Voorts het die SAUK beklemtoon dat die apartheidstaat bereid was om te onderhandel en te skik, en dat die onderdrukking van verset in belang van 'n onderhandelde konstitusionele skikking was.

4.1 DIE SAUK EN DIE SELFBESKIKKING VAN GROEPE

Die beklemtoning van die groepskonsep in *Comment* tussen 1983-1990 was nie soseer om luisteraars te oortuig dat dit polities noodsaaklik was om blankes, kleurlinge en Indiërs in aparte kamers te plaas nie; die kollig het veel meer op groepsgebaseerde akkommodering van swartes buite die nasionale state geval. Dié rubriek het dit as een van die mees fundamentele vrae, die belangrikste, dringendste, en tesame met swart nasiestate, as die sentrale konstitusionele kwessie in Suid-Afrika sedert 1959 (die eerste keer toe selfregering aan swartes toegeken is) beskryf.¹

Namate die dooie punt in onderhandelings oor die akkommodasie van swartes buite die nasionale state groter geword het, het die SAUK se siening van groepsregte in ooreenstemming met gebeure in die politieke omgewing bepaalde klemverskuiwings ondergaan. Eerstens het die ondersteuning van die wetlike bepaling en afdwinging van groepe plek gemaak vir 'n siening dat groepsvorming op 'n meer vrywillige basis moes geskied. In 4.1.2 sal aangetoon word hoe die afskaffing van *klein* apartheid en stagnasie in onderhandelings oor die konstitusionele posisie van swartes die impetus vir hierdie klemverskuiwing was. Tweedens het die SAUK se siening van die balans tussen groeps- en individuele regte ook verander sonder dat die Korporasie die idee van die sentraliteit van die groep laat vaar het. Die verandering het groter erkenning van individuele en menseregte behels, en dit het geskied binne die konteks van veral internasionale kritiek teen Suid-Afrika se hantering van menseregte gedurende die onderdrukking van verset tussen 1985-1988 (kyk Coker, 1990; Vale, 1990).

4.1.1 Die SAUK (*Current Affairs*) en die wetlike skeiding van groepe: die sestiger- en sewentigerjare

Apartheid was, soos reeds genoem, deur die NP beskou as die beste manier om politieke wrywing te voorkom, die oorlewing van blankes te verseker, en die hoogste mate van ontwikkeling vir anderskleuriges te verkry. Wat politieke apartheid betref, het die Wet op die Bevordering van Bantoe-selfbestuur van 1959 nie alleen swart verteenwoordiging in die Volksraad en Senaat afgeskaf nie, maar die beginsel van skeiding is ook aanvaar, naamlik blanke soewereiniteit op blanke grond en in 'n blanke Parlement, teenoor swartes wat soortgelyke regte in hulle eie tuislande kon geniet. Hierdie wet het 'n proses aan die gang gesit wat later tot die onafhanklikheid van Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei (TBVC-lande) gelei het.

Die onmiddellike en sigbaarste effek van apartheid na 1948 was nietemin op maatskaplike gebied ten opsigte waarvan die basiese uitgangspunt was dat saamlewe van blankes en swartes in geïntegreerde woonbuurte onvermydelik tot konflik sou lei, omdat die twee groepe voortdurend in kompetisie ten opsigte van mag, geriewe, werkseleenthede en dienste sou wees (vgl. bv. Rhodie & Venter, 1960). Die apartheidsformule van die eerste vier premiers (Malan, Strijdom, Verwoerd en Vorster) het prakties neergekom op die uitskakeling of vermindering van geleenthede en situasies waar wit en swart in aanraking met mekaar kon kom (vgl. Malan in Scholtz, 1959:13; Strijdom in Scholtz, 1959:18; Verwoerd, 1961:11; Vorster in Geyser, 1976:102-105).

Om rassegroepe te definieer en polities sowel as maatskaplik te skei, het die NP 'n legalistiese benadering gevolg. Benewens die selfbestuurswet van 1959, het 'n reeks wette in die vyftigerjare praktiese effek aan apartheid ten opsigte van byvoorbeeld huwelike, rasseklassifikasie, woonbuurte, onderwys, en openbare geriewe gegee (Davenport, 1991). Wetlik geïnisieerde apartheid is deur die SAUK gedurende die sestiger- en sewentigerjare ondersteun en verdedig, byvoorbeeld werkreservering;² hervestiging van kleurlinge uit Distrik Ses en swartes uit Sophiatown;³ aparte universiteite;⁴ herstel van apartheid ten opsigte van grysgebiede in stede;⁵ Bantoe-onderwys;⁶ rasseklassifikasie na aanleiding van die geval Sandra Laing wat vanweë haar voorkoms as kleurling geherklassifiseer is, ongeag die feit dat sy blanke ouers, broers en susters gehad het;⁷ afsonderlike kerke as beginsel van afsonderlike

identiteite;⁸ apartheid in sport na aanleiding van die geval Basil D'Oliveira;⁹ anderskleurige huisbediendes wat by blankes inwoon en wat volgens die SAUK teen die desentralisasieplan van die Regering ingewerk het;¹⁰ instromingsbeheer en trekarbeid;¹¹ die groepering van Suid-Afrikaanse Chinese saam met blankes;¹² die Regering se verbod op 'n sokkerwedstryd tussen twee Suid-Afrikaanse sokkerspanne in Swaziland omdat die een blank en die ander swart was;¹³ die Regering se weiering om 'n Indiese dokter ingevolge die Groepsgebiedewet in 'n blanke gebied in Mooirivier (Natal) te laat praktiseer;¹⁴ die Ontugwet wat die SAUK eerder as die "Wet op die Verbod van Bloedvermenging" ("miscegenation") herdoop wou hê, onder meer na aanleiding van die bekende Excelsior-saak (kyk 4.2.2.2);¹⁵ en die sportbeleid van Vorster wat binnelands veelrassige sport verbied het, anderskleurige individue in sportsoorte van die olimpiese tipe (dit wil sê nie spansport nie) toegelaat het om aan internasionale byeenkomste in Suid-Afrika deel te neem, en wat apartheid in verteenwoordigende Suid-Afrikaanse spanne behou het.¹⁶

Die onderliggende idee van radikale skeiding tussen blankes en swartes deur die skepping van tuislande was om hierdie rasse polities, kultureel en ekonomies apart te hou (Giliomee & Schlemmer, 1989:54). Wat kleurlinge, Indiërs en swartes buite nasionale state betref, het dieselfde idee gegeld. Terwyl politieke apartheid sy gang gegaan het, en rassesseiding op maatskaplike gebied ondanks verstellings in die sportbeleid 'n voldonge feit was, het sakelui se eise om hoër ekonomiese groei en goedkoop arbeid toenemend ekonomiese apartheid onder druk geplaas (kyk bv. Giliomee, 1981b). Tekens hiervan was reeds in die sestigerjare duidelik, en die Regering se pogings tot desentralisasie van die ekonomie deur die skepping van grensnywerhede, asook instromingsbeheer is sonder voorbehoud deur die SAUK in sy redaksionele kommentaar ondersteun.¹⁷

Current Affairs van die sewentigerjare reflekteer enersyds ondubbelsinnige steun vir sowel die fundamentele as operatiewe dimensies van apartheid (kyk 1.1), maar andersyds ook toename in druk op die Vorster-regering namate ekonomiese probleme soos laer groeikoerse en inflasie hulle opwagting in 'n oliekrisis-geteisterde wêreld gemaak het. Dié rubriek weerspieël toenemende buitelandse druk op die Regering om sy apartheidsbeleid te verander, asook groter frustrasievlakke onder kleurlinge met hulle politieke lot. Dit weerkaats verset onder swart bewustheidsgroepe

wat in die tweede helfte van hierdie dekaade tot uitbarsting gekom het, en die ontwaking van swart arbeid as 'n politieke en ekonomiese magsfaktor. Teen hierdie agtergrond werp *Current Affairs*, wat in 1978 na *Editorial Comment* verander het, 'n blik op die Regering se onderdrukking van verset en veranderings aan die operatiewe dimensie van apartheid. Veranderings sou in die tagtigerjare hervormings word, en om dit te rasionaliseer moes die luisteraar oortuig word dat terwyl die voorkoming van wrywing en blanke oorlewing in die verlede wetlike beskerming vereis het, sommige maatreëls in die nuwe tydvak irrelevant, ontoepaslik en onnodig in 'n veranderende Suid-Afrika sou wees.

Die bal is 'n belangrike mate aan die rol gesit deur 'n toespraak van Vorster in November 1974 in Nigel waar hy gesê het dat die wêreld verbaas sou wees "waar Suid-Afrika oor ses maande en oor twaalf maande gaan staan" (Vorster in Geyser, 1976:345). *Current Affairs* het hierdie uitspraak vertolk as geensins 'n radikale formule vir die transformasie van Suid-Afrika se binnelandse en buitelandse verhoudinge nie.¹⁸ Hoewel die SAUK die onomkeerbaarheid van separatisme nie bevraagteken het nie, het hy hierdie toespraak gedurende die volgende jaar of wat telkens gebruik as 'n bewys van die Regering se opregtheid ten opsigte van verandering. Dit het ingesluit toegewings met betrekking tot werkreservering,¹⁹ Vorster se inisiatiewe om die dooie punt in kleurlingpolitiek op te los,²⁰ huurpagregte vir stedelike swartes,²¹ en veral sy uitwaartse beleid.²²

Dit is reeds genoem dat in die bedinging van hegemonie toegewings gemaak moet word sodat die waardes en belange van ondergeskikte klasse of groepe gereflekteer word (kyk 2.1.1). Sulke konsessies mag egter nie die dominante orde bedreig nie, en in 4.1.2 word aangetoon hoe die afskaffing van sommige apartheidswette geensins 'n bedreiging vir die behoud van die dominante ideologiese beginsel, naamlik die selfbeskikking van rasgebaseerde groepe, ingehou het nie. Die SAUK het in die sewentigerjare aktief begin bou aan die beeld dat Suid-Afrika 'n fase van dinamiese verandering betree, en hierdie beeld is in die tagtigerjare verder ontwikkel na gelang van hervormings aan die operatiewe dimensie van apartheid. Maar die SAUK het in beide dekades nie die fundamentele dimensie van apartheid in gedrang gebring nie. Dus, die SAUK se idee van 'n Suid-Afrika aan 't verander (sonder om die selfbeskikkingsreg van groepe te kompromitteer), is in die sewentigerjare verder

uitgedra en gepositiveer ten opsigte van die volgende: integrasie van sport;²³ plaaslike regering vir stedelike swartes;²⁴ beginstappe om die Westminsterstelsel ten opsigte van kleurlinge en Indiërs te verander;²⁵ ondersoek deur Wiehahn²⁶ en Riekert²⁷ na die posisie van swart arbeiders; veranderinge in die stelsel van instromingsbeheer;²⁸ afskaffing van werkreservering in verskeie areas;²⁹ en die oopstelling van geriewe.³⁰

Die Regering se verstellings aan die operatiewe dimensie van apartheid het verdeeldheid in Afrikanergeleedere in die hand gewerk. Die stigting van die HNP in 1969 was die gevolg van regse Afrikaners se ontevredenheid met onder meer die NP se sportbeleid (vgl. Serfontein, 1970), en die skeuring van die NP in 1982 die gevolg van regse-ontevredenheid met die nuwe konstitusionele bedeling vir blankes, kleurlinge en Indiërs (vgl. Ries & Dommissie, 1982). Vir die ontevredenes was dit dus 'n geval van te gou te veel, en om sy luisteraars te oortuig dat die afskaffing van diskriminerende maatreëls 'n logiese progressie van die apartheidsbeleid sedert 1948 was, moes die SAUK sekere konsepte manipuleer en apartheidswette wat in die proses van verandering in die slag gebly het, van mindere belang maak. Die onderskeid tussen *diskriminasie* en *differensiasie* is 'n goeie voorbeeld van die manipulasie van konsepte. Volgens *Current Affairs* het die wegbeweeg van diskriminasie nie 'n ongedifferensieerde en geïntegreerde samelewing beteken nie. Ongeag of die beleid separatisme, afsonderlike ontwikkeling, afsonderlike vryhede of gemeenskapsekuriteit genoem word, Pretoria se beleid was op die beginsel van differensiasie gebou.³¹ Dit het die uitskakeling van diskriminasie ten doel gehad. Maar die rubriek praat ook van *ongeregverdigde*³² en *onnodige*³³ diskriminasie, met ander woorde diskriminasie wat nie gemeenskapsekuriteit bedreig het nie, en dit was ten opsigte van hierdie soort diskriminasie wat die afskaffing van apartheidswetgewing gemotiveer kon word met die idee dat die uitskakeling van wrywing en die bedreiging van blanke voortbestaan hierdie wette irrelevant gemaak het.

Die passering van wette en regulasies om punte van kontak tussen blankes en anderskleuriges te beheer, was volgens die SAUK in elk geval 'n korttermyn- en negatiewe strategie teenoor die daargestelling van gemeenskapsekuriteit wat die langtermyn- en "positiewe" strategie van die apartheidsregerings sedert 1948 gevorm het.³⁴ Namate dié sekuriteit toegeneem het, kon blankes en swartes gelyke betaling vir gelyke werk kry, in dieselfde sportspanne speel, saam teater toe gaan, en saam op

busse en vliegtuie reis. Maar die behoud van die groep in 'n politieke en maatskaplike verband het 'n perk op die afskaffing van apartheidswette geplaas, en die SAUK het in hierdie verband gemeen dat daar in sekere belangrike areas "strukturele" wetgewing moes wees om die identiteit, lewenstyl en selfbeskikking van Suid-Afrika se diverse volke te beskerm.³⁵ In die sestiger- en sewentigerjare het die SAUK wette om die rassuiwerheid van byvoorbeeld woonbuurte, huwelike, volke, en geslagsverkeer te verseker, as struktureel beskou. Hoewel die sentraliteit van die groep as 'n politieke konstruk in die Suid-Afrikaanse opset nooit deur die Korporasie bevraagteken is nie, het hy wel in die in die tweede helfte van die tagtigerdekade 'n minder legalistiese siening geopenbaar. Dit was nadat die meeste van bogenoemde wette geskrap is.

4.1.2 Die SAUK en die klemverskuiwing oor die wetlike skeiding van groepe: die tagtigerjare

Onderliggend aan die SAUK se groepsbeskouing in die nuwe konstitusionele bedeling van die tagtigerjare is die konstitusionalisering van rasgebaseerde groepe asook die beskerming van groepsregte in 'n daaropvolgende grondwetlike bedeling waarin swartes buite die nasionale state geakkommodeer moes word. Tussen 1983-1990 word verskeie deurlopende temas rondom groep of verwante konsepte soos gemeenskap, samelewing, identiteit en nasionalisme aangetref. *Selfbeskikking* verwys na die reg van 'n groep tot selfregering, soewereiniteit, outonomie en 'n eie gemeenskapslewe.³⁶ *Sekuriteit* beteken dat die groep as 'n entiteit beveilig moet word sodat die lede wat hulle taal, kultuur, godsdienste en ras betref, nie bedreig voel nie.³⁷ *Dominasie* hou verband met selfbeskikking en sekuriteit, en *Comment* het deurgaans in hierdie periode klem gelê dat enige konstitusionele bedeling voorsiening moes maak dat een groep nie deur 'n ander gedomineer word nie.³⁸ Deur groepe as *minderhede* aan te bied, is die indruk probeer wek dat geen groep in staat was om sy wil op ander af te dwing nie. In hierdie verband het die SAUK byvoorbeeld van "aggressiewe minderhede"³⁹ gepraat, met ander woorde entiteite wat nie sou duld dat hulle politieke aspirasies en behoeftes deur ander ondermyn word nie. Die idee van minderhede sonder 'n volstrekte meerderheid is ook benadruk namate die ANC se deelname aan die onderhandelingsproses 'n voldonge feit geword het (kyk Hoofstuk 5). Die ANC was dus een van die minderhede wat moes aanvaar dat ander minderhede met kulturele en

geografiese ondersteuningsbasisse gelyke status om die onderhandelingsstafel verdien het.⁴⁰

Hoewel nie so herhaaldelik (vgl. bv. die voetnotas) soos bogenoemde konsepte nie, het die koppeling van groepsregte aan *demokrasie* ook deurlopend voorgekom. Volgens die SAUK het 'n geloof in demokratiese waardes onder meer beteken dat die Staat 'n fundamentele verpligting het om te voorkom dat minderheidsgroepe onderdruk word. Die keersy, een-mens-een-stem in 'n unitêre staat, sou dus totalitarisme wees.⁴¹ Die beskerming van minderhede is ook as 'n voorvereiste aangebied indien demokrasie en maatskaplike harmonie in Suid-Afrika wou oorleef.⁴² Die keersy was totalitarisme, die oogmerk van diegene wat teen die beskerming van groepsregte in die Suid-Afrikaanse konteks gekant was, want geen groep wat die leerstellings van demokratiese politiek (i.e. die akkommodasie en erkenning van minderheidsregte) onderskryf het nie, sou volgens die SAUK uit dialoog en onderhandeling oor 'n nuwe konstitusionele bedeling gesluit word nie.⁴³ Nadat F.W. de Klerk by P.W. Botha oorgeneem het, en die klimaat en styl van die Suid-Afrikaanse politiek verander het (vgl. Lee, 1989), het *Comment* steeds die verbreding van demokrasie met magsdeling deur die verskillende bevolkingsgroepe geassosieer.⁴⁴

Die kwessie van *magsdeling* het deurlopend (vgl. die verspreiding van voetnotas op 'n jaarlikse basis) in verskillende variasies in *Comment* gemanifesteer. Naas eie sake waarvoor 'n groep volle mag gehad het, was daar ook algemene sake of gemeenskaplike belange waarvoor 'n groep net medeseggenskap gehad het, en dus mag met ander groepe gedeel het.⁴⁵ Hoewel die NP voor die driekamerparlement enige vorm van magsdeling verwerp het (Kotzé & Greyling, 1991:135), het dié party in die tagtigerjare die konsep aanvaar en Westerse liberale waardes daaraan toegeken, byvoorbeeld magsdeling binne 'n onverdeelde Suid-Afrika met een burgerskap en algemene stemreg (kyk Van der Merwe, 1986:1-6).

'n Onverdeelde Suid-Afrika het bloot beteken dat die Regering nie druk op die swart gebiede sou uitoefen om onafhanklikheid te aanvaar of prys te gee nie (Van der Merwe, 1986:6), terwyl een burgerskap verwys het na wetgewing in 1986 wat swartes buite die swart state se burgerskap herstel het, asook die ruimte gelaat het vir dubbele burgerskap van swartes in die onafhanklike tuislande (kyk Marais, 1987). Algemene stemreg het neergekom op die beginsel dat elke burger in 'n groep stemreg in daardie

groep moes hê. Die kern is dus die groep, en hierdie kwalifikasie vir 'n onverdeelde Suid-Afrika, enkele burgerskap, en algemene stemreg is deur *Comment* benadruk.⁴⁶ Ander waardes wat hierdie rubriek aan magsdeling toegevoeg het, was samewerking, interafhanklikheid, eenheid in diversiteit, en gemeenskaplike lotsbestemming. Hierdie waardes het na die samehang van verskillende groepe verwys waaraan uitdrukking gegee is deur konsepte soos gemenebes, konstellasie, konfederasie of konsosiasie om die ekonomiese en geografiese afhanklikheid van mekaar te demonstreer.⁴⁷

Afkamming van een-mens-een-stem in 'n unitêre staat wat tot meerderheidsregering in Suid-Afrika sou lei, is oor die hele tydperk deur *Comment* volgehou. Hierdie stelsel is in verband gebring met die Regering se besluit om die Westminsterstelsel vir konsensuspolitiek te verruil (kyk Ries & Dommissie, 1982). Die Westminsterstelsel het volgens *Comment* gewentel om die beginsel dat die wenner alles vat, en dat hierdie beginsel konflik en onstabiliteit gegenereer het in komplekse samelewings met meerderheidsregerings.⁴⁸ In die situering van groeps- of minderheidsregte het die rubriek deurentyd klem gelê op die diversiteit, heterogeniteit, en pluraliteit van die multinasionale en multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing.⁴⁹ Die SAUK het geargumenteer dat eenvoudige oplossings soos die Westminsterstelsel en een-mens-een-stem in 'n unitêre staat nie geskik vir die ingewikkelde bevolkingstruktuur van Suid-Afrika was nie, en dat die verskansing van groepsregte daarom gesonde verstand was. Die natuurlikheid of vanselfsprekendheid hiervan is uitgedruk in standpunte soos 'n groep se onvervreembare beheer oor en reg op sy eie sake en selfbeskikking,⁵⁰ die fundamentaliteit van etnisiteit,⁵¹ groepsverbande as 'n lewensfeit,⁵² en die verontagsaming van groepsregte as sinneloosheid.⁵³ Nog 'n variasie van die gesonde-verstand-tema, was die aanbieding van groepsregte, -identiteit, en -diversiteit as fundamentele realiteite van die Suid-Afrikaanse samelewing.⁵⁴ Hoewel die SAUK na die helfte van 1986 nie meer die beskerming van minderhede en die selfbeskikkingsreg van groepe as "ononderhandelbaar" gestel het nie,⁵⁵ het die Korporasie in sy redaksionele kommentaar nooit van groepsregte as gesonde verstand afgewyk nie.

Klemverskuiwings ten opsigte van die groep het dus nie die fundamentaliteit daarvan aangetas nie, maar dit was eerder gefokus op die praktiese manifestering daarvan. Na die aanvaarding van die 1983-Grondwet en die al hoe belangriker posisie

wat stedelike swartes op die politieke agenda ingeneem het, het die SAUK gedurende 1983-1984 die uitsluiting van hierdie swartes uit die driekamerbedeling gerasionaliseer met die omstandighede van kleurlinge en Indiërs wat die Korporasie as andersoortig bestempel het,⁵⁶ asook met regeringsbeleid dat swartes buite tuislande onlosmaaklike taal-, kulturele en politieke bande met die tuislande gehad het.⁵⁷ *Comment* het van hierdie argument afgestap nadat die Regering gepoog het om die konstitusionele dooie punt op te los deur hervormings soos swart burgerskapregte en sy beleid oor die eenheid van Suid-Afrika.

'n Belangriker klemverskuiwing in die SAUK se redaksionele kommentaar was die waarneming en erkenning dat die meerderheid swartes gekant was, of afsydig gestaan het, jeens die beskerming van groepsregte.⁵⁸ *Comment* se verklaring hiervoor behels die “oorbeklemtoning” van die groepskonsep,⁵⁹ verkeerde persepsies oor etnisiteit,⁶⁰ en te veel nadruk op etnisiteit soos byvoorbeeld met die driekamerparlement die geval was.⁶¹ Laasgenoemde standpunt is enkele dae voor die beëindiging van die rubriek in Maart 1990 ingeneem, dit wil sê na De Klerk se toespraak op 2 Februarie 1990, en nadat die mislukking van die driekamerparlement teen hierdie tyd algemeen aanvaar was. Nietemin het die SAUK in vroeëre rubrieke waarin hy van die “oormatige” klem op groepsregte gepraat het, sekere nagevolge hiervan genoem, byvoorbeeld: strukture wat geskep is om groepsregte te handhaaf, het spanning geskep;⁶² separatisme het sinoniem met ongelykheid geword;⁶³ groepsregte is uitgeoefen ten koste van swartes se groepsregte;⁶⁴ apartheid het in sy oorspronklike ideale van afsonderlike en gelyke vryhede misluk;⁶⁵ apartheid het blankes meer as ander groepe bevoordeel;⁶⁶ groepsbelange is bo nasionale belang gestel;⁶⁷ en blankes het gestem vir strukture en praktyke wat ander groepe permanent benadeel het.⁶⁸ Met sulke “belydenisse” het die SAUK nie sy idee van die selfbeskikking van groepe as die heil van Suid-Afrika versaak nie, maar eerder daarmee groter gewig verleen aan sy standpunt dat die Regering ernstig was om vir foute van die verlede te vergoed. In hierdie opsig het belydenis 'n tegniek geword om die erns van onderhandeling en skikking te beklemtoon, en hierdie tegniek word vollediger in 4.2.2.2 bespreek.

'n Belangrike aspek van hervormingsapartheid in die tagtigerjare was om 'n basiese komponent van klassieke apartheid soos die groep in nuwe vorms te giet. Dit het onder meer behels om aan te toon dat die groepskonsep 'n fundamentele realiteit in

plurale samelewing is, en dat dit nie die produk van 'n "ideologiese obsessie" was nie. Gepaardgaande hiermee moes groepsregte ter wille van aanvaarbaarheid hier en in die buiteland van rassistiese konnotasies gestroop word. Met ander woorde, groepe moes as natuurlike verskynsels van enige heterogene samelewing gepromoveer word. Mense word dus onderskei deur 'n aantal veranderlikes waarvan ras een mag wees (kyk Giliomee & Schlemmer, 1989). Daar is reeds gewys op *Comment* se beklemtoning van groepsregte as gesonde verstand, en dié rubriek het by twee geleenthede standpunt ingeneem dat groepsbewustheid nie 'n ideologiese kwessie of 'n nuwe definisie van apartheid was nie.⁶⁹ Wat beskouings of beskuldigings van die verskansing van groepsregte in die Suid-Afrikaanse konteks as rassisties en verskuilde rassiediskriminasie betref (vgl. Giliomee & Schlemmer, 1989), het *Comment* dit as "dogmaties" afgekam.⁷⁰ Aan die einde van die tagtigerjare het rubriek klem gelê op die behoud of bevordering van groepsregte maar sonder dat rassevooroordel of rassistiese kriteria enigsins 'n rol daarin moes speel.⁷¹

Groepsregte sonder rassistiese kriteria het ook regstreeks verband gehou met denke in regeringskringe wat minder klem op wetlike voorskriftelikheid wou plaas om groepe te skei. Stappe geneem in hierdie rigting was byvoorbeeld die afskaffing van die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike en artikel 16 van die Ontugwet in 1985 (vgl. RRS, 1985:28). *Comment* se vertolking van 'n nuwe benadering tot die legalistiese beskerming van groepe was dat blankes in hulle strewe na maksimale groepsbeskerming nie net hulle eie sake beheer het nie, maar ook die terrein van algemene sake "gedomineer" het, 'n terrein waarop ander groepe ook "legitieme aanspraak" gehad het.⁷² Die gevolg volgens die rubriek was 'n "obsessiewe" navolging van wetlike beskermingsmaatreëls wat gelei het tot die vernietiging van ander se regte, en die daarstelling van moreel onverdedigbare situasies soos werkreservering "which in effect prohibited people of colour from using their God-given talents."⁷³

Die mees verreikende klemverskuiwing ten opsigte van groepsdenke in regeringskringe het in die begin van 1989 plaasgevind. P.W. Botha het na 'n beroerte op 18 Januarie 1989 as leier van die NP bedank, maar nie as Staatspresident nie. Chris Heunis, Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, het as Staatspresident waargeneem, en F.W. de Klerk is in die begin van Februarie 1989 as die nuwe hoofleier van die NP verkies. In dieselfde maand het Heunis die wetlike

voorskriftelikheid van groepe 'n nuwe dimensie gegee (Heunis, 1989). Waar die Regering in die verlede die skeiding van bo af bepaal het, het die nuwe rigting behels dat individue uit oortuiging en vrywillig self groepe moes vorm. Terwyl die Regering voorheen etnisiteit as die determinant van groepsvorming gesien het, het die Regering nou erken dat daar ook ander bepalende faktore was, byvoorbeeld taal, kultuur en godsdiens. Hierdie was dus 'n poging om die definisie van groepe van rassistiese kriteria te stroop. Heunis het selfs die moontlikheid geopper van veranderings aan drie wette wat van die belangrikste hoekstene van apartheid gevorm het, naamlik die Groepsgebiedewet, die Wet op Afsonderlike Geriewe, en die Bevolkingsregistrasiewet. *Comment* se vertolking hiervan was dat onderhandelings vir 'n nuwe konstitusionele bedeling nou kon geskied binne die raamwerk van werklike magsdeling sonder die “skim van statutêre diskriminasie en vrees vir dominasie”.⁷⁴

Op 1 Maart 1989 het die Wet op Vrye Vestigingsgebiede van krag geword. Hierdie wet was 'n kompromis tussen voorstanders van die totale skraping van die Groepsgebiedewet en diegene wat hierdie wet as 'n onveranderbare hoeksteen van gemeenskapsekuriteit gesien het (vgl. bv. Davenport, 1991:538-541). In sy motivering van wetlik-bepaalde aparte sowel as gemengde of oop woongebiede, het die SAUK weer die kwessie van vrywilige groepsvorming aangespreek, en getoon hoe om 'n gevestigde apartheidsmaatreël in 'n nuwe vorm te giet.⁷⁵ Die reg op vrywillige assosiasie van mense van verskillende rasse wat byvoorbeeld dieselfde sosio-ekonomiese status het, was deur vrye vestigingsgebiede erken. Maar die *status quo* is in wese behou deur die reg op dissosiasie, met ander woorde die reg van 'n groep om te weier dat sy woonbuurt oopgestel word vir alle rasse. *Comment* het met hierdie argument gepoog om voort te bou op die idee van vrywillige nie-rassige groepsvorming, terwyl die rubriek terselfdertyd die blanke hegemoniese orde gesus het deur te wys op die beperkte invloed wat dit op die heersende groeps karakter in Suid-Afrika sou uitoefen. Nadat die NP in Junie 1989 'n nuwe plan van aksie aangekondig het waarin die verwydering van rasgebaseerde definisies van groepe 'n belangrike rol gespeel het (kyk *The Sunday Star*, 2 Jul. 1989; *New Nation*, 13 Jul. 1989), het *Comment* weer eens beklemtoon dat die nuwe NP-beleid voorsiening gemaak het vir ope en eksklusiewe groepe, en omdat groepe die “boublokke van die Suid-Afrikaanse samelewing is”, wette oorbodig sou wees.⁷⁶

Klemverskuiwing in die Regering se groepsdenke vanaf wetlike voorskriftelikheid na vrywillige assosiasie, en die SAUK se refleksie en ondersteuning hiervan in sy redaksionele kommentaar, het nie afgewyk van die basiese uitgangspunt dat groepe en hulle regte statutêre erkenning moes geniet nie. *Comment* het volgehou om tussen 1983-1990 aan te dring op die verskansing van, waarborge vir, en statutêre of konstitusionele beskerming van groepe se selfbeskikking oor hulle eie sake.⁷⁷ In sy derde laaste uitsending, het dié rubriek gevra dat onderhandelings oor 'n nuwe konstitusionele bedeling ook statutêre strukture moes insluit om groepsregte te beskerm.⁷⁸

Wat die Regering en die SAUK dus bedoel het met die oorbodigheid van wette om groepsbehoud en -regte te beskerm, was gemik teen daardie wette wat in die verlede die hegemoniese blanke orde in stand gehou het, maar wat later in die era van hervormingsapartheid hulle hoeksteenstatus verloor het. Derhalwe kon *Comment* krities reageer teen die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike, artikel 16 van die Ontugwet, aparte treinpassasiersdienste en strande, en die die Wet op Afsonderlike Geriewe *nadat* die Regering dit geskrap het, of van voornemens was om dit te skrap.⁷⁹ Maar in gevalle van wette wat nog die pilare van hervormingsapartheid gevorm het, het die SAUK die behoud daarvan gerasionaliseer. Die uitstaande voorbeeld is die Groepsgebiedewet.

In November 1986 het die besluit van die Presidentsraad om die verslag oor sy ondersoek na die Groepsgebiedewet uit te stel, heelwat negatiewe reaksie in die pers en in die kleurling- en Indiërhuise van die driekamerparlement ontlok (kyk bv. *Cape Times*, 26 Nov. 1986; *Business Day*, 27 Nov. 1986). Die Presidentsraad se ondersoek in daardie stadium het reeds vyf jaar geduur, en die uitstel is deur kritici as vertragingstaktiek bestempel. *Comment*, daarenteen, het die uitstel verdedig op grond van die erns, deeglikheid en diepte waarmee die Presidentraad die ondersoek wou aanpak.⁸⁰ Die verslag, wat in September 1987 vrygestel is, het in wese die behoud van groepsgebiede aanbeveel, maar ook aanpassings voorgestel wat tot die Regering se aanvaarding van vrye vestigingsgebiede gelei het (vgl. Hansard, 1987, kol. 6800-6810). Die SAUK se redaksionele standpunt was dat Suid-Afrika toe die kritieke fase in die hervormingspad bereik het, aangesien die struikelblokke tot in daardie stadium “maklik” was om te oorkom.⁸¹ Dié waarneming bevestig die SAUK se waardering van

hoe belangrik die Groepsgebiedewet was in vergelyking met ander apartheidswette wat in hervormingsapartheid in die slag gebly het. *Comment* het gemeen dat aparte woongebiede en aparte skole die einste (“very”) pilare van apartheid in ou Suid-Afrika was, en dat dit in die nuwe Suid-Afrika nie afgebreek kon word sonder om ingewikkelde magte los te laat nie.⁸²

In hierdie afdeling waarin klemverskuiwings in die SAUK se groepsbeskouing ondersoek is, is aangetoon dat die Korporasie in tandem met die Regering nie in die era van hervormingsapartheid die fundamentaliteit en sentraliteit van die groep bevraagteken het nie. In die gees van hervorming, maar veral as gevolg van stagnasie in onderhandelings (kyk 4.2) met swartes oor hulle politieke toekoms (wat binne die Regering se vooropgesette idee van groepsselfbeskikking moes geskied), kon die rigiditeit van wetlike apartheid verslap word tot voor die punt waar verdere veranderings of hervormings die wese van die samelewing se rasgebaseerde groepstruktuur, en dus ook die dominante hegemoniese orde, in duie sou laat stort. Dit rym dus met Gramsci (1982:161) se idee dat die dominante orde opofferings moet maak maar dat dit nie essensieel genoeg moet wees om die orde se einde te beteken nie. Derhalwe kon die SAUK vroeëre bedelings en sekere wette kritiseer sonder om die pilare van die rassestruktuur om te trek. Die Korporasie kon selfs die rasgebaseerdheid van groepsvorming as 'n oordeelsfout van die verlede beskou, welwetende dat die beginsel van vrywillige assosiasie in blanke politieke terme totaal ondergeskik aan die beginsel van vrywillige dissosiasie sou staan. Met ander woorde, ondanks *Comment* se aftakeling van apartheid in ou Suid-Afrika, het dié rubriek in wese niks gedoen om sy luisteraars te oortuig dat die blanke hegemoniese orde van die verlede sy politieke, ekonomiese en kulturele dominasie in die nuwe Suid-Afrika van die tagtigerjare moes inboet nie. Hoewel dit gedurende die studieperiode na selfbeskikking, groepsregte, eie sake, en minderheidsbelange in 'n breër Suid-Afrikaanse konteks verwys het, het *Comment* in die lig van bogenoemde per implikasie die blankgeoriënteerde hegemoniese orde gedien.

4.1.3 Die SAUK oor die verhouding tussen groeps- en individuele regte

Die situering van die SAUK se redaksionele standpunt oor individuele regte moet kennis neem van volgehoue internasionale sowel as binnelandse kritiek dat Suid-Afrika se rasgebaseerde groepsbeleid 'n skending van menseregte was (vgl. Coker,

1990). Internasionaal het die Amerikaanse burgerregtestryd, wêreldwye studenteprotes, die betrokkenheid van die Wêreldraad van Kerke by politieke en maatskaplike kwessies, en die fokus van die Amerikaanse Carter-administrasie op menseregte gedurende die sewentigerjare, die Republiek se rassebeleid toenemend in die spervuur geplaas (kyk bv. Geldenhuys, 1984). Westerse liberale waardes wat individuele regte voorop gestel het, is in die vyftiger- en sestigerjare in Suid-Afrika uitgedra deur instellings soos die Liberale Party, Black Sash en die Engelse pers (kyk bv. Potter, 1975; Van der Westhuizen, 1994; Wentzel, 1995). Vir die Afrikaner het dit nie alleen 'n bedreiging van sy konserwatiewe lewensuitkyk ingehou nie (kyk Scholtz, 1965), maar ook vir sy Christelike-nasionale onderwys, sy godsdiens, die Staat se gesag, en die behoudende aard van sy nie-permissiewe samelewing (Hanekom, 1965). Boweal het die Afrikaner gevrees vir die invloed van die liberalisme op die behoud van groepsregte. In 'n reeks radiopraatjies oor tema "Die geesteskrisis van die Weste", vereenselwig Piet Meyer (197-:14), voorsitter van die SAUK-Raad, die liberalisme met die losmaak van alle bande wat die mens aan onder meer sy volk en Staat bind, en die gelykshakeling van alle mense aan mekaar as "eensoortiges en eenderses, 'n metode waardeur die rassestryd, veral teen blankes, gevoer word."

Die SAUK het in sy promovering van konserwatisme en sy kritiek op die liberalisme gedurende die sestiger- en sewentigerjare die wesenlike verskil tussen Afrikaner-nasionaliste se beklemtoning van die groep, en liberales (wat merendeels Engelssprekendes was) se vooropstelling van individuele vryheid, aangespreek. Vir eersgenoemde was die verkryging en behoud van politieke mag sentraal om die groep se voortbestaan te verseker en om individuele selfverwesenliking deur die groep te bewerkstellig. Die liberale benadering het daarenteen in die Afrikaner se geloof in die groep en die Staat se gesag, 'n bedreiging vir individuele vryheid gesien (kyk Adam, 1981:73).

Die SAUK het nietemin Afrikaners en die meerderheid Engelssprekendes as wesenlik konserwatief bestempel; die Afrikaner vanweë sy geskiedenis, godsdiens en plattelandse agtergrond, en die Engelssprekende uit hoofde van sy verbintenis met Britse tradisies.⁸³ Albei was deel van die "Anglo-Afrikanernasie", 'n konsep wat die SAUK gebruik het om die indruk van solidariteit tussen die twee blanke bevolkingsgroepe te wek.⁸⁴ Liberales was volgens *Current Affairs* 'n "luidrugtige"

minderheid wat gepoog het om die gemeenskaplike konserwatisme te ondermyn, asook individuele vryheid, protes en permissiwiteit te bevorder.⁸⁵ Kritiek op die Afrikaner en sy beleid deur liberale Engelse koerante is as "on-Suid-Afrikaans"⁸⁶ afgemaak, 'n aanslag op die tradisionele Suid-Afrikaanse leefwyse waarvan rasgebaseerde groepe oor drie eeue ontwikkel het.⁸⁷

Wat duidelik na vore kom in die SAUK se redaksionele standpunt van die sestiger-, sewentiger- en die eerste helfte van die tagtigerjare, is dat die verheerliking van individuele regte ten koste van die Staat en groep se gesag geskied. En wanneer die Staat en groep gesag moet inboet om die individu groter vryheid te gee, verval die Staat en die groep. Daarom het die SAUK liberales as een-wêrelders, wêreldburgers, egalitariste, kosmopolitiste en veral integrasioniste bestempel.⁸⁸ Dit is ook hoekom die Korporasie die universele toepaslikheid van Westerse demokrasie bevraagteken het, en rasse-onluste en permissiwiteit in Amerika en elders toegeskryf het aan 'n ongebalanseerde konsep van individuele regte wat nie tred gehou het met die belange van die gemeenskap as 'n geheel nie.⁸⁹

Die SAUK se siening van die balans tussen groepsverbondenheid en individuele vryheid was tot die helfte van die tagtigerdekade oorheersend ten gunste van eersgenoemde. Lidmaatskap van 'n groep het beheersheid, dissipline en geloof in die oppergesag van die wet behels.⁹⁰ Dit het tradisionele en Christelike waardes vertroetel, en dit het ingepas by God se lotsbestemming van nasies.⁹¹ 'n Herhalende tema was dat buite gesag en beheersing daar geen werklike vryheid en veiligheid kon wees nie; dat die mees basiese van alle menseregte oraloor die geleentheid is wat 'n mens het om aan 'n groep te behoort waarin hy hom saam met ander van sy soort kan verwesenlik.⁹² 'n Verlies aan groepsregte sou dus 'n verlies aan individuele regte beteken, en om hierdie stelling te staaf het *Comment* voorbeelde gebruik van waar meerderheidsregering in Afrika tot die verlies aan groepsregte en skending van menseregte gelei het.⁹³ Derhalwe meen hierdie rubriek dat verbreding en beskerming van menseregte in SA, gegewe die etniese samestelling van die land, 'n konstitusionele bedeling vereis wat die regte van die individu binne die konteks van sy gemeenskap erken.⁹⁴ Met die gemeenskap of groep as fokuspunt, en deur klem te lê op afsonderlike ontwikkeling as aparte en gelyke vryhede, het *Comment* apartheidsmaatreëls soos tuislande, groepsonderwys en aparte woonbuurte verdedig teen kritiek dat dit miskien van

menseregte is.⁹⁵ Aan die ander kant het die SAUK standpunt ingeneem dat oorbeklemtoning van individuele vryheid sou lei tot een-mens-een-stem in 'n eenheidstaat wat die wêreldmening sou bevredig maar soos in Afrika, rampspoedige gevolge in Suid-Afrika tot gevolg sou hê.⁹⁶ Daarom het *Comment* niks minder as die verkansing en statutêre beskerming van groepsregte geëis nie, want dié rubriek het geen vertrouwe gehad in grondwetlike waarborge van individuele regte of in 'n handves van mensregte nie.⁹⁷

Hoewel die SAUK tot aan die einde van sy redaksionele rubriek in Maart 1990 volgehou het om individuele vryheid binne die konteks van groepsregte aan te bied, het die Korporasie in die tweede helfte van die tagtigerjare groter gewig aan individuele regte toegeken. Waarskynlike redes hiervoor was toenemende druk uit Westerse lande wat die onderdrukking van swart verset as menseregteskendings beskou het (Lefever, 1987; Lindberg, 1987), die ANC se beleid van nie-rassigheid waarmee Westerse lande hulle al hoe meer begin assosieer het (kyk bv. Lodge, 1989), en gestagneerde onderhandelings met swartes wat volgens *Comment* statutêre erkenning van groepsregte verwerp het (sien 4.1.2).

In 1984 het die SAUK reeds begin praat van die "verbreding van die horisonne van individuele vryheid".⁹⁸ Met die aankondiging in April 1985 dat sentrale sakedistrikte vir alle rasse oopgestel gaan word, het die SAUK dit as 'n voorbeeld beskryf van hoe wette in die toekoms aan beginsels van individuele vryheid en gemeenskapsekuriteit gemeet sou word.⁹⁹ Met die publikasie van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) se verslag oor tussengroepverhoudinge in 1985, fokus *Comment* op die gedeelte in die verslag wat handel oor die verkryging van balans tussen groeps- en individuele belange (kyk RGN, 1985:151-158). Volgens die rubriek het die verslag 'n groeiende bewustheid onder Suid-Afrikaners bevestig dat oorbeklemtoning van groeps- en etniese sekuriteit ten koste van individuele lede van groepe se regte geskied het.¹⁰⁰ Die verkryging van 'n balans tussen groeps- en individuele regte het volgens *Comment* die wese van die hervormingsproses aangespreek, naamlik:

Specific group interests should not seriously interfere with individual rights of members of other groups - while at the same time, individual rights should also not prejudice the security and identity of the various communities.¹⁰¹

Bogenoemde aanhaling bevestig die aard van die SAUK se klemverskuiwing ten opsigte van individuele regte: "spesifieke groepsbelange" moes nie "ernstig" inmeng met individuele regte van "lede van ander groepe" nie. Hoewel sommige groepsbelange ondergeskik was aan individuele regte,¹⁰² was daar ander groepsbelange waaraan individuele regte ondergeskik moes wees. Onder ondergeskikte groepsbelange kon ingesluit word diskriminerende praktyke waarvan die afskaffing nie die hegemoniese orde sou versteur nie, of bestaande diskriminerende praktyke wat so toegepas moes word dat dit nie "ernstig" sou inmeng met die regte van individue wat in elk geval binne die groepskonteks gesien word. Teenoor ondergeskikte groepsbelange het die boublokke van groepsidentiteit gestaan, met ander woorde eie politieke strukture, eie woonbuurte, eie skole, en 'n eie gemeenskapslewe. Die ondergeskikstelling hiervan aan individuele regte volgens westerse liberale waardes sou die einde van die hegemoniese orde beteken.¹⁰³

In *Comment* se reaksie op en vertolking van P.W. Botha se stelling in Februarie 1986 wat apartheid as 'n "oudmodiese" konsep beskryf het (vgl. Van der Merwe, 1986), kom die SAUK se dubbelslagtige hantering van individuele regte weer na vore. Aan die een kant erken die Korporasie dat daar nog apartheidsmaatreëls in die Suid-Afrikaanse maatskaplike, ekonomiese en politieke lewe bestaan, ondanks die klomp wat in die slag gebly het. Verder meen die SAUK dat die bestaande apartheidsmaatreëls "onversoenbaar is met die norme van 'n regverdige samelewing, met 'n bedeling wat demokrasie verseker deur fundamentele individuele en groepsregte te waarborg."¹⁰⁴ Maar om ontslae van hierdie "onversoenbare" maatreëls te raak, voer *Comment* aan die ander kant aan dat Suid-Afrikaners ooreen moes kom oor hoe om die nasionale oogmerke, te wete erkenning van legitieme individuele en groepseise, in die komplekse multikulturele samelewing te bereik. Weer eens word welluidende konsepte soos "onversoenbaar", "regverdige samelewing", "demokrasie", "fundamentele" regte, en "legitieme" eise deur die groepsbelang gekwalifiseer.

Dieselfde dubbelslagtigheid geld ook ten opsigte van die SAUK se standpunte oor 'n handves van menseregte. Waar hy dit eers summier verwerp het,¹⁰⁵ het die Korporasie in Maart 1989 met die publikasie van die Suid-Afrikaanse Regskommissie se werksdokument oor 'n moontlike handves van menseregte, dit as deel van die hervormingsprogram beskou om diskriminasie en dominasie te verwyder.¹⁰⁶ Die

voorbehoud waarmee die SAUK 'n moontlike handves aanvaar, blyk uit sy standpunt dat 'n tipiese westerse handves van menseregte aanpassings in die Suid-Afrikaanse omstandighede benodig. *Comment* het nietemin gewaarsku dat wanneer die individu se regte teen die Staat se inbreekmaking daarop beskerm word, die beoefening van sulke regte in die praktyk in 'n taal-, kulturele, religieuse en milieu geskied waarin individue hulle bevind. Daarom kon groepsregte volgens die SAUK nie in 'n handves van menseregte in die Suid-Afrikaanse situasie met sy baie gemeenskappe en uiteenlopende kulture geïgnoreer word nie. Die rubriek het verder besondere klem daarop gelê dat 'n handves van menseregte maar net een van die geïnstitusionele meganismes is om die verhouding tussen die Staat en die individu te bepaal, en dat so 'n handves geskoei op tipiese westerse samelewings nie alleen die geskikte determinant van 'n politieke sisteem in SA sou wees nie.¹⁰⁷

Die SAUK se hantering van die balans tussen individuele en groepsregte was aanvullend tot die Korporasie se verkondiging van die selfbeskikking van groepe as die dominante hegemoniese beginsel. Die bepaalde posisie wat menseregte in die politieke agenda van *Comment* ingeneem het, was ook meer te wyte aan liberale kritiek vanuit Suid-Afrika en die westerse as vanuit buiteparlementêre oorde wat vanweë die aard van gewelddadige verset self die teken van menseregte-wagbode hier en oorsee geword het (vgl. Van der Westhuizen, 1988) (kyk ook 5.3.6).

4.2 COMMENT EN DIE BEDINGING VAN HERVORMINGSAPARTHEID

Teen die begin van die tagtigerjare het die meerderheid blankes akkoord gegaan met 'n politieke bedeling wat na die grondwetlike eindpunt gelyk het. In die referendum van November 1983 het 67 persent blankes ten gunste van die Regering se konstitusionele voorstelle gestem (Kotzé & Greyling, 1991:119). Hoewel kleurlinge en Indiërs hulle plek in die driekamerparlement gehad het, het die 1983-Grondwet se ingeboude meganismes tesame met die getalsverhoudinge tussen die blankes, kleurlinge en Indiërs blanke hegemonie waarborg. Binne die raamwerk van *groot* apartheid was daar tuislande of swart nasiestate waarvan vier reeds polities onafhanklik was, en 'n aantal ander in wisselende mates van selfregering. Hoewel swartes buite die etniese nasiestate hulle ekonomiese heil in die Republiek gevind het, was hulle polities aan die nasiestate genaelstring (kyk Giliomee & Schlemmer, 1989). Namate hulle permanensie

buite die tuislande onomkeerbaar geword het, het die Regering met verskeie opeenvolgende plaaslike regeringstelsels sluimerende politieke ontevredenheid probeer stil. Maar verset oor die konstitusionele uitsluiting van swartes deur die 1983-Grondwet het die Regering laat beseef dat die "nuwe" Suid-Afrika van 1983 dringend vernuwe moes word. Ontevredenheid oor die konstitusionele bedeling het mettertyd oorgegaan in gewelddadige verset, en tesame met volgehoue internasionale ekonomiese en politieke druk, het die akkommodasie van swart politieke regte die eerste prioriteit op die Suid-Afrikaanse konstitusionele agenda geword (vgl. bv. Van der Merwe, 1985).

Nie dat politieke regte van swartes buite die nasiestate voor die tagtigerjare nie op die agenda was nie, want na die Soweto-onluste in 1976 het die Wiehahn- en Riekertkommissies, die Rikhoto-toetssaak (1981) oor permanente verblyfreg, en wetgewing oor swart plaaslike bestuur voor die inwerkingtreding van die driekamerparlement, 'n seël op hulle permanensie geplaas (kyk bv. Davenport, 1991:399-402). Gesien in samehang met die akkommodering van blankes, kleurlinge en Indiërs in die driekamerparlement, was dit juis die statutêre inisiatiewe van dr. Piet-Koornhof, Minister van Samewerking en Ontwikkeling, wat verset teen die nuwe konstitusionele bedeling gekonsolideer het. Wat genoem word die "Koornhof-wetsontwerpe" het nie alleen die konstitusionalisering van ras deur die 1983-Grondwet bekragtig nie, maar dit het benewens die verset wat dit ontketen het, bygedra tot die dilemma van die Regering om 'n rasgebaseerde toekomstige bedeling vir blankes, kleurlinge, Indiërs en swartes te onderhandel (vgl. Kotzé & Greyling, 1991:79). Intendeel, hierdie onderhandelings het nooit gerealiseer nie, ongeag aanpassings van die swart plaaslike regeringstelsel, hervormings soos vrypag en die afskaffing van instromingsbeheer, en onsuksesvolle pogings om 'n statutêre nasionale onderhandelingsforum wat swartes sou insluit, op die been te bring. Kortom, in die tagtigerjare het onderhandelings oor die akkommodasie van swart politieke regte gestagneer en 'n dooie punt bereik. Dít het die heersende hegemoniese orde, wat reeds in 'n mate geslaag het om 'n deel van die kleurlinge en Indiërs te koöpteer, in 'n toenemende legitemiteitskrisis geplaas. Die indruk dat die hervormingsproses tot stilstand gekom het, en dat bepaalde aanpassings van die hegemoniese orde konsessionêr was, het die kringloop van hervorming, verset en onderdrukking tot op 'n

punt gevoer waar die Regering in Februarie 1990 werklik die Rubicon na 'n nie-rassige Suid-Afrika oorgesteek het.

Hierdie afdeling fokus in die lig van voorafgaande op hoe die SAUK in sy redaksionele kommentaar die dooie punt in onderhandelings gehanteer het, asook hoe die Korporasie die verhouding tussen veiligheid en hervorming aangebied het. Albei geskied binne die raamwerk van die Gramsciaanse idee dat hegemonie beding of onderhandel moet word. Dit was dus vir die Regering belangrik om die idee van 'n dinamiese hervormingsproses met volgehoue skikkings en opofferings lewend te hou, met ander woorde die idee dat *hervorming lewe*! In hierdie opsig het die SAUK 'n besondere bydrae probeer lewer.

Wat eersgenoemde betref, het die SAUK die indruk van 'n proses in omonkeerbare beweging probeer wek. Die ondubbelsinnige boodskap ten opsigte van veiligheid-hervorming was dat die onderdrukking van rewolusionêre verset 'n voorvereiste vir dinamiese hervorming was.

4.2.1 Noodsaaklikheid van onderhandeling

Konsensuspolitiek as “nuwe politiek” in Suid-Afrika kan teruggevoer word na 1977 toe 'n Kabinetskomitee onder leiding van P.W. Botha 'n grondwetplan opgestel het om kleurlinge en Indiërs saam met blankes in 'n konstitusionele bedeling te betrek. Dit het as die 1977-grondwetplan bekend gestaan. In 'n publikasie in 1978 het die Departement van Inligting die grondslag van die grondwetplan soos volg gestel:

Die voorgestelde plan lei in werklikheid die beginsel van 'n nuwe politiek in, naamlik een van konsensus, onderhandeling en aanpassing, en is 'n dramatiese voortwaartse stap in die evolusie van demokrasie vir alle Suid-Afrikaanse volkere. (Departement van Inligting, 1978:10.)

Dit was in regeringsterme 'n nuwe begin met 'n nuwe styl gebaseer op onderhandeling, dialoog en die soeke na konsensus waarvoor meganismes in die nuwe grondwet geskep was om te verseker dat konflik en botsings vertraag word sodat skikkings die grootste moontlike kans op sukses gehad het. Hierdie meganismes het konsensusbesluite deur die Kabinet en gesamentlike staande komitees waarin al drie groepe verteenwoordig was, behels (Departement van Buitelandse Sake, 1984:6).

Daar is in Hoofstuk 3 verduidelik hoe die bevordering van konsensupolitiiek deel van die SAUK se beleid en werking geword het en dat die Korporasie inderwaarheid sy joernalistieke roetines op hierdie lees geskoei het. In sy redaksionele kommentaar is die SAUK se verbintenis tot konsensuspolitiiek voortgesit deur sy klem op onderhandeling, wedersydse oorreding, bedinging, debat, konsultasie en konsensus as die “enigste” maniere om ‘n vreedsame en blywende skikking in die komplekse omstandighede van Suid-Afrika te bewerkstellig.¹⁰⁸

Vir die SAUK was onderhandeling die “essensiële voertuig” vir hervorming,¹⁰⁹ die “enigste uitweg” wat “alle redelike mense” bo geweld verkies,¹¹⁰ die “antwoord” op die sukses van radikale groepe om steun vir onrus te mobiliseer,¹¹¹ en die “aangewese proses” om algemeen aanvaarbare stemprosedures en demokratiese strukture daar te stel.¹¹² Die beklemtoning van onderhandeling as die enigste keuse vir die beslegting van geskille was in ‘n groot mate ‘n pleidooi om ‘n einde te maak aan die dooie punt in onderhandelings wat in die tweede helfte van die tagtigerjare krisisafmetings aangeneem het. Derhalwe het die SAUK die noodsaaklikheid beklemtoon vir alle Suid-Afrikaners om bymekaar te kom en deur hulle leiers oor die land se toekoms te praat.¹¹³ Dit is die lig van gestagneerde onderhandelings wat *Comment* ook die noodsaaklikheid van samesprekings oor samesprekings benadruk het,¹¹⁴ en teen die einde van die dekadere begin verklaar het dat die ANC verplig en gedwing was om aan onderhandelings deel te neem “that eventually must take place.”¹¹⁵

Die algemene indruk wat die SAUK se nadruk op die noodsaaklikheid van onderhandeling laat, is dat die Korporasie dit eerstens as ‘n alternatief vir geweld, gewapende stryd en politieke protes in die vorm van optogte en saamtrekke aangebied het. Tweedens wou die SAUK mense oortuig dat die Regering nie voorskriftelik oor die aard, inhoud en agenda van die onderhandelings sou wees nie (kyk 4.2.2.1). Derdens, en die belangrikste, die SAUK was ‘n pleitbesorger vir die beëindiging van die stilstand wat die onderhandelingsproses beleef het. Alleenlik deur hierdie proses aan die gang te kry, kon hegemonie weer beding word.

4.2.2 Hervormingsdinamika, 1983-1990

Ongeag of kritici dit as onvoldoende, kosmeties en stagnant beskryf het, feit bly staan dat die tagtigerjare die mees omvangryke hervormings onder NP-bewind tot in daardie stadium gesien het. Dit het gewissel van oopstelling vir alle rasse van hotelle, restaurante, strande, passasierstreine en sentrale besigheidsdistrikte tot die afskaffing van wette wat huwelike en intieme verhoudinge tussen mense van verskille rasse gereël het; van die wegdoening van instromingsbeheer, passe en gedwonge verskuiwings tot volle eiendomsreg vir swartes in eie woonbuurte; van 'n veelrassige Parlement en Kabinet tot swart plaaslike regerings met volle munisipale status en veelrassige tweede- en derdevlak-regeringsinstellings. Net met die afskaffing van instromingsbeheer in Julie 1986 het 'n dertigstuks wette in die slag gebly (vgl. bv. Botha, 1986).

Maar die afskaffing van instromingsbeheer, groter plaaslike bestuursmagte, volle vrypag, gelyke betaling vir gelyke werk, en enkele burgerskap kon nie wit-swart-onderhandelings van die grond af kry nie, ondanks 'n Kabinetskomitee onder Heunis wat in 1984 ingestel is om die konstitusionele posisie van swartes buite die nasiestate te ondersoek (Du Pisani, 1986:xxxix). Vir die res van die tagtigerjare is gepoog om swart leiers binne en buite die nasiestate in 'n konstitusionele forum te betrek. Die publikasie van die Wetsontwerp op die Nasionale Statutêre Raad in 1986, en die herindiening daarvan in gewysigde vorm twee jaar later om 'n vertrekpunt te skep vir swart politieke deelname tot op sentrale vlak, het min resultate opgelewer omdat selfs die swart leiers wat bereid was om daarin te dien, hulle deelname onderhewig gemaak het aan die vrylating van Nelson Mandela en die ontbanning van die ANC (Kotzé & Greyling, 1991:139). Pogings van die Regering om die grondwet te wysig om swartes in die Kabinet aan te stel, is ook gefnuik nadat die Arbeidersparty-meerderheid in die Huis van Verteenwoordigers as 'n blyke van solidariteit met swartes daarteen gestem het (Davenport, 1991:442). Te midde dus van die oopstelling van geriewe, die afskaffing van apartheidswette, en die skepping van politieke strukture het die hervormingsproses vasgesteek op die fundamentele vraagstuk van swart politieke regte.

Die onvermoë van die Regering om steun of geesdrif onder die breë spektrum swart leiers vir sy onderhandelingsforum te werf, het onder meer tot gevolg gehad dat die leier van die amptelike opposisie in die begin van 1986 uit die Parlement bedank het

(sien Slabbert, 1989), en prominente Suid-Afrikaners met die ANC buite die grense van Suid-Afrika gesprek gaan voer het. In September 1985 het die ANC en 'n groep sakelui wat Gavin Relly van Anglo-American ingesluit het, in Zambië ontmoet (kyk Murray, 1985:25-30.) Die toename in hierdie groepe, waarvan die Dakar-afvaardiging in Julie 1987 die bekendste en grootste was, het nie alleen die status en aansien van die ANC as rolspeler in 'n toekomstige konstitusionele bedeling verhoog nie, maar dit het ook die stagnasie van die Regering se onderhandelingspogings geaksentueer (Lodge, 1989). Dit is teen hierdie agtergrond dat die SAUK in sy redaksionele standpunt op verskeie wyses gepoog het om sy luisteraars te oortuig dat die proses nie vasgesteek het na die 1983-Grondwet nie.

4.2.2.1 Die SAUK se hantering van dooie punte in onderhandelings oor swart politieke regte, 1983-1990.

Reeds in die nadraai van geweld wat in September 1984 in die Vaaldriehoek uitgebreek het, en in die aanloop tot die parlementêre sitting van 1985, het *Comment* swartes se gevoel as ongeduldig, verward en uitgesluit vertolk.¹¹⁶ Na die Langa-voorval naby Uitenhage in die Oos-Kaap in Maart 1985 toe 21 swartes deur polisie tydens 'n begrafnisoptog doodgeskiet is (Riley, 1991:190), het die rubriek van 'n dooie punt in wit-swart-onderhandelings gepraat.¹¹⁷ As rede is aangevoer die weiering van die "oorgrote meerderheid" swart leiers om aan die konstitusionele forum deel te neem, asook intense wedywering onder swart groepe om steun van die massas.

Namate geweld in swart woonbuurte geëskaleer het, en grafiese detail van brandstigting en halssnoermoorde in die media die indruk van anargie en rewolusionêre oorname gewek het (vgl. bv. *Roving Report*, 1984; *Roving Report*, 1985; Haysom, 1987), het die stilstand in wit-swart-onderhandelings en die onvermoë van die konstitusionele forum om van die grond af te kom, die Regering se grootste politieke turksvy geword. Chris Heunis het in die begin van Mei 1985 in die Parlement gesê dat daar wel samesprekings tussen Kabinetslede en swart leiers plaasvind, maar dat hierdie leiers nie geïdentifiseer wou word nie (Hansard, 1985, kol 5250-1; kyk ook Hansard, 1987, kol. 5616-17). Op grond hiervan het die SAUK van 'n "veronderstelde" dooie punt gepraat omdat die gebrek aan sigbare resultate van die konstitusionele forum volgens die Korporasie nie die dinamiese politieke situasie weerspieël het nie.¹¹⁸

Om wet en orde in swart woonbuurte te herstel, het die Regering die eerste noodtoestand in 25 jaar in Julie 1985 in 36 landdrosdistrikte afgekondig. Die Regering het aangevoer dat dit noodsaaklik vir volgehoue hervorming is (vgl. bv. Vlok soos aangehaal deur Schneider, 1987 - kyk ook 4.2.3), maar steeds was daar nie sigbare vordering ten opsigte van werklike onderhandelings met swart leiers binne of buite die stelsel nie. Twee maande na die afkondiging van die noodtoestand het *Comment* vir 'n sigbare begin, verbeeldingryke aksies en werklike politieke onderhandelings gevra¹¹⁹ omdat swartes volgens die rubriek geglo het dat die Regering nie in staat was om die groter politieke kwessies aan te spreek nie.¹²⁰ In 'n spitsberaad in November 1985 tussen die Regering en TBVC-lande het *Comment* egter die geleentheid gesien om onderhandelings as lewend aan te bied en intimidasie die skuld te gee vir gesprekvoering wat agter die skerms moes plaasvind.¹²¹

Met die opening van die parlamentsitting in 1986 het die Staatspresident 'n Nasionale Statutêre Raad (NSR) voorgestel as 'n forum vir onderhandelings oor swart politieke regte (Hansard, 1986, kol. 15). Drie maande later het hy planne aangekondig om 'n wetsontwerp in dié verband in te dien.¹²² *Comment* se reaksie was ietwat waarskuwend en tereg wysend in die sin dat die rubriek gevra het vir konkrete bewyse van die Regering se verbintenis tot hervorming en die spoedige implementering daarvan.¹²³ 'n Paar dae later het die SAUK egter weer die Regering se voorgenome afskaffing van paswette (kyk *Argus*, 23 Apr. 1986) as 'n illustrasie van die owerheid se verbintenis tot konkrete en spoedige hervorming genoem.¹²⁴

In Mei 1986 is die Wetsontwerp op die Nasionale Raad (NR) gepubliseer om die forum te skep waarin verteenwoordigers van alle rasse 'n nuwe grondwet kon bespreek (*Weekly Mail*, 29 Mei 1986; *Financial Mail*, 30 Mei 1986). Terselfdertyd het geweld in swart woonbuurte afmetings aangeneem wat *Comment* voor die afkondiging van 'n landwyse noodtoestand in Junie 1986 genoop het om te verklaar dat "die hele onderhandelingsproses toenemend onder verdenking onder die publiek kom en dat daar beweging moet kom anders word in die hande van die revolusionêres gespeel."¹²⁵ Maar hierdie standpunt is gebalanseer met verklarings dat intimidasie en die vrees om 'n halssnoerdood te sterf swart leiers weerhou om na vore te kom,¹²⁶ dat die hervormingsproses aan 't beweeg was,¹²⁷ en dat blankes nie "laer" getrek het nie.¹²⁸

In Julie 1987 het *Comment* die stigting van die Federal Independent Democratic Alliance (FIDA), 'n gematigde swart organisasie aan die Oos-Rand onder leiding van John Gogotya (kyk bv. Kotzé & Greyling, 1991:91), gebruik ter illustrasie van beweging onder swartes om met die Regering oor politieke regte te onderhandel.¹²⁹ Gogotya se veroordeling van die ANC en PAC, asook sy bereidwilligheid om in die onderhandelingsforum te dien (vgl. *Die Burger*, 7 Jul. 1987; *Sowetan*, 7 Jul. 1987), was volgens die SAUK 'n aanduiding dat veiliger toestande as gevolg van die noodtoestand 'n betekenisvolle aantal swart leiers vry laat voel het om hulle menings sonder vrees vir radikale geweld te lug. Die stigting van FIDA het ook saamgeval met die aankondiging dat die Wetsontwerp om 'n Nasionale Raad in te stel weer in 'n gewysigde vorm ingedien gaan word (vgl. Davenport, 1991) - die resultaat volgens *Comment* van voorleggings en gesprekke waaraan talle groepe deelgeneem het.¹³⁰

Dat steun vir die voorgestelde Nasionale Raad steeds onder swart leiers ontbreek het, blyk uit verskeie uitsendings van *Comment* gedurende die eerste vier maande van 1988. Hierin het die SAUK 'n gebrek aan substansiële dialoog toegeskryf aan rewolusionêres se verdagmaking van die raad, intimidasie, en onbewustheid van die Regering se verbintenis en opregtheid tot hervorming.¹³¹ Die Korporasie het ook in hierdie tyd 'n konteksverandering van die konstitusionele forum se rol gereflekteer, naamlik van 'n instelling vir formele onderhandelings oor 'n nuwe grondwet, na 'n forum vir samesprekings-oor-samesprekings, met ander woorde 'n vooronderhandelingsinstelling.¹³² Kritiek teen die Nasionale Raad kon dus beantwoord word dat die raad net 'n vertrekpunt met 'n oop agenda na meer substantiewe konstitusionele bedinging is.¹³³

Ondanks die bereidwilligheid van sommige gematigde swart instellings om met die Regering oor samewerking ten opsigte van 'n nuwe konstitusionele bedeling in gesprek te tree (kyk Kotzé & Greyling, 1991:195, 214), asook die hou van landwyse munisipale verkiesings in Oktober 1988 vir alle rasse-groepe waaruit swart gemeenskapsleiers vir die Nasionale Raad moes kom (Riley, 1991:207), het kwessies soos die vrylating van Nelson Mandela en ontbanning van verbode organisasies (bv. ANC en PAC) werklike beweging van die onderhandelingsproses in die wiele gery. Nadat P.W. Botha as hoofleier van die NP bedank het, het *Comment* die nuwe

leierskap onder F.W. de Klerk met 'n verandering in die politieke klimaat geassosieer.¹³⁴ Dié klimaat het volgens die SAUK nuwe lewe gegee aan pogings om onderhandelings aan die gang te kry, nuwe geesdrif en lewenskragtigheid vir onderhandeling gewek, en oor die algemeen 'n verbeterde onderhandelingsklimaat geskep.¹³⁵ Chris Heunis se konsitusionele voorstelle wat hy in Mei 1989 in die Parlement gemaak het (Hansard, 1989, kol. 7876-7884), en die ontmoeting tussen Botha en Mandela in Julie 1989, het stukrag verleen aan *Comment* se propagering van 'n dinamiese onderhandelingsproses.¹³⁶ Hoewel die Nasionale Raad steeds net in naam bestaan het, het die Botha-Mandela-ontmoeting volgens die SAUK op die gevorderdheid van die "pre-onderhandelingsfase" gedui.¹³⁷

De Klerk het gou na sy verkiesing as Staatspresident in Augustus 1989 getoon dat hy 'n ander politieke benadering as sy voorganger gaan volg. Op 13 September 1989 het buiteparlementêre groepe 'n protesoptog in Kaapstad gehou wat met die Regering se toestemming geskied het (Riley, 1991:211). Hierdie toegewing, asook De Klerk se samesprekings met buiteparlementêre leiers (Riley, 1991:212), en die vrylating van Walter Sisulu en ander veiligheidsgevangenes in Oktober 1989 (Riley, 1991:212), is deur die SAUK gebruik om die idee van 'n verbeterde onderhandelingsklimaat verder uit te dra. Die aanslag was die herhaling van beskrywings soos "gemaklike en ontspanne politieke styl", "nuwe gees in die nasie", "tyd vir aksie", "wye steun vir onderhandelings", en "gunstige onderhandelingsklimaat".¹³⁸

Teen die einde van 1989 het die SAUK toegegee dat dit algemeen aanvaar word dat die ANC een van die onderhandelingspartye moes wees.¹³⁹ Na die verandering in die NP se politieke leierskap het die Nasionale Raad of sprake van enige konstitusionele onderhandelingsforum uit die redaksionele kommentaar van die Korporasie verdwyn. Die klem het ook verskuif van die uitsluiting van binnelandse buiteparlementêre groepe en verbode organisasies (kyk 5.3.3), asook die werwing van gematigde steun en deelname aan die NR, na die dooie punt ten opsigte van prekondisies soos Mandela se vrylating, die ontbanning van die verbode organisasies, en die opheffing van die noodtoestand. Met die dekadewending het die SAUK meer klem gelê op die klimaat vir onderhandeling en die noodsaaklikheid van samesprekings-oor-samesprekings om die dooie punt oor prekondisies op te los, as op

die dinamiek van hervorming of suksesvolle onderhandelings tussen die Regering en swart leiers binne die stelsel. Die Korporasie se reaksie op die toespraak van De Klerk op 2 Februarie 1990 in die Parlement, het sy pogings in die tagtigerjare om 'n gestagneerde proses lewe te gee, in die regte perspektief gestel:

The table has been set for a decisive movement towards negotiations on creating a new South Africa. The steps announced by the State President represent the most dramatic initiative yet to cut through the tangle of arguments that have stalled progress. They amount to no less than the normalisation of the political arena. With leaders and movements free to conduct legitimate political activity throughout the country, there can be no justification for a continued refusal to enter into negotiations or to persist with political violence.¹⁴⁰

4.2.2.2 Wysies hoe die SAUK die hervormingsproses as dinamies uitgebeeld het

Die SAUK het op verskeie wyses hervorming as 'n proses in beweging uitgebeeld. Die volgende vyf is geïdentifiseer, naamlik plek op die politieke agenda, die onvoltooidheid van die proses, opgawes van hervormings, mylpale, en gewigstoevoeging deur skulderkenning.

Plek op die politieke agenda. Om mee te begin het die SAUK in sy redaksionele kommentaar klem gelê op die belangrikheid, sentraliteit en aktualiteit van swart politieke regte. *Comment* het swart konstitusionele ontwikkeling byvoorbeeld beskryf as een van die “mees fundamentele” vrae in die Suid-Afrikaanse politiek,¹⁴¹ die “volgende konstitusionele hekkie” wat dringende implementering vereis,¹⁴² die “belangrikste item” op die politieke agenda,¹⁴³ die “hoogste prioriteit”,¹⁴⁴ die “dringendste” probleem,¹⁴⁵ en een van die “hardnekkigste” uitstaande kwessies.¹⁴⁶

Onvoltooidheid van die proses. Voorts het die SAUK gewaak teen persepsies dat die driekamerbedeling die einde van die konstitusionele pad was. Hoewel die SAUK vir die grootste deel van 1983 die standpunt gehuldig het dat stedelike swartes se politieke regte primêr in die nasiestate gesetel was,¹⁴⁷ het dié groep se prominente posisie in die debat rondom gebeure soos die referendum op 2 November 1983 en die kleurling- en Indiër-verkiesings in Augustus 1984 die Korporasie genoop om wal te gooi teen die indruk dat hierdie gebeure die finaliteit van die swartes se posisie bekragtig het.

Waar *Comment* in die begin van Oktober 1983 nog van 'n duidelike en uitgewerkte plan vir die swartes gepraat het,¹⁴⁸ het dié rubriek 'n maand later swart plaaslike regering as net die begin en nie die einde van stedelike swartes se politieke akkommodasie beskou.¹⁴⁹ In sy 1984-nuwejaarsvoorskou het die Korporasie benadruk dat die nuwe grondwet nie die laaste sê in konstitusionele ontwikkeling sou wees nie, en dat dit nie eens begin het om van die mees aktuele vraagstukke aan te spreek nie.¹⁵⁰ Onder dié vraagstukke het die posisie van die stedelike swartes voorop gestaan. Wat die kleurling- en Indiër-verkiesings in Augustus 1984 betref, het *Comment* dit en die nuwe bedeling as nie die begin of einde van konstitusionele ontwikkeling beskou nie, maar as net nog 'n stap in die lang proses van evolusionêre verandering.¹⁵¹

Die SAUK se standpunt jeens die Regering se voorgestelde forum om swart politieke regte aan te spreek, is nog 'n voorbeeld van hoe hy die indruk van finaliteit probeer beveg het. Met die bespreking van die wetsontwerp in die Parlement in Junie 1988, het *Comment* kritiek op die voorgestelde Nasionale Raad (vgl. RSS, 1988/1989) beantwoord met die uitgangspunt dat die raad nie 'n finale fase van die hervormingsprogram sou wees nie, maar bloot 'n vertrekpunt na swart politieke deelname op sentrale vlak.¹⁵²

Opgawes van hervorming. Volgens Slabbert (1989:114) het hervormings van die tagtigerjare nooit die dominante posisie van die blanke minderheid in Suid-Afrika bedreig nie. Derhalwe het kritici in parlementêre sowel as buiteparlementêre geledere dit as konsessionêr, te min, te laat, 'n bedrogspul en kosmeties bestempel. *Comment* het daarenteen sy luisteraars probeer oortuig dat dit nie die geval was nie, en benewens publisiteit vir bepaalde hervormings,¹⁵³ het die SAUK opgawes van hervormings gelaai met stellings soos: "meer hervorming nou as vorige driekwart eeu",¹⁵⁴ "hervormings wat in die verlede ondenkbaar sou gewees het",¹⁵⁵ "die mees fundamentele hervormings in die geskiedenis van Suid-Afrika as 'n onafhanklike staat",¹⁵⁶ en "die mees intensiewe periode van verandering in Suid-Afrika".¹⁵⁷ Hierdie standpunte was dus primêr gerig op kritiek uit linkse geledere wat die onderhandelingsproses as dood bestempel het. Die rol wat die SAUK in hierdie opsig vertolk het, was nie om hervorming in eie geledere te bemark nie, maar eerder om aanvaarding te kweek vir die Regering se hervormingsinisiatiewe onder diegene wat dit as onvoldoende verwerp het. Hulle moes dus oortuig word van die Regering se bereidwilligheid om toe te gee en

kompromieë aan te gaan, en die beklemtoning van partikuliere hervormings asook die aanbieding van opgawes was uit die oogpunt dat hegemonie beding moet word, 'n bevestiging hiervan.

Mylpale. 'n Variasie op hierdie tema was om bepaalde politieke veranderings, tydvakke, beleidsuitsprake, aankondigings of gebeure as fundamenteel, eerste en verreikend te tipeer. Konsepte wat by herhaling gebruik is, is byvoorbeeld mylpale, bakens, deurbrake, keerpunte, waterskeidings, hoekstene, pilare, histories, dramaties, beslissend, rewolusionêr, soos nog nooit te vore nie, nuwe (begin, hoofstuk, era, Suid-Afrika), mees kritieke, en baanbrekend.¹⁵⁸ Om die SAUK se gebruik van sulke konsepte te illustreer, word die landwyse munisipale verkiesings in Oktober 1988 as 'n voorbeeld geneem.

Comment het reeds in die helfte van Junie 1988 begin stemming wek vir die verkiesings. Toe is die verkiesing getakseer as die "grootste verkiesing in die land se geskiedenis".¹⁵⁹ In die opbou tot Oktober is die mylpaalkarakter onder meer soos volg uitgebeeld: die grootste oefening in voetsoolvlakdemokrasie;¹⁶⁰ 'n mylpaal in Suid-Afrika se politieke ontwikkeling, 'n baken op die pad van die verbreding van demokrasie en magsdeling, en 'n boublok van die nuwe Suid-Afrika;¹⁶¹ 'n sluitsteen waarop demokratiese konstitusionele bedeling met volle deelname deur almal gebou word.¹⁶² Die uitslae van die verkiesing is bestempel as 'n fondasie vir die volle ontwikkeling van 'n veilige en demokratiese konstitusionele bedeling, asook 'n groot stap vorentoe vir swartes tot volle politieke deelname op alle vlakke.¹⁶³

Gewigstoevoeging deur belydenis. Om groter gewig aan 'n hervormingsmaatreël te gee, het die SAUK die toepassing van hierdie maatreël in die verlede gekritiseer. Dit kan as 'n vorm van belydenis of skulderkenning beskou word, en dit is toegepas ten opsigte van hervormings soos die afskaffing van die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike, artikel 16 van die Ontugwet, en die Wet op die Verbod van Politieke Inmenging. Nog voorbeelde sluit in erkenning van swartes buite die swart nasionale state se Suid-Afrikaanse burgerskap, afskaffing van diskriminasie op passasierstreine, toekenning van vrypagregte aan swartes, uitskakeling van salarisdiskriminasie, en die opheffing van paswette en instromingsbeheermaatreëls. Ter illustrasie word die moraliteitswette geneem.

As 'n mens teruggaan in die SAUK se redaksionele kommentaar oor moraliteitswette soos die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike en artikel 16 van die Ontugwet, staan die Korporasie se beoordeling van Excelsior-ontugsaak in 1971 (kyk RRS, 1971:62) uit as 'n tipiese verdediging van die noodsaaklikheid van hierdie wette in die era voor hervormingsapartheid. Die SAUK se argument het op die volgende punte neergekom: wette van hierdie soort definieer nie alleen oortredings en strawwe daarvoor nie, maar dit reflekteer ook die standarde en sentiment van die samelewing; 'n diepgewortelde Suid-Afrikaanse sentiment is die oortuiging dat die behoud van identiteit essensieel is vir die welsyn van die land se verskillende groepe mense, en vir harmonie tussen hulle; die wet reflekteer en beskerm, en bloedvermenging ("miscegenation") tussen rasse is 'n regstreekse verwerping daarvan; afskaffing hiervan sal algemeen vertolk word asof die Staat bloedvermenging kondoneer.¹⁶⁴

In Julie 1984 is 'n gekose parlementêre komitee aangestel om die wenslikheid van hierdie wette te ondersoek met die doel om die morele en politieke konflikte daarvan te versoen. *Comment* het die wette op 'n persoonlike vlak as vernederend en 'n verleentheid bestempel met geen Bybelse voorskriftelikheid ten opsigte van gemengde huwelike of seksuele verhoudinge op grond van ras nie.¹⁶⁵ In Februarie 1985 is 'n gesamentlike komitee van die driekamerparlement opdrag gegee om die wette te ondersoek. *Comment* se kritiek in hierdie stadium het gewentel om die aanstoot wat die wet gee, dat dit nie die oorlewing van enige gemeenskap of etniese groep waarborg nie, en dat dit in die veranderende omstandighede nodeloos aanstootlik is. Dié rubriek het gevoel dat dit neerkom op rasse-arrogansie wat betrekkinge tussen gemeenskappe benadeel.¹⁶⁶ Twee maande later het die komitee aanbeveel dat die wette geskrap moes word, waarop die SAUK soos volg gereageer het:

If South Africa was ever clearly to manifest its people's commitment to Christian dealings with one another, to political and social justice, these laws had to go. As long as the Mixed Marriages Act and Section 16 of the Immorality Act remained on the statute books they made a mockery of declarations of a determination to eradicate discrimination based purely on colour prejudice and privilege. Few measures or actions in this country's history have done so much harm to community relations; probably none have been experienced as so intensely and personally humiliating.¹⁶⁷

Bogenoemde aanhaling illustreer die gewig wat die SAUK aan die voorgestelde hervormings gegee het, asook die rol wat belydenis of skulderkenning speel om die gewig te vergroot. Na die skrapping van hierdie maatreëls 'n paar maande later het beide herhaaldelik in *Comment* die opgawe van hervormings voorgekom.¹⁶⁸

4.2.2.3 Die rasionalisering van stilstand

Tot dusver is net gekyk na metodes hoe die SAUK die indruk van vinnige en dinamiese hervorming probeer wek het. Aan die ander kant het die Korporasie ook probleme rondom die dooie punt in onderhandelings oor swart politieke regte gerasionaliseer. Eerstens is die skuld verplaas na swart leiers, hulle eise, en hulle omstandighede. Tweedens is oormatige en onrealistiese verwagtings geblameer. Derdens het die SAUK aangevoer dat 'n kumulatiewe effek hervormings minder opvallend gemaak het, met ander woorde dat hoe meer hervormings, hoe minder bly daar oor om te hervorm. Vierdens het die SAUK internasionale druk as 'n vertragende faktor bestempel.

Skuldverplasing. Die aard en omvang van geweld in swart woonbuurte, en die druk waaronder swart raadslede, ander gematigde gemeenskapsleiers, en potensiële leiers verkeer het, was volgens die SAUK die primêre rede hoekom die konstitusionele forum byvoorbeeld nie sulke leiers gelok het nie. Dat raadslede en swartes wat met die Regering wou saamwerk wel onder druk was, kan nie ontken word nie. Seekings (1988) en Grest (1988) se beskrywing van geweld in swart woonbuurte en die ineenstorting van baie swart plaaslike besture omdat raadslede vermoor is of uit vrees bedank het, bevestig die dilemma van 'n swart leier wat in die veldtog van die opstandelinge om die woonbuurte onregeerbaar te maak, dit oorweeg het om aan die Regering se konstitusionele skemas deel te neem. Die SAUK se beklemtoning van die intimidasiefaktor moet egter gesien word binne die konteks van die Korporasie se siening dat diegene wat vir die geweld verantwoordelik was, of dit gesteun het, 'n klein minderheid verteenwoordig het. 'n Groot meerderheid word dus met metodes soos halssnoermoorde en brandstigting deur 'n minderheid weerhou om aan die hervormingsproses deel te neem (kyk Hoofstuk 5).

Wat die SAUK se redaksionele kommentaar betref, wentel intimidasie as 'n faktor in die vertraging van konstitusionele ontwikkeling veral om die konstitusionele

forum waaraan swart leiers nie wou deelneem nie. Die volgende is voorbeelde van hoe *Comment* sulke swartes se omstandighede beskryf het: "woeste binnegevegte" tussen swart groepe om die steun van die massas bevoordeel die "radikale demagoog" en stel die gematigde bloot om as 'n "uitverkoper" ("sell-out") gebrandmerk te word;¹⁶⁹ "redelike" leiers word gevange gehou deur "radikale elemente" te midde van moord, brandstigting, en barbaarse wreedhede gepleeg in botsings tussen die UDF en AZAPO;¹⁷⁰ die Regering wil onderhandel met leiers wat geweld afsweer, maar sulke leiers kom nie na vore nie omdat verdeeldheid in baie swart gemeenskappe bestaan oor wie hulle leiers is, en die leiers wat wil onderhandel word "vermoor en hulle huise word afgebrand";¹⁷¹ swartes wil nie na vore vir hervorming kom nie omdat hulle "bang" is om met die "halssnoer" vermoor te word;¹⁷² hoewel die veiligheidstoestand dermate verbeter het dat swart leiers vryer voel om hulle teen radikale geweld uit te spreek, bestaan die "vrees vir radikale intimidasie" steeds.¹⁷³

Benewens intimidasie as 'n faktor om swartes van die onderhandelingsstafel weg te hou, het die SAUK ook die waagmoed van swart leiers bevraagteken of hulle aangespoor om groter waagmoed te betoon. Die leiers ter sprake was swartes wat binne bestaande apartheidsstrukture gewerk het (bv. raadslede en tuislandleiers) of gemeenskapsleiers (bv. sakelui en kerkleiers) wat bereid was om met die Regering gesprek oor die konstitusionele posisie van die swarte te voer. Dit was eers aan die einde van die tagtigerjare dat die SAUK se beroep op swart leiers om aan die onderhandelingsproses deel te neem ook leiers in die buiteparlementêre politiek ingesluit het (kyk 5.3.3). Kritiek op die waagmoed van swart leiers as rasionalisering van die onderhandelingsstilstand ten opsigte van swart politieke regte kom daarop neer dat die SAUK nie hulle steun vir 'n konstitusionele forum betwyfel het nie, maar wel hulle moed om ondanks intimidasie na vore te kom en gematigde swartes, wat volgens die Korporasie 'n oorweldigende meerderheid was (sien 5.1), in só 'n forum te verteenwoordig.

Vanweë die gebrek aan belangstelling onder swart leiers om na die uitbreek van onluste in September 1984 aan 'n onderhandelingsforum deel te neem, het die SAUK hierdie leiers gewaarsku dat die geskiedenis volop voorbeelde bevat van politieke tragedies en mislukkings omdat leiers nie betyds die geleenthede wat hulle gebied is, besef en aangegryp het nie.¹⁷⁴ As voorbeeld van waagmoed het *Comment* die

Staatspresident voorgehou, en selfaangestelde en verkose swart leiers gewaarsku dat onderhandeling nie net van een kant af kom nie.¹⁷⁵ In dieselfde uitsending kritiseer die SAUK leiers wat nie genoeg waagmoed het om hulle nek uit te steek en aan die onderhandelingsproses deel te neem nie, en dat hulle wegstrem van die uitdaging waarvoor hulle ingestem is. Met inagneming van intimidasie spoor die Korporasie ook gematigde swart leiers aan om durf aan die dag te lê en inisiatief in die "inherente konfrontasionele swart politiek" te neem.¹⁷⁶ Na 'n ontmoeting tussen die Staatspresident en Buthelezi in Mei 1985 word laasgenoemde se waagmoed as nastrewenswaardig voorgehou, iets waarvan swart leiers volgens *Comment* oor die algemeen "have so far manifested precious little."¹⁷⁷

Die opheffing van die gedeeltelike noodtoestand in Maart 1986 het die SAUK gekoppel aan 'n "ernstige verpligting van gematigde leiers om nou uit te spreek."¹⁷⁸ Nadat die Staatspresident in sy begrotingspos in die Parlement planne aangedui het om wetgewing vir die Nasionale Statutêre Raad in te dien (Hansard, 1986, kol. 15), het *Comment* gereageer deur swart leiers te wys op hulle verantwoordelikheid om dit te laat werk.¹⁷⁹

Beroepe op swart leiers om na vore te kom het soos in die vorige twee voorbeelde gevolg op gebeurtenisse wat die SAUK as belangwekkend of mylpale gepromoveer het. Twee toesprake in die Parlement is deur *Comment* op hierdie wyse behandel. Die eerste een behels Heunis se verwerping van 'n vierde kamer, en sy verbintenis om na alternatiewe vir magsdeling met swartes te soek (Hansard, 1987, kol. 5763-5764). Volgens die SAUK was Heunis se verbondenheid kategorieë en sy oogmerke ondubbelsinnig, en in die lig hiervan moes "outentieke" (kyk 5.2.1) onderhandelars na vore kom om die "verdere evolusie van die konstitusionele proses te bespreek."¹⁸⁰ Die tweede toespraak is die van die Staatspresident waarin hy voorstelle gemaak het oor hoe verkose swart owerhede in die "Groot Indaba" betrek kon word (Hansard, 1988, kol. 7001-7002). Die konsep "Groot Indaba" was 'n benaming vir die voorgestelde Nasionale Raad waarvoor wetgewing in Junie 1988 ingedien sou word. Volgens *Comment* het die tyd aangebreek vir 'n "Groot Indaba" oor die "volgende groot stap" in Suid-Afrika se ontwikkeling en vir swart leiers om openlik na vore te kom en hulle te verbind.¹⁸¹

Tot in hierdie stadium was die fokus van die SAUK swart leiers wat wesenlik binne die strukture van die hegemoniese orde gefunksioneer het. Hoewel Botha aan die einde van Januarie 1985 aangebied het om Mandela vry te laat in ruil vir sy onderneming om geweld af te sweer (Hansard, 1985, kol. 320), het die Korporasie in sy redaksionele kommentaar die indruk gewek dat daar 'n onoorbrugbare kloof tussen die Regering en die ANC bestaan, en dat die onderhandelingsproses sonder die ANC en ander buiteparlementêre groepe aan die gang kon kom (kyk 5.3.3). Daarom het die SAUK soveel waarde geheg aan uitsprake ten gunste van moontlike deelname aan die proses deur leiers soos John Gogotya (FIDA), Steve Kgame (Urban Councils' Association of South Africa - UCASA), Tom Boya (United Municipalities of South Africa - UMSA), en Buthelezi (Inkatha).¹⁸²

Die verandering vanaf Botha na De Klerk het 'n verandering in die Regering se posisie jeens die deelname van buiteparlementêre groepe aan die onderhandelingsproses teweeggebring (vgl. bv. De Klerk, 1989; Murray, 1989; Haysom, 1992), en hierdie verandering is in die SAUK se redaksionele kommentaar gereflekteer ten opsigte van die soort leiers op wie die Korporasie 'n beroep begin doen het om aan die onderhandelingsproses deel te neem.¹⁸³ Soos in die vorige afdeling aangetoon, het die SAUK teen hierdie tyd reeds erken dat die hervormingsproses gestagneer het, en dat die ANC en ander nie uitgesluit kon word nie.

Hoewel kritiek op die waagmoed van swart leiers en 'n beroep op hulle deelname eerder na die bevestiging van 'n gestagneerde proses lyk, moet dit minstens vir die periode 1985-1988 in samehang gesien word met intimidasie en veral die SAUK se konsepsie van hoeveel steun gematigde swartes teenoor buiteparlementêre groepe geniet het. Die verskuilde boodskap is daarom eerder dat die proses uit hoofde van gematigdes se oorweldigende meerderheid nie hoof te stagneer nie, en dat gematigde leiers genoeg moed moet toon om standpunt teen die radikale minderheid in te neem. In dié konteks het die pas van beweging dus nie met verwerping van die regering se inisiatiewe te doen nie, maar met omstandighede wat die uiteindelijke en onvermydelike aanvaarding daarvan vertraag.

Benewens intimidasie en die durf van gematigde swart leiers het die SAUK ook verskille tussen die Regering en hierdie leiers oor konstitusionele detail as 'n vertragende faktor voorgehou. In Mei 1985 het die Korporasie 'n aandrang van swart

leiers op 'n deklarasie van voorneme deur die Regering (RRS, 1985:18) as 'n "dilemma" vir onderhandeling beskryf omdat die Regering "net breë beginsels kon verskaf".¹⁸⁴ Op 15 Augustus 1985 het P.W. Botha sy bekende Rubicon-toespraak in Durban op die Natalse NP-kongres gelewer (vgl. Slabbert, 1989:83). Hoewel die Staatspresident sekere hervormings aangekondig het, was dit in die oë van sy binnelandse en buitelandse kritici nie genoeg om die politieke krisis aan te spreek nie (vgl. bv. *Financial Mail*, 16 Aug. 1985; *Argus*, 16 Aug. 1985; *Business Day*, 16 Aug. 1985). Die SAUK, wat die toespraak as 'n "manifesto" beskryf het, het die gebrek aan detail en 'n verklaring van intensie verdedig asof dit eensydige onderhandeling sou wees.¹⁸⁵

In 'n rubriek in September 1985 oor die aard, rigting, diepte en einddoel van die hervormingsproses, het *Comment* besondere aandag aan die gebrek aan detail oor die Regering se konstitusionele visie vir swartes bestee.¹⁸⁶ Die basiese SAUK-argument behels die volgende: die mees fundamentele verandering in die tagtigerjare is die klemverskuiwing vanaf voorskrif na onderhandeling; daar was 'n tyd van uitgespelde einddoelwitte, bloudrukke en eensydige implementering of mense daarvan gehou het of nie; onderhandeling kan nie op die basis van bloudrukke geskied nie, en mense wat gewoon is aan die ou benadering van spesifieke detail sal dus ontevrede en teleurgesteld oor die gebrek aan 'n bloudruk wees.

Maar hierna het die SAUK nie sy standpunt jeens 'n bloudruk of 'n verklaring van intensie konsekwent gehandhaaf nie. Op die Kaaplandse Kongres van die NP in Oktober 1985 het die Staatspresident met die stof om Rubicon wat nog nie gaan lê het nie, beleidsaankondigings oor onder meer 'n onverdeelde Suid-Afrika, universele stemreg en 'n enkele burgerskap vir swartes buite die nasionale state gemaak (*Volksblad*, 2 Okt. 1985; *Beeld*, 2 Okt. 1985). *Comment* het hierdie uitsprake vertolk as 'n omvattende verklaring van konstitusionele doelwitte en metodes, en gemeen dat min demokratiesgesindes van watter politieke oortuiging ookal "would fault it in principle as 'n general statement of intent."¹⁸⁷ Daarna word 'n "bloudruk" egter weer afgeskiet as eensydige besluitneming wat met konsensuspolitiek bots,¹⁸⁸ en as 'n foefie ("red herring") wat logies onversoenbaar met die konsep van 'n onderhandelde skikking is.¹⁸⁹ Maar in sy reaksie op koerantadvertensies in die begin van Februarie 1986 waarin Botha die Regering tot magsdeling verbind het,¹⁹⁰ het die SAUK gemeen

dat die Regering met hierdie advertensie kritici wat die owerheid van vaagheid en 'n gebrek aan 'n bloudruk beskuldig het, 'n antwoord gegee het.¹⁹¹ Hierna het die SAUK nietemin konsekwent bepaalde gebeurtenisse gebruik om aan te toon dat die Regering konkrete voorstelle na onderhandelings met 'n oop agenda kon bring, byvoorbeeld: Chris Heunis in die Parlement oor die uitsluiting van 'n vierde kamer vir swartes as 'n konstitusionele moontlikheid (Hansard, 1987, kol. 5763-5764),¹⁹² nog 'n parlementêre toespraak deur Chris Heunis oor die Regering se idees met betrekking tot die uitvoerende en wetgewende magte binne 'n federale stelsel (Hansard, 1989, kol. 7876-7884); en die aanvaarding van 'n vyfjaar-aksieplan (RRS, 1988/89:690-695) vir 'n "nuwe Suid-Afrika" op die federale kongres van die NP in Junie 1989 in Pretoria.¹⁹³

Die SAUK se gebruik van 'n bloudruk of verklaring van intensie as 'n rasionalisering van die pas van konstitusionele ontwikkeling het dus twee fasette: eers het die aandrang hierop die ontwikkeling vertraag omdat die Regering in die lig van sy "oop" konstitusionele agenda (sien 5.3.3), en die botsing daarvan met die beginsels van konsensuspolitiek en veelsydige onderhandeling, nie hieraan kon voldoen nie; daarna het gebrek aan geesdrif vir of aanvaarding van die Regering se bloudrukke en voornemens in die later jare van die tagtigerdekade tot die dooie punt by gedra.

Oormatige en onrealistiese verwagtings. Oormatige of onrealistiese verwagtings ten opsigte van hervormings in die komplekse en multi-etniese Suid-Afrikaanse samelewing was volgens die SAUK 'n belangrike rede waarom sommige die pas van evolusionêre konstitusionele ontwikkeling as te stadig bestempel het. Die kwessie van verwagtinge het pertinent in die SAUK se redaksionele kommentaar rondom die Rubicon-toespraak van P.W. Botha in Augustus 1985 ter sprake gekom. Teen hierdie tyd moes die Regering reeds walgooi teen kritiek dat die hervormingsproses tot stilstand gekom het, en in die aanloop tot die toespraak van die Staatspresident in Durban is stemming oor die deurslaggewendheid daarvan vir nuwe impetus in die hervormingsprogram plaaslik en in die buiteland opgebou (vgl. bv. *Pretoria News*, 13 Aug. 1985; *The Star*, 14 Aug. 1985; *Die Vaderland*, 14 Aug. 1985). Twee dae voor die toespraak het *Comment* gewaarsku dat deelname aan 'n "orgy of speculation about what the State President may or may not announce at the Natal congress of the ruling party on Thursday can serve no purpose."¹⁹⁴ Hervorming sou gedikteer word, aldus *Comment*, deur die werklikhede van die Suid-Afrikaanse

omstandighede wat ook politieke antwoorde voorsien het op aspekte soos ongeregthede, destabiliserende magte en ekonomiese ongelykhede. Die SAUK het verder gewaarsku dat hervormings nie 'n "truuk" was om radikales te kalmeer nie, of om buitelandse menings te bevredig nie, en ook nie om Suid-Afrika in een of ander klassieke konstitusionele vorm in te druk nie.

Op die vooraand van die toespraak het *Comment* weer gewaarsku teen die "almost hysterical intensity" van bespiegelings oor die inhoud van die toespraak, en dat sienings in verskeie kringe oor 'n dramatiese openbaring van een of ander bloudruk van "verwarde denke" getuig het.¹⁹⁵ Die SAUK se reaksie op die toespraak, en veral die woorde van die Staatspresident oor die oorsteek van die Rubicon waarvan daar nie meer 'n terugkeer was nie, getuig nietemin van 'n beskouing dat dit wel 'n deurbraak was:

Quite clearly, the basis for negotiation and resolution of the most intractable outstanding problems in South African politics now exists.¹⁹⁶

Hoewel P.W. Botha in sy toespraak die kwessie van burgerskap, die permanensie van stedelike swartes, en 'n verenigde Suid-Afrika aangespreek het, het opgehoopte verwagtinge spesifieke maatreëls en strukture vereis (vgl. Slabbert, 1989:83), en dit het nie die SAUK se siening gedeel dat die manifesto die grondoorsake van die dooie punt aangespreek het nie. Wat Botha in Durban aangebied het, was voldoende vir die SAUK, maar nie vir die internasionale gemeenskap en binnelandse teenstanders van die Regering nie, en hulle ontevredenheid is byvoorbeeld weerspieël in die val van die Rand se dollar-waarde asook toenoemende politieke en ekonomiese druk op Pretoria om werklike onderhandelings oor swartes se politieke regte aan die gang te kry (vgl. *Business Day*, 16 Aug. 1985).

Nog 'n uitvloesel van die Rubicon-toespraak was dat verwagtings ten opsigte van konstitusionele deurbrake in daaropvolgende optredes van die Staatspresident nie afgeneem het nie. Die proses het hom herhaal met sy toespraak op die Kaaplandse kongres van die NP in Port Elizabeth twee maande na Rubicon. In 'n voorskou van die toespraak het *Comment* kommentaar gelewer op wat die rubriek bestempel het as "odd perceptions on reform" wat na vore gekom het:

They reflect a tendency to judge reform on the basis of expectations created around particular events - most notably speeches by the State President. Then, when events

show the expectations to have been unrealistic, the reaction is to claim there is no reform. This is illogical, of course: whether there has been reform, and how far-reaching it might be, depend simply on what has in fact been done and what policy advances have been announced. It is also unreasonable in that artificial expectations are themselves the product of reform. They are responses to reform already initiated, albeit responses that make the unjustified assumption that reform must be an ever-accelerating process. Since that is not how reform works at all - its progress being largely determined by negotiation - such expectations are naturally not met.¹⁹⁷

Kumulatiewe effek van hervormings. Bostaande aanhaling spreek nie net die SAUK se siening van onrealistiese verwagtings oor hervorming aan nie, maar ook sy standpunt oor die kumulatiewe effek van hervormings, naamlik dat dit inkrementeel geskied en nooit 'n dramatiese sprong vorentoe is nie (hoewel in begin van hierdie afdeling aangetoon is hoe die SAUK 'n mylpaalkarakter aan hervormings toegeken het). Om dus druk op dramatiese hervormings en kritiek oor die tempo daarvan te antwoord, het *Comment* byvoorbeeld aangevoer dat die kumulatiewe effek van hervormings neig om ongesiens verby te gaan, omdat dit in die aard van vreedsame hervorming is dat dit in veelvuldige stappe geskied, waarvan min besonderlik dramaties is. Omdat elke klein tree amper as vanselfsprekend aanvaar word, kom die algehele beeld van verreikende hervormings selde na vore.¹⁹⁸ Met die oopstelling van hotelle in April 1986 het die SAUK sy luisteraars daarop attent gemaak dat hierdie gebeurtenis vanweë die kumulatiewe effek ongesiens verby gegaan het.¹⁹⁹

'n Ander manier om dieselfde probleem te stel, is om die kumulatiewe effek te koppel aan hoeveel hervormings afgehandel teenoor hoeveel hervormings uitstaande. In sy nuwejaarsoënskou van 1988 het die SAUK byvoorbeeld geargumenteer dat die lys van hervormings die vorige jare so lank was, dat indien dit gekwantifiseer sou word, daar onvermydelik al minder en minder sake oorgebly het om te hervorm.²⁰⁰

Internasionale druk. Die SAUK se siening dat evolusionêre hervorming in Suid-Afrika se komplekse multi-kulturele bestel 'n uitgerekte proses was waarvoor daar nie oornag 'n kitsoplossing gevind kon word nie, is 'n deurlopende standpunt in sy redaksionele kommentare in die tagtigerjare.²⁰¹ Met hierdie standpunt, tesame met die eis dat die land toegelaat moes word om sy eie oplossings te vind, het *Comment* feitlik klokslag buitelandse druk om hervorming beantwoord. Sulke druk het verskeie vorme aangeneem, byvoorbeeld handelsaksies en disinvestering, die intrekking van

skuldgeriewe deur banke, kulturele en sportisolasië, die stel van tydskaal, feitesendings (bv. die Statebondsgroep van 1985-1986), en groter diplomatieke erkenning van die Suid-Afrikaanse Regering se vernaamste teenstander, die ANC (vgl. Giliomee & Schlemmer, 1989:175-188). Soos die Regering (kyk bv. Abeldas & Fischer, 1987:476), het die SAUK standpunt ingeneem dat buitelandse druk nie die pas of inhoud van hervormings sou bepaal nie.²⁰² Verder het die Korporasie herhaaldelik die effektiwiteit van buitelandse druk afgemaak, en dit was eers teen die einde van die tagtigerjare dat *Comment* die geslaagdheid daarvan ten opsigte van die land in sy geheel erken het.²⁰³

Nadelige effekte van internasionale druk wat die SAUK wel beklemtoon het, was dat swartes vir wie sanksies en disinvestering verligting moes bring, in werklikheid daaronder gely het, en dat dit hervorming vertraag het.²⁰⁴ Die effek van buitelandse inmenging sou volgens die SAUK gesindhede in Suid-Afrika verhard en polariseer met die gevolglike vermindering van onderhandelingsmoontlikhede.²⁰⁵

Met die Statebond se Vancouver-konferensie in Oktober 1987 het die klem nie soseer op nuwe sanksies teen Suid-Afrika geval nie, maar op hulp aan state in Suider-Afrika wat deur die sanksieveldtog teen die Republiek geraak sou word (kyk bv. *The Star*, 7 Okt. 1987). *Comment* het dit as 'n ommekeer bestempel waarvoor redes gesoek moes word in die besef onder Statebondslede dat sanksies nie alleen misluk het nie, maar tot die vertraging van hervorming bygedra het.²⁰⁶

Die verband tussen sanksies en die vertraging van hervorming het volgens *Comment* in die driehoek investering, groeikoers en hervorming gelê.²⁰⁷ Met ander woorde, hoe meer investering, hoe hoër die ekonomiese groeikoers, en hoe beter word geleenthede vir ekonomiese, maatskaplike en politieke hervorming. Behalwe dat sanksies swart ontwikkeling vertraag het, het dit swartes (wat die meeste daaronder ly), en blankes (wat in 'n groot mate vanweë hulle ontwikkeldheid nie die byt van sanksies in dieselfde mate voel nie) gepolariseer. Die essensie van *Comment* se argument was dus dat vir versnelde hervorming die Weste meer ekonomies in Suid-Afrika betrokke moes raak, en nie minder nie.²⁰⁸

4.2.3 Die SAUK en die verhouding tussen hervorming en veiligheid

Wat die verhouding tussen onderdrukking en hervorming betref, kan drie periodes tussen 1976-1988 onderskei word (vgl. Swilling, 1988:2), terwyl 'n vierde, 1989-1990, vir die doeleindes van hierdie studie (wat strek van 1983-1990) bygevoeg kan word. Die eerste periode (1976-1978) word gekenmerk deur die onderdrukking van geweld wat in 1976 in Soweto begin het. In hierdie tyd het die Regering ook begin om na die konstitusionele posisie van kleurlinge en Indiërs te kyk. Die tweede periode strek van 1979-1984 en die hoofkenmerk is hervorming. In hierdie periode is die 1983-Grondwet aanvaar wat tot die instelling van die driekamerparlement gelei het. Aan die einde van hierdie periode het verset in swart woonbuurte opgevlam. Die derde periode strek van September 1984 tot 1988. Hierdie periode is gekenmerk deur ongekennde hervormings, maar ook ongekennde onderdrukking van verset deur onder meer noodtoestande in 1985 en 1986. Die vierde periode (1989-1990) is die De Klerk-era waarin die greep van die veiligheidsmagte op die Suid-Afrikaanse samelewing stelselmatig verslap is en die insluiting van buiteparlementêre magte in die onderhandelingsproses 'n al hoe sterker moontlikheid geword het. 'n Mens kan natuurlik nog 'n laaste periode byvoeg, dié tussen 1990-1994 wat as die oorgangsperiode na 'n volwaardige nie-rassige demokrasie genoem kan word.

Vir die doeleindes van hierdie studie is die tweede tydperk tersaaklik vir die wisselwerking tussen veiligheid (i.e. die onderdrukking van verset) en hervorming. Maar hierdie tydperk moet egter gesitueer word binne die wesenlike karaktertrekke van die Botha-era wat van 1978-1989 gestrek het. Sonder só 'n situering sal 'n bespreking van die SAUK se vertolking van veiligheid en hervorming konteksloos wees.

Slabbert (1990:77) beskryf die oorheersende kenmerk van die Botha-era as die verheffing van staatsveiligheid tot die eerste prioriteit. Hy meen dat diegene wat in hierdie tydperk die Staat se teorie oor homself geformuleer het, die Staat beskou het as 'n teenrewolusionêre bolwerk teen 'n totale rewolusionêre aanslag. Daarom was enige bedreiging van die Staat binne die konteks van die aanslag beoordeel, en enige verweer teen die aanslag as deel van die bolwerk. Die grense van tradisionele en *klein* apartheid kon dus gebreek word as dit die bolwerk versterk het, en volgens Slabbert moet alles van veelrassige Streeksdiensterade tot kitskonstabels in die woonbuurte en

onderhandelings met kommuniste (i.e. die Sowjet-Unie) oor regionale vrede in die lig hiervan gesien word.

Nog 'n beskrywing van die tagtigerjare onder Botha is dat die samelewing toenemend vermilitariseer het, en dat dit binne die konteks van die militarisasiehipotese (vgl. bv. Tomaselli, 1984; Grundy, 1986; Davies, 1987; Moss & Obery, 1989; Ohlson, 1989) tot nadeel van ander staatstrukture en magsgroepe geskied het. In hierdie opsig gaan dit spesifiek oor die toenemende invloed van sekurokrate veral na die afkondiging van die noodtoestande in 1985 en 1986. Kotzé (1989) meen dat Botha as 'n sterk uitvoerende staatspresident tesame met die veiligheidselement die "vervangbare" deel van die besluitnemers, die gewone parlementêre verteenwoordigers, op die agtergrond geskuif het. In hierdie proses het die NP, sy parlementêre koudus en selfs die Kabinet baie van die inisiatief oor beleidsake ingeboet. Hy meen dat die Staat in hierdie bedeling nie meer die neutrale skeidsregter tussen verskillende belangegroepe was nie, want die staatsburokrasie het opsigself 'n outonome en uniekgeplaaste belangegroep geword om alliansies te vorm, vraagstukke te definieer, en probleme te onderdruk.

Die opkoms van sekurokrate, die onderdrukking van verset, en die hervormings van die tagtigerjare moet ook beoordeel word teen die agtergrond van beleidskonsepte soos *Totale Aanslag* (TA) en *Totale Strategie* (TS) (vgl. Slabbert, 1989). Kortliks het dit daarop neergekom dat om die TA te bowe te kom, 'n TS gemobiliseer moes word wat drie oogmerke gehad het: eerstens die handhawing van staatsveiligheid, tweedens hervorming van die politieke omgewing, en derdens die koördinasie van alle staatsaksies binne die raamwerk van die NVBS (kyk bv. Kotzé, 1989; Slabbert, 1990; Prinsloo, 1997).

Hoewel TA en TS sedert die konseptualisering daarvan in die sewentigerjare 'n belangrike rol vir die veiligheidselement veronderstel het, en verdedigingswitskrifte hierdie rol onderstreep het (kyk Grundy, 1986), moet die opkoms van sekurokrate gesien word in die mislukking van TS. Volgens Swilling en Philips (1989) het hervormings eerder teenhegemonie versterk as om dit af te breek. Arbeidshervormings het regstreeks tot die verpolitisering van vakbonde gelei wat die hegemoniese orde verder as die grense van fabrieksvloer bedreig het. Die erkenning van die permanensie van stedelike swartes het buiteparlementêre organisasies geskep wat 'n groot faktor was in die verpolitisering van die swart burgerlike samelewing. Boweal het die

konstitusionalisering van ras in die driekamerparlement buiteparlementêre versetgroepe gestimuleer en verenig.

Die onvermoë van hervormings tussen 1978-1986 om die konflik in die swart woonbuurte te ontfont, het 'n aanpassing van TS vereis. Volgens Kotzé en Greyling (1991) het die behoefte aan 'n gekoördineerde program om buiteparlementêre verset te onderdruk en wat terselfdertyd swart gemeenskappe sosio-ekonomies sou ophef, die ruimte geskep vir die veiligheidsmagte om hulle kleim af te steek. Dit het gelei tot die volle ontplooiing van die NVBS waarin veiligheidsinstellings van die hoogste tot die laagste vlakke van die regeerproses inspraak en invloed sou hê (vgl. bv. Seegers, 1990, 1991).

Wat die onderdrukking van buiteparlementêre verset betref, onderskei Webster en Friedman (1989) tussen formele en informele onderdrukking (kyk ook Cock, 1990:95-100). Onder eersgenoemde tel aanhouding sonder verhoor ingevolge die noodregulasies, verbanning van organisasies, beperkings op individue, en beperkings op saamtrekke en vergaderings. Informele onderdrukking het volgens hierdie outeurs in twee breë kategorieë geskied: eerstens die optrede van statutêre instellings wat met volle wetlike sanksie geopereer het, soos die Gesamentlike Bestuursentra (GBS) wat byvoorbeeld op plaaslike vlak van kitskonstabels gebruik gemaak het; en tweedens aktiwiteite van individue en organisasies wat anoniem maar in regeringsbelang opgetree het, soos byvoorbeeld sluipmoorde, ontvoerings, en die bomontploffing by Khotso-huis wat onder meer die kantore van die SARK gehuisves het (kyk Minnaar, 1994). Adriaan Vlok, gewese Minister van Polisie, het in Junie 1997 erken dat die bomontploffing by Khotso-huis deur regeringsagente uitgevoer is (vgl. bv. *The Sunday Times*, 22 Jun. 1997; *Rapport*, 22 Jun. 1997).

Die tweede element van die teen-revolusionêre strategie was die *sagte oorlog* wat die harte en siele van gewone swartes in die woonbuurte moes wen. Dit was die WHAM-program. Friedman (1990:17) wys daarop dat die hervormings van die tagtigerjare ten doel gehad het om steun te werf onder die gematigde deel van die swart bevolking, en nie soseer onder swart leiers in die algemeen nie. Deur steun onder gematigde swartes en hulle leiers te kry, kon die noodsaaklikheid om met meer radikale leiers van die buiteparlementêre groepe te handel, oorbodig word:

If this strategy succeeds, there will be little pressure on the state to seek an accommodation with the major extra-parliamentary movements. (Friedman, 1990:18.)

Hierdie strategie kom duidelik na vore in die SAUK se poging in die middel-tagtigerjare om byvoorbeeld die ANC as 'n onderhandelingsparty uit te sluit (kyk 5.3.3).

Die WHAM-program het egter meer as hervormings op nasionale of makrovlak vereis; dit moes na voetsoolvlak afgewentel word waar gewone swartes 'n verbetering in hulle alledaagse lewensomstandighede kon sien. Maar benewens die aanspreek van griewe oor paaie, watervoorsiening en riolering, moes die aktivistiese element in swart woonbuurte gelyklopend geneutraliseer word. In sy aankondiging van die noodtoestand het die Staatspresident byvoorbeeld aandag gevestig op drie primêre doelwitte, naamlik die handhawing van wet en orde, 'n terugkeer na normaliteit, en die skepping van toestande waaronder konstitusionele, ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling kon plaasvind (vgl. Sarakinsky, 1989). Die argument dat sonder wet en orde daar nie hervorming kon wees nie, en dat buiteparlementêre verset in belang van hervorming onderdruk word, het 'n standaardrespons van die Regering op kritiek teen die afdwinging van veiligheidsmaatreëls ingevolge die noodregulasies geword (vgl. bv. Vlok soos aangehaal deur Schneider, 1987).

Dit is teen bogenoemde agtergrond dat die SAUK in sy redaksionele kommentaar die kwessie van veiligheid en hervorming aangespreek het. Meer bepaald het dit as 'n reaksie op gebeure in die politieke omgewing gevolg, byvoorbeeld die eskalering van geweld in swart woonbuurte en die afkondiging of toepassing van spesifieke veiligheidsmaatreëls. So het die SAUK die Staat gevra om "konfrontasioniste en revolusionêres uit besigheid te sit", en sy verantwoordelikheid ten opsigte van stabiliteit en onderhandeling na te kom nadat geweld in Vaaldriehoekse swart woonbuurte in September 1984 uitgebreek het.²⁰⁹

In Oktober 1984 het die polisie, weermag en spoorwegpolisie 'n gesamentlike veldtog (Operasie Palmiet) van stapel gestuur om geweld in Sebokeng, Sharpeville en Boipatong te beëindig (Sarakinsky, 1989). *Comment* het die optrede verdedig en aangevoer dat regering volgens Westerse demokratiese riglyne - "which has been practised for 300 years in South Africa and is now being extended to larger sections of

the population"²¹⁰ - tekort skiet om terreur, politieke geweld, buiteparlementêre aksies of grootskaalse onrus te beveg. Omdat 'n demokratiese bedeling nie in 'n klimaat van chaos en anargie moontlik is nie, en volgens die SAUK kon daar geen twyfel onder vriend en vyand bestaan oor die land se verbintenis tot die verbreding van demokrasie onder swartes nie, was veiligheidsoptrede (wat as ondemokraties bestempel mag word) die enigste manier om wet en orde te herstel.²¹¹ Die land se sterk veiligheidstruktuur, het die rubriek geredeneer, het 'n rewolusionêre oorname buite die kwessie gemaak, en daarom kon die doelwit van "evolusionêre prosesse en onderhandeling" in die heterogene Suid-Afrika verwesenlik word.²¹²

Te midde van Operasie Palmiet en volgehoue geweld in swart woonbuurte het die SAUK op die kwessie van "ordelike hervorming" gefokus. Nie alleen het die SAUK dit as die gebiedendste plig van die Staat beskou om wet en orde in toestand van onrus te handhaaf nie, maar in Suid-Afrika se geval was dit nog meer as ooit noodsaaklik vir daarstelling van "goeie regering en die navolging van sosiale geregtigheid".²¹³ Die rubriek het sy luisteraars voor twee opsies gestel, naamlik rewolusie en hervorming, en het bygevoeg dat laasgenoemde net moontlik was indien demokratiesbepaalde leiers hulle volgelinge se aspirasies in 'n vrye en veilige samelewing kon artikuleer.

Veiligheidsoptrede ter wille en in belang van hervorming, vorm ook die basis van die SAUK se verdediging van strenger veiligheidsoptrede in geweldgeteisterde swart woonbuurte aan die einde van Maart 1985.²¹⁴ Hierdie was die voorloper van die instelling van 'n gedeeltelike noodtoestand in Julie 1985. Die SAUK se reaksie op die noodtoestand was dat hervorming in die heersende situasie onmoontlik geword het, en dat dit primêr 'n politieke doelwit gehad het, naamlik "ordelike hervorming".²¹⁵ *Comment* het die handhawing van wet en orde en die politieke proses van vreedsame onderhandeling en hervorming as wedersyds aanvullende benaderings beskou, en verklaar dat die noodtoestand nie net op die beëindiging van onluste ingestel was nie, maar dat dit ook 'n sterk politieke dimensie gehad het.²¹⁶

Om sy standpunt oor stabiliteit as 'n voorvereiste vir hervorming te illustreer, het die SAUK 'n vergelyking tussen Suid-Afrika en Iran getref.²¹⁷ Die argumentasielyn was soos volg: Iran was 'n bondgenoot van die weste, maar die rewolusie het steun geniet van die media en sommige westerse lande. Die subteks is dat Suid-Afrika 'n

bondgenoot van die weste is, maar dat sommige binnelandse en die meeste oorsese media asook westerse regerings swart verset steun. In Iran het die ware hervormers uit frustrasie teen die strawwe veiligheidsmaatreëls by die rewolusionêres aangesluit. Die subteks is dat baie Suid-Afrikaners met goeie bedoelings, hoewel nie altyd met goeie begrip nie (kyk 5.4.3), die Staat se veiligheidsoptrede kritiseer. In Iran het die hervormers alles verloor, en vandag heers in dié land een van die mees onderdrukkende regimes sedert die Middeleeue. Die eksplisiete SAUK-les is: moenie dat dit in Suid-Afrika gebeur nie.

Die SAUK het veral buitelandse media verantwoordelik gehou vir Suid-Afrika se oorsese beeld in die tagtigerjare. Dié beeld volgens die SAUK was een van 'n land besig om in anargie te verval en wat op die punt gestaan het om deur rewolusionêre magte oorgeneem te word.²¹⁸ In die lig van die Korporasie se beskuldigings van verwringing, wanvoorstellings, sensasionalisme en die aanhitsing van geweld ter wille van visuele impak, het hy die Regerig se verbod op televisiespanne (kyk *Sowetan*, 4 Nov. 1985) in onrusgebiede in die begin van November 1985 ten volle ondersteun.²¹⁹ Enersyds het *Comment* die verbod verdedig met die standpunt dat die blote teenwoordigheid van televisiekameras onlusmakers aangespoor het tot dramatiese protes en geweld, terwyl die rubriek die Staat se optrede andersyds geregverdig het deur 'n verband tussen wetstoepassing en hervorming te lê. Volgens die SAUK was dit “vanselfsprekend dat hervorming net in 'n bestendige omgewing” kon geskied, en gegewe die “flagrante kampanje” om “wetstoepassing in onrusgebiede uit verband te ruk”, asook die aansporingsfaktor, het optrede soos hierdie noodsaaklik geword.²²⁰

Ongeag teenargumente dat dit nie TV-kameras was wat die onluste veroorsaak het nie, maar die teenwoordigheid van veiligheidsmagte in die woonbuurte (vgl. bv. Evans & Philips, 1988), het die SAUK die effektiwiteit van hierdie magte en die noodmaatreëls geprys om oproermaking, brandstigting en intimidasie vas te vat. Die Korporasie het nietemin weer beklemtoon dat strenger veiligheidsoptrede en die verbod op televisiekameras nie hervorming vervang het nie, maar in belang daarvan was.²²¹

Die SAUK se verdediging van strenger veiligheidsoptrede as in belang van hervorming en onderhandelings, het sterk met die afkondiging van die landwyse noodtoestand op 12 Junie 1986 gefigureer. Teen die agtergrond van 'n wydverspreide

en volgehoue populistiese rebellie wat tot die ineenstorting van die burgerlike samelewing in baie swart woonbuurte aanleiding gegee het (Swilling, 1988:10), het die SAUK in die aanloop tot die afkondiging van die noodtoestand die handhawing van wet en orde byvoorbeeld versoen met "voortgesette hervorming",²²² "demokratiese hervorming",²²³ die Regering se "verbintenis tot hervorming",²²⁴ en die "demokratiese idee".²²⁵

Die afkondiging van die noodtoestand het gevolg nadat die Staande Komitee oor Wet en Orde van die driekamerparlement as gevolg van die kleurlinge en Indiërs se teenkanting nie konsensus kon bereik oor veiligheidswetgewing wat strenger wetstoepassing in onlusgebiede sou magtig nie (RRS, 1985:23). In sy reaksie op die afkondiging het die SAUK gesê dat die demokratiese benadering net werk met mense wat in demokratiese waardes glo, en dat die tyd aangebreek het om die onrusmakers vas te vat:

All reasonable people must see that the time has come for a showdown with the forces of anarchy and revolution, and a united stand in forging a peaceful and stable dispensation in which the values they hold dear will be truly protected.²²⁶

Hierdie tema, naamlik dat veiligheidsoptrede noodsaaklik vir stabiele, vreedsame en demokratiese konstitusionele hervorming is, is in breë trekke met elke hernuwing van die noodtoestand tot aan die einde van die tagtigerjare herhaal.²²⁷

Dieselfde tema is ook deur die SAUK met die effektiwiteit van veiligheidsoptrede in verband gebring. Die dilemma van die SAUK was egter om 'n balans te handhaaf tussen die uitbeelding van die noodtoestand as effektief en die motivering vir die behoud daarvan. As die Korporasie dus te veel klem op die effektiwiteit gelê het, kon die luisteraars moontlik die noodsaaklikheid daarvan begin bevraagteken het. Daarom is die effektiwiteit van die noodtoestand gekwalifiseer aangebied, met ander woorde as effektief maar steeds nodig om die rewolusionêre aanslag heeltemal te onderdruk. Aangesien hierdie aspek in 5.5.1 bespreek word, kan hier volstaan word met die SAUK se standpunt dat dit onsinnig sou wees om die noodtoestand op te hef sonder 'n geskikte klimaat vir politieke inisiatiewe.²²⁸ Om hierdie klimaat te bewerkstellig, het wisselwerking tussen hervorming en veiligheidsoptrede soos die noodtoestand gevra:

It is a misconception that stability in South Africa at this time can be achieved solely through either security measures or political change. The two have to go together, the one underpinning the other.²²⁹

Die algemene verkiesing onder blankes op 6 Mei 1987 het in 'n belangrike mate om die verhouding tussen nasionale veiligheid en hervorming gewentel (kyk bv. Kapp, 1987; De Klerk, 1987). SAUK-kommentaar op die verkiesing het dan ook wesenlik om die voorvereiste van nasionale veiligheid vir hervorming gehandel, en die uitslag van die verkiesing is deur die Korporasie as 'n oorweldigende mandaat hiervoor bestempel.²³⁰

Die verhouding tussen onderdrukking van verset aan die een kant, en politieke hervormings en onderhandelings aan die ander kant, het weer skerp in die kollig gestaan met die beperkings gehef op sewentien buiteparlementêre organisasies op 22 Februarie 1988. Hierdie beperkings het in effek organisasies soos die UDF, AZAPO, DPSC, NECC, Release Mandela Committee (RMC), en verskeie jeugorganisasies verban (kyk bv. Sarakinsky, 1989; Webster & Friedman, 1989). Minder as twee weke voor die beperkings het die SAW gehelp om 'n staatsgreppoging in Bophuthatswana deur die opposisieier, Peter Rocky Malebane-Metsing, te onderdruk (vgl. Riley, 1991:208)..

Die SAUK se vertolking van hierdie gebeure het sy standpunt dat die onderdrukking van verset noodsaaklik vir demokratiese hervorming was, herbevestig. Vir die burgerlike en politieke lewe om normaal voort te gaan, redeneer *Comment*, was dit nodig om die noodtoestand in te stel, en daarom moes magte wat die ekonomie, onderwys, plaaslike regering, gemeenskapsontwikkelingsprogramme, en die vordering van onderhandelde politieke hervorming wou ontwrig, beperk word:

white-anting of society by activists out to destroy any progress on these fronts must (also) be dealt with.²³¹

Dit is in die begin van hierdie afdeling genoem dat die vierde periode in die era van onderdrukking en hervorming 'n stelselmatige verslapping van sekurokrate se houvas op die Suid-Afrikaanse samelewing behels het. Hyslop (1989) praat ook van 'n "no win" situasie wat ontwikkel het, naamlik die onvermoë van die Regering om 'n hervormde hegemoniese orde sonder buiteparlementêre groepe te beding, teenoor die mislukking van hierdie groepe om die bestaande orde omver te werp.

Buiteparlementêre groepe se besef dat die Regering nog vir lank in staat sou wees om opstand te onderdruk, en die Regering se besef dat dié groepe stelselmatig met behulp van buitelandse druk sy legitimiteit sou verminder, het aan die einde van die dekade bygedra tot wedersydse bereidwilligheid om die onderhandelingsopsie te oorweeg. 'n Goeie voorbeeld hiervan is multilaterale onderhandelings oor elektrisiteitsvoorsiening aan Soweto en die beëindiging van huurboikotte waaraan die Soweto Peoples' Delegation (SPD), die Transvaalse Provinsiale Administrasie (TPA) en Eskom deelgeneem het (Shubane, 1991). Ander voorbeelde is samesprekings tussen die Regering en kerkleiers, onderhandelings tussen die Minister van Wet en Orde, regs- en kerklui oor die vrylating van aangehoudenes in Februarie 1989, en die ontmoeting tussen P.W. Botha en Nelson Mandela in Julie 1989 (kyk 5.3.3).

Die leierskapverandering in die Regering het egter nie 'n einde van protes en politieke geweld beteken nie. Die ANC het steeds nie sy gewapende stryd gelos nie, en militante massa-aksie soos stakings en protesoptogte deur COSATU en die Mass Democratic Movement (MDM), die plaasvervanger van die UDF nadat dié organisasie in Februarie 1988 verbied is, het voortgeduur (vgl. RRS, 1988/89). Hoewel die SAUK gewag gemaak het van 'n nuwe gees in die land vir onderhandeling, en dat in die groeiende stemming vir nasionale versoening die volgehoue afdwinging van "buitengewone" veiligheidsmaatreëls toenemend problematies sou word,²³² het die Korporasie in die lig van protes en politieke geweld die behoud van hierdie maatreëls verdedig. Die motivering het nietemin 'n klemverskuiwing ondergaan, naamlik vanaf hervorming met 'n geëlimineerde buiteparlementêre bedreiging, na 'n onderhandelde skikking wat so inklusief as moontlik moes wees. Veiligheidsoptrede was dus noodsaaklik om die gunstige klimaat, die gees van nasionale versoening, 'n onderhandelde skikking, en die uitbreiding van demokrasie te beskerm.²³³

Die kentering in die Korporasie se houding word weerspieël in sy reaksie op De Klerk se aankondiging aan die einde van November 1989 dat die NVBS struktureel gaan verander (vgl. Nathan & Philips, 1992). Voortaan sou gespesialiseerde lynfunksies van individuele staatsdepartemente meer gewig dra as die dienende gesamentlike komitees wat op veiligheidstrategie- en optrede gefokus het (vgl. Seegers, 1991). *Comment* het dié verandering aan die "defeat of the revolutionary campaign to make South Africa ungovernable" toegeskryf.²³⁴ Die aanpassing van die

NVBS was 'n stap om die ontspanne politieke klimaat in die land verder uit te bou, het *Comment* geargumenteer, maar in dieselfde asem gewaarsku dat die afskaffing van veiligheidsmaatreëls stapsgewys gedoen moes word omdat die rewolusionêre klimaat steeds bestaan het, en dit 'n bedreiging vir die nuwe gees en nasionale veiligheid ingehou het.

4.3 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het twee wesenlike bydraes van die SAUK se bydrae tot die bedinging van die hegemoniese orde behandel, naamlik eerstens die promovering van die selfbeskikkingsreg van rasgebaseerde groepe as die onderliggende beginsel van hervormingsapartheid, en tweedens die bewusmaking van sy luisteraars dat die dominante groep 'n nuwe hegemoniese orde wou skep waarin die idees, waardes en belange van almal gereflekteer en gerespekteer sou word.

Hierdie hoofstuk het ook gepoog om vier spesifieke doelstellings uit te voer, naamlik om te bepaal (a) in welke mate die SAUK die selfbeskikkingsreg van groepe as die onderliggende ideologiese beginsel voorgehou het, (b) of die Korporasie se konsepsie van hierdie beginsel klemverskuiwings ondergaan het, (c) watter strategie gevolg is ten opsigte van die bedinging van die dominante ideologiese beginsel ten tye van konstitusionele dooie punte, en (d) die SAUK se projeksie van die Staat se veiligheidsoptrede in die lig van sy hervormingsprogram.

Daar is aangetoon dat die selfbeskikkingsreg van groepe die grondslag van fundamentele apartheid was, en dat die SAUK dit so in *Comment* tot aan die einde van die rubriek gereflekteer het, niesteenstaande klemverskuiwings oor die wyse van groepsvorming aan die einde van die tagtigerjare. Daar is verder gewys op hoe die SAUK in sy redaksionele kommentaar veranderings aan die operasionele dimensie van apartheid as fundamenteel voorgehou het, sonder dat dit in werklikheid 'n bedreiging vir die fundamentele dimensie (groepsselfbeskikking) ingehou het. Sekere dele van die apartheidstruktuur kon dus afgebreek word sonder om die pilare en fondasie daarvan te vernietig. In hierdie opsig was die SAUK as 'n kulturele medium in die burgerlike samelewing inderdaad 'n produseerder, reproduseerder en verspreider van die dominante en organiese ideologie.

Deur klem op onderhandeling en konsensus te lê en die herstrukturering van die dominante orde as lewendig en dinamies voor te hou, wou die SAUK die indruk van algemene deelname versterk. Met ander woorde, almal neem deel om 'n orde te beding waarmee almal hulle kon vereenselwig. Dit was vir die Regering en die SAUK dus uiters belangrik om enige idee van stagnasie in die onderhandelingsproses hok te slaan, want dit sou die aandag op die fundamentele dimensie van apartheid en onderdrukking as 'n alternatief vir onderhandeling vestig. Hierdie hoofstuk het gedemonstreer hoe die SAUK deur die idee van *Hervorming Lewe!* en die rasionalisering van verdragings gepoog het om die hervormingsvuur aan die brand te hou.

Die Korporasie se idee van hervorming aan 't beweeg het hoofsaaklik ten opsigte van die oopstelling van geriewe en die afskaffing van apartheidswette gegeld, hoewel strukturele veranderings soos die driekamerparlement, veelrassige instellings op tweede- en derdevlakregering, en groter magte vir swart plaaslike regering ook as voorbeelde van dinamiese hervorming gedien het. Met die uitsondering van die Groepsgebiedewet, het die Korporasie se rasionalisering van stagnasie of dooie punte om swart konstitusionele ontwikkeling gewentel. Die dilemma van die SAUK (en primêr die Regering) was nietemin dat in die konteks van hegemoniese bedinging fundamentele hervorming nie by die oopstelling van geriewe en die afskaffing van diskriminerende wette gelê het nie, maar by die konstitusionele akkommodering van swart politieke regte wat die meerderheid Suid-Afrikaners en die buitewêreld tevrede sou stel. Derhalwe moes die SAUK in tandem die oopstelling van geriewe en afskaffing van diskriminerende wette se fundamentaliteit verhoog, terwyl oorsake vir die stagnasie in die derde area gevind moes word.

Die hoofstuk is afgesluit met 'n bespreking van die SAUK se hantering van die verhouding tussen veiligheid en hervorming gedurende die tagtigerjare. Dit is aan die hand van bepaalde gebeure in die politieke omgewing gedoen. Die teoretiese aanknopingspunt van hierdie gedeelte is die verhouding tussen dwang en instemming in die daargestelling van hegemonie, 'n verhouding wat immer belangrik in die ontwikkeling van die apartheidstaat was, maar wat veral tussen 1984-1988 skerp in die kollig gestaan het. Die aard en omvang van die verset, en die Staat se gewelddadige onderdrukking daarvan, het integrale hegemonie buite die kwessie gemaak. Versekerings deur die Regering dat veiligheidsmaatreëls nie hervorming vervang het

nie (bv. Chris Heunis in *The Sunday Times*, 19 Apr. 1987), was deur steeds strenger veiligheidsmaatreëls en die weiering van selfs gematigde leiers om aan onderhandelings deel te neem, ongedaan gemaak.

Die SAUK se redaksionele kommentaar het die hegemoniese krisis weerspieël. Deur veiligheidsoptrede in belang van hervorming, konstitusionele ontwikkeling, die verbreding van demokrasie, nasionale versoening en 'n onderhandelde skikking te aksentueer, wou die Korporasie sy gehoor oortuig dat die noodtoestand 'n noodsaaklike euwel was, dat instemming steeds belangriker as dwang was, en dat die Staat nie hervorming vir dwang verruil het nie. Gesien in samehang met die uitbeelding van die hervormingsproses as dinamies, en die soeke na sondebokke vir verdragings of dooie punte, het die rasionalisering van onderdrukking 'n belangrike element gevorm van die Korporasie se poging om hegemonie te beding.

-
- 1 C10/10/83, C6/12/83, C18/8/84.
 - 2 CA16/11/64.
 - 3 CA14/2/66.
 - 4 CA29/4/66.
 - 5 CA11/1/67.
 - 6 CA7/9/67.
 - 7 CA16/11/67.
 - 8 CA14/2/68.
 - 9 CA18/9/68.
 - 10 CA29/10/68.
 - 11 CA4/8/70.
 - 12 CA20/8/70.
 - 13 CA25/8/69.
 - 14 CA18/8/70.
 - 15 CA27/1/71.
 - 16 CA23/4/71.
 - 17 Bv. CA22/2/66, CA16/6/67, CA29/10/68, CA28/1/69, CA20/11/69.
 - 18 CA13/11/74.
 - 19 CA22/1/75.
 - 20 CA20/3/75.
 - 21 CA2/5/75.
 - 22 CA23/1/76.
 - 23 CA18/8/76, CA15/7/77.
 - 24 CA20/10/76, CA26/4/77.
 - 25 CA18/8/77.
 - 26 CA22/9/77, EC2/5/79.
 - 27 CA4/5/78, EC22/6/79.
 - 28 CA4/11/77, EC6/2/80.
 - 29 CA15/12/77.
 - 30 EC12/12/79.
 - 31 CA17/8/77.
 - 32 CA8/11/76.
 - 33 CA15/12/77.
 - 34 CA21/4/77.
 - 35 CA14/9/77.
-

- 36 C25/1/83, C31/1/83, C22/2/83, C9/5/83, C11/5/83, C5/7/83, C13/7/83, C28/7/83, C9/8/83, C7/10/83, C10/10/83, C11/10/83, C1/11/83, C3/11/83, C25/11/83, C6/12/83, C3/1/84, C27/1/84, C18/4/84, C4/7/84, C28/8/84, C29/11/84, C28/1/85, C14/2/85, C3/5/85, C27/5/85, C20/6/85, C26/6/85, C4/7/85, C15/8/85, C19/9/85, C16/10/85, C18/10/85, C30/10/85, C11/2/86, C7/3/86, C3/6/86, C25/6/86, C2/2/87, C8/5/87, C12/8/87, C21/9/87, C25/4/88, C21/6/88, C7/2/89, C10/2/89, C13/2/89, C1/3/89, C15/5/89, C30/6/89, C28/2/90.
- 37 C4/4/83, C8/6/83, C28/1/85, C29/1/85, C29/3/85, C11/4/85, C14/5/85, C20/6/85, C4/7/85, C5/9/85, C17/9/85, C19/9/85, C2/10/85, C8/11/85, C9/4/86, C30/4/86, C19/12/86, C8/5/87, C21/9/87, C19/11/87, C12/1/89, C10/2/89, C27/9/89 .
- 38 C6/1/83, C15/3/83, C10/10/83, C11/4/85, C2/10/85, C10/3/86, C3/6/86, C2/3/87, C9/4/87, C7/5/87, C8/5/87, C26/5/87, C19/11/87, C24/6/88, C29/11/88, C5/1/89, C19/2/90.
- 39 C4/5/83. Kyk ook: C3/11/83, C28/8/84, C4/7/85, C18/10/85, C10/3/86, C16/5/86, C19/5/86, C3/6/86, C25/6/86, C19/12/86, C2/2/87, C5/5/87, C7/5/87, C8/7/87, C21/9/87, C21/6/88, C10/2/89, C19/2/90.
- 40 C17/10/89, C31/10/89, C8/11/89, C21/11/89, C13/12/89, C26/2/90.
- 41 C10/3/86.
- 42 C16/5/86, C19/5/86.
- 43 C24/6/88.
- 44 C29/12/89.
- 45 C15/3/83, C9/8/83, C7/9/83, C11/10/83, C3/11/83, C25/11/83, C4/7/84, C15/8/85, C15/1/86, C3/6/86, C2/2/87, C7/5/87, C6/7/87, C15/1/89, C13/2/89, C29/12/89.
- 46 Bv. C2/10/85, C15/1/86.
- 47 C5/1/83, C31/1/83, C15/3/83, C22/3/83, C9/5/83, C11/5/83, C13/7/83, C28/7/83, C9/8/83, C7/9/83, C7/10/83, C10/10/83, C1/11/83, C25/11/83, C6/12/83, C3/1/84, C27/1/84, C28/8/84, C22/11/84, C14/2/85, C14/5/85, C15/8/85, C27/5/85, C19/9/85, C2/10/5, C3/6/86, C25/6/86, C2/2/87, C12/8/87.
- 48 C31/1/83, C6/5/83, C1/7/83, C27/1/84, C11/12/84, C19/5/86, C3/6/86, C19/11/87, C5/10/88, C12/1/89.
- 49 C10/10/83, C11/10/83, C3/11/83, C27/1/84, C25/6/84, C28/8/84, C22/11/84, C11/12/84, C15/2/85, C17/4/85, C17/9/85, C3/10/85, C16/10/85, C18/10/85, C5/2/86, C16/5/86, C19/5/86, C3/2/87, C5/5/87, C3/11/87, C5/10/88, C12/1/89, C10/2/89, C7/4/89, C21/11/89, C28/2/90.
- 50 C9/8/83, C15/8/85, C28/5/87.
- 51 C16/10/85.
- 52 C3/10/85.
- 53 C28/2/90.
- 54 C29/1/85, C16/10/85, C11/2/86, C10/2/89, C13/2/89, C7/4/89.
- 55 C5/1/83, C22/2/83, C4/4/83, C10/10/83, C28/1/85, C16/5/86.
- 56 C6/5/83, C13/7/83, C7/9/83, C27/1/84.
- 57 C5/1/83, C25/1/83, C13/7/83, C28/7/83, C7/9/83, C10/10/83.
- 58 C3/5/83, C2/10/85, C10/2/89.
- 59 C4/7/85. Kyk ook: C7/3/86, C28/2/90.
- 60 C16/10/85.
- 61 C28/2/90.
- 62 C4/7/85.
- 63 C5/9/85.
- 64 C7/3/86.
- 65 C24/10/86.
- 66 C15/8/85.
- 67 C7/3/86.
- 68 C27/10/88.
- 69 C25/6/86, C10/2/89.
- 70 C5/7/83.
- 71 C10/2/89, C13/3/89.
- 72 C15/8/85.
- 73 C15/8/85.
- 74 C13/2/89.
- 75 C1/3/89.

-
- 76 C30/6/89.
- 77 C11/4/85, C3/5/85, C3/10/85, C16/10/85, C25/6/86, C19/12/86, C2/2/87, C8/7/87, C13/2/89, C9/5/89, C19/2/90, C28/2/90.
- 78 C28/2/90.
- 79 Vgl. bv. C17/4/85, C26/6/85, C7/2/89, C13/2/89, C17/11/89.
- 80 C25/11/86.
- 81 C21/9/87.
- 82 C7/10/87, C19/2/90.
- 83 CA12/7/68.
- 84 CA19/1/65, CA31/3/66, CA24/6/66, CA27/10/66, CA5/9/67, CA14/4/76, CA3/5/76, CA8/11/76, CA22/12/76, CA21/1/77, CA7/2/77, CA20/4/77, CA25/4/77, CA27/5/77, CA23/6/77, CA15/7/77, CA18/8/77, CA25/8/77, CA29/11/77, CA1/12/77, EC12/1/78, EC23/1/78, EC10/7/78, EC29/9/79, EC5/2/79, EC26/11/79.
- 85 CA12/7/68.
- 86 Vgl. bv. CA23/6/65, CA29/7/65, CA3/8/65, CA9/12/65, CA18/1/67, CA9/7/69, CA17/2/71, CA22/3/74, CA7/5/74, CA5/8/74.
- 87 Vgl. bv. CA17/5/66, CA7/9/67, CA16/4/69, CA14/12/71, CA31/1/73, CA27/2/75, CA24/7/75, CA23/3/76, CA9/2/77, CA23/2/77, CA7/3/77, EC25/4/79, EC10/10/80.
- 88 Vgl. bv. CA25/11/66, CA30/11/66, CA21/12/66, CA11/1/67, CA6/2/67, CA16/2/67, CA11/5/67, CA25/5/67, CA3/8/67, CA2/2/68, CA8/2/68, CA12/7/68, CA30/7/68, CA14/8/68, CA27/9/68, CA13/3/70, CA25/2/74, CA8/8/75, CA21/1/76, CA8/6/76, EC3/2/78, EC9/6/78, EC10/5/79, EC17/8/79, C23/11/81.
- 89 Vgl. bv. CA1/3/65, CA5/4/65, CA23/8/65, CA13/12/65, CA29/12/65, CA24/3/66, CA25/3/66, CA27/7/66, CA29/7/66, CA14/10/66, CA17/3/67, CA28/7/67, CA3/8/67, CA9/8/67, CA11/10/67, CA9/1/68, CA1/3/68, CA11/4/68, CA25/4/68, CA20/11/68, CA13/12/68, CA9/4/69, CA16/4/69, CA4/2/70, CA10/6/70, CA27/1/71, CA6/11/72, CA31/1/73, CA17/4/74, CA3/3/75, CA3/12/75, CA8/6/76, CA14/7/76, CA6/6/77, CA18/7/77, EC11/8/78, EC26/7/79, EC20/5/80.
- 90 Vgl. bv. CA16/5/68, CA12/7/68, CA25/5/70, CA6/10/70, CA2/11/70, CA7/11/72, CA16/3/73, CA25/4/74, CA4/10/74, CA25/9/75, EC11/1/78, EC13/7/78, C29/4/81, C29/12/81, C24/6/83, C16/5/86.
- 91 Bv. CA30/11/6, CA15/3/67, C11/5/67, CA23/5/67, CA27/7/67, CA11/10/67, CA4/2/68, CA27/9/68, CA29/10/68, CA21/1/71, CA5/1/73, CA8/11/76, EC21/8/79, C13/10/83, C15/1/85.
- 92 T.o.v. periode voor 1983 vgl. bv. CA9/8/67, CA19/10/67, CA9/5/68, CA20/5/69, CA16/3/73 en C22/10/82. M.b.t. 1983-1990 kyk C10/2/83, C28/1/85, C15/2/85, C20/6/85, C4/7/85, C18/7/85, C18/8/86 en C20/3/89.
- 93 Bv. C10/2/83, C15/2/85.
- 94 C10/2/83, C15/2/85.
- 95 C15/2/85.
- 96 C18/7/85.
- 97 C10/2/85, C15/2/85, C25/6/86.
- 98 C25/6/84; ook C18/4/84, C29/3/85.
- 99 C11/4/85.
- 100 C4/7/85.
- 101 C18/7/85.
- 102 C19/9/85.
- 103 C2/10/83, C8/11/85.
- 104 C5/2/86; sien ook C10/3/86, C3/2/87.
- 105 Kyk bv. EC9/1/78, C10/2/83.
- 106 C20/3/89.
- 107 C20/3/89, C28/2/90.
- 108 C6/1/83, C4/11/83, C18/4/84, C17/5/84, C6/12/84, C8/1/85, C10/5/85, C17/9/85, C2/10/85, C31/10/85, C1/11/85, C8/11/85, C25/1/85, C1/1/86, C3/2/86, C9/5/86, C20/8/86, C29/8/86, C3/12/86, C9/6/87, C15/9/87, C16/9/87, C17/9/87, C22/3/88, C18/4/88, C24/6/88, C12/1/89, C21/2/89, C11/7/89, C25/7/89, C18/8/89, C22/8/89, C2/1/90, C19/1/90, C24/1/90, C29/1/90, C2/2/90, C8/2/90.
- 109 C17/9/85.
-

-
- 110 C9/5/86.
 111 C1/11/85.
 112 C12/1/89.
 113 C22/3/88.
 114 C22/3/88, C2/1/90.
 115 C11/7/89, C24/1/90, C29/1/90, C8/2/90.
 116 C27/12/84, C25/1/95.
 117 C26/3/85.
 118 C10/5/85, C3/9/85.
 119 C11/9/85.
 120 C19/1/85.
 121 C3/12/85.
 122 Vgl. C18/4/86.
 123 C18/4/86.
 124 C22/4/86.
 125 C27/5/86.
 126 C2/6/86.
 127 C18/8/86.
 128 C1/7/87.
 129 C9/7/87.
 130 C9/7/87.
 131 C14/3/88, C22/3/88, C18/4/88.
 132 C22/3/88, C18/4/88, C21/6/88.
 133 C21/6/88, C24/6/88.
 134 C6/3/89.
 135 Bv. C10/2/89, C13/2/89, C6/3/89, C7/4/89, C28/6/89.
 136 C9/5/89, C16/7/89.
 137 C16/7/89.
 138 Bv. C26/10/89, C31/10/89, C14/11/89, C18/1/90, C24/1/90.
 139 C8/11/89.
 140 C2/2/90.
 141 C10/10/83.
 142 C8/11/83.
 143 C6/12/83.
 144 C28/8/84.
 145 C25/1/85.
 146 C16/8/85.
 147 Kyk bv. C25/1/83, C7/9/83.
 148 Bv. C10/10/83.
 149 C25/11/83.
 150 C3/1/84.
 151 C13/7/84, C21/8/84, C23/8/84, C28/8/84.
 152 C24/6/88.
 153 Bv. C13/7/83, C1/8/83, C16/1/85, C28/1/85, C7/2/85, C20/2/85, C27/7/85, C16/8/85, C12/9/85, C13/9/85, C30/9/85, C2/10/85, C9/12/85, C26/12/85, C3/2/86, C13/2/86, C13/3/86, C10/4/86, C18/4/86, C22/4/86, C9/5/86, C15/5/86, C27/5/86, C3/6/86, C5/6/86, C24/6/86, C25/6/86, C30/6/86, C12/8/86, C18/8/86, C29/8/86, C29/9/86, C21/11/86, C16/1/87, C2/2/87, C30/3/87, C18/5/87, C20/5/87, C2/7/87, C6/7/87, C9/7/87, C12/8/87, C17/8/87, C3/9/87, C21/9/87, C7/10/87, C3/11/87, C19/11/87, C7/1/88, C5/3/88, C14/3/88, C17/6/88, C21/6/88, C29/6/88, C29/7/88, C29/8/88, C7/9/88, C23/7/88, C10/10/88, C14/10/88, C25/10/88, C27/10/88, C29/11/88, C6/2/89, C7/2/89, C13/2/89, C24/2/89, C20/3/89, C19/4/89, C30/6/89, C24/7/89, C3/10/89, C17/11/89, C4/1/90, C12/2/90.
 154 C12/6/86.
 155 C24/6/86.
 156 C9/2/87.
 157 C19/11/87.

- 158 C25/1/83, C31/1/83, C13/2/83, C26/3/83, C7/9/83, C10/10/83, C8/11/83, C6/12/83, C3/1/84, C19/6/84, C4/7/84, C13/7/84, C18/7/84, C21/8/84, C28/8/84, C20/12/84, C27/12/84, C25/1/85, C28/1/85, C18/5/85, C16/8/85, C19/9/85, C3/2/86, C4/2/86, C6/2/86, C27/5/86, C3/6/86, C30/6/86, C18/8/86, C6/11/86, C3/2/87, C9/2/87, C2/7/87, C6/7/87, C21/9/87, C25/4/88, C29/11/88, C18/1/89, C10/2/89, C13/2/89, C6/3/89, C7/4/89, C9/5/89, C28/6/89, C25/7/89, C27/7/89, C16/8/89, C5/9/89, C8/9/89, C2/2/89, C5/2/89.
- 159 C17/6/88.
- 160 C29/7/88.
- 161 C29/8/88.
- 162 C7/9/88.
- 163 C27/10/88.
- 164 CA27/1/71.
- 165 C12/7/84.
- 166 C8/2/85.
- 167 C17/4/85.
- 168 Vgl. bv. C13/9/83, C12/7/84, 17/8/84, C27/12/84, C30/1/85, C7/2/85, C8/2/85, C28/2/85, C11/4/85, C17/4/85, C23/4/85, C3/5/85, C14/5/85, C23/5/85, C26/6/85, C4/7/85, C18/7/85, C15/8/87, C3/9/85, C5/9/85, C11/9/85, C19/9/85, C2/10/85, C9/12/85, C1/1/86, C15/1/86, C3/2/86, C5/2/86, C13/2/86, C7/3/86, C13/3/86, C9/4/86, C22/4/86, C25/6/86, C5/8/86, C24/10/86, C9/1/87, C3/2/87, C6/7/87, C9/7/87, C26/8/87, C11/9/87, C18/1/88, C26/2/88, C27/10/88, C30/11/88, C13/2/89, C24/2/89, C30/6/89, C17/11/89, C14/2/89, C28/2/90.
- 169 C26/3/85.
- 170 C10/5/85.
- 171 CC3/10/85.
- 172 C2/6/86.
- 173 C9/7/87. Kyk ook C18/4/88, C6/3/89.
- 174 C13/12/84.
- 175 C12/3/85.
- 176 C26/3/86.
- 177 C17/5/85.
- 178 C5/3/86.
- 179 C18/4/86.
- 180 C14/9/87.
- 181 C25/4/88. Kyk ook C21/6/88.
- 182 C9/7/87, C22/3/88, C12/1/89, C29/11/88.
- 183 C6/3/89, C13/9/89, C15/2/90.
- 184 C27/5/85.
- 185 C16/8/85.
- 186 C19/9/85.
- 187 C2/10/85.
- 188 C3/1/85.
- 189 C14/1/86.
- 190 Kyk C4/2/86.
- 191 C4/2/86.
- 192 C14/9/87.
- 193 C30/6/89.
- 194 C13/8/85.
- 195 C14/8/85.
- 196 C16/8/85.
- 197 C27/9/85.
- 198 C3/9/85.
- 199 C10/4/86.
- 200 C7/1/88.
- 201 Bv. C14/8/85, C3/9/85, C11/9/85, C27/9/85, C14/1/86, C11/2/86, C31/3/86, C30/4/86, C9/2/87, C5/3/87, C5/5/87, C7/5/87, C20/5/87, C28/8/87, C16/9/87, C21/9/87, C25/4/88, C21/6/88, C30/6/89, C6/10/89, C12/10/89, C13/10/89, C19/10/89, C29/1/90.

-
- 202 Kyk bv. C8/3/84, C31/5/84, C17/12/84, C21/5/85, C13/8/86, C6/10/86, C13/10/86, C5/1/87,
C19/2/87, C11/5/87, C14/5/87, C18/5/87, C19/5/87, C17/8/87, C19/11/87, C10/3/88, C14/3/88,
C13/9/89, C5/10/89, C12/10/89, C11/1/90, C26/2/90.
- 203 C6/11/89.
- 204 C9/1/85; C14/1/85; C5/2/85; C11/3/85; C4/12/85; C4/4/86; C7/4/86 C14/4/86; C6/5/86;
C11/12/86; C19/6/87; C22/1/88; C25/3/88; C13/5/88; C24/5/88; C28/7/88; C15/8/88; C15/9/88;
C20/1/89; C2/3/89; C5/6/89; C1/8/89.
- 205 C9/2/87.
- 206 C7/9/87. Kyk ook C20/5/88 en C26/10/88.
- 207 C31/5/88.
- 208 C6/1/88.
- 209 C10/10/84.
- 210 C25/10/84.
- 211 C24/10/84, C25/10/84.
- 212 C30/10/84.
- 213 C20/11/84.
- 214 C29/3/85, C2/4/85, C3/4/85.
- 215 C22/7/85.
- 216 C23/7/85
- 217 C5/8/85.
- 218 C5/11/85.
- 219 C5/11/85.
- 220 C5/11/85.
- 221 C7/11/85.
- 222 C1/1/86.
- 223 C26/3/86.
- 224 C12/5/86.
- 225 C15/5/86, C9/6/86, C12/6/86.
- 226 C13/6/86.
- 227 Vgl. bv. C11/6/87, C26/2/88, C23/5/89, C12/6/89, C24/10/89.
- 228 Kyk bv. C5/2/87, C16/6/87.
- 229 C25/3/87.
- 230 C7/5/87, C8/5/87, C11/5/87.
- 231 C26/2/88.
- 232 C24/10/89.
- 233 Vgl. bv. C5/1/89, C23/5/89, C12/6/89, C10/8/89, C8/9/89, C11/10/89, C24/10/89, C8/11/89,
C24/11/89, C30/11/89, C18/12/89, C15/2/90.
- 234 C30/11/89.

VYF

Die SAUK en die marginalisering van buiteparlementêre verset

In Hoofstuk 2 is Hallin (1986) se model van die drie sfere gebruik om verskille tussen subtile beïnvloeding aan die een kant, en openlike of blatante oorreding aan die ander kant, aan te toon. In die sfeer van houdbare kritiek word 'n bepaalde hegemoniese orde bevorder deur joernalistieke roetines en praktyke wat oënskynlik aan waardes soos balans, neutraliteit, onsydigheid en onpartydigheid voldoen. Die sfeer van konsensus en deviansie is meer op die punt af. In Hoofstuk 4 is aangetoon hoe die SAUK in sy redaksionele kommentaar ondubbelsinnig die hegemoniese orde gesteun het. Die Korporasie se fokus op groepsregte en konsensuspolitiek pas dus in Hallin se konsensussefeer waar 'n medium doelbewus en onverbloemd konsensuele waardes in belang van die heersende hegemoniese orde probeer bevorder. Fuchs (1988b) en Meyer (1984) se standpuntinname jeens die SAUK en apartheid, asook Eksteen (bv. 1984g) se verbintenis van die Korporasie tot konsensuspolitiek, kan as voorbeelde in hierdie verband geneem word (kyk Hoofstuk 3).

Hierdie hoofstuk fokus op die SAUK en die sfeer van deviansie. Dit kan ook die terrein van delegitimisering of marginalisering genoem word. In Hoofstuk 2 is verskeie navorsers se werk in hierdie verband bespreek, bv. Gitlin (1980), Shoemaker (1982a, 1982b, 1984), Posel (1990), Goldman en Rajagopal (1991), en Reese en Buckalew (1995). Hoewel hulle onderling verskil ten opsigte van metodologie en klassifikasiesisteme, is daar nietemin 'n gemeenskaplikheid in hulle werk. Dit is die marginalisering van teenhegemonie. Aan die een kant is daar die bestaande orde wat verwoord word met konsepte soos Staat, regering, hoofstroompolitiek, en parlementêre stelsel. Aan die ander kant is groepe wat deel van die randpolitiek gemaak word - die radikales, rewolusionêres, aktiviste, en buiteparlementêre garde. Genoemde navorsers het elkeen 'n eiesoortige benadering gevolg om aan te toon hoe die media die sentraliteit van die bestaande orde en die marginaliteit van teenhegemonie

bevorder het. Hierdie studie is nog 'n variasie op hierdie tema en in 2.2.3.2.2 is die klassifikasiesisteen ten opsigte van die marginalisering van buiteparlementêre verset teen die driekamerparlement uiteengesit.

Hoofstuk 5 fokus op die sesde spesifieke navorsingsvraag, naamlik: het die SAUK in sy redaksionele kommentaar buiteparlementêre groepe gedelegitimiseer, en indien wel, op watter wyse het hy dit gedoen? In 2.1 is dit ook gestel dat die bedinging van hegemonie nie alleen die werwing van instemming vir 'n bepaalde orde behels nie, maar dat daar ook met teenhegemoniese magte gehandel moet word. Een manier is om sulke magte te marginaliseer, dit wil sê as randgroepe sonder legitimititeit voor te stel. Derhalwe is die teoretiese uitgangspunt van hierdie hoofstuk dat die SAUK in sy redaksionele kommentaar gepoog het om buiteparlementêre groepe te delegitimiseer deur hulle te marginaliseer (vgl. 1.2). Op grond hiervan is 'n spesifieke doelstelling gestel, naamlik om marginaliseringstegnieke in die SAUK se redaksionele tekste bloot te lê. Die werkswyse asook die betekenis van konsepte waarmee in hierdie hoofstuk gewerk word, is in 2.2.3.2.2 verduidelik.

Dit is ook in 2.2.3.2 gemotiveer waarom kategorisering primêr om wyses van marginalisering en nie om buiteparlementêre groepe wentel nie. Wat die SAUK se hantering van buiteparlementêre verset betref, was die ANC in die meerderheid kategorieë die oorheersende tema. Daar word nietemin in die volgende bespreking van die breë marginaliseringskategorieë (steun, leierskap, stoombaan, evaluasie en prestasie) ook gefokus op die SAUK se hantering van die volle buiteparlementêre spektrum.

5.1 MARGINALISERING EN STEUN

Dit spreek vanself dat steun (vgl. 2.2.3.2.2.1) 'n belangrike aanwyser van sentraliteit en marginaliteit, of van legitimititeit en illegitimititeit, is. Instemming is sentraal in Gramsci se konsep van hegemonie, en Beetham (1991) meen dat legitimititeit afhang van wetlike geldigheid, gedeelde waardes en verklaarde instemming. Instemming vir die konstitusionele bedeling van die tagtigerjare het onder die meerderheid Suid-Afrikaners ontbreek, en volgens skrywers soos Greenberg (1987), Kotzé en Lourens (1988), en Slabbert (1989) het dit aan die wortel van toenemende legitimeitskrisisse in hierdie dekade gelê. Waar populêre instemming ontbreek, is die bestaande orde op

dwang en onderdrukking aangewese om sy hegemonie in stand te hou. Soos vroeër aangetoon, het die WHAM-strategie onderdrukking met oorreding gekombineer.

Die SAUK het in sy redaksionele kommentaar die indruk probeer wek dat voldoende steun vir die Regering se inisiatiewe onder alle Suid-Afrikaners bestaan. Die Korporasie het steun vir die bestaande orde en gebrek aan steun vir buiteparlementêre groepe aan die hand van bepaalde aanwysers of maatstawwe van steun voorgestel, terwyl hy die gebrek aan openlike manifestering daarvan aan intimidasie en misleiding toegeskryf het. Verder is buiteparlementêre groepe se steun afgemaak deur verset en onrus as natuurlike uitvloeisels van hervorming en verandering voor te hou, asook deur die onafhanklikheid en kohesie van hierdie groepe onder verdenking te plaas.

5.1.2 Maatstawwe van steun

Wat die fokusareas van steun in *Comment* betref, kan onderskei word tussen waardes, beleidsrigtings, politieke praktyke, en instellings waarvoor daar na die mening van die Korporasie omvangryke steun bestaan het, of waarvoor daar 'n gebrek aan steun was. Die SAUK het nie getwyfel dat die meerderheid Suid-Afrikaners ten gunste van die volgende waardes en praktyke was nie: konstruktiewe deelname aan die nuwe konstitusionele bedeling, evolusionêre verandering, 'n veilige en regverdigte orde, 'n politieke bedeling daargestel deur onderhandeling, die uitsluiting van die ANC as onderhandelingsvennoot, hervorming, magsdeling, volle deelname vir almal aan die politieke besluitnemingsprosesse, nasionale versoening, Christelike en beskaafde waardes, die soeke na gemeenskaplike gronde, en verskansing van gedifferensieerdheid.¹

Politieke hervormings soos die 1983-Grondwet en driekamerparlement het volgens *Comment* die meerderheidsteun onder blankes, kleurlinge en Indiërs geniet, terwyl die SAUK ook die omvang van steun vir die konstitusionele forum, die landwyse munisipale verkiesings in Oktober 1988, afskaffing van apartheidswette, en veranderende houdings jeens die Groepsgebiedewet beklemtoon het.²

Gegewe spesifieke omstandighede en gebeure, het *Comment* ook steun vir groepe of instellings wat die bestaande orde gedien het, in 'n positiewe lig gestel. Derhalwe is die indruk gewek dat die meerderheid Suid-Afrikaners byvoorbeeld die veiligheidsmagte ten tye van onrus en veiligheidsoptrede steun.³ Om die dooie punt in

wit-swart-onderhandelings te onderspeel, is die getalsterkte van die gematigde spektrum beklemtoon,⁴ terwyl die ledetal van Inkatha en die grootte van die Zoeloe-nasie gebruik is om die SAUK se standpunt oor Suid-Afrika as 'n land sonder 'n enkele oorheersende groep te onderskraag.⁵ Laasgenoemde argument was veral gemik teen diegene wat die ANC as die grootste of mees verteenwoordigende politieke beweging beskou het (vgl. bv. Kotzé, 1990).

'n Oënskynde anomalie is die min steun wat die Korporasie in sommige gevalle aan konsepte eie aan die hegemoniese orde toegeken het. Terwyl *Comment* aan die een kant gemeen het dat daar universele erkenning vir etnisiteit as 'n politieke mag onder Suid-Afrikaners was,⁶ het hy nietemin gemeld dat daar 'n negatiewe persepsie onder swartes oor hierdie konsep bestaan het.⁷ Dieselfde geld vir die verskansing van groepsregte in 'n konstitusionele bedeling; terwyl die Korporasie steun vir die verskansing van gedifferensieerdheid beklemtoon het,⁸ het hy ook gemeld dat swartes oorweldigend teen die verskansing daarvan in 'n grondwet gekant was.⁹ Die konteks van albei gevalle is nietemin dieselfde, naamlik skulderkenning of belydenis wat in 4.2.2.2 behandel is. Dit moet verder in ag geneem word dat hierdie oordele gemaak is toe die onderhandelingsproses om swart politieke regte vasgeval het, en strategieë gevind moes word om gematigde swart leiers (vgl. 4.2.2.1) te oorreed om deel te neem. In die bedinging van hegemonie moet toegewings gemaak word, en die erkenning van skuld of kritiek op die hegemoniese orde vorm deel van wat Gitlin (1980) die hegemoniese raam noem (vgl. 2.1.2). Die erkenning dat swartes probleme met die beklemtoning van etnisiteit en groepsregte het, het nie die SAUK se konsepsie van die belangrikheid van hierdie konsepte aangetas nie. Dit was eerder 'n geval van verkeerde persepsies onder swartes wat reggestel moes word.

Veranderende politieke omstandighede het ook die SAUK se hantering van steun beïnvloed. Na die De Klerk-oorname het die Korporasie aan die einde van 1989 sy standpunt oor die ANC as onderhandelingsvennoot verander. Waar die meerderheid Suid-Afrikaners volgens die Korporasie voorheen die ANC vanweë sy houding oor geweld uitgesluit wou hê, het *Comment* nou die idee van die ANC as 'n algemeen aanvaarbare deelnemer aan die onderhandelingsproses verkondig.¹⁰ Nog 'n voorbeeld is die kwessie van steun vir 'n onderhandelde konstitusionele bedeling in plaas van rewolusionêre magsoorname. Terwyl die SAUK deurlopend hierdie tema beklemtoon

het, het sy herhaling hiervan met rasse skrede toegeneem nadat De Klerk eers as NP-leier en later as Staatshoof op die voorgrond getree het. Vanaf die einde van Junie 1989 tot begin Maart 1990, was *Comment* se beklemtoning van die meerderheid Suid-Afrikaners se steun vir onderhandeling, dubbeld soveel as in die periode 1983-1988.¹¹ Hierdie verandering moet gesien word in die konteks van wat die SAUK as die gemaklike en ontspanne styl van De Klerk en die gunstige klimaat vir onderhandeling gesien het (kyk 4.2.2.2).

Teenoor die beklemtoning van hoe baie ten gunste van bepaalde waardes, beleidsrigtings en instellings was, het die SAUK buiteparlementêre groepe gemarginaliseer deur hulle steun as gering voor te stel. Die primêre fokus was die ANC wat in die estimasie van die SAUK eers min steun geniet het,¹² maar na die einde van die tagtigerjare wel *een* van verskeie groepe met 'n verteenwoordigende magsbasis geword het.¹³ Ander groepe met min steun was volgens *Comment* die SARK, vakbonde, die UDF, en versamelings soos ekstremiste, radikales en rewolusionêres.¹⁴ Konfrontasiepolitiek, die onregeerbaarheidstrategie, geweld as 'n opsie vir verandering, terreur, die bevrydingsteologie, sanksies en disinvestering, een-mens-een-stem in 'n unitêre staat, en die Westminsterstelsel was volgens die SAUK deur die meerderheid Suid-Afrikaners verwerp. Dieselfde geld vir onrus by skole en onluste in swart woonbuurte wat deur 'n minderheid aangestook was, aldus die SAUK.¹⁵

'n Persoon wie se steun in die besonder deur die SAUK onder verdenking geplaas is, was aartsbiskop Tutu. Dit was veral sy politieke uitsprake (kyk 5.2.3.1) en beroepe om sanksies en disinvestering wat die SAUK as minderheidsienings bestempel het.¹⁶ Die getalsposisie van die Anglikaanse Kerk in die algemeen, en Tutu se steun onder sy eie lidmate in hierdie kerk, is ook deur *Comment* negatief getakseer.¹⁷

Die aard en omvang van steun vir die hegemoniese orde, asook vir buiteparlementêre groepe, is op verskeie wyses deur die SAUK uitgedruk. Meningsopnames was 'n manier wat die SAUK gereeld gedurende die hele studieperiode gebruik het.¹⁸ Aan meningsopnames wat getoon het dat die meerderheid swartes teen sanksies en disinvestering was, en dat hulle in 'n vreedsame oplossing van geskille en in 'n onderhandelde skikking geglo het, het die SAUK kwaliteite van wydverspreidheid, gesaghebbendheid, gerespekteerdheid, en akkuraatheid toegeken. Sulke waardes is gekoppel aan navorsingsinstansies soos die RGN wat volgens die

SAUK "has built a high reputation for the accuracy",¹⁹ en Gallup wat in 1989 saam met Markinor 'n meningsopname oor sanksies en disinvestering onder Suid-Afrikaners gedoen het (RRS, 1988/89:473). Die SAUK het beklemtoon dat Gallup se opnames internasionaal gerespekteer word, en dat die Markinor-Gallup-opname waarskynlik die mees diepsnydende opname tot nog toe was.²⁰ Aan die ander kant het die SAUK meningsopnames wat negatief op die Suid-Afrikaanse situasie gereflekteer het (vgl. bv. Hoile, 1988:54), afgespeel teen wat die Korporasie die "mees gerespekteerde navorsingsinstansies in Suid-Afrika" genoem het.²¹

Die gebruik van kwantitatiewe maatstawwe om steun uit te druk moet in samehang met meningsopnames gesien word. Drie meningsopnames wat deur *Comment* bespreek is, word ter illustrasie gebruik. Die eerste is 'n opname van Lawrence Schlemmer van die Sentrum vir Toegepaste Sosiale Wetenskappe aan die Universiteit van Natal in 1984. Sy opname het onder meer bevind dat 75 persent swartes teen disinvestering gekant was (kyk Hoile, 1988:53-55).²² 'n Opname deur die RGN oor swart menings in 1986 (vgl. De Kock *et al.*, 1986) het benewens ander bevindings getoon dat twee-derdes onderhandeling steun en dat 75 persent swartes politieke moorde op amptenare, polisie en raadslede veroordeel.²³ Die Gallup-Markinor-opname (RRS, 1988/89:473) se bevinding dat 89 persent Suid-Afrikaners teen sanksies en disinvestering gekant was, het prominente aandag in *Comment* gekry.²⁴

Daar is ook buite die raamwerk van meningsopnames van kwantitatiewe steunaanwysers gebruik gemaak.²⁵ Die steun van anti-apartheidskerke,²⁶ die omvang van onrus,²⁷ die magsbasis van swart groepe buite die buiteparlementêre beweging,²⁸ en blankes se steun vir die NP²⁹ kan as voorbeelde gebruik word.

Die SAUK se taksering van kerke se steun moet veral gesien word in die lig van verskeie kritiese kerke se beroep op sanksies en disinvestering gedurende die tagtigerjare (RRS, 1984:317; 1985:575; 1986:318). Wat kwantitatiewe aanwysers betref, illustreer die volgende voorbeelde hoe die SAUK die steunbasis van sulke kerke gemarginaliseer het: die bedanking van "2,5 miljoen" swart lidmate van die African Independent Churches (AIC) uit die SARK;³⁰ net "1,2 persent" van die SARK se fondse kom van sy lede - die res kom uit die buiteland;³¹ lede van die Zionist Christian Church (ZCC) is te vind in "elke derde" huishouding van elke swart residensiële area;³²

minder as “5 persent” van swart bevolking behoort “volgens sensusgegevens” aan Tutu se Anglikaanse Kerk;³³ en “meer as twee-derdes” van die Anglikaanse Kerk se swart lidmate repudieer Tutu se oproep om sanksies.³⁴

Kwantitatiewe uitdrukking van steun oor die omvang van en deelname aan onrus was meer problematies vir die SAUK omdat hy enersyds die indruk van beperktheid moes wek, maar andersyds dit nie so beperk moes aanbied dat sy rasionalisering van veiligheidsoptrede daaronder sou ly nie (sien 5.5.1). Met betrekking tot die destydse onrus in skole het die Korporasie nietemin van die beperktheid daarvan gewag gemaak, byvoorbeeld: “skaars 'n dosyn uit 7000 swart skole” word deur die onrus geaffekteer;³⁵ “30 000 kinders uit 1,7 miljoen” neem aan skoleboikot deel en die boikot is “net tot die PWV beperk”;³⁶ en “1,8 miljoen swart kinders” gaan in die begin van 1987 skool toe.³⁷ Na die afkondiging van die eerste noodtoestand in Julie 1985 het die SAUK wal gegooi teen die persepsie dat 'n rewolusie besig was om plaas te vind. Volgens *Comment* sou dit “absurd” wees om van 'n rewolusie te praat as die noodtoestand slegs vir “een-sewende” van Suid-Afrika se landdrosdistrikte gegeld het.³⁸

Inkatha en die Zoeloes se getalsterkte het moontlikhede vir die SAUK geskep om hierdie groepe op 'n kwantitatiewe wyse teenoor veral die ANC af te speel. Voorbeelde hiervan is klem op Inkatha se “bykans een miljoen lede” wat lidmaatskapgeld betaal het,³⁹ en die “6 miljoen Zoeloes as die grootste nasionale groep” met sy “onbetwiste en hoogs gewilde” koning Goodwill Zwelithini.⁴⁰ Met regstreekse verwysing na die ANC se onderhandelingsposisie en die deelname van ander swart groepe, het die SAUK teen die einde van 1989 gewaarsku dat dit verspot (“fatuous”) sou wees om te verwag dat groepe soos die Zoeloes wat “miljoene swartes” verteenwoordig “rustig” hulle uitsluiting uit die onderhandelingsproses sou aanvaar.⁴¹

'n Goeie voorbeeld van die SAUK se gebruik van kwantitatiewe aanwysers om steun uit te druk, was die landwye munisipale verkiesings in 1988. Syfers oor nominasies onder swartes, registrasie van swart stemgeregtigdes, en die aantal mense wat gestem het, het ter ondersteuning gedien van die Korporasie se redaksionele standpunt dat dit die “grootste oefening nog in voetsoolvlakdemokrasie” was.⁴² 'n

Interessante vertolking van minder gunstige statistieke is ook in die SAUK se hantering van die verkiesingsuitslae in swart woonbuurte met lae stempersentasies te vind:

In Black communities, which were most pressurized by radical activities, at least one in every three voters cast his or her ballot.⁴³

Een uit drie klink veel beter as 33 persent of 'n derde. 'n Soortgelyke vertolking is gedoen ten opsigte van veld wat regse partye in die 1989-verkiesing vir blankes gewen het. In hierdie geval het die SAUK die stemme van die NP en Demokratiese Party (DP) saam onder die sambreel van hervormingsgesindes gevoeg en dit afgespeel teen die steun van regse partye. *Comment* se vertolking van die uitslag was dus soos volg: vir elke drie stemme vir die regse partye, het sewe gestem vir partye wat ten gunste van hervorming in verskeie grade en op verskeie vlakke was.⁴⁴

Minder spesifiek as kwantitatiewe aanwysers, maar in baie gevalle meer omvattende aanduidings van steun, was die SAUK se gebruik van konsepte om algeheelheid te veronderstel, byvoorbeeld: evolusionêre verandering word oor die algemeen verwelkom,⁴⁵ terreur word universeel verdoem,⁴⁶ die bevrydingsteologie word wyd gekritiseer,⁴⁷ geweldspoliteik word regoor die land verwerp,⁴⁸ daar is algemene ooreenstemming oor 'n onderhandelde bedeling met volle deelname vir almal,⁴⁹ en die gees in die land *in sy geheel* is om verskille te oorbrug.⁵⁰

Die gebruik van 'n begrip soos *alle*⁵¹ het die idee van inklusiwiteit en omvattende steun versterk, byvoorbeeld *alle* demokratiesgesinde groepe stem saam oor vreedsame hervorming,⁵² vir *alle* redelike mense is die ANC se gewelddopsie en eis om magsoorgawe onaanvaarbaar,⁵³ *alle* Suid-Afrikaners begeer 'n samelewing sonder groepsdominasie en respek vir menseregte,⁵⁴ onder demokratiese Suid-Afrikaners van *alle* groepe is daar ooreenstemming oor magsdeling,⁵⁵ en kritiek op diensplig het betrekking op *alle* Suid-Afrikaners wat 'n veilige en regverdige orde wil hê.⁵⁶

Sonder *alle* het die gebruik van *Suid-Afrikaners*⁵⁷ as 'n losstaande konsep ook “eenparigheid” veronderstel. Die volgende voorbeelde illustreer hierdie gebruik: *Suid-Afrikaners* gaan nie toelaat dat die land een van die mislukte eksperimente van die Westminsterstelsel en Marxistiese idealiste word nie;⁵⁸ *Suid-Afrikaners* weet maar te goed dat die ANC is ‘n organisasie wat 'n strategie van blindelingse geweld teen burgerlikes toepas;⁵⁹ *Suid-Afrikaners* het dit duidelik gemaak dat hulle bewus is dat die

land onverbiddelik op pad na groter konstitusionele hervormings is;⁶⁰ *Suid-Afrikaners* staan saam in hulle verwerping van terreur en rewolusie;⁶¹ en, *Suid-Afrikaners* is verbind tot die oplossing van politieke geskille deur onderhandeling.⁶²

Nog 'n aanduiding van algehele steun is *Comment* se gebruik van *konsensus*, byvoorbeeld: daar bestaan 'n breë konsensus oor die nuwe konstitusionele bedeling, die ontoepaslikheid van die Westminsterstelsel, oor die fundamentaliteit van hervormings, vrye onderneming, die verskansing van westerse individuele regte, die irrelevansie van ANC-geweld, en die noodsaaklikheid van vreedsame hervormings.⁶³

In aansluiting by konsensus het die gebruik van woorde soos *geen* en *verenig*, asook *openbare mening* die indruk van eensgesindheid versterk. Ter verdediging van veiligheidsmaatreëls sou *geen* rasionale en patriotiese Suid-Afrikaner volgens *Comment* stabiliteit as hoogste prioriteit ontken nie, terwyl *geen* land gewildheid bo interne veiligheid sou verkies nie.⁶⁴ Na die mening van die SAUK was Suid-Afrika ook *verenig* in sy verwerping van terreur, terwyl die Suid-Afrikaanse volk op grond van hulle waardes en doelstellings *verenig* was in die stryd teen diegene wat hulle wil met geweld wou afdwing.⁶⁵ Die Suid-Afrikaanse *openbare mening* het die gematigde politieke standpunt ondersteun,⁶⁶ terwyl bepaalde buiteparlementêre groepe vanweë hulle taktiek lig moes loop vir 'n georganiseerde teenreaksie onder swartes, anders, het die SAUK gemeen, sou hulle nie die *openbare mening* lei nie, maar daardeur gelei word.⁶⁷

Maatstawwe wat die SAUK gebruik het om die omvang van steun vir die hegemoniese en teenhegemoniese ordes te beoordeel, was oorwegend ordinaal van aard. Met ander woorde, steun vir die waardes, strategieë en instellings van albei het in uitdrukkings soos min en baie, minder en meer, en groter of kleiner gelê.⁶⁸ Steun vir die ANC was dus *minder*⁶⁹ as steun vir die Regering se hervormingsinisiatiewe;⁷⁰ gematigdes⁷¹ was in die *meerderheid* en radikales⁷² in die *minderheid*; die *meeste* swartes het nie sanksies en disinvestering gesteun nie;⁷³ die Anglikaanse Kerk van Tutu is nie die *grootste* kerk in Suid-Afrika nie;⁷⁴ en 'n *klein* skare het 'n byeenkoms van vrygelate ANC-lede bygewoon.⁷⁵ Hierdie is enkele uit baie voorbeelde van hoe *Comment* ordinale indikatore van steun gebruik het.

Naas die intimidasiefaktor (sien 5.1.2) het die kombinasie van ordinale indikatore met begrippe soos *luidrugtige* en *stille* die gebrek aan eksplisiete of verklaarde steun onder swartes gerasionaliseer, byvoorbeeld: die *luidrugtige* minderheid is teen verkiesings vir kleurlinge en Indiërs;⁷⁶ die *stille* meerderheid se eerste belang was nog altyd dat hulle kinders onderwys moet kry;⁷⁷ die groot meerderheid swartes is gematig maar hulle is *stil* vanweë intimidasie;⁷⁸ en, 1,8 miljoen kinders gaan terug skool toe omdat die *stille* meerderheid swartes moeg vir geweld geraak het.⁷⁹

Om die mate van steun of die gebrek daaraan te laai, het *Comment* bekragtigers soos *oorweldigende*, *oorgrote*, *massa*, en *massiewe* gebruik. Die gebruik van *oorweldigende*⁸⁰ ("overwhelming") het byvoorbeeld gegeld vir: steun onder kleurlinge en Indiërs vir die nuwe konstitusionele bedeling;⁸¹ die meerderheid swartes wat disinvestering verwerp het;⁸² die meerderheid swart leerlinge wat onderwys wou hê;⁸³ die meerderheid Suid-Afrikaners wat veiligheidsmaatreëls in swart woonbuurte ondersteun;⁸⁴ die oorwinning van die NP in 1987;⁸⁵ die meerderheid wetsgehoorsame Suid-Afrikaners;⁸⁶ stemming in die land vir onderhandeling na De Klerk se oorname;⁸⁷ en, die behoefte aan die einde van "destruktiwe" geweld wat die ANC nie besef het nie.⁸⁸

*Oorgrote*⁸⁹ ("vast") is in kombinasie met *meerderheid* in die volgende situasies gebruik: selfaangestelde leiers in die buiteparlementêre beweging wat nie die *oorgrote* meerderheid Suid-Afrikaners verteenwoordig nie;⁹⁰ die demokratiese proses wat vir die *oorgrote* meerderheid Suid-Afrikaners die enigste vorm van politieke optrede is;⁹¹ wetlike en veiligheidsinstellings wat deur die *oorgrote* meerderheid Suid-Afrikaners ondersteun word;⁹² die skraping van intimiteitswette (die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike en artikel 16 van die Ontugwet) wat nie deur die *oorgrote* meerderheid opgemerk sal word nie;⁹³ 'n onderhandelde toekoms (in teenstelling met geweld en rewolusie) wat deur die *oorgrote* meerderheid blankes en swartes gesteun word;⁹⁴ die ideale van die *oorgrote* meerderheid Suid-Afrikaners wat onderwerp word aan politieke oproer, wydverspreide intimidasie, moorde en verwoesting van eiendom;⁹⁵ en die menseslagting deur Barend Strydom in November 1988 (vgl. Ries & Dommissie, 1990:25) wat nie vir die *oorgrote* meerderheid Suid-Afrikaners wat erns met die handhawing van 'n beskaafde lewenswyse het, aanvaarbaar is nie.⁹⁶

'n Belangrike bekragtiger van min of baie steun is *massa* en *massiewe*.⁹⁷ In *Comment* se gebruik hiervan was die *massa* swygzaam,⁹⁸ gekant teen disinvestering,⁹⁹ ten gunste van hervorming en onderhandeling,¹⁰⁰ vir 'n konstitusionele forum,¹⁰¹ beangs oor die aanslag van die radikales,¹⁰² en teen die intimiderende taktieke van stakende vakbonde.¹⁰³ Verder skryf die rubriek van *massiewe* steun vir die 1983-Grondwet¹⁰⁴ en die Zionist Christian Church (ZCC),¹⁰⁵ maar van 'n gebrek aan *massasteun* vir die ANC,¹⁰⁶ terwyl Tutu se beroepe op sanksies en disinvestering nie rekening hou met die massas wat daaronder sou ly nie.¹⁰⁷ *Comment* se aanwending van die konsep *voetsoolvlak* ("grassroots") moet ook binne die konteks van massa gesien word, byvoorbeeld: die munisipale verkiesings van Oktober 1988 was die grootste oefening in *voetsoolvlak*demokrasie in die land se geskiedenis,¹⁰⁸ en die massa gewone mense steun nie die ANC se gewelddadige metodes nie, wat gedemonstreer word deur die woede op *voetsoolvlak* teen die aktiwiteite van Winnie Mandela se MUFC:

"This reaction, it would seem, reflects the grassroots disgust - indeed, the anger - in Black communities at the years of violence unleashed by revolutionaries."¹⁰⁹

Steun vir aspekte rakende die hegemoniese orde en die gebrek daaraan ten opsigte van teenhegemoniese magte is ook deur die SAUK in *stygende* en *dalende* terme aangebied.¹¹⁰ So byvoorbeeld het geloof in onderhandeling,¹¹¹ optimisme oor die toekoms,¹¹² steun vir onderhandelde hervorming,¹¹³ bewustheid vir die beskerming van etniese groepe,¹¹⁴ ontnugtering oor ontwigting in die onderwys,¹¹⁵ vervreemding van die SARK,¹¹⁶ die ANC se ongemak oor evolusionêre hervorming,¹¹⁷ bereidwilligheid onder swartes om veiligheidsmagte te help,¹¹⁸ steun vir onderhandelings na die ontmoeting tussen Botha en Mandela,¹¹⁹ en die stemming vir nasionale versoening met die aanvang van die De Klerk-era volgens die SAUK gegroei of toegeneem.¹²⁰ Maar Tutu se beroepe op sanksies¹²¹ en radikales (waaronder die ANC) se weiering om te onderhandel in die onmiddellike post-Botha-era, het aldus *Comment* bygedra tot toenemende vervreemding en isolasie van kerklike en radikale leiers.¹²²

Comment se aanwending van begrippe soos *mandaat* en *verteenwoordigend* het ook die omvang van steun geïmpliseer. Wat *mandaat*¹²³ betref, het die uitslag van die referendum onder blankes in November 1983 'n *mandaat* vir hervorming beteken.¹²⁴ Volgens die SAUK het leiers van militante vakbonde ook nooit 'n *mandaat* van hulle lede gehad om 'n politieke veldtog te voer nie.¹²⁵ Die gebruik van hierdie term deur

Comment is nietemin meesal rondom die NP se verkiesingsoorwinnings in 1987 en 1989 om hierdie party se meerderheid teenoor die regse groepe te beklemtoon.¹²⁶

Die term *verteenwoordigend*¹²⁷ is gebruik om die indruk te wek dat groepe binne die buiteparlementêre spektrum beperkte steun geniet het. Die SAUK se teiken was hoofsaaklik die ANC, en daar is 'n opmerklieke verskil in die Korporasie se taksering van die ANC se verteenwoordigendheid voor en na die De Klerk-era. Vir die grootste deel van die tagtigerjare was dié organisasie se gewapende stryd nie *verteenwoordigend* van die politieke metode wat swartes verkies het nie,¹²⁸ en *Comment* het aansprake dat die ANC swartes se demokratiese aspirasies *verteenwoordig*, betwis.¹²⁹ In sterker terme het die SAUK die idee van die ANC as 'n legitieme en breë *verteenwoordigende* politieke party as 'n “mite” bestempel,¹³⁰ terwyl die Korporasie die Regering se diplomatieke inisiatiewe in Suid-Afrika¹³¹ asook gebeure wat vir die ANC 'n verleentheid was (bv. Winnie Mandela en die MUFC se optrede), gebruik het om dié organisasie as nie *verteenwoordigend* nie, voor te stel. Na aanleiding van reaksie in swart gelede op die doen en late van die MUFC (sien 5.4.1.3), het *Comment* hom byvoorbeeld soos volg uitgelaat:

For the ANC, in particular, its belated recognition of grassroots sentiment demonstrates once again just how unrepresentative it has been of public opinion within SA.¹³²

Die SAUK het met die dekadewending die ANC as 'n *verteenwoordigende* groep erken, maar die klem is besonder sterk op die ANC as een van verskeie *verteenwoordigende* groepe geplaas.¹³³ Met die vrylating van Mandela in Februarie 1990 het *Comment* byvoorbeeld gevra of die gaping tussen die ANC en die meer radikale organisasies vernou het oor gestruktureerde onderhandelings tussen alle *verteenwoordigende* politieke partye.¹³⁴ Dit was nietemin van meet af aan die SAUK se uitgangspunt dat Suid-Afrika uit minderhede¹³⁵ bestaan en dat nie een groep 'n volstrekte meerderheid het nie. Die aard en omvang van hierdie minderhede is beskryf met terme soos aggressiewe,¹³⁶ verskeie,¹³⁷ diverse,¹³⁸ en veelvuldige.¹³⁹ In die algemeen het die SAUK die kwessie van minderhede beklemtoon omdat dit versoenbaar en ondersteunend was ten opsigte van sy idee oor groepsregte en -selfbeskikking. In die besonder het *Comment* se nadruk op minderhede spesifiek op die ANC¹⁴⁰ gefokus omdat dit aansprake op massiewe steun vir hierdie organisasie wou

weerlê (vgl. Kotzé, 1990). Derhalwe het die SAUK selfs na De Klerk se toespraak op 2 Februarie 1990 steeds die ANC binne die konteks van een van verskeie minderhede gesien. De Klerk se toespraak, asook die ANC se erkenning van ander opposisiegroepe (vgl. Esterhuyse, 1990a), was die aanknopingspunt vir *Comment* om sy perspektief op die ANC se ondersteunersbasis te gee:

The situation after this dramatic fortnight is that there will be no revolution and no violent take-over of power in SA - and, in the longer view, no political domination of minorities by others.¹⁴¹

5.1.2 Intimidasie

Die verband tussen intimidasie en steun lê daarin dat die SAUK eersgenoemde as 'n oorsaak beskou het van lae stempersentasies in verkiesings onder kleurlinge, Indiërs en swartes, of wanneer steun vir inisiatiewe van die Regering nie gerealiseer het nie. Pogings om 'n konstitusionele forum aan die gang te kry, en swart leiers uit die gematigde politieke spektrum wat nie na vore wou kom om daaraan deel te neem nie, is 'n goeie voorbeeld in hierdie verband. Deur intimidasie hiervoor te blameer het die SAUK dus van die veronderstelling uitgegaan die steun wel bestaan, maar dat intimidasie die eksplisiete realisering daarvan in die wiele gery het.

Hierdie argument se trefkrag is verhoog deur klem op intimidasievorme en -middele¹⁴² te lê, met ander woorde hoe erger die dreigemente en dade van radikales voorgestel word, hoe groter impak het die Korporasie aan die intimidasiefaktor verleen. Intimidasie is regstreeks gekoppel aan byvoorbeeld halssnoermoorde, die doodkap van 'n raadslid en sy seuns, mense se ledemate wat afgekap word, brandstigting, petrolbomaanvalle, en die verwoesting van huise en besittings.¹⁴³

Om die mate waarin gematigde swartes geïntimideer was te illustreer, het die SAUK 'n landwye meningsopname onder swartes deur die Omnicheck-navorsingsgroep aan die einde van 1986 bespreek (vgl. *The Star*, 19 Nov. 1986).¹⁴⁴ In hierdie opname het meer as die helfte van die respondente geweier om enige vrae oor politieke sake te beantwoord, die gevolg van wat *Comment* swartes se vrees vir vergelding genoem het:

If more than half the people approached in a confidential survey are so frightened of intimidation that they choose not to speak, how much harder is it to speak out openly. When fear inhibits even private conversation, who dares to challenge

directly the cause of that fear by taking a public stand on behalf of his people. Is it any wonder that moderate Black leaders are so wary of becoming involved in open political negotiations? The intimidatory tactics of the radicals in the urban Black communities give them an influence in South African political affairs that is grossly disproportionate to their numbers. While they continue to operate unchecked, the myths about Black attitudes in South Africa will persist, and the spokesmen for the moderate majority will remain silent.¹⁴⁵

Aan die spits van intimidasie ten opsigte van 'n nuwe konstitusionele bedeling, swart onderwys, stakings en boikotte het die SAUK radikales, jeugdiges, militante vakbondlede, en oorkoepelend die ANC geïdentifiseer. Uit vrees om as 'n "sell-out" gebrandmerk te word, kon gematigde swart leiers volgens *Comment* nie na vore kom om aan die onderhandelingsproses deel te neem nie.¹⁴⁶ Aan die wortel hiervan het sistematiese viktimisasie van hierdie leiers gelê wat volgens die SAUK die "gevangenes" van die radikale elemente was. Nie alleen was hulle monde gesnoer nie, maar volgens *Comment* hulle het in "doodsvrees" verkeer om nie die radikales te antagoniseer nie:

Death by fire-bombing or tyre burning is too heavy a price to pay for publicly acknowledging the validity of reforms or taking part in constitutional discussions.¹⁴⁷

Die boodskap wat die SAUK wou tuisbring, was dat swart leiers wou onderhandel, bereid was om in onderhandelingsforums te dien, gekant was teen die politieke metodes van die ANC en ander groepe, maar dat hulle uit vrees vir hulle en hulle families se lewens nie kon durf waag om hulle sê openlik te sê nie. *Comment* se standpunt was dat terreur en intimidasie vir die ANC legitieme instrumente was, en dat diegene wat hulle aan die kant van die ANC geskaar het om die land onregeerbaar te maak, gedemonstreer het dat "there is no barbarism too degrading to be employed as their instrument in gaining the silent acquiescence of the masses."¹⁴⁸

Naas die invloed wat intimidasie op die hervormingsproses gehad het, het die SAUK ook hierdie faktor geblameer vir ander gebeure in die politieke arena, byvoorbeeld: lae stempersentasies in die swart munisipale verkiesings aan die einde van 1983;¹⁴⁹ die aantal kleurlinge en Indiërs wat in die verkiesings van 1984 gestem het;¹⁵⁰ die omvang van skole-onrus in Soweto en ander swart woonbuurte in 1984;¹⁵¹ wegbly-aksies en huurboikotte in 1986;¹⁵² die spoorweg, poskantoor-, Yskor-, en mynwerkerstaking in 1987;¹⁵³ lae stempersentasies in swart woonbuurte in die

munispale verkiesings van 1988;¹⁵⁴ en 'n landwyse staking in die vervoerdienste deur lede van die South African Railways and Harbours Workers Union (SARHWU) in 1989.¹⁵⁵

5.1.3 Misleiding

Misleiding as 'n indikator van steun in die SAUK se redaksionele kommentaar wentel om die uitgangspunt dat die slagoffers daarvan as gevolg van eksterne invloede emosioneel of irrasioneel optree.¹⁵⁶ Sonder hierdie invloede sou byvoorbeeld Suid-Afrikaners dus nie om die ontbanning van die ANC gevra het nie, sou hulle nie met hierdie organisasie in Afrika en elders gaan praat het nie, en sou swart jeugdiges nie onrus gestook het nie. Volgens *Comment* was die ANC se taktiek een van “terroriste intimidasie” waarmee hy “massaverwarring en vervreemding” wou skep,¹⁵⁷ iets wat veral swart skoolkinders ten prooi geval het.

Die SAUK het die verhouding tussen die ANC en die swart jeug gesien as een waarin eersgenoemde die jongelinge as kanonvoer, stormtroepe, intimideerders en skoktroepe gebruik het.¹⁵⁸ Oor die vatbaarheid van jeugdiges vir radikale politiek, het die SAUK die kernbevinding van Van der Walt (1984) se ondersoek na die onrus in swart woonbuurte in die Vaaldriehoek as uitgangspunt geneem, naamlik dat onderwys nie die oorspronklike oorsaak van die onluste was nie, maar dat skole en leerlinge gebruik is deur mense wat nie onderwys voorop gestel het nie. *Comment* se vertolking hiervan het op die volgende neergekom: skoolkinders se deelname aan skole-onrus was nie gegrond op rasionele wilsbesluite nie, maar die gevolg van 'n siening van hulleself as intellektuele voorhoede, kampvegters en woordvoerders van ouer swartes wat skaars funksioneel geletterd was. Hulle intellektualiteit het hulle dus vatbaar gemaak vir radikales en aktiviste wat met slagspreuke soos “liberation before education” aanklank by die jeug gevind het. Vir die SAUK het dit op uitbuiting van onvolwassenheid neergekom, en die “tragedie” volgens *Comment* was dat kinders die spreekwoordelike “lamsoffers van eksperimente in politieke aktivisme” geword het.¹⁵⁹

Deur dus op misleide onvolwassenheid te fokus, het die SAUK spontane steun onder swart leerlinge vir verset teen hulle onderwysomstandighede betwis. Kinders wat “naïef” op sleeptou deur 'n slagspreuk soos “liberation before education” en beloftes

van beter onderwys buite die grense van Suid-Afrika geneem word, kon in die oë van die SAUK dus nie as instemming of steun gereken word nie.

5.1.4 Desaturasie

Letterlik beteken desaturasie om iets te onttrek. In video beteken dit om kleur te onttrek sodat 'n kleurbeeld uiteindelik monochroom word.. Die sin waarin desaturasie in hierdie afdeling gebruik word, het ook met onttrekking te doen, naamlik die onttrekking van die lading of intensiteit van 'n gebeurtenis. Derhalwe kan desaturasie ook as deïntensifisering of ontlading bestempel word.

Desaturasie se verband met steun in die konteks van hierdie studie is geleë in die tegniek om die omvang of intensiteit van nuwe gebeurtenisse as natuurlik hoog maar van verbygaande aard voor te stel. Om die omvang van onrus en politieke geweld in Suid-Afrika van die tagtigerjare te desatureer, het die SAUK dit as neweprodukte eie aan 'n oorgangstydperk in veral swart gemeenskappe toegeskryf. Na die uitbreek van onluste in die Vaaldriehoek in September 1984 het die Korporasie in verskeie redaksionele kommentare hierdie onluste verklaar aan die hand van samelewings wat spanning en onrus ervaar omdat hulle by veranderende omstandighede moes aanpas.¹⁶⁰ Dit was nie alleen 'n geval van stygende verwagtings aan die een kant en beangste verset teen hervormings aan die ander kant nie, maar volgens die SAUK ook van te min te laat teenoor te veel te gou. Linkse en regse rolspelers is dus hier ter sprake.

Regse ekstremiste se bydrae tot spanning gedurende politieke transisie wentel volgens die SAUK om hulle vyandigheid jeens enigiets wat hulle tradisionele voorregte aantast, terwyl linkse ekstremiste immer verandering as onvoldoende beskou en onrus veroorsaak omdat evolusionêre hervorming hulle vooruitsigte vir rewolusionêre wetslae verminder.¹⁶¹ Die feit dat die SAUK van ekstremiste praat, tesame met sy uitgangspunt van onrus as 'n natuurlike verskynsel gedurende tye van politieke hervorming, dui daarop dat die Korporasie die instiguerders van politieke geweld as minderhede bestempel het (vgl. 5.3.1).

Nog 'n manier om die omvang en intensiteit van onrus te desatureer, was om dit as 'n desperate reaksie op hervorming en demokratisering uit te beeld. In hierdie verband het die SAUK onrus bestempel as 'n taktiek van radikale aktiviste wat nie ongewoon as 'n respons op politieke programme en ekonomiese vooruitgang in

verdeelde samelewings is nie.¹⁶² Gegewe die Korporasie se aanbieding van die tagtigerjare se hervormings as substansieel en fundamenteel, kon hy in sy redaksionele kommentaar die argument voer dat rewolusionêres noodwendig onrus moes “stook” omdat die politieke hervormings van die Regering die oogmerke van die ANC en ander radikale groepe verydel het. Dié argument het byvoorbeeld in *Comment* opgeduik na die onluste in die Vaaldriehoek in September 1984,¹⁶³ die Langa-voorval in Maart 1985 naby Uitenhage in die Oos-Kaap,¹⁶⁴ handgranaataanvalle op huise van twee kleurling-parlementslede in Junie 1985,¹⁶⁵ die uitbreek van geweld op die vooraand van die eerste noodtoestand in Julie 1985,¹⁶⁶ geïntensifiseerde geweld rondom die afkondiging van die landwyse noodtoestand in Junie 1986,¹⁶⁷ stakings onder poskantoor-, Yskor- en mynwerkers in Augustus 1987,¹⁶⁸ en ook die voorgesette politieke geweld in die vorm van militante massa-aksie nadat De Klerk staatshoof geword het.¹⁶⁹

Om die onrussituasie verder te desatureer, het die SAUK politieke protes en gewone kriminaliteit in die konsep "politieke kriminaliteit"¹⁷⁰ versoen. Hiermee het die skeidslyn tussen gewone krimineles wat op die rug van onluste gery het, en diegene wat politieke geweld as 'n vorm van protes gepleeg het, vervaag. Alle protes, insluitende wegbly-aksies, het deel geword van wat die Korporasie “mass criminal action” genoem het:

That the events that accompany each ostensibly political protest action are characterised chiefly by the purposeful, large-scale commission of common crimes that have little or no bearing on any political issue, cannot be overlooked. After the two-day stayaway campaign in the Transvaal not even the most devoted apologists for radical Black politics are denying that such campaigns owe a great deal of whatever success they achieve to the tactics of violent intimidation employed by their organisers. Such ventures can be launched and executed successfully only by resorting to mass criminal action.¹⁷¹

Deur politieke geweld gelyk te stel aan kriminaliteit het die SAUK nie alleen gepoog om die politieke lading van die gebeurtenisse te verminder nie, maar ook ruimte gelaat om sy oproep om strenger optrede teen die geweldenaars te motiveer: die protes was dus nie soseer 'n politieke kopseer nie, maar 'n kriminele een, en dít kon die Staat nie duld nie. Na die vrylating van Mandela in Februarie 1990 het die SAUK

hierdie argument in breë trekke herhaal, naamlik dat die heersende onrus die werk van politieke radikales was en dat misdadigers dit uitgebuit het.¹⁷²

5.1.5 Afhanklikheid

Afhanklikheid as 'n indikator van steun en van marginaliteit hou verband met die mate waarin 'n organisasie op hulp aangewese is (vgl. 2.2.3.2.2.1). Dit impliseer dus selfstandigheid en lewensvatbaarheid. In Shoemaker (1982) se studie oor die uitbeelding van deviante politieke groepe se legitimiteit in Amerikaanse media dek lewensvatbaarheid verskeie indikatore waaronder die groep se finansiële vermoëns. Wat die SAUK en buiteparlementêre groepe in die tagtigerjare betref, was buitelandse befondsing van hierdie groepe asook die Sowjet-Unie se ondersteuning van die ANC die belangrikste fokuspunkte waarmee die Korporasie die afhanklikheid van die buiteparlementêre beweging beklemtoon het.

Die verhouding wat die SAUK tussen die ANC en die Sowjet-Unie (of Oosbloklande) uitgebeeld het, was een waarin die kommunistiese supermoondheid die Suid-Afrikaanse organisasie deur finansiële en militêre steun aan die lewe gehou het omdat laasgenoemde volgens die Korporasie nie in staat was om massasteun (mense en geld) te genereer nie. *Comment* het verder gemeen dat die aard en omvang van die Sowjet-Unie se borgskap hom volkome beheer oor die ANC gegee het, en dat sy volgehoue steun gekoppel was aan die ANC se voortgesette ontwigting van die Suid-Afrikaanse politiek.¹⁷³ Namate die ANC vanweë Suider-Afrikaanse vredesinisiatiewe soos die Nkomati-verdrag en ander bilaterale ooreenkomste toenemend logistiese probleme in sy gewapende stryd ondervind het (kyk 5.5.1), het die SAUK die ANC se afhanklikheid van Moskou opnuut beklemtoon.¹⁷⁴ Met die kentering van die politiek in die Sowjet-Unie aan die einde van die tagtigerjare, en in die lig van die ANC se mislukte tweeledige strategie (kyk Lodge, 1989), het die SAUK fokus verskuif na die Kremlin se druk op die ANC om te onderhandel, asook na die westerse borge van hierdie organisasie.¹⁷⁵

Met sy konsentrasie op finansiële hulp wat buiteparlementêre groepe in Suid-Afrika uit die buiteland ontvang het, het die SAUK regstreeks die verband tussen befondsing en populêre steun aangespreek. Wat die SARK betref, kon dié instansie volgens die Korporasie konfrontasiepolitiek bedryf alleenlik omdat hy 98 persent van

sy geld uit die buiteland ontvang het.¹⁷⁶ Die verklaring van die UDF as 'n geaffekteerde organisasie in Oktober 1986 (vgl. Kotzé & Greyling, 1991) het onder meer beteken dat hy nie meer geld uit die buiteland kon ontvang nie, 'n maatreël wat die volle steun van die SAUK geniet het:

Moreover, foreign funding gives a distorted image of the popular support and influence of the political group receiving the funds. Massive funding can, for example, spawn propaganda and other activities that give a totally false impression of the strength of the organization concerned - and hence of the validity and relevance of its activities.¹⁷⁷

Die kwessie van buitelandse befondsing was 'n belangrike debatspunt tussen 1987 en 1989 toe 'n wet in die begin van Maart 1989 aangeneem is oor die openbaarmaking van buitelandse fondse (vgl. RRS, 1989/90:777). In hierdie periode het *Comment* by verskeie geleenthede die omvang van oorsese befondsing en ooreenkomstige steun aangespreek.¹⁷⁸ Na die algemene verkiesing van Mei 1987 het die SAUK die sentrum van politieke mag bespreek, en sy slotsom was dat hierdie mag nie gelê het by buiteparlementêre groepe "that have huge budgets provided by overseas do-gooders."¹⁷⁹

Hoewel die SAUK in die eerste instansie buitelandse befondsing gekritiseer het omdat hy gemeen het dat die moontlike invloed van oorsese donateurs op plaaslike organisasies inbreuk op die land se soewereiniteit gemaak het,¹⁸⁰ het die Korporasie ter ondersteuning van voorgestelde wetgewing om 'n totale verbod op buitelandse befondsing van politieke aktiwiteite te plaas, weer sy standpunt herhaal dat sulke fondse die gevaar inhou om die status en openbare steun van die ontvangers dermate te verwing dat "they will be enabled to play a political rôle that is out of proportion to their standing in the community."¹⁸¹ As voorbeeld noem *Comment* die oorsese befondsing van vakbonde wat gehelp het om 'n "verwonge beeld" van hulle steun onder die werkers te skep, asook die bevinding van Eloff-kommissie (1984) dat bykans 98 persent van die SARK se fondse uit die buiteland kom.¹⁸²

Soortgelyke argumente is herhaal met die publikasie van die wetsontwerp in November 1988, die aanvaarding van die Wet op die Openbaarmaking van Buitelandse Fondse (26/1989) in Maart 1989, en IDASA se erkenning in Mei 1989 dat hy aansienlike fondse van oorsee ontvang het waarmee hy onder meer gesprekke tussen

Suid-Afrikaners en die ANC gefinansier het.¹⁸³ Die volgende aanhaling is 'n goeie samevatting van die SAUK se standpunt oor die afhanklikheid van buitelandse fondse en ooreenkomstige binnelandse steun:

The bottom line is that some extra-Parliamentary groups that cannot attract sufficient financial support from within SA to advance their ideological causes are being inundated with money from foreign sources to influence the future political course of this country.¹⁸⁴

5.1.6 Lakeiskap

Lakeiskap is 'n variasie van afhanklikheid (vgl. 2.2.3.2.2.1), maar waar laasgenoemde meer op finansiële en ander ander hulp gefokus het, word in hierdie afdeling gekyk na ideologiese afhanklikheid en meer spesifiek na hoe die SAUK die ANC as 't ware as 'n politieke slaaf van die kommunisme voorgestel het. Die subtiële betekenis hiervan is dat diegene in Suid-Afrika wat wel die ANC steun, eintlik Moskou via die SAKP steun, en dat *min* Suid-Afrikaners erg aan die kommunisme het (vgl. Nel, 1990).

Een van die gewildste temas in *Comment* gedurende die tagtigerjare was die driehoekige verhouding tussen die ANC, SAKP en die Kremlin. In hierdie driehoek het die ANC die laagste posisie bekleed, gedomineer deur die SAKP, wie se gediensigheid aan Moskou volgens die SAUK min gelykes in die wêreld gehad het.¹⁸⁵ Na die Korporasie se mening het die ANC se gewapende stryd bitter min met die bevryding van die meerderheid swartes te doen gehad, maar veel meer met die vestiging van die Sowjet-Unie se invloed in Suider-Afrika. Die tussenganger was die SAKP, 'n organisasie met min gemanifesteerde steun, maar wat in die redaksionele standpunte van *Comment* die ANC se denke en dade beheer het. Net soos die ANC volgens die SAUK nie sy eie uitvoerende komitee kon beheer nie omdat die meeste lede SAKP's was, so het *Comment* ook meer statuur aan Joe Slovo as Oliver Tambo, onderskeidelik leiers van die SAKP en ANC, verleen.¹⁸⁶ In *Comment* is Slovo uitgebeeld as 'n KGB-kolonel wat in opdrag van die Kremlin die toutjies van die ANC-marionet moes trek. Dus om deel te word van 'n breërwordende demokrasie met populêre deelname was volgens die SAUK nie deel van die ANC-agenda nie vanweë die organisasie se beheer deur die SAKP asook sy aanhang van 'n elitistiese Sowjet-ideologie:

The SACP, recognised as the communist party in Africa most subservient to the Kremlin, now fills 19 of the 36 posts in the national executive of the ANC. Peaceful, democratic change in South Africa forms no part of Soviet plans for Southern Africa. The ANC's refusal to negotiate and its attempts to frustrate the negotiation process through terrorism and intimidation, are forced on it by its obligation to play its part in the furtherance of those plans. Both its own aims and actions and the dependent position in which it finds itself exclude it from the democratic debate on accommodating the political aspirations of all South Africans.¹⁸⁷

Let op hoe die gebruik van *demokratiese* en *alle* die indruk versterk van die ANC as 'n organisasie wat minderheidsbelange dien. Hoewel die SAUK die invloed van politieke veranderinge in die Sowjet-Unie en die Oosblok op die ANC beklemtoon het,¹⁸⁸ het die Korporasie tot met die beëindiging van redaksionele kommentaar op die Afrikaanse en Engelse radiodienste deurentyd die indruk probeer wek dat die ANC nie sy SAKP-afhanklikheid en Marxistiese naelstring kon knip nie (kyk 5.3.6).

5.1.7 Kohesie

Gitlin (1980) het in sy studie van die media se hantering van die SDS (2.1.4.1) bevind dat een manier om politieke groepe te marginaliseer is om hulle eenheid of kohesie aan te spreek. In dié verband het hy klem op en herhaling van interne verdeeldheid as 'n ramingswyse geïdentifiseer. Wanneer 'n groep dus herhaaldelik geraam word as lamgelê deur binnegevegte, wedywerende faksies, interne spanning, magsklieke, en leierskapstryd, word die verwagting geskep dat so 'n groep mettertyd sal disintegreer. 'n Groep wat daarenteen aangebied word as 'n hegte eenheid wat interne verskille vinnig en effektief oplos, se lewensvatbaarheid, voortbestaan en steun kom nie in gedrang nie. Hoewel die kohesie van 'n groep nie noodwendig 'n aanduiding van sy steun is nie, dui dit tog op die mate van gekonsolideerde en stabiele steun. Met ander woorde, interne verdeeldheid verdeel nie alleen steun nie, maar dit maak die groep in die geheel onaantreklik en riskant vir potensiële ondersteuners (vgl. 2.2.3.2.2.1).

In hierdie afdeling word gefokus op hoe die SAUK interne verdeeldheid as 'n marginaliseringsraam ten opsigte van buiteparlementêre groepe gebruik het. Daar word op drie groepe gekonsentreer, naamlik kritiese kerke, die breër binnelandse buiteparlementêre beweging, en die ANC. Om die Korporasie se marginalisering van

hierdie groepe deur middel van kontrastering in perspektief te stel, word ook gekyk na hoe *Comment* gevalle van interne verdeeldheid binne die hegemoniese orde hanteer het.

5.1.7.1 Kritiese kerke

Met die oog op die herdenking van 16 Junie het die Westelike Provinsie Raad van die SARK in Mei 1984 gevra dat Suid-Afrikaners op hierdie dag vir die val van die Regering moes bid (kyk RRS, 1985:574-575). *Comment* het die bidoproep 'n "particularly flagrant transgression" genoem en klem gelê op "a public dispute and firm rejection by spokesmen for some of its most influential member-churches." Die dispuut het betrekking gehad op kerklikes soos eerwaarde Peter Storey en aartsbiskop Philip Russell, onderskeidelik van die Metodiste en Anglikaanse kerke, wat met eerwaarde Allan Boesak oor die oproep verskil het.¹⁸⁹

Comment het aan die een kant die indruk van massiewe verdeeldheid tussen kritiese kerkleiers en hulle lidmate probeer wek. Dit het veral ten opsigte van die SARK se standpunt oor sanksies gegeld, iets waarmee die gewone en lydende swarte volgens die SAUK nie saamgestem het nie. Die Anglikaanse Kerk en sy mees uitsproke leier, Desmond Tutu, is in die besonder uitgesonder. Die Korporasie het sy luisteraars probeer oortuig dat die meerderheid gewone wit en swart Anglikane nie die kerklike se standpunte oor sanksies en ander politieke sake (vgl. bv. RRS, 1986:318) deel nie. Sy oproepe om ekonomiese strafmaatreëls teen die Suid-Afrikaanse Regering is deur *Comment* beantwoord met verwysings na meningsopnames, massabyeenkomste van Christene in Moria, Ga-Rankuwa en elders wat vir vrede en onderhandeling en teen sanksies en geweld was, en wegbreekaksies soos deur die AIC in 1980 (kyk bv. RRS, 1984:900-910).¹⁹⁰ Redaksioneel het die SAUK gemeen dat 'n geestelike soos Tutu wat sy politieke uitsprake betref, nie namens sy lidmate kon praat nie, "for it is common cause that there are deep divisions with the membership of the Anglican Church."¹⁹¹ So het die Korporasie ook Allan Boesak, Beyers Naudé en ander polities uitgesproke kerklui as "individualiste" sonder meerderheidsteun aan die verkeerde kant van die konfrontasielyn aangebied.¹⁹²

Aan die ander kant het die SAUK ook verdeeldheid probeer skep deur beroepe op gewone lidmate van die kritiese kerke te doen om hulle te distansieer van kerke en

organisasies wat met “kommuniste en terroriste” gemeenplaas het.¹⁹³ Nadat Anglikaanse biskoppe hulle steun vir Tutu in die geval van moontlike Regeringsoptrede teen hom verklaar het (kyk bv. RRS, 1987/88:230-233), wou *Comment* namens Suid-Afrikaners van alle godsdienstige oortuigings weet of die biskoppe ook Tutu se politieke uitsprake oor die ANC en sy leiersfigure (sien 5.3.4) ondersteun het:

It is in this respect that South Africans of all religious persuasions can expect an unequivocal statement from the bishops of the Anglican Church as to whether or not their loyalty and support to Archbishop Tutu extends to his politically controversial pronouncements.¹⁹⁴

5.1.7.2 Buite-parlementêre groepe (binnelands)

Verdeeldheid in die geledere van buiteparlementêre groepe buite kerklike en ANC-verband het veral na vore gekom in die SAUK se hantering van verskille tussen UDF en AZAPO wat deur die loop van 1985 soms bloedige afmetings aangeneem het (kyk Kotzé & Greyling, 1991:71). Vir die Korporasie was mislukte pogings om vrede tussen die twee groepe te herstel nie 'n verrassing nie, aangesien hy dit as 'n onvermydelike gevolg van hulle aanhang van onbeheersde geweld gesien het.¹⁹⁵ *Comment* se vertolking van die onderlinge stryd was dat dit nie net oor ideologie gegaan het nie, maar ook oor die verkryging van mag in 'n verdeelde swart gemeenskap. Wat die stryd tussen die UDF en AZAPO betref, het *Comment* hom soos volg uitgelaat:

The ploy is obvious. The inability of the UDF and AZAPO to tolerate even each other has seriously dented the image they publicly projected as movements dedicated to peaceful change and democratic methods.¹⁹⁶

Na landwye voorvalle van geweld in Januarie 1990 (vgl. bv. RRS, 1989/90:235-250), het die SAUK benewens 'n verdeling tussen radikale en gematigde ondersteuners van die ANC binne Suid-Afrika, ook 'n fundamentele politieke stryd tussen die ANC aan die een kant, en die PAC en swartbewustheidselemente aan die ander kant, benadruk. Die rede vir die verdeeldheid en soms “te verwagte gewelddadige magstryd”, was volgens *Comment* die PAC-groep se algehele teenkanting van wat hulle die gematigde filosofie van die ANC genoem het.¹⁹⁷

5.1.7.3 Die ANC

Die SAUK se poging om die ANC as 'n verdeelde organisasie met onderlinge struwelinge voor te stel, het veral op drie aspekte gefokus, naamlik: verskille tussen Mandela in 'n Suid-Afrikaanse tronk en die ANC buite die grense van land,¹⁹⁸ tweespalt tussen wedywerende faksies binne die organisasie,¹⁹⁹ en optrede teen andersdenkendes.²⁰⁰ Ander algemene verdelings waarop die SAUK gefokus het, was etniese en regionele verskille binne die organisasie, verskillende kategorieë soos uitgewekenes en Robbeneilanders, asook interne en eksterne vleuels.

Comment se plasing van Mandela teenoor die ANC in ballingskap het byna uitsluitlik in die laaste jaar van die rubriek se bestaan plaasgevind. Hoewel Mandela in geen stadium die ANC se verbintenis tot die gewapende stryd gekompromitteer het nie (kyk Mandela, 1994), het sy uitsprake in 1989 en 1990 oor 'n vreedsame oplossing en onderhandeling (RRS, 1989/90:677-679) die SAUK die geleentheid gebied om indruk van verwydering tussen Mandela as 'n gematigde, en die onversetlikes in Lusaka en elders te wek. Die ontmoeting tussen Botha en Mandela in Julie 1989 het die Korporasie se hand in hierdie opsig gesterk.²⁰¹

Die laat tagtigerjare was natuurlik ook die tydperk waarin die Regering en die buiteparlementêre beweging die realiteit van 'n geen-wenner-situasie besef het (kyk Hyslop, 1989). Dit was ook 'n tyd dat illusies oor onderhandelings sonder die ANC al hoe minder geword het, terwyl die ANC besef het dat 'n spoedige rewolusionêre oorname deur gewapende stryd plus 'n volksopstand 'n selfmisleiding was (kyk Swilling, 1988.) Waar die SAUK eens Mandela se aanbod in 1985 dat die ANC die gewapende stryd in ruil vir wettiging sou opskort (kyk Mandela, 1994:508) afgemaak het deur sy bevoegdheid in twyfel te trek om namens "Oliver Tambo and his cohorts in Lusaka" te praat,²⁰² het die Korporasie na die Botha-Mandela-gesprek telkemale laasgenoemde as 'n stem van rede en vrede in 'n andersins onversoenlike organisasie voorgestel. Diegene binne die ANC en breë buiteparlementêre beweging wat met Mandela oor onderhandelings en 'n vreedsame oplossing verskil het, is deur *Comment* as andersdenkendes, afvalliges, onwillige onderhandelaars en konfrontasiesoekers geëtiketteer.²⁰³

Na die vrylating van Walter Sisulu en ander veiligheidsgevangenes in Oktober 1989, en 'n ontmoeting tussen Mandela en De Klerk in Desember dieselfde jaar, het die SAUK die Mandela-kamp vergroot om Sisulu en ander interne ANC-leiers in te sluit wat "also appear to be working towards creating the right political climate for the ANC to take part in negotiations."²⁰⁴ Tussen hierdie kamp en die eksterne ANC het *Comment* 'n wyerwordende kloof gesien, 'n persepsie wat die SAUK bevorder het deur kritiek van die uitgewekenes (vgl. Lodge, 1992) op die sterkte, kohesie, leierskapstrukture, organisatoriese vermoëns, en strategieë van die binnelandse beweging te beklemtoon (vgl. RRS, 1989/90:677-679).²⁰⁵

Die SAUK se kommentaar op wedywerende faksies kan in twee kategorieë verdeel word: eerstens ongeïdentifiseerde faksies wat in gewelddadige binnegevegte betrokke was, en tweedens nasionalistiese en kommunistiese groeperinge binne die ANC. Wat eersgenoemde betref, het *Comment* ten opsigte van 'n gewapende aanval op ANC-lede in Junie 1987 in Maputo waarvoor Suid-Afrika nie verantwoordelikheid aanvaar het nie (kyk RRS, 1987/88:826), verslae aangehaal wat die aanval aan binnegevegte toegeskryf het.²⁰⁶

Die moord op Dulcie September, Paryse verteenwoordiger van die ANC, het diplomatieke spanninge tussen Frankryk en Suid-Afrika in die begin van April 1987 tot gevolg gehad (vgl. *The Sunday Times*, 3 Jul. 1988). Hoewel Suid-Afrika kategorieë enige betrokkenheid ontken het, het Frankryk die Republiek daarvoor verantwoordelik gehou. Die SAUK se verklaring van die moord het grotendeels gefokus op wat hy die "tipiese endemiese en gewelddadige interne tweespalt van terroristiese organisasies wêreldwyd" genoem het. Volgens *Comment* was die ANC geen uitsondering nie, hoewel hy dit meer geheim as soortgelyke organisasies gehou het. Om sy standpunt te staaf dat die ANC geen vreemdeling was nie vir "fierce power struggles, violent clashes with competing revolutionary bodies and the elimination by death of ideological opponents within the ANC itself", het die SAUK verskeie voorvalle en getuienis van oud-ANC-lede (bv. Nokonono Kave en Bartholomew Hlapane) oor die organisasie se vergeldingsaanvalle op andersdenkendes aangehaal. Die slotsom waartoe *Comment* kom is die volgende:

Internal conflict in the ANC - an organisation dedicated to violence - can and does have fatal consequences for its participants. It behoves those who presume to assign guilt at such times to bear this in mind.²⁰⁷

Die moord op Dulcie September is ook gekoppel aan die stryd tussen die nasionalistiese en kommunistiese faksies wat volgens die SAUK die sewentigerjare oorheers het. Hierdie stryd het in die tagtigerjare 'n nuwe dimensie gekry, naamlik "the increasing polarisation between hard-liners who demand all-out terrorist action against soft targets and a group which believes it is necessary to preserve an image of moderation for the sake of western and moderate black support."²⁰⁸ ANC-lede wat die SAUK met eersgenoemde groep geassosieer het, was Chris Hani en Steve Tshwete, terwyl Tambo in die kategorie van die gematigdes geplaas was.

Vir die grootste deel van die tagtigerjare het die SAUK egter die ANC, hetsy die nasionalistiese of kommunistiese faksie, as deelnemer aan politieke onderhandelings uitgesluit (kyk 5.3.3). Daarom het hy die nasionaliste ondergeskik aan die kommuniste gestel, omdat laasgenoemde groter afskrikingswaarde gehad het vir Suid-Afrikaners wat onderhandelings of gesprekke met die ANC nie onaanvaarbaar gevind het nie (vgl. bv. Murray, 1985). Aanvanklik het die SAUK ook die nasionaliste as "sogenaamde gematigdes"²⁰⁹ afgemaak, maar hierdie houding het in die laat tagtigerjare verander.

Namate ondersteuners van 'n politieke oplossing in die ANC veld gewen het vanweë die organisasie se beperkte militêre welslae, transformasie in die Oosbloklande, nouer bande met die weste wat druk op die ANC en die Regering vir 'n onderhandelde skikking geplaas het, asook groter bereidwilligheid aan die kant van die Regering om die ANC in 'n politieke oplossing te betrek (vgl. Lodge, 1992), het *Comment* meer positief teenoor die nasionaliste geword, hoewel dit nie die kommunistiese bittereinders as minder dominant voorgestel het nie. Teenoor die voorstelling van die kommuniste as terroriste wat burgerlike teikens aanval, het die SAUK mense soos Mandela en Sisulu in die nasionalistiese kategorie geplaas en hierdie groep met groter gematigdheid, maar nie steun nie, toebedeel.²¹⁰ Die nabeeld wat die SAUK in sy redaksionele kommentaar oor die ANC gelaat het, was een van 'n organisasie wat nie positief en konstruktief kon onderhandel nie omdat diepgaande ideologiese verskille tussen sy leiers hom lamgelê het.

Nog 'n manier waarop die SAUK die eenheid of kohesie van die ANC in 'n swak lig probeer stel het, was om die organisasie se behandeling van andersdenkendes enafvalliges onder die vergrootglas te plaas. In die begin van Desember 1986 het die SAUK 'n dokumentêre televisieprogram vertoon waarin op die ANC se hantering van andersdenkendes gefokus is. Die sentrale boodskap van *Comment* was: "the movement deals harshly with members who dare to leave and speak out on their experiences in it."²¹¹ Aldus die SAUK het sulke behandeling onder meer aanranding, marteling en moord in strafkampe soos Quattro in Angola behels. Gevalle wat in die rubriek ter stawing gebruik is, het Paul Annagarn en Olivia Forsyth ingesluit.²¹² Albei is in Angola aangehou. *Comment* het nie rede vir Forsyth se aanhouding verskaf nie, maar dit het mettertyd aan die lig gekom dat sy 'n Suid-Afrikaanse spioen was (vgl. bv. Yeld, 1997).

In Augustus 1988 het die SAUK 'n verslag wat aan die Amerikaanse Senaat se Komitee vir Buitelandse Betrekkinge voorgelê is, gebruik om die ANC as "onmenslik" voor te stel. Die verslag was die resultaat van onderhoude gevoer met Suid-Afrikaanse uitgewekenes in Kenia, Tanzanië, Zambië en Botswana. Elemente van die verslag wat *Comment* aangehaal het, was brutale straf vir ideologiese dwalings, seksuele mishandeling van ANC-vroue, aanrandings en dood as gevolg van aanrandings, en teregstellings van politieke andersdenkendes en vermeende spioene.²¹³

5.1.7.4 Verdeeldheid in eie geledere

Perspektief op die SAUK se hantering van verdeeldheid in buiteparlementêre geledere word verbeter wanneer die Korporasie se hantering van verdeeldheid in die hegemoniese orde beoordeel word. Drie kategorieë gevalle word behandel, naamlik verdeeldheid in die driekamerparlement, spanninge in tuislande, en die stryd om leierskap tussen P.W. Botha en F.W. de Klerk.

Die Regering het in Junie 1986 'n landwye noodtoestand afgekondig nadat die Staande Komitee oor Wet en Orde nie konsensus kon bereik nie oor voorgestelde wetgewing wat die polisie meer magte sou gee om eskalerende geweld in swart woonbuurte te bekamp (RRS, 1985:23). Die oorsaak van die dooie punt in die komitee was grotendeels te wyte aan die Arbeidersparty wat geweier het om die wetgewing te steun. Gegewe die SAUK se vooropstelling van konsensuspolitiek (kyk 4.2.1), het die

Korporasie die geskil as “ongelukkig” in die lig van onmiddellike veiligheidsbehoefes gesien. Die onderspeling van die geskil het nietemin daarin gelê dat die SAUK verskille en vertraging in die parlementêre proses as die prys vir die meer “fundamentele voordele van die demokratiese proses” bestempel het.²¹⁴

Ses maande later het eerw. Allan Hendrickse, leier van die Arbeidersparty, voorsitter van die Ministersraad van die Huis van Verteenwoordigers, en lid van die Kabinet, saam met ander lede van sy party op 'n blanke strand in Port Elizabeth gaan swem om onder meer die stelsel van aparte geriewe en groepsgebiede uit te daag (RRS, 1987/88:738). Dit het 'n periode van spanning tussen P.W. Botha en die Arbeiders ingelui wat in Augustus 1987 op die bedanking van Hendrickse uit die Kabinet uitloop het.

Wat onmiddellike spanning na die swemvoorval betref, het die SAUK die kompleksiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing en sy baie sensitiewe situasies ter versagting aangebied. Wat die stelsel volgens die Korporasie ondervind het, was nie verdeeldheid of skeuring nie, maar gewone verskille waarvoor konsensuspolitiek in elk geval 'n oplossing sou vind. In dié proses moes opofferings gemaak word: kleurlinge en Indiërs moes aanvaar dat hulle nie hulle volle sin oor groepsgebiede kon kry nie, terwyl die regerende party reeds opgeoffer het toe die NP weens sy hervormingsbeleid in 1982 geskeur het.²¹⁵

Comment het die staatsmanskap van beide Botha en Hendrickse geprys omdat die Kabinet nie as gevolg van hierdie episode en daaropvolgende gebeure geskeur het nie. Dié skeuring het wel in Augustus 1987 plaasgevind toe Hendrickse die Kabinet verlaat het (vgl. 3.1). Weer eens het die SAUK die gebeurtenis probeer ontlaai deur dit toe te skryf aan verskille in persepsie wat nie ongewoon in land met 'n veelheid van kulture, botsende aspirasies, en verskillende historiese en materiële agtergronde behoort te wees nie. Derhalwe was sulke voorvalle te wagte, net soos die verskille natuurlikerwys die bou van 'n stabiele en demokratiese samelewing kompleks sou maak. Ondanks die toutrekkery of Hendrickse bedank het of afgedank is, en ten spyte daarvan dat die Kabinet wel geskeur het, het die SAUK dus volgehou om dit te onderskei van verdeeldheid en spanning soos hy dit met die buiteparlementêre groepe gedoen het.²¹⁶

Verdeeldheid tussen die Regering aan die een kant en kleurlinge en Indiërs aan die ander kant oor die wysiging of skraping van die Groepsgebiedewet het dieselfde behandeling van die SAUK ontvang. Dit was nadat die kleurling- en Indiër-huise uit protes teen die Regering se weiering om die wet in sy geheel te skrap, hulle deelname aan die parlementêre debat hieroor in Augustus 1988 opgeskort het (RRS, 1988/89:500). In wat tot dusver as een van die grootste krisisse van die driekamerparlement beskou kon word, het die SAUK sy luisteraars probeer oortuig dat dooie punte deur die opstellers van die grondwet voorsien is en dat hulle 'n meganisme soos die Presidentsraad ontwerp het om dit op te los. 'n Tweede argument het oor die sensitiwiteit van die Groepsgebiedewet gehandel, naamlik dat dit naïef sou wees om te verwag dat konsensus gou oor so 'n stekelrige saak bereik kon word. Derdens is geredeneer dat die driekamerparlement in sy babaskoene was en dat konsensuspolitiek as 'n ontwikkelende konsep verfyn moes word.²¹⁷ Met die kohesie van die stelsel het daar volgens die SAUK niks geskort nie, en nadat kleurling- en Indiër-parlementslede hulle boikot tien dae later beëindig het, het *Comment* dit as 'n triomf beskou vir die driekamerparlement om diverse groepe te akkommodeer en gesamentlike besluitneming ongeag "ernstige onderlinge verskille" te bewerkstellig.²¹⁸

Die SAUK se rasionalisering van verdeeldheid en spanning binne die hegemoniese orde word ook geïllustreer deur sy hantering van woelinge in tuislandpolitiek in 1987 en 1988. Skaars 'n maand na die Hendrickse se bedanking/afdanke, het Transkei, die eerste tuisland wat onafhanklikheid aanvaar het, 'n staatsgreep ondergaan (RRS, 1987/88:936). In die geval van Transkei het 'n staatsgreep as 'n vorm van magsoorname positiewe betekenis in *Comment* gekry: dit was "bloed- en pynlose poging ('n rariteit in Afrika) van militêre offisiere sonder grypsug of egoïsme" wat Kaiser Matanzima met George Matanzima vervang het om finansiële wanbestuur reg te stel:

Transkei, in fact, has undergone a purification process; and now her leaders can go on with the job of consolidating the progress made and building the future.²¹⁹

Maar George Matanzima se bewind het nie 'n maand gehou nie. Hy is uitgeskop en deur Stella Sigcau opgevolg (RRS, 1987/88:937). Nog eens het die SAUK die gebeurtenis versag en gepositiveer met argumente dat die oorname glad en sonder bloedvergieting verloop het om die finansiële administrasie skoon te maak.²²⁰

Sigcau se bewind het dubbeld so lank as George Matanzima s'n geduur, naamlik twee maande. In die begin van 1988 is sy in 'n militêre staatsgreep deur Bantu Holomisa uitgesit (RRS, 1988/89:130). Soos tevore het die SAUK die gladheid van die proses herhaal, en terselfdertyd kennis geneem dat dit volgens Holomisa die voltooiing van die anti-korrupsie veldtog sou wees. In 'n openlike verdediging van die staatsgreep het die Korporasie Holomisa se opsies as beperk bestempel, met die gevolg dat 'n staatsgreep eintlik sy enigste uitweg was. *Comment* het ook gemeld dat Holomisa homself as 'n soldaat beskou en dat hy nie van plan was om lank in die politiek te bly nie.²²¹

Gebeure in Transkei kon moontlik 'n verleentheid vir *groot* apartheid gewees het, en in hierdie konteks het die SAUK dalk gevoel dat dit nodig sou wees om 'n skeuring in die stelsel in 'n minder ernstige lig te stel. Maar wat in Transkei gebeur het, het nie dieselfde bedreiging vir die hegemoniese orde ingehou as 'n gepoogde staatsgreep teen Bophuthatswana se Mangope-bewind in Februarie 1988 deur dié land se People's Progressive Party (PPP) nie (kyk Davenport, 1991:416). Die pro-ANC-sentimente van die staatsgreepeliers en die geostrategiese posisie van die land het uit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt die onderdrukking daarvan vereis. Wat die SAUK betref, het gebeure in Bophuthatswana alles met die aanslag op die demokrasie en 'n goedgesinde bestaande orde te doen gehad, en daarom was dit onnodig om verskille en spanning binne die land met kompleksiteite en die bekampings van korrupsie te rasionaliseer. Politieke en strategiese redes vir die onderdrukking van die staatsgrepe in Transkei het ontbreek, en hoewel sulke pogings tot magsoorname lynreg bots met demokratiese beginsels, moes die SAUK alternatiewe redes aanvoer hoekom die staatsgrepe nie 'n skeuring in die heersende hegemoniese orde beteken het nie.²²²

Die leierstryd tussen P.W. Botha en De Klerk gedurende die laaste twee jare van die tagtigerjare kan as laaste voorbeeld genoem word van hoe die SAUK die kohesie van die bestaande orde te midde van tweespalt en interne spanning gehanteer het. Die verloop van hierdie stryd is goed deur die pers gedokumenteerd (kyk Ries & Dommissie, 1990), maar *Comment* het nie oor die aard van die verskille tussen De Klerk en Botha of tussen hulle onderskeie aanhangers kommentaar gelewer nie. Die verwisseling van NP-leierskap tussen Botha en De Klerk het volgens hierdie rubriek glad en in die "beste tradisie van demokratiese praktyke" sonder interne kibbeling en

dwarstrekkerij verloop²²³ (vgl. bv. Ries & Domisse (1990) se weergawe van die NP-leiersverwisseling). Teen Botha se bedanking as Staatspresident in die begin van Februarie 1989 was tweedrag in die NP lank nie meer 'n geheim nie (kyk Ries & Domisse, 1990), en die wyse waarop Botha sy bedanking op SAUK-TV aangekondig het, kon min twyfel laat oor die atmosfeer waarin hy sy tuig neergelê het. Tog het *Comment* dit verswyg en sy bedanking in die vorm van 'n huldeblyk aan Botha as hervormer hanteer.²²⁴

5.2 MARGINALISERING EN LEIERSKAP

'n Rigiede skeiding tussen leierskap in die besonder en steun in die algemeen is nie moontlik nie omdat die aanvaarbaarheid, populariteit, verteenwoordigendheid en outentiekheid van 'n leier aanduidend van die omvang van sy/haar steun is. Vir doeleindes van hierdie studie is 'n skeiding tussen steun en leierskap gemaak (kyk 2.2.3.2.2.2). Van die drie marginaliseringsindikatore van leierskap wat geïdentifiseer is, naamlik outentiekheid, elitisme en lofredes/afkammering van die leier as persoon, het laasgenoemde twee meer betrekking op die aard en kwaliteit van leierskap as die omvang van steun vir die leier. Soos aangetoon sal word, het outentiekheid belangrike aanknopingspunte met die mate van steun wat buiteparlementêre leiers volgens die SAUK geniet het.

5.2.1 Outentiekheid

Die SAUK se hantering van outentieke leierskap in die tagtigerjare moet gesien word teen die agtergrond van buiteparlementêre groepe se aansprake dat hulle ware leiers óf in ballingskap óf in Suid-Afrikaanse tronke gesit het. Verkose nie-blanke leiers binne die hegemoniese orde is as uitverkopenes of marionette van die Suid-Afrikaanse Regering bestempel (kyk bv. Shubane & Madiba, 1994). Die SAUK het daarom in sy redaksionele kommentaar bepaalde oogmerke rakende outentieke leierskap nagestreef, naamlik om swart leiers binne die stelsel as die werklike verteenwoordigers van swartes binne en buite die nasionale state voor te stel. Derhalwe is hierdie leiers met kwalifiserende begrippe soos die volgende voorgestel: invloedryke, gerespekteerde, demokratiese, met bewese steun, grootste aanhang, erkende, verantwoordbare, verkose, outentieke, verteenwoordigende, en leiers met 'n mandaat.²²⁵

Buthlezi is in die besonder deur *Comment* as 'n erkende en verantwoordbare leier uitgesonder. Volgens die rubriek was hy een van die mees gerespekteerde²²⁶ en magtigste swart leiers met die grootste aanhang en bewese steunbasis²²⁷ van enige swart politikus in Suid-Afrika. Nadat die SAUK se posisie jeens die betrokkenheid van buiteparlementêre groepe in onderhandelings rondom die dekadewending verander het, en iemand soos Mandela groter erkenning as 'n leier in die Korporasie se redaksionele standpunt begin geniet het, het die *Comment* Buthlezi 'n opposieleier in dieselfde asem as Mandela genoem.²²⁸

In teenstelling met die behandeling van stelselgeoriënteerde swart leiers, het die SAUK leiers in die buiteparlementêre geledere se bewese steun aangeval. Derhalwe is hulle selfaangestelde en selfverklaarde leiers genoem wat nog nie hulle steun in 'n “aanvaarbare demokratiese toets” laat bepaal het nie.²²⁹ Hulle was “bang” om dit te doen omdat die risiko dat hulle gebrekkige steun uitgewys sou word, volgens die SAUK te groot was. Derhalwe het die Korporasie nie die leiers van buiteparlementêre groepe as outentieke leiers bestempel nie, en die aansprake dat die ware leiers van Suid-Afrika in die tronk gesit het, met dieselfde argumente betwis.²³⁰ Hierdie houding het eers teen die einde van die tagtigerjare verander toe die SAUK bereid was om aan leiers in hierdie groepe groter invloed, verteenwoordiging en statuur toe te ken.²³¹

Bogenoemde was die SAUK se standpunte jeens buiteparlementêre groepe in die algemeen. Wat spesifieke groepe betref, het die Korporasie oorwegend op die ANC gefokus, hoewel 'n kerklike soos Tutu en vakbondleiers ook as selfaangestelde leiers sonder 'n mandaat uitgebeeld is. Omdat Tutu “nooit deur swartes ingestem” was nie, kon hy volgens *Comment* ook nie aanspraak maak dat hy namens alle swartes sy sanksieveldtog bedryf het nie.²³² In breë trekke is die argument ook ten opsigte van vakbondleiers gevoer, naamlik dat hulle nie 'n mandaat van hulle werkers ontvang het om oproepe te maak wat “lyding” vir die werkers sou veroorsaak nie.²³³

ANC-leiers in die algemeen is deur *Comment* voorgestel as selfaangestel sonder legitieme en stabiele magstrukture wat demokratiese slagspreuke gebruik om hulle oogmerke van “eensydige magsoorname” te verdoesel.²³⁴ In die laat tagtigerjare het *Comment* sy teiken meer na die uitgeweke en eksterne leierskap van die ANC verskuif. Hierdie leiers was in “geen posisie om namens swartes te praat nie”, en binnelandse

groepe met steun (soos die Zoeloes) sou ook nie toelaat dat “ANC-leiers vir hulle die reg opeis om namens al die swartes te praat nie”, aldus die SAUK:

They are not prepared to be passive onlookers while self-appointed spokesmen from outside manoeuvre to claim exclusive rights to speak for all the people.²³⁵

Die posisie van Mandela in die tronk en sy ondersteuners binne en buite die Republiek wat hom as hulle ware leier bestempel het (vgl. Kotzé & Greyling, 1991), het spesiale aandag in die Korporasie se redaksionele kommentaar geniet. Mandela se “nee” aan Botha om geweld as 'n politieke metode te los en daardeur sy vrylating te verseker (kyk Mandela, 1994:510), het die konteks verskaf waarbinne die SAUK aannames oor Mandela se populêre steun onder swartes as “ongetoets” kon afmaak.²³⁶ Na die ontmoeting met Botha in Julie 1989 het die SAUK nietemin Mandela meer en meer in die kader van gematigde leiers begin betrek,²³⁷ hoewel hy steeds geweier het om hom teen 'n gewapende stryd uit te spreek (kyk Mandela, 1994). Rondom die vrylating van Walter Sisulu en ander in Oktober daardie jaar het die Korporasie sover gegaan as om hulle “outentieke” leiers te noem,²³⁸ terwyl Mandela teen die begin van die negentigerjare in *Comment* tot een van die “verteenwoordigende” leiers in statuur gegroei het:

It has been generally accepted for some time that one of the obstacles to getting negotiations under way between representative political leaders has been the continued detention of some of the leaders, Mr Mandela being the most prominent.²³⁹

5.2.2 Elitisme

Elitisme is volgens Robertson (1986:102) 'n ietwat losse begrip om verskeie politieke teorieë te beskryf. Wat al hierdie teorieë nietemin in gemeen het, is dat elke politieke stelsel, hetsy dit amptelike ideologie is of nie, deur 'n politieke elite of elites regeer word. In hierdie studie word die begrip gebruik as 'n etiket vir die sentrerings van mag, invloed, gerief, voorregte, ens. in 'n klein groepie bevoorregtes, die elite (vgl. 2.2.3.2.2.2). Hulle is te vind op kerklike, arbeids-, maatskaplike en politieke terreine.

Toegepas op die SAUK se hantering van buiteparlementêre groepe beteken elitisme die vestiging van 'n persepsie dat daar 'n kloof tussen leiers en volgelinge in hierdie groepe bestaan. Hierdie kloof geld ten opsigte van die uitoefening van politieke mag, en opofferings wat met veldtoë soos sanksies, stakings en onrus gepaardgaan.

Wat die ANC en politieke elitisme betref, het die SAUK dié organisasie se bande met die Sowjet-Unie gebruik om 'n koppeling te bewerkstellig tussen die politieke styl van die ANC en wat *Comment* die "elitistiese Sowjet-ideologie" genoem het.²⁴⁰ Dit was 'n verwysing na die eksklusiewe samestelling en funksionering van die Kommunistiese Party van die Sowjet-Unie (KPSU). Die assosiasie van buiteparlementêre groepe in die algemeen en die ANC in die besonder met KPSU-elitisme het sowel politieke magsug as materiële bevoorregting ingesluit. Ten opsigte van laasgenoemde het *Comment* gepraat van 'n "selfdienende" elite wat sy mense van besittings, vooruitsigte en waardigheid beroof - 'n siekteverskynsel wat volgens die SAUK ook eie aan totalitêre Derde Wêreld-lande was. Om die "politieke magsug" van die ANC en ander radikale groepe te demonstreer, het die Korporasie genoem dat die KPSU sedert Lenin se tyd nie vir massalidmaatskap oop was nie,²⁴¹ en dat geweld 'n belangrike rol gespeel het om die massa te onderdruk:

Arrogating to itself the right to speak on behalf of "the people" an elite seeks to gain totalitarian power by violent means in order to impose its own ideology, eliminating opponents along the way and silencing all dissident voices thereafter.²⁴²

Die idee van 'n klein groepie bevoorregtes teenoor 'n massa wat ly kom die beste na vore in die SAUK se kommentaar op buiteparlementêre leiers se oproepe om ekonomiese strafmaatreëls teen Suid-Afrika. In hierdie opsig is veral een persoon uitgesonder, naamlik Tutu. Vanweë sy leidende rol in die sanksie- en disinvesteringveldtog (vgl. bv. Schoeman, 1988), het die SAUK hom voorgestel as iemand wat geheel en al onverskillig gestaan het teenoor die ellende en swaarkry van die massa swartes wat deur sanksies sou ly:

For him, the fact that there is now hardship justifies imposing untold additional hardships (from which he himself, safely ensconced in a wealthy diocese, would of course be immune).²⁴³

Die teenstelling van bevoorregting en benadeling, van leiers wat nie omgee vir die prys wat die massa moes betaal nie, word ook beklemtoon deur verwysings soos: sanksiedrywers in hulle "armoedvrye ivoortorings";²⁴⁴ of Tutu asook sy "hoogsbevoorregte en voorspoedige familie uit die hoogtes van bevoorregting" die lyding van gewone swartes sou deel?;²⁴⁵ en, sanksiesoekers in "bevoorregte posisies" wat grotendeels ongedeerd deur sanksies en disinvestering gelaat word.²⁴⁶

Arbeidsonrus soos stakings en wegbly-aksies was nog 'n terrein wat die SAUK gebruik het om leiers en mense op voetsoolvlak te skei. Vakbondleiers is as “rewolusionêres en pseudo-politici”²⁴⁷ bestempel wat weinig vir die welsyn van die werkers of die land in sy geheel omgee het. Optredes soos stakings en wegbly-aksies het volgens *Comment* deel gevorm van radikale pogings om die land onregeerbaar te maak. Die rubriek het vakbondleiers daarvan beskuldig dat hulle nie omgee het vir die gevolge soos massiewe werkloosheid, verlaging in lewensstandaarde, en grootskaalse lyding wat hulle “verskroeiende aarde” beleid sou veroorsaak nie. Die boodskap van gewone werkers as grootste verloorders en vakbondleiers as 'n elitistiese groep “immuun” teen die gevolge van hulle optrede, is telkens tydens grootskaalse stakings herhaal.²⁴⁸ Die geheelindruk wat die SAUK wou laat is die gewone werklose swarte en lydende afhanklikes:

In the final analysis, the real loser is the ordinary, unemployed worker - and the children who look to him for food, clothing and shelter.²⁴⁹

Op maatskaplike vlak het die SAUK ook elitisme gebruik om vooraanstande mense in die swart gemeenskap wat ook leiers in die buiteparlementêre beweging was, te marginaliseer. In Oktober 1986 lewer *Comment* kommentaar op swart leiers wat volgens die rubriek hulle kinders na privaatskole te midde van onrus in gewone swart skole gestuur het.²⁵⁰ *Comment* het hierdie leiers se integriteit en meelewendheid met die res van die swart gemeenskap bevraagteken. Dr. Nthato Motlana, 'n leidende politieke figuur in Soweto, Percy Qoboza, redakteur van *City Press*, en Tutu is uitgesonder. In smalende trant het *Comment* dit as geen verrassing beskou dat “sommige intelligente volwassenes” spesiale reëlings tref om hulle kinders te laat skoolgaan nie, want “for one thing, no parents would want their own children to be the sacrificial lambs for experiments in political activism.”²⁵¹ Volgens die SAUK het dit daarom sin gemaak dat die Motlanas, Qoboza en Tutu hulle kinders na privaatskole stuur, en hoewel die Korporasie hulle nie regstreeks aan die slagspreuk van “liberation before education” verbind het nie, het hy Motlana, Qoboza en Tutu met groepe geassosieer wat dit wel gepropageer het.

5.2.3 Die persoon

Die SAUK se marginalisering van buiteparlementêre leiers het in 'n belangrike mate om die persoonlike kwaliteite, optredes en sienswyses van die leiers gehandel.

Die aard van sy kritiek op hierdie aspekte oorvleuel met trivialisering (sien 5.4.3) omdat *Comment* se kommentaar oor buiteparlementêre leiers meesal neerhalend, sarkasties en afbrekend was. Verder het afkammering van sulke leiers geskied terwyl leiers in die hegemoniese orde deur die SAUK opgehemel is. Botha was 'n pleitbesorger van Suider-Afrikaanse belange, 'n leier met sterk gevestigde *bona fides*, en 'n man wat oor die nodige kwaliteite beskik het om die hervormingspad vorentoe te loop:

Beyond foresight and steadfastness, reform demands a man of courage - and even his worst enemies readily concede that this is a quality with which the State President is abundantly endowed.²⁵²

Dieselfde huldiging het tuislandleiers soos Mangope van Bophuthatswana en Buthelezi van KwaZulu in *Comment* te beurt geval. Bophuthatswana is voorgehou as 'n modelstaat in Afrika waarvan sy “bekwame en doelgerigte” leier die hoekstene gelê het.²⁵³ Derhalwe sou 'n suksesvolle staatsgreep in Februarie 1988 volgens die SAUK 'n “Afrika-tragedie” gewees het.²⁵⁴ Buthelezi is uitgebeeld as leier met “waagmoed” wat nooit doekies omgedraai het in sy kritiek teen beleidsrigtings waarmee hy nie saamgestem het nie.²⁵⁵

Gedurende die studieperiode het verskeie buiteparlementêre leiers onder *Comment* deurgeloop, bv. Allan Boesak, Beyers Naudé, Oliver Tambo, Steve Tshwete, Chris Hani, en Winnie Mandela. Maar twee leiers wat verreweg vir afkammering uitgesonder was, was Desmond Tutu en Nelson Mandela. Hierdie afdeling konsentreer vervolgens net op hierdie twee leiers.

5.2.3.1 Desmond Tutu

Tutu as 'n tema wat kommentaar regverdig kom in uitsendings van *Editorial Comment* aan die einde van die sewentigerjare voor. Dit was sy posisie as algemene sekretaris van die SARK en dié organisasie se lidmaatskap van die Wêreldraad van Kerke (WRK) wat Tutu in die SAUK se spervuur geplaas het. Sy politieke uitsprake oor vrede en geweld (vgl. Tutu, 1985) het die Korporasie binne die konteks van die bevrydingsteologie beoordeel (vgl. 3.3.3.2).

Teen bogenoemde agtergrond het die SAUK die toekenning van die Nobel-vredesprys in 1984 aan Tutu verdag gemaak as 'n prys wat in 'n internasionale politieke

instrument ontaard het omdat Tutu se bydrae tot vrede in Suid-Afrika volgens *Comment* nie merkwaardig of konsekwent was nie.²⁵⁶ Teen die einde van 1984 het Tutu in London gesê dat gegewe hulle situasie in Suid-Afrika, die meeste swartes die Russe as redders sou verwelkom (vgl bv. *The Star*, 20 Nov. 1984; *Die Burger*, 20 Nov. 1984), waarop *Comment* dit as "skadelike snert" en as "buitensporige leuens" bestempel het:

And surely there is no one who has not been struck by the incongruity of the Tutu's drawing their comparisons with regimes that would have silenced them, instantly and brutally, for the statements they are now free to make ad nauseum.²⁵⁷

Sy oproep in die begin van 1985 in 'n openbare brief om geldelike steun vir Transafrica, 'n swart Amerikaanse organisasie wat hom vir politieke en ekonomiese strafmaatreëls teen Suid-Afrika beywer het (kyk *Die Burger*, 16 Febr. 1985), en sy stellings in die brief dat die politieke stelsel in Suid-Afrika gekenmerk word deur moord, marteling en ontvoering, het die SAUK as deel van 'n konstante stroom van absurde verklarings bestempel:

But the Bishop's antics raise a more important consideration than the fate of one ambitious clergyman. It is the growing public exposure by such people themselves, through the very extravagance of their statements and actions, of the fraudulence of their concern for human rights as the mainspring of their political activities.²⁵⁸

'n Stelling van Tutu dat die tyd naby mag wees wanneer geweld as metode vir die omverwerping van 'n onregverdige stelsel 'n mindere kwaad as die stelsel self sou wees (RRS, 1986:319), is deur *Comment* gekoppel aan die aard van geweld in Suid-Afrika, byvoorbeeld 'n swart polisieman wat in Oktober 1985 uit sy huis gesleep, met klippe gegooi, gesteek, en toe aan die brand gesteek is. Die SAUK het hiermee 'n regstreekse verband tussen Tutu se siening van geweld as 'n moontlikheid en barbaarse vorme van geweld in die swart woonbuurte getrek, en hierdie verband is eksplisiet soos volg afgerond:

To suggest that justice can emerge from such savage and contemptuous rejection of the value of human life, is a perversion of the very idea of justice.²⁵⁹

Tutu se positiewe uitsprake oor die ANC en Nelson Mandela het ruimte vir die SAUK geskep om die ateïsme van die kommunisme teen Christenskap af te speel. Tydens 'n besoek aan Amerika waar die Martin Luther King-vredesprys in Januarie

1986 aan hom toegeken is, het Tutu onder meer 'n beroep op die Verenigde State gedoen om die ANC te steun (RRS, 1986:317). *Comment* het soos volg gereageer:

For a Christian leader he has a paradoxical admiration for the ANC and Nelson Mandela, a self-confessed communist and revolutionary whom he declares to be his leader.²⁶⁰

Na sy terugkeer uit Amerika het Tutu sy beroep op Amerikaanse steun vir die ANC verduidelik deur dit oor dieselfde kam te skeer as Amerikaanse hulp aan Unita en Contras, wat hy albei as rewolusionêre bewegings bestempel het. Weer eens het die SAUK sy redaksionele standpunt hoofsaaklik om Christelikheid gebou, en die Korporasie het van Tutu as 'n Christen verwag dat hy “sensitief” sou wees vir verskille tussen die anti-kommunistiese Unita en Contras aan die een kant, en aan die ander kant die ANC met sy kommunistiese ideologie wat veral die Christelike godsdiens onderdruk het (SAUK-vertolking). As die ooreenkoms wat Tutu getref het nie 'n “moedswillige verdoeseling” van feite was nie, het *Comment* geredeneer, dan het die kerklike se opmerking van “verstommende onkunde” getuig:

Morally and politically there is a world of difference between the organisations the Bishop lumps together.²⁶¹

Die SAUK het nie alleen die Christenskap van Tutu betwyfel nie, maar ook sy morele verantwoordelikheid en afkeur van die soort geweld wat swart woonbuurte geteister het. Sy beroepe op die Weste om sanksies teen Suid-Afrika in te stel (kyk *Financial Mail*, 24 Jul. 1987; Tutu, 1988) is as 'n manifestasie van steun aan die magte van rewolusie bestempel. Om die beeld van 'n gewelddenaar in 'n priesterlike kleed verder uit te dra, het die Korporasie hom voorgestel as iemand wat nie omgee vir die konsekwensies van sy uitsprake nie:

Tutu has always borne his burden of moral responsibility for his statements very lightly - so lightly that he has often seemed to be unaware of its existence. For one of the most politically outspoken churchmen in South Africa he is strangely silent about the campaign of intimidation - the hundreds of gruesome murders and maimings - that continues to be waged against urban Black people by the radicals in their midst. On the other hand he is obsessively interested in what he views as the coming bloodbath: the kind of situation in which (he has suggested) domestic servants might poison their employers and soft targets like school buses might be attacked to sow panic among whites.²⁶²

Die soms subtile en indirekte wyse waarop die SAUK vir Tutu aangeval het, blyk uit *Comment* se kommentaar op Mobil se aankondiging in die begin van April 1986 oor die stigting van 'n fonds vir die bevordering van swart onderwys, klein sake, en plattelandse ontwikkeling.²⁶³ Volgens die SAUK was die Mobil-fonds die mees oortuigende antwoord op die “destruktiwe” beleidsrigtings wat Tutu gepropageer het, 'n “konstruktiwe alternatief” vir vreedsame evolusie na 'n volle demokratiese bedeling.²⁶⁴ Per implikasie was Tutu se sanksieveldtog dus 'n destruktiwe bydrae hiertoe, of andersins 'n konstruktiwe bydrae tot geweldadige rewolusie om 'n totalitaristiese Suid-Afrika te skep. Sonder om hom direk by rewolusie en anargie te betrek, het die SAUK die assosiasie nietemin soos volg bewerkstellig:

Certainly democracy will not emerge from the anarchy and human misery that the revolutionaries and their apologists (*soos Tutu*) are trying to promote. If the extremists (*soos Tutu*) are at all concerned about democratic principles they should be giving much more thought to the effects of the disruptive policies they advocate.²⁶⁵

'n Besoek van Tutu in die helfte van 1988 aan Moskou om feesvieringe van die Russiese Ortodokse Kerk (ROK) by te woon, het nogmaals aan *Comment* geleentheid gebied om hom persoonlik oor sy uitsprake tydens die besoek aan te val. Een stelling soos weergegee deur die Russiese nuusagentskap Tass was dat hy mense van die Sowjet-Unie vir hulle hulp in die stryd teen apartheid bedank het (kyk bv. *Beeld*, 16 Okt. 1986; *Business Day*, 16 Okt. 1986). *Comment* se reaksie hierop weerspieël die sarkastiese en neerhalende trant en styl waarmee die rubriek oor die algemeen in die tagtigerjare op die uitsprake van Tutu gereageer het, naamlik:

"It is tempting at times to think that nothing that Archbishop Desmond Tutu says can still surprise or shock. But he manages continually to disprove any such assumption, as he has now done again in Moscow."²⁶⁶

5.2.3.2 Nelson Mandela

Nelson Mandela se naam duik op in die SAUK se redaksionele kommentare sedert die helfte van die sestigerjare waarin hy as 'n voorstander van geweld, 'n selfverklaarde kommunist, en 'n rewolusionêre leier bestempel word.²⁶⁷ In die tagtigerjare het die veldtog om sy vrylating momentum met die loodsing in 1982 van die "Release Mandela Campaign" in Suid-Afrika en in die buiteland gekry (vgl.

Williams & Hackland, 1988:7). Nadat Staatspresident Botha op 31 Januarie 1985 in die Parlement aangebied om Mandela vry te laat mits hy geweld onvoorwaardelik sou afsweer, en Mandela sy aanbod verwerp het (Mandela, 1994), het die SAUK bepaalde temas herhaal om Mandela as 'n politieke leier te marginaliseer en sy voortgesette gevangenskap te regverdig. Dit het geduur tot die ontmoeting tussen Botha en Mandela in Julie 1989 waarna die Korporasie se waardering van Mandela 'n beduidende kentering ondergaan het.

Vir die grootste deel van die tagtigerjare was dit nietemin Mandela die selfopgeleide martelaar, die selfverklaarde kommunist wat die werkersklas van die kapitalisme deur rewolusie wou bevry, die gewelddenaar wat geen plek en tyd vir vreedsame stryd en onderhandeling gesien het nie, 'n mens wat geen berou gehad het oor die dade wat hom aanvanklik in die tronk laat beland het nie, en iemand wat vanweë sy aanhang van die kommunistiese ideologie nie langs dieselfde vuur as Christene kon sit nie.²⁶⁸ Voorts het *Comment* verskeie kere getuienis gedurende die Rivonia-verhoor in 1964 opgehaal, byvoorbeeld: sy rol in die stigting van die ANC se "terroristevleuel" Umkhonto we Sizwe; sy skulderkenning op aanklagte van sabotasie en sameswering om die Staat deur middel van geweld omver te gooi; die regter wat tydens die verhoor die doodstraf as meer toepaslik vir sy dade bestempel het; en hy en sy medepligtiges wat skuldig bevind is van "having over a hundred plans of targets to be sabotaged and an arsenal of terrorist weapons sufficient to wipe out a city of a quarter of a million people."²⁶⁹

Botha se voorwaarde dat Mandela vir sy vrylating geweld moes afsweer, was volgens *Comment* voor die hand liggend in ooreenstemming met die bedryf van politiek in enige beskaafde land. Mandela se weiering om die aanbod te aanvaar, waarmee hy "willens sy vryheid verbeur" het, het volgens *Comment* per implikasie beteken dat hy nie homself wou onderwerp aan die eise van "beskaafde politieke aktiwiteite" nie. Met sulke argumente wou die SAUK gewig probeer verleen aan sy afkapping van die veldtog om Mandela te bevry. Oor 'n rock-konsert in Junie 1988 in Londen wat deel van hierdie veldtog was, het die Korporasie hom soos volg uitgespreek:

The campaign to glamourise Nelson Mandela - to portray him as an innocent victim - has descended to a new level of emotional silliness nurtured by ignorance.²⁷⁰

Teen April 1989 het die politieke situasie in die land dermate verander dat die vrylating van Mandela nie meer kategorieë deur die SAUK verwerp is nie. Die dooie punt in politieke onderhandelings binnelands wat in geen onbelangrike mate toegeskryf kon word aan selfs gematigde leiers wat die ontbanning van die ANC en die vrylating van Mandela geëis het nie (vgl. Kotzé & Greyling, 1991), asook toenemende internasionale ekonomiese en diplomatieke druk wat onder meer dieselfde verwag het, het die ANC-leier se vrylating 'n kwessie van tyd gemaak. Hoewel die SAUK steeds die redes vir sy volgehoue aanhouding herhaal het, het die Korporasie nietemin begin om die duur daarvan (meer as 'n kwarteeu), sy ouderdom en sy gesondheidstoestand as versagtende faktore te noem.²⁷¹

Die ontmoeting tussen Botha en Mandela in Julie 1989 het laasgenoemde se vrylating 'n stap nader gebring. Een interessantheid in *Comment* is dat hierdie rubriek hom "*Mr Mandela*" na die ontmoeting begin noem het, 'n besliste aanduiding dat Mandela in die oë van die SAUK sy plek in die gematigde politieke spektrum ingeneem het.²⁷² Voortaan sou die Korporasie in sy kommentaar konsentreer op Mandela-uitsprake ter stuwering van vrede en die onderhandelingsproses, die erkenning dat hy 'n belangrike struikelblok in die prekondisies vir onderhandeling was, oor sy rol as 'n prominente politieke leier, en sy beroepe om 'n einde aan "sinelose" geweld te maak.²⁷³ 'n Ietwat teleurgestelde noot word nietemin in *Comment* bespeur ten opsigte van Mandela se uitspraak tydens 'n saamtrek op die aand van 11 Februarie 1990. Op hierdie saamtrek, wat gevolg het na sy vrylating vroeër die dag, het Mandela hom steeds tot die gewapende stryd verbind (kyk *The Star*, 12 Febr. 1990), waarop die SAUK soos volg gereageer het:

Judging by Mr Mandela's remarks last night and in particular his reiteration of the totally unacceptable commitment of the ANC to the so-called "armed struggle", it would appear that the gap has not sufficiently narrowed in respect of the prospects for negotiations as could have been expected following the speech of national reconciliation by the State President 10 days ago and the release of Mr Mandela yesterday.²⁷⁴

Die teenstelling in bogenoemde is duidelik, naamlik De Klerk en versoening/vrede teenoor Mandela en geweld. In die geheel het die SAUK hom na sy vrylating nietemin as 'n gerespekteerde leier met 'n magsbasis en 'n belangrike rolspeler in die vreedsame onderhandelingsproses voorgehou.²⁷⁵

7.3 MARGINALISERING EN STROOMBAAN

Daar is in 2.2.3.2.2.3 verwys na die verskil tussen politieke groepe wat in die politieke hoofstroom beweeg, en groepe aan die rand. In demokratiese samelewings sal politieke partye in 'n parlementêre stelsel tipies hoofstroomgroepe wees, terwyl buiteparlementêre groepe as randgroepe beskou kan word. Laasgenoemde is groepe wat Miliband (1969) "irrelevante eksentriteite" noem, en wat Shoemaker (1984) as politieke deviant identifiseer. Waar 'n groep dus in 'n politieke bedeling geposisioneer is, kan figuurlik op grond van sy plek in die stroom uitgedruk word. Wat media dus in Hallin (1986) se sfeer van deviansie doen, is om sommige groepe in die hoofstroom te plaas, terwyl ander groepe na systrome uitgeskuif word.

Of 'n groep werklik in die hoofstroom hoort, is 'n ander saak. In ware demokrasieë met dominante groepe wat in reële terme die meeste steun geniet, verdien die dominante hoofstroomgroep sy status omdat hy die grootste mate van instemming, of te wel integrale hegemonie, bewerkstellig het. In hierdie geval is minimum dwang nodig om sy dominante posisie in stand te hou. In Suid-Afrika van die tagtigerjare het die hoofstroomgroepe in die breë Suid-Afrikaanse opset beperkte steun geniet, teenoor die buiteparlementêre beweging wat, retrospektiewelik gesien, die oorgrote meerderheid van Suid-Afrikaners verteenwoordig het (vgl. Kotzé & Lourens, 1988).

In hierdie afdeling word gekyk na hoe die SAUK buiteparlementêre groepe na die kante van die politieke stroombaan probeer skuif het. Ses indikatore word in hierdie verband ondersoek. *"Rand"-sionering* kyk na die voorstelling van buiteparlementêre groepe as uiterstes wat mense met gesonde verstand nie behoort te volg nie. *Legitimiteit* ondersoek regstreekse verwysings na die legitimiteit van die hegemoniese orde en die illegitimiteit van die buiteparlementêre beweging. *Uit en in* dek die uit- en insluiting van buiteparlementêre groepe (hoofsaaklik die ANC) ten opsigte van die onderhandelingsproses. *Soort soek soort* behels die assosiasie van ekstreme groepe met mekaar. *Demokrasie* fokus op die voorstelling van die heersende orde as omvattend en die buiteparlementêre beweging as totalitaristies en beperkend. *Isolasie* kyk spesifiek na hoe die SAUK die ANC binne- en buitelands as geïsoleerd voorgestel het.

5.3.1 "Rand"-sionering

Die SAUK se voorstelling van buiteparlementêre groepe as irrelevante aanspraakmakers op seggenskap oor die land se konstitusionele toekoms, is gereflekteer in sy posisionering van hierdie groepe aan die buitenste grense van die politieke toneel. Die ekstremititeit van hulle posisie as randgroepe is verder versterk deur hulle gesonde oordeel in twyfel te trek, asook hulle dade, denke en doelwitte as futiel en fataal voor te hou.

Die tipiese buiteparlementêre persoonlikheid in SAUK-terme was naïef, onredelik, oningelig, skepties, sinies en boweal iemand wat aan gesonde verstand tekortgeskiet het. Hoewel nugterdenkendes die buiteparlementêre naïewes getalsgewys in SAUK-estimasie oorheers het, het die Korporasie nietemin voorsien dat laasgenoemde beduidende skade kon aanrig indien hulle gebrek aan gesonde verstand sou voortduur.²⁷⁶

'n Besonder sterk vorm van marginalisering is om iemand of iets se relevansie of betekenisvolheid af te takel. Miliband (1969) praat van "irrelevant eccentricities" en Gitlin (1995) van "sideshow"; die SAUK het byvoorbeeld van irrelevante griewe, steriele oefeninge, selfvernietigende optrede, futiele protes, teenproduktiewe eise, en doodloopstrate gepraat.²⁷⁷ Diegene wat 'n verband wou sien tussen hervorming en eksterne druk,²⁷⁸ en wat protes- en boikotpolitiek teen die driekamerparlement gevoer het,²⁷⁹ is as *irrelevant* geëtiketteer. Dieselfde het gegeld vir onderwysgriewe,²⁸⁰ argumente oor wie hoeveel mag in die driekamerparlement het,²⁸¹ die meeste van die griewe wat tot die onluste in die Vaaldriehoek aanleiding gegee het,²⁸² een-mens-een-stem in 'n unitêre Staat,²⁸³ verskille tussen die ANC en UDF,²⁸⁴ buiteparlementêre groepe wat deur buitelandse fondse aan die lewe gehou word,²⁸⁵ die ANC vanweë sy gewelddadige metodes en suksesrekord,²⁸⁶ en die kwessies waaroor vakbonde staak.²⁸⁷

In dieselfde asem as relevansie kan *futiliteit* genoem word. Buiteparlementêre optrede wat *Comment* as futiel beskou het, sluit in pogings van organisasies soos die UDF, TIC en NIC om die 1984-verkiesings vir kleurlinge en Indiërs te boikot "omdat dit nie die geringste verskil aan die uitkoms van die verkiesings of die funksionering van die nuwe konstitusionele bedeling sou maak nie",²⁸⁸ skole-onrus wat die SAUK as 'n "steriele oefening" bestempel het,²⁸⁹ woonbuurtgeweld omdat dit "selfverydelend en

-verarmend” was,²⁹⁰ en die besoek van 'n groep Suid-Afrikaners aan Dakar “want dit het nie die ANC oorreed om sy gewapende stryd te los nie”.²⁹¹

Andersins het sulke organisasies volgens *Comment* die hervormingsbus verpas, hulself vervreem, geïsoleer, vernietig, mislei, magteloos gemaak, en in doodloopstrate gemaneuvreer. Die marginaliteit van die gewapende stryd, wegbly-aksies, stakings, en dialoog met die ANC is onderstreep met oordele soos teenproduktief, vrugteloos, verlore, sinneloos, en selfmoordagtig.²⁹²

Die SAUK se onderspeling van buiteparlementêre groepe as deel van die politieke soom het vir die grootste deel van die tagtigerjare geskied deur die beskrywing van hierdie groepe as radikales, faksies, ekstremiste, alternatief, vêrlinks of vêrregs, en klieke wat rewolusionêr, ideologies en magshonger was.²⁹³ Verskillende verbuigings van ekstreem soos ekstremes, ekstrimistiese faksies, ekstremiste, en ekstremisme was meesal gebruik om die randstatus van sowel linkse as regse groepe te beklemtoon. Hoewel regse groepe in vergelyking met linkse buiteparlementêre groepe nie baie dekking in *Comment* geniet het nie (kyk 2.2.3.2.1), het die SAUK wat die gebruik van ekstremisme betref, dit meesal op albei randgroepe van toepassing gemaak.²⁹⁴

Soms is ekstra gewig aan die randeïenskap van groepe verleen deur hulle as misdadigers te bestempel,²⁹⁵ asook om hulle as deel van die waansinnige ("lunatic") en buitenste ("outermost") rande van die politieke stelsel voor te hou.²⁹⁶ Randgroepe is ook gekontrasteer met die middelgrond, spektrum en sentrum wat gematig, breed en die meerderheid was.²⁹⁷ Deur verskillende "rand"-sionerende begrippe te kombineer en die omvang van steun by te voeg, het *Comment* geen onduidelikheid gelaat oor buiteparlementêre groepe se posisie nie, byvoorbeeld:

This reign of terror is an extreme manifestation of leftist radicalism - a desperate attempt at any price to subvert the policy of reform, negotiation and consensus. The large body of reformists cannot allow itself to be thwarted or diverted by an extremist minority.²⁹⁸

Rondom die ontmoeting van Botha en Mandela in Julie 1989 het *Comment* die posisie van buiteparlementêre groepe in die politieke stroombaan begin herdefinieer. Etlike klemverskuiwings kan waargeneem word. Eerstens het die SAUK voorsiening gemaak dat sommige buiteparlementêre groepe wel na die middel van die hoofstroom

kon beweeg. In die begin van Julie 1989 praat *Comment* byvoorbeeld van 'n belangrike verskuiwing wat oor die breë spektrum plaasgevind het, en waarin die eens "onversetlike" buiteparlementêre beweging ook hulle strategieë heroorweeg "to avoid being left behind."²⁹⁹ Tweedens het die SAUK 'n duidelike onderskeid begin tref tussen die Mandela- en uitgeweke variasies van die ANC. Laasgenoemde is in die politieke soom gehou, terwyl Mandela nader aan die gematigde spektrum gebring is.³⁰⁰ Derdens het verskillende permutasies van posisionering na gelang van gebeure in die politieke omgewing ontwikkel. Ofskoon geen buiteparlementêre groep vir die duur van *Comment* as 'n ware en gematigde hoofstroomgroep beskou is nie, het die rubriek byvoorbeeld die volgende onderskeidings getref: tussen meer radikales en minder radikales, tussen die binnelandse en buitelandse ANC, tussen ekstreme militariste en die res van die uitgeweke ANC, en tussen die ANC in sy geheel en die PAC. Laasgenoemde onderskeid moet gesien word in die lig van meer versoenende seine wat die ANC oor aspekte soos nasionalisering, minderheidsregte en onderhandeling na 2 Februarie 1990 gestuur het (vgl. bv. Van der Berg, 1990). Die mate waarin die SAUK egter in hierdie stadium die ANC weg van die politieke soom geplaas het, blyk uit die volgende waardering van *Comment*:

The outcome of the developments of the past fortnight in so far as they pertain to the African National Congress as one of the negotiation partners is that, unlike the Pan-Africanist Congress, for example, the A.N.C. does not now stand for an all-or-nothing transfer of power; it will place less emphasis on the so-called "armed struggle"; and it has moved closer towards participation in negotiations.³⁰¹

5.3.2 Legitimiteit

Die gebruik van die konsep legitimiteit (vgl. 2.2.3.2.2.3) in *Comment* het drie verskillende aspekte aangespreek: eerstens die legitimiteit van Suid-Afrikaners se griewe, belange, regte, aansprake en aspirasies; tweedens die legitimiteit van politieke metodes en optrede; en derdens die legitimiteit van instellings soos die Parlement teenoor buiteparlementêre groepe. Dit is veral die laaste kategorie waarop hierdie afdeling sal fokus.

Wat eersgenoemde kategorie betref, het die SAUK byvoorbeeld die volgende as legitiem beskou: swartes se politieke eise, botsende politieke eise van groepe, aspirasies van diverse gemeenskappe, sommige onderwysgriewe, sekere griewe van

mense in Vaaldriehoek, en belange van gevestigde en aspirasies van nuwe swart gemeenskappe in die stede. Voorts ook individuele en groepseise, die media se reg om verslag oor rewolusionêre aktiwiteite te doen, maar 'n gelyke legitieme reg van die Staat om te verseker dat sulke beriggewing nie nasionale veiligheid, wet en orde, en die lewens en veiligheid van onskuldige mense bedreig nie.³⁰² In die geheel het legitimiteit nietemin ingepas by die SAUK se promovering van die Staat se WHAM-strategie, met ander woorde om die belangrikheid van die oplossing van werklike politieke en maatskaplike griewe naas veiligheidsoptrede te beklemtoon.³⁰³

Die SAUK se standpunte oor die legitimiteit van buiteparlementêre groepe se optrede en metodes moet beoordeel word in die konteks van die Korporasie se verbintenis tot konsensuspolitiek en sy onderskeid tussen legitieme kritiek en kritiek wat hy genoem het “propaganda” om byvoorbeeld die sosiale orde te ondermyn, nasionale veiligheid in gevaar te stel, en om pogings van “demokrate” wat 'n vreedsame begrip van verandering en ontwikkeling wou bewerkstellig, onmoontlik te maak.³⁰⁴ Derhalwe het die SAUK konsensuspolitiek gesien as die enigste legitieme metode om “verlammende konflik” in 'n heterogene samelewing te ontfont.³⁰⁵

Hierteenoor het die SAUK buiteparlementêre metodes van organisasies soos die UDF, TIC, NIC, ANC en vakbonde gestel. Klem is gelê op buiteparlementêre strategieë om die land onregeerbaar te maak,³⁰⁶ alternatiewe burgerlike beheerstrukture in te stel,³⁰⁷ burgerlike ongehoorsaamheid,³⁰⁸ en kritiek teen en aanvalle op veiligheidsmagte en regionale owerheidsinstellings sodat die indruk gewek kon word dat die Regering nie meer in staat was om die land behoorlik te regeer nie.³⁰⁹

Die idee van buiteparlementêre metodes as oënskynlike legitieme politieke aktiwiteite word herhaal in die SAUK se kommentaar op die uitspraak in die Delmas-verhoor in November 1988 (vgl. *Financial Mail*, 25 Nov. 1988; *South African Outlook*, Dec. 1988) waartydens etlike UDF-leiers aan hoogverraad of terrorisme skuldig bevind is.³¹⁰ Maar minder as 'n jaar later het 'n kentering in die Korporasie se posisie jeens politieke protes plaasgevind. Dit was na De Klerk se oorname en die Regering se instemming tot 'n protesoptog in Kaapstad op 13 September 1989. Hierdie stap het volgens *Comment* hoop gebied vir die normalisering van die situasie rondom buiteparlementêre aktiwiteite.³¹¹ Namate staatsgesanksioneerde protesoptogte en saamtrekke onder die De Klerk-bewind toegeneem het (vgl. RRS, 1989/90), het die

SAUK nie-gewelddadige protes as 'n legitieme manier gesien om politieke standpunte uit te druk.³¹² De Klerk se toespraak op 2 Februarie 1990 is ook as “niks minder” as die normalisering van die politieke arena bestempel nie - met leiers en bewegings wat voortaan vry sou wees om “legitieme politieke aktiwiteite” te bedryf.³¹³

Die SAUK se standpunte oor die legitimiteit van instellings het grotendeels gehandel oor die Parlement as die instrument van gesag en verandering. Die aanspreek en verdediging van hierdie kwessie is genoodsaak deur politieke krisisse in die tagtigerjare wat die legitimiteit van die politieke stelsel in sy geheel en die driekamerparlement in die besonder bedreig het, byvoorbeeld: die UDF-geïnspireerde veldtog om kleurling- en Indiërverkiesings in 1984 te boikot (vgl. Kotzé & Greyling, 1991), Van Zyl Slabbert se bedanking as opposisie-leier en parlamentslid in 1986 (vgl. Slabbert, 1989), internasionale ekonomiese en politieke druk (vgl. Davenport 1991), groter diplomatieke erkenning vir die ANC (vgl. Lodge, 1989), boikotveldtoë teen blanke verkiesings in 1987 en 1989 asook die landwye munisipale verkiesings in 1988 (vgl. Davenport, 1991), en die algemene gestagneerde onderhandelingsproses (kyk 4.2.2.1) wat konstitusionele vordering in die tagtigerjare en begin van die negentigerjare lamgelê het (vgl. Kotzé & Greyling, 1991).

Die nuwe konstitusionele bedeling van 1983 het sy eerste legitimiteitstoets geslaag met die referendum in daardie jaar toe die oorgrote meerderheid blankes ja vir parlementêre akkommodasie van kleurlinge en Indiërs gestem het. Die SAUK het die uitslag as die manifestering van die nuwe bedeling se legitimiteit bestempel.³¹⁴ Maar hier was net blankes ter sprake, en onder kleurlinge en Indiërs het groepe soos die UDF, TIC en NIC hoogs sigbare veldtoë gevoer om die kiesers van die stembus weg te hou. Die deelnemers aan die nuwe bedeling was dus gekonfronteer met 'n moontlike legitimiteitskrisis as voldoende stempersentasies nie sou realiseer nie. Vandaar die SAUK se poging om kiesers te laat registreer en stem (kyk 3.3.2.1), asook sy rasionalisering van die legitimiteit van die driekamerparlement ongeag of die boikotveldtog sou slaag.

Op die vooraand van die verkiesings in Augustus 1984 het die Korporasie boikotters gewaarsku dat hulle aktiwiteite geen effek op die funksies, magte en doeltreffendheid van regering sou hê nie:

It is not those who abstain from voting but those who actually go to the polls who will determine the outcome. And it is those whom the people vote into Parliament who will have the political power. It is they who will be making the crucial decisions on the future evolution of the Coloured and Indian communities and on national affairs in general. The boycotters will by their actions have eliminated themselves as a force in that process. They will have condemned themselves to political impotence, while matters that are of fundamental importance to their people are being debated and legislated for by others. The shortcomings that they believe exist in the system and the changes that they espouse may or may not feature in the actions of the new Parliament. That will depend on the policies of the parliamentary representatives, policies that will be determined by the priorities of those who voted them into office and certainly not by those who remained outside the system.³¹⁵

Bogenoemde aanhaling bevat die kern van die SAUK se standpunt oor die legitimiteit van die driekamerparlement en die illegitimiteit van diegene wat die stelsel geboikot het. Hierdie standpunte is herhaal nadat groot minderhede kleurlinge en Indiërs in die Augustus-verkiesings gestem het. Vir die SAUK het "al" die aksie in die Parlement plaasgevind, die plek waar besluite wat saak maak geneem word, waar die toekoms bepaal word, waar die politieke magspel gespeel word. Die "raserige negativiste" wat hulself buite die "demokratiese proses" geplaas het, moes hiermee verlies neem - dít was die boodskap wat die SAUK oorgedra het.³¹⁶

Kort na die opening van die Parlement in Februarie 1986 het Van Zyl Slabbert as leier van die PFP bedank omdat hy die driekamerparlement as 'n "hopelose en mislukte" konstitusionele eksperiment bestempel het. Hy sou hom voortaan buite die Parlement vir hervorming beywer (kyk Slabbert, 1989). *Comment* het Slabbert se kritiek as 'n mosie van wantroue in die relevansie van die driekamerparlement om verandering teweeg te bring, bestempel. Wat die SAUK voorts gedoen het, was om Slabbert se stap en voornemens onmiddellik binne die buiteparlementêre kader met die ANC as hoofspeler te plaas. Die aanknopingspunt was die ANC se verwelkoming van Slabbert se besluit (vgl. *City Press*, 9 Febr. 1986) wat volgens die SAUK gewig verleen het aan ANC-propaganda oor die Parlement as 'n irrelevante instelling en dat "the ANC itself and its extra-parliamentary collaborators in South Africa are the real agents for change."³¹⁷ Die teenargument van die Korporasie was egter dat vreedsame, ordelike en demokratiese verandering slegs deur die Parlement kon geskied.

Konstitusionele verandering deur die Parlement was die “eerste ononderhandelbare”, het *Comment* aangevoer.³¹⁸

Ondersteuning van die Parlement as die sentrum van mag en verandering, asook die verwerping van die ANC en ander buiteparlementêre groepe as legitieme veranderingsagente, is te vind in die SAUK se kommentaar op verskeie politieke kwessies en gebeure gedurende die tweede helfte van die tagtigerjare, byvoorbeeld: buitelandse befondsing van buiteparlementêre groepe,³¹⁹ internasionale druk om die ANC as 'n legitieme rolspeler in konstitusionele onderhandelings te akkommodeer,³²⁰ dié organisasie se weiering om geweld as 'n politieke metode af te sweer,³²¹ en nouer skakeling tussen die ANC en Suid-Afrikaanse groepe buite die buiteparlementêre raamwerk.³²²

Groepe wat vir hul finansiële heil van oorsese borge afhanklik was, het volgens die SAUK nie die status van legitieme deelnemers aan die binnelandse demokratiese prosesse verdien nie.³²³ Erkenning van sulke groepe sou 'n erkenning van buitelandse inmenging en die gevolglike ontkenning van die land se soewereiniteit wees. Daarom het politieke mag in die Parlement gelê, by die mense en partye wat op eie materiële stoom steun onder Suid-Afrikaners verwerf het, en nie by "extra-parliamentary groups that have huge budgets provided by overseas do-gooders."³²⁴

Die mate van buitelandse steun het ook as maatstaf gedien vir wat die SAUK "nuttige" buiteparlementêre groepe genoem het.³²⁵ Teenoor hierdie groepe het ander gestaan wat "vasgevat" moes word omdat dit in *Comment* as 'n bedreiging van die demokrasie voorgehou is. Die argument van die SAUK het in breë trekke soos volg gelui: buiteparlementêre het 'n belangrike rol om in 'n demokratiese samelewing te vertolk. Terwyl die Parlement, wat uit verkose verteenwoordigers van die mense bestaan, te alle tye die soewereine mag in die land moet wees, het buiteparlementêre groepe wat bepaalde gemeenskapsbelange verteenwoordig, 'n belangrike funksie om maatskaplike, ekonomiese en selfs politieke doelwitte te bevorder. Maar in Suid-Afrika het die opbou van eksterne druk om die bestaande orde omver te werp saamgeval met toenemende betrokkenheid deur buitelandse regerings en instellings in die aktiwiteite van sommige buiteparlementêre groepe in Suid-Afrika. Hierdie betrokkenheid hang in 'n groot mate van enorme bedrae geld af wat aan sulke groepe geskenk word. Hulle legitimiteit is dus in die gedrang omdat (a) Suid-Afrikaners hulle eie oplossings sonder

buitelandse inmenging moet soek, en (b) omdat 'n soewereine Parlement met verkose Suid-Afrikaners bestaan wat alleen oor toekomstige konstitusionele bedelings kan besluit. Legitieme buiteparlementêre groepe erken dus hierdie bedeling en hulle bevorder die parlementêre proses, teenoor illegitieme groepe wat probeer om met behulp van oorsese gewes en onparlementêre metodes politieke mag te gryp.³²⁶

Die verband tussen politieke metode en legitimiteit kom ook na vore in SAUK-standpunte oor die ANC se gewapende stryd. Sy reaksie op binnelandse en buitelandse versoeke om die ANC in die onderhandelingsproses te betrek, het grotendeels gesentreer om die onhaalbaarheid daarvan mits die organisasie afstand van die geweldsopsie doen. Derhalwe het *Comment* pogings van Amerika en ander westerse lande om die ANC as 'n legitieme deelnemer in die demokratiese debat in Suid-Afrika uit te beeld, as futiel bestempel.³²⁷ Die produk van die SAUK se koppeling van geweld, demokrasie en legitimiteit was 'n illegitieme ANC.³²⁸ In Margaret Thatcher se weiering om met die IRL te onderhandel (vgl. Riddell, 1991:181),³²⁹ het die SAUK versterking gekry vir sy standpunt dat dialoog of onderhandelings met terroriste-organisasies (en volgens die Korporasie was die ANC só 'n organisasie - sien 5.4.1) onvermydelik tot gevolg gehad het dat 'n mate van legitimiteit aan geweld as 'n politieke metode toegeken word, wat op die beurt sulke organisasies legitieme deelnemers maak in die einste sisteem wat hulle "verag en wil vernietig".³³⁰

Suid-Afrikaanse groepe wat met die ANC in Suider-Afrika en elders in die buiteland gaan praat het, het nie alleen in SAUK-denke die beleg van die Staat se legitimiteit vererger nie, maar ook die legitimiteit van die ANC verhoog. *Comment* se verklaring oor hoekom die ANC geneë was om hierdie groepe te ontvang, het gefokus op die rol van publisiteit en propaganda om die ANC as die enigste legitieme verteenwoordiger van die mense van Suid-Afrika voor te stel.³³¹ Die SAUK het ook 'n waarskuwing van die Staatspresident in die begin 1987 (Hansard, 1987, kol. 256-262) oor die ANC se manipulerings van legitieme organisasies in Suid-Afrika om 'n "wit koalisie" of 'n "wit front" te skep, ter harte geneem. Die doel van wat die SAUK hierdie "sinistêre nuwe taktiek" genoem het, was die volgende:

The overall objective of the A.N.C.'s new strategy is very clear: it is to infiltrate its own policies into organisations within South Africa so that those policies can come to be regarded as legitimate and acceptable. The plan is then that, by extension, and over a period of time, the policies of the African National Congress - and the

A.N.C. itself - will come to be regarded as legitimate and acceptable; and the African National Congress acknowledged as the authentic voice of South Africa.³³²

Veral die Dakar-groep in Julie 1987 (Giliomee, 1987b) en die rugbygroep in Oktober 1988 (RRS, 1988/89:40) het onder kritiek van die SAUK deurgeloop dat hulle die legitimiteit van die ANC verhoog het.³³³

Soos tot dusver by herhaling in hierdie studie aangetoon is, het daar aan die einde van die tagtigerjare om redes reeds verstrek 'n kentering in die SAUK se houding jeens buiteparlementêre groepe plaasgevind. Hierdie verandering was ook ten opsigte van dié groepe se legitimiteit. Teen Augustus 1989 het *Comment* erken dat daar plek in 'n demokratiese samlewing is vir groepe waarvan hy tot dusver die bestaansreg ontken het,³³⁴ in Oktober 1989 verklaar die SAUK dat die tempo van konstitusionele verandering van parlementêre én buiteparlementêre faktore afhang;³³⁵ en teen Februarie 1990 word die breë spektrum van buiteparlementêre organisasies as verteenwoordigende deelnemers aan gestruktureerde onderhandelings aanvaar.³³⁶ Die legitimiteit van hierdie eens illegitieme groepe was dus in hierdie stadium 'n gegewe.

5.3.3 Uit en In

Hierdie afdeling fokus op die SAUK se redaksionele strategie om die ANC aanvanklik as 'n deelnemer aan die onderhandelingsproses uit te sluit, en daarna die organisasie op 'n gekwalifiseerde wyse by die proses te betrek (vgl. 2.2.3.2.2.3). Tydsgewys span kategorieëse uitsluiting van die ANC oor die grootste deel van die tagtigerjare, terwyl gekwalifiseerde insluiting deur *Comment* eers aan die einde van hierdie dekade begin plaasvind het. Lodge (1987, 1989) wys ook daarop dat die ANC se strategie van "dual power" (gewapende stryd plus intene volksopstand) hoogty in die jare 1984-1986 gevier het, en dat die aard en omvang van die onluste onderhandeling as 'n opsie buite rekening gelaat het. Maar die onderdrukking van verset na die landwye noodtoestand in 1986 het die ANC en sy binnelandse bondgenote tot ander insigte gebring. 'n Besef dat 'n rewolusie nie op hande was nie, en dat die gewapende stryd alleen nie die Regering omver gaan werp nie (kyk bv. Lodge, 1987:10), het die ANC ondanks interne verskille oor onderhandeling genoop om definitief in die later tagtigerjare in daardie rigting te beweeg.

Daar is reeds in 4.2.3 verwys na die "no win"-situasie wat in die tweede helfte van die dekade vir die buiteparlementêre beweging sowel as die Regering ontwikkel het (kyk Hyslop, 1989). Lodge (1989) wys daarop dat benewens die invloed van 'n mislukte tweeledige strategie, daar in elk geval in die ANC aanhang vir die ouer tradisie van onderhandelde skikking en konstitusionele rekonstruksie was, en dat die aanhangers hiervan die Suid-Afrikaanse Regering na die onderhandelingsstafel wou dwing. Dit verklaar daarom deels ook die eksplisiete bereidwilligheid van die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee (NUK) in Oktober 1987 om onder sekere voorwaardes te onderhandel (vgl. Lodge, 1989; Esterhuyse, 1990a), die ontvangs van 'n groeiende aantal Suid-Afrikaanse groepe, en ander politieke voetwerk van die ANC om sy steun vir 'n onderhandelde skikking te demonstreer.

Lodge (1989) meen ook dat die ANC se onderhandelingsinisiatiewe geskied het te midde van 'n nugtere akademiese debat in die organisasie oor onderhandeling aan die een kant, en die retoriek en slagspreuke van stryd en rewolusie in ANC-spreekbuise soos *Sechaba* en *Radio Freedom* aan die ander kant. In die uitsluitingsfase het die SAUK op laasgenoemde gekonsentreer, en dit was eers laat in 1989 dat die Korporasie meer akkommoderend teenoor die onderhandelingsgesindes geword het. Soos in 5.1.7.3 bespreek, het *Comment* sulke verskille gebruik om die kohesie van die ANC bedenklik te maak. Maar volgens Lodge (1988:251) was daar nie 'n verdeling tussen radikales en gematigdes nie, "but rather a difference separating realist from romantics, both of which categories may embrace a variety of ideological combinations."

Wat die SAUK se marginalisering van die ANC se onderhandelingsrol betref, is die volgende inhoudelike tendense waargeneem: 'n ondubbelsinnige uitsluiting van die ANC en buiteparlementêre bewegings vanweë hulle aanhang van geweld as politieke metode asook die ANC se kommunistiese verbintenisse, 'n stelselmatige intrekking van binnelandse buiteparlementêre groepe terwyl die ANC buite gehou word, die intrekking van die gematigde of nasionalistiese vleuel van die organisasie maar die uitsluiting van die onversetlikes, die insluiting van die ANC in sy geheel as een van verskeie minderhede wat aan die proses moet deelneem, en laastens die ANC as volle deelnemer wat inisiatiefgewys tweede viool moet speel.

Die goue draad in die SAUK se standpunte oor die rol en plek van die ANC in die onderhandelingsproses was die organisasie se volharding met sy verbintenis tot die

gewapende stryd selfs nadat die organisasie in 1990 ontban is (vgl. Lodge, 1992). Die algemene SAUK-argument was dat geen demokratiese regering bereid sou wees om met organisasies te onderhandel wat die proses met geweld wou intimideer nie. In sterker terme het die Korporasie byvoorbeeld gesê dat daar nie “oor die loop van 'n geweer in 'n nes van terroriste” onderhandel kon word nie,³³⁷ dat 'n demokratiese regering nie sy hand van vriendskap kon uitreik na die “beplanners en aanhitters van koelbloedige moord op onskuldiges” nie,³³⁸ en dat die daarstelling van die regte onderhandelingsklimaat nie verseker sou word “by succumbing to the fraud of a negotiating situation in which every democratic participant would find himself talking with a gun held to his head.”³³⁹

In 'n mindere mate het *Comment* die ANC se bande met SAKP en die Sowjet-Unie as 'n diskwalifikasie aangebied. Nadat Mandela die Staatspresident se offer om sy vrylating van die hand gewys het, het die rubriek Mandela se verbintenis tot geweld as 'n politieke metode met ANC se Moskou-konneksie verbind. *Comment* het geredeneer dat om deel te word van 'n vreedsame proses om die demokrasie te verbreed nie hoog op die ANC se agenda was nie omdat die Kremlin die organisasie se politieke doelwitte beheer het.³⁴⁰ Volgens die SAUK het die internasionale kommunisme demokrasie gebruik om demokrasie te vernietig,³⁴¹ en tensy die ANC sy wapens neerlê en sy bande met die SAKP verbreek,³⁴² kon geen ruimte vir die organisasie in die onderhandelingsproses en die nuwe konstitusionele bedeling geskep word nie.³⁴³

Internasionale en binnelandse druk op die Regering om met die ANC te onderhandel, is deur die SAUK vanweë die geweldskwessie as futiel, absurd, naïef, tydmors, 'n kontradiksie in terme, irrasioneel, en onaanvaarbaar vir alle redelike Suid-Afrikaners bestempel.³⁴⁴ Groepe soos die Dakar-afvaardiging het veral deurgeloop omdat hulle nie die ANC kon oorreed om sy veldtog van geweld in die Republiek te beëindig nie (vgl. De Villiers, 1987), waarop *Comment* soos volg gereageer het:

So much for the public relations effort to portray the ANC as a body of enlightened and reasonable men, open to discussion and persuasion. There can now no longer be any doubts about the futility of the endeavour.³⁴⁵

Wie die inisiatief in onderhandelings tussen die Regering en die ANC moes neem, was nog 'n kwessie waaroor *Comment* sterk standpunt ingeneem het. Dit was veral na aanleiding van westerse lande wat in die tweede helfte van die tagtigerjare

toenemend druk op Suid-Afrika geplaas het om die inisiatief te neem (vgl. bv. Vale, 1990). Gegewe Botha se aanbod aan Mandela, asook die ANC se weiering om die gewapende stryd te los, het die SAUK die ANC se uitsluiting aan sy eie toedoen toegeskryf. In verskeie uitsendings kom uitdrukkings voor soos "diskwalifiseer homself",³⁴⁶ "sluit hulleself uit",³⁴⁷ "die bal is in die hande van die ANC",³⁴⁸ "Mandela slaan self die deur toe",³⁴⁹ en "die ANC plaas homself deliberaat buite 'n onderhandelde skikking".³⁵⁰ In reaksie op toenemende aandrang op onderhandelings met die ANC, het die Buro van Inligting se publikasie oor dialoog met die ANC (vgl. 3.2.2.2) in Junie 1986 onder meer die organisasie se verbintenis tot geweld en sy bande met die SAKP en UDF uiteengesit (Buro vir Inligting, 1986). Die slotsom van die SAUK se kommentaar op sake aangespreek in die publikasie was dat die ANC nie onderhandeling as 'n alternatief vir geweld beskou het nie:

They do not regard it as a political approach which flows from commitment to democratic values and which therefore necessarily excludes violence. Indeed, the ANC, in stating its own case, defines itself out of any process of democratic change in South Africa.³⁵¹

Die SAUK het beklemtoon dat die ANC se beleid oor geweld en onderhandeling nie op hom afgedwing was nie, maar dat die organisasie dit willens so verkies het.³⁵² Met sy uitnodiging aan almal wat geweld afsweer om te onderhandel (vgl. Botha in Abeldas & Fischer, 1987:517), wou die Regering volgens die SAUK nie 'n spesifieke politieke bedeling aan die onderhandelaars opdwing nie, maar 'n oop agenda daarstel.³⁵³ Die ANC moes dus geweld afsweer om te kon deelneem aan onderhandelings, en nie om 'n voorgeskrewe bedeling te aanvaar nie.³⁵⁴ Maar hier het die politieke knoop gelê omdat die Regering adamant oor aspekte soos groepsregte, die beskerming van minderhede en die vrye ondernemingstelsel was, terwyl die ANC dit verwerp het (vgl. Esterhuyse, 1990b). Vandaar ook die SAUK se nadruk op 'n onoorbrugbare gaping tussen die twee partye; 'n kloof tussen 'n vredeliewende regering en 'n gewelddadige versetbeweging,³⁵⁵ tussen kapitalisme en wetenskaplike sosialisme,³⁵⁶ tussen demokratiese en totalitêre filosofieë,³⁵⁷ tussen voorstanders van 'n vreedsame beslegting van geskille en die manipuleerders van onderhandeling as maar net "nog 'n slagveld om politieke mag met geweld te gryp".³⁵⁸

Deur op bogenoemde onversoenbaarhede te fokus, wou die SAUK enersyds onderhandeling met die ANC as futiel voorstel, en andersyds die Regering se strategie bevorder om 'n politieke skikking sonder die ANC te bereik (vgl. Friedman, 1990). Daarom het die Korporasie gerasionaliseer dat net soos die Britse politieke stelsel nie die IRL verteenwoordig het nie, 'n Suid-Afrikaanse bedeling ook die ANC kon uitsluit.³⁵⁹ En as dit 'n internasionale beginsel was om nie met terroriste te onderhandel nie (soos die geval van Thatcher en die IRL), hoekom moes Suid-Afrika met die ANC onderhandel, het *Comment* geredeneer.³⁶⁰

Seine wat die ANC in 1987 uitgestuur het dat hy voorwaardelik sou onderhandel (sien Lodge, 1989), is nie deur *Comment* as 'n opregte soeke na 'n vreedsame, onderhandelde en demokratiese skikking vertolk nie, maar as gevolg van 'n besef dat die rewolusie en onregeerbaarheidstrategie misluk het, en ook omdat die internasionale gemeenskap (waaronder die Sowjet-Unie) die ANC gedwing het om 'n alternatief vir sy "vrugtelose" gewapende stryd te vind.³⁶¹ In hierdie opsig stem die SAUK se vertolking ooreen met die van skrywers soos Lodge (1989, 1992) en Hyslop (1989) wat ook internasionale druk en beperkte militêre welslae as belangrike motiverings bestempel het.

Kategorieëse uitsluiting van die ANC as onderhandelaar het tot aan die einde van 1989 in *Comment* voortgeduurt, hoewel die rubriek na die ontmoeting tussen Botha en Mandela duidelik die Mandela-groep van die onversetlikes onder die uitgewekenes begin onderskei het. Gedurende die laaste twee jare van die dekadete het die SAUK ook stelselmatig binnelandse buiteparlementêre groepe as deel van die onderhandelingsproses gesien. Benewens verskeie verwysings na 'n gunstiger onderhandelingsklimaat,³⁶² het *Comment* ook samesprekings tussen regeringslui en buiteparlementêre afvaardigings aan die groot klok gehang. In Februarie en Oktober 1989 het De Klerk samesprekings met onderskeidelik kerkleiers en vooraanstaande gemeenskapsleiers van Soweto gevoer (RRS, 1989/90:130), en in die begin van daardie jaar het Adriaan Vlok, Minister van Wet en Orde, regs- en kerklui ontmoet om 'n hongerstakingskrisis onder aangehoudenenes te ontlont (RRS, 1989/90:156). *Comment* het hierdie gebeurtenisse as tekenend van 'n "nuwe gees" onder Suid-Afrikaners vir 'n onderhandelde skikking bestempel.³⁶³

Een binnelandse openbare figuur wat die SAUK uitgesonder het om die nuwe gees te illustreer, was Stanley Mogoba, huidige (1997) president van die PAC, en destydse president van die SAIRR, asook leier van die Metodiste Kerk van Suider-Afrika. In Maart 1988 het hy in Harare gevra vir konkrete voorstelle om alle partye om die onderhandelingsstafel te kry (RRS, 1988/89:726), en in Augustus 1989 het Mogoba in 'n pastorale brief apartheid veroordeel maar ook Metodiste gevra om hulle nie by geweld te laat insleep nie (RRS, 1988/89:728). Synde 'n bekende en uitgesproke teenstander van die Regering, kon die SAUK sy uitsprake gebruik om die idee van 'n meer inklusiewe onderhandelingsproses te versterk.³⁶⁴

Hierteenoor het die SAUK in wisselende mate van ondubbelsinnigheid die ANC as 'n vervreemde buitestaander voorgestel, byvoorbeeld: daar kan geen akkommodasie wees tussen die ANC en diegene binne Suid-Afrika wat hulle tot demokratiesgebaseerde hervormings verbind het nie (Augustus 1988);³⁶⁵ om te strew vir die ANC se insluiting in die demokratiese proses is om saam te sweer om demokratiese norme te vernietig (November 1988);³⁶⁶ die ANC word gediskwalifiseer deur sy eie ideologie en dade en geen mate van polering en herstrukturering sal hom meer aanvaarbaar maak nie (Februarie 1989);³⁶⁷ om te praat met 'n organisasie wat in die een hand 'n olyftak hou terwyl hy die ander hand agter sy rug gebruik om wapens versprei, is duidelik 'n futiele oefening (April 1989).³⁶⁸

Die ontmoeting tussen Mandela en P.W. Botha in Julie 1989 en die vrylating van Sisulu en ander in Oktober daardie jaar, het 'n nootverandering in die SAUK se standpunt oor ANC-deelname aan die onderhandelingsproses teweeggebring. Teenoor die klem op Mandela as 'n voorstander van 'n vreedsame oplossing, het die Korporasie die uitgewekenes geposisioneer, synde diegene wat na die mening van *Comment* nie by vreedsame onderhandelings betrek kon word nie vanweë hulle aanhang van verandering deur rewolusie.³⁶⁹ Hoewel albei ANC-leiers nie geweld as 'n politieke metode wou verwerp nie, het die SAUK hierdie houding bloot as “oudmodies” en behorende tot 'n “vergange” era bestempel³⁷⁰ (vgl. ook 5.5.2).

Daarteenoor het die Korporasie heftig gereageer op uitgeweke ANC-leiers wat in Augustus 1989 hulle geweldstrategie herbevestig het (RRS, 1988/89:677-678). In wat *Comment* beskryf as 'n “klimaat van versoening waarin wye ooreenstemming oor die dringendheid van onderhandelings bestaan het”, het die onversetlikes as dominante

faksie in die ANC se uitgeweke leierskap met hulle houding en optrede volgens die SAUK lynreg gebots teen die Regering se staande beleid om nie met partye te onderhandel wat hulle tot terreur, geweld en rewolusie gewend het nie (vgl. Heunis in Abeldas & Fischer, 1987:503).³⁷¹ Dus moes die (uitgeweke) ANC eers sy verbintenis tot geweld en rewolusie opsê om tot die demokratiese proses van onderhandeling en versoening toegelaat te word.³⁷² So nie, moes hulle en ander geweldsvoorstaaers vir eens en altyd geskei word:

Those who hide behind democratic slogans in order to conceal their real objective of gaining political power through confrontation, conflict and violence must be separated once and for all from those who sincerely want to join the quest for peace and a fair and just dispensation for all South Africans.³⁷³

Die mate waarin die SAUK die positiewe onderhandelingsklimaat as 'n gegewe aanvaar het, blyk uit *Comment* se beklemtoning van 'n dooie punt nie oor onderhandeling nie, maar oor prekondisies (bv. noodtoestand, die vrylating van Mandela, die ontbanning van die ANC en ander groepe) wat werklike onderhandelingsvertraag het. De Klerk het volgens die rubriek deur sy toelating van die optog in Kaapstad in September 1989 bewys dat hy erns het om struikelblokke in die pad van onderhandeling uit die weg te ruim.³⁷⁴ Derhalwe het die SAUK van parlementêre sowel as buiteparlementêre leiers 'n gemeenskaplike verantwoordelikheid verwag om 'n klimaat vir vreedsame onderhandeling te skep.³⁷⁵ In hierdie stadium (einde Oktober 1989) het die SAUK reeds die ANC in sy geheel as deel van die buiteparlementêre komponent in die onderhandelingsproses begin sien.³⁷⁶ Enersyds het die Korporasie erkenning gegee aan die organisasie se ondersteuningsbasis onder Suid-Afrikaners,³⁷⁷ en andersyds het hy die ANC as 'n noodwendige deelnemer aanvaar:

It is now generally accepted that the ANC must be one of the parties to the negotiations that must eventually take place on a new political and constitutional dispensation.³⁷⁸

Hoewel *Comment* tot sy einde in die begin van Maart 1990 volgehou het om die ANC se verbintenis tot onderhandeling te betwyfel,³⁷⁹ en steeds gepoog het om die binnelandse komponent van die ANC as die werklike onderhandelaar voor te hou,³⁸⁰ het die fokus van die SAUK se redaksionele standpunt verskuif na die ANC as maar een van baie ander organisasies met 'n ondersteuningsbasis, en dat die ANC een van baie partye aan die onderhandelingsstafel sou wees.³⁸¹ Van 'n situasie met die Regering

aan die een kant, en die ANC en sy bondgenote aan die ander kant wat oor magsoorgawe onderhandel, was daar volgens die SAUK geen sprake nie: die ANC was 'n minderheidsgroep, en bowendien een van die “mees ekstreme”.³⁸²

Die kwessie van wie die inisiatief met die daarstelling van inklusiewe onderhandelings gehad het, het na vore gekom met 'n skikkingsplan van die ANC wat in die begin van Oktober 1989 deur die Organisasie vir Afrika-eenheid (OAE) en die Onverbonde Beweging goedgekeur is (RRS, 1989/90:756). Vir die SAUK was dit 'n poging om die onderhandelingsinisiatief te kaap omdat die “sterk stuwings in die hervormingsklimaat beroeringe en desperaatheid in ANC-geledere veroorsaak het”. Die Korporasie het verder geredeneer dat die ANC hierdeur ook gepoog het om sy internasionale beeld te verbeter, 'n beeld wat volgens *Comment* beskadig is die organisasie se steun vir halssnoermoorde, sy brutalisering van die swart gemeenskap, en die mislukking van sy strategie om die land onregeerbaar te maak. Die intensie met die skikkingsplan was, aldus die SAUK, deursigtig:

Its guidelines for a negotiated settlement are aimed at concealing the A.N.C.'s revolutionary commitment and presenting itself as a reasonable organization that seeks peace and democracy in South Africa. As such, its settlement plan aims at creating a climate in the international community that will see the A.N.C. as the initiator, and chief actor, at the negotiation table on the future South Africa.³⁸³

Na F.W. de Klerk se toespraak op 2 Februarie 1990 het die kwessie van inisiatief weer in *Comment* opgeduik. Die scenario was een van De Klerk as die inisieerder (bv. die ontbanning van die ANC en later die vrylating van Mandela), en die ANC wat “onverhoeds” betrap was en “onbeholpe” gesukkel het om 'n samehangende respons saam te stel.³⁸⁴ Met ander woorde, die bal was in die hande van die organisasie en hy het nie geweet wat om daarmee te doen nie. In SAUK-verband was De Klerk en die Regering inderdaad die inisieerders en hoofrolspelers in die onderhandelings- en hervormingsproses.

5.3.4 Soort seek soort

In Gitlin (1980) se studie oor die Amerikaanse media en die SDS word die polariseringsraam uitgesonder as een van die tegnieke om die randeïenskap van deviante politieke groepe te beklemtoon. 'n Groep kan dus gemarginaliseer word deur dit met ander ekstreme groepe te assosieer (bv. die ANC met terroristiese groepe

elders in die wêreld), of om so 'n groep as die teenpool van ander ekstremistiese groepe voor te stel. So kan 'n groep aan die linkerkant van die politieke spektrum herhaaldelik in dieselfde asem as die mees ekstremistiese groep aan die regterkant genoem word. Die SAUK se verdediging van die Regering se maatreëls teen elektroniese media in die begin van November 1985 (kyk Bekker, 1985) was gebaseer op die standpunt dat buitelandse en sommige binnelandse media Suid-Afrika as 'n gepolariseerde samelewing sonder 'n gematigde spektrum geprojekteer het. Die indruk wat hierdie projeksie volgens *Comment* gelaat het, was 'n land van uiterstes waar die UDF teen die AWB staan, en Tutu teenoor TerreBlanche.³⁸⁵

Marginalisering van 'n groep kan ook deur indirekte assosiasie geskied, dit wil sê deur middel van 'n derde groep, byvoorbeeld: *Comment* se assosiasie van Tutu met Transafrica (sien 5.2.3.1) mag op die oog af nie na marginalisering lyk nie, maar deur die Amerikaanse organisasie se bande met die PBO en Kuba te opper, word 'n nuwe dimensie aan Tutu se verhouding met Transafrica verleen. Tutu word dus via Transafrica met die PBO en Kuba vereenselwig.³⁸⁶ Dieselfde het gegeld toe Tutu in dieselfde rubriek met die ANC geassosieer was, en die ANC met die SAKP. Indirek was Tutu dus met die SAKP geassosieer.³⁸⁷ Nog 'n voorbeeld is die SAUK se kommentaar op die algemene vergadering van die WRK in Vancouver in Augustus 1983 (vgl. RRS, 1983:635-636).³⁸⁸ Tutu en Boesak het die vergadering bygewoon waartydens die kommunistiesgesinde Sandinista-bewind in Nicaragua deur sommige van die afgevaardigdes geloof is. Die vereenselwiging van die WRK met die Sandinistas en die assosiatiewe verband tussen hierdie instelling en Tutu-Boesak het dus vervlegd geraak. Die band tussen die WRK en die kommuniste het ook die band tussen die Suid-Afrikaanse kerklikes en die Suid-Amerikaanse ateïste geword.³⁸⁹

Die assosiasietegniek wat *Comment* nietemin die meeste gebruik het, was om ekstremes in dieselfde kamp met mekaar te verbind. "Soort soek soort" beteken dus dat 'n groep se ekstremitet verhoog word deur 'n positiewe band met ander meer ekstreme en ideologies soortgelyke groepe te lê (vgl. 2.2.3.2.2.3). In hierdie opsig het die SAUK byvoorbeeld by herhaling Tutu, die SARK, UDF en COSATU met die ANC verbind,³⁹⁰ en die ANC met internasionaal bekende ekstremistiese groepe soos die PBO, IRL, El Fatha, asook Libië.³⁹¹

Wat wou en kon die SAUK met hierdie assosiasies bereik? Wat die band tussen die kerklikes en die ANC byvoorbeeld betref, het die uitbeelding van laasgenoemde as 'n terroristiese, ateïstiese, rewolusionêre, brutale en barbaarse instelling (kyk 5.4.1.3) 'n besonder sterk "soort soek soort"-boodskap na die luisteraars gesein. Vandaar *Comment* se ontsteltenis met geestelikes wat begrafnisse en politieke saamtrekke getooi met ANC-vlae en hamer-en-sekel-baniere bygewoon het. Hierdie simbole het volgens die rubriek onderskeidelik die doktrine van rewolusie en die dogma van "ateïstiese kommunisme" verteenwoordig, en albei kon nie met vrede, geregtigheid en die Christelike geloof vereenselwig word nie.³⁹²

Met sy beklemtoning van die ANC se bande met die PBO, IRL, El Fatha en Libië wou die SAUK die ANC uitbeeld as 'n integrale deel van 'n internasionale terreurnetwerk wat die anatema van demokrasie, onderhandeling en evolusionêre hervorming was. Die PBO wou mag deur terreur gryp, die IRL en El Fatha het kinders as stormtroepe in hulle terreurveldtogte gebruik, en die Libiese leier Muammoer Gaddafi kon "regtens" as die "uitvoerder van terreur" beskou word.³⁹³ Nie alleen was die bedoeling van *Comment* om sulke kwaliteite aan die ANC toe te ken nie, maar ook om Suid-Afrika se optrede teen die ANC in voorspring- en vergeldingsaanvalle in pas met die internasionale gemeenskap se optrede teen bogenoemde groepe voor te stel.

5.3.5 Demokrasie

Robertson (1986:80) meen dat demokrasie die mees gewaardeerde maar ook die vaagste politieke term in die moderne wêreld is. Uiteenlopende politieke stelsels wat wissel van Amerika en Wes-Europa tot Afrika-eenpartystate en kommunistiese ordes maak almal aanspraak op die titel demokrasie. Dieselfde het gegeld vir Suid-Afrika voor 1994. In 'n toespraak voor die Presidentsraad op 15 Mei 1986 in Kaapstad, het die Staatspresident hom tot die realisering van die demokratiese ideaal en die verbreding van die demokrasie in Suid-Afrika verbind (Botha, 1986:5). In sy verkiesingsmanifes vir die algemene verkiesing op 6 Mei 1987 het die NP 'n mandaat gesoek om die "demokratiese grondslag van regering te verbreed". (NP, 1987:3.) Botha en die manifes het albei 'n bestaande demokrasie veronderstel, terwyl die soeke na 'n konstitusionele bedeling wat swartes sou insluit, 'n soeke na 'n nog breër demokrasie veronderstel het.

Die doel van hierdie afdeling is nie om te bepaal of die ou Suid-Afrika 'n demokrasie was nie, en indien wel, of dit aan die eise van 'n liberale, verteenwoordigende, deelnemende of regstreekse demokrasie voldoen het nie. Die fokus is op die SAUK se gebruik van die konsep om die buiteparlementêre beweging te marginaliseer. Die Korporasie het dit gedoen deur die bestaande orde en teenhegemoniese magte as twee onversoenbare en onoorbrugbare pole teenoor mekaar te stel. Die luisteraar moes dan 'n keuse tussen die twee pole maak, byvoorbeeld:

On the one side is the faith in democratic values. It is the belief first that the state has a duty to protect fundamental individual rights and to prevent repressive domination of minority groups, and second that the people must decide through open elections how and by whom they should be ruled. Whatever the shortcomings in a political system, it is this philosophy that directs the course of reform. The other approach espouses the Leninist concept of the revolutionary vanguard. Arrogating to itself the right to speak on behalf of "the people" an elite seeks to gain totalitarian power by violent means in order to impose its own ideology, eliminating opponents along the way and silencing all dissident voices thereafter.³⁹⁴

In die SAUK se redaksionele kommentaar het die hegemoniese orde die demokratiese toets betreffende sy instellings, metodes en waardes geslaag. Bestaande of ontwikkelende konstitusionele strukture is as die verbreding van demokrasie bemark, plaaslike regeringstrukture het byvoorbeeld demokrasie op voetsoolvlak verteenwoordig, en vrye onderneming en demokrasie is as sinonieme aangebied.³⁹⁵ Die Regering het in SAUK-terme demokratiese en vreedsame prosesse, deelname, onderhandelings, hervormings, evolusie en die beslegting van geskille voorgestaan en nagevolg.³⁹⁶ Hoewel regeringsmaatreëls soos noodtoestande, aanhouding sonder verhoor, en die aanhouding van kinders volgens die SAUK nie binne die tipiese demokratiese samelewing behoort het nie, was die bedoeling daarmee juis om die demokrasie te beveilig of te herstel.³⁹⁷ Waardes eie aan demokrasie wat die Regering volgens *Comment* nagestreef het, was byvoorbeeld vryheid van godsdiens en spraak,³⁹⁸ geregtigheid,³⁹⁹ die reg om van mekaar te verskil,⁴⁰⁰ verteenwoordiging van alle mense tot op die hoogste vlakke,⁴⁰¹ individuele keusevryheid,⁴⁰² universele stemreg,⁴⁰³ en die onafhanklikheid van die regbank.⁴⁰⁴

Die beeld wat die SAUK egter van die ANC, radikales, rewolusionêres, en die buiteparlementêre beweging in den breede geskets het, het onder meer die volgende

elemente bevat: hierdie groepe was die antitese en anatema van die demokrasie.⁴⁰⁵ Hulle was 'n totalitaristiese minderheid met 'n outoritêre mentaliteit wat die totalitêre doktrine dat mag reg is, aangehang het.⁴⁰⁶ Hulle was 'n rasgebaseerde en “ideologiesgemotiveerde klik” wie se rigiede politieke dogma die essensie van demokratiese norme verwerp het.⁴⁰⁷ Kortom, hulle was die grootste bedreiging vir volle demokrasie in Suid-Afrika en die “totalitaristiese kanker” in die Suid-Afrikaanse politiek.⁴⁰⁸

Oor wat Suid-Afrikaners te wagte kon wees gegewe bogenoemde voorstelling deur die SAUK, was 'n eenparty-Marxisties-sosialistiese diktatuur geskoei op die lees van die Sowjet-Unie.⁴⁰⁹ Dit sou verkry word deur die gewelddadige omverwerping van die Staat,⁴¹⁰ mag te gryp,⁴¹¹ aanhitsing van moord op demokrasieverkose leiers,⁴¹² die vernietiging van verteenwoordigende en demokratiese strukture,⁴¹³ deur in onderhandelings die geweer teen die koppe van demokratiese deelnemers te hou,⁴¹⁴ die evolusionêre groei van demokratiese instellings te belemmer,⁴¹⁵ en in die algemeen deur die land onregeerbaar te maak.⁴¹⁶

Bogenoemde is die beeld wat *Comment* van buiteparlementêre groepe in die algemeen geskilder het. In sommige gevalle was dit ook van toepassing op regse buiteparlementêre groepe, byvoorbeeld op regses wat in Mei 1986 'n NP-vergadering in Pietersburg ontwig het (kyk RRS, 1986:162). *Comment* het hulle optrede as onverdraagsaam en ondemokraties beskryf.⁴¹⁷ Maar die ANC was die belangrikste teiken. Vir die SAUK was hierdie beweging allermens vryheidsvegters teen 'n tirannieke regering of vreemde oorheersers, maar eerder die voorloper van 'n onderdrukkende regeringstelsel onder vreemde ideologiese en materiële beheer wat niks goeds vir die demokrasie voorspel het nie:

It is transparently fraudulent for a movement, supported by the Soviet Union and using terror as its main weapon in pursuing its totalitarian purposes, to pass itself off as a body of freedom fighters. For democrats to be taken in by the fraud is to become unwitting accomplices in the destruction of the freedoms in which they believe.⁴¹⁸

Voorts het *Comment* die ANC getipeer as 'n organisasie wat die demokrasie verafsku, wat 'n rewolusionêre oorlog ter wille van 'n Marxistiese diktatuur gevoer het, en wat in sy eenpartystaat totale mag sou gebruik om elke faset van die mens se lewe

te dikteer. Daarom het die SAUK dit as "logies onmoontlik", en in die praktyk as "onhaalbaar" bestempel om die onderliggende waardes en beginsels van Marxisme-Leninisme en "vrye-onderneming-demokrasie" te versoen.⁴¹⁹

'n Mate van kentering in die SAUK se siening van die demokratiese kwaliteite van die ANC en ander buiteparlementêre groepe is nietemin te bespeur na die algemene verkiesing op 6 September 1989 en die Kaapse optog wat 'n dag voor F.W. de Klerk se inhuldiging as Staatspresident op 14 September 1989 plaasgevind het. Teenoor "roekeloos"⁴²⁰ as beskrywing van 'n optog deur Allan Boesak na die Pollsmoor-gevangenis in Augustus 1985 om teen die aanhouding van Mandela te protesteer (kyk *The Star*, 30 Aug. 1985), het die SAUK die toelating van die Kaapse optog na die Parlement as 'n De Klerk-stap ter "verbreding van demokrasie" vertolk, synde 'n verbintenis tot die aanvaarde beginsels van politieke protes soos dit in demokratiese samelewings geken word:

But for those who genuinely believe in peaceful and democratic protest the door has been opened wide for positive and constructive contributions to the building of a new political and constitutional dispensation in South Africa.⁴²¹

In dieselfde uitsending wat die SAUK erken het dat die ANC 'n deelnemer aan die onderhandelingsproses moes wees, het die Korporasie egter sy kommunistiese bande as 'n struikelblok in die weg van ware demokrasie opgehaal. In 'n ware en blywende demokrasie in Suid-Afrika kon daar geen plek vir kommunisme wees nie, want hierdie ideologie se hoofdoelmerk was om demokrasie te vernietig, aldus *Comment*.⁴²² Na die ontbanning van die ANC en ander organisasies, het die SAUK groter klem op die landwyse gees en klimaat vir demokratiese deelname deur almal gelê,⁴²³ en hoewel hy die ANC daarvan beskuldig het van traagheid om van rewolusie af te sien, het die Korporasie 'n leidende rol vir die organisasie in die demokratiese proses voorsien.⁴²⁴

Demokrasie as 'n indikator van marginaliteit het dus neergekom op die voorstelling van die hegemoniese orde as akkommodierend, inklusief, deelnemend, omvattend en ingestel op die behoeftes van Suid-Afrikaners as 'n geheel. Hierteenoor is die teenhegemoniese magte aangebied as ekslusief, outoritêr, onderdrukkend, 'n magsbehepte klik, die anoniem van 'n veelparty-demokrasie, en voorskriftelik oor die

doen en late van gewone mense - dus 'n minderheid wat deur hulle metodes die meerderheid gedomineer het.

5.3.6 Isolاسie

Isolasie as 'n aanduiding van marginalisering verwys in hierdie afdeling na twee aspekte, naamlik *Comment* se evaluering van die ANC se posisie in Suider-Afrika en dié organisasie se internasionale aansien (vgl. 2.2.3.2.2.3). Die SAUK se isolasie van die ANC en ander buiteparlementêre groepe in Suid-Afrika is reeds in verskeie afdelings aangespreek, byvoorbeeld maatstawwe van steun, outentiekheid, elitisme, "rand"-sionering, legitimiteit, en die uit- en insluiting van hierdie groepe met betrekking tot die onderhandelingsproses.

Wat die ANC en sy posisie in Suider-Afrika betref, het die SAUK gefokus op hoe bilaterale ooreenkomste, diplomاسie en drukuitoefening deur Suid-Afrika die ANC se invloed en vastrapplek in die subkontinent beïnvloed het. Deur voorspring- en vergeldingsaanvalle teen ANC-sentra in Frontlinie-state (bv. Zambië, Zimbabwe, Botswana, en Lesotho) het Suid-Afrika druk op hierdie state geplaas om nie 'n afspringplek vir ANC-aanvalle teen die Republiek te bied nie. In meeste gevalle het hierdie lande óf ontken dat hulle dit gebied het, óf opgetree teen die ANC, óf onderneem dat hulle dit nie sou bied nie (vgl. bv. Geldenhuys, 1984). Die beste voorbeeld van sulke ondernemings is die Nkomati-akkoord tussen die Republiek en Mosambiek in Mei 1984 wat onder meer die volgende ooreenkomste behels het: die lande sou nie in mekaar se huishoudelike sake inmeng nie, geskille vreedsaam sonder geweld oplos, asook basisse, opleidingsentra, deurgangseriewe of wapenopslagplekke weier vir organisasies wat geweld of terreur teen die ondertekenaars beplan het (kyk Davenport, 1991:476-477).

Veiligheidsooreenkomste met Swaziland en Mosambiek, ekonomiese druk op Lesotho (wat samewerking ten opsigte van die bekamping van ANC-aktiwiteite afgedwing het), en vordering om 'n skikking in Suidwes-Afrika/Namibië en Angola te bereik, het inderdaad veroorsaak dat die ANC al hoe meer noordwaarts moes uitwyk (vgl. Lodge, 1992).

Om die dilemma van die ANC te beklemtoon, het die SAUK Suid-Afrika se diplomatieke en militêre inisiatiewe uitgedruk as verlamme ("crippling") terugslae

vir die ANC,⁴²⁵ 'n "verwoestende" effek op sy lewensvatbaarheid,⁴²⁶ 'n verlies aan sy hele ondersteuningstruktuur,⁴²⁷ en die erosie van die ANC se invloed in Suider-Afrika tot sy laagste vlak ooit.⁴²⁸ Teen die einde van die tagtigerjare het *Comment* die ANC aangebied as geïsoleerd van en uit pas met sy voormalige bondgenote wat almal meer in 'n onderhandelde politieke oplossing vir Suid-Afrika belanggestel het⁴²⁹ (vgl. 5.5.2).

Die indruk wat die SAUK oor die ANC se internasionale posisie wou wek, is relasioneel tot diplomatieke vordering wat die ANC in die tagtigerjare gemaak het (kyk RRS, 1987/88:703-704), asook tot Suid-Afrika se kwynende globale standplek vanweë internasionale politieke en ekonomiese druk (kyk Coker, 1990). Dit was dus belangrik vir die SAUK om sy luisteraars te oortuig dat die ANC wat sy politieke filosofie en metodes betref, nie aan westerse waardes voldoen het nie. Vandaar die klem op westerse lande wat die ANC vir halssnoermoorde, terreur, sy gewapende stryd en bande met die kommunistiese Sowjet-Unie veroordeel het.

Hierdie lande het reeds met internasionale terreur te kampe gehad, en die SAUK het deur die assosiasie van die ANC met internasionale terreur-organisasies (vgl. 5.3.4) gepoog om die Suid-Afrikaanse organisasie as deel van hierdie probleem voor te stel. Daarom het Margaret Thatcher en Amerikaanse regeringswoordvoerders se verwysings na die ANC as 'n terroriste-organisasie besondere kommentaar in *Comment* verdien.⁴³⁰ Die bedoeling was die internasionalisering van die ANC se gewapende stryd as terreur soortgelyk aan dié waaronder Amerika en Brittanje gelyk het.

Om die ANC as maar net nog 'n terroristiese organisasie voor te hou, het die globalisering van sommige aspekte van gewelddadige verset vereis, byvoorbeeld: halssnoermoorde, bomontploffings met burgerlike ongelukke, Winnie Mandela se halssnoere-en-vuurhoutjies-toespraak, die aktiwiteite van haar MUFC, en die ANC se optrede teen andersdenkendes⁴³¹ (vgl. 5.4.1.2 en 5.4.1.3). Op grond hiervan het *Comment* waargeneem dat daar in westerse lande toenemende verwerping was van die ANC se verbintenis tot kommunisme "and to barbaric activities such as the 'necklace' murders."⁴³² 'n Kleefmynontploffing in 'n restaurant in Benoni in 1988 (RRS, 1988/9:613) is as "klassieke terrorisme" teen burgerlikes beskryf, "that most despicable form of revolutionary activity of which the most left-wing western governments have expressed their abhorrence."⁴³³

Die SAUK se voorstelling van die ANC as 'n internasionaal geïsoleerde terroriste-organisasie het ook interessante rasionalisasies opgelewer. Terugslae soos sanksiewetgewing is gebalanseer deur klem op voorwaardes en klousules in die wetgewing wat die ANC benadeel het, byvoorbeeld 'n Amerikaanse sanksiewet in 1986 (RRS, 1986:138) wat voorsiening gemaak het vir 'n verslag binne 90 dae oor die kommunistiese invloed in die ANC en of die organisasie halssnoermoorde gekondoneer het.⁴³⁴

Nog 'n voorbeeld van rasionalisasie is 'n verskil tussen die Amerikaanse verdedigingsdepartement (Pentagon) en dié land se departement van buitelandse sake oor of die ANC wel 'n terroriste-organisasie was (RRS, 1988/89:641). Hulle het onderskeidelik ja en nee gesê. Die SAUK se begunstiging van die Pentagon-standpunt het soos volg geskied: buitelandse sake is meer liberaal en die Pentagon meer konserwatief; laasgenoemde word toevertrou met die opperste verantwoordelikheid, naamlik om die nasionale veiligheid van die VSA te verseker; van die Pentagon word vereis om deeglike insameling en evaluasie te doen; buitelandse sake kyk meer na Amerika se belange op 'n globale vlak wat beteken dat daar vir die Afrikablok en dié swart belangegroep in die VSA gespeel moet word; buitelandse sake se standpunt oor die ANC word bepaal deur diplomatieke en politieke oorwegings, terwyl die Pentagon se houding op feite gebaseer is. *Comment* kom dus tot die slotsom:

And while diplomatic assessments are based on opinions and perceptions, facts are incontrovertible and cannot be repudiated.⁴³⁵

Met die Amerikaanse departement van buitelandse sake se insluiting van die ANC in 'n lys van organisasies wat terreur bedryf in April 1989,⁴³⁶ het die SAUK dit as 'n belangrike klemverskuiwing bestempel van 'n benadering wat al 'n geruime tyd “duidelik” was.⁴³⁷ Tesame met sy poging om die ANC as geïsoleerd in Suider-Afrika voor te stel, het die SAUK die organisasie se internasionale terugslae gekoppel aan sy groter bereidwilligheid om te onderhandel. Met ander woorde, sulke probleme het die ANC *verplig* om te onderhandel. Om hierdie tema te beklemtoon, het *Comment* in verskeie rubrieke die indruk van spanning tussen die Sowjet-Unie en die ANC probeer wek, dat eersgenoemde gefrustreerd was oor die sukses van die gewapende stryd, en dat hy druk op die ANC geplaas het om te onderhandel.⁴³⁸ Kortom: die internasionale gemeenskap was nie meer oortuig dat die ANC-rewolusie op hande was nie, en

vanweë die politieke metodes van hierdie organisasie, moes die ANC onderhandel of verdere isolasie in die gesig staar.

5.4 MARGINALISERING EN EVALUASIE

Die ontleding van evaluatiewe oordele kan metodologies op verskeie maniere geskied, byvoorbeeld: op grond van navorsing oor konnotatiewe betekenis en die evaluatiewe faktor in menslike semantiese oordele, het Osgood, Suci en Tannenbaum (1957) die grondslag gelê vir die ontwikkeling van 'n kwantitatiewe metode soos *Evaluative Assertion Analysis* (EAA) wat gemanisfesteerde kommunikasie oor gesindheidsobjekte (dit waaroor verskillende mense verskillende gesindhede of houdings behoort te hê) op 'n goed-sleg-kontinuum ontleed (vgl. bv. Gerber, 1980). Lochner (1996) het byvoorbeeld hierdie metode toegepas op die SAUK se evaluering van binnelandse opposisie teen apartheid in sy redaksionele kommentaar vir die periode 1965-1970.

'n Variasie op EAA is *Legitimacy Assertion Analysis* (LAA) wat deur Shoemaker (1982b) ontwikkel is om media se delegitimisering van deviante politieke groepe te meet. Soos in Hoofstuk 2 genoem, is evaluasie een van die dimensies, hoewel dit nie vergelykbaar is met die teoretiese onderbou en metode wat oorspronklik met EAA gevolg is nie. Belangrike indikatore van evaluasie in LAA is of die medium van die deviante groep hou, en in watter mate met die oogmerke van die groep saamgestem of verskil word.

Die indikatore wat in hierdie studie gebruik word, toon ooreenkomste met albei genoemde metodes, maar hulle is in die eerste instansie op grond van die besondere aard van die inhoud voorhande ontwikkel. Derhalwe het 'n kwalitatiewe inhoudsontleding sekere tendense openbaar ten opsigte van tegnieke wat die SAUK gebruik het om buiteparlementêre groepe as goed of sleg te evalueer. Duidelike SAUK-oordele wat na vore gekom het, was eerstens die kwessie van barbaarsheid en brutaliteit van buiteparlementêre metodes, tweedens die Christelikheid van die Suid-Afrikaanse Staat teenoor onchristelike optrede van die buiteparlementêre groepe, en derdens die trivialisering of belaglikmaking van hierdie groepe.

5.4.1 Barbarisme

Hierdie afdeling fokus hoofsaaklik op die SAUK se uitbeelding van die soort geweld waarmee hy buiteparlementêre groepe geassosieer het. Die bedoeling was waarskynlik om met gedetailleerde beskrywings van die mate van barbaarsheid weersin by die luisteraars teen hierdie groep in die algemeen, maar die ANC in die besonder, te wek. Nietemin moet die aanbieding van die ANC as brutaal, wreed en barbaars gesien word teen die agtergrond van die Korporasie se konsepsie van Suid-Afrika as 'n beskaafde land waar beskaafde waardes en normes deur buiteparlementêre verset bedreig word. Nog 'n belangrike agtergrondskwessie is die reëls van die stryd, met ander woorde of die rewolusionêre stryd hom aan enige humanitêre reëls gebonde geag het. Deur die voorstelling van die ANC se gewapende stryd as blindwegse geweld wat burgerlikes nie ontsien het nie, het die SAUK hierdie vraag beantwoord.

5.4.1.1 Beskawing as maatstaf

'n Mate van ambivalensie is te vind in die SAUK se rondgaan met die konsep beskawing. Aan die een kant het die Korporasie die westerse beskawing geïdealiseer, dermate dat beskawing sinoniem met die weste geword het.⁴³⁹ Aan die ander kant het Suid-Afrika se Afrika-verbintenis motivering verskaf om afwykings van die tipiese westerse beskawingsmodel te verskoon. Dan was Suid-Afrika 'n Staat verbind tot die waardes van 'n "westerse-Judaïstiese-Christelike beskawing soos aangepas in 'n multi-kulturele Afrika-omgewing".⁴⁴⁰ Met die uitbreek van die Vaaldriehoek-onluste in September 1984 was die land as 'n "beskaafde westerse tipe samelewing" op die spel.⁴⁴¹

Maar westerse kritiek op Suid-Afrika se verbintenis tot hierdie waardes het 'n andersoortige antwoord vereis. Die SAUK-betoog was soos volg: die meeste Suid-Afrikaners glo in Christelike en westerse waardes en hulle wil hierdie ideale in die praktyk verwesenlik; Suid-Afrika is egter deel van Afrika en deel ook die kontinent se kenmerk van gemengde etniese bevolkings; hierdie bevolkings ondervind spanning omdat hulle moet aanpas by die eise van die tegnologiese samelewing wat vreemd aan hulle eie tradisies en normes is; synde 'n Afrika-Staat ondervind Suid-Afrika ook hierdie probleme.⁴⁴²

Na die afkondiging van die noodtoestand in Julie 1985 het Suid-Afrika onder kritiek van westerse regerings deurgeloop dat hy deur sy veiligheidsoptrede in swart woonbuurte westerse waardes versaak het (vgl. bv. Coker, 1990). *Comment* se reaksie was gebaseer op die gaping tussen demokratiese ideale en problematiese praktyk waarvan 'n verskeidenheid politieke kulture in konflik nie 'n "morele evalusie" was nie, maar 'n "eenvoudige feit".⁴⁴³

Veiligheidsoptrede was volgens SAUK-denke noodsaaklik om beskaafde westerse waardes te herstel, in stand te hou, of om die gaping tussen demokratiese ideale en die Afrika-praktyk te vernou.⁴⁴⁴ Die aanhouding van kinders, wat 'n netelige turksvy vir die Suid-Afrikaanse Regering in die tweede helfte van die tagtigerjare geword het (vgl. bv. *Sowetan*, 22 Apr. 1988; *The Star*, 11 Mei 1988), kan as voorbeeld gebruik word van hoe die Korporasie hierdie optrede verdedig het:

No responsible South African can feel happy about the fact that children are being detained. Detention is not compatible with the civilized society that South Africans want and seek. But, in South Africa, it is civilization itself that is under assault right now. And the assault on civilization is conducted by, among others, teenagers and pre-teenagers.⁴⁴⁵

Volgens *Comment* het die afwesigheid van geweld en die vreedsame beslegting van geskille die beskawingsvlak van 'n samelewing bepaal.⁴⁴⁶ Derhalwe het die rubriek die voorgestelde konstitusionele raad beskryf as 'n historiese stap vorentoe om onder meer beskaafde normas te verseker,⁴⁴⁷ terwyl die uitslae van die munisipale verkiesings in Oktober 1988 vertolk is as steun vir evolusionêre hervorming en 'n demokratiese toekoms wat op veiligheid en beskaafde standaarde gebou sou word.⁴⁴⁸

In vergelyking met bogenoemde is buiteparlementêre geweld byvoorbeeld getipeer as verbreking van beskaafde morele kodes en waardes,⁴⁴⁹ die dwarsboming van beskaafde en gematigde mense se pogings om 'n regverdige samelewing daar te stel,⁴⁵⁰ wrede en brutale dade wat niks met beskaafde normas te doen het nie,⁴⁵¹ dade wat beskaafde mense verafsku,⁴⁵² optrede wat geen plek in 'n beskaafde samelewing het nie,⁴⁵³ en as oneties ten opsigte van die mees diepgewortelde waardes van die westerse-Christelike beskawing.⁴⁵⁴

5.4.1.2 Blindelinge geweld

Die SAUK se uitbeelding van buiteparlementêre geweld as terrorisme wat voor die voet mense vermoor en vermink, het merendeels die ANC te beurt geval. Benewens die aard van ANC-geweld wat in uiterste vorme aangebied is (kyk 5.4.1.3), is die slagoffers se onskuld en lot beklemtoon deur terminologie soos sagte teikens, onskuldige burgerlikes, en gewone ordentlike swartes.⁴⁵⁵

In SAUK-taal het ANC-terroriste “geen gewete” oor die keuse van hulle wapens en teikens gehad nie, wou hulle blindelings (“indiscriminately”) teen burgerlikes optree, het hulle landmyne geplant wat onskuldige blankes en swartes se lewens sou eis, en het hulle bomme in openbare plekke, winkelkomplekse en restaurante geplant waar dit die meeste skade aan onskuldige burgerlikes kon aanrig.⁴⁵⁶ Sulke optrede was volgens *Comment* “klassieke terrorisme” teen die burgerlike bevolking,⁴⁵⁷ en vir die ANC om “enigsins 'n politieke faktor in Suid-Afrika” te word, moes die organisasie volgens die SAUK sy effektiwiteit bewys in die “moord, verminking en terrorisering” van onskuldiges en diegene wat hulleself nie kon verdedig nie.⁴⁵⁸ Voorvalle wat uitgesonder is, is byvoorbeeld die Pretoria-bom in Mei 1983 (RRS, 1983:45),⁴⁵⁹ handgranaataanvalle op kleurling-LP's in Junie 1985 (RRS, 1985:543),⁴⁶⁰ 'n landmynvoorval in Desember 1985 wat die lewens van onder meer blanke kinders geëis het (RRS, 1985:544),⁴⁶¹ 'n bomontploffing in Amanzimtoti in Desember 1985 wat blankes gedood het (RRS, 1985:544),⁴⁶² 'n motorbomontploffing in Mei 1987 waarin 3 polisiemanne dood en burgerlikes beseer is (RRS, 1987/88:53),⁴⁶³ 'n dreigement van die ANC in Julie 1987 dat geweld na blanke gebiede uitgebrei sou word (RRS, 1987/88:700),⁴⁶⁴ en 'n kleefmynontploffing in 'n restaurant in Benoni in 1988 (RRS, 1988/89:613).⁴⁶⁵

ANC-verklarings dat hy óf nie burgerlike teikens doelbewus wou aanval nie, óf dit sou vermy (kyk *Beeld*, 24 Sept. 1987), is deur die SAUK as “ongeloofwaardig en blote propaganda” bestempel.⁴⁶⁶ In hierdie opsig het die Korporasie weer na opponerende magte binne die ANC verwys met die Hani-Tshwete-groep wat volgens *Comment* nie aanvalle op sagte teikens wou laat vaar nie.⁴⁶⁷

Ander buiteparlementêre groepe se betrokkenheid by aanvalle op onskuldige burgerlikes het in kwantitatiewe terme nie naastenby die aandag van die ANC in

Comment geniet nie. In Mei 1984 is die UDF gekoppel aan die uitbuiting van skole as sakte teikens.⁴⁶⁸ In sy kommentaar op die hofsak oor die halssnoermoord op Roselina Sikhosana in Junie 1987 (RRS, 1987/88:581) het die SAUK na die “skrikbewind” van radikales in swart woonbuurte verwys waar “gewone swartes in 'n doodsvrees gelewe het om niemand te antagoniseer nie.”⁴⁶⁹ Kinders moes aangehou word omdat hulle volgens *Comment* al “ronddrentelende in strate onskuldige mense geterroriseer, geïntimideer, en vermoor” het.⁴⁷⁰ 'n Laaste voorbeeld is Tutu se opmerkings oor blanke skoolbusse en huisbediendes (vgl. RRS, 1984:917) wat die SAUK binne die raamwerk van die lot van burgerlikes in die buiteparlementêre stryd geplaas het⁴⁷¹ (vgl. nota 21 in Hoofstuk 3).

5.4.1.3 Barbaarse geweld

Daar is in Hoofstuk 2 verwys na Posel (1990) se studie oor TV1-nuusdekking van die onluste tussen 1985-1987. In hierdie studie het drie simbole sterk na vore gekom, naamlik die skare, klipgooiery en vuur. Die ontleding van *Comment* se taksering van die soort geweld waarby buiteparlementêre groepe betrokke was, toon ook dat die SAUK in sy redaksionele kommentaar hierdie simbole beklemtoon het. In hierdie afdeling word daar egter nie na die drie simbole as sodanig verwys nie, maar die evaluatiewe lading wat die SAUK aan buiteparlementêre geweld toegeken het. Hierdie geweld is herhaaldelik as terroristies, brutaal, barbaars, wreed, grusaam, moorddadig, bloeddorstig, afgrysig, afskuwelik, weersinwekkend, onmenslik, gemeen, gevoelloos, genadeloos, sinneloos, vandalisties, anargisties, wetteloos, en krimineel bestempel.⁴⁷²

Sulke oordele was gemik teen buiteparlementêre geweld as 'n verskynsel, en ook teen instansies of groepe wat sekere soorte geweld gepleeg het, of wat by bepaalde voorvalle betrokke was. Onder hierdie groepe het die ANC verreweg die SAUK se agenda oorheers. Sekere voorvalle waarvoor die organisasie verantwoordelik was, of wat die SAUK sy betrokkenheid as vanselfsprekend aanvaar het, illustreer hoe negatief die Korporasie die ANC geëvalueer het, byvoorbeeld: die Pretoria-bomplanters was “moderne barbare” wie se enigste moraliteit brute geweld was;⁴⁷³ die landmynveldtog in Noord-Transvaal was “sinnelose daad van afskuwelike terreur wat beskaafde mense met afgryse” vervul het;⁴⁷⁴ Winnie Mandela se halssnoeren-vuurhoutjies-toespraak het min twyfel gelaat dat die ANC 'n “volbloed terroriste-

organisasie” was;⁴⁷⁵ haar betrokkenheid by die MUFC was tekenend van die “brutalisasie” wat die swart gemeenskap moes verduur.⁴⁷⁶

Maar die sterkste en waarskynlik effektiëste assosiasie wat die SAUK ten opsigte van die ANC geskep het, was met halssnoermoorde. Tot en met Winnie Mandela se uitlating hieroor in April 1986 (vgl. 3.2.2.2) het die SAUK nie 'n regstreekse verband tussen die organisasie en hierdie barbaarse metode gelê nie. Na haar uitlating het die Korporasie nie versuim om só 'n verband te lê nie, en dit het tot aan die einde van 1989 onverpoosd voortgeduur,⁴⁷⁷ hoewel die ANC hom in 1987 tydens die Dakar-ontmoeting gedistansieer het van die halssnoermetode as 'n vorm van politieke vergelding (kyk De Villiers, 1987:16; RRS, 1987/88:698).⁴⁷⁸

Halssnoermoorde, wat inderdaad barbaars en weersinwekkend is (vgl. die beskrywing van die metode in RRS, 1986b:516), is deur die SAUK voorgehou as die “grusaamste manifestasie” van die soort toekoms wat die ANC en sy simpatiseerders in die oog het.⁴⁷⁹ In SAUK-persepsie was dit 'n Marxistiese en anti-demokratiese aanslag op Suid-Afrika in die besonder, maar 'n vrye gemeenskap in die algemeen.⁴⁸⁰ Die vereenselwiging van die ANC hiermee het geskied in kommentare op byvoorbeeld halssnoermoordverhore,⁴⁸¹ aanhalings van ANC-bronne wat dit na bewering gekondoneer het,⁴⁸² en positiewe reaksie op internasionale kritiek wat die ANC met halssnoere verbind het⁴⁸³ (vgl. ook 5.3.6).

Wat geweld in swart woonbuurte in die algemeen betref, het die SAUK deur middel van grafiese en gedetailleerde beskrywings van die geweld die weersinwekkendheid daarvan verhoog. So beskryf *Comment* die dood van 'n swart raadslid in die Vaaldriehoek wat geweier het om te bedank: hy en sy seuns is doodgekap, aan die brand gestee, waarna die moordenaars 'n makabere dans op die verkoolde oorblyfsels uitgevoer het.⁴⁸⁴ Ter motivering van die noodtoestand in Julie 1985 beskryf die SAUK geweld deur jeugdige gepleeg soos volg:

Riotous youth - many of them school children between the ages of 10 and 16, who are idle because they refuse to go to school - are waging a reign of terror in the townships. They have burnt down schools, administration buildings and houses; trains, buses and cars have been stoned and business premises have been looted and set alight. There is irrefutable evidence that youths actively involve themselves, and were often the ringleaders, with the killing of community leaders and the burning of

some of their bodies in the streets. Rioting, attacks and arson became a form of entertainment for these youths.⁴⁸⁵

Om die aanhouding van kinders te verdedig, het die SAUK ook eksplisiete beskrywings verskaf van die soort geweld waarby hierdie kinders betrokke was. Sy bronne was beëdigde verklarings deur die Kommissaris van Polisie en een van sy senior generaals in antwoord op 'n versoek van die PFP vir die tersydestelling van 'n verbod op 10 April 1987 deur die Kommissaris op openbare protes teen die aanhouding van kinders (*The Sunday Star*, 12 Apr. 1987). Van die getuienis wat die SAUK aangehaal het, lui soos volg:

Evidence presented to the court told of an 11 year old girl enforcing a consumer boycott by forcing an adult woman to drink fish oil that she had purchased in defiance of the boycott. The 11 year old girl had also, with three other girls and a boy, murdered an adult man by attacking him with stones and their bare hands, pouring a mixture of fish oil and petrol over him and setting him alight. There was, as well, evidence of a 14 year old boy who, with others, had caught another boy, sjambokked him, bound his hands and set him alight. Afterwards, the 14 year old boy had said: "Who he was I do not know."⁴⁸⁶

Daar is in 5.3.4 na indirekte assosiasie verwys. Hierdie tegniek het ook in *Comment* ten opsigte van kerklikes, hulle aanhang van die bevrydingsteologie, en die ergste vorme van geweld gegeld. Geestelikes soos Tutu, Boesak en Naudé, asook 'n instelling soos die SARK, het volgens die SAUK enersyds "min sensitiviteit" getoon vir die "onmenslikheid" van die verset wat hulle ondersteun het, terwyl hulle andersyds min kammernis getoon het oor "morele kontradiksies" tussen metodes en doelwitte.⁴⁸⁷ Voorts sê *Comment*: hulle woon byvoorbeeld begrafnisse vir onlusteslagoffers by welwetende dat by sulke geleenthede die "ergste wreedhede" gepleeg word,⁴⁸⁸ en doen 'n beroep op die "intensifisering" van verset ongeag hoe swart polisiemanne, raadslede en sakelui "vermoor of vermink" word.⁴⁸⁹ *Comment* beskryf byvoorbeeld hoe 'n swart polisieman in die begin van Oktober 1985 uit sy huis gesleep, met klippe gegooi, doodgesteek en verbrand is, en koppel dit aan Tutu en Boesak se begrip en steun vir swart verset.⁴⁹⁰

Uitsprake van Tutu oor die aard van die heersende politieke stelsel, sanksies en disinvestering as die laaste vreedsame opsie om die stelsel te verander (RRS, 1985:569; RRS, 1986a:317-319), sy voorspelling van 'n naderende bloedbad (RRS,

1984:917), en sy opmerkings oor huisbediendes en blanke skoolbusse (RRS, 1984:917), het hom die belangrikste teiken van die SAUK se kommentaar op kerklikes en geweld gemaak. Van sy waarskuwings om die land te verlaat as metodes soos halssnoermoorde sou voortduur (RRS, 1985:569), het volgens *Comment* niks gekom nie.⁴⁹¹ Hy is daarvan beskuldig dat hy hom blind hou vir sowel die "reformist intentions of the white establishment" asook vir die "mass intimidation and brutality" van radikales in die swart gemeenskap.⁴⁹²

5.4.2 Christelikheid

Die kwessie van Christelikheid het veral in drie opsigte in die SAUK se redaksionele kommentaar na vore gekom, naamlik eerstens as die grondslag van die Suid-Afrikaanse samelewing of Staat, tweedens die gebrek daaraan in buiteparlementêre denke en optrede, en derdens in die verhouding tussen anti-apartheidskerke en die Staat in Suid-Afrika.

Wat eersgenoemde betref, het die SAUK dit as 'n gegewe aanvaar dat die meeste Suid-Afrikaners in Christelike westerse waardes glo, en in hierdie opsig het die Korporasie van "ons Christelike samelewing" gepraat.⁴⁹³ Die Christelike karakter van die samelewing is ook te berde gebring met die skraping van moraliteitswette in 1985 toe *Comment* die wegdoening daarvan as noodsaaklik vanweë Suid-Afrikaners se Christelike optrede teenoor mekaar bestempel het.⁴⁹⁴ 'n Soortgelyke motivering is te vind in die SAUK se erkenning van die mislukking en skadelike navolge van rigiede rassesseiding, en vir die noodsaaklikheid van die daarstelling van geregtigheid deur 'n nasie wat homself tot die "bewaring van Christelike waardes in sy sake" verbind het.⁴⁹⁵ Dus kon "geen Christen-demokraat" ontken dat daar 'n einde aan diskriminerende praktyke moes kom nie.⁴⁹⁶

Die onhoudbaarheid van Christenwees en die aanhang van rigiede rassesseiding is besonder sterk aangespreek in *Comment* se reaksie op 'n NGK-sinodebesluit in Oktober 1986 dat geen politieke beleid, insluitend gedwonge skeiding, op Bybelse gronde regverdig kon word nie (kyk *Die Kerkbode*, 29 Okt. 1986). Oor die onaanvaarbaarheid van klassieke apartheid op etiese gronde het die SAUK hom soos volg uitgedruk:

In dealing thus with the reality of apartheid (that which actually exists, as opposed to an idealised conception that never materialised) the Church has faced up squarely to the moral crux of the major political issue in this country. Unfortunately the distinction between reality and an abstract ideal is not always maintained. There are White South Africans - good Christians - who too easily look beyond the intolerable practices of apartheid, to justify it in terms of their ideal. The church has made it clear where the focus of Christian ethics must be directed.⁴⁹⁷

Bogenoemde aanhaling moet in die konteks van die sterkerwordende regse element in die Suid-Afrikaanse politiek van die tagtigerjare gesien word. Nadat die Regering sy intensie verklaar het om wetgewing oor aparte geriewe te skrap, en strande in November 1989 oopgestel het, het rassegeweld by die Boksburgmeer in Desember 1989 uitgebreek (vgl. bv. *Beeld*, 12 Des. 1989; *Sowetan*, 12 Dec. 1989). *Comment* het regse aktiviste hiervoor geblameer, en 'n beroep op Christene gedoen om hulle geloof oral, in kerke en op strande, uit te leef.⁴⁹⁸

In die lig van voorafgaande kan Christelikheid as evaluatiewe maatstaf van buiteparlementêre optrede gebruik word. Hierdie maatstaf het oorwegend vir die uitsprake en aksies van die anti-apartheidskerke onder die sambreel van die SARK, en meer spesifiek ten opsigte van Tutu gegeld. Wat die SARK betref, het die SAUK die organisasie daarvan beskuldig dat hy, soos die Kommissie van Ondersoek na die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (Eloff, 1984) bevind het, sy godsdienstige sending met 'n rewolusionêre politieke veldtog vervang het.⁴⁹⁹ Die SARK het volgens *Comment* afgedwaal van sy aanvanklike doel om die evangelie te versprei, en sy koersverandering het hom in die rigting van rewolusie, radikalisme en militante retoriek gestuur, 'n stap waarmee sy lidmate en lydende swartes volgens die SAUK nie saamgestem het nie:

To them, and to many ordinary, sincere Christians in the congregations of its churches, the SACC has yet to render an account.⁵⁰⁰

Hoewel die SAUK nie van die kerk verwag het om te swyg oor ongeregthede in sekulêre sfere nie, het die Korporasie nietemin van kerklikes gevra dat hulle die verheerliking van God, en nie die nastrewing van politieke doelwitte nie, eerste moes stel.⁵⁰¹ Die SARK se besluit om die Lusaka Verklaring (waardeur deur gewapende stryd van bewegings soos die ANC as 'n onvermydelike reaksie op staatsonderdrukking

gesien word) in Julie 1987 te aanvaar (kyk *The Star*, 2 Jul. 1987), is deur *Comment* vertolk as “in stryd met die Christelike gewete”.⁵⁰²

Kerklui en ander Christene wat aan protesoptogte met ANC-vlae en Sowjet-hamer-en-sekel-baniere deelgeneem het, het ook skerp reaksie in *Comment* ontlok, byvoorbeeld hulle het onder die “simbole van rewolusie en staatsateïsme arms gesluit met diegene wat bloed wou vergiet”, en deur van teenstelling gebruik te maak, het die SAUK Christenskap as onversoenbaar met hierdie simbole voorgestel:

No amount of protesting, and no excuses, can conceal the fact that the doctrine of revolution, as represented by the ANC flag, and the dogma of atheistic Communism, as represented by the hammer and sickle, are incompatible with peace and justice - and the Christian faith.⁵⁰³

Die kerkleier wie se Christenskap egter die meeste bevraagteken is, was Desmond Tutu. Die SAUK se kommentaar in hierdie verband was meesal reaksie op sy reeds genoemde kritiek teen die heersende orde. Sy sanksieveldtog is as “onsensitief” vir menslike lyding en die “antitese” van Christelike liefde bestempel;⁵⁰⁴ sy instelling teenoor Nelson Mandela is as 'n “paradoksale bewondering” van 'n Christelike leier vir 'n selferkende kommunist en rewolusionêr beskou;⁵⁰⁵ vir sy oproep om Amerikaanse steun vir die ANC omdat dié land ook bewegings soos die Contras en Unita ondersteun het (kyk 5.2.3.1), is hy as Christelike kerkman herinner aan die bande tussen die ANC en die kommunisme en dat laasgenoemde die “mees onderdrukkende ideologie” ten opsigte van godsdiens is.⁵⁰⁶ Maar dit was steeds Tutu se volgehoue pogings om Suid-Afrika ekonomies te isoleer, wat hom die gramskap van *Comment* op die hals gehaal het. Dit is bestempel as 'n poging om die vrye wêreld te oorreed om “bloedige rewolusie” en gevolglike “wreedardige totalitarisme” te borg. Daarom het die SAUK dit as “futiel” beskou om oor Tutu se sin vir morele verantwoordelikheid te spekuleer, hetsy ten opsigte van sy eie gewete, ten opsigte van sy eie kerk se kode, of ten opsigte van die mense oor wie se welsyn hy veronderstel was om bekommerd te wees. By die Korporasie het egter geen twyfel bestaan nie dat Tutu sy Christelike roeping en sy verpligtinge teenoor sy lidmate, wat op hom vir geestelike en morele leiding aangewese was, nagelaat het.⁵⁰⁷

In 1988 het die SAUK na aanleiding van toenemende spanning tussen die Botha-regering en kritiese kerkleiers in verskeie rubrieke die verhouding tussen kerk en

Staat aangespreek. Hierdie spanning het in 'n groot mate gekulmineer in die krisisvergadering wat Anglikaanse biskoppe in Maart 1988 gehou het om moontlike regeringsoptrede teen Tutu te bespreek (kyk *Sowetan*, 24 Mrt. 1988; *Beeld*, 24 Mrt. 1988),⁵⁰⁸ asook uitsprake van die Southern African Catholic Bishops' Conference (SACBC) dat die Staat daarop uit was om konfrontasie met die Kerk te soek (vgl. bv. RRS, 1987/88:237-240).⁵⁰⁹ In breë trekke het die SAUK-standpunt oor die spanning en die aard van die verhouding om die volgende punte gewentel: Suid-Afrika as 'n land met 'n Christelike beskawing wat godsdiensvryheid grondwetlik verskans; die belangrike maatskaplike rol van kerklui in die alledaagse lewe van Suid-Afrikaners; gereelde kontak en konsultasie tussen die Regering en verskillende kerkgroepe wat sprake van konfrontasie tussen die kerk en die Staat net beperk tot 'n "a small band of political clergymen who appear bent on provoking a confrontation."⁵¹⁰ Waar daar wel volgens die SAUK konfrontasie was, was tussen die waardes van 'n Judaïstiese-Christelike beskawing en die magte van radikalisme onder leiding van die ANC wat die kerk by sy rewolusionêre stryd wou betrek.⁵¹¹ Dit was dus hierdie "klein bende"⁵¹² kerklui (bv. Tutu, Boesak en Naudé) wat hulle hierby laat betrek het, maar wat volgens die SAUK se estimasie nie die grootste kerke in die land of die meerderheid Christene verteenwoordig het nie.

5.4.3 Trivialisering

Media se hantering van deviante politieke groepe is volgens Miliband (1969) en Gitlin (1980) in 'n belangrike mate gerig om hierdie groepe as irrelevante eksentriteite voor te stel, dit wil sê randgroepe wat redelike en ernstige mense as lawwighele sal afskryf. Die media se doel volgens hierdie outeurs is om 'n bespotting van hulle oogmerke, simbole, strukture en optrede te maak.

In hierdie afdeling word twee aspekte van trivialisering in die SAUK se redaksionele kommentaar ondersoek, naamlik eerstens die gebruik van die woord *sogenaamde* en die aanwending van aanhalingstekens, en tweedens sarkastiese taalgebruik om buiteparlementêre groepe as belaglik, oppervlakkig, en irrelevant voor te stel.

5.4.3.1 Sogenaamde en aanhalings

Gitlin (1980) spesifiseer onder marginaliseringstegnieke ook taalgebruik, en hy verwys spesifiek na die gebruik van kwalifiseerders soos *sogenaamde* en aanhalingstekens. In 'n SAUK-daginstruksie van 9 Augustus 1974 het die Korporasie aan sy joernaliste die volgende reëls oor die gebruik van kwalifiseerders neergelê:

The terms "freedom fighters", "liberation organisations", "guerillas" are not acceptable to us without qualification. For example, it is correct to write - "The World Council of Churches has provided funds for (WHAT IT CALLS) 'Liberation groups'". (The words in brackets provide the qualification.) It would be incorrect to write "the W.C.C. has provided funds for liberation groups", or "the W.C.C. has provided funds for terrorist groups." The fact is that the W.C.C. maintains that its funds are going to "liberation groups" and we have no right to take semantic liberties and direct their funds to "terrorists". (SABC, 1974.)

Hierdie daginstruksie was na aanleiding van politieke verwikkelinge in Angola en Mosambiek waar die MPLA en Frelimo volgens die instruksie die "aura of respectability" inbeweeg het. Die instruksie het verder SAUK-joernaliste gemaan om gesonde verstand in die aanwending van semantiek te gebruik. 'n Laaste opdrag was: "avoid the sneer phrase 'so called'".

Hierdie instruksie het vir beriggewing gegeld en dit was bedoel om 'n "accurate, acceptable mean" daar te stel. Ongeag of die term *sogenaamde* in radionuus 'n smalende verwysing was, die SAUK het nie die daginstruksie se reël ten opsigte van sy redaksionele kommentaar gevolg nie. In hierdie joernalistieke vertakking het die Korporasie dit herhaaldelik as 'n smalende kwalifiseerder vir 'n wye verskeidenheid aspekte rakende buiteparlementêre verset gebruik, byvoorbeeld: die *sogenaamde* bevrydingsteologie,⁵¹³ ANC-lede as *sogenaamde* vryheidsvegters,⁵¹⁴ Tutu oor sanksies as die prys wat swartes vir hulle *sogenaamde* vryheid sou betaal,⁵¹⁵ radikales wat in swart woonbuurte klasse in *sogenaamde* volksonderwys ("people's education") ingestel het,⁵¹⁶ *sogenaamde* studenterrade wat die reg geëis het om aanstellings van onderwysers goed te keur,⁵¹⁷ swart leiers in die tronk wat as *sogenaamde* politieke gevangenes beskou word,⁵¹⁸ die *sogenaamde* volksoorlog of -rewolusie,⁵¹⁹ die ANC se *sogenaamde* gewapende stryd,⁵²⁰ Umkhonto we Sizwe as die ANC se *sogenaamde* militêre vleuel,⁵²¹ die *sogenaamde* krisisvergadering wat Anglikaanse biskoppe in

Maart 1988 gehou het,⁵²² en die Tambo-groep in die uitgeweke ANC wat as die *sogenaamde* gematigdes beskou was.⁵²³

In bepaalde kontekste kan die gebruik van aanhalings om 'n woord of frase te aksentueer as 'n vorm van sarkastiese en smalende styl bestempel word. Verder moet in gedagte gehou word dat die tekste vir radio geskryf was, wat beteken het dat aanhalingstekens waarskynlik 'n leidraad vir die omroeper was om hierdie teksgedeeltes met 'n spesifieke stemtoon te lees. Wanneer aanhalingstekens saam met *sogenaamde* gebruik word, verhoog dit die neerhalende of spottende trant van die frase, byvoorbeeld "so-called 'freedom fighters'",⁵²⁴ "so-called 'eminent persons'",⁵²⁵ "so-called 'people's education'",⁵²⁶ "so-called 'people's revolution'",⁵²⁷ "so-called 'crisis meeting'",⁵²⁸ en "so-called 'armed struggle'".⁵²⁹

Alleenstaande kan aanhalingstekens ook bydra tot die sarkasme van 'n teks wat reeds in 'n afbrekende en spottende trant geskryf is. Hier is 'n voorbeeld van *Comment* se reaksie op 'n hongerstaking onder aangehoudenenes:

This week, the "big guns" were brought in, with petitions being send to heads of government abroad, and local personalities joining in in "solidarity" with the hunger strikers.⁵³⁰

Wat die ANC se skikkingsplan of die Harare Verklaring van Augustus 1989 betref (vgl. *Sowetan*, 24 Aug. 1989), het *sogenaamde* en aanhalingstekens bygedra om die sarkasme in die volgende opmerking te versterk:

The use, in describing the conditions, of the somewhat noble title of a "settlement plan" is part of the exercise of trying to portray the ANC not as a terrorist organization that it is but as a reasonable organization committed to the peaceful resolution of conflicts. Part of the repair and rescue operation was, as well, to have its so-called "settlement plan" endorsed by the OAU.⁵³¹

'n Laaste voorbeeld is *Comment* se reaksie op politieke protesoptogte en saamtrekke wat prominente eienskappe van die Suid-Afrikaanse samelewing aan die einde van die tagtigerjare geword het:

The noble sounding of "peaceful protest" has been abused in precisely the same way as there has been abuse of words such as "mass movement" and "democratic" to dress up radical activist groups in all their finery.⁵³²

5.4.3.2 Sarkasme

Die beste trivialisering van buiteparlementêre verset en kritiek teen die hegemoniese orde het egter in *Comment* se taalgebruik gelê wat dikwels sarkasties, neerhalend, verwytend, spottend, skerp en snedig was. Om teenhegemoniese magte as irrelevante eksentriteite voor te stel, het die SAUK hulle as irrasioneel, onkundig, emosioneel, onvolwasse, naïef en mities voorgestel.

Rasionaliteit as 'n eienskap waaraan regeringsteenstanders tekort geskiet het, kom voor in die SAUK se redaksionele kommentaar ten opsigte van regsas wat die permanensie van stedelike swartes betwis het,⁵³³ die negatiewe politieke en ekonomiese reaksie hier en in die buiteland na Botha se Rubicon-toespraak,⁵³⁴ mense soos sanksiestemmingsmakers wat apartheid as 'n slagspreuk gebruik,⁵³⁵ die SARK se aanvaarding van die Lusaka Verklaring,⁵³⁶ en nogmaals sanksie-ondersteuners:

It is useless to seek reasonable explanations for the behaviour that is now rampant among the sanction campaigners. It is therefore futile to try engage them in reasonable discussion.⁵³⁷

Nou verwant aan irrasionaliteit is onkunde, en in *Comment* is hierdie eienskap uitgedeel aan byvoorbeeld kerklikes wat nie die diepgang van hervormings wou erken nie, die Dakar-gangers, kampvegters vir die vrylating van Mandela, en politieke radikales soos Barend Strydom. Wat Mandela betref, het die SAUK soos volg kommentaar gelewer op 'n rockmusiekkonsert in Londen ter ere van die ANC-leier:

The campaign to glamourise Nelson Mandela - to portray him as an innocent victim - has descended to a new level of emotional silliness nurtured by ignorance. Those who campaign to make a martyr of Mandela - and, by association, to enhance the image of the ANC - studiously ignore these and other relevant facts about the man and what he stands for. The success of their efforts depends on suppressing knowledge and stirring emotions.⁵³⁸

Die SAUK se reaksie op die Strydom-slagting in November 1988 (vgl. 5.1.2), spreek onkunde ten opsigte van linkse sowel as regse politieke radikalisme aan. Hierdie radikalisme, het die SAUK geredeneer, se wortels lê in 'n stelselmatige oorvereenvoudiging van die land se probleme deur diegene wat eerder emosionele aktivisme wil opwek as om intelligente insig te voorsien. Hulle kweek dus vir hulleself

en vir ander 'n algemene onvermoë om komplekse oorsake van landsprobleme te verstaan en te aanvaar.⁵³⁹

Kommentaar op die Mandela-konsert en Strydom se moorde het klem op emosie gelê. *Comment* het hierdie hoek gevolg ten opsigte van byvoorbeeld kritiek op vergeldingsaanvalle,⁵⁴⁰ kritiek op die konstitusionele bedeling en hervormings,⁵⁴¹ reaksie op veiligheidsoptrede in swart woonbuurte (bv. Langa in 1985),⁵⁴² oproepe om sanksies,⁵⁴³ en die veldtog teen die aanhouding van kinders.⁵⁴⁴ *Comment* se reaksie op kritici van die diepgang en pas van hervorming is 'n tipiese voorbeeld van die rubriek se gebruik van emosie, byvoorbeeld:

There is a danger of serious public debate about reform - which is essential at this time - being overwhelmed by a cacophony of emotional, largely unsubstantiated and even irrelevant outbursts - which is a luxury the country can certainly not afford at this time.⁵⁴⁵

Die irrelevantietema het ook sterk in die SAUK se verwysings na die onvolwassenheid van die onlusmakers gefigureer. Hoewel *Comment* dit per geleentheid met die aard van vakbondoptrede geassosieer het,⁵⁴⁶ het dit oorwegend die jeug en skoliere se bydrae tot buiteparlementêre verset aangespreek. Met betrekking tot die deelname van skoliere aan boikotaksies ten tye van die 1984-verkiesings vir kleurlinge en Indiërs, het die SAUK op 'n neerhalende manier verwys na die jeugdige protes as 'n tydverdryf, en dat die kinders aanspraak sou maak op kennis en ervaring wat hulle nog nie gehad het nie. Dit was volgens *Comment* ondenkbaar dat jongelinge wat nog die "basic tools" moes bemeester, toegelaat sou word om aan hulle ouers voor te skryf.⁵⁴⁷

In sy reaksie op die jeug se rol in die Vaaldriehoek-huurboikotte en -onluste, het die SAUK hulle as die vurigste deelnemers bestempel, hoewel "die meeste sekerlik nie eens geweet het hoeveel hulle ouers aan huur bestee nie".⁵⁴⁸ En oor daardie jeugdige wat na mening van die SAUK onluste as 'n "form of entertainment" beoefen het, en geëis het dat onderhandelings ook met hulle moes plaasvind, het *Comment* die volgende te sê gehad:

What government in the world would discuss intricate political issues round the conference table with children who rightly belong at school, and primary school to boot?⁵⁴⁹

Die begrip naïef kan ongekunsteld of onnosel beteken. Dit is in laasgenoemde konteks wat die SAUK die denke en dade van die buiteparlementêre beweging as naïef bestempel het. So het *Comment* byvoorbeeld sommige bewegings se uitgangspunt van woonbuurtgeweld as 'n respons op staatsonderdrukking, as naïef en onlogies bestempel.⁵⁵⁰ Vanweë die sondige aard van die mens het die SAUK ook voorsien dat die biddag deur regeringsopponente gereël in Oktober 1985 (vgl. 5.1.7.1) deur baie as 'n "utopiese naïwiteit" beskou sou word.⁵⁵¹ En diegene wat die ANC-kaders vryheidsvegters genoem het, daarin geglo het dat die organisasie 'n bydrae tot die vreedsame oplossing van Suid-Afrika se konstitusionele probleme kon lewer, en oortuig was dat die Regering se weiering om met die ANC te onderhandel die organisasie in die arms van die kommuniste gedryf het, sou volgens die SAUK net deur "naïewes" geglo word.⁵⁵² 'n Laaste voorbeeld is die SAUK se kommentaar op die betrokkenheid van organisasies soos die CDF en die MDM se betrokkenheid by politieke protes wat na die mening van die Korporasie nie tot 'n onderhandelde skikking van probleme sou bydra nie:

Only the very naïve - those who swallow unthinkingly the democratic titles and peaceful protestations of the radical groups - can believe that this strategy of confrontation will not cause a deterioration in the revolutionary climate in SA.⁵⁵³

Om van 'n mite in omgangstaal te praat, is om die feitelike gronde van iets te betwyfel. 'n Mite in hierdie sin kan dus gelykgestel word aan 'n fabel. Sake wat *Comment* as mites afgemaak het, sluit die volgende in: massasteun vir radikale geweld in swart woonbuurte,⁵⁵⁴ die ongewildheid van veiligheidsmagte in hierdie woonbuurte,⁵⁵⁵ die onderdrukking van mediavryheid in Suid-Afrika,⁵⁵⁶ populêre steun vir skole-onrus,⁵⁵⁷ en sanksies as 'n alternatief om vreedsame verandering te bewerkstellig.⁵⁵⁸ Voeg hierby sekere persepsies oor die ANC wat die SAUK as mites bestempel het, byvoorbeeld die ANC veg vir die bevryding van die massa,⁵⁵⁹ die ANC het geen ander alternatief as om geweld te gebruik nie,⁵⁶⁰ die ANC is 'n legitieme en breë verteenwoordigende politieke party,⁵⁶¹ en Suid-Afrikaners kan met die ANC debatteer en redeneer.⁵⁶²

Om hierdie afdeling af te sluit, word enkele voorbeelde van snedige of neerhalende taalgebruik ten opsigte van buiteparlementêre politiek aangehaal: die SARK se bydrae tot vreedsame onderhandeling is as "pateties" onvoldoende

bestempel,⁵⁶³ radikales het gewelddadige konfrontasie gesaai maar 'n "verpotte oes" gemaai;⁵⁶⁴ Tutu het 'n "obsessiewe behoefte" gehad om scenarios van grootskaalse geweld in Suid-Afrika te skilder;⁵⁶⁵ om "teen alle bewyse" te dink dat die ANC "wonderbaarlik sou verander indien dit "ooit werklike mag verkry", was om "politieke roekeloosheid tot die uiterste te voer";⁵⁶⁶ en die "ligte van spraakvryheid" het op Engelse kampusse verdof.⁵⁶⁷

Suid-Afrikaners se besoeke aan die ANC is as "pelgrimstogte" en "safaris" op die "toeristeroete na Lusaka" bestempel, en die ANC het hierdie groepe met "krummels" van hoop getempteer.⁵⁶⁸ Geen groep is egter met meer minagting as die Dakar-afvaardiging behandel nie, en die ontmoeting tussen die groep en die ANC is as 'n samekoms van "politieke terrorisme en politieke impotensie" bestempel.⁵⁶⁹

Die laaste voorbeeld is *Comment* se reaksie op kritici van die Regering wat elke hervorming as te min of kosmeties afgemaak het. Dit weerspieël die snedige en neerhalende trant waarmee die Korporasie ook kritiek op byvoorbeeld die onderwyssituasie, veiligheidsmaatreëls en kinders in aanhouding hanteer het. Die volgende aanhaling reflekteer boweal die kundige aanwending van woordkeuses om 'n algehele indruk van marginaliteit te wek:

It would try the patience of a saint. If the phenomenon signified no more than an unwillingness among certain kinds of people to accept being proved wrong, it could be ignored as just an irritant in the political debate. Among some of the inveterate complainers it does signify only that. Others are from the constitutionally discontented: they neither know what they want nor accept anything presented to them. A third faction in this hotpotch are simply following the fashion in the circles which they move; among them the parrot cry that "it is time for real reform" has achieved momentum of its own. They are hardly aware of what is being done, they have no idea of what they mean by "real" reform and they reject with indignation any more radical alternative to the present reform programme. These people will no doubt wake up to the reality in due course.⁵⁷⁰

5.5 MARGINALISERING EN PRESTASIE

In sowel Gitlin (1980) as Shoemaker (1982) se ondersoeke na mediahantering van deviante politieke groepe kom prestasie of welslae van hegemoniese en teenhegemoniese magte ter sprake. Gitlin praat van die hegemoniese orde as 'n

effektiewe opposisie van hierdie groepe, terwyl Shoemaker se lewensvatbaarheids- en stabiliteitsdimensie aspekte aanraak wat dui op 'n groep se vermoëns om doelwitte te verwesenlik, sy organisatoriese doeltreffendheid, en of die groep die middele het om sy voortbestaan te verseker.

In hierdie afdeling kom twee aspekte van prestasie in die SAUK se kommentaar op buiteparlementêre bedrywighede ter sprake: eerstens die effektiwiteit van hegemoniese en teenhegemoniese magte, en tweedens die vermoë van laasgenoemde (meer spesifiek die ANC) om by veranderende omstandighede aan te pas.

5.5.1 Effektiwiteit

Die lading wat die vlag *effektiwiteit* gedra het in die stryd tussen hegemoniese en teenhegemoniese magte in Suid-Afrika van die tagtigerjare, kan na verskeie aspekte verwys, byvoorbeeld die steun van die onderskeie groepe, die vermoë om politieke veranderings te inisier of om dit te dwarsboom, en die sukses of mislukking van veldtogte soos om die land onregeerbaar te maak, WHAM, verkiesings, en sanksies. Laasgenoemde het ekstensiewe dekking in *Comment* geniet, en die deurlopende tema was dat sanksies misluk het, dat die Suid-Afrikaanse ekonomie vanweë sy krag en vindingrykheid dit oorwin het, en dat dit teenproduktief was omdat swartes die meeste daaronder gely het.⁵⁷¹ Dit was eers in die tweede kwartaal van 1989 dat die SAUK begin het om te erken dat sanksies die ekonomie aansienlike skade berokken het.⁵⁷²

Maar effektiwiteit in hierdie afdeling verwys primêr na die SAUK se weergawe van hoe suksesvol die Staat met sy veiligheidsmagte die teenrewolusionêre stryd met die ANC aan die spits bekamp het. Marginalisering van die rewolusionêre magte lê daarin dat die Korporasie met 'n hoë frekwensie sy luisteraars wou oortuig dat die ANC se gewapende stryd 'n vrugtelose mislukking was. Om dit te doen het hy eerstens die SAP en SAW as gedug en onoorwinlik voorgestel, tweedens die luisteraars op hoogte gehou van hoe suksesvol die Staat se veiligheids- en noodmaatreëls was, en derdens op die probleme en terugslae van die ANC gefokus.

5.5.1.1 Effektiwiteit van die veiligheidsmagte

Die algemene beeld wat die SAUK van die SAP geskep het, is een van 'n onderbemande en oorwerkte mag wat onder die moeilikste en gevaarlikste omstandighede denkbaar steeds sy rol as die Suid-Afrikaanse samelewing se

borswering met groot sukses vertolk het.⁵⁷³ Nog 'n dimensie van hierdie beeld is 'n mag wat raaiselagtige sake gou kon ontrafel, soos die 1983-bomontploffing in Pretoria toe SAP-speurders binne drie maande antwoorde verskaf het op die identiteit van die planters en hulle medewerkers, asook hulle metode. *Comment* het dit 'n "triomf van spurwerk" genoem.⁵⁷⁴

Ongeag hoeveel mense gedood is in polisie-optrede by Langa naby Uitenhage in Maart 1985 (vgl. 4.2.2.1), het die titel van *Comment* hieroor "Attacks on the police" gelei.⁵⁷⁵ Die klemtoon was op 'n handjievol polisiemanne, wat hulle man teen 'n oormag moes staan, dieselfde situasie wat 'n maand vroeër in Kruispad naby Kaapstad afgespeel het.⁵⁷⁶ Die omstandighede waaronder hulle gewerk het ten spyt, *Comment* het dankbaarheid van Suid-Afrikaners vir die SAP gevra omdat hulle "rustig kon slaap" en byvoorbeeld kersfees kon hou.⁵⁷⁷

Die SAUK het die SAP 'n "klein bende misdaadbevegters" genoem, 'n mag wat 'n suksesverhaal kon vertel oor sy misdaadbekamping, teenrewolusionêre optrede, en humanitêre hulp in tye van rampe en krisis.⁵⁷⁸ Die polisie was in die voorste linie van die stryd teen die ANC en die SAKP, en die Korporasie het kritiek op die SAP as deel van die rewolusionêre strategie van radikale groepe gesien, 'n strategie wat wet en orde en uiteindelik die Staat moes aftakel.⁵⁷⁹ Die SAP se suksesrekord in sy teenrewolusionêre stryd het vanself gespreek, het *Comment* ten opsigte van 1987 verklaar:

Indeed, in the past year, Police success in the campaign against terrorism has increased by more than 300 per cent. Very few of the terrorists who commit acts of terror escape the long arm of the South African Police. Equally important, most acts of terror that are planned are thwarted before they can be put into operation.⁵⁸⁰

Terwyl buiteparlementêre kringe die SAP en die SAW as onwelkom in swart woonbuurte bestempel het (vgl. bv. Evans & Philips, 1988), het *Comment* met verwysing na polisie-optrede in byvoorbeeld Kwanobuhle naby Uitenhage (Mei 1985) van "exuberant goodwill" tussen die swart inwoners en die polisie gepraat,⁵⁸¹ en voorbeelde aangehaal van swartes wat met vrywillige informasie die teenrewolusionêre stryd 'n hupstoot gegee het.⁵⁸²

Aan vindingryke en verbeeldingryke optrede het dit die SAP ook nie ontbreek nie, het *Comment* gemeen. Neem byvoorbeeld 'n ongemagtigde optog van kerklui in

Augustus 1989.⁵⁸³ Om die optogangers uiteen te kry, het die SAP ongewapende polisievrue gebruik waarop die SAUK soos volg kommentaar gelewer het:

It defused a situation in which not the law-breakers but the law enforcers were being cast as the villains. In doing so it deprived the moral posturers of the opportunity to pose once again as the innocent victims of brutal police harassment.⁵⁸⁴

Kritiek deur die SAUK op polisie-optrede het in enkele uitsendings van *Comment* voorgekom, byvoorbeeld 'n ontsnapping in Maart 1989 van vier mans "met min moeite" uit polisie-aanhouding, en wat met "al die tyd in die wêreld" per huurmotor na die Wes-Duitse ambassade in Pretoria gegaan het om vir asiel aansoek te doen.⁵⁸⁵ Op bewerings aan die einde van November 1989 deur voormalige polisiemanne van 'n sluipmoordbende in die SAP (vgl. bv. *Die Burger*, 28 Nov. 1989; *Sowetan*, 30 Nov. 1989), het die SAUK gevra dat die feite vasgestel moes word om geregtigheid te laat geskied. Die meerderheid polisie-amptenare is egter voorgestel as "ordentlike en hardwerkende" mense wat self wrede aanvalle ten prooi geval het, en daarom was die idee van 'n sluipmoordbende in die SAP "so monstrous as to be almost unbelievable."⁵⁸⁶

Hoewel die SAUK gedurende die tagtigerjare herhaaldelik die SAP se suksesse in die teenrewolusionêre stryd beklemtoon het, en soos reeds genoem die diens as in die voorste linie teen die ANC-SAKP bestempel het, het die Korporasie aan die einde van Januarie 1990 van 'n "onregverdige" las op die skouers van die polisie gepraat. Dit was na aanleiding van De Klerk se aankondiging in hierdie maand dat die polisie se rol gheredefinieer sou word vanaf "politieke veiligheidsbewaker" na gewone polisieerder (kyk *The Star*, 29 Jan. 1990; *Die Burger*, 30 Jan. 1990). Die polisie was volgens die SAUK "geforseer" in 'n arena waar hulle onvermydelik die teikens van polities geïnspireerde kritiek geword het:

They have been portrayed as political partisans rather than neutral upholders of the law and order, an image that has been less helpful in encouraging public co-operation for ordinary crime-fighting.⁵⁸⁷

Die beeld van die polisie wat die SAUK in die tagtigerjare help skep het (i.e. die suksesvolle onderdrukker van buiteparlementêre *politieke* geweld), was dus die beeld waaroor die Korporasie in die begin van die negentigerjare beswaard gevoel het.

Veranderinge in die regerende party en die politieke omgewing moes sekerlik 'n rol in hierdie ommekeer gespeel het.

Wat die weermag betref, het die SAUK die magte geskilder as suksesvolle voorspringaanvallers, effektiewe vergelders van ANC-dade, jong manne wat hulle lewe op die spel plaas in die verdediging van vreedsame evolusie, en 'n weermag wat sy taak in moeilike politieke tye met “menslikheid en internasionaal erkende doeltreffendheid” verrig het.⁵⁸⁸ Nie alleen was Suid-Afrika se militêre slaankrag die rugsteun van sy diplomatieke inisiatiewe in Suider-Afrika nie, maar ook die versekering dat buurlande nie die ANC ongebreideld sy gang sou laat gaan nie.⁵⁸⁹

Teen die agtergrond van kritiek teen die SAW en gewetensbesware teen diensplig (byvoorbeeld deur die ECC), het die SAUK benewens die weermag se betrokkenheid by gemeenskapsontwikkelingsprojekte en humanitêre hulp tydens rampe en krisisse, ook die noodsaaklikheid van die SAW as 'n skild teen aanvalle op vreedsame verandering en die demokrasie beklemtoon:

Any action tending to undermine it is a disservice to all who risk their lives in defence of the people and of peaceful evolution.⁵⁹⁰

5.5.1.2 Effektiwiteit van veiligheidsmaatreëls

Benewens klem op die doeltreffendheid van die veiligheidsmagte, het *Comment* ook maatreëls soos die gedeeltelike noodtoestand van Julie 1985 en die landwyse een 'n jaar later as hoogs suksesvolle stappe in die teenrewolusionêre stryd voorgehou. Die herstel van wet en orde in Vaaldriehoekse swart woonbuurte deur Operasie Palmiet waarby die polisie, weermag en spoorwegpolisie ontplooi is (vgl. Sarakinsky, 1989), is deur die SAUK as “drastiese maar noodsaaklike” optrede bestempel,⁵⁹¹ en in Desember 1984 het *Comment* aan sy luisteraars gerapporteer dat die orde herstel is.⁵⁹²

Die gedeeltelike noodtoestand het volgens die SAUK 'n kalmerende effek in swart woonbuurte gehad, en die Korporasie het die media geblameer vir die persepsie oorsee dat die hele land in chaos was.⁵⁹³ Meer patrollies en groter sigbaarheid van polisie in onlusgeteisterde swart woonburte, tesame met strenger optrede teen oproer, brandstigting en intimidasie, het nie alleen wet en orde in hierdie woonbuurte herstel nie, maar volgens *Comment* ook bygedra om gewone misdaad te bekamp.⁵⁹⁴ Veral die opheffing van die noodtoestand in nege Oos-Kaapse distrikte aan die einde van 1985 is

as van besondere betekenis beskou, omdat die onrus die ergste in hierdie deel van die land was, 'n gevolg van wat die SAUK grootskaalse werkloosheid en "aktiewe ANC-aanstigting" genoem het.⁵⁹⁵

In 'n terugskouing oor die effek van die landwye noodtoestand, meld *Comment* in Februarie 1987 na aanleiding van statistieke deur die Buro vir Inligting oor die afname in onrusverwante voorvalle van geweld, dat rewolusionêre elemente teen Junie 1986, toe die landwye noodtoestand afgekondig is, beheer oor die geweld verkry het. Was dit nie vir die noodtoestand nie, het die SAUK aangevoer, sou die situasie verder verswak het.⁵⁹⁶ Die monitering van die onrussituasie deur die Buro en die gereelde publikasie van statistieke was 'n belangrike aanknopingspunt vir die Korporasie om sy luisteraars oor die effektiwiteit van die noodtoestand op hoogte te hou.⁵⁹⁷ Algemene gevolgtrekkings was dat die Regering georganiseerde geweld vasgevat het, dat mense minder geïntimideer gevoel het en daarom spontaan die veiligheidsmagte van inligting voorsien het, dat gemeenskapsleiers vryer gevoel het om na vore te kom en die onderhandelingsproses te ondersteun, dat dit tot die normalisering in swart onderwys, stedelike vernuwing en ekonomiese herstel gelei het, en dat dit rewolusionêres verplig het om ander strategieë soos stedelike terreur te volg.⁵⁹⁸ Teen die einde van 1989 kom *Comment* tot die slotsom: die rewolusionêre klimaat het verflou en plek gemaak vir 'n meer ontspanne klimaat, die rewolusionêre veldtog is verslaan, en gevolglik was veranderings soos die herstrukturering van die NVBS moontlik⁵⁹⁹ (kyk 4.2.3).

Wat soms na teenstrydige vertolkings van die effektiwiteit van noodmaatreëls gelyk het, was inderwaarheid rasionaliserings vir die behoud van die maatreëls (vgl. 2.2.1). Wanneer die SAUK van "goed georkestreerde geweld" gepraat het,⁶⁰⁰ of dat radikales groot skade berokken het en die situasie in skole "relatief" normaal was,⁶⁰¹ was dit nie soseer erkenning van suksesvolle rewolusionêre optrede nie, maar die motivering vir die hernuwing van die noodtoestand of om sy luisteraars paraat te hou. Daarom het die regte klimaat vir die opheffing nie gerealiseer nie, en was die ANC verslaan maar sy rewolusionêre stryd nie oor nie.⁶⁰² 'n Ontspanne politieke klimaat en 'n nuwe regeringshoof ten spyte, teen die einde van die tagtigerjare was die noodtoestand steeds daar, en dit het in een van die belangrike prekondisies vir omvattende onderhandelings geword (vgl. Lodge, 1992). Wat die SAUK betref, het die Korporasie die noodsaaklikheid vir die behoud daarvan beklemtoon, maar sy

argumentasielyn aangepas. Die kwessie was nou wie vir die opheffing verantwoordelik was: die ANC en ander buiteparlementêre groepe wat eers geweld moes los, of die Regering wat die noodtoestand moes ophef sodat hierdie groepe geweld kon los?⁶⁰³

5.5.1.3 Die effektiwiteit van die ANC

Die SAUK-weergawe van die ANC as oneffektief, onsuksesvol, 'n verloorder, en 'n organisasie wat deur die veiligheidsmagte se welslae tot desperaatheid gedryf was, was ten nouste gekoppel aan die idee van hierdie organisasie as geïsoleerd in Suider-Afrika sowel as in die Republiek self (kyk 5.3.6). In SAUK-terme was die ANC se gewapende stryd vrugteloos, sy logistiese probleme onoorkombaar, die kans om 'n militêre stryd te wen buite die kwessie, sy horisonne beperk, en die gewelddadige omverwerping van die Suid-Afrikaanse Regering 'n "pypdroom".⁶⁰⁴ Kortom, die ANC het nie die middele en vermoëns gehad om die heersende orde met geweld te verander nie.

Teenoor die presentasie van die veiligheidsmagte as opgelei en berekenend doeltreffend, het die SAUK die ANC as onbeholpe en sy vegters as onopgelei voorgelê. Kort na 'n aanval op ANC-teikens in Gaborone in helfte van Junie 1986 het agt jeugdiges aan die Oos-Rand in handgranaatongelukke omgekom. Die volgende is 'n letterlike weergawe van *Comment* se reaksie op hierdie voorvalle: klein bendes ANC's, gegroepeer in sogenaamde selfmoordbendes, ondergaan blitskursusse in Botswana in die gebruik van handgranate; dat die terroriste hulself opgeblaas het, getuig van hoe oorhaastig die opleidingsprogram in Botswana is; dit is ook 'n verdere bewys dat die ANC rou rekrute as kanonvoer gebruik.⁶⁰⁵ In getuienis voor die WVK het dit egter geblyk dat agente van die Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte defektiewe handgranate aan die jeugdiges gegee het (vgl. *Weekly Mail & Guardian*, 23 Jan. 1997).

Bomontploffings in openbare plekke aan die Witwatersrand en in Pretoria in April 1988 het weer die kwessie van swak opleiding ter sprake gebring (vgl. RRS, 1987/88). Volgens *Comment* was die ontploffings 'n aanduiding van die onbeholpe en oorhaastige voorbereiding omdat dit te vroeg afgegaan het, en die enigste ongevalle een van die planters was:

Hence the reported view of intelligence sources that the ANC has again resorted to making use of poorly trained recruits who are having to act quickly to have a chance of escaping afterwards.⁶⁰⁶

Die marginalisering van die ANC as 'n ondoeltreffende mag het in 'n belangrike mate gewentel om *Comment* se voorstelling van sy offensiewe as mislukking. Dit het gewissel van beloofde *swart* kersfese (deur byvoorbeeld geweld en verbruikersboikotte)⁶⁰⁷ tot pogings om die land onregeerbaar te maak,⁶⁰⁸ van optimisme oor 'n op hande rewolusie⁶⁰⁹ tot skuiwe om die inisiatief in die onderhandelingsproses te neem.⁶¹⁰ Selfs die Sowjet-Unie was ontnugterd oor die “onvermoë van die ANC om sy rewolusionêre aansprake met resultate te steun”, het die SAUK aangevoer, en dit is daarom dat die organisasie volgens die Korporasie al herhaaldelik as “een van die mins suksesvolle rewolusionêre bewegings in die wêreld beskryf is”.⁶¹¹

Oor die ANC en ander buiteparlementêre groepe se metodes was die SAUK ook uitgesproke neerhalend. Terreur is as die wapens van die swakkere, lafhartige en desperate bestempel,⁶¹² en die ANC se aanvalle op byvoorbeeld burgerlike teikens het volgens die SAUK getuig van 'n frustrasie met beperkte geld en wapens,⁶¹³ militêre en populêre agteruitgang,⁶¹⁴ lae moreel en 'n gebrek aan dissipline in eie geledere.⁶¹⁵

Wat die ANC en die onderhandelingsproses betref, het die SAUK aangevoer dat die organisasie nie werklik wou onderhandel nie, maar dat hy deur militêre nederlae en 'n mislukte rewolusionêre stryd daartoe gedwing is⁶¹⁶ (kyk 5.3.3). Teenoor die ANC as swak het die Korporasie die mag van die Staat gestel:

It (*die ANC*) finds itself, in fact, in a position of weakness. The Government, in contrast, is in a strong "hands-on" position: it has the authority of the state and the power to take initiatives and propose guidelines for negotiation, as it has done in respect of the proposed National Council.⁶¹⁷

Effektiwiteit as 'n maatstaf van marginaliteit ten opsigte van die ANC moet dus in samehang met die SAUK se taksering van die veiligheidsmagte en veiligheidsmaatreëls gesien word. Die eindresultaat was 'n beeld van die ANC as 'n politieke en militêre mislukking waarmee die Korporasie die organisasie se randstatus verder verhoog het.

5.5.2 Stagnasie

Die idee van buiteparlementêre leiers wat in hulle denke gestagneer het, van optrede wat uit pas geraak het met nuwe maniere van dink en doen in Suid-Afrika, is die laaste vorm van marginalisering wat in hierdie hoofstuk bespreek word. Stagnasie

het veral betrekking gehad op buiteparlementêre metodes soos boikotpolitiek, geweld, die gewapende stryd en rewolusie, asook op die ideologiese grondslag van hierdie beweging. In laasgenoemde geval het dit meer bepaald gegaan oor die ANC se aanhang van Marxisme en sosialistiese ekonomiese denke te midde van radikale politieke en ekonomiese veranderinge in Oos-Europa.

Wat verouderde metodes betref, het *Comment* oproepe om verkiesings vir kleurlinge en Indiërs in 1984 te boikot, as "shopworn clichés" van die era van protespolitiek genoem,⁶¹⁸ 'n era toe boikotpolitiek veral vir kleurlinge "n doel gediën het" om druk vir politieke hervorming uit te oefen.⁶¹⁹ Soortgelyke kommentaar word gelewer op die era van wettige protesoptogte in 1989 en daarna. Die erkenning van die rol en plek van optogte en saamtrekke in 'n demokratiese samelewing na die Kaapstadse optog op 13 September 1989, het met die eskalاسie van hierdie politieke uitingsvorme gou plek gemaak vir SAUK-oordele soos dat hierdie "mode" sy doel gediën het, dat 'n punt gemaak en geneem is, en dat deelnemers daaraan vasklou aan die verlede terwyl die Suid-Afrika van die toekoms gebou moes word.⁶²⁰

Dit was nietemin die ANC se gewapende stryd en sy verbintenis tot rewolusie wat volgens die SAUK meeste tred met die tyd verloor het. Aan die spits van hierdie organisasie het leiers gestaan wat, gegewe hulle "outoritêre ideologiese uitkyk", volgens die SAUK moeilik sou verander.⁶²¹ Hierdie taksering van ANC-leierskap deur *Comment* is aangevul met kommentare op 'n nuwe era met geleenthede vir konstitusionele deelname wat die ANC se strategieë en metodes tot 'n plek in "geskiedenisboeke" verplaas het. Die "konstitusionele deur" wat in die verlede toe was, het nou ook oopgestaan vir die ANC, aldus *Comment*.⁶²²

Vordering met die proses om Suidwes-Afrika/Namibië tot onderhandelde onafhanklikheid te lei, het ruimte vir die SAUK geskep om die ANC se voortgesette gewapende stryd as 'n "obsolete approach of revolutionary violence" te noem,⁶²³ want soos regerings volgens *Comment* toenemend onderhandeling en samewerking bo konfrontasie verkies het, so het die ANC se "oudmodiese" aanhang van geweld ook toenemend uit pas met heersende sentimente geword. Die geskiedenis het die ANC verbygesteek, was die kommentaar van die SAUK op die ANC se volharding met die gewapende stryd na die toespraak van De Klerk op 2 Februarie 1990.⁶²⁴ Die SAUK het

dit vertolk as onvermoë aan die kant van die ANC om die omvang van De Klerk se herdefiniëring van die politieke toneel te begryp:

The monotonous reiteration of the slogans and demands of the past is not only inappropriate for the changed present but places a question mark over the leadership's own grasp of the political challenges confronting it.⁶²⁵

Die agtergrond van *Comment* se voorstelling van die ANC-leierskap as synde uit voeling uit met omstandighede in Suid-Afrika is enersyds die ANC wat in die tweede helfte van die tagtigerjare bereid was om voorwaardelik te onderhandel, en die onaanvaarbaarheid van die gestelde voorwaardes vir die Suid-Afrikaanse Regering (en ook die SAUK). Soos in 4.2.2.3 genoem, het die Regering in hierdie stadium waarskynlik gehoop om 'n onderhandelde konstitusionele skikking sonder die ANC te bereik. Teen hierdie agtergrond het die SAUK dus gefokus op die effek van die dekadellange ballingskap op die ANC se waardering van die binnelandse situasie. Uitgeweke ANC-leiers het volgens die Korporasie nie eerstehandse kennis van die daaglikse lewe in die Republiek gehad nie, terwyl hulle begrip vir die ekonomiese vooruitgang, politieke hervormings en maatskaplike vooruitgang van die swartes die ANC gediskwalifiseer het om namens swartes te praat of om voorwaardes vir onderhandeling te stel.⁶²⁶

Wat egter die meeste substansie aan die SAUK se voorstelling van die ANC as stagnant gegee het, was gebeure in Oos-Europa teen die einde van die tagtigerjare.⁶²⁷ Die ineenstorting van die kommunisme in hierdie wêrelddeel het ook die ANC se ideologiese basis en ekonomiese visie in die kollig geplaas, en aan die SAUK die geleentheid gebied om die ANC as stagnant te marginaliseer. Derhalwe het die SAUK klem gelê op die organisasie se Vryheidsmanifes wat die Korporasie as ondersteunend van ANC-uitsprake soos die nasionalisering van die mynbedryf, banksektor en groot korporasies bestempel het:

This will be done, in the Marxist jargon of the ANC document, in order to bring the commanding heights of the economy under the democratic control of the people. In short, the ANC remains wedded to policies it first gave formal expression 35 years ago. These are policies that are today discredited in Eastern Europe and in other parts of the world where they brought economic disaster and, at human level, much pain and suffering.⁶²⁸

Aan die ander kant het die SAUK die ANC se sosialistiese uitsprake en aanvalle op die vrye ondernemingstelsel toegeskryf aan wat die Korporasie die organisasie se "verouderde en gediskrediteerde politieke agendas" genoem het.⁶²⁹ *Comment* se argumentasielyn was in breë trekke die volgende: die ANC se veldtog om 'n magsbasis in die Republiek deur middel van geweld en intimidasie op te bou, het misluk; nou probeer die organisasie deur sosialistiese retoriek om so 'n magsbasis op te bou, en vandaar sy uitsprake soos die einde van kapitalistiese uitbuiting, herverdeling van grond en rykdom, werk en huise vir almal, en myne onder die eienaarskap van die mense.

Teenoor die aangehaalde ekonomiese uitsprake van die ANC, het die SAUK die vrye ondernemingstelsel beskryf as "the only proven formula that recent world history has provided for improving the quality of life of the man in the street, his wife and his children."⁶³⁰ ANC-sosialisme was dus in SAUK-terme net so stagnerend soos die sosialisme wat verval in Oos-Europa en Afrika gebring het, en daarom het die Korporasie die organisasie as "yesterday's men"⁶³¹ bestempel wat min tot die bou van die toekomstige Suid-Afrika kon bydra.

5.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 21 indikatore van marginaliteit bespreek. Hierdie indikatore is gegroepeer in vyf dimensies, naamlik steun, leierskap, stroombaan, evaluasie en prestasie. Die dimensies nóg die indikatore is wedersyds uitsluitend omdat dieselfde inhoudselement 'n aanwyser van verskillende vorme van marginalisering kan wees.

Die primêre doel van hierdie hoofstuk was om aan te toon hoe die SAUK sy redaksionele kommentaar gebruik het om lede van die buiteparlementêre beweging (links en regs) as randgroepe voor te stel. Hierdie randstatus was volgens die SAUK nie net die gevolg van beperkte steun en die gebrek aan outentieke leierskap nie, maar dit het in *Comment* ook neerslag gevind in onder meer oordele oor hoe goed of sleg die buiteparlementêre groepe was, of hulle ernstige aanspraakmakers op politieke mag was, hoe effektief hulle geveg het, en of hulle tred met veranderende omstandighede kon hou.

Die oorheersende indruk wat die hoofstuk behoort te laat, is dat al hierdie indikatore gesamentlik bygedra het tot 'n beeld van die buiteparlementêre beweging as 'n onbeduidende en marginale faktor in die Suid-Afrikaanse politiek van die tagtigerjare. Synde randeiers, kon hierdie groepe dus nie op betekenisvolle legitimiteit aanspraak maak nie. Daarteenoor was die hegemoniese orde in die spreekwoordelike middel van die broeisel eiers, die hoofstroom van die politieke rivier, en sentrum van legitieme mag.

Die hoofstuk het in die konteks van die voorafgaande twee hoofstukke ook getoon hoe die politieke omgewing die redaksionele kommentaar van die SAUK beïnvloed het. In hierdie opsig was die wedersydse besef van 'n "no win" situasie belangrik, omdat dit 'n bepalende invloed op die SAUK se stelselmatige akkommodasie van die ANC en ander buiteparlementêre groepe as onderhandelingsvennote gehad het. Verder het die leiersverandering van die NP en later die Regering 'n opsigtelike verandering in die SAUK se oordele oor buiteparlementêre politiek teweeggebring. Hierdie verandering kon in die meeste indikatore van marginaliteit bespeur word.

Dit moet in die laaste instansie onthou word dat hierdie hoofstuk voortgebou het op die SAUK se legitimisering van die hegemoniese orde, asook sy korporatiewe beleid jeens buiteparlementêre politiek. Die totale marginalisering van buiteparlementêre groepe het dus geskied op grond van die voorstelling van die hegemoniese orde as legitiem en sentraal, en teenhegemoniese magte as illegitiem en marginaal. Hierdie hoofstuk is gevolglik die kulminasie van die SAUK se idee dat die heersende orde in 'n Staat van integrale hegemonie was, en dat die buiteparlementêre beweging vanweë sy marginaliteit nie opgewasse was om dit te verander nie.

¹ Konstruktiewe deelname aan die nuwe konstitusionele bedeling (C10/3/83, C15/11/83, C19/6/84). Evolusionêre verandering (C4/2/83, C18/3/87, C28/10/88). 'n Veilige en regverdige orde (C9/6/83, C18/8/83, C22/7/85, C25/7/85, C9/4/86, C12/5/86, C19/11/87, C12/1/88, C16/6/88, C24/8/88, C27/9/89). 'n Politieke bedeling daargestel deur onderhandeling (C6/1/83, C20/6/83, C18/4/84, C7/5/85, C17/9/85, C29/4/86, C3/12/86, C22/3/88, C29/5/86, C24/3/87, C23/6/89, C24/6/88, C28/6/89, C11/7/89, C18/7/89, C9/8/89, C14/8/89, C16/8/89, C18/8/89, C21/8/89, C22/8/89, C5/10/89, C11/10/89, C31/10/89, C13/12/89, C4/1/90, C11/1/90, C18/1/90, C19/1/90, C24/1/90). Die uitsluiting van die ANC as onderhandelingsvennoot (C16/11/88). Hervorming, magdeling, volle deelname vir almal aan die politieke besluitnemingsprosesse, en nasionale versoening (C4/3/83, C22/7/85, C20/8/85, C30/9/85, C10/1/86, C4/2/86, C7/3/86, C29/4/86, C1/5/86, C9/9/86, C3/2/87, C5/3/87, C14/5/87, C5/6/87, C9/6/87, C26/2/88, C25/4/88, C24/2/89, C27/10/88, C9/5/89, C12/6/89, C23/6/89, C7/9/89, C8/9/89, C5/10/89, C11/10/89, C24/10/89, C19/1/90). Christelike en beskaafde waardes (C15/1/85). Die soeke na gemeenskaplike gronde (C25/9/89). Verskansing van gedifferensieerdheid (C15/2/85, C4/7/85).

- 2 Grondwet en driekamerparlement (C4/11/83). Konstitusionele forum en munisipale verkiesings (C17/6/88, C24/6/88, C29/7/88, C23/9/88, C27/10/88, C28/10/88, C10/2/89). Afskaffing van apartheidswette (C17/4/85). Groepsgebiede (C7/10/87).
- 3 C4/8/83, C10/4/85, C16/4/85, C16/3/87, C11/6/87, C28/12/88.
- 4 C4/2/83, C4/11/85, C29/5/86, C9/7/87.
- 5 C1/10/85, C29/5/85, C4/12/85, C21/11/89.
- 6 C16/10/85.
- 7 C16/10/85.
- 8 C15/2/85, C4/7/85.
- 9 C19/11/87, C29/11/88.
- 10 C8/11/89, C18/12/89.
- 11 Vgl. bv. C28/6/89, C11/7/89, C18/7/89, C9/8/89, C14/8/89, C16/8/89, C18/8/89, C21/8/89, C22/8/89, C5/10/89, C11/10/89, C31/10/89, C13/12/89, C4/1/90, C11/1/90, C18/1/90, C19/1/90, C24/1/90.
- 12 C4/8/83, C5/8/84, C20/8/84, C6/2/87, C9/1/87, C12/2/87, C26/11/87, C15/12/87, C12/1/88, C22/4/88, C18/10/88, C23/2/89, C5/5/89, C26/5/89, C27/7/89.
- 13 Vgl. bv. C8/11/89, C13/12/89, C19/1/90.
- 14 C7/5/85, C19/2/86, C29/4/86, C29/5/86, C1/5/87, C22/6/87, C7/8/87, C10/2/89, C21/2/89, C23/2/89, C21/11/89, C22/1/90.
- 15 Konfrontasiepolitiek (C15/9/89). Onregeerbaarheidstrategie (C23/3/88). Geweldopsie (C26/12/85, C29/4/86, C9/5/86, C29/5/86, C9/1/87, C18/1/90, C26/1/90). Terreur (C10/3/83, C24/5/83, C14/6/85, C17/9/85, C19/12/85, C19/7/88, C28/10/88). Sanksies en disinvestering (C16/4/84, C25/9/84, C5/2/85, C29/5/86, C30/9/86, C12/11/87, C22/1/88, C18/5/89). Eenmens-een-stem in 'n unitêre staat (C11/12/84). Die Westminsterstelsel (C6/5/83, C19/5/86). Skole-onluste en woonbuurtgeweld (C3/5/84, C21/9/84, C31/1/85, C10/4/85, C25/4/85, C10/5/85, C29/8/85, C1/1/86, C31/1/86, C29/5/86, C16/6/86, C7/1/87, C1/9/89, C19/12/89, C19/1/90, C22/1/90).
- 16 C4/4/86, C9/9/86, C9/6/87, C25/3/88, C17/5/88, C1/9/88, C18/5/89.
- 17 C9/9/86, C15/3/88.
- 18 C6/1/83, C4/2/83, C15/11/83, C25/9/84, C16/10/85, C4/4/86, C29/4/86, C29/5/86, C30/9/86, C3/12/86, C5/3/87, C16/3/87, C24/3/87, C11/6/87, C12/11/87, C22/1/88, C1/9/88, C29/11/88, C9/5/89, C18/5/89, C23/6/89, C22/1/90.
- 19 C29/5/86.
- 20 C18/5/89.
- 21 Bv. C4/4/86.
- 22 Detail oor die opname is in C25/9/84.
- 23 C29/5/86.
- 24 C18/5/89.
- 25 Vgl. bv. C27/6/83, C17/12/84, C3/5/84, C21/9/84, C9/4/85, C29/8/85, C9/9/86, C7/1/87, C29/3/88, C17/6/88, C29/7/88, C23/9/88, C27/10/88, C28/10/88, C18/5/89, C7/9/89, C8/9/89, C21/11/89, C13/12/89.
- 26 C27/6/83, C17/2/84, C21/11/84, C31/12/85, C9/9/86, C15/3/88, C29/3/88.
- 27 C10/4/85, C25/4/85, C10/5/85, C29/8/85, C1/1/86, C29/5/86, C16/6/86, C1/9/89, C19/12/89, C19/1/90, C22/1/90.
- 28 C7/5/85, C19/2/86, C29/4/86, C29/5/86, C1/5/87, C22/6/87, C7/8/87, C10/2/89, C21/2/89, C23/2/89, C21/11/89, C22/1/90.
- 29 C7/5/87, C11/5/87, C7/9/89, C8/9/89.
- 30 C27/6/83.
- 31 C17/2/84.
- 32 C9/4/85.
- 33 C9/9/86.
- 34 C18/5/89.
- 35 C3/5/84.
- 36 C21/9/84.
- 37 C7/1/87.
- 38 C29/8/85.
- 39 C29/5/85.

-
- 40 C21/11/89.
41 C13/12/89.
42 C17/6/88, C29/7/88, C23/9/88, C27/10/88, C28/10/88.
43 C28/10/88.
44 C7/9/89; C8/9/89.
45 C4/2/83.
46 C24/5/83.
47 C27/6/83.
48 C16/8/89.
49 C25/4/88.
50 C11/10/89.
51 C6/1/83, C4/2/83, C24/5/83, C18/8/83, C14/6/85, C17/9/85, C16/10/85, C26/12/85, C10/1/86, C19/5/86, C9/9/86, C9/1/87, C20/4/87, C14/5/87, C22/6/87, C20/7/87, C19/11/87, C12/1/87, C26/2/87, C22/3/88, C25/4/88, C24/6/88, C19/7/88, C29/7/88, C24/8/88, C27/10/88, C28/10/88, C12/12/88, C24/2/89, C29/5/89, C23/6/89, C28/6/89, C21/8/89, C18/1/90, C24/1/90.
52 C10/1/86.
53 C9/1/87.
54 C19/11/87.
55 C26/2/88, C3/6/89.
56 C24/8/88.
57 Bv. C19/5/86, C14/5/86, C12/1/88, C19/7/88, C28/10/88, C12/12/88, C28/6/89.
58 C19/5/86.
59 C22/6/87.
60 C27/10/88.
61 C28/10/88.
62 C28/6/89.
63 C10/3/83, C6/5/83, C20/8/85, C17/9/85, C26/12/85, C10/1/86.
64 C9/6/83.
65 C24/5/83, C16/6/86.
66 C4/2/83.
67 C4/2/83, C31/12/85.
68 C4/8/83, C5/4/84, C6/7/84, C25/7/84, C21/9/84, C21/11/84, C28/11/84, C15/1/85, C10/5/85, C22/7/85, C25/7/85, C30/9/85, C16/10/85, C19/12/85, C1/1/86, C10/1/86, C31/1/86, C3/2/86, C4/2/86, C7/3/86, C10/3/86, C29/4/86, C29/5/86, C7/1/87, C25/2/87, C1/5/87, C5/6/87, C9/6/87, C9/7/87, C7/8/87, C7/10/87, C4/3/87, C15/3/88, C29/3/88, C22/4/88, C27/10/88, C16/11/88, C1/12/88, C10/2/89, C18/5/89, C18/7/89, C14/8/89, C1/9/89, C7/9/89, C27/9/89, C11/10/89, C8/11/89, C19/1/90.
69 C4/8/83, C5/4/84, C22/4/88.
70 C30/9/85, C4/2/86, C14/8/89, C11/10/89, C19/1/90.
71 Bv. C29/5/86, C9/7/87.
72 Bv. C6/7/84, C25/7/84, C1/1/86, C31/1/86, C29/4/86, C1/5/87, C7/8/87.
73 Bv. C18/5/89.
74 C15/3/88.
75 C8/11/89.
76 C15/5/83.
77 C3/1/86.
78 C29/5/86.
79 C7/1/87.
80 C10/3/83, C17/12/84, C61/4/84, C27/6/85, C2/10/85, C31/1/86, C4/4/86, C12/5/86, C7/5/87, C23/10/87, C16/6/88, C16/8/89, C13/12/89, C22/1/90, C26/2/90.
81 C10/3/83.
82 C16/4/84.
83 C31/1/86.
84 C12/5/86.
85 C7/5/87.
86 C16/8/88.
87 C16/8/89, C18/8/89.

-
- 88 C26/2/90.
89 Bv. C4/3/84, C31/8/84, C10/4/85, C16/4/85, C17/4/85, C22/7/85, C4/11/85, C29/4/86, C9/7/87,
90 C24/6/88, C18/11/88.
91 C4/3/83.
92 C31/8/84.
93 C10/4/85.
94 C17/4/85.
95 C29/4/86, C24/6/88.
96 C22/6/87.
97 C18/11/88.
98 Bv. C4/2/83, C4/11/83, C20/8/84, C19/2/84, C5/2/85, C9/4/85, C7/5/85, C19/2/86, C4/4/86,
99 C6/2/87, C9/7/87, C15/12/87, C12/1/88, C24/6/88, C27/7/89, C19/12/89, C22/1/90.
100 C19/2/84.
101 C5/2/85.
102 C7/8/85.
103 C24/6/88.
104 C19/2/86.
105 C19/2/89.
106 C4/11/83.
107 C9/4/85.
108 C20/8/84, C7/5/85, C6/2/87, C15/12/87.
109 C4/4/86.
110 C29/7/88. Kyk ook C23/2/89.
111 C21/2/89.
112 Vgl. bv. C6/1/83, C4/3/83, C20/6/83, C15/11/83, C18/4/84, C10/4/85, C10/5/85, C14/6/85,
113 C4/7/85, C31/12/85, C31/1/86, C9/4/86, C1/5/86, C18/3/87, C9/7/87, C22/3/88, C25/3/88,
114 C29/7/88, C28/12/88, C10/2/89, C26/6/89, C11/7/89, C18/7/89, C9/8/89, C21/8/89, C22/8/89,
115 C5/10/89, C24/10/89, C31/10/89, C4/1/90, C11/1/90, C18/1/90, C5/2/90.
116 C6/1/83.
117 C4/3/83.
118 C20/6/83.
119 C4/7/85.
120 C31/1/86.
121 C31/12/85.
122 C18/3/87.
123 C28/12/88.
124 C11/7/89.
125 C9/8/89, C21/8/89, C22/8/89, C5/10/89, C24/10/89, C31/10/89, C4/1/90, C11/1/90.
126 C25/3/88.
127 C21/8/89, C18/1/90, C5/2/90.
128 C4/11/83, C11/1/86, C3/2/87, C11/5/87, C27/10/88, C8/9/89, C5/10/89.
129 C4/11/83.
130 C11/11/86.
131 C11/5/87, C8/9/89, C5/10/89.
132 C10/3/83, C17/4/86, C29/5/86, C9/1/87, C12/2/87, C26/11/87, C17/5/88, C18/10/88, C23/2/89,
133 C31/10/89, C21/11/89, C19/1/90, C12/2/90.
134 Bv. 10/3/83, C2/2/87, C18/10/88.
135 Bv. C29/5/86, C9/1/87, C12/2/87, C26/11/87, C18/10/88, C23/2/89.
136 C12/2/87.
C18/10/88.
C23/2/89.
C31/10/89.
C31/10/89.
C4/5/83, C3/11/83, C17/11/83, C13/7/84, C28/8/84, C15/2/85, C4/7/85, C21/10/85, C19/12/86,
C5/1/87, C5/5/87, C31/10/89, C8/11/89, C13/12/89, C14/12/89, C18/12/89, C11/1/90, C8/2/90,
C14/2/90, C19/2/90.
C4/5/83.
-

-
- 137 C3/11/83.
138 C17/11/83.
139 C28/8/84.
140 Bv. C31/10/89, C8/11/89, C13/12/89, C14/12/89, C18/12/89, C11/1/90, C8/2/90, C14/2/90,
C19/2/90.
141 C19/2/90.
142 C25/7/84, C28/8/84, C20/11/84, C28/3/85, C14/6/85, C3/12/85, C19/2/86, C25/3/86, C4/4/86,
C29/4/86, C2/6/86, C12/6/86, C16/6/86, C8/9/86, C16/1/87, C25/3/87, C29/4/87, C25/5/87,
C16/6/87, C22/6/87, C29/6/87, C25/1/90.
143 Bv. C25/7/84, C28/8/84, C28/3/85, C3/12/85, C25/3/86, C4/4/86, C2/6/86, C16/6/86, C16/1/87,
C29/4/87, C12/5/87, C16/6/87, C29/6/87, C25/1/90.
144 Detail oor hierdie opname verskyn in C3/12/86.
145 C3/12/86.
146 C12/3/85.
147 C19/2/86.
148 C9/12/87.
149 C6/12/83.
150 C24/8/84.
151 C3/5/84.
152 C8/9/86.
153 C11/8/87, C14/8/87.
154 C28/10/89.
155 C19/12/89.
156 C25/5/83, C27/8/84, C3/1/85, C25/1/85, C25/10/85, C31/12/85, C31/1/86, C15/7/86, C8/10/86,
C22/12/86, C26/12/86, C6/2/87, C29/6/87, C23/10/87, C22/12/89, C25/1/90.
157 C25/5/83.
158 C3/1/85, C15/7/86, C29/6/87, C23/10/87, C22/12/89, C25/1/90.
159 C8/10/86.
160 Vgl. bv. C18/7/84, C20/9/84, C10/10/84, C7/11/84, C28/11/84, C27/12/84, C28/2/85, C25/3/85,
C29/3/85, C2/4/85, C3/4/85, C13/5/85, C14/5/85, C14/6/85, C28/6/85, C9/7/85, C19/7/85,
C5/8/85, C1/11/85, C12/5/86, C16/5/86, C2/6/86, C30/6/86, C6/1/87, C9/2/87, C11/8/87,
C15/9/87, C11/11/90, C6/2/90, C15/2/90.
161 C28/2/85.
162 C30/6/86.
163 C20/9/84, C10/10/84, C7/11/84, C20/11/84, C28/11/84, C27/12/84.
164 C25/3/85, C29/3/85, C2/4/85.
165 C14/6/85.
166 C9/7/85.
167 C30/6/86.
168 C11/8/87.
169 C11/1/90, C6/2/90, C15/2/90.
170 C7/11/84.
171 C7/11/84.
172 C15/2/90.
173 Vgl. bv. C20/6/83, C5/4/84.
174 C20/8/84, C17/6/86, C26/6/86, C22/12/86, C6/4/87, C15/4/87, C2/5/88.
175 C11/1/90, C24/1/90, C23/2/90.
176 C1/7/85.
177 C13/10/86.
178 C4/3/88, C1/12/88, C9/3/89, C29/5/89.
179 C11/5/87.
180 C4/3/88, C1/12/88.
181 C4/3/88.
182 C1/7/85, C29/5/89.
183 C29/5/89.
184 C29/5/89.

- 185 C16/3/83, C29/3/83, C22/4/83, C25/5/83, C13/9/83, C25/7/84, C18/2/85, C25/6/85, C17/10/85, C21/10/85, C25/10/85, C13/1/86, C20/3/86, C31/3/86, C21/4/86, C1/5/86, C22/5/86, C16/6/86, C7/10/86, C12/1/87, C12/2/87, C20/4/87, C21/4/87, C27/5/87, C8/7/87, C4/4/88, C22/4/88, C19/7/88, C19/6/89, C24/8/89.
- 186 C16/3/83, C25/10/85, C31/3/86.
- 187 C13/1/86.
- 188 Vgl. bv. C31/12/87, C19/4/88, C2/5/88, C26/5/89, C11/7/89, C24/1/90.
- 189 C4/5/85, C7/8/85.
- 190 C27/6/83, C1/7/85, C9/9/86, C18/5/89.
- 191 C15/3/88.
- 192 C15/3/88.
- 193 C12/12/85, C4/4/86, C6/5/86.
- 194 C24/3/88.
- 195 C10/5/85, 22/5/85.
- 196 C8/7/85, ook C9/7/85.
- 197 C25/1/90.
- 198 C19/4/89, C17/7/89, C18/7/89, C18/12/89, C9/1/90, C29/1/90, C15/2/90.
- 199 **Nasionalistiese en kommunistiese faksies:** C18/2/85, C1/5/86, C9/5/86, C12/1/87, C4/4/87, C2/5/89, C18/12/89, C9/1/90, C11/1/90, C25/1/90, C19/2/90. **Wedywerende faksies:** C26/7/87, C4/4/87, C15/8/89.
- 200 C17/10/85, C21/10/85, C12/12/86, C2/8/88, C19/8/88.
- 201 C17/7/89, C18/7/89.
- 202 C31/1/85.
- 203 Bv. C18/7/89.
- 204 C18/12/89.
- 205 C9/1/90.
- 206 C26/7/87.
- 207 C4/4/87.
- 208 C4/4/87.
- 209 C4/4/87.
- 210 C18/12/89.
- 211 C22/12/86.
- 212 C2/8/88, C19/8/88.
- 213 Detail oor die verslag is in C19/8/88.
- 214 C12/6/86.
- 215 C23/1/87.
- 216 C26/8/87.
- 217 C25/8/88.
- 218 C5/9/88.
- 219 C28/9/87.
- 220 C8/10/87.
- 221 C4/1/88.
- 222 C11/2/88, C12/2/88.
- 223 C5/9/88.
- 224 C3/2/89.
- 225 Vgl. bv. C15/11/83, C15/11/84, C6/12/84, C12/8/85, C8/11/85, C5/3/86, C14/4/86, C27/5/86, C26/5/87, C16/6/87, C14/9/87, C13/12/88, C18/1/89, C23/6/89, C9/8/89, C18/9/89.
- 226 C15/11/84, C6/12/84.
- 227 C14/1/85, C8/8/85, C17/10/85, C4/12/85.
- 228 C12/2/90.
- 229 C15/3/83, C12/9/84, C12/3/85, C9/4/85, C12/8/85, C18/8/86.
- 230 C12/9/84, C12/3/85, C12/8/85, C18/8/86, C16/9/87, C17/9/87, C23/9/88, C5/10/88, C13/10/88, C24/10/89.
- 231 Kyk bv. C11/10/89, C12/10/89, C13/10/89, C17/10/89.
- 232 Oor Tutu: kyk bv. C4/4/86, C17/5/88.
- 233 C11/11/86.
- 234 C29/3/83, C6/4/83, C3/1/85, C3/12/85, C24/12/85, C7/9/89.

-
- 235 C21/11/89.
236 C31/1/85, C5/10/88.
237 C17/7/89.
238 C12/10/89, C13/10/89, C17/10/89.
239 C10/1/90.
240 C20/8/84, C4/2/85, C13/6/86.
241 C7/10/86.
242 C10/3/86.
243 C4/4/86.
244 C14/4/86.
245 C15/5/88.
246 Vgl. bv. C5/12/85, C4/4/86, C14/4/86, C9/6/87, C17/5/88, C7/6/88, C5/6/89.
247 C13/5/86.
248 Kyk C13/5/86, C22/4/87, C22/1/88, C10/6/88, C20/6/88, C23/9/88, C20/11/89, C19/12/89,
C3/1/90.
249 C20/11/89.
250 Vgl. bv. C8/10/86.
251 C8/10/86.
252 C27/9/85.
253 C28/6/84
254 C11/2/88, C12/2/88.
255 C15/11/88, C6/12/84.
256 C18/10/84.
257 C21/11/84.
258 C19/2/85.
259 C8/10/85.
260 C23/1/86.
261 C29/1/86.
262 C4/4/86.
263 Vgl. C7/4/86.
264 C7/4/86.
265 C7/4/86.
266 C16/6/88.
267 Bv. CA18/6/65, CA24/11/65, CA30/9/76, en EC9/4/80.
268 C4/2/85, C12/2/85, C23/8/85, C23/1/86, C7/7/86, C24/3/88, C14/6/88, C19/4/89.
269 Bv. C14/6/88 en C11/10/89.
270 C14/6/88.
271 C19/4/89.
272 C11/7/89.
273 C17/7/89, C11/10/89, C18/12/89, C10/1/90.
274 C12/2/90.
275 C15/2/90, C19/2/90, C22/2/90, C1/3/90.
276 C28/11/84, C24/7/85, C12/8/85, C27/8/85, C29/8/85, C30/9/85, C9/5/86, C15/5/86, C22/5/86,
C13/6/86, C12/9/86, C9/12/86.
277 Bv. C10/4/84, C3/5/84, C31/5/84, C19/6/84, C24/7/84, C21/8/84, C27/8/84, C5/9/84, C12/9/84,
C28/11/84, C11/12/84, C11/2/85, C12/2/85, C10/4/85, C30/4/85, C17/10/85, C31/12/85,
C14/3/86, C19/5/86, C13/10/86, C8/7/87, C31/7/87, C19/5/87, C10/6/88, C20/6/88, C10/10/88,
C13/10/88, C24/7/88, C18/8/89, C21/8/89, C18/1/90.
278 C8/3/84.
279 C10/4/84.
280 C3/5/84.
281 C24/7/84.
282 C5/9/84.
283 C11/2/84.
284 C19/5/86.
285 C13/10/86.
286 C19/5/88.

- 287 C10/6/88.
 288 C14/8/84.
 289 C27/8/84.
 290 C12/9/84.
 291 C31/7/87.
 292 Vgl. bv. C27/8/84, C28/11/84, C11/2/85, C30/4/85, C17/10/85, C14/3/86, C8/7/87, C10/6/88, C13/10/88.
 293 Vgl. C4/5/83, C28/7/83, C13/3/84, C6/7/84, C31/8/84, C19/12/84, C28/2/85, C25/4/85, C10/5/85, C8/7/85, C14/8/85, C11/9/85, C21/10/85, C4/11/85, C8/11/85, C3/2/86, C4/2/86, C5/2/86, C7/3/86, C7/4/86, C29/4/86, C12/5/86, C16/5/86, C19/5/86, C26/5/86, C28/5/86, C24/6/86, C18/8/86, C11/9/86, C23/4/87, C11/5/87, C6/7/87, C31/8/87, C15/9/87, C12/2/88, C29/3/88, C24/6/88, C4/7/88, C18/11/88, C22/11/88, C28/12/88, C10/2/89, C14/6/89, C10/7/89, C11/7/89, C18/7/89, C27/7/89, C2/8/89, C10/8/89, C14/8/89, C18/8/89, C22/8/89, C14/9/89, C15/9/89, C25/9/89, C27/9/89, C28/9/89, C12/10/89, C13/10/89, C24/10/89, C21/11/89, C12/12/89, C13/12/89, C22/12/89, C2/1/90, C3/1/90, C22/1/90, C25/1/90, C29/1/90, C2/2/90, C5/2/90, C12/2/90, C15/2/90, C19/2/90, C20/2/90.
 294 Bv. C4/11/85, C27/5/86, C28/5/86, C15/9/87, C12/12/89.
 295 Bv. C4/7/88, C15/2/90.
 296 Bv. C13/3/84, C25/4/85.
 297 Bv. C3/2/86, C4/2/86, C7/3/86.
 298 C29/4/86.
 299 C11/7/89.
 300 Vgl. bv. C18/7/89, C12/2/90.
 301 C19/2/90.
 302 Vgl. t.o.v. griewe, belange, regte, aansprake en aspirasies bv. C3/2/83, C4/2/83, C22/4/83, C6/5/83, C27/8/84, C24/10/84, C12/12/84, C8/1/85, C30/1/85, C13/5/85, C12/8/85, C15/8/85, C16/8/85, C12/9/85, C8/11/85, C5/2/86, C12/2/86, C27/5/86, C12/9/86, C12/12/86, C4/5/88, C30/11/88, C7/2/89, C23/5/89, C29/5/89.
 303 Bv. C8/1/85, C12/8/85, C12/9/85, C12/9/86, C12/12/86, C23/5/89.
 304 Vgl. t.o.v. metodes die volgende: C30/8/84, C19/9/84, C10/10/84, C17/10/84, C24/10/84, C25/1/85, C28/2/85, C10/4/85, C25/4/85, C16/5/86, C23/4/87, C8/5/87, C12/5/87, C14/8/87, C3/12/87, C26/2/87, C22/11/88, C15/9/89, C1/2/90, C2/2/90.
 305 C25/1/85.
 306 C17/10/84, C24/10/84, C28/2/85, C23/4/87.
 307 C26/2/88.
 308 C26/2/88.
 309 C28/2/85, C21/4/87.
 310 C22/11/88.
 311 C15/9/89.
 312 C1/2/90, C2/2/90.
 313 C2/2/90.
 314 C4/11/83.
 315 C14/8/84.
 316 C24/8/84.
 317 C11/2/86.
 318 C16/5/86.
 319 Bv. C13/10/86, C17/8/87.
 320 Bv. C18/11/83, C8/12/86, C12/2/87.
 321 Bv. C29/3/83, C10/4/85, C16/5/86, C8/12/86, C17/8/87, C9/9/88, C22/11/88, C1/2/90.
 322 Bv. C2/8/89, C12/10/89, C24/10/89, C26/2/90.
 323 C17/8/87.
 324 C11/5/87.
 325 C17/8/87.
 326 C17/8/87.
 327 C8/12/86, C12/2/87.
 328 Bv. C29/5/89.
 329 Kyk C9/9/88.

-
- 330 C9/9/88.
331 C30/9/88.
332 C6/2/87.
333 C9/7/87 (Dakar), C18/10/88 (Rugbyraad).
334 C2/8/89.
335 C12/10/89.
336 C26/2/90.
337 C13/12/84, C17/10/85, C31/7/86.
338 C18/12/85.
339 C31/7/86.
340 C18/2/85.
341 C22/4/88.
342 C17/10/85, C22/4/88. Kyk ook C9/5/86, C22/4/88, C8/11/89.
343 C13/12/84, C8/1/85, C21/2/85, C21/6/85, C18/12/85, C9/5/86, C11/6/86, C26/6/86, C28/7/86,
C18/8/86, C23/9/86, C16/10/86, C18/12/86, C9/1/87, C24/3/87, C26/5/87, C14/7/87, C17/8/87,
C20/10/87, C6/11/87, C22/4/88, C14/6/88, C16/11/88, C2/2/89, C19/4/89, C18/8/89, C24/8/89,
C17/10/89, C24/10/89, C8/11/89, C10/1/90.
344 Bv. C8/1/85, C26/12/85, C9/1/87, C31/1/87, C14/12/89.
345 C31/7/87.
346 C13/12/84, C2/2/89.
347 C17/9/85, C4/6/86, C20/11/87, C24/6/88.
348 C31/1/85, C9/5/86, C13/2/90.
349 C12/2/85.
350 C24/3/87.
351 C4/6/86.
352 C20/7/87.
353 C16/10/86, C9/1/87
354 C16/10/86.
355 Bv. C23/9/86.
356 Bv. C8/7/87.
357 Bv. C17/10/85.
358 Bv. C16/11/88.
359 C24/6/88.
360 C9/9/88.
361 C12/2/85.
362 C21/2/89, C19/4/89, C26/5/89, C10/7/89, C24/7/89, C27/7/89, C9/8/89, C14/8/89, C18/8/89,
C21/8/89, C22/8/89, C27/9/89, C5/10/89, C24/10/89, C31/10/89, C18/12/89, C10/1/90.
363 C21/2/89.
364 C22/3/88, C14/8/89.
365 C19/8/88.
366 C16/11/88.
367 C2/2/89.
368 C14/4/89.
369 Bv. C17/7/89, C18/7/89, C24/7/89, C21/8/89, C11/10/89, C12/10/89, C13/10/89, C8/11/89,
C10/1/90, C24/1/90, C25/1/90, C29/1/90, C12/2/90.
370 C17/10/89.
371 C18/8/89.
372 C24/8/89.
373 C27/9/89.
374 C15/9/89.
375 Vgl. C17/10/89, C24/10/89.
376 Kyk C31/10/89.
377 C31/10/89.
378 C8/11/89.
379 Vgl. bv. C13/12/89, C18/12/89, C9/1/90, C10/1/90, C24/1/90, C25/1/90, C7/2/90, C8/2/90,
C13/2/90, C19/2/90, C26/2/90.
380 Bv. C10/1/90, C24/1/90, C25/1/90, C29/1/90.

- 381 C31/10/89, C8/11/89, C13/12/89, C14/12/89, C18/12/89, C29/1/90, C26/2/90.
382 C13/12/89.
383 C5/10/89.
384 C8/2/90.
385 C4/11/85.
386 C19/2/85
387 C19/2/85.
388 Vgl. bv. C15/8/83.
389 C15/8/83.
390 Tutu en ANC: C27/6/83, C18/10/84, C23/1/86, C29/1/86, C24/2/86, C4/4/86, C24/3/87, C24/3/88. SARK en ANC: C17/2/84, C4/6/85, C12/12/85. UDF en ANC: C10/10/84, C12/2/85, C28/6/85, C4/12/85, C19/5/86, C22/6/87, C26/2/88, C22/11/88, C24/7/89, C21/11/89. COSATU met ANC: C4/12/85, C24/7/89, C21/11/89.
391 ANC met PBO: C25/5/83, C18/11/83, C17/6/85, C17/10/85, C20/12/85, C20/11/86, C26/5/89. ANC met IRL: C11/4/84, C17/10/85, C20/11/86, C8/6/87, C27/10/87, C24/6/88, C19/7/88, C9/9/88, C16/11/88, C26/5/89. ANC met El Fatah: C8/6/87, C27/10/87. ANC met Libië: C21/4/86, C20/5/86, C22/5/86.
392 C24/7/85, C29/8/89.
393 C21/4/86.
394 C10/3/86.
395 Verbreding van demokrasie: C6/7/84, C23/8/84, C29/8/88, C10/10/88, C19/4/89, C12/6/89, C2/8/89, C28/8/89, C14/9/89, C15/9/89, C21/9/89, C29/12/89, C2/1/90. Demokrasie en voetsoolvlak: C17/6/88, C29/7/88. Demokrasie en vrye onderneming: C17/9/85, C16/5/86, C11/9/87, C14/12/89, C19/1/90.
396 Vgl. bv. C6/7/84, C23/8/84, C8/1/85, C28/7/86, C12/8/86, C23/12/86, C7/7/87, C23/3/88, C24/8/88, C19/4/89, C15/9/89, C21/9/89, C27/9/89, C31/10/89, C21/11/89, C29/12/89, C2/1/90, C15/2/90.
397 Vgl. bv. C20/11/84, C12/12/86, C16/4/87, C29/4/87, C9/6/87, C29/7/87, C31/8/87, C27/10/87, C9/6/88, C1/12/88, C23/5/89.
398 Bv. C10/3/83, C6/7/84, C27/3/86, C15/3/88, C23/3/88.
399 Bv. C22/4/83, C8/9/86.
400 Bv. 29/4/86.
401 Bv. C24/6/88, C13/10/88, C15/2/90.
402 Bv. 8/7/87.
403 Bv. 25/4/88.
404 Bv. 21/3/88, C25/11/88, C13/12/88, C28/2/90.
405 Vgl. bv. C18/4/84, C8/1/85, C31/7/86, C9/2/87, C9/12/87, C24/8/89.
406 Vgl. bv. C10/3/83, C18/8/83, C12/2/85, C25/4/85, C20/8/85, C28/8/85, C31/10/85, C19/12/85, C1/1/86, C5/3/86, C10/3/86, C20/3/86, C31/3/88, C4/4/86, C19/5/86, C9/6/86, C17/6/86, C8/9/86, C14/10/86, C18/3/87, C24/3/87, C20/4/87, C4/5/87, C22/5/87, C22/6/87, C8/7/87, C19/4/88, C13/10/88, C2/2/89, 31/7/89, C28/8/89.
407 C19/5/86.
408 C14/10/86.
409 C12/2/85, C19/12/85.
410 Bv. C29/3/83, C22/4/83, C25/5/83, C9/6/83, C27/5/87.
411 Bv. C25/5/83, C9/6/83, C20/6/83, C21/10/85, C29/4/86, C18/3/87, C6/7/87, C20/11/87, C29/8/88, C24/8/89, C25/1/90.
412 C31/3/86.
413 C9/1/87.
414 C31/7/86.
415 C30/8/84, C1/5/85, C15/5/86, C22/6/87.
416 C23/4/87.
417 C26/5/86.
418 C20/3/86.
419 C8/7/87.
420 C27/8/85.
421 C14/9/89.

-
- 422 C8/11/89.
 423 C15/2/90.
 424 C13/2/90.
 425 C20/8/84
 426 C5/4/83.
 427 C20/8/84.
 428 C15/8/89.
 429 Bv. C11/7/89, C24/7/89, C15/8/89, C24/1/90, C7/2/90.
 430 C20/10/87, C19/5/88.
 431 ANC se internasionale beeld en: halssnoermoorde - C6/11/87, C17/4/86, C26/3/87, C8/7/87, C17/9/87, C19/8/88, C18/10/88, C26/5/89, C24/8/89, C5/10/89; burgerlike ongevalle - C5/4/83, C25/5/87, C8/7/87, C30/1/87, C15/12/87, C2/8/88, C19/8/88, C14/4/89; Winnie Mandela en "halssnoere-toespraak" - C17/4/86; Winnie Mandela en MUFC - C26/5/89; optrede teen andersdenkendes - C19/8/88.
 432 C26/11/87.
 433 C2/8/88.
 434 C7/10/86.
 435 C16/1/89.
 436 Vgl. 13/4/89.
 437 C13/4/89.
 438 Kyk bv. C16/8/89.
 439 C5/9/84, C24/10/84, C29/1/86.
 440 C15/1/85, C30/8/85, C17/9/85, C15/3/88.
 441 C24/10/84, C23/12/86.
 442 C15/1/85.
 443 C30/8/85.
 444 C10/4/85, C30/8/85.
 445 C29/4/87.
 446 C4/5/83, C19/11/85.
 447 C24/6/88.
 448 C28/10/88.
 449 C5/9/84.
 450 C28/3/85.
 451 C21/10/85.
 452 C18/12/85.
 453 C19/11/85.
 454 C19/1/86.
 455 Sagte teikens: C24/5/83, C26/2/85, C7/1/86, C13/1/86, C22/5/86, C8/7/86, C6/2/87, C15/12/87, C4/7/88, C5/5/89. Burgerlikes: C4/8/83, C21/6/85 ("onskuldige"), C7/1/86, C11/6/86, C17/6/86, C22/6/87, C31/7/87, C2/8/88, C5/5/89. Gewone swartes: C17/6/86, C29/6/87 ("ordentlike"), C24/7/87.
 456 Vgl. bv. die volgende rubrieke: C24/5/83, C16/6/83, C6/7/83, C4/8/83, C3/5/84, C14/6/85, C21/6/85, C29/11/85, C12/12/85, C18/12/85, C19/12/85, C26/2/85, C7/1/86, C13/1/86, C29/1/86, C22/5/86, C11/6/86, C17/6/86, C26/6/86, C8/7/86, C22/12/86, C6/2/87, C22/5/87, C22/6/87, C29/6/87, C6/7/87, C31/7/87, C25/9/87, C20/11/87, C3/12/87, C15/12/87, C24/3/88, C2/5/87, C4/7/88, C2/8/88, C19/8/88, C26/8/88, C12/12/88, C16/2/89, C14/4/89, C5/5/89, C19/6/89, C18/12/89, C19/12/89, C25/1/90.
 457 C2/8/88.
 458 C29/1/86.
 459 C24/5/83.
 460 C14/6/85.
 461 C18/12/85, C19/12/85.
 462 C13/1/86.
 463 C22/5/87.
 464 C31/7/87.
 465 C26/8/88.
 466 C13/1/86.

- 467 C18/12/89.
 468 C3/5/84.
 469 C29/6/87.
 470 C25/9/87.
 471 C23/1/86, C4/4/86, C24/3/88.
 472 Vgl. bv. C24/5/83, C5/9/84, C19/9/84, C25/10/84, C28/3/85, C2/4/85, C10/4/85, C16/4/85, C25/4/85, C10/5/85, C22/7/85, C23/7/85, C24/7/85, C27/8/85, C8/10/85, C21/10/85. C29/11/85, C18/12/85, C19/12/85, C31/12/85, C23/1/86, C19/2/86, C25/3/86, C4/4/86, C17/4/86, C9/5/86, C13/6/86, C30/6/86, C28/7/86, C23/9/86, C7/10/86, C8/12/86, C22/12/86, C16/11/86, C30/1/87, C5/2/87, C18/3/87, C25/3/87, C26/3/87, C6/4/87, C16/4/87, C20/4/87, C29/4/87, C12/5/87, C22/5/87, C25/5/87, C29/5/87, C1/6/87, C8/6/87, C15/6/87, C29/6/87, C6/7/87, C14/7/87, C17/9/87, C25/9/87, C20/10/87, C23/10/87, C27/10/87, C20/11/87, C26/11/87, C9/12/87, C12/1/88, C24/3/88, C19/5/88, C3/6/88, C14/6/88, C19/8/88, C9/9/88, C18/10/88, C12/12/88, C16/2/89, C23/2/89, C14/4/89, C23/5/89, C26/5/89, C24/8/89, C29/9/89, C12/12/89, C18/12/89, C19/1/90, C25/1/90.
 473 C24/5/83.
 474 C18/12/85.
 475 C17/4/86. Kyk ook: C23/9/86, C7/10/86, C30/1/87, C24/3/88, C16/2/89.
 476 C23/2/89. Kyk ook: C16/2/89.
 477 C17/4/86, C9/5/86, C28/7/86, C23/9/86, C7/10/86, C8/12/86, C16/11/86, C30/1/87, C5/2/87, C18/3/87, C25/3/87, C26/3/87, C6/4/87, C16/4/87, C12/5/87, C25/5/87, C15/6/87, C29/6/87, C14/7/87, C17/9/87, C20/10/87, C23/10/87, C20/11/87, C26/11/87, C12/1/88, C24/3/88, C19/5/88, C3/6/88, C19/8/88, C9/9/88, C18/10/88, C16/2/89, C23/5/89, C26/5/89, C24/8/89.
 478 Teenstrydige verklarings oor die ANC se posisie jeens halssnoermoorde het in die middel-tagtigerjare onsekerheid oor dié organisasie se steun vir hierdie metode laat ontstaan. In 'n onderhoud met die Londense *Sunday Times* (14 Sept. 1986) het Alfred Nzo, sekretaris-generaal van die ANC, gesê dat indien "the people" hierdie metode gebruik om meelopers en informante te elimineer, hulle dit sou ondersteun ("we support it"). In *The Star* (19 Sept. 1986) word egter berig dat Oliver Tambo, president van die ANC, die metode gekritiseer het (vgl. ook RRS, 1986:515).
 479 C16/4/87.
 480 C29/6/87.
 481 C29/6/87.
 482 Bv. C8/12/86, C29/6/87.
 483 Bv. C16/11/87, C30/1/87, C26/3/87, C6/4/87, C1/6/87, C17/9/87, C20/10/87, C26/11/87, C19/5/88, C18/10/88, C16/2/89, C26/5/89.
 484 C28/3/85.
 485 C22/7/85.
 486 C29/4/87.
 487 C24/7/85.
 488 C24/7/85.
 489 C27/8/85.
 490 C8/10/85.
 491 C23/1/86.
 492 C23/1/86.
 493 C15/1/85, C28/1/85, C16/5/86, C15/2/89.
 494 C17/4/85.
 495 C26/6/85, C30/8/85.
 496 C9/4/86.
 497 C24/10/86.
 498 C12/12/89.
 499 C17/2/84.
 500 C1/7/85, ook C4/6/85, C12/12/85.
 501 C6/5/86.
 502 C6/7/87.
 503 C29/9/89, ook C24/5/87.
 504 C21/11/84.

505 C23/1/86.
506 C29/1/86.
507 C4/4/86.
508 C24/3/88, C29/8/88.
509 C29/3/88.
510 C29/3/88.
511 C15/3/88.
512 C29/3/88.
513 C26/7/83.
514 C11/5/84.
515 C14/4/86.
516 C15/7/86.
517 C29/7/86.
518 C18/8/86.
519 C20/4/87, C26/5/87, C27/5/87.
520 C31/7/87, C19/1/90, C12/2/90, C19/2/90.
521 C3/12/87.
522 C24/3/88.
523 C4/4/88.
524 C11/5/84.
525 C28/11/85.
526 C15/7/86.
527 C26/5/87.
528 C23/3/88.
529 C12/2/90.
530 C15/2/89.
531 C24/8/89.
532 C28/8/89.
533 C15/5/83.
534 C27/9/85.
535 C5/8/86.
536 C6/7/87.
537 C2/2/88.
538 C14/6/88.
539 C19/11/88.
540 C26/5/83.
541 C17/11/83.
542 C25/3/85.
543 C10/7/86, C4/2/87, C2/2/87.
544 C25/9/87.
545 C19/11/85.
546 C6/1/88.
547 C27/8/84.
548 C5/9/84.
549 C22/7/85; ook C8/10/86.
550 C9/7/85.
551 C9/10/85.
552 C20/3/86, C17/4/86, C12/1/87.
553 C18/8/89.
554 C7/5/85.
555 C7/5/85.
556 C8/8/85.
557 C26/2/87.
558 C24/5/88.
559 C18/12/85.
560 C16/10/86.
561 C12/2/87.

- 562 C30/9/88.
 563 C27/6/83.
 564 C26/11/84.
 565 C23/1/86.
 566 C22/12/86.
 567 C1/5/87.
 568 Pelgrimstog: C9/4/86. Safari: C3/12/85. Krummels: 25/10/85. Toeristeroete: C17/10/85.
 569 C8/7/87. Kyk ook: C13/7/87, C14/7/87, C20/7/87, C31/7/87.
 570 C19/11/85.
 571 Misluk: C11/2/83, C15/2/83, C21/3/83, C27/4/84, C6/6/85, C11/6/85, C9/8/85, C17/7/86, C18/7/86, C21/7/86, C1/8/86, C11/8/86, C6/10/86, C23/10/86, C11/11/86, C26/11/86, C1/12/86, C19/1/87, C29/1/87, C4/2/87, C12/2/87, C19/2/87, C6/3/87, C1/4/87, C2/4/87, C5/10/87, C9/10/87, C12/11/87, C1/1/88, C15/2/88, C10/3/88, C11/3/88, C14/4/88, C26/5/88, C12/8/88, C26/10/88, C30/5/89, C6/7/89, C3/8/89. Swartes ly die meeste onder sanksies: C9/1/85, C14/1/85, C5/2/85, C11/3/85, C4/12/85, C4/4/86, C7/4/86, C14/4/86, C6/5/86, C11/12/86, C19/6/87, C22/1/88, C25/3/88, C13/5/88, C24/5/88, C28/7/88, C15/8/88, C15/9/88, C20/1/89, C2/3/89, C5/6/89, C1/8/89.
 572 C10/5/89, 18/5/89, 6/11/89.
 573 C20/2/85, C25/3/85, C12/6/85.
 574 C4/8/83.
 575 C25/3/85; ook C12/6/85.
 576 C20/2/85.
 577 C24/12/85, C17/12/86.
 578 C28/3/88.
 579 C21/4/87.
 580 C17/9/87.
 581 C7/5/85.
 582 C4/8/83.
 583 Die optog word beskryf in C21/8/89.
 584 C21/8/89.
 585 C22/3/89.
 586 C29/11/89.
 587 C30/1/90; ook C1/2/90.
 588 Vgl. bv. C18/8/83, C11/9/84, C7/5/85, C17/6/85, C25/6/85, C29/11/85, C20/5/86, C30/4/87, C31/12/87, C24/8/88, C29/12/88.
 589 C11/5/84, C11/9/84.
 590 C24/8/88.
 591 C24/10/84.
 592 C12/12/84.
 593 C29/8/85.
 594 C7/11/85.
 595 C5/12/85.
 596 C5/2/87.
 597 C16/3/87, C11/6/87, C15/6/87.
 598 Vgl. C24/10/84, C12/12/84, C12/8/85, C29/8/85, C2/9/85, C7/11/85, C5/12/85, C5/2/87, C16/3/87, C25/3/87, C11/6/87, C15/6/87, C16/6/87, C29/6/87, C9/7/87, C21/11/87, C13/6/88, C29/11/88, C28/12/88, C29/12/88.
 599 C30/11/89.
 600 C19/7/85.
 601 C27/11/87
 602 Vgl. C19/7/85, C31/12/85, C31/1/86, C12/5/86, C15/5/86, C23/5/86, C13/6/86, C16/6/86, C20/6/86, C27/6/86, C17/7/86, C8/9/86, C12/9/86, C5/2/87, C1/5/87, C11/6/87, C27/11/87, C3/12/87, C31/12/87, C12/1/88, C13/6/88, C29/12/88, C21/2/89, C24/4/89, C23/5/89, C12/6/89, C10/8/89, C1/9/89, C24/10/89, C31/10/89, C8/11/89, C30/11/89, C18/12/89, C18/1/90, C2/2/90, C20/2/90.
 603 C24/10/89, C31/10/89, C8/11/89, C18/1/90, C6/2/90.

-
- ⁶⁰⁴ Vgl. bv. C5/4/84, C18/4/84, C20/8/84, C30/10/84, C6/2/85, C12/2/85, C14/6/85, C28/6/85, C18/12/85, C19/12/85, C29/4/86, C9/5/86, C7/1/87, C8/1/87, C24/3/87, C29/5/87, C16/9/87, C17/9/87, C3/12/87, C15/12/87, C31/12/87, C12/1/88, C26/2/88, C22/3/88, C19/4/88, C2/5/88, C19/5/88, C13/6/88, C4/7/88, C19/8/88, C21/10/88, C28/10/88, C21/2/89, C24/4/89, C24/8/89, C5/10/89, C18/12/89, C9/1/90, C11/1/90, C19/1/90, C24/1/90, C25/1/90, C19/2/90, C26/2/90, C1/3/90.
- ⁶⁰⁵ C28/6/85.
- ⁶⁰⁶ C19/4/88.
- ⁶⁰⁷ Vgl. C7/1/87, C31/12/87.
- ⁶⁰⁸ Vgl. C16/9/87, C19/8/88, C24/8/89, C5/10/89, C25/1/90, C1/3/90.
- ⁶⁰⁹ Vgl. C5/4/84, C30/10/84, C29/5/87, C12/1/88, C22/3/88, C19/4/88, C2/5/88, C13/6/88, C19/8/88, C21/10/88, C21/2/89, C24/4/89, C26/2/90.
- ⁶¹⁰ Bv. C11/1/90.
- ⁶¹¹ C19/4/88.
- ⁶¹² C19/12/85, C4/6/85, C2/5/88, C29/4/86.
- ⁶¹³ C2/5/88.
- ⁶¹⁴ C15/12/87, C2/5/88.
- ⁶¹⁵ C2/5/88, C18/12/89.
- ⁶¹⁶ C24/1/90.
- ⁶¹⁷ C24/3/87.
- ⁶¹⁸ C10/4/84.
- ⁶¹⁹ C21/8/84.
- ⁶²⁰ C27/9/87.
- ⁶²¹ C17/10/85, ook C23/8/85.
- ⁶²² C9/1/87.
- ⁶²³ C24/7/89.
- ⁶²⁴ C7/2/90.
- ⁶²⁵ C13/2/90; ook C15/2/90, C26/2/90.
- ⁶²⁶ C24/3/87, C2/5/88, C26/5/89, C5/10/89.
- ⁶²⁷ C8/11/89, C9/1/90.
- ⁶²⁸ C4/12/89.
- ⁶²⁹ C19/1/90.
- ⁶³⁰ C14/2/90.
- ⁶³¹ C14/2/90.

SES

Samevatting en gevolgtrekkings

Hierdie studie het die SAUK se hantering van buiteparlementêre verset tussen 1983-1990 ondersoek. Dit was 'n periode in die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat vandag allerweë as 'n tydvak van gelyklopende politieke hervorming en onderdrukking bestempel word. Dit was die era van die driekamerparlement, van konsensuspolitiek, van ongekennde gewelddadige opstand in swart woonbuurte, en van kentering wat in 1994 tot daarstelling van 'n nie-rassige veelpartydemokrasie in 'n onverdeelde Suid-Afrika gelei het.

Dit is ook aangetoon dat die hervormings van die tagtigerjare nie die werklike problematiek van die Suid-Afrikaanse rassepolitiek aangespreek het nie. Terwyl dit wel die operatiewe dimensie van apartheid, of te wel *klein* apartheid, aangespreek het, het dit in wese tradisionele apartheid in 'n nuwe vorm gegiet. Hierdie vorm, wat hervormingsapartheid genoem kan word, het wesenlik nie die fundamentele dimensie van apartheid, naamlik die selfbeskikking van rasgebaseerde groepe (i.e. *groot* apartheid), aangetas nie. Inteendeel, met die aanvaarding van die 1983-Grondwet, is ras gekonstitusioneel, en dít het tot ongekennde verset aanleiding gegee.

Die bestudering van die SAUK se hantering van buiteparlementêre verset het ook teen die agtergrond van konsensuspolitiek plaasgevind. In hierdie opsig is klem gelê op die Regering se propagering van 'n "nuwe styl" in die Suid-Afrikaanse politiek, te wete die soeke na raakpunte, en die vermyding of uitskakeling van konflik. Die konsep *konsensusjoernalistiek* het hieruit voortgevloei. Van die media is verwag om bindende eerder as verdelende waardes te vind, om klem te lê op gemeenskaplikheid en gemeensaamheid, en om stryd en tweespalt op so 'n wyse aan te bied dat die potensiaal vir konsensus en ooreenkoms nie verlore gegaan het nie.

Met inagneming van hervormingsapartheid, konsensuspolitiek en konsensusjoernalistiek, asook die aard en intensiteit van buiteparlementêre verset na die instelling van die driekamerparlement, het hierdie studie die volgende navorsingsvraag gestel:

Hoe het die SAUK as nasionale uitsaaier met inagneming van veranderinge in die politieke omgewing gedurende die tagtigerjare die legitimiteit van buiteparlementêre verset teen die heersende orde in sy beleid, werking en redaksionele kommentaar aangespreek?

Die teoretiese hoek waaruit hierdie vraag benader is, is die hegemoniese perspektief van Gramsci (1982) wat bepaalde rigtingwysers vir hierdie studie gebied het. In die eerste plek is hegemonie 'n staat van verhoudings tussen dominante en ondergeskikte klasse of groepe. Tweedens word so 'n staat in werklike samelewings bewerkstellig deur 'n kombinasie van dwang en oorreding/leiding. Derdens is nastrewenswaardige (integrale) hegemonie gebou op mense wat instem om 'n bepaalde verhouding van dominasie en ondergeskiktheid in 'n samelewing te aanvaar. Hierdie instemming moet in die vierde plek beding word, met ander woorde kompromieë moet aangegaan word sodat ondergeskiktes voel hulle belange en waardes word gereflekteer in die heersende hegemoniese orde. Vyfdens moet die kompromieë ondergeskikte klasse of groepe se samewerking en instemming verseker sonder dat dit die dominante orde bedreig. In die sesde plek word hegemonie beding deur organiese intellektueles in organiese instellings soos skole, kerke, kultuurliggame en media wat deel van die burgerlike samelewing vorm. In die sewende plek produseer en reproduseer organiese intellektueles en instellings populêre kultuur en ideologie, die voertuie waarmee instemming tot ondergeskiktheid verkry word. Laastens, in die agtste plek, behels die bedinging van hegemonie nie net die verkryging van instemming vir 'n bepaalde staat van verhoudings tussen dominante en ondergeskikte klasse nie, maar ook optrede teen magte wat die hegemonie bedreig. Hierdie optrede kan dwang insluit, maar dit kan ook subtieler vorme soos delegitimisering inhou.

Die toepaslikheid van bogenoemde ten opsigte van die Suid-Afrikaanse situasie en die SAUK is deurgaans deur hierdie studie aangetoon. In die Suid-Afrikaanse samelewing van die tagtigerjare was blanke dominasie teenoor anderskleurige ondergeskiktheid gestel. Hierdie toestand is in stand gehou deur onderdrukking aan die een kant, en pogings om anderskleuriges te lei en te oorreed aan die ander kant. Aangesien instemming nie onder die meerderheid anderskleuriges bewerkstellig kon word nie, was die Staat op onderdrukking aangewese - waarvan die twee noodtoestande in die tagtigerjare getuig. Kompromieë gedurende die P.W. Botha-era is met ondergeskikte groepe aangegaan. Kleurlinge en Indiërs is in die Parlement

betrek, *klein* apartheid is hervorm, plaaslike regeringstrukture vir swartes is uitgebrei, en die Regering het verder gepoog om 'n algemene konstitusionele forum daar te stel. Hierdie kompromieë het nie die dominante posisie van die blankes in die Botha-tydperk bedreig nie, want benewens konstitusionele meganismes om die selfbeskikkingsreg van groepe te verseker, het blankes ook die ekonomie en die weermag beheer.

Die bedinging van Afrikaner- (of blanke) hegemonie het deur organiese intellektueles in Afrikanergeleedere en deur Afrikaanse organiese instellings soos skole, kerke, kultuurliggame, en die pers geskied. Hoewel die nasionale uitsaaier, wat beteken het dat alle groepe se belange gedien moes word, het die SAUK as organiese instelling in die burgerlike samelewing 'n beduidende rol vir homself gesien om die heersende hegemoniese orde in stand te hou. Daar is aangetoon dat die SAUK en ander instellings deur die produksie en reproduksie van populêre kultuur en die dominante ideologie instemming vir hervormingsapartheid en konsensuspolitiek probeer beding het. Hierdie studie het voorts in 'n groot mate gewentel om die Korporasie se delegitimisering van buiteparlementêre verset.

In die lig van voorafgaande kon die studie spesifieke navorsingsvrae stel. Die eerste vraag het oor die SAUK se beleid jeens hervormingsapartheid en konsensuspolitiek gehandel, die tweede oor die Korporasie se beleid teenoor buiteparlementêre verset, die derde oor die vergestaltung van hervormingsapartheid en konsensuspolitiek in sy werking, die vierde oor die hantering van buiteparlementêre verset in die SAUK se strukture en roetines, die vyfde oor die bedinging van instemming vir hervormingsapartheid en konsensuspolitiek in die uitsaaier se redaksionele kommentaar, en die sesde oor die hantering van buiteparlementêre verset in sy redaksionele kommentaar.

Al ses navorsingsvrae is gesitueer en gekontekstualiseer binne (a) die teoretiese raamwerk van hierdie studie, (b) die sentrale teoretiese uitgangspunt dat die SAUK buiteparlementêre verset in sy beleid, werking en redaksionele kommentaar gedelegitimiseer het, en (c) 'n vloeibare en veranderende politieke omgewing. Vrae een, drie en vyf het uitgegaan van die standpunt dat die SAUK as organiese instelling met organiese intellektueles die organiese ideologie (hervormingsapartheid) met sy dominante ideologiese beginsel (die selfbeskikking van rasgebaseerde groepe) gepromoveer het. Hoewel hierdie vrae nie pertinent die delegitimisering van

buiteparlementêre verset aanspreek nie, hou dit regstreeks verband daarmee omdat 'n medium se hantering van teenhegemoniese magte nie net op onder meer delegitimisering ingestel kan wees nie, maar ook die bedinging van instemming vir 'n bepaalde hegemoniese orde behels.

Vrae twee, vier en ses het nietemin die teenhegemoniese magte aangespreek, en die teoretiese uitgangspunt in al hierdie gevalle was dat die SAUK dié magte bestry en probeer marginaliseer het. Daar is ook gelet op veranderinge in die politieke omgewing, en die invloed wat dit op die SAUK se hantering van hervormingsapartheid/konsensuspolitiek en buiteparlementêre verset gehad het. Vervolgens word hierdie ses vrae afsonderlik en samevattend behandel.

6.1 WAT WAS DIE SAUK SE BELEID JEENS HERVORMINGSAPARTHEID/KONSENSUSPOLITIEK?

Om hierdie vraag te beantwoord, is uitgegaan van die standpunt dat die SAUK hervormingsapartheid en konsensuspolitiek in sy beleid onderskryf het. Die studie wou bepaal of sulke steun benewens beleidsuitsprake en -vertolkings van senior amptenare, ook in formele beleidstukke soos kodes, missiestellings, gekodifiseerde program- en uitsaaibeleid en amptelike waardestelsels uitgespreek is.

Die SAUK se beleid en redaksionele standpunte ten opsigte van die dominante ideologie asook buiteparlementêre verset, kon nie sonder inagneming van die eksterne beleidsraamwerk bespreek word nie. Derhalwe het hierdie studie aangetoon dat die Korporasie binne die grense van tersaaklike wette, lisensievoorwaardes, asook druk deur die Regering en ander belangegroepe, homself moes reguleer.

In 'n oorsig van die SAUK se geskiedenis het dit egter geblyk dat wat beleid betref, die Korporasie vir die eerste 24 jaar van sy bestaan gepoog het om neutraal ten opsigte van partypolitieke kwessies te staan. Teen die einde van die vyftigerjare en met die aanvang van die Meyer-era, het die SAUK na Sharpeville in 1960 'n uitgesproke voorstander van apartheid geword. In die tagtigerjare het die Korporasie hom in beleidstukke en uitsprake omonwonde aan die kant van konsensuspolitiek geskaar, en daar is aangetoon dat Riaan Eksteen die SAUK tot konsensusjoernalistiek verbind het.

Die bedinging van hegemonie geskied deur alle vorme van ideologiese diskoers. Die handhawing van partypolitieke neutraliteit gedurende die Pellissier-Roos-era het

dus nie beteken dat die SAUK neutraal ten opsigte van die hegemoniese orde gestaan het nie, of dat hy nie 'n organiese instelling was wat die dominante ideologie probeer beding het nie. Synde 'n instelling gefokus op kultuur, en met inagneming dat populêre kultuur 'n voertuig is om hegemonie te beding, het die SAUK sedert sy ontstaan kultuur en ideologie geproduseer en gereproduseer. Dieselfde geld vir die SAUK se minder uitgesproke steun vir die heersende orde en teenkating van buiteparlementêre verzet na Eksteen se bedanking en nuwe NP-leierskap aan die einde van die tagtigerjare. In hierdie verband is byvoorbeeld aangetoon dat SAUK-beleid ten opsigte van die dominante ideologie in die middel-tagtigerjare ooglopend verskil van beleidsdokumente wat aan die einde van hierdie dekade en die begin van die negentigerjare gegeld het. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat hoewel die SAUK ten opsigte van beleid meer op universele joernalistieke waardes en minder op politieke kwessies gefokus het, hy steeds as 'n organiese instelling in die burgerlike samelewing deur middel van 'n veelheid diskursiewe praktyke eie aan 'n massamedium die bestaande orde gedien het.

6.2 WAT WAS DIE SAUK SE BELEID JEENS BUITEPARLEMENTÊRE VERSET?

Hierdie studie het van die standpunt uitgegaan dat die SAUK hom van die buiteparlementêre beweging gedistanseer het, en op grond hiervan wou vasgestel word of dit wel in beleidstukke en -uitsprake gefigureer het. Om die vraag te beantwoord, is 'n historiese perspektief gebied op die SAUK se beleid jeens buiteparlementêre verzet deur beleidstukke en jaarverslae aan te haal waarin die Korporasie se persepsie van die bedreigings teen die land en sy voorgenome optrede na vore gekom het. In die bespreking van die SAUK se eksterne beleidsraamwerk is ook aangetoon dat bepaalde lisensievoorwaardes die Korporasie verbied het om iets uit te saai wat landsveiligheid bedreig het. Die SAUK se eie vertolking van die veiligheidsituasie in die land was van so 'n aard dat hy dit in nasionale belang beskou het om nie 'n platform te bied vir die verspreiding van buiteparlementêre idees en denke nie. Dit was derhalwe eksplisiete beleid van die SAUK om buiteparlementêre verzet te bekamp en in hierdie opsig het die Korporasie hom gedistansieer van wat hy die "nuwe klas" media genoem het, te wete daardie media wat konfrontasie met die regering van die dag voorop gestel het.

Die Korporasie se verwerping van buiteparlementêre verset in sy beleid moet boweal gesien word in sy verbintenisse tot konsensusjoernalistiek. In hierdie soort joernalistiek was die fokus op die bevordering van konsensuele waardes en die uitskakeling van konflik. Derhalwe het die SAUK meer ondubbelsinnig as ooit tevore sy beleid teenoor buiteparlementêre verset in die middel van die tagtigerjare uitgespel. Dié beleid het verder gegaan as die lisensievoorwaarde wat die Korporasie verbied het om iets uit te saai wat rewolusionêre oogmerke sou bevorder. Dit het buiteparlementêre groepe en hulle metodes geïdentifiseer, en riglyne neergelê oor hoe om dit te hanteer. Die kern van die beleid was dat die rewolusionêre of radikale se persoonlike beeld op geen wyse gebou of uitgedra sou word nie, en dat die nuusdekking van buiteparlementêre aktiwiteite so sou geskied dat dit op geen wyse hoegenaamd 'n platform of "propaganda-instrument vir die propagering van radikale of rewolusionêre ideologieë, aktiwiteite of planne word nie" (vgl. SAUK, 1985a:3). In Hoofstuk 3 is verskeie voorbeelde aangehaal van hoe hierdie standpunt onder meer deur amptenare van die SAUK vertolk en beklemtoon is.

Die bedanking van Eksteen en F.W. de Klerk se oorname by P.W. Botha as party- en regeringsleier het 'n fokusverskuiwing ten opsigte van die SAUK se hantering van buiteparlementêre verset teweeggebring. In die eerste plek het die buiteparlementêre bedreiging nie meer 'n prominente plek in die SAUK se beleid begin beklee nie, hoewel die soeke na gemeenskaplikheid en gedeelde waardes steeds prominent gefigureer het. Tweedens het beleidsuitsprake tekens van die intrekking van die buiteparlementêre beweging begin toon, en daar is aangetoon hoe die terminologie in die SAUK se beleid aangepas is om terselfdertyd die SAUK se konsensuele rol en die akkommodasie van eens onwelkome gespreksgenote te hanteer. Na De Klerk se toespraak op 2 Februarie 1990 het die SAUK homself gesien as 'n brugbouer tussen uiteenlopende groepe, en die Korporasie het hom bereid verklaar om 'n platform te bied vir groepe met "onkonvensionele metodes en uitlatings" (vgl. Harmse, 1990:20).

Die slotsom waartoe dus geraak word, is dat die SAUK hom wel in die Botha-era van buiteparlementêre groepe gedistansieer het deur sy eksplisiete weiering om publisiteit aan dié groepe se idees en metodes te verleen. Wat die De Klerk-era betref, het die SAUK sy beleid aangepas namate die heersende orde en teenhegemoniese magte nader aan omvattende en inklusiewe onderhandelings begin beweeg het. Hierdie

onderhandelings het met KODESA gerealiseer, en die SAUK as nasionale en onpartydige uitsaaier in die oorgangstyd na 'n nie-rassige veelparty-demokrasie het 'n belangrike besprekingspunt van die verrigtinge gevorm. 'n Nuwe raad onder Matsepe-Casaburri het nie alleen die einde van Afrikaner-dominasie in die SAUK ingelui nie, maar dit het ook soos aangetoon, tot 'n nuwe waardestelsel en beleidsraamwerk aanleiding gegee. Die nuwe waardes en beleid het tred gehou met die hegemoniese raamverskuiwing wat in die Suid-Afrikaanse samelewing plaasgevind het, naamlik van 'n Afrikaner-gedomineerde blanke hegemonie na 'n hegemoniese orde waarin swart nasionalisme soos geartikuleer deur die ANC mettertyd dominant sou word.

6.3 OP WATTER WYSE HET DIE SAUK SE BELEID JEENS HERVORMINGSAPARTHEID EN KONSENSUSPOLITIEK NEERSLAG IN DIE WERKING VAN DIE SAUK GEVIND?

Daar is van die standpunt uitgegaan dat die SAUK in ooreenstemming met sy beleid organisatoriese strukture en joernalistieke roetines in belang van hervormingsapartheid en konsensuspolitiek sou aanwend. Benewens die konsolidasie van beheer, en meganismes wat geskep is om 'n eenvormige gedagtegang te verseker, is twee voorbeelde bespreek wat regstreeks verband gehou het met die bevordering van konsensuspolitiek. Die eerste was die SAUK se samewerking met die Departement van Binnelandse Sake om kleurlinge en Indiërs te laat registreer vir die verkiesings in Augustus 1984, en tweedens die aanwending van godsdiens ter wille weerbaarheid, aanpassing, versoening en bestendigheid (vgl Burger, 1985).

Daar is verder ook aangetoon dat die senior- en topbestuur van die SAUK in die tagtigerjare feitlik geheel en al deur blanke Afrikaner-mans oorheers is. Dit was dus 'n geval van wat 'n mens ideologiese versoening tussen die dominante orde in die eksterne omgewing en die dominante orde in die interne omgewing kan noem. In historiese verband het organiese intellektueles in die SAUK ook 'n organiese intellektuele funksie buite die Korporasie verrig, en hierdie tradisie is gedurende die tagtigerjare en daarna voortgesit. SAUK-raadsvoorsitters was byvoorbeeld vooraanstaande leiers in kultuur- en opvoedkundige kringe, en in die Eksteen-era het 'n buitengewone situasie hom voorgedoen, naamlik dat die verantwoordelike minister, die raadsvoorsitter en die uitvoerende hoof van die Korporasie almal noue verbintenisse met dieselfde staatsdepartement gehad het. Hoewel die SAUK in

laasgenoemde geval ontken het dat dit sy outonomie aangetas het, het 'n onafhanklike kommissie van ondersoek na die media die teenoorgestelde bevind.

Afrikaner- en blanke dominasie van die SAUK het na 1993 met rasse skrede afgeneem tot 'n situasie in Desember 1997 waar blankes in die topbestuursvlak (die Groep Uitvoerende Hoof en uitvoerende hoofde van die verskillende divisies) slegs 16 persent van die poste beklee (in vergelyking met 100 persent in 1993). Dus, daar het nie alleen 'n hegemoniese raamverskuiwing in die eksterne omgewing plaasgevind na die 1994-verkiezing nie, maar ook 'n hegemoniese omwenteling in die SAUK self. In hierdie omwenteling het nuwe organiese intellektueles (bv. Matsepe-Casaburri, Sisulu, Mokoetle en Reddy) met ideologiese verbintenisse aan 'n nuwe dominante ideologie na vore gekom.

Wat mediaroetines betref, is aangetoon hoe die SAUK in die middel-tagtigerjare joernalistieke praktyke binne die Korporasie gereguleer het om te verseker dat SAUK-beleid toegepas en nagevolg word. Hierdie regulasies, voorskrifte en opdragte moet binne die konteks van die rewolusionêre aanslag, en die Regering se optrede teen die media in die algemeen en elektroniese media in die besonder gesien word. Maar dit moet in die laaste instansie ook gesien word as die uitvloeisel van die SAUK se breë beleid wat landsbelang, nasionale veiligheid, en boweal konsensus voorop gestel het. Konsensuspolitiek en konsensusjoernalistiek het primêr om die vind van raakvlakke tussen die verskillende gemeenskappe in Suid-Afrika gewentel, en die neerlegging van perke waarbinne aanbieders, regisseurs en joernaliste kon beweeg, het geskied binne die breë raamwerk van die SAUK se verbintenis tot (a) hierdie vorm van joernalistiek, en (b) die spil waarom konsensuspolitiek as 'n politieke styl en metode gedraai het, naamlik die selfbeskikking van rasgebaseerde groepe. Laasgenoemde kom duidelik na vore in die SAUK se redaksionele standpunt oor aspekte soos groepsregte, eie en algemene sake, en gemeenskapsekuriteit (vgl. 6.5).

6.4 OP WATTER WYSE HET DIE SAUK SE BELEID JEENS BUITEPARLEMENTÊRE VERSET NEERSLAG IN DIE WERKING VAN DIE KORPORASIE GEVIND?

Hierdie studie het van die standpunt uitgegaan dat die SAUK in sy strukture en joernalistieke roetines buiteparlementêre verset teengestaan het. Konsensusjoernalistiek het nie alleen om die bemarking van 'n politieke styl en 'n bepaalde ideologie gewentel

nie, maar ook om die uitsluiting van diegene wat hulle nie by hierdie styl wou neerlê nie. Derhalwe moet konsensusjoernalistiek wyer as net die bevordering van konsensuspolitiek gesien word.

In hierdie studie is aangetoon dat die SAUK homself gesien het as 'n strategiese kommunikator, en dat die Korporasie inderdaad aangebied het om in samewerking met die veiligheidsgemeenskap sy deel in die sielkundige oorlogvoering teen die buiteparlementêre bedreiging by te dra. Om die "sielkundige aksie" (Eksteen, 1984d) te beheer, is 'n lyngesagstruktuur geskep wat van die Raad tot op die vlak programbeplanners en -beheerders geloop het. Joernaliste is ook voorgeskryf om in noue oorleg met veiligheidsinstansies saam te werk, en voorbeelde is aangehaal waar die SAUK en veiligheidsinstansies saamgewerk het.

Die SAUK se bydrae tot strategiese kommunikasie het verder gestrek as die betrekking van programafdelings wat nuus en openbare aangeleenthede behartig het. In die middel-tagtigerjare het godsdiens 'n belangrike faktor in die SAUK se deelname aan die teenrewolusionêre stryd geword. Dit was in reaksie op wat die SAUK as die bedreiging van die bevrydingsteologie gesien het. Nadat die Regering deur middel van noodtoestande en ander veiligheidsmaatreëls die meeste buiteparlementêre groepe onderdruk het, het kritiese kerke 'n al hoe belangriker rol in die buiteparlementêre stryd begin speel. Soos met die sentralisering van aktualiteitsprogramme in die Direktoraat Openbare Aangeleenthede, het die sentralisering van godsdiensprogramme ook nodig geword, omdat dit volgens die SAUK "een van die belangrikste areas van die rewolusionêre aanslag" geword het (SABC, 1987:5). Die skepping van 'n godsdiensdirektoraat het regstreeks met hierdie siening verband gehou.

Wat mediaroetines en die teenrewolusionêre stryd betref, is 'n redaksionele vergadering van *Netwerk/Network* in Januarie 1986 gebruik om aan te toon in watter mate die rewolusionêre aanslag die werksaamhede en roetines van SAUK-joernaliste beïnvloed het. Tydens hierdie vergadering is in duidelike taal die grense van aanbieders en regisseurs se vryhede uitgespel. Dit het op hierdie vergadering ook geblyk dat die SAUK se definisie van die bedreiging en aanslag teen die heersende orde al hoe wyer geword het. Deelnemers aan programme wat nie erkenning wou gee vir Regering se hervormingsprogram nie, het volgens die SAUK ook tot die verharding van gesindhede bygedra. Daarom sou hulle toekomstige deelname aan SAUK-programme nie

outomaties of vanselfsprekend wees nie, maar dit sou deur heersende omstandighede bepaal word. In hierdie verband is die voorbeeld van Eric Mafuna gebruik, 'n swart sakeman wie se idees en denke in vele opsigte met die van die SAUK geklop het, maar wat nie in 'n *Network*-program positief op die Regering se hervormings gereageer het nie.

Daar is benewens die *Netwerk/Network*-vergadering ook in hierdie studie gebruik gemaak van redaksionele riglyne wat deur Eksteen as Direkteur-generaal opgestel is oor programme wat "in enige opsig sensitief" sou wees (Eksteen, 1987c). Die doel van hierdie riglyne was om te verseker dat programme strook met die SAUK se konsepsie van landsbelang, wat onder meer die skepping van 'n ingeligte openbare mening, konstruktiewe interaksie met die Staat, en die bevordering van nasionale veiligheid behels het. Hierdie riglyne het bestaande hekwagtingsmeganismes aangevul, en dit het programmakers en -kontroleurs verplig om byvoorbeeld van kundiges gebruik te maak (waaronder die veiligheidsgemeenskap), deelnemers na raadpleging te selekteer, en eksterne omstandighede in ag te neem om te bepaal of die program "wenslik" was en 'n "positiewe doel" gedien het (Eksteen, 1987c:2).

Johan Pretorius het in sy voorlegging aan die WVK in September 1997 die indruk gewek dat SAUK-joernaliste deur die bank teen die "parameters gedruk het" wat besig was om hulle "te versmoor" (Pretorius, 1997). Maar hy het ook in 1992 erken dat dit "naïef" sou wees om te ontken dat die SAUK wel 'n "fairly strict Government of the Day-line" gevolg het (Pretorius, 1992:18). Daar is aangetoon dat sommige joernaliste wel teen die parameters gedruk het, en sommige joernaliste het óf die diens van die SAUK uit frustrasie hieoor verlaat, óf is afgedank omdat hulle die parameters oorskrei het. Verder is na twee voorvalle verwys (die wetsontwerp op die Advokaat-generaal in 1979 en die 1987-verkiesing) waar die optrede van SAUK-personeel en -joernaliste nie die indruk van "versmoring" gewek het nie, maar eerder van vrywillige hegemoniese konformasie. Die gevolgtrekking waartoe dus gekom word, is dat hoewel SAUK-joernaliste in die tagtigerjare in streng gebaande weë moes funksioneer, die meerderheid waarskynlik uit vrye keuse 'n organiese intellektuele funksie in belang van die dominante hegemoniese orde verrig het.

6.5 HET DIE SAUK IN SY REDAKSIONELE KOMMENTAAR INSTEMMING VIR HERVORMINGSAPARTHEID EN KONSENSUSPOLITIEK BEDING, EN IDIEN WEL, OP WATTER WYSE HET DIE KORPORASIE DIT GEDOEN?

Hierdie navorsingsvraag het van die wesenskenmerke van hegemonie aangespreek, naamlik dat hegemoniese konformasie die soeke na die daarstelling van konsensuele waardes gebou rondom 'n dominante ideologiese beginsel behels, en dat mense se instemming tot die aanvaarding van hierdie waardes beding moet word.

In Hoofstuk 4 is aangetoon hoe die SAUK sedert die sestigerjare die groepskonsep as die wesensaard van die Suid-Afrikaanse samelewing in sy redaksionele kommentaar beklemtoon het. Vir die SAUK was die basiese eenheid nie die individu nie, maar die groep waarin die individu tot volle selfverwesenliking kon kom. Groepe moes geskei word om volgens die SAUK wrywing uit te skakel, dominasie van een groep oor 'n ander te voorkom, en 'n veilige, stabiele en eiesoortige gemeenskapslewe te verseker. Deur die Suid-Afrikaanse samelewing as kompleks en uiteenlopend te beskryf, wou die SAUK die idee tuisbring dat skeiding die aangewese weg sou wees om ingeboude konflikpotensiaal in multikulturaliteit, multi-etnisiteit en veelvolkigheid te ontvonk.

Die rigiede legalistiese benadering wat die apartheidsregering in die sestiger- en sewentigerjare gevolg het om blankes van anderskleuriges op politieke en maatskaplike terreine te skei, is deur die SAUK gepromoveer en verdedig. In hierdie verband is aangetoon hoe die Korporasie die operatiewe sowel as fundamentele aspekte van die apartheidsideologie gepositiveer het: van immoraliteitswette tot werksreservering, van aparte geriewe tot die onafhanklikwording van tuislande.

Maar druk binnelands en uit die buiteland het in die sewentigerjare aanpassings vereis aan 'n stelsel wat rigied blankes en ander rasse op politieke en maatskaplike terreine uitmekaar gehou het, maar dit nie om genoemde redes in die ekonomiese sfeer kon vermag nie. Gesien in die lig van die hegemoniese beginsel dat kompromieë nie die bestaande orde in duie moet laat stort nie, moes verstellings aan apartheid nie blanke hegemonie bedreig nie. Daarom moes ortodokse apartheid in 'n nuwe vorm gegiet word, 'n vorm waarin verstellings aan die operatiewe dimensie van die ideologie sou lyk soos verstellings aan die ideologie in sy geheel. 'n Nuwe sportbeleid, die afskaffing

van werkreservering, die legalisering van swart vakbonde, die verslapping van instromingsbeheer, en soortgelyke veranderings moes die indruk van apartheid as 'n uitgediende konsep wek, en in die plek daarvan het nuwe idees gekom soos groepsregte gestroop van rassistiese kriteria, vrywillige assosiasie en dissosiasie, en magsdeling.

Die SAUK het sy volle gewig ingegooi om apartheid in 'n nuwe vorm, hervormingsapartheid, te giet. Dit het onder meer behels om foute van die verlede te erken, en apartheidspraktyke wat die Korporasie minder as 'n dekade tevore verdedig het, as verkeerd, obsessief, en selfs on-Christelik te kritiseer. 'n Belangrike strategie in in die SAUK se promovering van hervormingsapartheid was die manipulering van tipiese westerse liberale waardes soos individuele regte en vryheid, magsdeling, universele stemreg, en 'n unitêre staat. Maar die gebruik van hierdie konsepte was altyd binne die raamwerk van die groep, met ander woorde individuele regte en vryheid binne die groep; universele stemreg vir alle lede in terme van hulle groep; magsdeling oor sake ten opsigte waarvan groepe gemeenskaplike belange het, maar selfbeskikking en beheer oor sake wat net 'n groep raak; 'n onverdeelde Suid-Afrika wat bestaan uit verskeie groepe met gewaarborgde en grondwetlik verskanste regte. In hierdie opsigte was die SAUK bloot 'n reflektor van regeringsbeleid wat vir die meerderheid nie-blankes onaanvaarbaar was, en wat tot 'n eskalerende legitimiteitskrisis bygedra het.

'n Belangrike faset van hierdie krisis was dat selfs swartes buite die buiteparlementêre spektrum, en op wie die Regering se hoop gevestig was om 'n oplossing vir die probleem van swart konstitusionele regte te kry, nie na vore wou kom om 'n nuwe bedeling te onderhandel nie. Die SAUK het die dooie punt in konstitusionele onderhandelings aangespreek deur op die noodsaaklikheid en onvermydelikheid van onderhandelings te wys, die belangrikheid van die soeke na 'n oplossing vir die akkommodering van swart politieke regte te beklemtoon, ekstensief aandag te gee aan spesifieke hervormings, dit as mylpale of deurbrake voor te stel, en gewig daaraan te verleen deur te erken hoe verkeerd of sondig die hervormde praktyke in die verlede was. Die indruk wat die SAUK te midde van 'n stilstand in konstitusionele onderhandelings wou wek, was dat *Hervorming Lewe!*.

Die oorsake van die stilstand het die Korporasie by swart leiers se waagmoed gesoek, dit aan oormatige en onrealistiese verwagtings toegeskryf, probeer om dit te

verklaar aan die hand van 'n kumulatiewe effek (vanweë die groot aantal hervormings, raak dit wat hervorm moet word, al hoe minder), en internasionale druk as 'n verdragende faktor geblameer.

'n Ander probleem van die Regering was om sy hervormingsprogram as lewend voor te stel terwyl hy dit nodig gevind het om die mees ekstensiewe noodmaatreëls sedert die vroeë sestigerjare te gebruik om 'n binnelandse rewolusionêre aanslag te onderdruk. Dit was 'n geval van "winning hearts and minds" (WHAM) in omstandighede wat geneig het om die sigbaarheid van hervormings te oorskadu. In hierdie verband het die SAUK sy luisteraars probeer oortuig dat die veiligheidsmaatreëls se primêre oogmerk voortgesette hervorming was, en dat dit gemik was teen rewolusionêres en radikales wat hervorming, evolusionêre verandering en demokrasie wou vernietig.

Die SAUK wou dus hegemonie in sy redaksionele kommentaar beding deur die sentraliteit van die groep as 'n konsensuele waarde aanvaarbaar te maak, én deur die hervormingsproses as dinamies uit te beeld. Wat eersgenoemde betref, het dit die dominante ideologiese beginsel gebly wat die SAUK, ondanks klemverskuiwings en koersaanpassings ten opsigte van die groepskonsep, tot aan die einde van sy redaksionele rubriek bevorder het. Die gevolgtrekking is daarom dat die SAUK inderdaad hervormingsapartheid met sy dominante ideologiese beginsel van die selfbeskikking van rasgebaseerde groepe, probeer bevorder het.

Wat die voorstelling van hervorming as dinamies betref, moet dit in samehang met klemverskuiwings en koersaanpassings in die Regering en die SAUK se konsepsie van die groep gesien word. Hegemonie word beding deur kompromieë aan te gaan waarin die belange en waardes van ondergeskikte klasse of groepe gereflekteer en gerespekteer word. Veranderende sienings van die groep is versoenbaar met hierdie uitgangspunt, en die SAUK se poging om hervorming as lewend en veiligheidsoptrede in belang van hervorming voor te hou, moet as aanvullend hiertoe beskou word. Gesamentlik het dit instemming vir hervormingsapartheid probeer beding sonder om die wese van blanke dominasie te kompromitteer.

6.6 HET DIE SAUK IN SY REDAKSIONELE KOMMENTAAR BUITEPARLEMENTÊRE GROEPE GEDELEGITIMISEER, EN INDIEN WEL, OP WATTER WYSE HET DIE KORPORASIE DIT GEDOEN?

Daar is in Hoofstuk 1 gestel dat die bedinging van hegemonie twee kante het, naamlik die promovering van die dominante ideologie sodat mense hulle posisie in die samelewing aanvaar, en die delegitimisering van magte wat die hegemoniese orde bedreig. Hierdie studie het verkies om albei kante te dek, hoewel die titel gefokus is op die SAUK se hantering van buiteparlementêre verset teen die driekamerparlement.

Hoofstuk 5, wat gekruisvalideer word deur Hoofstuk 3, het na wyses gekyk waarop die SAUK buiteparlementêre groepe in die tagtigerjare gedelegitimiseer het. Die teoretiese uitgangspunt was dat die SAUK hulle as deviante politieke groepe bestempel het, dit wil sê groepe wat nie aan geroetineerde politieke praktyke soos deur byvoorbeeld 'n parlement bepaal, wou deelneem nie. Die SAUK het hierdie groepe gedelegitimiseer deur hulle te marginaliseer wat breedweg beteken dat die Korporasie hulle as randgroepe sonder 'n legitieme en omvattende magsbasis wou voorstel.

Deur van 'n kwalitatiewe benadering tot tekstuele ontleding gebruik te maak, het hierdie studie gesoek na wyses waaop die SAUK buiteparlementêre groepe in sy redaksionele kommentaar gemarginaliseer het. Hoewel van breë konseptuele kategorieë as vertrekpunte gebruik gemaak is, was dit van meet af aan die bedoeling om marginaliseringskategorieë wat eie aan die materiaal is, te ontwikkel. Derhalwe het die studie 21 marginaliseringsindikatore of subkategorieë van marginaliteit onder die breër kategorieë (steun, leierskap, stroombaan, evaluasie en prestasie) geïdentifiseer. Hierdie kategorieë en indikatore het ten opsigte van die buiteparlementêre spektrum in die algemeen gegeld, hoewel die SAUK in die meeste gevalle op die ANC gefokus het.

In die kategorie steun het die SAUK buiteparlementêre groepe gemarginaliseer deur die omvang van hulle steun in numeriese sowel as ordinale terme te geringskat. Verder het die Korporasie die gebrek aan openlike manifestasie van steun vir byvoorbeeld regeringsinisiatiewe nie aan gebrekkige steun toegeskryf nie, maar aan die intimidasie en misleiding van gewone swartes deur radikales en ekstremiste. Om die indruk te wek dat steun vir geweld nie hoog is nie, is konflik en spanning gedesatureer deur dit as 'n onvermydelike neweproduk van hervorming en transformasie te

beklemtoon. Buiteparlementêre groepe se steun is ook onder verdenking geplaas deur hulle as materieel, finansiëel en ideologies afhanklik van eksterne magte voor te stel, met ander woorde dat hulle nie in staat was om fondse en steun in Suid-Afrika te werf nie. Laastens is hulle as verdeeld en vol interne konflik en spanning voorgestel, dit wil sê as groepe wat nie 'n eenheidsfront kon voorhou nie.

Buiteparlementêre groepe se leierskap is as onverteenwoordigend, ongetoets, en ondemokraties voorgestel. Klem is gelê op buiteparlementêre leiers as 'n elite wat verwyderd staan teenoor die lyding en lot van gewone mense, terwyl leiers in hierdie beweging soos Nelson Mandela en Desmond Tutu in aanvalle op hulle persoon onder skoot gekom het.

In die kategorie stroombaan het die SAUK gepoog om die randstatus van buiteparlementêre groepe te verhoog deur hulle as ekstremiste en spreekwoordelike randeiers voor te stel. Hulle legitimiteit is teenoor die legitimiteit van die Parlement gestel, en in hierdie opsig het die SAUK die legitimiteit van laasgenoemde as ononderhandelbaar beskou. Die Korporasie het ook gepoog om 'n onderhandelde konstitusionele skikking sonder die deelname van buiteparlementêre groepe as 'n haalbare moontlikheid voor te hou. In hierdie opsig is aangetoon hoe die SAUK sulke groepe as moontlike deelnemers gediskwalifiseer het.

Nog 'n wyse waarop die Korporasie buiteparlementêre groepe gemarginaliseer het, was om hulle met ekstreme groepe elders in die wêreld te vergelyk, byvoorbeeld met die IRL, die PBO en met 'n land soos Libië. Deur middel van direkte en indirekte assosiasies met sulke bewegings het die SAUK gepoog om buiteparlementêre groepe in Suid-Afrika se ekstremitet te verhoog. In aansluiting hierby het die Korporasie demokrasie teenoor totalitarisme gestel. Die Regering het volgens die SAUK die verbreding van demokrasie deur evolusionêre hervorming nagestreef, terwyl die uitsaaier buiteparlementêre groepe van magsug en die strewe na totalitaristiese diktature beskuldig het, dit wil sê magshonger klieke wat die wil en wense van die meerderheid onderdruk. Laastens, wat hierdie kategorie betref, het die SAUK die ANC as geïsoleerd in Suider-Afrika en in die wêreld voorgestel. Dit was in antwoord op Suid-Afrika se eie toenemende isolasie en die groter aanvaarbaarheid wat die ANC in westerse lande en onder verskillende Suid-Afrikaanse groeperinge buite die buiteparlementêre beweging begin geniet het.

In die evaluasiekategorie is na drie aspekte van marginalisering gekyk, naamlik barbarisme, Christelikheid en trivialisering. Teenoor die Suid-Afrikaanse Staat en samelewing wat volgens die SAUK gepoog het om westerse beskaafde waardes met sy Afrika-omstandighede te versoen, het die Korporasie die buiteparlementêre beweging geassosieer met blindelinge geweld wat niemand ontsien het nie, en die ergste vorme van barbarisme waarvan die halssnoermetode om mense te vermoor die uitstaande voorbeeld is. Verbandhoudend met westerse beskaafde waardes het die SAUK Christelikheid toebedeel aan die Staat en Suid-Afrikaners van die gematigde spektrum, en die gebrek daaraan aan eksponente van die buiteparlementêre beweging van wie sommige soos Desmond Tutu, Allan Boesak en Beyers Naudé die Suid-Afrikaanse problematiek ook uit 'n Christelike perspektief benader het. Die oorheersende indruk wat die SAUK in sy redaksionele kommentaar ten opsigte van hierdie subkategorie gelaat het, is 'n stryd tussen Christen-demokrate en ateïstiese kommuniste wat geen sin aan vrede en regverdigheid gehad het nie.

Soos in Hoofstuk 2 aangetoon, speel trivialisering 'n belangrike rol in die marginalisering van deviante groepe. In hierdie opsig het die SAUK buiteparlementêre idees, denke en optrede afgekam met die term “sogenaamde” asook deur die gebruik van aanhalingstekens. Die SAUK se gebruik van “sogenaamde ‘gewapende stryd’” beteken byvoorbeeld dat daar volgens die Korporasie in werklikheid nie van so 'n stryd sprake was nie. Benewens die gebruik van sogenaamde en aanhalingstekens, het die SAUK ook buiteparlementêre groepe getrivialiseer deur sarkastiese taalgebruik. Hulle is as irrasioneel, onkundig, emosioneel en naïef voorgestel - as byvoorbeeld 'n “hutspot” wat “papegaai-agtig” diegene na-aap wat meen dat die tyd vir “werklike” hervorming aangebreek het.

Die laaste breë marginaliseringskategorie het op prestasie gefokus, en in hierdie verband is die effektiwiteit van die hegemoniese orde met die van die buiteparlementêre beweging vergelyk. Waar die SAUK die veiligheidsmagte as paraat, opgelei, doeltreffend en suksesvol voorgestel het, en veiligheidsmaatreëls as noodsaaklik en geslaag aangebied het, het die Korporasie die buiteparlementêre stryd as 'n mislukking, en buiteparlementêre strydere as oneffektief, swak opgelei en ongedissiplineerd geprojekteer. Daarbenewens het die SAUK die ANC en sy aanhangers van stagnasie beskuldig, met ander woorde van onvermoë om by

veranderende omstandighede in Suid-Afrika en in die wêreld aan te pas. In Suid-Afrika was dit die oorgang vanaf P.W. Botha na F.W. de Klerk, en in die wêreld die val van kommunisme in Oos-Europa wat aan die SAUK die geleentheid gebied het om die ANC se voortgesette kommunistiese verbintenisse as tekenend van stagnasie voor te stel.

‘n Belangrike doelstelling van hierdie studie was om die SAUK se hantering van buiteparlementêre verset in die lig van veranderende politieke omstandighede te bestudeer. In hierdie opsig was daar ‘n beduidende verskil tussen twee tydperke te bespeur, naamlik die era van P.W. Botha en die era van F.W. de Klerk. In belangrike subkategorieë van marginaliteit het ‘n duidelike kentering in die SAUK se hantering van buiteparlementêre groepe in die algemeen, maar veral die ANC in die besonder, na De Klerk se oorname (eers as NP-leier en later as staatshoof) plaasgevind. So byvoorbeeld het die Korporasie die ANC as ‘n onweglaatbare deelnemer in die onderhandelingsproses begin beskou, toegegee dat sy ondersteunersbasis nie ontken kon word nie, en sy leiers as outentiek en verteenwoordigend erken. Maar in ander sleutelkategorieë het marginalisering tot aan die einde van *Comment* in Maart 1990 voortgeduur, byvoorbeeld ten opsigte van afhanklikheid, kohesie, assosiasie met ekstreme groepe, isolasie, barbarisme, trivialisering, effektiwiteit en stagnasie.

Hierdie studie kom dus tot die gevolgtrekking dat die SAUK ondanks klemverskuiwings in bepaalde kategorieë van marginalisering, die buiteparlementêre beweging deurgaans tussen die jare 1983-1990 gemarginaliseer het. Hoewel die SAUK in sy redaksionele kommentaar buiteparlementêre groepe nader aan die some van die politieke hoofstroom teen die einde van 1989 en veral na 2 Februarie 1990 getrek het, het hulle wat die Korporasie betref, in wese teenhegemoniese magte gebly wat in opposisie met die hegemoniese alliansie van gematigde magte buite die buiteparlementêre beweging gestaan het. In *Comment* se konsepsie was hierdie alliansie steeds om die dominante ideologiese beginsel van groepsselfbeskikking gebou, en met die SAUK se intrekking van buiteparlementêre groepe in die onderhandelingsproses, het die ANC en ander soortgelyke groepe vir die Korporasie bloot deel van die Suid-Afrikaanse spektrum van minderhede (‘n eufemisme vir groepe) geword. In hierdie spektrum het die ANC en sy geesgenote volgens die SAUK steeds ekstreem en in die randgebied gebly.

6.7 SLOTOPMERKINGS EN AANBEVELINGS

Daar is in Hoofstuk 2 oor geldigheid besin, en dit is genoem dat hierdie studie gepoog het om aan drie maatstawwe van geldigheid te voldoen, naamlik verteenwoordigendheid, triangulasie en die opweging van bewyse. Wat verteenwoordigendheid betref, is gebruik gemaak van 'n verteenwoordigende stel dokumente en transkripsies van die SAUK se redaksionele rubriek *Comment*. Triangulasie het hoofsaaklik in die wisselwerking tussen Hoofstuk 3 aan die een kant, en Hoofstukke 4 en 5 aan die ander kant geskied. Wedersydse rugsteuning het in hierdie verband ook tussen verskillende metodes, bewyse en data plaasgevind. In die geval van bewyse het die primêre aard van die bronne deurslag gegee. Derhalwe word aanvaar dat hierdie studie wel voldoen het aan eise van interne sowel as eksterne geldigheid.

Hierdie studie het ook ruimte gelaat vir metodologiese verfyning en opvolgstudies. In die kwantifisering van die indikatore van marginaliteit om rigting en intensiteit met numeriese eenhede te meet, kan byvoorbeeld van die geïdentifiseerde inhoudselemente in elke subkategorie gebruik gemaak word om 'n stel meer rigiede koderingsinstruksies vir 'n kwantitatiewe inhoudsontleding te ontwikkel. Voorts kan hierdie studie as grondslag dien vir vergelykings met ander inhoudsvorme, byvoorbeeld met die SAUK se redaksionele kommentaar vir swartes, of met spesifieke radio- en televisieprogramme soos *Radio Today*, *Monitor*, *Netwerk/Network* en *Agenda*. Vergelykings kan ook getref word met ander media oor hulle hantering van buiteparlementêre verset, byvoorbeeld met Afrikaanse en Engelse koerante. In sulke studies kan die stel indikatore van marginaliteit in hierdie studie as grondslag dien om eiesoortige indikatore vir die materiaal voorhande te ontwikkel. Spesifieke temas aangeraak in hierdie studie kan ook tot meer omvattende studies uitgebrei word, byvoorbeeld die SAUK en die apartheidsideologie in die Meyer-era, die SAUK se skakeling met die veiligheidsdienste en sy rol as strategiese kommunikator, die aanwending van godsdiensprogramme in die teenrewolusionêre stryd, die effek van mediaroetines soos uiteengesit op joernaliste wat destyds vir *Netwerk/Network* en ander programme gewerk het. Die tyd is nou baie gunstig om die samewerking van sulke joernaliste te kry.

Hierdie studie wil afsluit met 'n kursoriese blik op die toekoms van die SABC (die enigste amptelike afkorting wat tans gebruik word) ten opsigte van die sentrale tema wat in hierdie studie aangeraak is, naamlik die hantering van buiteparlementêre verset. Skrywer gaan van die standpunt uit dat die mate waarin die heersende orde se legitimiteit onder druk gaan kom, bepalend sal wees ten opsigte van die wyse waarop die SABC die bedreigings van legitimiteit gaan hanteer. Die Suid-Afrikaanse Regering van die tagtigerjare het met 'n ernstige legitimiteitskrisis te kampe gehad, en benewens onderdrukking moes teenhegemoniese magte gedelegitimiseer word. Die teenhegemoniese stryd van buiteparlementêre groepe in daardie jare het die aard sowel as die omvang van hulle dekking bepaal. Die feit dat Eksteen byvoorbeeld geweier het om hulle 'n platform te gee, het nie beteken dat hulle geen dekking sou kry nie, en die omvang van die ANC as tema in *Comment* dien ter staving. Dus kan tot die gevolgtrekking gekom word dat hoe ernstiger die bedreiging van die dominante orde se legitimiteit, hoe meer dekking gaan hierdie bedreiging kry, maar delegitimisering en negativering sal dienooreenkomstig ook toeneem. (Vgl. bv. die dekking verleen aan die ANC in die SAUK se redaksionele kommentaar voor en na 1983.) Kortom, buiteparlementêre groepe wat 'n ernstige bedreiging vir 'n bewind se legitimiteit inhou, word nie geïgnoreer nie.

In Suid-Afrika teen die einde van 1997 is die legitimiteit van die ANC-bewind nie in gedrang nie. In die 1994-verkiesing het dié party bykans twee-derdes van die stemme van *alle* Suid-Afrikaners op hom verenig. Probleme soos misdaad, werkloosheid, korrupsie, en lae ekonomiese groei kan nietemin die ANC se steun erodeer tot 'n vlak waar hy groter teenstand in parlementêre kringe kry, en buiteparlementêre groeperinge aan die linker- en regterkant ontwikkel wat 'n groter aanslag op sy dominante posisie sal maak. Die vraag is hoe sal die ANC moontlike legitimiteitskrisisse hanteer, en hoe sal die krisisse deur die SABC gereflekteer word?

Die indruk wat 'n mens tans van die SABC se dekking van buiteparlementêre groepe (bv. die AWB en AZAPO) kry, is dat hulle grotendeels geïgnoreer word. Vanweë die aard en omvang van die bedreiging wat hulle inhou en demonstreer, is hulle nie nuus- en dekkingswaardig nie. Maar veronderstel groter en sterker buiteparlementêre groepe ontwikkel wat dieselfde metodes gebruik as wat die ANC en ander in die tagtigerjare gebruik het, en veronderstel ook maatskaplike en ekonomiese

verval wat die potensiële steunbasis van buiteparlementêre groepe verhoog. Skrywer is van mening dat dieselfde situasie hom sal voordoene as in die tagtigerjare; die ANC sal hegemonie probeer handhaaf deur 'n kombinasie van onderdrukking en leiding/oorreding, en die SABC sal as nasionale uitsaaier benewens die promovering van die dominante hegemoniese orde, meer dekking aan buiteparlementêre groepe verleen waarin hulle ook toenemend gedelegitimiseer en gemarginaliseer sal word. Anders gestel, die SABC sal hom toenemend in die joernalistieke sfer van konsensus en deviasie begewe. Daarom kan gepostuleer word dat die mate waarin 'n dominante orde se legitimiteit bedreig word, bepalend is ten opsigte van die aard en omvang van die dekking wat deviante politieke groepe in die media geniet. Hierdie stelling kan besmoontlik in die toekoms deur wetenskaplike studies getoets word.

Bronnelys

Afkortings

Vanweë die aantal rubrieke wat dikwels ten opsigte van 'n enkele of groep verwante redaksionele menings gegeld het, word die verwysings ten opsigte van *Current Affairs*, *Editorial Comment* en *Comment* ter wille van leesbaarheid slegs deur middel van numeriese notas in die teks aangedui. Hierdie notas word aan die einde van die hoofstuk verklaar. Die volgende afkortings word in die teks sowel as die notas gebruik.

CA *Current Affairs*

C *Comment*

EC *Editorial Comment*

JV SAUK-jaarverslag

RRS Race Relations Survey (van die South African Institute of Race Relations)

Bronne

- ABELDAS, M. & FISCHER, A., eds. 1987. A question of survival: conversation with key South Africans. Johannesburg : Jonathan Ball.
- ADAM, H. 1981. Etniese mobilisasie en die politiek van groepsbegunstiging. (In Giliomee, H. & Adam, H. *Afrikanermag: opkoms en toekoms*. Stellenbosch : Universiteits-Uitgewers en Boekhandelaars. p. 62 - 76.)
- AGBAJE, A.A. 1992. The Nigerian press, hegemony, and the social construction of legitimacy, 1960-1983. New York : Edwin Mellen Press.
- AGBAJE, A.A. 1993. Beyond the state: civil society and the Nigerian press under military rule. *Media, Culture and Society*, 15(3):455-472.
- APHANE, A.M. 1995. Treatment of violence on the South African Broadcasting Corporation Television News: a comparative analysis between TV1 and CCV from 20 March to 26 April 1994. Durban : University of Natal. (Thesis - M.A.)
- ANDERSON, P. 1976/77. The antimonies of Antonio Gramsci. *New Left Review*, (100):5-78.
-

- BALCH, J., JANSEN, M., JANSS, F., LUIRINK, B. & ROSKAM, K., eds. 1991. *Jabulani! Freedom of the airwaves: towards democratic broadcasting in South Africa*. Amsterdam : African-European Institute.
- BECKER, H.S. 1973. *Outsiders: studies in the sociology of deviance*. New York : The Free Press.
- BEETHAM, D. 1991. *The legitimation of power*. London : Macmillan.
- BEKKER, J. 1985. PW speech sparks rift between local and foreign journalists. *Weekly Mail*, Nov. 8-14.
- BELL, P. & RONGE, B. 1990. Open channel. *Leadership SA*, 9(7):17-20.
- BENEWICK, R. & GREEN, P., eds. 1992. *The Routledge dictionary of twentieth century political thinkers*. London : Routledge.
- BERGER, A. 1995. *Cultural criticism: foundations of popular culture*, vol. 4. Thousand Oaks : Sage.
- BERTELSEN, E. 1991. The unspeakable in pursuit of the unbeatable: the press, UCT and the O'Brien affair. *Critical Arts*, 5(4):116-132.
- BEUKES, W.D., red. 1992. *Oor grense heen: op pad na 'n nasionale pers, 1948-1990*. Kaapstad : Nasionale Boekhandel.
- BOCOCK, R. 1986. *Hegemony*. Chichester : Ellis Horwood.
- BOGGS, C. 1976. *Gramsci's Marxism*. London : Pluto.
- BOTHA, E. 1987. Wakende oog vir SAUK-godsdiens. *Rapport*, Febr. 1.
- BOTHA, P.W. 1986. Openingsrede. (Nasionale Party. Federale Kongres: vir vryheid en stabiliteit. Pretoria : Nasionale Party. p. 1-34.)
- BOTHMA, L.J. 1988. Kommentaar sonder grense: die SAUK... en die storie daaragter. Pretoria : Oranjewerkers Promosies.
- BRAUN, D. 1985. How Govt tightened the gag on media. *The Star*, Nov. 5.
- BRAUN, D. 1988. Malan sticks to insinuation of Govt plot to oust Eksteen. *The Star*, Apr. 14.
- BREED, W. 1955. Social control in the newsroom: a functional analysis. *Social Forces*, 33(4):326-335, May.
- BREIER, D. 1985. Picking order for the Presidency? *The Sunday Star*, Apr. 28.
- BREIER, D. 1987a. Prog threat to put the SABC's 'bias' in the dock. *The Sunday Star*, Febr. 15.
- BREIER, D. 1987b. Whiphand for Hendrickse: 'junior' partner shakes off shackles and savours new taste of power. *The Sunday Star Review*, Aug. 30.
- BREIER, D. 1988. SABC boss losing battle with PW, says man who knows the inside story. *The Sunday Star*, Apr. 17.
- BREYTENBACH, P. 1986. SAUK ontken nuus-sensuur: dis die 'volle feite'. *Die Vaderland*, Apr. 24.
- BRIDGES, G.S. 1992. Deviance theories. (In Borgatta, E.F. & Borgatta, M.L., eds. *Encyclopedia of sociology*, vol. 1. New York : Macmillan. p. 476-487.)
- BURGER, I.S.W. 1984. Die filosofie en funksionering van TV-nuus. (Voordrag gelewer op 10 September 1984 voor Kommunikasiekundestudente van die PU vir CHO.) Potchefstroom. (Ongepubliseer.)
- BURGER, I.S.W. 1985. Verslag: taakgroep oor godsdienstige uitsendings. (Verslag van die Uitvoerende Hoofredakteur: Nuus en Openbare Aangeleenthede, 2 Julie 1985.) Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)

- BURGER, I.S.W. 1987. No airtime for enemies. *Indaba*, Julie.
- BURGER, P. 1993. Die man wat ons politieke skip help draai het. *Interkom*, (23):10-13.
- BURNS, T. 1977. The BBC: public service and private world. London : Macmillan.
- BURO van Inligting **kyk SUID-AFRIKA**. Buro van Inligting.
- CHRISTIANS, C.G. & CAREY, J.W. 1989. The logic and aims of qualitative research. (In Stempel, G.H. & Westley, B.H., eds. Research methods in mass communication. Englewood Cliffs, NJ : Prentice-Hall. p. 354-374.)
- CILLIÉ, P.J. 1990. Die bindende rol van die Nasionale Pers in die Suid-Afrikaanse samelewing. *Communicatio*, 16(2):9-13.
- CILLIÉ, P.J. 1992. Pers en party. (In Beukes, W.D., red. Oor grense heen: op pad na 'n nasionale pers, 1948-1990. Kaapstad : Nasionale Boekhandel. p. 457-486.)
- CLAIR, R.B. 1993. The use of framing devices to sequester organizational narratives: hegemony and harassment. *Communication Monographs*, 60(2):113-136.
- COCK, J. 1990. The role of violence in current state strategies. (In Swilling, M., ed. Views on the South African State. Pretoria : HSRC. p. 85-99.)
- COCKBURN, C. 1991. In the way of women: men's resistance to sex equality in organizations. Ithaco, NY : ILR Press.
- COKER, C. 1990. South Africa and the Western alliance, 1949-1988: a history. (In Chan, S. ed. Exporting apartheid: foreign policies in Southern Africa: 1979-1988. London : Macmillan. p. 249-265.)
- COURT, A.M. 1992. The problem of hegemony in Gramsci: a critical discussion of Antonio Gramsci's contribution to a Marxist theory of the state and politics. Cape Town : University of Cape Town. (Thesis - M.A.)
- CURRIE, W. 1991. The control of broadcasting: transition period. (In Balch, J., Jansen, M., Janss, F., Luirink, B. & Roskam, K., eds. Jabulani! Freedom of the airwaves: towards democratic broadcasting in South Africa. Amsterdam : African-European Institute. p. 9-11.)
- DAVENPORT, T.R.H. 1991. South Africa: a modern history. London : Macmillan.
- DAVIES, R. 1987. South African regional policy between and after Cuito Cuanavale. (In Moss, G. & Obery, I., eds. South African Review 4. Johannesburg : Ravan Press. p. 166-180.)
- DAVIS, N.J. & STASZ, C. 1990. Social control of deviance: a critical perspective. New York : McGraw-Hill.
- DE BEER, A.S. & STEYN, E. 1993. The National Party and the media: a special kind of symbiosis. (In Louw, P.E., ed. South African media policy: debates of the 1990s. Bellville : Anthropos. p. 204-226.)
- DEBERLE, S. 1997. Südafrikanischer Rundfunk in der Post-Apartheid-Ära. Mainz : Universität Mainz. (Magisterarbeit - M.A.)
- DE FLEUR, M.L. & BALL-ROKEACH, S. 1989. Theories of mass communication. New York : Longman.
- DEGENAAR, J.J. 1987. Afrikaner-nasionalisme. (In Esterhuyse, W.P., Du Toit, P. van der P. & Van Niekerk, A.A., reds. Moderne politieke ideologieë. Johannesburg : Southern. p. 231-262.)
- DE GRUCHY, J.W. 1982. The church struggle in South Africa. Cape Town : David Philip.
- DE KLERK, W.J. 1984. Die tweede (r)evolusie: Afrikanerdom en die identiteitskrisis. Johannesburg : Jonathan Ball.

- DE KLERK, W.J. 1987. The political map of South Africa. (*In* Van Vuuren, D.J., Latakgomo, J., Marais, H.C. & Schlemmer, L., eds. South African election 1987. Pretoria : HSRC. p. 329-334.)
- DE KLERK, W.J. 1989. Changing season. *Leadership SA*, 8(8):68-70.
- DE KOCK, C.P., RHOODIE, N.J. & COUPER, M.P. 1986. Perceptions of adult blacks in the PWV triangle area of economic boycotts against South Africa. Pretoria : HSRC.
- DEPARTEMENT van Buitelandse Sake **kyk** SUID-AFRIKA. Departement van Buitelandse Sake.
- DEPARTEMENT van Inligting **kyk** SUID-AFRIKA. Departement van Inligting.
- DE VILLIERS, R. 1987. In dié gesprek lê 'n nuwe vertrekpunt opgesluit. *Die Suid-Afrikaan*, (11):14-17, 19, 21, Sept.
- DE VILLIERS, S.M. 1972. Die radio as massakommunikasiemedium. (Toespraak gehou op gesamentlike aanbieding van die Nasionale Ontwikkelings- en Bestuurstigting en Openbare Skakelinstituut op 25 Oktober 1972 in Pretoria.) Johannesburg. (Ongepubliseer.)
- DISON, D. 1987. Tightening the screw. *Leadership SA*, (6)5:14-19.
- DOBSON, M. 1987. Aussie reporter's untold story. *The Sunday Star*, May 10.
- DU PISANI, J.A. 1986., ed. Divided or united power: views on the new constitutional dispensation by prominent South African leaders. Bloemfontein : INEG.
- DU PLESSIS, L.M. 1987. Keuse vir bevryding verg volle oorgawe. *Die Suid-Afrikaan*, (11):12-13, Sept.
- DUNN, J. 1987. What Australian viewers might have heard on South Africa's election night. *The Sunday Star*, May 10.
- EAMAN, R.A. 1987. The media society: basic issues and controversies. Toronto : Butterworths.
- ECO, U. 1981. *The role of the reader*. London : Hutchinson.
- EDGAR, P. & RAHIM, S.A. 1983. Communication policies in developed countries. London : Kegan Paul.
- EKSTEEN, J.A. 1984a. Brief aan Adjunk-minister van Buitelandse Sake, D.J.L. Louis Nel, 11 Junie. Johannesburg. (Kopie in besit van outeur.)
- EKSTEEN, J.A. 1984b. Die SAUK en landsbelang. (Referaat gelewer op 16 Februarie 1984 by die Johannesburgse Persklub.) Johannesburg. (Ongepubliseer.)
- EKSTEEN, J.A. 1984c. Die rol van die SAUK as nuusinligtingsmedium. (Toespraak gelewer op 21 Maart 1984 te byeenkoms van RAUPOLS-studentevereniging van die Randse Afrikaanse Universiteit.) Johannesburg. (Ongepubliseer.)
- EKSTEEN, 1984d. Propagandaveldtog teen Suid-Afrika en die teenwerking deur die media in Suid-Afrika met besondere klem op die SAUK. (Voordrag op 30 Maart 1984 by die Suid-Afrikaanse Lugmagkollege.) Johannesburg. (Ongepubliseer.)
- EKSTEEN, J.A. 1984e. Direktoraat Openbare Aangeleenthede. (SAUK-transkripsie van gesprek met SAUK-personeel op 4 Julie 1984.) Johannesburg. (Ongepubliseer.)
- EKSTEEN, J.A. 1984f. Response by the Director General to questions posed by the *Rand Daily Mail*. (Press statement on 8 August 1984.) Johannesburg. (Ongepubliseer.)

- EKSTEEN, J.A. 1984g. Die rol van die SAUK in die nuwe politieke bedeling. (Toespraak op 24 Augustus 1984 voor Kaapstadse Persklub.) Johannesburg. (Ongepubliseer.)
- EKSTEEN, J.A. 1984h. Persverklaring ten opsigte van bevindings van Mediaraad oor toespraak voor Kaapstadse Persklub, September 1984. Johannesburg. (Ongepubliseer.)
- EKSTEEN, J.A. 1985a. Onderhoud op *Rekenskap*, Afrikaanse Radiodiens, op 2 Januarie 1985. Johannesburg. (Ongepubliseer - SAUK-transkripsie in besit van outeur.)
- EKSTEEN, J.A. 1985b. Verklaring oor die verbod van die SAUK om Steve Wonder se plate te speel, Maart. Johannesburg. (Ongepubliseer.)
- EKSTEEN, J.A. 1985c. Die betrokkenheid van die SAUK by plaaslike gemeenskappe en die bevordering van verhoudinge in die proses. (Toespraak gehou op 11 April 1985 voor raadslede en ampsdraers in swart plaaslike regering in Durban.) Johannesburg. (Ongepubliseer.)
- EKSTEEN, J.A. 1985d. Taakgroep: Godsdienstige Uitsendings. (Kennisgewing aan die Programdirekteur: Nguni- en Tsongaradio, 7 Mei.) Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- EKSTEEN, J.A. 1985e. Verklaring op 4 September 1985 oor die SAUK se nuusdekking van onluste. Johannesburg. (Ongepubliseer.)
- EKSTEEN, J.A. 1986a. Die rol van die Bestuurskomitee. (Beleidsdokument opgestel op 1 April 1986.) Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- EKSTEEN, J.A. 1986b. Die SAUK en Afrikaans. (Toespraak gehou op 11 Julie 1986 by Jaarkongres van die FAK.) Johannesburg. (Ongepubliseer.)
- EKSTEEN, J.A. 1987a. Verklaring op 23 Maart 1987 oor beweerde bevooroordeelheid in die hantering van verkiesingsnuus. Johannesburg. (Ongepubliseer.)
- EKSTEEN, J.A. 1987b. Verklaring op 6 Mei 1987. Johannesburg. (Ongepubliseer.)
- EKSTEEN, J.A. 1987c. Die SAUK se taak op radio en TV met spesiale verwysing na die nakoming van sy kultuuroopdrag. (Toespraak voor Rapportryerskorps van Pretoria op 19 Mei 1987.) Johannesburg. (Ongepubliseer.)
- EKSTEEN, J.A. 1987d. Beleidsaspekte. (Opdrag aan Bestuurskomiteelede op 23 Julie 1987.) Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- EKSTEEN, J.A. 1987e. Verklaring op 29 Augustus 1987. Johannesburg. (Ongepubliseer.)
- EKSTEEN, J.A. 1987f. Spesiale opdrag aan Bestuurskomiteelede op 31 Augustus 1987. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- EKSTEEN, J.A. 1987g. Die elektroniese media en die beeld van Suid-Afrika. (Toespraak gelewer voor die Suider-Afrikaanse Kommunikasievereniging op 3 September 1987 in Pretoria.) Johannesburg. (Ongepubliseer.)
- ELOFF, C.F. *voors.* 1984. Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. Pretoria : Staatsdrukker.
- ESTERHUYSE, W.P. 1987. Die funksies van ideologie. (*In* Esterhuyse, W.P., Du Toit, P. van der P. & Van Niekerk, A.A., *reds.* Moderne politieke ideologieë. Johannesburg : Southern. p. 309-322.)
- ESTERHUYSE, W.P. 1990a. Die ANC en onderhandelinge. (*In* Esterhuyse, W.P. & Nel, P., *eds.* Die ANC. Kaapstad : Tafelberg. p. 111-129.)

- ESTERHUYSE, W.P. 1990b. Die Vryheidsmanifes en die konstitusionele riglyne van die ANC. (In Esterhuyse, W.P. & Nel, P., eds. Die ANC. Kaapstad : Tafelberg. p. 88-102.)
- EVANS, M. & PHILIPS, M. 1988. Intensifying civil war: the role of the SADF. (In Frankel, P., Pines, N. & Swilling, M., eds. State, resistance and change in South Africa. London : Croom Helm. p. 117-145.)
- FEMIA, J.V. 1981. Gramsci's political thought: hegemony, consciousness and the revolutionary process. Oxford : Clarendon Press.
- FENSHAM, F.C. 1984. Die pad van die Akademie. (In Moll, J.C., red. Akademie 75. Kaapstad : Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. p. 3-18.)
- FINE, M.G. 1993. New voices in organizational communication: a feminist commentary and critique. (In Wyatt, N. & Bowen, S.P., eds. Transforming visions: feminist critiques in communication studies. Creskill, NJ : Hampton. p. 125-166.)
- FORGACS, D. 1993. National-popular: genealogy of a concept. (In During, S., ed. The cultural studies reader. London : Routledge. p. 177-190.)
- FORTNER, R.S. & CHRISTIANS, C.G. 1989. (In Stempel, G.H. & Westley, B.H., eds. Research methods in mass communication. Englewood Cliffs, NJ : Prentice-Hall. p. 375-387.)
- FOURIE, P.J. 1992. Die Suid-Afrikaanse uitsaaiwese: die medium dikteer die veandering. *Communicare*, 11(1):21-32, Junie.
- FRANKEL, P., PINES, N. & SWILLING, M. 1988., eds. State, resistance and change in South Africa. London : Croom Helm.
- FRIEDMAN, S. 1985. Those remarkable reporters who see further than we do. *Weekly Mail*, Nov. 14.
- FRIEDMAN, S. 1990. "Hot air or fresh breeze?" Current state reform strategies. (In Swilling, M., ed. Views on the South African State. Pretoria : HSRC. p. 7-21.)
- FRONEMAN, J.D. 1995. Die kommunikasie van Afrikanernasionalisme deur Stellenbosse studente, 1902-1948. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - Ph.D.)
- FRONEMAN, J.D. & DE BEER, A.S. 1993. The Afrikaans press: heading for a demise or a constructive role in a plural-democratic South Africa? *Communicatio*, 19(2):52-64.
- FUCHS, C.D. 1969. Die radio en die gesproke woord. (Referaat gelewer op die Jaarvergadering van die Akademie in Pretoria op 2 Julie 1969.) Johannesburg. (Ongepubliseer.)
- FUCHS, C.D. 1974. Die rol van die uitsaaiwese in die uitbouing en handhawing van Afrikaneridentiteit. (Referaat gelewer op 12 Julie 1974 tydens die Algemene Vergadering van die FAK.) Johannesburg. (Ongepubliseer.)
- FUCHS, C.D. 1988a. Mondelinge mededeling aan outeur op 7 September 1988. Pretoria. (Kassetopname in besit van outeur.)
- FUCHS, C.D. 1988b. Mondelinge mededeling aan outeur op 19 September 1988. Pretoria. (Kassetopname in besit van outeur.)
- GAMSON, W.A. 1989. News as framing. *American Behavioral Scientist*, 33:157-161.
- GANS, H.J. 1979. Deciding what's news: a study of CBS Evening News, NBC Nightly News, Newsweek & Time. New York : Pantheon.
- GELDENHUYS, D. 1984. The diplomacy of isolation: South African foreign policy making. Johannesburg : Macmillan.

- GENTLE, W.H. 1990. Peoples education: contribution to a new hegemony or merely a romantic dream. Bellville : University of the Western Cape. (Thesis - M.Phil.)
- GEORGE, A. 1959. Propaganda analysis: a study of inferences made from Nazi propaganda in World War II. Westport : Greenwood Press.
- GERBER, A.M. 1980. The New York Times en die geval Steve Biko - die evaluering van betekenisvolle gesindheidsobjekte. PU vir CHO : Potchefstroom. (Verhandeling - M.A.)
- GERBER, A.M. 1984. Draaiboek vir program oor doodstraf. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- GERBER, A.M. 1990. Why the air waves must be reformed. *The Sunday Times*, Apr. 8.
- GEYER, A.L. 1958. The role of the press with regard to race relations in South Africa. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede*, 9(4):203-206.
- GEYSER, O. 1976., red. Geredigeerde toesprake van die sewende Eerste Minister van Suid-Afrika, deel 1, 1953-1974. Bloemfontein : INEG.
- GILIOMEE, H. 1981a. Die ontwikkeling van Afrikaner-identiteit. (In Giliomee, H. & Adam, H., eds. *Afrikanermag: opkoms en toekoms*. Stellenbosch : Universiteits-Uitgewers en Boekhandelaars. p. 77-107.)
- GILIOMEE, H. 1981b. Die ekonomiese opkoms van die Afrikaner in die twintigste eeu. (In Giliomee, H. & Adam, H., eds. *Afrikanermag: opkoms en toekoms*. Stellenbosch : Universiteits-Uitgewers en Boekhandelaars. p. 108-149.)
- GILIOMEE, H. 1981c. *Afrikanermag: van Volksbeweging tot Staatsbestel*. (In Giliomee, H. & Adam, H., eds. *Afrikanermag: opkoms en toekoms*. Stellenbosch : Universiteits-Uitgewers en Boekhandelaars. p. 164-227.)
- GILIOMEE, H. 1987a. Conor Cruise O'Brien en die dodelike omhelsing. *Die Suid-Afrikaan*, (9):16-18.
- GILIOMEE, H. 1987b. Die ANC, die Afrikaners en die storie van die bobbejaan. *Die Suid-Afrikaan*, (11):9-10, 30.
- GILIOMEE, H. & SCHLEMMER, L. 1989. From apartheid to nation-building. Cape Town : Oxford University Press.
- GITLIN, T. 1980. The whole world is watching - mass media in the making and unmaking of the New Left. Berkeley : University of California Press.
- GITLIN, T. 1995. The whole world is watching. (In D'Agostino, P. & Tafler, D., eds. *Transmission: toward a post-television culture*. Thousand Oaks : Sage. p. 91-104.)
- GOLDMAN, R. & RAJAGOPAL, A. 1991. Mapping hegemony: television news coverage of industrial conflict. Norwood, NJ : Ablex.
- GOTTSCHALK, K. 1994. United Democratic Front, 1983-1991: rise, impact and consequences. (In Liebenberg, I., Lortan, F., Nel, B. & Van der Westhuizen, G., eds. *The long march: the story of the struggle for liberation in South Africa*. Pretoria : Haum. p. 187-198.)
- GRABE, M.E. 1996. The South African Broadcasting Corporation's coverage of the 1987 and 1989 elections: the matter of visual bias. *Journal of Broadcasting and Electronic Media*, 40:153-179.
- GRAMSCI, A. 1982. Selections from the prison notebooks of Antonio Gramsci. London : Lawrence & Wishart.
- GRAMSCI, A. 1985. Selections from cultural writings. Cambridge, MA : Harvard University Press.

- GREEN, P. 1997. Commission hears much to damn a helpless but also acquiescent media. *The Sunday Independent*, Sept. 21.
- GREENBERG, S.B. 1987. Legitimizing the illegitimate: state: markets and resistance in South Africa. Berkeley : University of California Press.
- GREST, J. 1988. The crisis of local government in South Africa. (In Frankel, P., Pines, N. & Swilling, M., eds. State, resistance and change in South Africa. London : Croom Helm. p. 87-116.)
- GROGAN, 1988. The Media Emergency Regulations, 1988: a guide for journalists. *Occasional Paper 2*. August 9, 1988. Grahamstown : Rhodes University.
- GRUNDY, K.W. 1986. The militarization of South African politics. London : I.B. Taurus.
- HALL, S. 1975. Introduction. (In Smith, A.C.H., Immirzi, E. & Blackwell, T. Paper voices: the popular press and social change, 1935-1965. London : Chatto & Windus. p. 11-24.)
- HALL, S. 1980. Encoding/decoding. (In Hall, S., Hobson, D., Lowe, A. & Willis, P., eds. Culture, media, language. London : Hutchinson. p. 128-138.)
- HALL, S. 1982. The rediscovery of 'ideology': return of the repressed in media studies. (In Gurevitch, M., Bennett, T., Curran, J. & Woollacott., eds. Culture, society and the media. London : Methuen. p. 56-90)
- HALL, S. 1989. Ideology. (In Barnouw, E., ed. International encyclopedia of communication: volume 2. New York : Oxford University Press. p. 307-311.)
- HALLIN, D.C. 1986. The "Uncensored War": the media and Vietnam. New York : Oxford University Press.
- HAMMAN, J.J.L. 1987. Verkiesing: televisie. (Interne SAUK-verslag, 19 Augustus 1987. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- HANEKOM, T.N. 1965. Die liberalisme in ons land. Johannesburg : SAUK
- HANSARD **kyk** SUID-AFRIKA. Volksraad.
- HARMSE, W.J.J. 1990. Die inligtingsrol van die SAUK. *Communicatio*, 17(1):48-51.
- HARMSE, W.J.J. 1992. There's no legitimate reason why the ban should be retained. *Interkom*, (12):13, March.
- HAYSOM, C. 1987. The screening of South Africa. *Leadership SA*, 6(6):56-58, 60.
- HAYSOM, N. 1992. Negotiating a political settlement in South Africa. (In Moss, G. & Obery, I., eds. South African Review 6: from "Red Friday to Codesa". Johannesburg : Ravan Press. p. 26-43.)
- HEBDIGE, D. 1993. From culture to hegemony. (In Doring, S., ed. The cultural studies reader. London : Routledge. p. 357-367.)
- HEUNIS, C. 1984. Die rol van die pers in die nuwe Suid-Afrikaanse politieke bedeling. *Ecquid Novi*, 5(2):107-112.
- HEUNIS, C. 1986. From conflict to consensus - a watershed in South African politics. (In Du Pisani, J.A., ed. Divided or united power: views on the new constitutional dispensation by prominent South African leaders. Bloemfontein : INEG. p. 53-66.)
- HEUNIS, C. 1989. Redefining groups. *RSA Policy Review*, 2(2):86-95.
- HOARE, Q. & NOWELL SMITH, G. 1982. Introduction. (In Gramsci, A. 1982. Selections from the prison notebooks of Antonio Gramsci. London : Lawrence & Wishart. p. xviii-xcvi.)

- HOILE, D. 1988. Understanding sanctions. London : The International Freedom Foundation.
- HOLSTI, O.R. 1969. Content analysis for the social sciences and humanities. Reading : Addison-Wesley.
- HUDDLESTON, T. 1956. Naught for your comfort. London : Collins.
- HYSLOP, J. 1989. Introduction. (In Moss, G. & Obery, I., eds. South African Review 5. Johannesburg : Ravan Press. p. 1-15.)
- IYENGAR, S. & SIMON, A. 1993. News coverage of the Gulf crisis and public opinion: a study in agenda-setting, priming and framing. *Communication Research*, 20(3):365-383.
- JACOBSON, N. 1997. Getuienis voor die Waarheids- en Versoeningskommissie op 17 September 1997 in Johannesburg. (Kassetopname in besit van outeur.)
- JANSEN, N. & STEINBERG, S. 1991. Theoretical approaches to communication. Cape Town : Juta.
- KAPP, P.H. 1987. The historical background to and significance of the May election. (In Van Vuuren, D.J., Latakomo, J., Marais, H.C. & Schlemmer, L., eds. South African election 1987. Pretoria : HSRC. p. 5-28.)
- KELLNER, D. 1990. Television and the crisis of democracy. Boulder, CO : Westview Press.
- KINGHORN, J. 1994. The churches against apartheid. (In Liebenberg, I. Lortan, F. Nel, B. en Van der Westhuizen, G., eds. The long march: the story of the struggle for liberation in South Africa. p. 149-153.)
- KOTZÉ, H. 1989. Burokrasie het hef in hande: regering agter skerms. *Insig*:11-14, Maart.
- KOTZÉ, H. 1990. Die steunbasis van die ANC: mite of werklikheid. (In Esterhuyse, W.P. & Nel, P., eds. Die ANC. Kaapstad : Tafelberg. p. 58-74.)
- KOTZÉ, H. & GREYLING, A. 1991. Politieke organisasies in Suid-Afrika, A-Z. Kaapstad : Tafelberg.
- KOTZÉ, H. & LOURENS, E. 1988. Towards a non-racial alternative: extra-parliamentary resistance to the "reformist" apartheid state. (In Van Vuuren, D.J., Wiehahn, N.E., Rhodie, N.J. & Wiechers, M., eds. South Africa: the challenge of reform. Pinetown : Owen Burgess. p. 161-201.)
- KRASNOW, E.G. & LONGLEY, L.D. 1978. The politics of broadcast regulation. New York : St Martin's.
- KRÜGER, D.W. 1960. South African parties and policies, 1910-1960. Cape Town : Human & Rousseau.
- KRÜGER, D.W. 1971. The making of a nation: a history of the Union of South Africa, 1910-1961. Johannesburg : Macmillan.
- KUMAR, C. 1975. Holding the middle ground. *Sociology*, 9(3):67-88.
- LAUDERDALE, P. & ESTEP, R. 1980. The Bicentennial protest: an examination of hegemony in the definition of deviant political activity. (In Lauderdale, P., ed. A political analysis of deviance. Minneapolis : University of Minnesota Press. p. 72-94.)
- LAWNER, L. 1989. Introduction. (In Gramsci, A. Letters from prison. New York : The Noonday Press. p. 3-56.)
- LEATT, J., KNEIFEL, T. & NÜRNBERGER, K., eds. 1986. Contending ideologies in South Africa. Cape Town : David Philip.
- LEE, M. 1970a. Politics of war rules S.A.B.C. *The Star*, Nov. 11.

- LEE, M. 1970b. For each race a service apart. *The Star*, Nov. 12.
- LEE, R. 1989. The cracks widen. *Leadership SA*, 8(5):67-69, 71.
- LEFEVER, E. 1987. South Africa: where the First World and Third World meet. (In White, R.F., ed. *Crossing the Rubicon: reflections of a fact-finding delegation to Southern Africa*. Washington : World Media Association. p. 169-182.)
- LEININGER, M. 1994. Evaluation criteria and critique of qualitative reseach studies. (In Morse, J.M., ed. *Critical issues in qualitative reseach methods*. Thousands Oaks : Sage. p. 95-115.)
- LINDBERG, T. 1987. First World, Third World or Other World? (In White, R.F., ed. *Crossing the Rubicon: reflections of a fact-finding delegation to Southern Africa*. Washington : World Media Association. p. 183-196.)
- LINDLOF, T.R. 1995. *Qualitative communication research methods*. Thousand Oaks : Sage.
- LOCHNER, J.E. 1996. Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie en binnelandse opposisie teen apartheid, 1965-1970. Navorsingsprojek vir KOB421, Departement Kommunikasie, PU vir CHO. Potchefstroom. Ongepubliseer.
- LODGE, T. 1983. *Black politics in South Africa since 1945*. Johannesburg : Ravan.
- LODGE, 1987. The African National Congress after the Kabwe Conference. (In Moss, G. & Obery, I., eds. *South African Review* 4. Johannesburg : Ravan. p. 6-17.)
- LODGE, T. 1988. State of exile: the African National Congress of South Africa, 1976-86. (In Frankel, P., Pines, N. & Swilling, M., eds. *State, resistance and change in South Africa*. London : Croom Helm. p. 229-258.)
- LODGE, T. 1989. People's war or negotiation? African National Congress strategies in the 1980s. (In Moss, G. & Obery, I., eds. *South African Review* 5. Johannesburg : Ravan. p. 42-55.)
- LODGE, T. 1992. The African National Congress in the 1990's. (In Moss, G. & Obery, I., eds. *South African Review* 6: from "Red Friday to Codesa". Braamfontein : Ravan. p. 44-78.)
- LOUBSER, J. 1972. Die onvryheid van die Afrikaanse pers. *Deurbraak*, 2(1):1-3, 15.
- LOUW, M.J. 1984. Taakgroep: Programme om die positiewe aspekte van Suid-Afrika en sy gemeenskappe uit te dra. Radiodienste in Bantoetale, 27 Desember 1984. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- LOUW, M.J. 1985. Samevatting van insette vir Taakgroep oor godsdienstige uitsendings in die SAUK se radio- en televisiedienste, 27 Junie 1985. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- LOUW, P.E. 1983. The English and Afrikaans press in South Africa: one press or two? *Communicatio*, 9(2):14-16.
- LOUW, P.E. 1985. 'Consensus journalism': a critique with reference to the dialectical paradigm. *Communicatio*, 11(1):60-63.
- LOUW, P.E. 1992. *Communication and counter-hegemony in contemporary South Africa: considerations on a leftist media theory and practice*. Durban : University of Natal. (Dissertation - Ph.D.)
- LOUW, P.E., ed. 1993. *South African media policy: debates of the 1990s*. Bellville : Anthropos.
- LOUW, P.E. & TOMASELLI, K. 1989. Militarisation, hegemony and the South African media, 1976-1986. *Con-text*, (2):27-47.
- LOUW, R. 1997. Getuienis voor die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) op 17 September 1997 in Johannesburg. (Kassetopname in besit van outeur.)

- LULL, J. 1995. Media, communication, culture: a global approach. New York : Columbia University Press.
- MANDELA, N. 1994. Long walk to freedom. Randburg : Macdonald Purnell.
- MANHANDO, S. 1995. Towards affirmative action: issues of gender, race and equality - a case study of women broadcasters at the SABC (Natal). Durban : University of Natal. (Thesis - M.A.)
- MARAIS, P.G. 1987. NP-beleid: die feite. Kaapstad : Nasionale Party van Kaapland.
- MARKOWITZ, M. 1991. Broadcasting and the law in South Africa. (In Balch, J., Jansen, M., Janss, F., Luirink, B. & Roskam, K., eds. *Jabulani! Freedom of the airwaves: towards democratic broadcasting in South Africa*. Amsterdam : African-European Institute. p. 38-42.)
- MARTIN-BARBERO, J. 1993. Communication, culture and hegemony. Newbury Park, CA : Sage.
- MARSHALL, C. & ROSSMAN, G.B. 1995. Designing qualitative research. Thousand Oaks : Sage.
- McCLURG, J. 1984a. Consensus journalism - it's a non-starter. *Rand Daily Mail*, Sept. 3.
- McCLURG, J. 1984b. How Riaan Eksteen split the SABC beans. *Rand Daily Mail*, Sept. 9.
- McCLURG, J. 1986. Toeing the line. *Leadership SA*, 5(6):76-79.
- McCLURG, J. 1988. Mondelinge mededeling aan outeur op 21 September 1988. Kaapstad. (Kassetopname in besit van outeur.)
- McPHERSON, V. 1997. Getuienis voor die Waarheids- en Versoeningskommissie op 16 September 1997 in Johannesburg. (Kassetopname in besit van outeur.)
- McQUAIL, D. 1987. Mass communication theory: an introduction. London : Sage.
- McQUAIL, 1992. Media performance: mass communication and the public interest. London : Sage.
- MERSHAM, G.M. 1986. The ethnic orientation of SABC-TV broadcasting policy: a critical analysis. Pretoria : University of South Africa. (Thesis - M.A.)
- MEYER, P.J. 197-. Die geesteskrisisse van die Weste. Johannesburg : Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie.
- MEYER, P.J. 1984. Nog nie ver genoeg nie: 'n persoonlike rekenskap van vyftig jaar georganiseerde Afrikanerskap. Johannesburg : Perskor.
- MEYER, R. & NAUDÉ, B. 1994. The Christian Institute of South Africa: a short history of a quest for Christian liberation. (In Liebenberg, I. Lortan, F. Nel, B. en Van der Westhuizen, G., eds. *The long march: the story of the struggle for liberation in South Africa*. p. 164-172.)
- MILES, M.B. & HUBERMAN, A.M. 1994. Qualitative data analysis. Thousand Oaks : Sage.
- MILIBAND, R. 1969. The state in capitalist society. London : Weidenfeld & Nicolson.
- MINNAAR, A. 1994., ed. The hidden land. Pretoria : HSRC.
- MISCHKE, A.M. 1984. Dit gons by SAUK oor Eksteen-verklaring. *Rapport*, Jul. 12.
- MOKOETLE, S.Q.M. 1993. Broadcasting in a post-apartheid South-Africa. Ottawa : Carleton University. (Thesis - M.J.)
- MONA, G.V. 1994. Ideology, hegemony, and Xhosa written poetry, 1948-1990. Grahamstown : Rhodes University. (Thesis - M.A.)

- MORLEY, D. 1980. The 'Nationwide' audience: structure and decoding. London : British Film Institute.
- MOSS, G. & OBERY, I., eds. 1987. South African Review 4. Johannesburg : Ravan Press.
- MOUTON, J. 1988. Die filosofie van kwalitatiewe navorsing. (In Ferreira, M., Mouton, J., Puth, G., Schurink, E. en Schurink, W. Inleiding tot kwalitatiewe metodes: module 3. Pretoria : RGN. p. 1-14.)
- MOUTON, J. & MARAIS, H.C., eds. 1989. Metodologie van die geesteswetenskappe: basiese begrippe. Pretoria : RGN.
- MULLER, J., TOMASELLI, K. & TEER-TOMASELLI, R. 1985. Ideologie, kultuur en hegemonie: toerusting vir media-ontleding. *Communicatio*, 11(2):51-60.
- MURRAY, H. 1983. Interview: Riaan Eksteen. *Leadership SA*, 2(2):53-55.
- MURRAY, H. 1985. A moment in history. *Leadership SA*, 4(3):25, 28-30.
- MURRAY, H. 1988. Questions of faith. *Leadership SA*, 7(5):26-28, 30, 32.
- MURRAY, H. 1989. Last of the line. *Leadership SA*, 8(6):24-26, 28.
- NATHAN, L. & PHILIPS, M. 1992. "Cross-currents": security developments under F.W. de Klerk. (In Moss, G. & Obery, I., eds. South African Review 6: from "Red Friday to Codesa". Braamfontein : Ravan. p. 112-127.)
- NASIONALE PARTY, 1987. Manifes van die Nasionale Party: verkiesing 6 Mei 1987. Kaapstad : NP Federale Inligtingsdiens.
- NASIONALE PARTY, 1991. Grondwetlike regering in 'n deelnemende demokrasie: die Nasionale Party se raamwerk vir 'n nuwe demokratiese Suid-Afrika. Arcadia : Federale Raad van die Nasionale Party.
- NEL, D.J.L. 1984a. Brief aan Direkteur-generaal van die SAUK, 20 Junie. Kaapstad. (Oorspronklike kopie in besit van outeur.)
- NEL, D.J.L. 1984b. Brief aan die Eerste Minister, 25 Junie. Kaapstad. (Kopie in besit van outeur.)
- NEL, P. 1990. Die ANC en die "kommunisme". (In Esterhuyse, W.P. & Nel, P., eds. Die ANC. Kaapstad : Tafelberg. p. 40-57.)
- NGIDI, S. & ZULU, P. 1987. Extra-parliamentary/extra-system groupings: ideology, aims, and strategy. (In Van Vuuren, D.J., Latakgomo, J., Marais, H.C. & Schlemmer, L., eds. South African election 1987. Pretoria : HSRC. p. 101-112.)
- NOLAN, A. 1988. God in South Africa. Cape Town : David Philip.
- NP kyk NASIONALE PARTY.
- OHLSON, T. 1987. The Cuito Cuanavale syndrome: revealing SADF vulnerabilities. (In Moss, G. & Obery, I., eds. South African Review 4. Johannesburg : Ravan Press. p. 181-190.)
- OMOND, R. 1985. The apartheid handbook: a guide to South Africa's everyday racial policies. Harmondsworth : Penguin.
- OOSTHUIZEN, L.M. 1989. Media policy and ethics. Cape Town : Juta.
- OSGOOD, C.E. 1959. The representational model and relevant research methods. (In Pool, I. de S., ed. Trends in content analysis. Urbana : University of Illinois Press. p. 33-88.)
- OSGOOD, C.E., SUCI, G.J. & TANNENBAUM, P.H. 1957. The measurement of meaning. Urbana : University of Illinois Press.

- O'SULLIVAN, T., HARLTEY, J., SAUNDERS, D. & FISKE, J. 1994. Key concepts in communication. London : Methuen.
- PARKIN, F. 1972. Class inequality and political order. St. Albans : Paladin.
- PELZER, A.N. 1979. Die Afrikaner-Broederbond: eerste 50 jaar. Kaapstad : Tafelberg.
- PHALATSE, M.R. 1997. SABCers own up on past human rights contraventions. *Intercom*, (74):6-7. Oct. 2-15.
- PHELAN, J.M. Apartheid media: disinformation and dissent in South Africa. Westport, CT : Lawrence Hill & Company.
- PIENAAR, 1979. Getuie van groot tye. Kaapstad : Tafelberg.
- PIEPE, A., CHARLTON, P. & MOREY, J. 1990. Politics and television viewing in England: hegemony or pluralism. *Journal of Communication*, 40(1):4-35.
- POSEL, D. 1990. Symbolizing violence: state and media discourse in TV coverage of township protest, 1985-7. (In Manganyi, M.C. & Du Toit, A., eds. Political violence and the struggle in South Africa. Halfway House : Southern. p. 154-171.)
- POTTER, E. 1975. The press as opposition: the political role of South African newspapers. London : Chatto & Windus.
- PRETORIUS, A.L.W. 1985. Verslag van Programdirekteur TV2 en TV3, 28 Mei 1985. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- PRETORIUS, J. 1992. The SABC's airwaves open to all parties. *Interkom*, (12):18, March.
- PRETORIUS, J. 1997. Getuienis voor die Waarheids- en Versoeningskommissie op 15 September 1997 in Johannesburg. (Kassetopname in besit van outeur.)
- PRINSLOO, D. 1987. Dr. Piet Meyer in Johannesburg, 1936-1984. *Historia*, 32(1):44-54, Mei.
- PRINSLOO, D. 1997. Stem uit die Wilderness: 'n biografie oor oud-president P.W. Botha. Mosselbaai : Vaandel-uitgewers.
- RGN (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing). 1985. Die Suid-Afrikaanse samelewing: werklikhede en toekomsmoontlikhede. Verslag van die Hoofkomitee van die RGN-ondersoek na Tussengroepverhoudinge. Pretoria. (Voorsitter: H.C. Marais.)
- RANDALL, P., ed. 1982. Not without honour: tribute to Beyers Naudé. Johannesburg : Ravan Press.
- RANSOME, P. 1992. Antonio Gramsci: a new introduction. Hemel Hemstead : Harvester Wheatsheaf.
- RAUTENBACH, L. 1985. Verslag van Hoof, TV2 Kultuurprogramme vir Taakgroep oor Godsdienstige uitsendings. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- RAUBENHEIMER, L. 1997. Getuienis voor die Waarheids- en Versoeningskommissie op 15 September 1997 in Johannesburg. (Kassetopname in besit van outeur.)
- REESE, S.D. & BUCKALEW, B. 1995. The militarism of local television: the routine framing of the Persian Gulf War. *Critical Studies in Mass Communication*, 12(1):40-61, March.
- REITH, J.C.W. 1935. Broadcasting policy and development. Pretoria : Government Printer.

- RHOODIE, N.J. & VENTER, H.J. 1960. Die apartheidsgedagte: 'n sosio-historiese uiteensetting van sy ontstaan en ontwikkeling. Kaapstad : Haum.
- RHOODIE, N.J. & COUPER, M.P. 1987. Whites' perceptions of the fundamental issues surrounding the election of 6 May 1987. (In Van Vuuren, D.J., Latakomo, J., Marais, H.C. & Schlemmer, L., eds. South African election 1987. Pretoria : HSRC. p. 187-238.)
- RIDDELL, P. 1991. The Thatcher era and its legacy. Oxfordshire : Blackwell.
- RIES, A. & DOMMISSE, E. 1982. Broedertwis: die verhaal van die 1982-skeuring van die Nasionale Party. Kaapstad : Tafelberg.
- RIES, A. & DOMMISSE, E. 1990. Leierstryd: die dramas rondom die uittrede van pres. P.W. Botha. Kaapstad : Tafelberg.
- RILEY, E. 1991. Major political events in South Africa, 1948-1990. Oxford : Facts on File.
- ROBERTSON, D. 1986. Dictionary of politics. Harmondsworth : Penguin.
- ROOS, G. 1957. Die uitsaaiwese in diens van ons samelewing. Johannesburg : SAUK.
- ROOS, G.D. 1988a. Mondelinge mededeling aan outeur op 28 Julie 1988. Johannesburg. (Kassetopname in besit van outeur.)
- ROOS, G.D. 1988b. Mondelinge mededeling aan outeur op 24 Augustus 1988. Johannesburg. (Kassetopname in besit van outeur.)
- ROSHCO, B. 1975. Newsmaking. Chicago : University of Chicago Press.
- ROVING REPORT, 1984. South Africa: Soweto five years on. RR8122. (Videokopie in besit van outeur.)
- ROVING REPORT, 1985. Cape Province: KTC squatters' huts torn down. RR8503. (Videokopie in besit van outeur.)
- RRS **kyk** SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS.
- SA **kyk** SUID-AFRIKA.
- SABC **kyk** SOUTH AFRICAN BROADCASTING CORPORATION.
- SADIE, J.L. 1975. Die ekonomiese faktor in die Afrikaner-gemeenskap. (In Van der Merwe, H.W., red. Identiteit en verandering: sewe opstelle oor die Afrikaner vandag. Kaapstad : Tafelberg. p. 84-101.)
- SARAKINSKY, I. 1989. State, strategy and the extra-parliamentary opposition in South Africa, 1983-1988. *Politikon*, 16(1):69-82, June.
- SARAKINSKY, M. 1994. Marxist analyses of South Africa: an application of the base/superstructure model. (In Romm, N. & Sarakinsky, M., eds. Social theory. Johannesburg : Lexicon. p. 286-301.)
- SAUK **kyk** SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE.
- SCHLESINGER, P. 1978. Putting 'reality' together: BBC news. London : Constable.
- SCHNEIDER, M. 1987. Interview with Adriaan Vlok. *Leadership SA*, 6(1):28.
- SCHOEMAN, E. 1988. South African sanctions directory, 1946-1988: actions by governments, banks, churches, trade unions, universities, international and regional organizations. Braamfontein : South African Institute of International Affairs.
- SCHOLTZ, G.D. 1950. Die taak van die pers t.o.v. ons rasseprobleme. *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede*, 1(3):19-22.

- SCHOLTZ, G.D. 1959. Die naturellebeleid van die Nasionale Party onder Hertzog, Malan, Strijdom en Verwoerd. Johannesburg : Inligtingsdiens van die Nasionale Party.
- SCHOLTZ, G.D. 1964. Die Afrikaner en sy pers. *Handhaaf*: 7-15, Febr.
- SCHOLTZ, G.D. 1965. Die bedreiging van die liberalisme. Pretoria : Voortrekkerpers.
- SCHURINK, W. 1988. Deelnemende waarneming. (In Ferreira, M., Mouton, J., Puth, G., Schurink, E. en Schurink, W. Inleiding tot kwalitatiewe metodes: module 3. Pretoria : RGN. p. 76-110.)
- SEEGERS, A. 1990. The South African security establishment: theoretical and comparative impressions. (In Swilling, M., ed. Views on the South African State. Pretoria : HSRC. p. 109-128.)
- SEEGERS, A. 1991. South Africa's National Security Management System, 1972-1990. *Journal of Modern African Studies*, 29(2):253-273.
- SEEKINGS, J. 1988. Political mobilisation in the Black townships of the Transvaal. (In Frankel, P., Pines, N. & Swilling, M., eds. State, resistance and change in South Africa. London : Croom Helm. p. 197-228.)
- SERFONTEIN, J.H.P. 1970. Die verkrampte aanslag. Kaapstad : Human & Rousseau.
- SEVERIN, W.J. & TANKARD, J.W. 1992. Communication theories: origins, methods and uses in the mass media. New York : Longman.
- SHEVEL, S. 1989. An analysis of biases in South African political news coverage by BBC and SABC Television. Pretoria : University of South Africa. (Thesis - M.A.)
- SHOEMAKER, P.J. 1982a. The perceived legitimacy of deviant political groups: two experiments on media effects. *Communication Research*, 9(2):249-286, April.
- SHOEMAKER, P.J. 1982b. Political deviance, the media and legitimacy. Madison : University of Wisconsin-Madison. (Dissertation - Ph.D.)
- SHOEMAKER, P.J. 1984. Media treatment of deviant political groups. *Journalism Quarterly*, (61):66-75, 82.
- SHOEMAKER, P.J. & REESE, S.D. 1991. Mediating the message: theories of influences on mass media content. New York : Longman.
- SHUBANE, K. 1991. A case study of democratic accountability in the negotiations involving the Soweto People's Delegation. (In Du Toit, A., ed. Towards democracy: building a culture of accountability in South Africa. Mowbray : Idasa. p. 130-135.)
- SHUBANE, K. & MADIBA, P. 1994. Civic associations in transition. (In Liebenberg, I., Lortan, F., Nel, B. & Van der Westhuizen, G., eds. The long march: the story of the struggle for liberation in South Africa. Pretoria : Haum. p. 241-259.)
- SINGLETARY, M. 1994. Mass communication research: contemporary methods and applications. New York : Longman.
- SILVERMAN, D. 1995. Interpreting qualitative data: methods for analysing talk, text and interaction. London : Sage.
- SLABBERT, A. 1990. So lyk die 'nuwe' SAUK. *Finansies & Tegniek*:11, Maart 9.
- SLABBERT, F. van Z. 1989. The system and the struggle: reform, revolt & reaction in South Africa. Johannesburg : Jonathan Ball.
- SLABBERT, F. van Z. 1990. The struggle for a non-racial democratic South Africa. (In Swilling, M., ed. Views on the South African State. Pretoria : HSRC. p. 69-84.)

- SOUTH AFRICAN BROADCASTING CORPORATION. 1961. Writing news for radio: a guide to SABC news policy and language style. Johannesburg : SABC.
- SOUTH AFRICAN BROADCASTING CORPORATION. 1974. Daily instruction, Aug. 9. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SOUTH AFRICAN BROADCASTING CORPORATION. 1975a. Daily instruction, Nov. 8. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SOUTH AFRICAN BROADCASTING CORPORATION. 1975b. Daily instruction, Dec. 30. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SOUTH AFRICAN BROADCASTING CORPORATION. 1983. Policy code. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SOUTH AFRICAN BROADCASTING CORPORATION. 1984a. Election '84. (Working document of Editorial Committee: Election '84 for work session on 7 May 1984.) Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SOUTH AFRICAN BROADCASTING CORPORATION. 1984b. Election '84. (Minutes of TV Working Group, 14 May 1984.) Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SOUTH AFRICAN BROADCASTING CORPORATION. 1984c. Election '84. (Minutes of Radio Working Group, 14 May 1984.) Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SOUTH AFRICAN BROADCASTING CORPORATION. 1987. Minutes of the meeting of the Management Committee. Jan. 19. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SOUTH AFRICAN BROADCASTING CORPORATION. 199-. Ethical code for editorial staff. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SOUTH AFRICAN BROADCASTING CORPORATION. 1993. A legal treatise on the duties and functions of SABC Board members. Johannesburg. (Ongepubliseer.)
- SOUTH AFRICAN BROADCASTING CORPORATION. 1993. Corporate code. Johannesburg. (Ongepubliseer.)
- SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS. 1972. Race relations Survey, 1971. Johannesburg : SAIRR.
- SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS. 1984. Race relations Survey, 1983. Johannesburg : SAIRR.
- SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS. 1985. Race relations Survey, 1984. Johannesburg : SAIRR.
- SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS. 1986. Race relations Survey, 1985. Johannesburg : SAIRR.
- SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS. 1987. Race relations Survey, 1986. Johannesburg : SAIRR.
- SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS. 1988. Race relations Survey, 1987/88. Johannesburg : SAIRR.
- SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS. 1989. Race relations Survey, 1988/89. Johannesburg : SAIRR.
- SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS. 1990. Race relations Survey, 1989/90. Johannesburg : SAIRR.
- STARCK, K. & VILLANEUVA, E. 1993. Foreign correspondents and cultural framing. *Ecquid Novi*, 14(1):3-35.

- STRAUSS, A. & CORBIN, J. 1990. Basics of qualitative research: grounded theory, procedures and techniques. Newbury Park : Sage.
- STEBBINS, R.A. 1992. Deviance. (In Borgatta, E.F. & Borgatta, M.L., eds. Encyclopedia of sociology, volume 1. New York : Macmillan. p. 468-476.)
- STEVENSON, N. 1995. Understanding media cultures: social theory and mass communication. London : Sage.
- STEYN, J.C. 1992. Van apartheid tot "saambundeling". (In Beukes, W.D., red. Oor grense heen: op pad na 'n nasionale pers, 1948-1990. Kaapstad : Nasionale Boekhandel. p. 182-198.)
- STEYN, M.T. 1981., *chair*. Report of the Commission of Inquiry into the Mass Media. Pretoria : Government Printer.
- STRAUSS, J.G.N. 1944. The powers of the Minister of Posts and Telegraphs vis-à-vis the Corporation. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- STRINATI, D. 1995. An introduction to theories of popular culture. London : Routledge.
- STUART, K. 1986. The newspaperman's guide to the law. Durban : Butterworths.
- SUID-AFRIKA. Buro van Inligting. 1986. Praat met die ANC. Pretoria : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. Departement van Buitelandse Sake. 1984. Die nuwe Grondwet: die verkiesings van 1984. Pretoria : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. Departement van Inligting. 1978. Suid-Afrika se nuwe konstitusionele plan. Pretoria : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. Departement van Nasionale Opvoeding. Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie. Voorwaardes wat die Korporasie as houër van 'n uitsaailisensie moet nakom. *Staatskoerant*, 6493:20-21, Junie 15.
- SUID-AFRIKA. Volksraad. 1980. Debatte van die Volksraad: Vierde sessie, Sesde Parlement, 24 Mrt. tot 16 Mei. Kaapstad : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. Volksraad. 1983. Vrae en antwoorde. Derde sessie, Sewende Parlement. 28 Jan. tot 9 Sep. Kaapstad : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. Volksraad. 1985. Debatte van die Volksraad: Tweede sessie, Agtste Parlement, 25 Jan. tot 21 Mrt. Kaapstad : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. Volksraad. 1985. Debatte van die Volksraad: Tweede sessie, Agtste Parlement, 25 Mrt. tot 10 Mei. Kaapstad : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. Volksraad. 1986. Debatte van die Volksraad: Derde sessie, Agtste Parlement, 31 Jan. tot 20 Mrt. Kaapstad : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. Volksraad. 1987. Debatte van die Volksraad: Vierde sessie, Agtste Parlement, 30 Jan.. tot 23 Feb. 1988. Kaapstad : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. Volksraad. 1987. Vrae en antwoorde: Vyfde sessie, Agtste Parlement, 18 Mei. tot 2 Feb. 1988. Kaapstad : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. Volksraad. 1987. Debatte van die Volksraad: Vyfde sessie, Agtste Parlement, 31 Aug. tot 1 Febr. 1988. Kaapstad : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. Volksraad. 1988. Debatte van die Volksraad: Sesde sessie, Agtste Parlement, 18 Apr. tot 5 Mei. Kaapstad : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. Volksraad. 1989. Debatte van die Volksraad: Sewende sessie, Agtste Parlement, 12 Apr. tot 5 Mei. Kaapstad : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. 1936. Uitsaaiwet, no. 22 van 1939. Pretoria : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. 1952. Radiowet, no. 3 van 1952. Pretoria : Staatsdrukker.

- SUID-AFRIKA. 1960. Uitsaaiwysigingswet, no. 49 van 1960. Pretoria : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. 1969. Uitsaaiwysigingswet, no. 60 van 1969. Pretoria : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. 1976. Uitsaaiwet, no. 73 van 1976. Pretoria : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. 1982. Uitsaaiwysigingswet, no. 61 van 1982. Pretoria : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA. 1986. Uitsaaiwysigingswet, no. 59 van 1986. Pretoria : Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1962. S.A.U.K.-beleid. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1973. Dagopdrag, Okt. 2. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1974. Berigging oor weermagsake, Nov. 6. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1975. Onafhanklikheidsbewegings in Afrika. Dagopdrag, April 3. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1979a. Nuus- en programbeleid. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1979b. Beleidskode. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 198-. Sinops van voorskrifte uitgereik deur die Nasionale Intelligensie-diens met verwysing na die praktiese toepassing binne die Korporasie. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1982a. Kennisgewing in sake Wet op Binnelandse Veiligheid (44 /1950.) Huishoudelike korrespondensie, Junie 22. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1982b. Doelwitstelling van die SAUK. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1984a. Registrasie van kleurling- en Indiërkiesers. Huishoudelike korrespondensie, Maart 19. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1984b. Nuus- en Programaktualiteit. Werkstuk, April 4. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1984c. Komitee vir Nuus- en Programaktualiteit. Verslag van die tweede vergadering oor Nuus- en Programaktualiteit, Mei 4. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1984d. Uitsaai op sy beste: Hoe dra ek by? Johannesburg. Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie.
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1984e. Kennisgewing in sake Wet op Binnelandse Veiligheid, 1982: verbod op persone. Huishoudelike korrespondensie, Okt.2. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1985a. Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie Uitsaaibeleid. Johannesburg. (Ongepubliseer.)

- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1985b. Godsdienstige uitsendings: TV1-Afrikaans. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1985c. Godsdienstige uitsendings - radio- en televisiedienste. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1985d. Beleid vir godsdienstige uitsendings. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1986a. Mededeling op gesamentlike redaksionele vergadering van *Netwerk/Network* op 22 Januarie 1986. Johannesburg. (Ongepubliseer - kassetopname in besit van outeur.)
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1986b. Wet op Binnelandse Veiligheid, 1982 (Wet 74 van 1982). Huishoudelike korrespondensie, Jul. 14. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1987a. Notule van 'n vergadering van die Bestuurskomitee gehou op 12 Januarie 1987. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1987b. Aantekeninge oor bestuursberaad. Febr. 11-12. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1987c. Notule van vergadering tussen kultuur-, taal-, sake- en bedryfsleiers en die topbestuur van die SAUK op 17 Februarie 1987. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1987d. Die SAUK: 'n terugblik, Desember 1983 - Oktober 1987. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1987e. Riglyne vir die hantering van televisiegeweld. Johannesburg. (Ongepubliseer.)
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1988a. Beleid. Mrt. 9. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1988b. Beleid. Mei 9. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.)
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1991. Redaksionele riglyne vir inligtingsprogramme. Johannesburg. (Ongepubliseer - kopie in besit van outeur.).
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1992a. Gedragskode en waardes van die SAUK. *Standpunt*, (1), Feb.
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1992b. Redaksionele kode en beleid: uitsaaiprogramme. *Standpunt*, (2), Feb.
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1993. Waardes & visie van die SAUK-Raad. Johannesburg. Ongepubliseer.
- SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. 1994. Redaksionele kode van die SAUK. *Standpunt*, 12. Apr. Johannesburg. Ongepubliseer.
- SUTTNER, R. 1988. The ideological role of the judiciary in South Africa. (In Hund, J., ed. *Law and justice in South Africa*. Johannesburg : Institute for Public Interest Law and Research. p. 117-136.)
- SWART, F. 1981. Topleiding van die SAUK herskik: uitsaaiwese ondersoek. *Beeld*, Nov. 3.

- SWART, C.R. 1977. Hulde aan Samuel Henri Pellissier op sy negentigste verjaarsdag. *Handhaaf*:6-11, Nov.
- SWILLING, M. 1988. Introduction. The politics of stalemate. (In Frankel, P., Pines, N. & Swilling, M., eds. State, resistance and change in South Africa. London : Croom Helm. p. 1-18.)
- SWILLING, M. & PHILLIPS, M. 1989. The emergency state: its structure, power and limits. (In Moss, G. & Obery, I., eds. South African Review 5. Johannesburg : Ravan Press. p. 68-90.)
- SWILLING, M. & RANTETE, J. 1991. Organization and strategies of the major resistance movements in the negotiation era. (In Lee, R. & Schlemmer, L., eds. Transition to democracy; policy perspectives 1991. Cape Town : Oxford University Press. p. 198-223.)
- TEER-TOMASELLI, R. 1993. The politics of discourse and the discourse of politics: images of violence and reform on the South African Broadcasting's Corporation television news bulletins, July 1985-November 1986. Durban : University of Natal. (Dissertation - Ph.D.)
- TEER-TOMASELLI, R. 1995. Moving towards democracy: the South African Broadcasting Corporation and the 1994 election. *Media, Culture and Society*, 17:577-601, Oct.
- TEER-TOMASELLI, R. & TOMASELLI, K.G. 1987. The political economy of the South African press. (In Tomaselli, K.G., Teer-Tomaselli, R. & Muller, J., eds. Narrating the crisis: hegemony and the South African press. Johannesburg : Richard Lyon & Co. p. 39-117.)
- TEER-TOMASELLI, R., TOMASELLI, K.G. & MULLER, J. 1987. A conceptual framework for media analysis. (In Tomaselli, K.G., Teer-Tomaselli, R. & Muller, J., eds. Narrating the crisis: hegemony and the South African press. Johannesburg : Richard Lyon & Co. p. 5-21)
- TEER-TOMASELLI, R., TOMASELLI, K.G. & MULLER, J., eds. 1989. Currents of power: state broadcasting in South Africa. Bellville : Anthropos.
- TEER-TOMASELLI, R. & TOMASELLI, K.G. 1994. Reconstructing public service broadcasting: media and democracy during transition in South Africa. *Communicare*, 13(2):44-66.
- TOERIEN, H. 1977. Een van ons mense. *Handhaaf*:2-5, Nov.
- TOMASELLI, K.G. 1984. "Adapt or die": militarization and the South African media, 1976-1982. *Reality*, 16(1):8-13.
- TOMASELLI, K.G. 1987. A contested terrain: struggle through culture. *Communicatio*, 13(2):54-66.
- TOMASELLI, K.G., WILLIAMS, A., STEENVELD, L. & TEER-TOMASELLI, R. 1986. Myth, race and power: South Africans imaged on film and TV. Bellville : Anthropos.
- TOMASELLI, K.G., TEER-TOMASELLI, R. & MULLER, J. 1987. The construction of news in the South African media. (In Tomaselli, K.G., Teer-Tomaselli, R. & Muller, J., eds. Narrating the crisis: hegemony and the South African press. Johannesburg : Richard Lyon & Co. p. 22-38)
- TOMASELLI, K.G. & TEER-TOMASELLI, R. 1989. Between policy and practice in the SABC, 1970-1981. (In Teer-Tomaselli, R., Tomaselli, K.G. & Muller, J., eds. Currents of power: state broadcasting in South Africa. Bellville : Anthropos. p. 84-152.)
- TOMASELLI, K.G., HAYMAN, G., JACK, A., NXUMALO, N., TEER-TOMASELLI, R. & NGOBO, N. 1989 Square vision in colour: how TV2/3

- negotiates consent. (*In* Teer-Tomaselli, R., Tomaselli, K.G. & Muller, J., eds. *Currents of power: state broadcasting in South Africa*. Bellville : Anthropos. p. 153-176.)
- TUCHMAN, G. 1978. *Making the news: a study in the construction of reality*. New York : Free Press.
- TURNER, G. 1992. *British cultural studies: an introduction*. New York : Routledge.
- TUTU, D. 1985. Geen vrede met apartheid. Amsterdam : Jan Mets.
- TUTU, D. 1988. Questions of faith. *Leadership SA*, 7(5):26-32.
- VALE, P. 1990. The Botha doctrine: apartheid, Southern Africa and the West. (*In* Chan, S. ed. *Exporting apartheid: foreign policies in Southern Africa: 1979-1988*. London : Macmillan. p. 170-178.)
- VAN DER BERG, S. 1990. Die ekonomiese argument vir onderhandelinge en die ANC se ekonomiese sienings. (*In* Esterhuyse, W.P. & Nel, P., eds. *Die ANC*. Kaapstad : Tafelberg. p. 103-110.)
- VAN DER MERWE, C.J. 1985. En wat van die swartmense? Kaapstad : Federale Inligtingsdiens van die Nasionale Party.
- VAN DER MERWE, C.J. 1986. Standpuntstelling, nr. 1: magsdeling. Kaapstad : Federale Inligtingsdiens van die Nasionale Party.
- VAN DER WESTHUIZEN, G. 1994. The Liberal Party of South Africa, 1953-1968. (*In* Liebenberg, I., Lortan, F., Nel, B. & Van der Westhuizen, G., eds. *The long march: the story of the struggle for liberation in South Africa*. Pretoria : Haum. p. 81-95.)
- VAN DER WESTHUIZEN, J. 1988. Some notes on the ANC, Dakar and human rights. *South African Journal on Human Rights*, 4(1):96-94.
- VAN DER WALT, T. 1984. Verslag van die ondersoek na onderwys vir swartes in die Vaaldriehoek na aanleiding van die gebeure van 3 September 1984 en daarna. Pretoria : Staatsdrukker.
- VAN DEVENTER, H. 1981. Die Afrikaanse pers, 'n kultuurvennoot. *Handhaaf*:17-19, Jul./Aug.
- VAN JAARSVELD, F.A. 1971. Van Van Riebeeck tot Verwoerd, 1652-1966. Johannesburg : Voortrekkerpers.
- VAN ROOYEN, H. & CONRADIE, D.P. 1984. Temas beklemtoon in nuus en nuusoorsigprogramme voor 1983-referendum. Pretoria : RGN.
- VAN ZYL, A. 1987. Aanslag teen ons sal verskerp word, maar SAUK staan by sy keuse. *Indaba*, Maart.
- VAN ZYL, A. 1988. Die pad vorentoe: 'n spesiale onderhoud met mnr. Wynand Harmse, die Waarnemende Direkteur-generaal van die SAUK. *Indaba*:8, Junie.
- VAN ZYL, J. 1994. Human rights, television popular culture and the telenovella. *Communicare*, 13(1):23-30.
- VAN ZYL, J.E. 1964. Radio nuusdiens. (Toespraak voor Plaaslike Adviserende Komitee op 10 Augustus 1964 in Klerksdorp.) Johannesburg. (Ongepubliseer.).
- VAN ZYL, J. & KANTOR, L. 1994. Monitoring the media: a shift from vertical to horizontal monitoring. *Communicare*, 13(2):23-43.
- VAN ZYL, M. & ELION, L. 1989. Trauma by installment: Springbok Radio soap operas. (*In* Teer-Tomaselli, R., Tomaselli, K. & Muller, J., eds. *Currents of power: State broadcasting in South Africa*. Bellville : Anthropos. p. 177-219.)
- VENTER, L. & GORDON, D. 1987. How Riaan beat the axe. *The Sunday Times*:1-2, Aug. 30.

- VENTER, L. Getting to grips with the "alternative press". *The Sunday Times*:15, Aug. 30.
- VERWOERD, H.F. 1961. Live and let live. Johannesburg : Government Information Service.
- VILJOEN, H.C. *voors.* 1991. Verslag van die Taakgroep op die Uitsaaiwese in Suid-en Suider-Afrika. Pretoria : Staatsdrukker.
- VILLA-VINCENCIO, C. 1987. The Church in South Africa: a protagonist for change or a reluctant ally? (*In* Abeldas, M. & Fischer, A., *eds.* A question of survival: conversation with key South Africans. Johannesburg : Jonathan Ball. p. 71-86.)
- VOSLOO, J. 1988. Eksteen: wie is die nuwe man? *Rapport*, April 10.
- VOSLOO, T. 1987. Band tussen pers en party is kragbron. *Beeld*:11, Apr. 1987.
- WADE, 1992. Re-thinking teaching English for another South Africa. *Journal of Literary Studies*, 8(3/4):233-250, Dec.
- WEBER, P.A. 1974. Dr. Malan en Die Burger. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 14(4):255-264, Des.
- WEBSTER, D. & FRIEDMAN, M. 1989. Repression and the State of Emergency: June 1987 - March 1989. (*In* Moss, G. & Obery, I., *eds.* South African Review 5. Johannesburg : Ravan Press. p. 16-41.)
- WELSH, D. 1987. Tyranny. *Leadership SA*, 6(1):34.
- WENTZEL, J. 1995. The liberal slideaway. Johannesburg : South African Institute of Race Relations.
- WESSELS, J. 1985. SAUK-monopolie gevaarlik, sê prof. Mouton. *Beeld*, Jun. 28.
- WETTE **kyk** SUID-AFRIKA.
- WILLIAMS, G & HACKLAND, B. 1988. The dictionary of contemporary politics of Southern Africa. London : Routledge.
- WILLIAMS, R. 1979. Marxism and literature. London : Oxford University Press.
- WOODS, D. 1977. "Current Affairs" rides again. *The Cape Times*, Jan. 14.
- YELD, J. 1997. ANC "proposed swapping South African Police spy for jailed members. *Saturday Weekend Argus*:11, Jun. 1.
-